DIE TAAL VAN DIE VIER AMPTELIKE VERTALINGS VAN DIE EVANGELIES IN AFRIKAANS - 'N WOORD- EN MORFOLOGIES VERGELYKENDE STUDIE

W.P. RAUTENBACH

PROEFSKRIF AANGEBIED TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR LITTERARUM

AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: PROF. DR. HERTZOG VENTER

POTCHEFSTROOM, 1980

DANKBETUIGING

Sonder die leiding van prof. Hertzog Venter met sy besondere insig in en persoonlike ervaring van die taalprobleme waarmee die Afrikaanse Bybelvertalers te doen kry, sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Prof. Venter se aanmoediging en besieling van meet af aan, word opreg waardeer en in besonder sy bereidwilligheid om vir twee jaar na sy aftrede nog as promotor op te tree. In die wisseling tussen student en dosent sal sy opoffering en tegemoetkoming as model dien wat moeilik geëwenaar sal kan word.

Ek wil ook my waardering uitspreek teenoor my vrou, Connie, Neels, Willie en Ricolette vir hulle liefde, begrip en bemoe=diging. In besonder wil ek my vrou bedank vir haar bystand met die afrondingswerk en proeflees, asook vir Anet du Preez en Reinette Otto, vir hulle harde werk en vir die gesindheid waar=mee hulle die tikwerk wat uiters veeleisend was, afgehandel het.

As gelowige, my dank aan Hom wat alles moontlik gemaak het.

'Kyk, God is my helper'. (Ps. 54: 6).

Opgedra aan my moeder, Con en die kinders.

W.P. RAUTENBACH

"Die reis van 'n duisend myl begin met een tree".

Lao - Tse.

I N H O U D

		p.
INLEIDING		
1.	ASPEKTE VAN VERTAALPROBLEME	1
2.	TRADISIE EN VERTAALPRAKTYKE BY BYBEL= VERTALING	26
3.	DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD - ENKELVOUD	83
4.	DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD - MEERVOUD	202
5.	DIE ADJEKTIEF	282
6.	DIE WERKWOORD	355
7.	GEVOLGTREKKINGS	559
8.	AFKORTINGS	576
9.	BIBLIOGRAFIE	577

INLEIDING

1. DIE TAAL VAN DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGS

Net soos die Ou Testament bevat die Nuwe Testament 'n verskeidenheid uiteenlopende stylsoorte en taalvlakke. Sommige gedeeltes is in die algemene gebruikstaal van die tyd van 'n bepaalde outeur geskryf, maar daar is baie wat wel gestileer is, soos die saligsprekinge in Matthéüs hoofstuk 5. Hastings (1927 : 169) sê: "In certain parts of the Bible the so-called 'lower' style is employed while others are marked by the use of a 'higher' style." Hierdie bewering is deur 'n aantal van die teenswoordige Afrikaanse Bybelvertalers met wie onderhoude gevoer is, onderskryf.

2. DIE NEIGING TOT 'VERHEWENHEID' BY BYBELVERTALING

Ten spyte van die feit dat Bybelvertaling weens die tal= le struikelblokke, waarvan sommiges in die eerste hoof= stuk bespreek word, besondere inspanning vereis, het daar sedert die dae van die vroegste Christene 'n gewel= dige belangstelling in die beoefening van Bybelvertaling geheers - 'n belangstelling wat veral na die Reformasie al hoe groter afmetings aangeneem het. Gaandeweg het daar 'n neiging ontstaan om by die taal wat in die beken= de vertalings geliefd geraak het, aan te sluit en dit

sover moontlik te handhaaf. Hierdie opvatting het aanleiding gegee tot argaïstiese taalgebruik, wat by= gedra het tot 'n vrywel algemene opvatting dat Bybel= taal 'n gedrae atmosfeer moet skep (vgl. G. Dekker (1937) se artikel oor die literêre skoonheid as wesens= trek van die Bybel asook dr. J.D. du Toit se artikel: "Die skoonheid van die Bybel" (NVW: 34 e.v.)). Hierdie opvatting het onder die Afrikaanssprekende gemeenskap sterk wortelgeskiet, sodat 'deftigheid' of 'waardigheid' met betrekking tot die Afrikaanse Bybeltaal 'n onverbid= delike eis geword het. Hierdie 'gedrae atmosfeer' het dikwels gepaard gegaan met die neiging om die oue, die bekende van vroeëre vertalings te behou.

3. NAVOLGING VAN DIE STATEVERTALING

Hoe sterk bogenoemde opvatting was en hoe verknog die Afrikaners aan die tradisionele Bybeltaal was, blyk uit die feit dat Hoogenhout die Statevertaling as fondament gebruik het, en die GRA se finale opdrag aan S.J. du Toit was om die Statevertaling na te volg - 'n opdrag wat hy genegeer het, maar hy het nietemin die State= vertaling as hulpmiddel gebruik.

Net soos Hoogenhout met sy eerste poging om 'n Bybelvertaling in Afrikaans te lewer, het die eerste amptelike vertalers ook die Statevertaling vertaal. In 1914 het dr. Keet beweer dat 'n blote oorsetting van die Hollandse Statebybel

die mees gewenste werkmetode sou wees. Op 20 Julie 1920 het 'n vergadering van die Bybelvertalingskom= missie besluit: "Die Statevertaling word as fondament geneem van die Afrikaanse vertaling. Die doel is 'n Afrikaanse oorsetting van die oue Statebybel, en nie om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die grondteks te bewerk nie" (vgl. C.W.M. du Toit 1926: 226-229). Dr. J.D. du Toit het hierdie saak in 1916 in 'n artikel= reeks in Het Kerkblad bepleit en beredeneer. Die verafrikaanste weergawe van 'n uittreksel van 15 Sept. 1916 lui soos volg: "Ons wil nie 'n vertaling uit die grondteks hê nie maar net 'n oorsetting van die Hollandse Statebybel in Afrikaans".

Sover dit die 1933-uitgawe betref, is die teks van die Textus Receptus, hoewel nie allerweë as die beste teks beskou nie, vertaal, omdat dit die bekende teks vir die lesers was, aangesien die Statevertaling dit as grondteks aanvaar het.

S.P.E. Boshoff het in sy proefskrif (1921 : 118-119) gesê: "Die Statebybel is ongetwyfeld een van die be= langrikste hoek- en fondamentstene gewees in die be= skawingsgeskiedenis van die Afrikaanse volk, en die invloed wat dit op die volksgees en die taal gehad het, verdien 'n uitvoerige monografie" (vgl. ook Kloeke 1951 : 16, 97, 121).

Op dieselfde wyse as wat die Hollandse, Duitse en Engelse vertalers uit vroeëre vertalings geput het, was die Afrikaanse Bybel dus die stamkind van die Statebybel - vergelyk J.G.H. van der Walt (1933 : 723): "Ons taal en woordeskat sal in die toekoms al= leen verstaan word as die lig van die ou Statebybel daarop val. Daar is 'n menigte geykte uitdrukkings en spreekwoorde wat baie moeilik die Afrikaanse baad= jie kan aantrek. Dit alles bewys wat 'n innige verband daar was tussen ons volk en die ou Bybel".

Na die ongunstige ontvangs wat die 1922-Bybel te beurt geval het, is daar besluit om S.J. du Toit se werkmeto= de te volg en om uit die grondtale oor te sit. Dit is dus logies om te verwag dat daar heelwat vergelykbare materiaal in eersgenoemde vertaling en die van 1922 be= staan, maar ook laasgenoemde vertaling is verder gewy= sig voordat die volledige Bybel in 1933 verskyn het, en hierdie weergawe is weer verder verwerk tot die uit= gawe van 1953.

4. DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE

Tot dusver is slegs uitsprake aangehaal, maar wat lewer die feite as die taal van die Afrikaanse Bybel van nader beskou word? Dit is die doel van hierdie studie om die antwoord op hierdie vraag te probeer gee en wel

deur die amptelike Bybelvertalings van 1922 tot 1953 met mekaar te vergelyk.

5. AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

Aangesien die hoeveelheid vergelykbare materiaal in die vier amptelike Afrikaanse Bybeluitgawes tot 1953 te oorweldigend is om binne die bestek van hierdie studie te behartig, is die aspek 'woordkeuse' as onder= werp van hierdie ondersoek afgebaken en wel 'n verge= lyking van die woordkeuse in die vier Evangelies. Sintaksis val dus buite die terrein van hierdie studie. Die genoemde Bybelboeke is uitgesonder omdat daar vier verskillende vertalings van elke boek verskyn het. Aanvanklik is die Psalms ook betrek, maar die hoeveel= heid vergelykbare stof het gou geblyk te groot te wees as hierdie Bybelboek ook bygehaal sou word. Van die oorblywende Bybelboeke bestaan daar tot 1953 slegs twee amptelike vertalings.

Die doel van die ondersoek is om te bepaal waar en in watter opsigte die jonger uitgawes die woordkeuses van die vroeëre vertalers vervang het. Dit is logies om te verwag dat die uitgawes wat slegs 'n verwerking van die vroeëre vertaling was, naamlik die van 1933 en 1953, heelwat minder van hulle voorgangers sal verskil as wat die geval is waar daar 'n verskil van uitgangs= punt en werkmetode is, soos byvoorbeeld by die 1922- en

1929-vertaling van die Evangelies.

6. WERKMETODE

As uitgangspunt word die eerste vertaling, naamlik die van 1922, geneem ten opsigte van die volgende woord=kategorieë: selfstandige naamwoorde (enkelvoudsvorme); selfstandige naamwoorde (meervoudsvorme); byvoeglike naamwoorde; werkwoorde.

As gevolg van sekere aspekte wat my opgeval het, het ek besluit om in die eerste twee hoofstukke sekere sake van nader te beskou voordat ek tot die vergelykings oorgaan. Die onderwerpe wat ek in hierdie hoofstukke behandel, behels: vertaalprobleme, tradisie by Bybel=vertaling en die eise wat aan die Afrikaanse Bybelver=talers gestel is.

Om 'n voortdurende herhaling van datums te vermy sal daar gaandeweg in hierdie studie (d.w.s. van hoofstuk 3 af) al hoe minder na datums verwys word. Wanneer twee woordkeuses vergelyk word, sal die eerste woord of woordgroep altyd van die 1922-uitgawe wees en die tweede die van 1929. Laasgenoemde sal in die meerder=heid gevalle in 1933 en 1953 behoue bly. Die tweede voorbeeld geld dus sowel 1929 as 1933 en 1953. Waar 1933 en 1953 se woordkeuse van die van 1929 afwyk, sal

hierdie verskille ook genoem en gedateer word. Indien daar van die genoemde patroon afgewyk word, sodat een van die jongere vertalings se woordkeuse eerste aangedui word, sal dit deur middel van die datum aangetoon word. Om ook die gedurige herhaling van 'vertaling' of 'Bybelvertaling' te vermy, sal soms slegs na 1922 of 1929 ensovoorts verwys word.

Waar 1922 se bewoording van die Nederlands verskil, sal die Nederlandse tussen hakies (meestal net ná die teksverwysing) aangebring word. In hoofstuk 6 sal die Nederlands deurentyd aangebring word, daar Nederlands 'n groter verskeidenheid werkwoordsvorme as Afrikaans het, maar indien die Nederlands identies met 1922 se bewoording is, word dit weggelaat. Wanneer verklaar word dat die woordkeuse van 'n bepaalde vertaling ooreenkoms met die Nederlandse vertaling vertoon, hoef dit nie noodwendig presiese vormlike ooreenkoms te beteken nie (hoewel sulke gevalle voorkom), daar die Nederlandse spelwyse nie altyd met die van Afrikaans ooreenstem nie. Die ooreenkoms tussen die Nederlands en die 1922-vertaling blyk groot te wees, en tensy anders aangedui kan aanvaar word dat daar 'n ooreenstemming tussen genoemde vertalings is.

Waar dieselfde voorbeelde op meer as een plek in 'n bepaalde hoofstuk, Bybelboek of in verskillende Bybelboeke voorkom, word slegs een voorbeeld as voldoende beskou om

'n bepaalde verskynsel te illustreer en word nie na alle Skrifgedeeltes waar dieselfde verskynsel herhaal word, verwys nie. Om bepaalde redes word sommige voorbeelde wel ten opsigte van meer as een teksvers bespreek. By die bespreking van enkele gevalle sal 'n bepaalde voorbeeld soms by meer as een subkategorie ter sprake wees.

Kommentare deur vertalers self is hoofsaaklik afkomstig uit dokumente wat in die argief van die Teologiese Fakul= teit van die PU vir CHO geberg is, en kom voor in genom= merde lêers waarop die letters ABV (Afrikaanse Bybelver= taling) aangebring is. Die subletters het ek meesal met die oog op my eie gerief self aangebring.

Wat die Nederlandse vertaling betref, het ek die uitgawe van 1919 gebruik, daar die Afrikaanse vertalers ongeveer in hierdie tyd aan hulle vertaling begin werk het.

Ek het getrag om al die relevante materiaal te bespreek. Indien dit wel gebeur dat ek tussen die letterlik dui= sende vergelykings wat ek op kaarte aangeteken het, en= kele woorde oorgeslaan het, sal die getal so gering wees dat dit aan die gevolgtrekkings waartoe ek geraak het, geen verskil sal maak nie.

Sover moontlik het ek getrag om die voorbeelde wat ek

ten opsigte van 'n bepaalde verskynsel aandui, in nume= riese volgorde te rangskik en volgens dieselfde indeling as wat hierdie boeke in die Bybel voorkom, naamlik Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes. Vanweë die groot aantal voorbeelde wat in hoofstuk 6 aangedui word, en ook as gevolg van die ruimte wat hierdie aanhalings in beslag neem, verskil die uiteensetting in genoemde hoofstuk van die van vorige hoofstukke, en die uiteen= setting verskil ook van paragraaf tot paragraaf, soos die stof daartoe aanleiding gee - dit vergemaklik die lees daarvan.

Waar persone aangehaal word, word van dubbele aanha= lingstekens gebruik gemaak en enkel-aanhalingstekens word vir Skrifverwysings gebruik.

Kommentare deur die vertalers gemaak (dit word in die teks met die letters ABV aangedui), is soms haastig aangeteken en daar word nie altyd waar nodig van aan= halingstekens of onderstreping gebruik gemaak nie; gevolglik het ek 'n mate van eenvormigheid t.o.v. onderstreping en aanhalingstekens in hierdie kommentare aangebring - die inhoud van die aanhalings is egter die woorde van die vertalers self.

Woorde wat in die Skrifaanhalings kursief gedruk is, word alleenlik in kursief aangedui waar ek dit belangrik ag.

Slegs werke wat in die teks aangehaal word of waarna direk verwys word, is in die bronnelys opgeneem. Waar 'n skrywer van 'n tydskrifartikel anoniem is, word die naam van die tydskrif saam met die datum eerste in die bronnelys genoem en daarna volg die opskrif van die artikel. Dit vergemaklik die naslaan van 'n verwysing.

In die laaste afdeling word 'n samevatting van die vernaamste gevolgtrekkings waartoe in hierdie studie geraak is, gegee. In voetnote word na paragrawe verwys waarin 'n bepaalde verskynsel voorkom. Aangesien daar 'n groot mate van oorvleueling in sekere afdelings is, word nie alle paragrawe waarin die bepaalde aspek ter sprake is, aangedui nie, maar slegs die belangrikste toepaslike paragrawe.

1. ASPEKTE VAN VERTAALPROBLEME

1.1 HISTORIESE INLEIDING

Die vertaalkuns is eeue oud. Livius Andronicus, 'n bevryde Griekse slaaf, is die eerste vertaler uit Europa wie se naam opgeteken staan. Ongeveer 240 v.C. het hy die Odusseia in Latyn vertaal. Hy is later gevolg deur Naevius en Ennius, Latynse outeurs, wat Griekse dramas vertaal het. Ander groot name is die van Cicero en Catullus, en van besondere belang is die Siriese geleerdes wat tydens die agste eeu te Bagdad die Arabiere se kennis met hulle Griekse vertalings verryk het. (Vgl. Savory 1969: 37 - 39; Encyclopaedia Britannica 1968: 579 - 586.)

Die geskiedenis van Bybelvertalings strek oor ongeveer 2 400 jaar (vgl. Van Zyl 1970: 246) en neem 'n aan= vang met die vertaling van die Hebreeuse Ou Testament in Grieks, die Septuaginta, wat uit ongeveer die middel van die derde eeu v.C. dateer. Teen die twaalfde eeu het die vertaalkuns groot hoogtes bereik, en heelparty van die bekende werke was vertalings van die Bybel en van ander godsdienstige geskrifte. Die toon is aange= gee deur vermaarde name soos Wyclif, Tyndale, Coverdale, later deur Erasmus, en 'n hoogtepunt word met Luther se

monumentale Duitse weergawe van die Bybel bereik. Die groot hoogtepunt in Engeland en Holland was die voltooiing van die King James version (1611) en die Statevertaling (1637).

1.2 EISE GESTEL AAN VERTAALWERK

Prof. Grosheide (1916: 9), 'n bekende Nederlandse Bybelvertaler, gee die volgende definisie van vertaling: "Bij overzetten komt het er dus op aan om een stof, die opkomt uit en behoort tot de eene gedachtenwereld het meest passende woorden, over te brengen in woorden, die bij een andere gedachtenwereld behooren mogelijk dezelfde gedachten opwekken als de oorspronkelijke".

Volgens Aalders (1953: 101) moet die vertaler na 'n noukeurige bestudering van die konteks die presiese be= tekenisskakering van 'n bepaalde woord in 'n bepaalde geval kan weergee. Reibler (1968: 14) sien vertaling as die proses om antwoorde op die volgende vrae te be= paal, naamlik:

(i) wat die betekenisinhoud was van dit wat die oor= spronklike skrywer wou oordra;

(ii) hoe die vertaler daardie betekenis in die ont= vangertaal moet uitdruk.

In hulle boek The meaning of meaning (1952) het Ogden en Richards 'n poging aangewend om betekenis in ver= skeie gespesialiseerde kategorieë te ontleed. Die poging om tot die betekenis van betekenis deur te dring lê aan die hele proses van Bybelvertaling ten grondslag, want om 'n doeltreffende vertaler te wees moet die betekenis van die oorspronklike teks verstaan word, en die ekwivalent moet noukeurig in die reseptor= taal uitgedruk word. Die vertaler moet oor die geheel peins totdat hy op 'n vars wyse uitdrukking aan die betekenis van die konteks kan gee, om die inhoud daar= van sover moontlik net so duidelik te maak vir sy eie lesers as wat dit vir die eerste lesers was. C.H. Dodd (1960: 9), 'n erkende Engelse Bybelvertaler, sien die taak van die vertaler soos volg: "He is to let the originals make such an impact upon his own mind that they suggest of themselves a certain spontaneous choice of words, constructions and rhythms ... genuinely con= temporary ... and in this way he is to try to find language which will in some measure evoke in the reader a response corresponding to that which was evoked in the minds of the first readers by the original".

1.3 DIE ONTOEREIKENDHEID VAN VERTAALWERK

Vertaling is 'n onontbeerlike vereiste van die moderne samelewing, maar talle linguiste is dit eens dat dit

teoreties onmoontlik is om 'n vertaling te lewer wat 'n presiese weergawe van die oorspronklike is. Dodd (ibid.) sê byvoorbeeld: "It is the first qualification for a translator to know that he practises an impossible art". Vergelyk ook die woorde van T.H. Robinson (1951: 116): "In a certain sense, then, we may say that the first qualification of a translator is that he knows his task to be impossible, and he must be content with an approximation to the sense of the original text", en M. de Groot (1970: 406) sê: "Vertalen is misschien onmogelijk, maar in elk geval noodzakelijk".

Met hierdie stellings wil die skrywers die feit beklemtoon dat dit haas onmoontlik is om telkens alle fyn betekenisnuanses presies en noukeurig in die reseptortaal weer te gee of, soos J.C. Sharman (1957: 29) dit stel: " ... the best we translators can hope for is to produce an approximation to the original - identity is impossible". Grosheide (1916: 17) sê ook van 'n vertaling: "Volkomen zal nooit een enkele zijn" en voeg daaraan toe "en elke zal minder geven dan het oorspronkelijk".

Hierby sluit R.A. Kennett aan: "Translation from one language into another ... is beset by this danger that what is indefinite in the original becomes more sharply defined and limited in meaning in the version".

(Aangehaal deur Eaton 1965: 171.)[1)]

1.4 FAKTORE WAT VERTAALWERK BEMOEILIK

Ter aanvulling van die voorgaande word voorts verwys na enkele van die veelvuldige eienskappe van die mens en sy taal wat vertaling bemoeilik:

1.4.1 Gedagtewêreld, taal en uitdrukkingswyse

Volke verskil van mekaar wat gedagtewêreld, taal en uitdrukkingswyse betref (vgl. Grosheide, 1916: 8). In verband met die vertaling van idiomatiese uitdrukkings het C.J. Langenhoven (1932: 53) verklaar: " ... om die sprekendste idiome van een taal in ooreenkomstige idiome van 'n ander oor te bring, is om 'n portret te laat na-skilder deur 'n hand wat nie eens die kenmerkende trekke kan teruggee, laat staan die fynighede van uitdrukking en gevoel". Verskil in uitdrukkingswyse kan goed geïllustreer word deur die volgende voorbeeld: In plaas van die woord bekommernis gebruik die Udukstam, wat langs die Ethiopiese grens woon, die uitdrukking om

---

1) Vgl. ook Savory, T. 1969: 138; Bruce, F.F. 1970: x; Poggioli, R. 1966: 144; Nida, E.A. 1957: 97: "... absolute identity of meaning is impossible".

in 'n mens se lewer te skud , en Joh. 14: 1 word dan soos volg vertaal: Julle moenie in julle lewers skud nie; julle glo in God, glo ook in my (vgl. Nida 1952: 23).

1.4.2 Onvertaalbare woorde

Elke taal of dialek besit ook woorde wat onvertaalbaar is, en wanneer woorde wel vertaalbaar is, is dit onwaarskynlik dat alle betekenisskakeringe van twee ooreenstemmende woorde in twee tale ten volle sal ooreenstem. Die Zulutaal besit ongeveer een honderd en twintig verskillende woorde om die verskillende maniere van loop uit te druk, byvoorbeeld om gebukkend te loop, 'n trotse houding aan te slaan terwyl daar gestap word, windmakerig rond te beweeg of om in nousluitende klere rond te stap (vgl. Nida 1952: 16). Dit mag ook vir die Afrikaanse Bybelleser onbeskof klink as Christus sy moeder by die bruilof te Kana as 'vrou' aanspreek, maar in die Grieks van die Nuwe-Testamentiese tye het die gebruik van die woord *gynia*, dit wil sê 'vrou', meer toegeneentheid aangedui as wat die geval sou gewees het indien Jesus die woord moeder gebruik het (vgl. Nida 1952: 67). C.M. Doke (1958: 60) verklaar: "Probably ... the greatest difficulty facing the translator concerns the translation of words, a matter of vocabulary concordance". Volgens H.M. Evans (1954: 43) het die Kondras van Indië, wat die Kuitaal praat, geen ekwiva=

lente woorde vir see, pêrel, leeu en marmer nie - woorde wat almal in Openbaring voorkom.

1.4.3 Betekenisskakerings van woorde

'n Vertaler moet ook probeer bepaal watter aspek van 'n woord se totale betekenisinhoud op die voorgrond tree, maar dit is nie telkens vir 'n vertaler moontlik om alle betekenisskakeringe wat in die oorspronklike woord vervat is, in 'n ander taal oor te dra nie. Die vertalers van The New English Bible het in hulle voorwoord (1961: IX) hierdie aspek aangeraak: "A word, indeed, in one language is seldom the exact equivalent of a word in a different language. Each word is the centre of a whole cluster of meanings and associations, and in different languages these clus= ters overlap but do not often coincide".

1.4.4 Vorm en betekenis

Volgens prof. P.A. Verhoef (1970: 221) is die "konflik tussen vorm en betekenis" die sentrale probleem van Bybelvertaling. "Die oorspronklike tale waarin die Bybel oorgelewer is, het 'n eie struktuur en verteen= woordig 'n bepaalde kultuur en tyd. Hoeveel van hier= die 'vorm' moet in die proses van oordrag behoue bly

om terselfdertyd aan die boodskap, die betekenis, reg te laat geskied?" Die eenheid van vorm en betekenis wat by poësie ter sprake kom, is 'n faktor wat vertaling van die Bybel in die besonder bemoeilik, daar groot ge= deeltes van die Ou Testament poësie is (vgl. Pierce 1954: 62). Ingewikkelde Hebreeuse parallelismes [1] is soms moeilik vertaalbaar, en 'n vertaler mag heel moont= lik ontdek dat sy eie taal nie by magte is om hom van ekwivalente toerusting te voorsien om hierdie vorm van beeldspraak in sy eie taal oor te sit nie. Van poësie= vertaling in die algemeen sê J. Mathews (1966: 67 en 68): " ... to translate a poem whole is to compose another poem", en hy vervolg: " ... every way of translating poetry is partial ... ".

'n Woord self is 'n onskeibare eenheid van vorm en be= tekenis. Wanneer die woordstruktuur in twee tale nie ooreenkom nie, en die woordstruktuur van twee tale is slegs by nouste verwantskap eenders of naastenby een=

1) Die Hebreeuse digters het nie soseer van rym gebruik gemaak nie maar eerder van klanknabootsing en alliterasie, sodat daar altyd 'n bepaalde verband tussen die eerste en tweede reël van 'n stuk poësie is. Sypherd beskryf parallelismes as: "... a correspondence in sense and a balance in form between successive lines of a structural unit" (Pierce 1954: 63 - die skrywer verwys na Sypherd se Literature of the English Bible, p. 72).

ders, moet die vertaler noodwendig die eenheid verbreek. Juis om hierdie rede glo die Moslems dat die Koran on= vertaalbaar is.

1.4.5 Ritme, rym en metrum

Benewens "die eienaardighede van die taaleie", die "digterlike vorm" en "welluidendheid" noem C.J. Langenhoven (1932: 53) nog 'n verdere probleem vir die vertaler: "Ek bedoel die oordrag van die klankritme van metrum en rym, die ritme wat nie tot die poësie beperk is nie maar te= gelyk een van die kentekens is van die hoogste prosa. Elke leser weet die verskil - of hy voel die verskil al kan hy nie sy vinger daarop lê om rekenskap daarvan te gee nie - tussen 'n stuk soetvloeiende gladglyende prosa wat hom op wiegende vleuels meevoer, en 'n stuk prosa wat swaar lees omdat hy stamperig en stokkerig is". Met verwysing na die Nederlandse vertaling van die Bybel voeg hy daaraan toe: "Waarskynlik het ons hier te doen met een van die, letterkundig gesproke, bekoorlikste trekke van die Bybel ... ek weet nie van 'n onritmiese deel van die Bybel wat nie vir 'n voorbeeld sou kon dien nie". F. Michaeli (1957: 83) verwys ook na 'n sekere ritme en interne harmonie in sommige Bybelgedeel= tes in die oorspronklike tale wat volgens sy mening nie in 'n moderne taal vertaalbaar is nie.

1.4.6 Grammatiese verskille tussen tale

Selfs tale wat baie nou verwant is, soos Hebreeus en Fenisies of Afrikaans en Nederlands, vertoon gramma= tiese verskille. In sommige tale word bepaalde ver= skynsels deur bepaalde woordsoorte uitgedruk. In Afri= kaans word enkel- en meervoud deur die selfstandige naamwoord aangedui, en die meervoudsvorm verskil van die wat enkelvoud uitdruk. In sekere tale word dieself= de woord vir sowel die enkel- as die meervoud gebruik, terwyl ander tale wat wel verskillende vorme vir enkel- en meervoud het, hulle anders gebruik as wat die geval in Afrikaans is (vgl. Nida 1961: 250). Nida (1966: 20) wys ook daarop dat 'n selfstandige naamwoord in Grieks dikwels met 'n werkwoord weergegee word, of 'n voornaamwoord in Hebreeus word met 'n selfstandige naam= woord vertaal. Die Bantoetale besit nie voornaamwoorde nie, en die selfstandige naamwoorde word in 'n groot getal klasse ingedeel, maar eerder as om geslag aan te toon, dui hulle onderskeidings soos persoonlik, abstrak dierlik, verbaal en grootte aan (vgl. Doke 1958: 57). Daar is ook tale wat geen lydende vorm besit nie (vgl. Wonderly 1953: 15), en geen twee tale gebruik dieself= de tye in alle ooreenstemmende situasies nie - aspek kan byvoorbeeld van meer belang wees as tyd (vgl. Nida 1961: 253 - 254). Soortgelyke stellings kan vir verdere kate= gorieë soos persoon, wyse, vorm en andere geld (vgl. Law 1966: 123 - 128).

1.4.7 Betekenisinterpretasie

'n Ander faktor wat vertaling bemoeilik, is die feit dat weens verskil in lewenservaring geen twee persone 'n ten volle ooreenstemmende betekenis aan 'n woord heg nie. Tesame met die linguistiese en teologiese verband waarin 'n Bybelgedeelte voorkom, moet die kultuurhistoriese agtergrond ook bygereken word ten einde 'n verstaanbare vertaling te lewer, anders kan die keuse van 'n woord chaotiese resultate tot gevolg hê, want in baie gevalle is daar geen ooreenstemming tussen kulture van volke nie (vgl. Newman, 1969: 62 e.v.). Sommige volkere het byvoorbeeld geen begrippe soos herder, offerlam of vyeboom nie. 'n Vertaler moet sy lesers in gedagte hou en van hulle gebruike, gewoontes, lewensomstandighede, leefwyse en agtergrond op hoogte wees. Nida, (1950: 47), sê: "Words have meaning only in terms of the indigenous cultural patterns of which they are a part".

1.4.8 Kultuurhistoriese agtergrond

Kennis van die kultuurhistoriese agtergrond van die werk wat vertaal word, is ewe onontbeerlik. Geen vertaler kan byvoorbeeld poog om die Nuwe Testament te vertaal sonder dat hy beskik oor 'n deeglike insig in die denk- en leefwyse van die Grieks-Romeinse tydperk waarin die Bybelskrifte ontstaan het nie. Gedagtig aan die probleme waarmee Ou-Testamentiese vertalers te doen kry,

verwys Langenhoven (1932: 55) na die "onoorbrugbare klowe" tussen die "sedes en gewoontes, aard en tempera= ment, gevoel en vernuf, aantrekking en afkeer" van 'n Semitiese volk van duisende jare gelede en die van hedendaagse Bybellesers. Al sou gedragsvorme in twee kulture oënskynlik ooreenstem, is dit nog nie 'n waarborg vir die vertaler dat hulle dieselfde betekenis het nie - die interpretasie daarvan mag hemelsbreed tussen twee kultuurgroepe verskil. Gebrekkige kennis en op= leiding van vertalers gee dikwels aanleiding tot foutiewe vertaling - vergelyk die vertaling van 'Die Here is my herder' as 'Die Here is my bokjagter' (Naish en Story, 1963: 91).

James Barr (1967: 4) vat die saak so saam: "Between us today and the men of the Bible and between the men of the New Testament and those of the Old, there was a problem therefore not only of translation but of trans= culturation. We have to consider therefore a linguistic gap between a Semitic language, an Indo-European (Greek), and our own modern language ... and the corresponding cultural gaps between the Ancient Near East, the Roman Empire and the modern world".

B.M. Newman (1969: 73) wys daarop dat 'n vertaler van die Lukas-evangelie byvoorbeeld kennis en insig moet hê in die Grieks-Romeinse wêreld van ongeveer 70 - 80 v.C., asook van die Joodse leefwyse en kultuur; van die

Christelike inhoud van die boek, die doel van die outeur, die onmiddellike konteks en van die boodskap van die brontaal. Daar moet nie betekenis ingewerk word wat 'n tyd in die geskiedenis van die bepaalde boek weerspieël wat vroeër of later is as die publika= sie van die dokument wat vertaal word nie.

1.4.9 Taalkennis

Verder moet die vertaler beskik oor wat H. Belloc (1959: 83) "dual control" noem, dit wil sê hy moet 'n deeglike kennis besit van die tale waaruit hy vertaal, en van die taal waarin hy vertaal - 'n kennis wat so toegepas moet word dat besonderhede nie buite rekening gelaat word nie. Hy moet bepaal wat die oorspronklike skrywer sê, hoe hy dit sê en wat daarmee bedoel word. Sy taak is veel moeiliker as die van die oorspronklike skrywer, wat veelvuldige woorde in sy taal het om van gebruik te maak, asook die vryheid om wat hom geval, te selekteer. Daarenteen is die vertaler se keuse meer beperk tot ekwivalente wat almal ongeveer ooreenstem, maar hy moet op die naaste ekwivalent besluit. Die oorweging van alternatiewe woordkeuses is een van die kernprobleme in die vertaalkuns en vereis praktiese taalbevoegdheid. Estetiese oorwegings van woordkeuse om inligting mee oor te dra word bepaal deur die doel waarvoor en die lesers vir wie dit bedoel is. Hoe groot is die taak van die Bybelvertaler wat met allerlei konsepte van teologiese,

eskatologiese, kosmologiese, sielkundige en dergelike aard te make het, want die Bybelvertaler moet altyd getrou aan die oorspronklike wees, terselfdertyd moet hy 'n Bybeltaal skep wat idiomaties leesbaar is en tog in vloeiende sinne van 'n literêre gehalte (vgl. Takahashi 1959: 104). Poggioli sê: "The gifted translator is an alchemist who changes a piece of gold into another piece of gold ..." (Brower 1966: 143).

1.4.10 Betekenisverandering

Nog 'n probleem vir die vertaler is dat woorde met ver= loop van tyd in belangrikheid toeneem of afneem en bete= kenisverandering ondergaan deur fyn nuanses wat bykom of verlore gaan (vgl. Bruce 1970: 11). Grosheide sê: (1916: 54 - 55): "Maar ook de taalontwikkeling staat niet stil. Nieuwe woorden worden gevormd, oude verdwijnen. Woorden veranderen van beteekenis, of krijgen een bijbe= teekenis. De zinkonstruktie wordt anders. De spelling maakt soms een geheele omwenteling door. De vroegere uitdrukkingen worden niet meer begrepen. De gansche wijze van uitdrukken wijzigt zich".

Bedikian (1957: 77) sluit hierby aan: "In the metamorpho= sis of any dynamic language ... some words 'die out' while others change their original meaning". Dit is een van die redes waarom Bybelverenigings onderneem om revisies

binne twintig jaar te lewer. Die hersiening van die 1933- en vervanging deur die 1953-weergawe van die Afrikaanse Bybel het ook nodig geword vanweë die ont= wikkeling van die Afrikaanse taal ten opsigte van woor= deskat, woordorde, sinsbou en spelling (vgl. Van Zyl 1972: 18). Dit is ook een van die groot redes waarom die beroemde Bybelvertalings soos die Statebybel, die King James version en die Spaanse Reina-Valera en elke ander grootse vertaling van die Bybel vir 'n nuwe plek moes maak (vgl. bv. Grosheide 1950: 7). Die sinodale uitgawe van die Russiese Nuwe Testament van 1922 het ver= klaar dat die taal in die volksmond binne een eeu groot= liks verander en dat dit wat 'n paar eeue gelede in die moedertaal gedruk is, nie meer maklik verstaan kan word sonder om 'n studie van die taal in sy ou vorm te onder= neem nie (Osipoff 1956: 100).

Wat tot hiertoe gesê is, geld ook vir die tale waarin die oorspronklike Bybelse geskrifte eeue gelede opgeteken is. Prof. J.D. du Toit (NVW 1977: 184) het in die laaste artikel wat hy geskryf het, gesê: "Ondanks die kostelike hulpmid= dele waaroor ons beskik, bly daar nog raaisels bestaan, woorde wat hulle nie wil laat vertaal nie. Om maar 'n paar voorbeelde te noem: Deur voortgesette taalvorsing is baie name van plante, diere ens. nie meer vir ons sulke raaisels soos dit vroeër gewees het nie.

Ander daarenteen wil hul sfinksagtige natuur nie verloën nie". [1)]

Bybelvertaling is sedert die dae van die vroeë kerk as 'n essensiële beginsel vir die verspreiding en konsolidasie van die Christendom beskou, maar, soos dr. Du Toit (NVW 1977: 181) sê: "Vertaal is altyd 'n moeilike werk. Maar Bybelvertaling is baie moeilik" (vgl. ook a.w. p. 172). Veral met betrekking tot die Ou Testament vat dr. Du Toit (NVW 1977: 171) vertaalprobleme op die volgende wyse saam:

(1) "Daar moet vertaal word uit 'n Oosterse in 'n Westerse taal ...

(2) Die hele sielsbeweging van 'n Oosterling is glad anders as dié van 'n Westerling ...

(3) Die terme 'perfek' en 'imperfek' het by die Hebreeuse werkwoorde nie die betekenis wat dit by ons het nie ...

(4) Ten opsigte van die sg. imperfecta moet ons al sulke woordjies soos *kan, mag, moet, wil, hoef, durf* e.d.m. gebruik om duidelik te wees, sonder dat ons eintlik

---

1) Vgl. ook Grether (1968: 166), i.v.m. die Nuwe Testament en Bruce (1963: 64).

reg het om aan te neem dat al daardie variasies *juis so* in die siel van die Oosterling geleef het.

(5) Die Hebreeus is 'n taal wat uitmunt deur gedrongenheid. As ons byv. in Afrikaans lees: "Daarna het My (sic) my teruggebring" (Eseg. 47: 1), dan kom daar, vir die vyf Afrikaanse woorde net een woord in Hebreeus voor".

1.4.11 Mag die Bybel vertaal word?

Benewens vertaalprobleme is in die verlede (o.a. deur Hieronimus en Erasmus (vgl. Schwarz 1954: 166 - 167) dikwels geredeneer oor die toelaatbaarheid daarvan om God se Woord te vertaal, want elke vertaling behels interpretasie, en die vraag ontstaan of enige vertaling God se openbaring volledig kan weergee (vgl. Schwarz 1954: 163). Vroeër is geglo dat die oorspronklike teks geheime bevat wat met vertaling verlore gaan, en hierdie opvatting het 'n terugkeer na die Hebreeuse en Griekse tekste as gevolg gehad en 'n wegkeer van die Vulgaat (vgl. Schwarz, 1970: xi). Reuchling het byvoorbeeld Hebreeus as 'n heilige taal beskou, vry van alle onsuiwerhede, en geglo dat hierdie eienskappe deur vertaling vernietig word. Vir hom het God se misterie tot by die letters en hulle titteltjies gereik, en hy het geglo dat die letters van die Skrifte 'n geheimsinnige betenis het; tog het hy hom aan Bybelvertaling gewaag

(vgl. Schwarz 1970: 79).

Volgens G.E. Marrison (1966: 130) vertoon die boeke van die Bybel so 'n mate van stilistiese eenheid dat hulle van ander boeke onderskei word, omdat hulle eien= skappe vertoon wat toe te skryf is aan goddelike inspi= rasie en die universele tema wat hierdie boeke bevat. Dit is uiters moeilik om hierdie eenheid te definieer, te ontleed en weer te gee, maar die verhewe inhoud bring 'n bepaalde sfeer mee. James Barr (1961: 272) glo ook dat die eiesoortigheid van die Bybel nie op die leksikale of morfologiese vlak te vind is nie maar dat dit op die stilistiese vlak gesien kan word, en hy is van mening dat hierdie "Biblical style" grotendeels in 'n vertaalde weer= gawe behoue kan bly.

As argument ten gunste van die toelaatbaarheid van die vertaling van die Skrif wys Grosheide daarop dat die Nuwe Testament die Oue in die Griekse vertaling van die Septuaginta aanhaal, wat 'n bewys van die vertaalbaarheid van die Bybel is (vgl. Kijne en Visser 1952: xii). Die sendingopdrag (Matt. 28: 19) is egter die belangrik= ste rede waarom die Bybel vertaal moet word en voeg hier= by ook nog die Pinkstergebeure as verdere motiverende faktor vir Bybelvertaling.

1.4.12 Getrouheid en verstaanbaarheid

Die handhawing van balans tussen getrouheid aan die oorspronklike teks en verstaanbaarheid in die ontvangertaal bly een van die groot dilemmas van 'n Bybelvertaler. Daar is basies drie hoofmetodes waarvolgens 'n vertaler te werk kan gaan:

(a) 'n letterlike vertaling;
(b) 'n vertaling van die algemene strekking - 'n parafrase;
(c) 'n vertaling gebaseer op die naaste ekwivalent (vgl. Nida 1961: 11).

As model van die eerste benadering kan genoem word die Septuaginta, waar die Grieks feitlik 'n woordelikse weergawe van die oorspronklike Hebreeus is. Volgens dr. Du Toit (NVW 1977: 183) kan daar verskil van mening bestaan oor die voorskryf van letterlike vertaling, en hy stel die vraag: "Hoeveel van die Oosterse koloriet moet behou word, want ons vertaal nou vir die Weste?" Hy voeg daaraan toe: "Oor hierdie vraagstuk sal daar altyd verskil van mening bestaan. Eenstemmigheid kan moeilik verkry word. Pleitbesorgers vir die een of ander kant sal daar altyd wees". Die opdrag aan die Statevertalers was o.m.: "Dat hulle, soveel as wat die duidelikheid van ons moedertaal kan toelaat, by die oorspronklike teks moet bly en die maniere waarop die Hebreërs en Grieke gepraat het, moes behou" (ibid. 1977: 168). Ds. S.J. du Toit het Gen. 1: 3 - 5 soos

volg vertaal: '-En God siin di lig, dis goed. En God maak skeiding tussen di lig en tussen di duisternis. - En God roep tot di lig: 'Dag!' en tot di duisternis roep Hy: 'Nag!' En dit word aand en dit word oggend, eerste dag . H. Venter (1958: 12) sê van hierdie ver= taling: "Hier het hy klaarblyklik die Hebreeuse woorde omgesit, maar dis duidelik dat hy nie idiomatiese Afri= kaans gebruik het nie".

Volgens Nida (1952: 17) is letterlike vertalings nie slegs die maklikste nie maar gee dit dikwels aanleiding tot foutiewe vertalings: "Only after some time was it discovered that in one language of Liberia the natives were reciting a portion of the Lord's Prayer as 'Do not catch us when we sin' rather than 'Lead us not into temp= tation'". H.J. Cadbury (1954: 137) raak 'n belangrike gesigspunt aan as hy sê: "With all their efforts to achieve accuracy in rendering the original Bible text in= to exact equivalents there is a danger that scholars will fall into the error of 'overtranslating', that is of finding distinctions in the original or emphases which really are not there".

Baie Griekse sinne begin met 'n voegwoord, en as 'n Bybel= vertaler al die voegwoorde vertaal, slaag hy nie daarin om alle semantiese ekwivalente weer te gee nie en is die resultaat 'n stilisties onnatuurlike weergawe (vgl. Nida 1959: 109). Hoewel dit wenslik mag wees dat die literêre

styl van die oorspronklike outeurs in 'n vertaling weerspieël moet word, is die moderne idioom dikwels in stryd met die eise van die oorspronklike styl (vgl. Irwin 1954: 54). Wanneer daar nie letterlik vertaal word nie, moet die vertaler die oorspronklike interpre= teer. Die vertaler probeer vasstel wat die kern van die saak is en wat die outeur sou gesê het as hy in die ver= taler se taal moes geskryf het. Verskillende interpre= tasies van Skrifgedeeltes mag moontlik wees, en tensy die vertaler van voetnotas gebruik maak, kan hy slegs een moontlike weergawe gee. Prof. J. du Plessis het in 1933-1934 'n reeks artikels in Die Soeklig geskryf waar= in hy die vertalers van die Afrikaanse Bybel onder an= dere oor sogenaamde interpretasies in plaas van vertalings betig. Met verwysing na die Hebreeus van 1 Konings 4: 24 – die woorde 'oorkant die Rivier' kom hier voor - verklaar prof. Du Plessis (1933: 368): "Die vertalers het nie die reg om 'oorkant' te vertaal 'wes van' nie. Dit is nie oorsetting nie maar uitleg". (Vgl. ook Du Plessis 1933: 215, en 1934: 171).

'n Moderner siening is dié van J.B. Phillips, wat van mening is dat 'n Bybelvertaler nie anders kan as om ook 'n Skrifverklaarder te wees nie, maar dat hy daarteen moet waak dat hy 'n persoonlike kleur of aksent aan sy vertaling gee. Met betrekking tot die Nuwe Testament dui hy die probleme van 'n vertaler soos volg aan: (1965: 29): "Yet the more he studies sympathetically

the world of the young Church as well as his own con= temporary world, the more he feels in despair at making accurate translation. Patterns of thought, the extent of human knowledge, and even ways of everyday living were so different two thousand years ago that to attempt to reproduce them conscientiously ... could easily re= sult in making the Gospel seem more than ever far away and long ago". Die vraag kan egter gestel word of Phillips nie die wêreld van die Grieks-Romeinse tydperk te naby aan die moderne Westerse samelewing bring nie as hy Romeine 16: 16 se 'Groet mekaar met 'n heilige kus' vertaal met: 'Give each other a hearty handshake all around' (1963: 57). Die sprekendste voorbeeld van 'n parafrase in Afrikaans is Lewende Briewe (1972).

Reeds in 1797 het Von Humboldt gesê dat alle vertalings= werk vir hom na 'n onmoontlike taak lyk en dat elke ver= taler op een van twee klippe moet strand: hy sou hom of ten koste van die smaak en taal van sy eie volk te nou by die oorspronklike aansluit of ten koste van die oorspronklike te veel aan die eienaardighede van sy eie taal hou (vgl. Brouwer 1929: 27)[1]. A.H. van Zyl (1972: 11) sluit by die beeld aan en sê met betrekking

---

1) Ek aanvaar dat Brouwer se verwysing na W. von Humboldt is.

tot die Bybelvertaler: "Sy skuitjie moet veilig deur die twee gevaarrotse letterlikheid en byskrywe geloods word, want net soos wat byskrywe die Skrifwoord ver= water kan letterlikheid dit onverstaanbaar maak".

'n Middeweg tussen letterlike vertaling en vertaling van die hoofsaak is 'n vertaling wat op die idee van die naaste idiomatiese ekwivalent op die vlak van bete= kenis en styl gebaseer is. 'n Ontvangertaal se styl moet nie meganies met die aard van die Bybelboeke gelyk gestel word nie, maar iets van die oorspronklike moet tog behou word. Die vertalers van die Revised version se ondervinding was: "All endeavours to translate the Holy Scriptures into another tongue must fall short of their aim, when the obligation is imposed of producing a Version that shall be alike literal and idiomatic, faithful to each thought of the original and yet in the expression of it, harmonious and free" (1898: Voorwoord van N.T. XIV). Prof. E.P. Groenewald (1970: 215) sê: "Nadat ons die verkieslikheid van die vertaling volgens dinamiese gelykwaardigheid aangedui het, moet ook gelet word op sekere algemene norme waaraan 'n goeie vertaling behoort te voldoen.

Die belangrikste is:

1) Gebondenheid aan die urteks (sic).
2) Suiwerheid van die volkstaal.

3) Verstaanbaarheid.

4) Kunswaarde".

1.4.12 Variante tekslesings

As die styl van die Bybel vir vertaaldoeleindes in breë trekke bepaal is, het die vertaler ook nog met die kwes= sie van variante tekslesings rekening te hou. In die Nuwe Testament alleen is daar volgens beraming ruim 300 000 (vgl. Grether 1968: 166).

1.5 SAMEVATTING

Om saam te vat kan gesê word dat geen vertaling die ekwivalent van die model kan wees nie. Alle vertalings behels toevoeging en verlies van inligting, en dit is onmoontlik om die totale inhoud met alle eksplisiete en implisiete semantiese verwantskappe wat in die oor= spronklike teenwoordig is, tot sy reg te laat kom. Dr. Du Toit (1960: 443) het dit so gestel: "Vertaal is altyd 'n baie moeilike werk. Maar Bybelvertaal is ongelooflik moeilik. Hier kry ons te doen met tale wat baie oud is, en betree ons die terrein van die gods= diens, waar met soveel oorweginge en gevoelighede reke= ning gehou moet word".

Vertaalwerk bly nietemin onontbeerlik vir die handhawing

van godsdiens, en deur die eeue was vertaling van die Bybel die grootste stukrag vir die vertaalkuns, daar die taal van die Bybel op die ganse menswees gerig is. Volgens M. Buber en F. Rosensweig (1936: 210) beskik die Bybel oor die vermoë om, foute ten spyt, die waar= heid te laat deurskemer; en juis omdat dit hierdie krag het, word die gewaagde onderneming volgens hulle 'n plig wat die vertaler se grootste pogings waardig is.

2. TRADISIE EN VERTAALPRAKTYE BY BYBELVERTALING

2.1 BYBELTAAL

'n Vraag wat vroeër onder teoloë aandag geniet en in die moderne tyd nuwe belangstelling gewek het, is die bestaan al dan nie van 'n 'Bybeltaal'.

Wanneer daar in hierdie hoofstuk beweer word dat daar wel so iets soos 'Bybeltaal' is, gaan dit nie hier om 'n wysgerige, teologiese redenasie nie. [1] Wat hier ter sprake is, is die tradisionele taal- en woordgebruik waaraan Bybellesers in baie tale deur die eeue heen ge=heg geraak het. A.H. van Zyl (1967: 405) sê die Bybel=vertaler moet " ... die piëteit wat reeds rondom 'n be=paalde vertaling opgebou is, in ag neem". Dit alles hang saam met die gedagte wat M. Hausmann (1966: 117) so formuleer: "A style of language without depth cannot set forth a deep message, and certainly not one that of=fends".

2.2 TRADISIONELE BYBELTAAL

---

1) Vgl. Van Bruggen (1971: 7 e.v.) se bespreking van 'Bybel=taal', asook James Barr (1967: 270) se opvattings in hierdie verband).

Die Bybel is 'n boek met 'n eie sfeer. Christus se toesprake vertoon 'n gedraenheid wat deur die eeue heen met sorg in vertalings in volkstale oorgedra is, en die geskiedenis van negentien eeue kan nie as nie-bestaande beskou word nie. Gevestigde godsdienstige gemeenskappe heg gewoonlik 'n besondere waarde aan tra= disionele Bybeltaal. Schwarz (1970: iv-v) sê: "The knowledge that our fathers and forefathers have said the same words as our own generation, memories of having learned these words in early childhood, these and more sentimental feelings are reasons for esteeming the official version of the Bible ... even if the archaic language causes single words or complete passages to be no longer fully understood ... This esteem for an existing Bible version and the feeling of reverence towards it (my kursivering) must be taken into account by anyone making a translation which he would wish to be recognized by the community".

Hieronimus het in die voorwoord van sy Nuwe Testament (384 n.C.) voorsien dat hy deur iedereen as 'n vervalser beskou sou word omdat hy die woorde wat almal van hulle vroeë kinderjare geken het, durf wysig het. Augustinus het juis daarop gewys dat Hieronimus se Ou Testament verskil het van die teks wat in die geheue van almal ge= wortel was en waaraan die mense geheg was (Schwarz 1970: 26).

Bybelvertalers bepaal dikwels die standaarde van 'n nuwe literêre tradisie, en gevolglik is dit altyd moeilik vir 'n latere vertaler om weg te breek van die bekende Bybeltaal wat deur vroeëre vertalers as monu= mentale bakens nagelaat is, aangesien hy hierdie werke moet respekteer en moet besluit of hy hulle gaan ver= werp of navolg. Schwarz (1970: 46) sê: "St. Jerome had to overcome the opposition of those who defended the tradition in its entirety in spite of obvious cor= ruptions of the text".

Aanvanklik was getrouheid aan die woorde van die oor= spronklike die oorheersende beginsel van vertaling, soms selfs teen die karakter van die moedertaal in, maar gaandeweg het 'n nuwe tradisie by Bybelvertaling ontstaan, naamlik die tradisie van 'n deftige, gewyde, bykans 'heilige' styl. J.B. Phillips (1955: 158) sê: "To me it is very important to avoid what shall I call it - not a holy style exactly, but the style of legend. It's a temptation ... to import a sort of holy reverent flavour ..."

Weymouth (1959: 59) som hierdie mag van die tradisie so op: "Without at least a tinge of antiquity it is scarcely possible that there should be that dignity of style that befits the sacred themes". R.G. Bratcher (1966: 159) noem hierdie "Bybeltaal": " ... the archaic language of the traditional Church". Elders (1961: 204) praat Bratcher van "the grand words".

Algaande het die taal van die Bybelvertalings 'n kenmerkende argaïese gedraenheid ontwikkel, en volgens Grosheide (1950: 6-9) het die lesende publiek daaraan gewoond geraak om hierdie soort taal as een van die kenmerke van die Skrifte te beskou en waardering daarvoor te hê. Hy is van mening dat dit die probleem van elke nuwe vertaling is om die inhoud op so 'n wyse weer te gee dat die gelowiges nie geskok moet word omdat hulle nie hulle geliefde Bybel herken nie.

2.3 TRADISIE BY DIE ENGELSE BYBELVERTALINGS

In die Engelse Bybel in besonder het die argaïese stempel 'n diep inslag gevind. "Many welcome it, feeling that a certain remoteness from our common speech lends dignity and impressiveness to the English Bible ... The language of worship may well admit words which are evocative rather than explicit, and when this language, admirable in itself, has generations of tradition behind it, it may have a value of its own, not altogether dependent on a clear understanding" (Dodd 1960: 4).

Die King James version het ook invloed van sy voorgangers ondergaan. Koning Jakobus II se opdrag aan die vertalers het as eerste reël gehad: "The Ordinary Bible read in Church, commonly called The Bishops Bible, to be followed and as little altered as the truth of the original will permit" (aangehaal deur Isaacs, 1940: 199). Ou kerkterme

moes behoue bly, byvoorbeeld 'Church' in plaas van 'Congregation' (Greenslade 1963: 165). Die King James version was dus in beginsel 'n konserwatiewe her= siening van 'n reeds bestaande oorsetting.

Wycliffe en Tyndale het veel van die fundamentele karak= tertrekke aan die Engelse Bybel verleen. Laasgenoemde het die algemene standaard bepaal waaraan die meeste latere weergawes vasgekleef het. [1)]

Alle moderne vertalings in Engels staan weer in die skadu van die King James version . Volgens Verkuyl (1951: 80) het die argaïese en poëtiese vorme kosbaar geword vir die= gene wat die Authorized version leer ken het. Vergelyk ook Greenslade (1963: 168): " ... its text acquired a sanctity properly ascribable only to the unmediated voice of God ..." R.H. Robins (1966: 45) noem dit: " ... the nostalgic affection for the beauty of the Authorized ver= sion". Vertalers vind dit moeilik om hulle gedagtes van die eggo's van die 1611-vertaling te suiwer en besef nie altyd hoe verouderd die woorde waaraan hulle so gewoond is, inderdaad geword het nie.

---

1) Vir verdere besprekings in hierdie verband vgl. Beegle (1960: 75), Bruce (1970: 123), Coggan (1963: 19), Grant (1961: 63), Greenslade (1963: 149 - 159), Kenyon (1962: 289).

Soortgelyk aan die opdrag aan die King James version-vertalers was die aan die vertalers van die Revised version van 1885, naamlik: "To introduce as few alterations as possible into the text of the Authorized Version consistently with faithfulness" (Cadoux 1940: 242). Die American standard version toon dieselfde neiging, aangesien dit 'n hersiening van die Authorized version is. "The British Revised Version (RV) of 1885 and ... the American Standard Version (ASV) of 1901 did not break with the Tudor grammar and vocabulary of the Authorized Version"(Ginsberg 1963: 106).[1)]

Hoewel die moderne neiging wat Bybelvertaling betref, meer op helderheid en eenvoud gerig is, het F.N. Phair (1951: 129), wat 'n vereenvoudigde vertaling van Markus gemaak het en wat getrag het om slegs woorde te kies wat vir kinders verstaanbaar is, nie aan die bekoring van tradisie ontkom nie. "It seemed to me desirable to retain something of the cadence of the King James version. I wanted it to *sound* like the A.V. Bible, with its simplicity and stately beauty. In doing this I departed from the general custom of modern translators, but I still feel justified in this decision". Gepas is die woorde

---

1) Vgl. verder Greenslade (1963: 377).

R. Knox (1949: 13): "The English have always been accustomed to having an archaic Bible".

W. Schwarz (1970: 5) sê: "It is I think, true to say that the desire not to alter the existing version of the Bible unnecessarily has been a guiding principle of English Bible translation, at least since the Refor= mation". Hierdie verknogtheid aan die bekende Bybeltaal het aanleiding gegee tot die baie algemene opvatting dat Bybelvertalings 'n gedrae styl moet vertoon, en tot die begrip van 'n 'Bybeltaal'.

2.4 TRADISIE BY DIE DUITSE BYBELVERTALINGS

In die Duitse Bybelvertalingsgeskiedenis kan dieselfde patroon van eerbied vir die oue en liefde vir die bekende aangetoon word. [1] Die eerste werklik volledige Bybel in Duits is die Mentelinbybel van 1466, wat tot in Sylvan Otmar se 1518-uitgawe sy naklanke gehad het (Greenslade 1963: 94), en Luther se Bybel word vandag nog in Duitsland en onder die Duitssprekende diaspora in Oostenryk, Roemenië en Noord- en Suid-Amerika gebruik. Die oorspronklike teks van die Lutherbybel van 1534 is in 1892 en 1912 deeglik

---

1) Vgl. Greenslade, 1963 en Lampe, 1969 vir 'n oorsig van die vroeë Duitse Bybelvertalings.

hersien om dit by die veranderde taalvorme en ontwikke=ling en wetenskaplike navorsing in verband met die oor=spronklike teks van die Bybel te laat aanpas. Hierdie Bybel, wat meer as 400 jaar oud is, is nog die band wat Duitse evangeliese Christene verenig (Greenslade 1963: 345). [1] Ander vertalings het reeds verouderd geraak, terwyl Luther se Bybel nog steeds gewild bly.

Die verskyning van Luther se Bybel word beskryf as "a literary event of the first magnitude, for it is the first work of art in German prose ... The Bible first became a real part of the literary heritage of the Ger=man people with Luther" (Greenslade 1963: 103).

Sedert Luther se tyd het die Duitse taal egter baie ver=ander, en heelwat van Luther se uitdrukkings het onver=staanbaar geword. In 1956 is die hersiening van die Lutherteks van die Nuwe Testament deur die raad van die Evangeliese Kerke in Duitsland goedgekeur. Aan die een kant wou die vertalers die Duitse jeug bereik, aan die ander kant was daar die begeerte om uit erkenning vir Luther se werk so min moontlik te verander, en sekere

---

1) Vgl. Gemser (1945: 121) en Greenslade (a.w. p. 107 - 108) vir die invloed van die Lutherbybel op ander Duitse vertalings.

persone wou vir gebruik in eredienste 'n welluidende taalvorm, sowel tradisioneel as verhewe, handhaaf. "It was worked on with great restraint, for it was not the intention that a new translation should result but that Luther's language should be retained in so far as possible" (Gess 1957: 156). In die meeste gevalle is die terminologie van die Duitse Bybel van= dag nog in Luther se taal.

Ondersoek het ook aan die lig gebring dat baie van die elemente in Luther se styl reeds in die vroeë vertalings van die veertiende en vyftiende eeu aanwesig was. Die Duitse geleerde Vollmer het deur vergelykings aangetoon dat daar 'n vaste vertaaltradisie bestaan wat by Notker (± 1000 n.C.) 'n aanvang neem en tot Luther deurloop - "zelfs een Luther heeft zich niet kunnen en willen ont= trekken aan de historische continuiteit. Bewust en onbe= wust nam hij uit de reeds bestaande bijbeltaal over" (De Bruin 1937: 45).

Die krag van tradisie werk tot in die moderne Duitse Bybelvertalings deur en eers in die "Gute Nachricht für Sie" (1976: 156) het die vertaler daarin geslaag om van die tradisionele taalgebruik van die Lutherbybel weg te kom.

2.5 TRADISIE BY DIE NEDERLANDSE BYBELVERTALINGS

Voor die Kerkhervorming is daar nie in Nederland 'n volledige Bybel gedruk nie, hoewel daar groot behoefte aan so 'n uitgawe was. Die oudste Nederlandse verwerking van die Evangelies, die Limburgse Het Leven van Jesus wat uit die dertiende eeu dateer, het aan alle latere Nederlandse Evangelievertalings 'n blywende eie karakter gegee, en ook die dertiende-eeuse oorsetting van die 'Epistelen' en 'Psalmen' het op die vertolking van die latere tyd ingewerk (De Bruin 1937: 52). Invloed het van Luther en ook van Schutken se 1384-vertaling uitgegaan en het neerslag gevind in die eerste Reformatoriese Nuwe Testament, wat in 1523 te Amsterdam en Antwerpen verskyn het (De Bruin ibid.: 142). Ook Het Deventer Nieuwe Testament van 1525 volg Luther, hoewel nie slaafs nie. Die volledige Ou Testament wat in 1525 te Antwerpen verskyn het, berus deels op die 'Delftse Bybel' van 1477 en deels op Luther (ibid.: 155). Liesveld se volle Bybel, in 1526 ter perse gelê, het Luther se vertaling vrywel oorgeneem en 'n ereplek onder Bybeluitgawes van die Hervorming ingeneem (ibid.: 161).

Vergelyk ook De Bruin 1937: 176, 183, 201 en 211, vir 'n bespreking van die 'Willem Vosterman-bybel', Alexander Blonckart se Keulse Bybel asook Mattheus Jacobson se Prophetien der Propheten en Von Winghe se vertaling.

Utenhoven was een van die min Hollandse vertalers wat

met die tradisie gebreek het. In teenstelling met Luther, wat die Bybel sy moedertaal wou laat praat, [1] het Utenhoven sy moedertaal probeer dwing om so na moontlik aan die oorspronklike te bly. Hy het self= standig uit Grieks vertaal om "... den zin des heylig= hen Gheestes te krachtlicker uit te drukken" (De Bruin 1937: 230).

Selfs die veelgeroemde "Statevertaling" het voortgebou op die tradisionele Bybeltaal en toon telkens sitate afkomstig uit die 'Liesveldtbybel', die Katolieke edisie van Leuven, die Deus-aes-Bybel en die handskriftelike vertaling van Faukelius. Veel van die vernederlandste Bybel-Duits het via die Liesveldtteks en in groter mate via die Deus-aes-vertaling in die Statevertaling neer= slag gevind en is via die Statebybel in die Nederlandse taal opgeneem. [2]

Die opdrag aan Marnix, een van die vroeë vertalers van die Statebybel, was dat hy soveel moontlik die name, woorde en spreektrant van die "gemeyne oversettingen" moes bewaar. De Vooys (s.j.: 61) haal aan dat Marnix versoek is

---

1) Luther het verkondig dat hy die taal op die markte e.d.m. gaan beluister het: 'n mens moet die gewone man "aufs Maul sehen". Daarom het hy holdselige Maria met liebe Maria weergegee.

2) De Bruin (1937: 244) wys op 'n lang lys woorde uit die Liesveldtbybel as afkomstig van Duits en ander weer uit die Deus-aes -Bybel.

"dat hij int oversetten soude willen gebruycken d'alge= meinste, claerste ende suyverste tale". Hy was bekend vir sy kritiek op Luther, en daar is gevrees dat hy die bekende teks oorboord sou gooi, want hy het geglo dat die Bybel se taal so ver moontlik aan die oorspronklike moes herinner. In 1605 is Helmichius, nog 'n vertaler, deur die Suid-Hollandse kerkvergadering gemaan om te blijven bij de woorden van onse oude Duitsche overset-tinghe, soveel eenighsins de waerheyt can leyden" (De Bruin 1937: 230 - my kursivering).

Die Statevertaling van 1637 het eeue lank vir die Hollandse Protestantisme van waarde gebly. [1] "For many people the rather antiquated diction of the Statenvertaling had ac= quired something of the character of a holy language" (Greenslade 1963: 353 - my kursivering).

In 1927 het die algemene vergadering van die Nederlandse Bybelgenootskap op 'n nuwe Bybelvertaling besluit. In hierdie tydperk was daar in Nederlands 'n groot aantal vertalings van uiteenlopende aard. In die voorrede van

---

1) Latere vertalings sluit in die van Adolf Visscher (1648), (basies 'n Lutherse uitgawe in Nederlands, van tyd tot tyd tot 1951 hersien), E. de Witte (1717), J.U. van der Palm (1818 - 30) en 'n goeie vertaling deur professore van Leiden se Teologiese Fakulteit, maar hulle het nooit gewild geword nie (vgl. ook die kritiek van Posthumus-Meyes op hierdie vertaling deur J.D. du Toit aangehaal in Het Kerkblad, 15 Sept. 1916).

die Nuwe Testament van 1939 sê die kommissie wat deur die Nederlandse Bybelgenootskap aangestel is (vgl. Gemser, 1945: 115 e.v.): "Het mocht dus niet worden een vertaling vrij bewerkt voor Nederlands, maar de eigen kleur van den Bijbel moest worden bewaard. Ieder lezer heeft er recht op, dat hij zoo dicht mogelijk bij het oorspronkelijke gebracht wordt" (my kursivering). Die volledige nuwe vertaling het in 1951 verskyn. Volgens Grosheide het die vertalers probeer om iets te lewer wat vir ongelowiges verstaanbaar sou wees, maar hy wys daarop dat Bybeltaal 'n argaïstiese kleur ontwikkel het en dat die vertalers gepoog het om 'n middeweg te volg deur gelowiges wat aan die tradisionele taal van die Bybel geheg is, ook te bevredig. J.J. Kijne (1961: 191) sê: "The translators of the New Dutch version had to take into account the fact that there already existed a traditional Bible language, and that certain terms and expressions just had to be retained in the translation, especially as it was meant not only for personal use, but also for use by and in the churches. In their choice of language they had to steer a middle course between being too conservative and too modern" (my kursivering). Aangaande hierdie twee moontlikhede vervolg Kijne: "In the view of the present writer they have steered too close to the former". Volgens 'n mededeling aan my deur prof. H. Venter het prof. Du Toit dit nietemin as 'n vertaling van baie hoogstaande waarde beskou, hoewel dit moontlik ook op sy eie beskouing betreffende Bybeltaal berus het. Hyself

was ingestel op die 'ou goud'- getuie die feit dat hy die tipies Afrikaanse rooidag van Ps. 57 in 1953 na dageraad verander het.

In 1964 het die eerste pogings om die Bybel in heden=daagse Nederlands te vertaal in druk verskyn. Die briewe aan Filippense en Filemon, die Evangelie van Johannes en die boek Handelinge het eerste verskyn. Die taal is vir 'n nuwe geslag aangepas - die ou en bekende woorde en klanke is ter syde gelê. "In the choice of words the translators as far as possible only use words and expressions which occur in daily usage ... " (Kijne 1961: 193).

2.6 SAMEVATTING

Erasmus het 'n Bybeltaal wat vir alle volkslae verstaan=baar sou wees, in gedagte gehad (vgl. De Bruin 1937: 109): "Ach waren deze schriftgedeelten maar in alle talen overgebracht, zoodat niet alleen Schotten en Spanjaarden, maar ook Turken en Saraceenen ze konden lezen en leeren kennen ... Mocht daaruit de akkerman bij het snorren der klossen een stuk voor zich opzeggen en de reiziger daarmee onderweg de tijd verdrijven. Mochten de gesprekken van alle Christenen daarover han=delen". Vroeër, in die voorwoord tot sy Nuwe Testament, sê hy: "Ik verschil ten sterkste van gevoelen met hen, die

niet willen dat de Heilige Schrift, in de volkstaal overgebracht, gelezen wordt. Alsof Christus zulke ingewikkelde zaken had geleerd dat Hij ternauwernood door een handjevol theologen begrepen kon worden". Erasmus het nie iets besonders - 'n verhewe Bybeltaal - in gedagte gehad nie.

Luther het ook die taal van die markplein, die kinders in die straat, die slagter en die Duitse huisgesin in sy vertaling aangewend. Twee redes kan dus aangevoer word waarom die neiging ontstaan het om 'n 'hoë' styl in Bybelvertaling aan te bring wat telkens deur latere vertalings nagevolg is, naamlik (a) die neiging om die taal te buig om by die oorspronklike tale aan te pas; (b) die organiese groei van enige taal, wat meebring dat dit wat aanvanklik as 'alledaagse' taal bestempel kan word, in 'n latere tydperk vreemd, gewyd, selfs mis= terieus klink, sodat daar 'n mistieke inhoud aan gekoppel word wat in die oorspronklike nie bestaan nie, met die gevolg dat dit dikwels eerder hergebruik word as wat dit by die taal van die dag aangepas word. Luther se ver= taling, byvoorbeeld, het vandag vir 'n moderne leser noodwendig 'n argaïese klank. Baie van die bewaarde argaïsmes is toonbeelde dáárvan dat sodanige woorde en uitdrukkings in die volkstaal ingebed geraak het (vgl. Afrikaans: die merk van die bees, 'n vyeblad e.a.).

In sy pleidooi vir 'n moderne, aktuele en relevante Bybelvertaling sê W. Grossouw (1961: 20) van die Bybel: "It must not become an antique, a sort of venerable relic of the past that one reverently puts away in the cupboard, or a cultural monument that is deposited in a religious museum".

2.7 BYBELVERTALINGS AS TAALSKEPPENDE MAG

2.7.1 Die invloed van die Bybel op die Engelse taal

Bybelvertaling het in baie tale reeds voor die Hervorming omvangryke afmetings aangeneem, en dit is sedert die vroegste eeue met welslae beoefen (vgl. Gerhardson 1961: 201 - 2). Goodspeed (1940: 76) beweer: "The early Christians were to an unusual extent a book-buying and book-reading people".

Een van die vernaamste resultate van die Protestantse Reformasie was die verspreiding van die Bybel in die Volkstale van Europa (Moreau s.j.: 19). [1)]

---

1) Vandag besit meer as 95% van die wêreld se tale gedeeltes van die Skrif of volledige Bybelvertalings (Nida 1966: 11).

Wilder (1964: 16) sê "No other litarary work has been trans=lated into as many languages, spoken in as varied a range of cultures as has the Bible". Deur middel van Bybelver=taling is die ontwikkeling van meer as een landstaal ge=stimuleer en bevorder (Niebuhr 1962: 28).

Bybelvertaling het spoedig ereplekke in die kerke ingeneem en selfs klassiek geword, sodat hulle vandag as monumen=tale bakens beskou word. So word die verskyning van die King James version in 1611 beskou as 'n besondere ge=beurtenis in die Engelse letterkunde wat op die ontwikke=ling van die Engelse taal tot in die moderne tyd 'n bly=wende uitwerking uitgeoefen het. F. Kenyon (1962: 307) beskryf hierdie vertaling as "the finest specimen of our prose literature at a time when English prose wore its stateliest and most majestic form. The influence of the Authorized Version, alike on our religion and our litera=ture, can never be exaggerated ... in the writings of near=ly every author, whether of prose or verse, the stamp of its language is to be seen ... So deeply has its language entered into our common tongue, that one probably could not take up a newspaper or read a single book in which some phrases were not borrowed, consciously or unconscious=ly, from the King James's Version". Die Encyclopaedia Britannica (1968: 581) verklaar ten opsigte van hierdie vertaling: "It is difficult to exaggerate the influence of this translation ... It established the rhythms of

spoken English as the standard for English prose ... it has so embedded itself in the religious and literary heritage of the English-speaking peoples that its secure place has been challenged only by revisions of it, not by replacements for it" (vgl. ook Phillips 1965: 26, en Craig 1951: 43).

2.7.2 Die invloed van Luther se Bybelvertaling op die Duitse taal

Luther se bydrae tot die vestiging van 'n algemeenbeskaafde Nieu-Hoogduitse taal word op verskillende wyses beoordeel. Sommige uitsprake in breed oorsigtelike literatuurgeskiedenisse grens aan oorskatting - vergelyk: "Die Sprache der Bibel wurde die Sprache des ganzen Volkes, und damit ist Luther zum Begründer unserer neuhochdeutschen Schriftsprache geworden" (Vogelpohl 1966: 24). [1] Vergelyk ook W.J. Kooiman (1961: 69), wat beweer dat die verskyning van die Lutherbybel 'n byna oorsienbare invloed op die ontwikkeling van die wordende Hoogduitse taal gehad het.

---

1) Dit is veelseggend dat meer as sewe eeue van Duitse literatuurgeskiedenis in die eerste drie en twintig bladsye van hierdie werk afgehandel word en dat daar reeds op bladsy 24 na Luther verwys word.

In 'n baie volledíger studie van die Duitse taalgeskie= denis kom twee hoogstaande Duitse geleerdes tot presies die teenoorgestelde slotsom: "Unter nahezu jedem As= pekt verbietet es sich, Luther zum Vater der nhd. Schriftsprache zu machen ..." (Schirokauer 1966: kolom 910).

Luther, wat wou hê dat sy Bybelvertaling so wyd moont= lik verstaan moes word, het gemeen dat hy die taal van die Saksiese kanselary skryf, maar in werklikheid het sy taal nader aan die gesproke volkstaal van die Oos-Middelduitse gebied gestaan. Sy taalvorm het ook baie gewissel, en eers na 1524 het hy 'n groter strewe na eenvormigheid getoon. [1)]

Hoewel daar reeds volledige Bybelvertalings vóór Luther bestaan het, is hulle deur sy vertaling verdring, danksy die agting vir hom as leiersfiguur in die Hervorming en as gevolg van die spreektaalwarmte van sy taal teen= oor die bleek, onidiomatiese taal van sy voorgangers. "He took the heart of the Bible writer and wrote it down in the idiomatic phrases that he heard the people speak.

---

1) Talle ongemagtigde oordrukke van sy Bybelvertaling het ver= skyn, waarin die drukkers nie geaarsel het om Lutherismes wat vir hulle gemeenskap onverstaanbaar sou wees, te ver= vang nie. Luther het ook sy eie teks nie altyd suiwer aangehaal nie (vgl. Schirokauer 1966: Kolom 906).

The crystallized result was a pulsating, racy German, that no writer since that day has ever surpassed and few have equalled in literary flavour and religious fervor" (Wentz 1953: 28).

Sedert dit sy beslag in die vroeë sewentiende eeu gekry het, was die algemeen-beskaafde Duits egter nooit in klankvorm, woordeskat of woordkeuse identies met Luther-Duits nie. Die woord 'Begründer' in die aanhaling uit Vogelpohl-Hafner (letterlik 'grondlegger') kan nie naas=tenby as '(alleen) skepper' geïnterpreteer word nie. Luther kan nie 'vader van die Nieu-Hoogduitse standaard=taal' genoem word nie, maar hy was 'n bevorderaar daar=van, daar hy die Oos-Middelduitse opperdialek, wat reeds op pad was om bo die ander dialekte uit te groei, vir sy Bybelvertaling gekies het. [1)]

Luther se Bybelvertaling sou moontlik groter invloed kon uitgeoefen het as die latere hersieners se groot agting vir hom hulle nie so huiwerig gemaak het om die teks werklik met die taal tred te laat hou nie. Die gevolg was dat Luther se Bybeltaal gaandeweg museaal geword het

---

1) Luther se taal, wat gehelp het om Latyn terug te druk, was ook vir latere digters 'n model ten opsigte van lewendigheid, en Anton Springer, 'n Oostenrykse kunshistorikus, het in die negentiende eeu die agterstand van sy mense op literêre ge=bied gedeeltelik daaraan gewyt dat hulle juis nie met Luther se Bybel en ander geskrifte grootgeword het nie (vgl. Langen 1966: Kolom 1330).

en buite die Skriflesing om in onbruik verval het. Luther se bydrae tot die voortstuwing van die ontwikke= lende Duitse taal kan nie misken word nie, maar uitsprake soos die volgende kom op 'n oorskatting van sy aandeel neer: "Toe Luther in 1546 sterf, het hy aan die Duitse volk 'n groter geskenk nagelaat as enige van sy landge= note na of voor hom: die Duitse taal en die Duitse Bybel" (Wegener, 1961: 151).[1)]

2.7.3 Die invloed van die Statebybel op Nederlands

Ook ten tye van die ontstaan van die Statebybel het daar nie in Nederland 'n oorkoepelende algemene taal bestaan nie, maar geleidelik is 'n skryftaal gevorm wat as norm kon dien. Die vertalers van die Statebybel het getrag om die beskaafde skryftrant van hulle tyd toe te pas en sover moontlik ook die gesproke Nederlands.[2)] Die ses= tiende-eeuse strewe na taalsuiwering (vgl. hiervoor Van den Branden 1956) is ook in 'n mate deur hulle voortgesit (vgl. Heinsius 1937: 172). Hoewel hulle geen radikale wysigings wou aanbring nie, het die vertalers tog op ver= skillende punte gemoderniseer, en veral die Nuwe Testament dra die stempel van geleerde Nederlands. Tog het die ver=

---

1) Vgl. Moser (1965: 39-158) vir 'n volledige uiteensetting van die invloed van die Lutherbybel op die Duitse taal.

2) Vgl. Heinsuis 1937: 163; De Bruin 1937: 309.

talers nooit vergeet dat hulle 'n Bybel vir die volk moes lewer nie. Ook sonder die Statebybel sou 'n al= gemene taal waarskynlik ontstaan het, want die proses was reeds aan die gang in die lang reeks voorgangers van die Statebybel, maar laasgenoemde het die ontwikkeling wat in volle gang was, versnel en vinniger by die volk ingang laat vind (De Bruin 1937: 304 - 328). "Geweldig is de invloed geweest, die de Statenbijbel op ons volk, op zijn taal en cultuur heeft uitgeoefend" (De Gezingsgids 1957: 147).[1)]

Hoewel daar meningsverskil bestaan aangaande die mate waarin Luther se Bybelvertaling 'n bydrae tot die vor= ming van die Duitse taal gelewer het, is historici dit eens dat die invloed wat die King James version en die Statebybel onderskeidelik op die Engelse en Nederlandse taal gehad het, haas onberekenbaar is.

2.8 DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

Fasette van die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelver= taling is:

(1) verset teen die beginsel van 'n Afrikaanse verta= ling;

(2) 'n strewe na 'n mate van 'deftigheid', wat gebon= denheid aan die tradisionele Nederlandse vertaling

---

1) Vergelyk ook: Oberholster 1958: 328 - 329; De Kerkbode 1922: 187; Heinsius 1937: 145.

meegebring het;

(3) die oorgang van nie-amptelike tot amptelike Bybelvertaling.

2.8.1 Teenstand teen 'n Afrikaanse Bybelvertaling

Sowel die vroegste vertalers as die amptelike Bybelvertalers se pogings is uit die staanspoor teengestaan deur die pers, teoloë en leke, wat die Afrikaanse taal as te 'plat' vir Bybelvertaling beskou het, en deur voorstanders van Nederlands, wat van mening was dat dit heiligskennis sou wees om die Bybel in 'n taal te vertaal wat "door Indiese en Mozambiekse kindermeiden verbasterd en ontaard is" (Die Kerkbode 1964: 435). Reeds in 1874 was die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap se antwoord aan Pannevis:" ... we are by no means inclined to perpetuate jargons by printing Scriptures in them ... " (Pienaar 1943: 108), en nadat die GRA besluit het om die Bybel in Afrikaans te vertaal, het die Tarka Herald die besluit bestempel as een van die mees onbesonne dade van die Beweging (vgl. Du Toit 1917: 290).

2.8.2 Die 'verhewe' taal van die Statebybel

Benewens die sentiment wat aan die Nederlandse taal gekoppel was, moes die vertalers gedurig met die konserwatiewe houding van die Bybellesende gemeenskap rekening

hou (Oberholster 1958a: 5), daar die Statebybel ook in Suid-Afrika die Bybel van die kerk en volk geword het en gedurende twee eeue sy spore diep in die gods= dienstige lewe getrap het, en gevolglik sou alleen= lik 'n vertaling wat die 'deftigheid' of 'verhewenheid' van die Statebybel sou handhaaf, aanvaarbaar wees. Dr. B.B. Keet (1918b: 153 - 154) het die volgende beweer: "Een gezond konservatisme zal ook hier die arbeid lonen en de Afrikaanse Bijbel geredeliker bij het volk ingang doen vinden. Bovenal zal de invloed, welke hierdoor op de taal zelf uitgeoefend wordt, verheffend zijn, ... de geschiedenis leert ons zonder uitzondering dat de invloed van de Bijbeltaal op de gewone taal groot is (my kursive= ring). Ook de Statenvertaling heeft een gezonde invloed op de Nederlandse taal uitgeoefend, en het is te verwach= ten dat de Afrikaanse Bijbel, indien hij op de rechte ma= nier bewerkt wordt, een soortgelijke invloed zal blijken te hebben" (my kursivering).

'n Voorlesing uit die Statebybel was van die eerste woorde wat in die ou Hollandse taal geuit is, nadat Van Niebeeck en diegene wat hom gegesel het, aan Tafelbaai= strand voet aan wal gesit het. Die Tarka Herald het die Hollandse vertaling van die Bybel beskou as een van die skoonste wat bestaan, en verbasing uitgespreek oor die feit dat daar mense kon wees wat dit opsy wou sit vir 'n vertaling in wat as die *"verspotlike* patriots", bestempel is (vgl. NVW 1977(1): 123), en briefskrywers aan Di Patriot het

gevrees dat hulle "geëerbiedigden Hollandsche Bybel" verlaag sou word deur dit in die "verachtelijke patriotsche taal" oor te sit (Nienaber 1934: 33).

Busken Huet (1946: 18) het gesê: "Noch Hooft, noch Huygens, noch Vondel, noch ... Cats zijn in zulke mate de taalmeesters van het Nederlandsche volk geweest als de overzetters van den Statenbijbel", en een van die kernvrae ten tye van die Bybeloorsetting was of die Afrikaanse vertaling met dieselfde gesag beklee sou wees as wat met die Statebybel, die Lutherbybel en die King James-vertaling die geval was en of geleerdes en letterkundiges die taalvorm van die Afrikaanse Bybel as norm sou aanvaar (Die Kerkbode 1933: 944). Vergelyk ook Oberholster (1958a: 86): "Die Engelse skryftaal is vir 'n groot deel deur die Authorized Version ... beïnvloed. En nie minder is dit die geval met die Nederlandse skryf= taal en die Statevertaling van 1637 gewees nie. Die Duitse vertaling van Luther het ook 'n blywende invloed op die Duitse taal gehad. Hierdie vertalers was mees= ters in styl en ritme, sodat...skrywers, beide groot en klein voor hulle gesag gebruik het". [1] Dr. Du Toit

---

1) Vgl. verder Meiring, 1922a: 181; Encyclopedia Britannica, 1968(3): 580 - 584; Wegener 1961: 53 en 151.

(1916a: 3) het in 1916 beweer: "Wat ewewel Suid-Afrika aangaat weet ons maar al te goed, dat als die Afrikaanse Bijbel nie ooreenstem met die Hollandse nie, die gewone man eenvoudig sal sê: ik wil hom nie hê nie". [1] Ds. M. Postma (1917: 6) het in 1917 met vreugde verneem " ... dat de vertaling onze Statenbijbel op de voet zou volgen", en B.B. Keet (1918a: 122) het verklaar: "De grootste moeilikheden voor de invoering van een nieuwe vertaling liggen in de praktijk. Ons Volk, dat bekend is met de Statenbijbel zal aanstoot nemen aan een nieuwe vertaling ... Wij behouden derhalwe onze Statenbijbel, geven er een Afrikaanse lezing aan, en bewegen ons in een atmosfeer van Bijbels Afrikaans in plaats van Bijbels Hollands." Oom Lokomotief (D.F. du Toit) het die State=bybel as die 'toetssteen' bestempel waarteen die Afrikaanse vertaling opgeweeg sou word (vgl. NVW 1977: 124) en Langenhoven (1927: 9) wou hê dat die vertalers "'n maatstaf van gesag" moes lewer wat in die geleerde wêreld sou tel. Dr. J.D. du Toit (Nienaber 1949: 15) het op 7 Augustus 1924 'n geskrewe verslag oor die vertalers se metode met die vertaling van die Bybel in Afrikaans aan die Breë Kommissie voorgelees. Hierin het hy onder andere gesê: "Aansluiting by die Statevertaling is

---

1) Die kursivering in hierdie paragraaf is my eie.

noodsaaklik: (1) omdat dit onder ons die gesaghebben= de vertaling is, en (2) omdat die woorde en klanke daar= van, altans vir 'n groot gedeelte, by ons volk bekend en gelief is.

Omdat egter die taal en die vertaling van ons Statebybel, by al sy uitnemendheid, op baie punte verouder is, sal by die oorsetting van die H.S. in Afrikaans noodsaaklik van die Statevertaling moet afgewyk word".

Daar is egter ook diegene wat ten gunste van 'n Afrikaanse Bybel in die ware sin was en nie net 'n vernederlandste vorm van Afrikaans nie. So berig Het Gereformeerde Maand= blad (Keet 1918b: 100) byvoorbeeld dat die voorstanders van Afrikaans nie "'n geleerde Nederlands" wil hê nie maar "'n lewende kragtige Afrikaans". Daar word verder op die Duitse aartsbiskop Berthold van Mainz gewys, wat in die tydperk 1485 - 86 'n edik uitgevaardig het teen die druk van godsdienstige boeke in Duits, omdat hy die Duitse taal ongeskik geag het en dit selfs as heiligsken= nis beskou het om iets van 'n godsdienstige aard in Duits te laat verskyn. Die blad waarsku daarteen dat dieself= de nie met die Afrikaanse taal gedoen moet word nie. C.J. Langenhoven was een van diegene wat dit as heiligskennis beskou het om die Bybel in Afrikaans te vertaal, en hy het gesê hy sou weier indien hy versoek word om die Bybel te vertaal (Die Kerkbode 1964: 435).

Dit was egter juis die tradisie van en bekendheid met die Statevertaling in Suid-Afrika wat dit so moeilik gemaak het om tot hierdie "lewende kragtige Afrikaans" te kom. H. Venter (1958: 12) beweer: "Daar moes allereers vir Afrikaans 'n styl gevind word wat die Statevertaling ten minste ewenaar wat verhewenheid en gedraenheid betref. Maar daarom was dit ook vir ons ver= talers moeiliker as die Duitse vertaling vir Luther, die Nederlandse vertaling vir die Statevertalers, die Engelse vertaling van Tyndale: daar was geen "gesaghebbende" en geëerde voorlopers wat met soveel piëteit bejeën is nie" (my kursivering). Die Statevertaling het ongeveer drie honderd jaar lank " ... in die daaglikse lewe, doen en denke gestaan" (ibid.), en dikwels was dit " ... die enigste leer- en leesboek van die mense ..." (ibid.). Die baie idiomatiese uitdrukkings, plek-, plant-, spot- en eiename wat aan die Statebybel ontleen is, is 'n merk= waardige bewys van hoe seer die Bybel die "Afrikaner se hele geesteslewe deurdrenk het" (ibid.).

2.8.3 Vroeë Afrikaanse Bybelvertalings

Met die skaduwee van die Statebybel en die wolk van kritiek wat oor hulle gehang het, het die eerste twee vertalers, C.P. Hoogenhout en S.J. du Toit, begin werk om 'n Afrikaanse Bybelstyl te skep. Proewe Matt. 28. In het Afrikaansch (1872). Die Evangelie volgens die

beskrywing van Markus. Na die Hollandse vertaling van die Statebybel (1878) was die pennevrug van Hoogenhout, en S.J. du Toit (Oberholster 1958b: 30) het die vol= gende Skrifgedeeltes vertaal: Di Bybel in Afrikaans dri proewe (1889), Genesis (1893), Mattéus (1895), Openbaring (1898), Psalme (1907), Hooglied (1905), Handelinge (1908) en Markus (1908). Lukas (1911) bestaan in manuskripvorm. Aangesien hulle nie in opdrag van die kerk gemaak is nie, dra hierdie vertalings 'n 'nie-amptelike' stempel.

Aangesien 'n aantal van dieselfde kenmerke wat in die vertalingswerk van Hoogenhout en S.J. du Toit voorkom, ook in die vroegste amptelike vertalings (vergelyk latere voorbeelde) van die Afrikaanse Bybel aangetref word, sal ek voorts 'n aantal bladsye wy aan voorbeelde wat die taalgebruik van die genoemde twee vertalers se werk tipeer. Dit sal 'n vollediger beeld gee van die ontwik= keling van die Afrikaanse Bybeltaal.

2.8.4 Hoogenhout se werk

Met die aanvang van die Afrikaanse Bybelvertalings is daar onmiddellik 'n skakeling met die verlede, daar Hoogenhout uit die Statevertaling gewerk het. In die voorrede tot sy Markus-evangelie (gedateer Jan. 1878) sê die skrywer dat hy 'n poging aangewend het om alle 'platheid' te vermy, en beskou hy sy poging as 'n voor=

loper tot 'n waardige oorsetting. "Wij hebben hierin zoo na mogelijk aan den tekst van den Hollandschen Staten Bijbel, die hier algemeen in gebruik is, gehouden, en alle onnodige "platheid" vermeden" (my kursivering). Twee belangrike eienskappe van die Afrikaanse Bybelvertaling word hier aangedui.

Hierdie werkmetode van Hoogenhout het 'n produk gelewer wat heelwat van die moderne Afrikaanse spreek- en skryftaal verskil. Waar in moderne Afrikaans in die reël het plus voltooide deelwoord in die verlede tyd voorkom, gebruik Hoogenhout is/was in plaas van die tydhulpwerkwoord het. Die onderstaande voorbeelde van toekomende en verledetydsaanduiding uit sy Markus-Evangelie kom voor (getikte afskrif van die Dokumentasiesentrum, RGN): [1] 'hulle nette verlaat, en is Hom gevolg' (1: 18 - 'zijn Hem gevolgd'); 'en was Hom gevolg' (2: 15 - 'waren Hem gevolgd'); 'Ik is nie gekom' (2: 17 - 'Ik ben niet gekomen); 'Hoe hy in die huis van God ingegaan is' (2: 26 - 'ingegaan is'); 'Maar als die son opgegaan was' (4: 6 - 'opgegaan was'); 'wat daar gebeur is' (5: 14 - 'geschied was'); 'als dit nou wat met die besete man gebeur was' (5: 16 - 'geschied was); 'maar dit was eer erger met haar geworde' (5: 26 - 'erger geworden was'); 'En toen Hy by Syn disipels was gekom' (9: 14 - 'gekomen was')

---

1) Die Nederlandse bewoording word tussen hakies aangedui.

Die invloed van die Nederlands op bogenoemde voorbeel= de is opvallend.

Vergelyk ook die oorbodige gewees in 'die een wat be= sete was gewees' (5: 18), asook wees teenoor moderne Afrikaans se gewees het in: 'en die geld aan die arm mense gegewe wees' (14: 15) - veelvuldige gebruik van die -we-werkwoordsuitgang kom ook in 1922 voor.

In plaas van die gewone toekomende lydende vorm wegge= neem word het Hoogenhout die voltooid toekomende kon= struksie 'wanneer die bruidegom sal weggenome wees', gebruik (2: 20). Die bywoord van tyd maak die gebruik van die modale hulpwerkwoord sal oorbodig in: 'eer die haan twee maal gekraai sal heh' (14: 30) - let op die spelling. In sommige gevalle (soos aangedui) is Hoogenhout se woordkeuse waarskynlik aan navolging van die Nederlands te wyte net soos die geval was met die werk van die 1922-vertalers, soos later sal blyk.

'n Tweede eienskap wat opval, is die gebruik van werk= woorde en hulpwerkwoorde wat op 'n -e uitgaan waar moderne Afrikaans nie 'n -e-uitgang het nie. (Verge= lyk dieselfde tipe gebruik in die werke van M.E.R. Voor=

beelde hiervan is die volgende: 'Volg My na, en Ik sal make dat hulle vissers van mense sal worde' (1: 17 - maken...worden);[1] 'is gy gekom om ons te verderwe?' (1: 24 - verderven); 'En daar kom party na Hom en breng een verlamde man wat (deur) vier mense word gedrage' (2: 3 - gedragen), 'Staat dit vry om op sabbatdage goed te doen, of kwaad te doen? een mens te behoude of dood te maak?' (3: 4 - behouden); 'En Hy seg aan syn disipels dat een skuit digteby hulle moet blywe' (3: 9 - blijven); 'Want hy had veul mense genese' (3: 30 - genezen); 'En om magt te heh, om siektes te genees, en duiwels uit te drywe' (3: 15 - uit te werpen); 'en daar kom weer een magt van mense by mekaar, so dat hulle nie eens kans kan kryge om brood te eet' (3: 20 - konden brood eten).

Dit val op dat in al die genoemde voorbeelde 'n hulpwerk= woord saam met die werkwoord wat 'n -e-uitgang het, voor= kom, of die woord te word gebruik. Maar soos uit die laaste voorbeeld (3: 20) blyk, pas Hoogenhout nie hierdie gebruikswyse konsekwent toe nie, daar eet in hierdie ge= val nie op -e uitgaan nie, ook nie die vroeër genoemde heh (14: 30) nie. Wat verder opval, is dat Hoogenhout in die meerderheid van die gevalle bloot die slot -n van die Nederlandse werkwoordsuitgang weglaat, en op hierdie wyse ontstaan die werkwoordsvorm op -e wat hy gebruik. Selfs waar daar nie 'n analoë vorm in die Nederlands is nie het die werkwoord wat hy gebruik, nog 'n slot -e ver= gelyk 3: 15 en 3: 20.

---

1) Hierteenoor staan daar enkele verse verder: 'Laat staan wat het ons met U te maak, Jesus, Nasarener!' (1: 24). In Mark. 3: 4 kom die woord make egter ook na te voor.

Vergelyk ook die vervoeging in die volgende gevalle: 'so dat hulle hulle nie die een of ander tyd bekeer, en hulle sonde vergewe worde'(konjunktief) (4: 12); 'Want daar is niks verborge wat nie geopenbaar sal worde' (4:22 - die n van die infinitief na sal gaan verlore); 'Want die wat het, aan hom sal gegewe worde' (4: 25); 'Kan julle ... met die doop gedoop worre, waar Ik mee gedoop word?' (10: 38); 'en die kragte, die in die hemel is, sal bewoge worde' (13: 25). In Markus 10: 38 word twee verskillende vorme gebruik, moontlik ter wille van die afwisseling, naamlik worre en word. Uit hierdie voorbeelde blyk dat Hoogenhout selfs drie variante van dieselfde woord gebruik, naamlik: worde, worre en ook word.

Veral by die gebruik van die verlede deelwoord is die toevoeging van die -e opvallend, vergelyk: 'En Judas Iskariot, wat Hom ook verrade het' (3: 19); 'en geen baat gevonde het, maar dit was eer erger met haar ge= worde' (5: 26); 'En toen hulle owergevare was' (6: 53); 'so als geskrywe is' (nie geskrewe nie - 7: 6, vgl. die Ndl.: geschreven); 'is uit jou dogter uit= gevare' (7: 29); 'En toen sy in haar huis kom vind sy dat die duiwel uitgevare was' (7: 30); 'want hulle is nou al drie dage by My geblywe' (nie geblewe nie - vgl. gebleven - 8: 2); 'En hulle het gegete, en is versadig geworde'(8: 8); 'en toen sy die albaste fles gebroke het' (14: 3). Behalwe in die twee gevalle wat aangedui is,

korreleer Hoogenhout se woord met die Nederlands - die slot -n buite rekening gelaat.

Heelparty selfstandige naamwoorde waarby wel 'n -s in die meervoud gebruik sou kon word, word met 'n -e geskryf - vergelyk byvoorbeeld die volgende: 'uit die hart ... kom voort kwade gedagte' (7: 21); skrifgeleerde (8: 31); 'Wat het ons nog getuige nodig' (14: 63). Ook hier kor= respondeer die Nederlands (spelling en die slot -n buite rekening gelaat) met Hoogenhout se woordkeuse.

Baie byvoeglike naamwoorde kry 'n -e-uitgang, waar dit in die hedendaagse Afrikaanse spreektaal nie normaalweg gebruiklik is nie, vergelyk: 'En Johannes was gekleed met kameelhaar, en met een lere band om syn lyf' (1: 6 - lederen - Hoogenhout laat die intervokaliese d weg); 'En niemand doet nuwe wyn in ouwe leersakke' (2: 22 - oude); 'En die ander val op ondiepe klipgrond' (4: 5 - 'het steen= achtige'); 'Jy onreine geest, gaat uit die mens' (word tot in 1953 behou - Mark. 5: 8 - onreine); 'verkoop al= les wat jy het, en geef dit aan die arme mense' (10: 21 - armen), 'want hy had een grote besitting' (10: 22 - vele); 'onvervalste nardus, van dure prys' (14: 3 - grooten); 'En die dienaars slaan Hom met die vlakke hand in Sy gesigt' (14: 65 -'met vuisten'). Uit bogemelde voorbeelde blyk dat Hoogenhout die verboë adjektief gebruik ook waar dit nie in Nederlands voorkom nie. Onverboë vorme kom

ook voor waar mens vandag die verboë vorm sou ver=kies, vergelyk: 'onuitbluslik vuur' (9: 43) en 'on=uitbluslik wurm' (9: 45) - maar ook hier korreleer Hoogenhout se keuse met die Nederlands.

Enkele voornaamwoorde kry ook 'n -e in die meervoud vergelyk: '... andere breek takkers (sic) van die bome' (11: 8 - anderen); 'Van die Heer is dit ge=beur, en dit is wonderlik in onse oge' (12: 11 - on=ze). Dit is duidelik dat die invloed van die Neder=lands ook hier 'n rol speel.

Waar die infinitief met te gebruik word, val die 'om' soms in navolging van die Nederlands weg, by=voorbeeld: 'Wat is gemakliker, te seh tot die ver=lamde: Die sonde is jou vergewe?' (2: 9); maar op ander plekke word die om weer ingevoeg: 'Jo=hannes was besig om te doop in die woestyn, en om te preek' (1: 4) - wat alreeds 'n beweeg in die rig=ting van moderne Afrikaans is.

Alhoewel Hoogenhout eers in die sestigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika aangekom het, gee sy taal=gebruik met al die onreëlmatighede en gebrek aan vaste stelsel waarskynlik 'n redelik getroue beeld van hoe

die algemene Afrikaanssprekende persoon van die laat negentiende eeu gepraat het, en dit geld ook vir sy spelwyse en woordeskat.

Onderstaande voorbeelde toon 'n vermenging van Ne= derlandse en Afrikaanse taalvorme: 'En toen Hy by die see van Galilea loop, siet Hy Simon en Andreas, syn broer' (1: 16); 'En Jesus seg aan hulle' (1: 17); 'Ik ken U, wie gy[x] is' (1: 24); 'watter nuwe leer is dese[x]...' (1: 27); 'En die hele stad syn mense' (1: 33); 'En Hy genees een menigte' (1: 34); 'En smorgens vroeg, als dit nog diep in die nagt[x] was' (1: 35); 'gaat die melaatsheid oogenbliklik weg' (1: 42); 'En niemand doet[x] nuwe wyn in ouwe leersak= ke ... maar nuwe wyn moet in nuwe leersakke gedaan worde' (2: 22); 'toen hy in die nood was, en honger had[x]' (2: 25); 'wat niemand anders dan[x] die priester alleen mag ete' (2: 26); 'Word die kaars[x] gebring dat hy onder die koringmaat ... geset[x] word' (4: 21); 'also[x] dat die vogel(tjies) wat in die lugt vlieg onder Syn (sic!) skaduw[x] kan nest (maak)' (4: 32); 'En op die eigenste dag' (4: 35).

In my eie kinderjare was woorde soos had, dese, dan (by vergelykings), lege en mage in ons huis nog gebruiklik en 'n woord soos Gy in gebedstaal

is nog tot in die veertigerjare gehoor. Bogenoemde onderstreepte woorde verskil van die moderne Afrikaanse gebruikswyse en ook van die Nederlandse woordkeuse. Die woorde wat met 'n kruisie aangedui word, korreleer egter met die Nederlands (spelling weer eens buite reke= ning gelaat).

As mens in gedagte hou dat C.P. Hoogenhout self 'n Hollander was en nie veel langer as tien jaar in die land was toe hy sy vertalingswerk aangepak het nie, dan is die volgende voorbeelde uit sy Markus-vertaling des te begrypliker: 'En die onreine geest skeur hom, en gaat uit van hom' (1:26); 'En die gerugt van Hom was nou maar (sic!) rond in die hele omtrek van Galilea' (1:28); 'En niemand naai een nuwe lap op ouwe klere: anders skeur die aangenaaide nuwe lap wat van die ouwe klere af, en daar word een groter skeur' (2:21); 'En hulle swyg stil' (3:4); 'En hulle kom in huis; en daar kom een magt van mense by makaar, so dat hulle nie eens kans kan kryge om brood te eet' (3:20); 'En Hy siet rondom ower die mense' (3:34); 'Als hy nou Jesus in die verte siet, loop hy toe, en bid Hom aan' (5:6); 'die varkens ... versmoor in die see' (5:13)

'Waarom maak julle die gedoente' (5:39) - in hierdie geval kom die werkwoord maak met die Nederlands ooreen maar gedoente is al tipies Afrikaans; 'En hulle word

om Hom vererger' (6:3); 'Een profeet is nie ongeëerd dan in syn vaderland' (6:4).

'Dit is Johannes wat ik syn hooft afgekap het, die is van die dode opgewek' (6:16); 'Verbied hom dit nie: want daar is niemand, wat een krag doen sal in Myn naam, en haastig kwaad van My sal kan praat' (9:39); 'dat een meulsteen om syn hals gedaan was en dat hy in die see gegooi was' (9:42); 'Het sout in julle sel= wers' (9:50); 'Almekie (sic!) word almaal aan U geërger, so sal Ik tog nie geërger worde' (14:29); 'want hulle oge was vol vaak' (14:40).

Op 'n vergadering gehou op 19 Januarie 1878 het die GRA die besluit van sekere van sy lede om die Evangelie van Markus in Afrikaans uit te gee veroordeel (Notuleboek Dokumentasiesentrum) : "Die Genootskap oordeel dat dit nog gen tyd daartoe is nie, en versoek die vrinde vrin= delik mar ernstig om hulle onderneming op te ge". In dieselfde jaar het bogenoemde vertaling die lig gesien, maar dit is nie gepubliseer nie. Hoogenhout se strewe om die Statevertaling na te volg het 'n produk gelewer waarvan die taal iets tussen die volkstaal en die van die Statebybel was.

2.8.5 Die werk van S.J. du Toit

Op 24 Augustus 1978 het die GRA besluit om nie die State=

---

1) Verskyn nie in gepubliseerde notules van GRA nie.

vertaling te verafrikaans nie maar om na die bron en oorsprong terug te gaan (Du Toit 1889: 10 - 13). S.J. du Toit, wat tien jaar later as vertaler benoem is, moes volgens opdrag "hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling" volg, terwyl hy soveel moontlik by die segs= wyse van die Statevertaling moes aansluit (Du Toit 1917: 288). In Mei 1886 is weer besluit om nie na die oorspronk= like teks terug te gaan nie maar om die Statevertaling te volg, omdat daar gevrees is "dat 'n vertaling wat afwyk, nie as gesaghebbend beskou sou word nie" (my kursi= vering - ibid.).

In September 1875 het ds. G.W. Morgan, die verteenwoor= diger van die BBBG in Suid-Afrika, 'n brief van ds. S.J. du Toit ontvang (los brief, Dokumentasiesentrum) waarin laasgenoemde sê: "De regte weg ... is, geef het volk een Bijbel in de taal die zij dagelijks spreken (my kursivering) en dus het best verstaan ... " Mens kan dus aanvaar dat ds. S.J. du Toit se vertalings van Bybel= gedeeltes 'n redelik getroue weergawe van die alledaag= se gebruikstaal van sy tyd bied. Sy taalgebruik was waarskynlik ietwat meer gesistematiseerd as dié van die gewone Afrikaanssprekende burger - hy was immers die op= steller van die eerste pogings om tot spel- en grammati= kareëls te kom -, maar soos uit sommige voorbeelde van veral woordkeuse (kyk verder aan) sal blyk, weerspieël sy taalgebruik seer sekerlik ook die alledaagse taal van

die mense van sy tyd.

Volgens die inleiding van Di Bybel in Afrikaans - dri proewe is dit duidelik dat S.J. du Toit hom aan die oorspronklike besluit van die GRA gehou het en uit die grondteks vertaal het (Du Toit 1889: 13), en sodoende het hy van die tradisionele Bybeltaal weggebreek, naam= lik die van die Statebybel, en die verwagte teenkanting het nie uitgebly nie (a.w.: 16). Hy het nietemin tog van die Statebybel as hulpmiddel vir sy vertaling gebruik gemaak, asook van die 'egte' Engelse vertaling, die Luther-bybel, die nuwe Hollandse en die nuwe Engelse ver= taling en Van der Palm en Lange se vertalings (Pienaar 1943: 108).

Die voorbeelde wat in die onderstaande bespreking aange= haal word, is almal afkomstig uit S.J. du Toit se verta= ling Di Evangeli vollens Mattéus (1995). [1] Ten eerste is daar heelwat woorde wat in hedendaagse Afrikaans vreemd voorkom / minder gebruiklik is; vergelyk byvoorbeeld die toutologiese samestelling gordband (3: 4 - gordel); jaag= besem (3:12 - wan) of skop - (lg. vlgs. die kantlynaan= tekeninge); skepel (5: 15 - koornmaat); 'n menigte

---

1) Die Nederlandse woordkeuse word tussen hakies aangedui.

klompe mense (8: 1 - vele scharen) en tandegeknars (8: 12 - knersing der tanden). Die volgende is vandag reeds argaïes: op laas (4: 2 - ten laatste); opdat (5: 45 - opdat); omhaal van woorde (6: 7 - verhaal van woorde); klaar had (7: 28 - geëindigd had); wees welgemoed (9: 2 - wees welgemoed). Slegs in enkele gevalle is daar 'n korrelasie tussen Du Toit se woord= keuse en dié van die Nederlands. Daar is by hom dus nie 'n strewe om die Nederlands noukeurig na te volg nie maar eerder om die gebruikstaal van sy tyd te ge= bruik - maar ook hy ontkom nie heeltemal aan die gedraen= heid wat so eie aan veral die ouer Bybelvertalings is nie.

In vergelyking met 1922 se woord [1] val die volgende ook op: kyk (1: 20 - siet); sekuur (2: 16 - noukeurig); slange - gespuis (3: 7 - addergebroedsels); leerlinge (5: 1 - disiepels); jota of stippel (5: 18 - jota of tittel); Salomo ... aangetrek (6: 29); Salomo ... beklee); julle sal kry (7: 7 - u sal gegee word); graf= kelders (8: 28 - grafte).

Die intervokaliese g/d kom onder algemeen Nederlande in= vloed voor by dage (2: 1 - dagen); [2] 'ter dége' (2: 7 -

---

1) Word tussen hakies aangedui.

2) Die woorde wat voortaan tussen hakies verskyn, is die van die Nederlandse teks.

naarstiglijk); pade (3: 3 - paden); vyge (7: 16 - vijgen); verslage (7: 28 - ontzetteden). Sinkopee van intervokaliese g/w kom voor by o'ergegé (4: 1 - verzocht te worden); vőels (6: 26 - vogelen) en by o'erste (8: 5 - hoofdman). Die eersgenoemde twee voorbeelde kom ooreen met die neiging in moderne Afri= kaans, maar wat laasgenoemde betref, is in moderne Afri= kaans wel die intervokaliese w behou.

Net soos die geval was in Hoogenhout se Markus-vertaling vind mens ook in S.J. du Toit se vertaling van Matthëüs heelparty voorbeelde van werkwoorde wat op 'n -we ein= dig waar 'n -f ook moontlik sou wees, vergelyk byvoor= beeld: 'eer hulle nog same gelëwe het' (1: 18) - wat 'n aansluiting by moderne Afrikaans is; 'want so is ge= skrywe' (2: 5); 'hulle sal di aarde be'erwe' (5: 5); 'hulle foute vergéwe' (6: 14) [1] - vandag gebruiklik.

Verdere werkwoorde waaraan 'n e-uitgang toegevoeg word, is: 'ons het gekom om Hom [2] te anbidde' (2:2); di Wet en Profete te ontbinde' (5: 17); 'di sal ver jou dit vergoede' (6:4); julle Vader ... sal dit ver julle

---

1) Verdere voorbeelde kom voor o.a. in 4: 4; 5: 12, 7: 22, 8:16; 8: 32, 9 ops.; 9:3 .

2) In die 1922-uitgawe word Hem deurgaans t.o.v. Christus gebruik.

vergelde' (6:17); 'Aan julle sal geskide' (9:29). Die ooreenstemmende Nederlandse woorde is aanbidden, ontbinden, vergelden, vergelden en geschiede. Geskide stem met die Nederlands ooreen en die slot -e van die oorblywende woorde kan ook toegeskryf word aan navolging van die Nederlands met verlies van die slot - n.

Vergelyk ook: 'sou ... worde' (2:5); 'moet worde' (4:4); en 'sal ... worde' (8:12).

Sekere byvoeglike naamwoorde met -e-uitgang kom voor in Du Toit se Matthëüs-vertaling en dit geld onder andere in besonder vir die woord grote, vergelyk: grote gekerm (2:17 - veel); 'grote troppe (sic!) mense' (4:25 - vele); 'Grote Raad' (5:22 - grooten); 'noue poort' (7:13 - enge); 'grote stilte (8:27 - groote); 'grote trop varkes' (sic!) (8:30 - veler); 'oue stuk' (9:16 - oud); 'grotere skeur' (9:17) - ergere). Vergelyk ook die bywoord 'same geléwe' (1:18 - samenge= komen).

Die volgende substantiewe en gesubstantiveerde adjek= tiewe eindig ook op -e waar 'n -s-meervoudsmorfeem

moontlik is: skrifgeleerde (2:4); verlamde (4:25); eenvou=dige (5:3); treurende (5:4); sagsinnige (5:5); 'hongerige en dorstige' (5:6); barmhartige (5:7); reine (5:8); vrede=liwende (5:9); skynheilige (6:2); klein-gelowige (6:31); gawe (7:11); 2 blinde (9:28); 'sike en melaatse' (10:8). Gadarene is die enigste woord waarvan 'n enkelvoud sonder -e voorkom, te wete Gadareen (later Gadareners Gadarener). Hierdie verskynsel, naamlik die gebruik van die enkel=voudsvorme ook vir die meervoud, kom veelvuldiglik in 1922 voor en word ná 1922 gaandeweg in ooreenstemming met die gebruik in moderne Afrikaans gebring.

Die sintagmaat het geword word as werd geskryf, vergelyk 'werd hy verskrik' (2:3), en vir die tydsbepalende hulp=werkwoord was maak Du Toit in Matthéüs soms van had ge=bruik, byvoorbeeld: 'toen hy honger had' (12:3).

In plaas van die tydhulpwerkwoord het gebruik Du Toit was/is volgens die Nederlandse gebruik, vergelyk: 'En toen hulle vertrek was' (2:13); 'En toen Hy van di berg afgekom was' (3:1); 'toen Hy in Kapérnáum gegaan was' (8:5); 'Is jy hiir gekom om ver ons te pynig ...' (8:29); 'En toen Hy in die skip gegaan was' (9:1); Myn dogter is net nou gestérwe' (9:18).

Vir die verledetydswerkwoord in die lydende vorm, naamlik

is, het S.J. du Toit soms werd geskryf, byvoorbeeld 'werd ... verskrik'(2: 3); 'werd ... gewaarsku'(2: 12); 'werd ... gedoop'(3: 6); 'werd geopen'(4: 30). In ander gevalle het hy die korrekte Afrikaanse woord is gebruik, vergelyk: 'is geskrywe'(2: 5); 'voorsê is'(2: 17). Daar is ook die gevalle waar Du Toit is + geworde gebruik, byvoorbeeld: 'is vervul geworde' (2: 17, 8: 17); 'vervolg geworde is' (5:10).

Die plusquamperfektum word reg gebruik: 'En toen Jesus gebore was ... kom' (2: 1); 'Toen Hy hoor, dat Johannes in die tronk geset was, vertrek Hy' (4: 13); 'nadat die menigte mense uitgedrywe was, gaan Hy binnetoe' (9: 25).

In plaas van die modale hulpwerkwoord moet by impera= tiewe word sal deur S.J. du Toit gebruik: 'Jy sal ni horeer ni!' (5: 28 - zult) [2]; 'Jy sal jou medemens liif hê' (5: 43 - zult); maar: 'julle moet julle vyande liif hê'! (5: 44 - hebt). Moes kom ook voor in plaas van moet: 'wat doen julle dan meer as julle

---

1) Die historiese presens word (soos in die 1922-vertaling) dikwels deur S.J. du Toit gebruik waar die verlede tyd pasliker is.

2) In die Ndl. 5: 27

moes doen?' (5:47 - 'wat doet gij boven anderen?')
S.J. du Toit se gebruik van die imperatief verskil dus van die gebruik in moderne Afrikaans en verteenwoordig 'n tussenstadium in die ontwikkelingsproses van Neder= lands na Afrikaans.

Gemoedelike gebruikstaal (wat soms miskien aan 'platheid' grens) kom geredelik voor en toon ooreenstemming met moderne gebruikstaal, vergelyk: 'ver julle sleg maak en ... ver julle uitmaak ver al wat sleg is' (5:11); 'Gé ver ons tog vandag genoeg brood ver di dag!' (6:11); 'En moet tog ni ver ons in di versoeking lei ni, maar verlos ver ons tog van di Bose!' (16:13); 'treurige gesig opset' (6:16) [1]; 'wat Moses georder het' (8:4); 'lê tuis aan di beroerte' (8:6). Hier= naas kom die volgende woorde voor: gefop (2:16); val hiir af (4:6); altemit (4:6); konstawel (5:25); onder-klére (5:40); 2 base (6:24); openlik ansê (7:23); versuip (8:32); kooigoed (9:7); veldskoene en kiri (10:10); baas en huisbaas (10:25).

Samevattend kan 'n mens sê dat S.J. du Toit se werk 'n bonte verskeidenheid van styleienskappe vertoon: uit=

---

1) Vgl. die 'deftige' angesigte ook in Matt. 6:16.

drukkings wat as Nederlandismes bestempel kan word en segswyses aan die Statebybel ontleen, verhewe taalgebruik, maar dan ook weer tipiese volkse uitdrukkings en soms selfs plathede.

S.J. du Toit en sy medewerkers was uiters gevoelig vir die druk van openbare mening aangaande hulle werk en fel bewus van die eis van 'verhewenheid' vir die Bybeltaal; nietemin is sy werk sterk gekritiseer. [1] Professor B.B. Keet se gevolgtrekking (Wegener 1961:161) is dat die teenstand meer weens vreemdheid van skryfwyse gekom het - die fonetiese spelling het volgens hom op die leser 'n vreemde indruk gemaak - eerder as wat platheid die oorsaak was en ook omdat dit "... aan die begin van die taalbeweging gekom het en nie later nie - die Bybel is juis die terrein waarop die sterkste reaksie teen enige nuwe ontwikkeling verwag kan word" (my kursivering).

Die uitspraak deur H. Venter (1958:12), wat in later jare as taaladviseur vir die Bybelvertalers opgetree het, verskil van dié van B.B. Keet, naamlik: "Een van die belangrikste redes hoekom die Bybelvertaling tydens die eerste tydperk, toe sewe boeke vertaal is, misluk het, was juis aan die een kant die nougesette navolging van die spreektaal wat aanleiding gegee het tot ongelooflike plathede (my kursivering). Die flagrantste hiervan

---

1) Vgl. Oberholster 1958a: 328-329; 1958b: 31; Nienaber 1934:40.

is seker dié in Ps. 23: 5: 'uwe knopkiri en wandelstok fertroos my'.

Dit illustreer reeds wat die verskynsel in sy wese is, naamlik die onvermoë om dit wat in die Afrikaanse woorde oorgesit is, sodanig te stileer dat dit in 'n verhewe idiomatiese Afrikaans weergegee word" (my kursivering) P.J. Nienaber (1949: 20) sluit hierby aan: "Die ver= talings van ds. S.J. du Toit het baie min ingang gevind by die volk. Daar was 'n neiging by hom om te na te kom aan die gewone volkstaal (my kursivering) en die verhe= wenheid van die Bybelse styl te laat skade ly".

2.8.7 Die Afrikaanse Bybelvertaling kry amptelike erkenning

In 1914 het dr. B.B. Keet sy beroemde toespraak gelewer, en in 1916 is amptelik besluit om die Bybel in Afrikaans te vertaal: "Aangesien hier by ons die Bybel nou vertaal word deur manne offisieel deur die kerke daartoe aangewys, dra ons nuwe Afrikaanse Bybelvertaling 'n ander, nl. 'n offisiële karakter, en verskil dus ... van die vertaling waar die Genootskap van Regte Afrikaners mee besig was" (C.W.M. du Toit 1926: 26). Voor die tyd is versoek= skrifte met duisende naamtekeninge as protes teen 'n Afrikaanse vertaling aan die BBBG in Londen gestuur.

Van Sinodekant is geen stylvereistes gestel nie en dit

was die taak van die kommissie om te bepaal watter vorm die inhoud moes aanneem. Voorlopig is op 'n tentatiewe vertaling besluit. Op die kommissie se tweede vergadering, gehou op 2 en 3 Julie 1917 te Kaapstad, is onder andere die volgende punte bespreek: die plek van die tweede nie, die uitgang -e by adjektiewe, die keuse tussen wisselvor= me soos na en naar, soos en soals en die of wat as betrek= like voornaamwoorde. Daar is egter geen vaste besluit geneem nie (Nienaber 1934: 81). Op 16 Januarie 1918 is besluit dat die vorme: ek, hom, toe, soos, as, my, sy, dit is, geen, bring, dink, U vir God en u in plaas van jy en julle (waar daar twyfel sou bestaan) gebruik moes word. Behalwe in geykte uitdrukkings en in verhewe styl (vgl. Soon van God, Soon des Mensen) moes seun ge= bruik word; die enigste betreklike voornaamwoord sou wat wees: baie sou naas veel gebruik word; waar paslik sou mag gebruik word as vertaling van die konjunktief (ibid.: 82 - 83). In 1918 het prof I. Marais verklaar dat die voorlopige proewe hom geval en dat die 'verhewe taal' en die 'waardigheid' hom dadelik getref het. Hy wou egter weet waarom sekere woorde wat uit die Statevertaling afkomstig is en wat in Suid-Afrika onbekend was, behou is, terwyl goeie ekwivalente bestaan het, bv. 'boele' in plaas van 'vrijers' (De Kerkbode 1918: 717).

2.8.8 Die vier Evangelië en Psalms van 1922

Op 20 Julie 1920 is die vertaalwerk opnuut verdeel (C.W.M.

du Toit 1926: 230 - 233) en is die volgende besluit geneem: "Die Statevertaling word as fondament geneem van die Afrikaanse vertaling ... Die doel is 'n Afri= kaanse oorsetting van die oue State-Bybel, en nie om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die grondteks te be= werk nie" - die taal van die tradisie moes gehandhaaf word. Hierdie besluit was 'n radikale afwyking van die werkmetode van S.J. du Toit. In 'n onderhoud (Die Burger, 23 Augustus 1958) het prof. Keet die volgende kommentaar oor hierdie aangeleentheid gelewer: "Die gedagte van 'n gans nuwe vertaling uit die ou tale, 'n Bybel wat 'anders' sou wees as die oue, was vir daardie dae nog te verregaande". "'n Bietjie safmaak-taktiek met die publiek dus?" "So 'n bietjie safmaak, ja."

Daar is ook onder andere besluit (Nienaber 1934: 87 - 88): "Platheid moet strikt vermy word (my kursivering) in die vertaling ... Waar Nederlandse woorde aanleiding mag gee tot misverstand ... word on= dubbelsinnige woorde in plaas daarvan gebruik. Maar altyd met raadpleging van die grondtekst ter verduideli= king ... Verouderde woorde of woorde met verouderde betekenis (b.v. *geweld* in sin van *mag*) word verander na raadpleging van die oorspronklike ..."

Hiermee het die werk van die kommissie 'n aanvang geneem, en soos die vertalers van die Statevertaling en van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging het ook die van die Tweede

Beweging spoedig met openbare mening en kritiek uit al= le oorde kennis gemaak.

In De Kerkbode van Januarie 1922 (1922b: 29) is die erns van die saak en die 'agterdog' waarmee die werksaamhede van die vertalers bejeën is, pertinent onder die aandag van die vertalers en die publiek gebring. Die werk is as 'voorlopig' bestempel, en die eis is gestel dat hier= die poging die kritiek van gesaghebbendes moes deurstaan voordat dit as vasstaande beskou kon word. Vergelyk ook die woorde van J.A. du Plessis (Die Burger 1923): "Ons moet 'n Bybel hê wat sowel die geleerde as eenvou= dige met stigting en seën kan lees".

Prof. Grosheide van die Vrye Universiteit (1916: 47 - 48) het daarop gewys dat 'n Bybelvertaling vir die volk is, met wie daar rekening gehou moes word deur 'n helder en duidelike vertaling in die volkstaal te lewer. "De levende taal, zooals zij geschreven en gesproken wordt behoort ook in de Bijbelvertaling te worden gebezigd. En *Luther* had volkomen gelijk, als hij luisterde, hoe het volk van zijn dagen sprak en zich uitdrukte ... En zoo dient er bij gezegd, dat de vertaler ... zich heeft te bedienen van een taal en stijl, die de bevat= ting van het volk, in het algemeen genomen niet te boven gaat". Hy het verklaar (ibid.p: 48) dat duidelikheid nie platheid beteken nie en dat dit raadsaam is om alles

wat in die ou vertaling skoon en kostelik is, te behou (ibid.: 61).

Die dubbelslagtigheid waarmee die vertalers te make ge= had het, was dat die vertaling gesaghebbendes maar ook die volk tevrede moes stel. Teen hierdie agtergrond sal die taal van die Evangelies wat in 1922 verskyn het, verder in hierdie studie ontleed word. Allereers moes daar vir Afrikaans 'n styl gevind word - 'n styl wat die Statebybel in gedraenheid en verhewenheid sou ewe= naar en wat op 'n Bybelvertaling sou uitloop wat net so gesaghebbend soos die Duitse en Engelse vertalings sou wees. Volgens die Vrystaatse Sinode (Du Toit 1960: 394) moes daar nie net 'n nuwe vertaling gemaak word nie maar 'n nuwe taal. Maar ook hierdie poging was 'n mislukking "omdat die vertalers hier weer te na aan die Nederlandse idioom gebly het, nie daarvan kon loskom nie" (Venter 1958:12).

2.8.9 Die vier Evangelies en die Psalms van 1929

In 1923 het Die Saaier in sy eerste uitgawe (p. 9) ver= klaar: "Die opkomende geslag raak ontuis in die Bybel". Daar is verder verklaar dat die jong geslag Afrikaans op skool leer en lees maar dat die Bybel nog in 'n taal is wat hulle nie geleer het nie. G.P. Scheepers het in sy verhandeling (1937: 3 - 4) op hierdie aspek ge= wys: "Tog kon die Statebybel nooit met sy volle krag

en onmiddellik tot die hart van die jonger geslag spreek nie, en namate die Afrikaanse kerk en taal en skool posgevat en Nederlands verdring het, het die kloof tussen die Nederlandse Bybel en die Afrikanervolk groter geword". Boonop was die ontvangs wat die proef= vertaling te beurt geval het, 'n groot ontnugtering, en op 10 en 11 Julie 1923 is te Bloemfontein twee eind= vertalers aangestel. Op 20 Desember 1923 (vgl. Pienaar 1943:398) is 'n belangrike besluit geneem, naamlik dat daar voortaan regstreeks uit die Hebreeus en Grieks ver= taal sou word - dus 'n terugkeer na S.J. du Toit se werk= metode.

Teen die middel van 1925 het die vertalers reeds goeie vordering gemaak, maar gerugte was gou weer in omloop dat die nuwe poging ook te kort skiet. Na aanleiding van hierdie gerugte het oud-minister F.S. Malan (Die Kerkbode 1925a: 1464) die Akademie se besorgdheid oor die gehalte van die vertaling uitgespreek en ge= vra "wat daar gedaan word om te verseker dat die Bybelvertaling behalwe deur vrome manne verrig, ook wetenskappelik en artistiek sal wees". Die Kerkbode (ibid.) het verklaar dat die vertaling "so na aan volmaaktheid" as moontlik moes kom. Reeds in 1923 het die Akademie te Stellenbosch sy bereidwilligheid uit= gespreek om, indien daartoe versoek, aan 'n kommissie van taalkundiges en letterkundiges opdrag te gee om

die teoloë wat deur die kerke met die Bybelvertaling belas is, van advies te dien (Du Plessis 1923:10).

Van 1926 af het die Akademie 'n deskundige kommissie van taaladviseurs tot die beskikking van die vertalers gestel om hulle van voorligting te bedien, en hierdie persone het 'n groot bydrae gelewer om uiteindelik 'n akademiese stempel aan die Bybeltaal te verleen (vgl. Pienaar 1943:400).

Van die vertalers is verwag om hulle ten doel te stel om die teks vir die Bybellesers verstaanbaar te maak en ook om die estetiese waarde, gevoelstoon en bewoënheid van die Hebreeuse en Griekse woorde soveel moontlik in die Afrikaanse taal te laat oorgaan. In 'n brief aan Die Volksblad in November 1925 (Die Kerkbode 1925b: 1533) het ds. C.W.M. du Toit geskryf dat die werk so versigtig moontlik gedoen word, en het hy verklaar: "... ons het 'n taamlike waarborg dat ons 'n degelike produk sal kry uiteindelik". Die Volksblad het in 'n hoofartikel op 14 November 1927 daarop gewys dat die oorgrote meerderheid van die volk sou verlang dat die Afrikaans van die Bybel 'n deftige kleur moes hê, wat dit iets bokant die peil van die alledaagse spraak sou verhef. Op 23 November 1927 het Die Volksblad weer verklaar dat die Afrikaanse Bybel platter woorde en vorme moet besig as wat die meeste opgevoede Afrikaners in hulle spraak gebruik.

Hierdie twee uiteenlopende stellings van Die Volksblad toon die vaagheid van begrip wat daar by die kritici bestaan het oor die vorm wat die Afrikaanse Bybel moes aanneem. Hier kom 'n mens te staan voor die probleem "wat dwarsdeur die tydperk van vertalings 'n probleem gebly het. Is die gewone omgangstaal soos dit deur die volk in die alledaagse verkeer met mekaar gebruik word, geskik om as taal van die Bybel te dien?" (Venter 1958: 12).

Vroeg in 1928 het die vertalers besluit om die gevoel van die publiek te toets deur die vertaling van die Tien Ge= booie, die Onse Vader en die Twaalf Geloofsartikels in druk te laat verskyn. [1] Later in dieselfde jaar het die Kommissie besluit tot 'n voorlopige uitgawe van die Evan= gelies en die Psalms, "omdat die kerklike publiek ongedul= dig begin word het" (Pienaar 1943: 402). Op hierdie wyse kon die ongunstige indruk wat deur die proefuitgawe van 1922 geskep is, uit die geheue geban word alvorens die hele Bybel beskikbaar was. Dr. Engelenburg het in Oktober 1929 op 'n Akademievergadering verklaar dat hy die proewe van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling met

---

1) Vergelyk ds. Kestell (1928:41), se antwoord namens die vertalers op die kritiek wat in die verskillende blaaie verskyn het.

groot genoeë gelees het (Nienaber 1949: 28), en hy het 'n mosie van waardering voorgestel vir die werk wat deur die Bybelvertalingskommissie en die taaladvi= seurs van die Akademie verrig is.

In die voorwoord van die proefuitgawe, wat in Junie 1929 in Suid-Afrika aangekom het, het dr. Kestell namens die vertalers gesê (Oberholster 1958: 64): "Die leser sal vind dat sekere geykte uitdrukkinge - Hollandse wendinge wat soms nog met voorliefde gebruik word, maar wat minder goed invoeg in ons eintlike taalbeweeg - deur die verta= lers konsekwent in doodgewone Afrikaans oorgebring is. Hulle het gemeen, hoeseer hulle Nederlands ook hoog skat en as taalmoeder waardeer, dat dit 'n onreg is teen= oor ons eie taal om 'n betreklike groot aantal vorme regstreeks uit die Hollandse Bybel oor te neem, terwyl tog ons Afrikaans ten volle in staat is om dieselfde be= grippe minstens net so korrek en duidelik uit te druk.

Al wat dan ook van die Afrikaanse leser gevra word, is dat hy nie te haastig moet oordeel nie, maar homself tyd gun om aan die nuwe, en dus enigsins vreemdklinkende terme gewoond te word. Ook die vertalers moes dieselfde proses deurmaak".

Van die 1929-proefuitgawe het Die Kerkblad (1929: 702) berig: "Ook hier en daar sal wel op- en aanmerkings kan

gemaak word, maar ons is tevrede en dankbaar ... "

2.8.10 Die Bybelvertaling van 1933 tot 1953

'n Paar dae voor die aankoms van die eerste besending Afrikaanse Bybels het Die Kerkbode 'n berig geplaas wat daarop gewys het dat daar onder die vertalers manne was wat ook op letterkundige gebied gepresteer het en na wie ook letterkundiges met respek kon opsien. "Ook is hulle werk aan die oordeel van letterkundiges, lede van die Akademie van Kuns en Lettere, onderwerp, sodat ons moet veronderstel dat die werk die toets van die taalmense sal kan deurstaan" (1933:944).

Na hierdie oorsig van wat van die vertalers verwag is, en van die hoë eise wat aan hulle gestel is, kan nou oor= gegaan word na 'n ondersoek van die taal van die verskil= lende vertalings van die Bybel in Afrikaans van 1922 - 1953.

3. DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD - ENKELVOUD

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verskillende substantiewe wat in die enkelvoudsvorm in die vier Evangelies voorkom, met mekaar vergelyk. Woordgroepe wat deur 'n enkele woord vervang word, asook die omgekeerde verskynsel, word behandel maar nie gevalle waar 'n hele woordgroep deur 'n ander woordgroep vervang word nie - al bevat een of albei groepe 'n substantief. Dit sou die terrein te om= vangryk maak. Daar word slegs aandag gegee aan gevalle waar 'n enkele 1922-woord (lidwoord buite rekening gelaat) met een of meer woorde ná 1922 vergelykbaar is, en ook aan 'n enkele woord (lidwoorde weer eens buite rekening gelaat) van die jonger vertalings wat met een of meer woorde van die 1922-uitgawe vergelyk kan word.

Enkele woorde mag dalk in meer as een afdeling bespreek word omdat meer as een eienskap ter sprake is.

Bewysplekke stem nie altyd in die verskillende Bybelver= talings ooreen nie - dit is sover moontlik aangetoon.

Alhoewel dit te betwyfel is of twee woorde ooit ten volle sinoniem kan wees - die wetenskaplike terme buite rekening gelaat (vergelyk Nida in: Louw 1972: 66) -, aanvaar ek

dat die betekenis van die woordpare wat bespreek word (tensy anders aangedui), genoeg ooreenstem om as sinonieme te geld. Waar woordpare se betekenis nie oorvleuel nie of slegs gedeeltelik oorvleuel, word dit nader bespreek.

3.2 BENADERING VAN DIE 1922-VERTALERS

In Het Kerkblad het op 1 Sept. 1916 (p. 3) onder die opskrif Bijbelvertaling die volgende woorde verskyn: "Wat ewewel Suid-Afrika aangaat weet ons maar al te goed, dat als die Afrikaanse Bijbel nie ooreenstem met die Hollandse nie, die gewone man eenvoudig sal sê: ik wil hom nie hê nie. Praat maar gerus soos Brugman, maak ge= rus duidelik dat die Bijbel in Hebreeus en Grieks geskrywe is, dat die vertalers ook maar feilbaar werk gelewer het, dit alles weet die gewone kerklid ook en tog - hij sal die Bijbel, wat van sijn Statevertaling afwijk, nie vat nie... En 'n Bijbelvertaling is tog bedoeld *vir die Volk*". Dr. D.F. du Toit en sy medevertalers het dit dus hulle vooropgestelde beleid gemaak om 'n Bybelvertaling te lewer wat so na moontlik aan die Nederlands sou hou. 'n Mens kan dit dan as aksiomaties aanvaar dat die 1922-Bybelvertaling in 'n groot mate en dikwels woordeliks, selfs teen die Afrikaanse taaleie in, met die Neder= landse vertaling sal ooreenstem.

Die vertalers se poging om die Nederlands na te volg het dikwels 'n lompe seggingswyse tot gevolg gehad wat nie

in die Afrikaanse idioom inpas nie. Alhoewel die 1922-woordkeuse nie noodwendig woordeliks met die Nederlands ooreenstem nie, is die patroon van lomp woordgroepe in die meeste gevalle tog ooglopend navolging van die Nederlandse model. Ná 1922 word kernagtigheid van uitdrukkingswyse bevorder deurdat die 1922-woordgroepe deur simplekse of komplekse vervang word, wat gewoonlik suiwerder Afrikaans meebring.

In die meeste gevalle bly daar tog nog in die weergawe van die jonger vertalings 'n element van die 1922-woordkeuse behoue. In sekere gevalle bly een of selfs twee elemente van die 1922-woordgroep in die jonger Bybelvertalings se verkorte of saamgetrokke woordkeuse oor (hoewel gevalle van algehele wysiging ook voorkom). Enkele afwykings van hierdie basiese patroon kom voor en word ter plaatse bespreek. 'n Mens kan dit natuurlik verwag dat baie van 1922 oorbly, 1. vanweë die verband tussen Afrikaans en Nederlands; 2. vanweë die aard van die kerk- en kanseltaal, wat tot vandag toe ten minste Nederlandisties is - vergelyk onder andere krank teenoor siek; 3. vanweë die feit dat die vertalers self, met name J.D. du Toit, sterk Nederlands georiënteerd was - vergelyk die gebruik van hoof, spreek en andere.

3.3 WOORDGROEP > KOMPOSITUM/SIMPLEKS

Die volgende voorbeelde toon hoe die vertalers ná 1922 hulle op 'n bondige segging toegespits het deur 'n hele uitdrukking bestaande uit twee of meer woorde deur 'n enkele kernagtige kompositum of simpleks te ver= vang.

3.3.1 S.nw. + van/op + die + s.nw. > s.nw. (dag van die oor= deel > oordeelsdag)

As eerste afdeling noem ek uitdrukkings bestaande uit: s.nw. + van/op + die + s.nw. s.nw.; of uit s.nw. + van + s.nw. > s.nw. In die meeste gevalle van hierdie aard word die genitiefswoordgroepe ná 1922 samestellings waarin die 1922-genitiefsgroep bepaler word en die eer= ste substantief die kern. Die voorsetsel en lidwoord wat in 1922 voorkom, verval dus. In elk van die gevalle word die woordgroeplike orde omgekeer. Die vervangende komposita is op die volgende wyse saamgestel: selfstan= dige naamwoordkorrelaat + verbindingsklank + stam met selfstandige naamwoordkorrelaat [1] te vervang of deur 'n kompositum bestaande uit stam met selfstandige naam= woordkorrelaat + stam met selfstandige naamwoordkorre= laat. [2]

Vergelyk die volgende: In Matt. 10: 15 word dag van die oordeel gewysig na oordeelsdag (vgl. ook: dag van die oor=

---

1) Vgl. Kempen (1969: 93 - 94) t.o.v. die verbindingsklank.

2) Vgl. Kempen (a.w.: 208) t.o.v. die verbindingsklank.

deel (Matt. 11: 22) > oordeelsdag). In die geval van dag van die geboorte (Matt. 14: 6) word 'n morfeem met 'n werkwoordkorrelaat, naamlik verjaar, as bepaler van die nuwe samestelling gebruik in stede van die selfstandige naamwoord= korrelaat geboorte - dus verjaarsdag en nie geboortedag nie. Eersgenoemde is hier gemeensamer as laasgenoemde. 'n Mens vra jou af of hierin nie dalk 'n Anglisismevrees skuil nie (d.w.s. geboortedag < birthday). Dit is interessant dat TWB onder birthday nie geboortedag en verjaar(s)dag as sino= nieme beskou nie - tog erken WAT geboortedag as dag waarop geboorte herdenk word. In al hierdie tydsaanduidende gevalle het die Nederlandse teks die genitief des of der.

Van dieselfde tipe is daar ook 'n aantal woordgroepe vir konkrete sake. In die plek van akker van die bloed (Matt. 27: 8) word die verkorte bloedgrond gebruik - 'n korrelaat van die substantief in die genitiefsgroep word dus as bepa= ler van die nuwe kompositum behou en in plaas van die argaïese akker as kern word die sinonieme woordkorrelaat grond gebe= sig; dieselfde soort wysiging as laasgenoemde is die van die geslag van (Matt. 1: 1) > geslagsregister - in dié geval wou dr. Du Toit die verbindings-s weglaat (ABV 15a).

Hoof van die hoek (Luk. 20: 17 - hoofd des hoeks) > hoeksteen - die eerste substantief in die samestelling word deur 'n ver=

staanbaarder alternatief, naamlik steen vervang, 'n verande= ring wat deur dr. Du Toit (ABV 15a) voorgestel is, ook met betrekking tot Mark. 12: 10).

Wat die abstrakta betref, word die uiters onduidelike beweginge van die barmhartigheid (Luk. 1: 78) ná 1922 so gewysig dat slegs die woord barmhartigheid behou word. Korrelate van beide substantiewe van die uitdrukking ska= duwee van die dood (Luk. 1: 79) word in die vervangende samestelling behou, vergelyk doodskaduwee. Hierdie ver= andering word eers in 1953 aangebring, waarskynlik omdat dr. Du Toit ten gunste van die behoud van skaduwee van die dood was (ABV 15a).

Hoewel daar variasies in die samestelling van die 1922-woordgroepe asook in die vervangende woorde (sommige is simplekse) voorkom, kan die volgende uitdrukkings wat op persone betrekking het, ook tot hierdie afdeling ge= reken word. So word heer van die huis (Matt. 13: 27) tot huisheer verkort - ooreenstemmende korrelate van albei substantiewe van hierdie woordgroep kom in die nu= we samestelling huisheer voor. Weer eens word 'n korre= laat van die substantief van die genitiefsgroep as bepaler van die nuwe kompositum behou en die eerste substantief as kern van die vervangende samestelling. Dr. Du Toit het die 'deftiger' huisheer bo huisbaas verkies (ABV 15a). Vergelyk verder: sy vrou se moeder (Matt. 8: 14 - zijner vrouws moeder) > skoonmoeder; die moeder van (Simon se)

vrou (Luk. 4: 38) > (Simon se) skoonmoeder; vader van die vrou (Joh. 18: 13) > skoonvader. In laasgenoemde drie gevalle word slegs die substantief van die 1922-genitiefswoordgroep as element van die vervangende kom=positum behou en wel as kern daarvan. Scholtz (s.j.[8] : 70) noem hierdie tipe determinatiewe samestellinge.

In die volgende geval het mens met 'n ander tipe te make waar 'n byvoeglike bysin na die substantief volg: Die simpleks weduwee vervang die woordgroep : vrou wat weduwee was in Luk. 4: 26 (eene vrouw, *die* wedu=wee *was* - die en was is in die Ndl. kursief, dus inge=voeg).

Twee voorbeelde van woorde wat aktiwiteit aandui, is paasfees (Luk. 2: 41), wat in die plek van fees van die Pascha kom, met aanpassing van Pascha na paas, en ook tempelwyding, wat die moeilik verstaanbare ver=nuwing van die tempel vervang (Joh. 10: 22). In eers=genoemde geval word 'n korrelaat van die eerste sub=stantief as kern van die nuwe samestelling behou, maar in die tweede geval word 'n korrelaat van die tweede substantief van die 1922-woordgroep as bepaler van die nuwe woord behou.

Die volgende woordgroep bevat die voorsetsel op, en die eerste substantief is nes die vervangende substantief 'n afleiding, vergelyk: prediking op die berg (Matt. 5 ops.)

> bergpredikasie. Prediking se kern bly die kern van die 1929-1953-afleiding, en 'n morfeem wat met berg korreleer, word as bepaler gebruik - die agtervoegsel -asie vervang die agtervoegsel -ing. (Predikasie is nog die Ndl. woord - dit word selde in moderne Afrikaans gebruik.)

3.3.2 Snw. + van + s.nw. > s.nw. (storm van wind > stormwind)

Hierdie tipe is ook determinatiewe samestellings. Hulle verskil van die vorige groep daarin dat daar in die 1922-weergawe nie 'n lidwoord voor die tweede selfstandige naamwoord verskyn nie. Die volgende gevalle kom voor : storm van wind (Luk. 8: 23) > stormwind. Korrelate van die eerste en tweede substantief van die 1922-woordgroep word onderskeidelik as bepaler en kern van die nuwe sa=mestelling gebruik. Indien die volgorde die omgekeerde was - soos in party van die vorige voorbeelde die geval is - sou die resultaat windstorm gewees het. En dit is tog wat storm van wind beteken - die funksionele gerigtheid van die komponente is gewysig. Dit is 'n interessante voorbeeld wat toon hoe morfologiese verskuiwing betekenis kan raak. Nog 'n wysiging in die patroon is huis van koophandel (Joh. 2: 16), wat na handelshuis verkort word deur weglating van koop, die weglating van van en die in=voeging van die verbindingsklank; kraal van skape (Joh. 10: 1 stal der skapen) > skaapkraal (1929) > skaapstal (Dr. du Toit (ABV 15a) was ten gunste van skaapskuur) - die kern van die nuwe kompositum stem ooreen met die eerste sub=

stantief van die Nederlandse genitiefsgroep maar verskil van die substantief van die 1922-genitiefswoordgroep; salf van nardus (Joh. 12: 3) > nardussalf; takke van palmbome (Joh. 12: 13) > palmtakke - die kern van die samestelling van die 1922-genitiefsgroep, naamlik bome, verval. In die geval van Joh. 18: 18 sluit 1929 se woordkeuse koolvuur by die Nederlandse kolenvuur aan, terwyl 1922 se vertaling die omslagtiger vuur van kole gehad het.

3.3.3 Snw. + van + vnw. + s.nw. > s.nw. (riem van sy skoene > skoenriem)

In Mark. 1: 7 word die verkleiningsvorm riempie van sy skoene (den riem Zijner schoenen) skoenriem; dieselfde wysiging geld riem van sy skoene (Luk. 3: 16 - den riem van Zijne schoenen) - die woorde: wie se, vervang in beide gevalle die besitlike voornaamwoord Sy van 1922.

Die groot meerderheid van die omslagtige 1922-genitiefs= woordgroepe kan toegeskryf word aan regstreekse navolging van die Nederlands, en soos die vertalers ná 1922 met hulle woordkeuses getoon het, kan dieselfde uitdrukking in kern= agtige suiwer Afrikaans oorgesit word deur van 'n enkele woord gebruik te maak. Die Nederlandse vertalers het die Griekse genitiefskonstruksie natuurlik letterlik nagevolg.

3.3.4 (Vnw.) + vnw. + (hulpww.) + ww. + (hulpww.) > s.nw. (die wat volg > volgelinge)

Sommige 1922-woordgroepe bevat 'n aanwysende voornaamwoord en/of 'n betreklike voornaamwoord plus 'n werkwoord; so 'n woordgroep word dan meesal deur 'n afleiding[1] (en in enkele gevalle deur 'n samestelling waarvan die kern 'n korrelaat of allomorf van die 1922-werkwoord is) vervang.

Die volgende gevalle kom voor: die wat ... volg (Matt. 8: 10 - die Hem volgden) > volgelinge; die wat verraai het (Matt. 26: 48 - die Hem verried) > verraaier; die wat verbygaan (Math. 27: 39 - En die voorbygingen) > verbygangers; wat hoor (Luk. 8: 12 - deze die hooren) > hoorders. In die volgende geval kom 'n allomorf van die kern van die 1922-werkwoord as bepaler van die nuwe samestelling voor: wat geskryf staan (Luk. 20: 17 - het welk geschreven staat) > skrifwoord; wat maai (Joh. 3: 36 - die maait) > maaier. Die infinitiefkonstruksie iets om te eet (Joh. 4: 33 - te eten) word slegs ete; wat saai (Joh. 4: 36 - die zaait) > saaier.

3.3.5 B.nw. + s.nw. > samestelling (1922-adjektief of gedeelte daarvan korreleer met 1929-bepaler) - (vurige oond > vuur=oond)

By die eerste groep word 'n korrelaat van die 1922-adjek=tief as bepaler van die nuwe samestelling gebruik en ver=skil die kern van die samestelling geheel en al van die

---

1) Vgl. Kempen (1969: 361) vir afleidingsmorfeme waarmee 'n per=soon aangedui word.

1922-substantief. In die volgende geval is dit net 'n gedeelte van die 1922-adjektief wat met die 1929-bepaler korreleer: vurige oont (Matt. 13: 50) > vuuroond. Die adjektief word gewysig na 'n morfeem wat 'n substantief as woordkorrelaat het, maar benewens 'n spellingaanpas= sing word die 1922-substantief deur 'n korrelaat vervang wat as kern van die nuwe samestelling dien. Dr. Du Toit het 'n voorstel 'oond van vuur' verkort tot 'vuuroond' (ABV 15a). In die geval van die genitief moeders liggaam (Matt. 19: 12) word 'n korrelaat van die adjektief as be= paler in moederskoot behou, en ook hier verskil die kern geheel en al van die oorspronklike substantief. Vergelyk verder heilige plek (Matt. 24: 15) wat deur die afleiding heiligdom vervang word - heilige word in onverboë vorm as kern behou, die substantief plek word weggelaat en 'n afleidingsmorfeem, -dom, word tot die kern toegevoeg.

Met die verandering van purper mantel (Mark. 15: 17) na purperkleed het die vertalers 'n korrelaat van die 1922-adjektief as bepaler van die nuwe samestelling gebruik. Die substantief het weggeval maar die kern, kleed, se woord= korrelaat is ongeveer sinoniem met die 1922-substantief mantel. Ten opsigte van die nuwe samestelling, purper= kleed, het Dr. Du Toit gesê (Nienaber 1949: 45): "*Pur-perkleed.* Een woord omdat *purper* hier naam is vir stof". Dit wil dus voorkom of die klem in 1922 op kleur, naamlik purper, geval het,maar die waarskynlikste is dat dit na= volging van die Nederlands is,waar stofname van 'n vol= gende selfstandige naamwoord los geskryf word. Vergelyk

verder: op een of ander tyd (Luk. 14: 12 - te eeniger tijd) > eendag.

'n Ander tipe wysiging kom voor waar 'n allomorf van die adjektief in *lange* tyd as kern in die 1929-samestelling gebruik word, terwyl 'n korrelaat van die substantief tyd as bepaler dien: tydlank (Luk. 18: 4) - 'n tydlank is iets anders as lange tyd. DBB het tyd lank volgens die AWS - voorskrif).

3.3.6 Die 1922-substantief van 'n woordgroep korreleer met die kern of bepaler van die vervangende samestelling (huidige dag > vandag)

In die volgende gevalle korreleer die kern van die nuwe substantief met die 1922-substantief, maar die bepaler toon geen ooreenkoms met die 1922-adjektief, wat in die jonger vertalings weggelaat word nie - vergelyk: hui= dige dag (Matt. 27: 8) vandag; ander kant (Mark. 8: 13) oorkant (de andere zijde). In die plek van die Neder= lands woordgroep te koste ...(lê) in Luk. 10: 35 word onkoste ... (hê) ná 1922 gebruik. Die omslagtige wat tot vrede dien (Luk. 14: 32) word kernagtiger gestel met vredesvoorwaardes. Die koppeling van die lidwoord saam met leuen is vreemd vir Afrikaans soos dit gebruik word in Joh. 8: 44: die leuen en word deur 'n woord wat ook 'verhewener' as die spreektaal is vervang, naamlik: leuentaal. 'n Mooi voorbeeld van 1929-kernagtigheid kom

voor by die verandering van na die fees toe gekom het (Joh. 12: 12 - die tot het feest gekomen was) na (van) **feesgangers**).

3.3.7 'n Korrelaat van een van die woorde van die 1922-woord= groep word ná 1922 as simpleks of afleiding gebruik (ou kleed > oue).

Die adjektief van Groot Raad (Matt. 26: 59) val weg en slegs die selfstandige naamwoord Raad bly behoue. (Raad plus 'n kwalifiserende adjektief word egter weer in die plek van Sanhedrin (Mark. 14: 53, ops.) gebruik - dus Joodse Raad[1].) Die adjektief van ou kleed (Mark 2: 20) word in die substantiverende afleiding oue behou.[2] Sim= plekse wat identies met die adjektiewe van 1922 is, word in die volgende gevalle gevorm: *ander* volk in die sin: 'Die een volk sal teen die *ander* volk opstaan' (Luk. 21: 10) > ander. Dit is merkwaardig dat ander gekursi= veer staan (1922) en dus nie in die grondtaal voorkom nie - daar staan wel volk sal teen volk opgewek word (ἐγερθήσεται ἔθνος ἐπ' ἔθνος). Eie *plek* (Joh. 16: 32) > eie - die substantief val weg.

---

1) Vgl. ook Matt. 26: 57 ops. en Joh. 18: 12 ops., maar in Luk 22: 63 ops. word Sanhedrin deurgaans behou.

2) Van 1929 af verskyn oue in Mark. 2: 21.

3.3.8 'n Voornaamwoord vervang die 1922-woordgroep (die oue > dit)

Ander uitdrukkings wat die vertalers ná 1922 as oorbodig beskou het, word uitgeskakel deur 'n enkele voornaamwoord te gebruik: *die oue* (Luk. 5: 36 - het oude) > dit - en die omgekeerde word met dit gesê, naamlik dat die oue die nuwe skeur (DBB vertaal heeltemal anders) naamlik dat die oue die nuwe skeur); elke dissipel (Luk. 6: 40) > elkeen; Sy aangesig (Luk. 9: 52 - zijn aangezicht) > Hom; 'n mens (Luk. 14: 35 - men) > hulle. (In Afrikaans sit ons opgeskeep met wat in Nederlands met men weergegee word en soms word 'n mens, soms hulle en soms selfs ons of die passief gebruik); die vrou (Luk. 20: 31) > haar; die dinge wat (Joh. 8: 26 - de dingen, die) > wat; 'n mens (Joh. 8: 40 - eenen mensch) > iemand (DBB vertaal heeltemal anders, naamlik met 'n ver= sterkende herhaling van My); die wet (Joh. 10: 35) > dit.

3.3.9 Voorsetselgroepe wat deur 'n enkele woord vervang word (deur die weg > daarlangs)

Voorsetselgroepe wat 'n substantief bevat, word verkort deur van 'n enkele voorsetsel of bywoord gebruik te maak, by= voorbeeld: deur die *weg* (Luk. 19: 4 - door dien weg) > daarlangs; in die midde van (Luk. 24: 36) onder - in 1953 word na 'n voorsetselgroep, in hul midde, teruggekeer; met vrymoedigheid (Joh. 7: 13) > openlik; in die teenwoor= digheid van (Joh. 20: 30) > voor.

3.3.10 'n Deel van die vervangende woord korreleer met die onbe= paalde telwoord van die 1922-woordgroep (al die dinge > alles).

In die plek van al die dinge (Luk. 14: 17 - alle dingen) word die massanaamwoord alles gebruik, en dit vervang ook alle dinge (Joh. 13: 3); alles (1929) vervang ook nog die argaïese die hele leeftog (Luk. 21: 4 - al den leeftocht), waar daar geen korrelasie is nie.

3.3.11 Kulturele aanpassings ten opsigte van militêre en tyd= aanduidende woorde (hoofman oor honderd > kaptein)

Daar is ook 'n aantal veranderings wat as kulturele aan= passings beskou kan word. Militêre range waarmee die Afrikaanssprekende bekend is, vervang ná 1922 die vol= gende Romeinse terme: hoofman oor honderd (Mark. 15: 39 en Luk. 23: 47) word deur kaptein vervang en owerste oor duisend (Joh. 18: 12) deur offisier, maar in 1953 word teruggekeer na hoofman oor honderd en owerste oor duisend.

Vanweë die verskil tussen die Joodse en Romeinse tyds= aanduidings word die rangtelwoord en selfstandige naam= woord in die vertalings ná 1922 saamgesmelt - vergelyk: sesde uur (Mark. 15: 33 en Joh. 4: 6) > twaalfuur; ne= gende uur (Mark. 15: 33) > drie-uur. In 1953 is daar 'n terugkeer tot die 1922-tydsaanduiding. Waar in Joh. 4: 52 in 1922 (om) sewe uur staan, word van 1929 af (om) eenuur gebruik, en in 1953 word die woordskikking tot die se= wende uur verander, maar ten spyte van dié wysiging stem die uurtelling tog nog met 1922 ooreen (te zeven ure).

Bondigheid met behoud van 'n element van die 1922-bewoor= ding is die vernaamste kenmerk van bogenoemde wysigings. Telkens kom voorbeelde voor, soos byvoorbeeld leuentaal, waar dit blyk dat daar ook ná 1929 nog steeds 'n strewe na 'n 'verhewe' Bybeltaal is - 'n strewe wat bevestig word deur die uitspraak van prof. Smith (ABV 20(7) dat die woorde: 'my erfenis is vir my mooi' in Ps. 16: 6 "alte gemeensaam" is. Hy voeg daaraan toe "Die vervanging van mooi deur skoon maak die sin reeds baie meer verhewe" (my kursivering).

3.3.12 'n Enkele woord vervang die 1922-woordgroep (daar is geen korrelerende elemente nie) (omliggende land > omtrek)

Sommige uitdrukkings wat onder andere 'n substantief be= vat, word weer deur 'n simpleks of multipleks vervang wat geen element van die 1922-woordkeuse behou nie. Die jukdraende esel (Matt. 21: 5 - ezelin) word veralgemeen tot 'n pakdier, en die idioom 'n bose oog [1] (Mark. 7: 22), wat regstreeks uit die grondtaal oorgesit is en moontlik op meer as een wyse in Afrikaans interpreteerbaar is, word met afguns vervang, wat geen twyfel oor die beteke= nis laat nie. Omliggende land (Luk. 3: 3) > omtrek; koninklike howe (Luk. 7: 25) > paleise. Resoen (Luk. 12: 42), wat wel deur HAT as sinoniem vir rantsoen aangegee word, vervang in 1929 die uiters onduidelike die beskeie deel spyse

---

1) In die Grieks staan ὀφθαλμὸς πονηρός - lg. woord word deur Liddell en Scott (1966) onder punt 3 verklaar as: "in moral sense: bad, worthless, villainous, knavish, wicked" - IGE: an evil.

(het bescheiden deel spijze) en word in 1953 weer na rantsoen verander.

3.3.13 Samevatting

Uit afdelings (3.3 - 3.3.12) blyk hoedat die vertalers ná 1922 van 'n geweldige hoeveelheid onnodige ballas ontslae geraak het en daarin geslaag het om in baie gevalle 'n geslaagde, kernagtige, suiwere Afrikaanse woord te gebruik wat die styl laat vlot. Op hierdie wyse is ook betekenishelderheid dikwels ná 1922 bevorder. Nie alle probleme is egter ten volle uit die weg geruim nie. Dit val ook op hoedat daar in afdelings 3.3.1 - 3.3.7 telkens behoud van een of meer elemente van die 1922-bewoording ná 1922 voorkom.

3.4 'N ENKELE 1922-SUBSTANTIEF WORD DEUR 'N WOORDGROEP VERVANG.

Presies die teenoorgestelde verskynsel van wat in die vorige paragrawe bespreek is, kom voor, naamlik dat 'n enkele woord wat in 1922 voorkom, ná 1922 deur 'n woordgroep vervang word. Van die 1922-woorde wat gewysig word, is daar sommige wat in Afrikaans heeltemal aanvaarbaar is maar wat ná 1922 tog verander word; dit blyk dat die latere vertalers veral sekere gesubstantiveerde adjektiewe en werkwoorde, ook ten koste van kernagtigheid,

vermy het. Ander wysigings lyk werklik op die oog af na onnodige uitbreidings, maar van nader beskou wil dit tog voorkom asof veralgemening soms deur die omskrywings uitgeskakel word, sodat 'n spesifiek geestelike impli= kasie duideliker begrens word.

Argaïsmes soos waard, skerpregter, reghuis, rentmeester= skap word gewysig en die betekenisse kom in die omskry= wings duideliker na vore. Hoewel sommige vreemdklinkende 1922-woorde, soos waard en andere, hulle oorsprong in die Nederlands het, kom gevalle ook voor waar die Neder= lands van 'n langer omskrywing as die 1922-woord gebruik maak, en soms stem hierdie Nederlandse uitdrukkings met die jonger Afrikaanse vertalings ooreen, vergelyk byvoor= beeld hoofman oor honderd.

Maar in talle gevalle sluit die jonger vertalings tog weer by die 1922-weergawe aan deur behoud van 'n element van die 1922-woord in die vervangende woordgroep, en in baie gevalle kon dit vermy gewees het - nog eens 'n be= wys van hoe moeilik dit is om by Bybelvertaling van die tradisionele taalgebruik weg te beweeg. Waar dit egter funksioneel gedoen kan word,is dit goed.

3.4.1 Afleidings/simplekse > bn.w. + s.nw. (goed > goeie ding)

Gevalle kom voor waar afleidings en ook simplekse nā 1922 deur 'n bepaling plus substantief vervang word. Heelparty

van hierdie woorde het betrekking op persone, en die jonger vertalings spesifiseer die geslag of die volwassenheid al dan nie. 'n Woordkorrelaat of allomorf van die 1922-afleiding se kern, of die hele afleiding, dien as bepaling van die vervangende substantief, sodat 'n element van die 1922-woord weer eens in die jonger woordkeuses opgeneem word. Sommige simplekse word egter deur adjektiewe en substantiewe vervang wat nie in enige opsig iets van die 1922-woord bevat nie. In die bogenoemde prosesse word onhelderhede, argaïsmes en ook 'n onvertaalde term in die jonger vertalings duideliker gestel, en gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde en 'n deelwoord word vervang.

Die grootste aantal veranderings wat aangebring word, word gemaak ten opsigte van gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde; in hulle plek word ná 1922 'n adjektief plus substantief gebruik.

.4.1.1 Die 1922-afleiding korreleer met die b.nw. van die vervangende groep. (maansieke > maansieke kind)

Die hele afleiding van 1922 korreleer in sekere gevalle met die adjektief van die vervangende woordgroep - vergelyk: maansieke (Matt. 17: 14 ops.) > maansieke kind (sonder geslagsaanduiding); regvaardige (Matt. 27: 19) > regverdige man (die spelling word verafrikaans).

Wysigings met betrekking tot die woord ander is onderskeidelik ander deel (Mark. 4: 5 - andere) en ander een (Mark. 10: 12 - anderen) maar, ander volk sowel as ander koninkryk (Mark. 13: 8). Dr. Du Toit het in sy indeks i.s. taalreëls gesê: "Hoewel *ander* een waarskynlik nie 'n anglisisme is nie, is sy gebruik nie aan te beveel nie" (Nienaber 1965: 270). Hierdie woordgebruik word nietemin in Mark. 10: 12 tot in Die Blye Boodskap gehandhaaf.

Vergelyk ook: melaatse (Luk. 12, ops.) > melaatse man;[1] blinde (Luk. 18: 35) > blinde man.

3.4.1.2 Die kern van die 1922-gesubstantiveerde byvoeglike naamwoord korreleer met die adjektief van die vervangende woordgroep (stomme > stom man)

In ander gevalle word 'n woordkorrelaat van die kern van die 1922-afleiding ná 1922 as adjektief gebruik, byvoorbeeld: diepte (Luk. 5: 4) > diep water - die betekenis word deur hierdie wysiging duidelik; stomme (Luk. 11: 14) > stom man; sterke (Luk. 11: 29) sterk man; ryke (Luk. 16: 21) > ryk man. Waar mense ter sprake is, is die vertalings ná 1922 soos in bogenoemde gevalle gesien kan word, eksplisieter ten opsigte van geslag.

---

1. Alhoewel die woord goddelose meestal vir ekv. sowel as mv. gebruik word, is daar ook gevalle waar dit ná 1922 na goddelose mense verander word, vgl. Ps. 1: 4, 58: 4, 73: 12.

In Joh. 9: 32 word blindgeborene egter deur blindge= bore mens (sonder geslagsaanduiding) vervang.

Die volgende geval staan afsonderlik: die ongespesi= fiseerde, onduidelike, gesubstantiveerde adjektief goed (Matt. 19: 16 - goeds) korreleer met die kern van die adjektief in die vervangende woordgroep goeie ding - 'n allomorf van die 1922-simpleks word as stam van die nuwe verboë adjektief behou.

3.4.1.3 Ander woorde wat deur 'n b.nw. + s.nw. vervang word (sekere woorddele korreleer)-(opgang > opgaande lig)

Ook die volgende 1922-woorde word deur 'n woordgroep bestaande uit adjektief en selfstandige naamwoord ver= vang: Die substantief opgang (Luk. 1: 78) word ver= staanbaarder gemaak met die woorde: opgaande lig - die premorfeem op-, word as element van die nuwe ad= jektief behou, maar die stam van die nuwe adjektief het 'n werkwoordkorrelaat (gaan), terwyl die stam van die 1922-afleiding (-gang) 'n selfstandige naamwoord= korrelaat het. Ook die gesubstantiveerde deelwoord verborge (Luk. 11: 33 - verborgen) > verborge plek; verborge kom ook in Matt. 6: 18 van 1922-33 voor, maar in 1953 verskyn 'n wysiging na verborgene (verborgen) - die vertalers was dus in hierdie geval nie konsekwent wat hulle veranderings betref nie.

Daar is ook die geval van groot vis (Matt. 12: 40), waar die substantief 'n woordkorrelaat van die 1922-samestelling, naamlik walvis, se kern is. Walvis was 'n foutiewe vertaling (ook in Jona). Ten slotte is daar die verandering van die telwoord twee (Matt. 27: 51) na twee stukke - 1953 het weer twee.

3.4.1.4 B.nw + s.nw. vervang die 1922-woord (daar is geen korrelering nie) (kwaad > slegte dinge)

Sommige simplekse en gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde word deur 'n adjektief plus substantief wat geen element van die 1922-woord bevat nie, vervang.

Die gesubstantiveerde adjektiewe verstotene (Matt. 5: 32 - verlatene) en die argaïeseonduidelike bose (Matt. 5: 39) word ná 1922 verstaanbaarder met geskeie vrou en slegte man onderskeidelik. Die abstrakte gesubstantiveerde adjektief kwaad (Matt. 9: 4) word na slegte dinge verander, wat nie veel aan die betekenis verander nie; ook verlatene (Matt. 19: 9) word na geskeie vrou gewysig (vgl. Matt. 5: 32 - hoër op) - dit wil dus voorkom asof die 1922-vertalers probeer afwissel het (die Nederlands het in albei gevalle verlatene). Die graadwoord meeste (Matt. 21: 8) word na grootste

deel verbeter en die argaïese akker (Matt. 22: 5) > stuk land en stuk grond (Luk. 14: 18), wat ook weer dui op 'n poging van die 1922-vertalers om af te wis= sel. Sanhedrin (Mark. 14: 53 ops.) word met Joodse Raad vertaal. Hitte (Luk. 12: 55) word na die graad= woord gloeiend plus adjektief warm verander - die hele sinsnede: Daar sal hitte wees, is geheel en al onaan= vaarbaar vir Afrikaans. Woestyn (Luk. 5: 16) word na die meervoud verlate plekke verander ('n vertalings= kwessie) eensame plekke. (IGE vertaal ἐρήμοις met deserts, GN met lonely places, NNV met eenzame plaat= sen; die RSV het wilderness).

3.4.2 'n Woordgroep (waarin die betreklike voornaamwoord wat voorkom) vervang 'n gesubstantiveerde adjektief of werkwoord (reine > wat rein is)

Onderstaande voorbeelde van gesubstantiveerde adjek= tiewe en werkwoorde wat ná 1922 verander word, kom voor: roepende (Matt. 3: 3 - des roependen) > een wat roep; heilige (Matt. 7: 6) > wat heilig is; rei= ne (Matt. 5: 8) > wat rein is; besetene (Luk. 4: 33 ops.) > man wat besete was > besetene (1953) - laasgenoem= de is duidelik en die verandering in 1929 was dus onnodig. Kwaad (Luk. 6: 22) en kwade (Luk. 6: 45) > wat sleg is - laasgenoemde voorbeeld is nie noodwendig 'n verbete=

ring nie, en Die Blye Boodskap het teruggekeer na die slegte. Watersugtige (Luk. 14 ops.), wat minder ge= bruiklik is in Afrikaans (alhoewel HAT en TWB al= bei hierdie woord aangee) > 'n man wat die water het - die lidwoord die in die jonger uitdrukking hinder nog en DBB se woordkeuse: 'n man wat aan water gely het, is heelwat beter. Die 1922-woord is in al die gevalle 'n afleiding, en 'n komponent (in die meeste woorde is dit die kern) van die afleiding kom as woord= korrelaat in die nuwe uitdrukking voor; ook die ge= substantiveerde byvoeglike naamwoord verstotene (Luk. 16: 18 - verlatene) word ná 1922 begrypliker as dit deur vrou wat geskei is vervang word.

Twee komponente van die afleiding blindgeborene (Joh. 9, ops.) word uitgebou tot woordkorrelate in die nuwe woordgroep van 1929, vergelyk: man wat blindgebore was. Die volgende woorde is gesubstantiveerde werk= woorde, naamlik die Nederlandisme besoeking (Luk. 19: 44) en gevangeneming (Luk. 22: 47 ops.). Eersgenoemde word ná 1922 deur die duideliker woordgroep toe God...be= soek het vervang en laasgenoemde deur die werkwoord= groep word gevange geneem - miskien 'n onnodige wy= siging.

'n Enkele gewone substantief word deur 'n woordgroep bestaande uit die betreklike voornaamwoord wat + b.nw. + koppelwerkwoord vervang - vergelyk: gerug (Luk. 5: 15) > wat vertel is.

3.4.3 Samestellings, afleidings en simplekse word na woordgroepe verander met behoud van een of meer van die 1922-elemente (lewensbrood > brood van die lewe)

'n Samestelling waarvan die samestellende gedeeltes deur 'n verbindingsklank saamgevoeg word, word op die volgende manier gewysig: Twee komponente van die 1922-woord Godshuis kry woordkorrelate in die nuwe uitdrukking, naamlik die huis van God [1] (Mark. 2: 25 - huis Gods - die ooreenstemmende teks in 1933 is Mark. 2: 26); en lewensbrood (Joh. 6: 22, ops. - het brood des levens) > brood van die lewe - 1929 se woordkeuse is hier nader aan die Nederlands. Die rede vir hierdie veranderings is moeilik te begryp.

In die volgende geval is die 1922-woord 'n afleiding wat tot 'n woordgroep uitgebrei word en waarvan een komponent in die woordgroep vormlik identies is met die kern van die oorspronklike afleiding, vergelyk: lapsel (Matt. 9: 16 - eenen lap ongevolde laken) > sy aangelapte stuk. Vergelyk ook die bywoord smôrens (Matt. 16: 3 - des morgens), wat in dié verband nie in Afrikaans gebruiklik is nie en wat verander word na in die môre.

---

1. Hier het ons te doen met die teenoorgestelde verskynsel as die wat in 3.3.1 bespreek is.

In Mark. 4: 4 verval die tweede substantief van een saad (eene deel zaads) - die woord saad word in die vervangende woord van 1929, naamlik 'n deel geïmpliseer. 'n Samestelling van 1922 bestaande uit substantief plus substantief word só gewysig dat sy samestellende komponente as aparte woordkorrelate in die nuwe woordgroep van die jonger vertalings voorkom: Hoofskedelpel (Mark. 15: 22 - Hoofdscheêlplaats) > plek van die Hoofskedel. In Luk. 4: 19 word die simpleks gesig as woord behou in herstel van die gesig, wat 'n veel duideliker segging is.

3.4.4 Woordgroepe vervang 1922-substantiewe sonder behoud van enige element (gerug > wat...vertel is)

Sekere substantiewe word na 1922 omskryf deur 'n woord= groep wat geen element van die oorspronklike woord= keuse bevat nie: Volgens HAT is 'n skerpregter (Mark. 6: 27) "'n persoon wat die doodstraf moet vol= trek; beul" - 'n woord wat die bepaalde persoon dus baie spesifieker aandui as die vae: een van sy lyfwag van 1929. DBB het: iemand van sy lyfwag. IGE vertaal σπεκουλάτορα letterlik met an executioner.

Reghuis (Mark. 15: 16) word spesifieker gestel met die verandering na goewerneur se paleis (DBB het egter hoofkwartier - 'n totaal ander begrip). Kaptein (Mark. 15: 39) word in 1929 met hoofman oor honderd vervang,

sodat die jonger vertalings in hierdie geval met die Nederlands ooreenstem. Gerug (Luk. 5:15) word na wat ...vertel is uitgebrei - laasgenoemde is omvattender as eersgenoemde,wat moontlik net op 'n enkele aspek kan dui. Die Nederlandsagtige waard (Luk. 10: 35) word duideliker in 1929 as die omskrywing eienaar van die herberg gebruik en rentmeesterskap (Luk. 16: 2) word ook duideliker met die verandering na bestuur van sake.

In Luk. 18: 1 word (met die) doel (dat) deur (met die) oog daarop (dat) vervang. Die nuwe bewoording is volkslopiger, nader aan die Afrikaanse idiomatiese gebruik en het 'n hoër gebruiksfrekwensie. Ek is nie oortuig dat met die doel dat in die konteks die juis= te betekenis weergee nie. Dit is merkwaardig dat WAT (sub doel) glad nie die uitdrukking met die doel dat aangeteken het nie. Met die doel dat/om dui myns in= siens 'n oogmerk aan en wat moet gebeur; met die oog op dui 'n strekking aan of slaan op wat bestaan of selfs verby is (kyk HAT sub oog; GN sê: to teach them).

3.4.5 Samevatting

Soos aangedui word sekere woorde van 1922 daarna deur omslagtiger woordgroepe vervang. Alhoewel die 1922-woordkeuse in hierdie afdeling nie altyd woordeliks met die Nederlands ooreenstem nie, is die patroon van

die woordgroepe in die meeste gevalle tog nog ooglo= pend 'n navolging van die Nederlandse model en pro= beer die latere vertalings duidelik 'n eie Afrikaanse segging bewerkstellig. Sekere argaïsmes en onafrikaan= se vorme,waaronder ook gesubstantiveerde adjektiewe en werkwoorde,word deur gebruikliker woorde vervang. Wat verder opval, is dat die jonger vertalings in se= kere gevalle by die Nederlands aansluit en dikwels ook nog, selfs waar dit vermy kon word, elemente van die 1922-woorde behou, en sekere gevalle kan toegeskryf word aan die bekende neiging by Bybelvertalers om by die vroëre weergawes aan te sluit. (Vergelyk hoofstuk 2 oor die rol wat tradisie by Bybelvertaling speel.)

3.5 SAMESTELLINGS WAT NÁ 1922 DEUR DIE WEGLATING VAN 'N WOORDDEEL VERKORT WORD

In die volgende afdelings sal op gevalle gewys word waar kernagtigheid ná 1922 in die hand gewerk word deurdat samestellings wat in die 1922-weergawe voor= kom, in die jonger vertalings deur die weglaat van 'n woorddeel verkort word. Die aanpassings wat gemaak is, bevorder 'n vlotter ritme, argaïsmes word vervang, terwyl sekere betekenisaanpassings gemaak is.

Weer eens is dit opvallend dat die 1922-woord in die

meeste gevalle nie maar net deur 'n sinoniem of 'n alternatiewe woord vervang is nie, maar die nuwe kern=agtiger vervangende woord kom vormlik ooreen met 'n komponent van die 1922-woord. In gevalle waar wysiging sonder verkorting geskied, is daar meestal ook nog <u>be=houd</u> van 'n element van die 1922-woord.

3.5.1 Konkreta bestaande uit stam met selfstandige naam=woordkorrelaat + stam met selfstandige naamwoord=korrelaat > s.nw. wat met die 1922-kern korreleer (<u>huisvrou</u> > <u>vrou</u>)

Die kern van die samestelling bly in die latere weer=gawes behoue en die bepaler val weg. Die eerste groep dui persone aan: <u>Huisvrou</u> (Matt. 14: 3) > <u>vrou</u> - eers=genoemde is in dié bepaalde konteks 'n beter keuse. <u>Hofbeambte</u> (Joh. 4: 43, ops.) is spesifieker as <u>beampte</u> (met spellingaanpassing). Die vertalers verskil dus oor die Afrikaanse vertaling van bogenoem=de woorde, wat almal op persone betrekking het, en, soos aangedui, bevat die twee 1922-woordkeuses meer in=ligting as die van die latere vertalings.

Die tweede groep bestaan uit woorde vir konkrete sake. Die 'verhewe' <u>aangesig</u> (Matt. 6: 17) word in hierdie geval gewysig na slegs <u>gesig</u>, waarskynlik omdat dit op 'n menslike gesig betrekking het. 'n Beskrywende

woord soos stortreent (Matt. 7: 25 - slagregen) word tot slegs reën veryl. Dit is dalk 'n vertalingskwes= sie (DBB het egter weer stortreën). Steenrots (Matt. 7: 25) is toutologies en word deur rots vervang. (Die Ndl. steen beteken 'klip', en met hierdie betekenis in gedagte is steenrots se betekenis duideliker.) Voorpoort (Matt. 26: 71) > poort, sodat die poort waarna ver= wys word, minder spesifiek is. Hoofkussing (Mark. 4: 38) verskil van die Nederlandse benaming oorkussing, en van 1929 af is dit bloot kussing. In Afrikaans is kussing sonder determinant in die reël die waarop ge= slaap word. Waterstroom (Luk. 6: 48) word tot slegs stroom verkort en sitplek (Luk. 14: 8 - zitplaats) word na die onbepaalde plek verander. Die Nederlandse sweetdoek (Luk. 19: 20) is in 1922 met sakdoek vertaal, en in 1929 word dit slegs doek; maar in Joh. 11: 44 word sweetdoek in ooreenstemming met die Nederlands gebruik en van 1929 af weer na doek gewysig. Drink= beker (Luk. 22: 42) > beker - 'n beter keuse daar die Grieks ποτήριον het wat 'cup' beteken (vgl. IGE). Die samestelling loofhuttefees (Joh. 7: 2 - *loof*-hutten= zetting), wat uit drie komponente bestaan, word tot huttefees gereduseer. Daar kon net sowel gepraat word van 'n lowerhuttefees, wat duideliker sou wees.

Uit voorgaande blyk dat die kern van die 1922-samestel= ling deur die jonger vertalers as simpleks behou word,

terwyl die bepaler wegval - in sommige gevalle, soos waterstroom, miskien onnodiglik. Ekonomie op die vlak van die woordbou word dus in die hand gewerk soos deur bogemelde voorbeelde aangedui word.

3.5.2 Die kerns van die afleidings (konkreta) word as sim= plekse behou (kleding > kleed)

Woordekonomie word ook deur die volgende veranderings teweeggebring: kleding (Matt. 3: 4) > kleed. (Die 'deftige' kleding word elders ook deur klere (Matt. 6: 25) en gewaad (Matt. 27: 35), wat ook nog 'deftig' is, vervang.) Die verkleiningsuffiks van bedjie (Mark. 2: 4 - bed) word weggelaat, sodat bed met die Nederlands ooreenkom. Hierdie wysiging is deur J.D. du Toit aan= geteken (ABV 15a. Hy het, terloops, ook die meervoud bedjies in Mark. 6: 55 na bedde gewysig - ibid.).

3.5.3 Die woordkorrelaat van die bepaler van die 1922-kon= kreta word ná 1922 as simpleks behou (aardryk > aarde)

Daar is egter ook voorbeelde waar die woordkorrelaat van die bepaler van die 1922-samestelling in die jonger vertaling as simpleks gebruik word, terwyl die kern weggelaat word. Vergelyk die volgende voorbeelde: aardryk (Matt. 5: 5) > aarde (albei pare kom in die 1921-AWS voor - hierdie twee woorde is dus eerder si= nonieme). Begrafnisplek (Matt. 27: 7 - begrafenis) word by wyse van weglating van die substantiverings=

morfeem en deur kernwysiging tot begraafplaas veran= der. Rietstok (Mark. 15: 19) > riet. Ook offerande[1] (Luk. 2: 24) en offer is sinonieme wat in die AWS van 1921 opgeneem is - ook hier (soos in Matt. 5: 5 hoër op) is daar dus nie van morfeemverlies sprake nie. In albei gevalle is die 1922-woorde meer 'digterlik-argaïes' as die vervangende woorde. By die verandering aardbodem (Luk. 21: 35) > aarde het 'n mens eerder weer met kernverlies te make en die nuwe simpleks is 'n allomorf van die 1922-bepaler. Badwater (Joh. 9: 7) > bad, maar in 1953 word badwater weer gebruik.

3.5.4 'n Komponent (meesal die kern) van die 1922-abstrakta word ná 1922 (meesal as simpleks) behou (beginsel > begin)

Ten opsigte van die volgende abstrakta doen dieselfde patroon hom voor, naamlik dat die 1922-afleiding in die daaropvolgende vertalings deur 'n bondiger woord= korrelaat van 'n komponent - meestal die kern - van die 1922-woord vervang word. Ten eerste geld dit 'n aantal woorde met suffiks -heid. Die postmorfeme van sorgvuldigheid (Matt. 13: 22) word ná 1922 weggelaat en slegs die simpleks sorg behou. Deur weglating van die -ig-komponente word die onafrikaanse onreinigheid en

---

1. Offerande kom via die Mnl. off(e)rande, via Fr. offrande uit Lat. offerenda (Boshoff 1967: 455).

hardigheid (Mark. 16:14) verbeter tot onreinheid en hardheid. Beginsel (Matt. 24: 8) > begin; nagedagtenis (Matt. 26:13 - gedachtenis) > gedagtenis en word gevolg= lik met die nederlands in ooreenstemming gebring, maar dit is cok beter Afrikaans (DBB het: herinnering). Ver= gelyk verder listigheid (Mark. 14: 1) en ongelowigheid (Mark. 16: 14), wat tot lis en ongeloof verkort word. Dan is daar ook nog die eienaardige toekoms (Matt. 24: 27) waarmee blykbaar Christus se koms na die wêreld toe be= doel word en wat ná 1922 duideliker gestel word met slegs koms.

Die lompe versmaadlikheid (Luk. 1: 25) word deur ver= lies van die pre- en postmorfeme na smaad verander, en deur weglating van die eerste komponent word die argaïese arglistigheid (Luk. 20: 23) na listigheid verander - in albei gevalle is die woordkeuse van die jonger vertalings nader aan die alledaagse spreektaal. Deur verlies van die substantiveringsmorfeem word die minder gebruiklike groetnis (Luk. 1: 29) tot groet gewysig. Deur verlies van die premorfeem word oogge= tuienis (sic! - Joh. 3: 22, ops.) na getuienis verkort.

3.5.5 Samevatting

Die opvallendste eienskappe van hierdie afdeling is eerstens die struktuurekonomie wat op die vlak van die woordbou geskied en tweedens die behoud van 'n element

van die 1922-woord selfs waar 'n alternatiewe sinoniem moontlik is. Taalsuiwerheid word ook bewerkstellig en 'n vlotter ritme word bevorder.

3.6 SINONIEME KOMPOSITA - DIE 1929-WOORD BEHOU 'N ELEMENT VAN 1922 SE WOORD

Nou volg woordpare wat min of meer sinoniem is en wat in gevoelswaarde min verskil. 'n Groep komposita (konkreta) bestaande uit s.nw.-korrelaat + s.nw.-korrelaat word ná 1922 so verander dat òf die kern òf die bepaler van die oorspronklike samestelling behou word.

3.6.1 Sinonieme woordpare waarvan die kerns korreleer (reissak > knapsak)

Die eerste groep bestaan uit konkreta waarvan die kern van die 1922-woord ná 1922 behou word terwyl die bepaler verander. 'n Goeie voorbeeld is reissak (Matt. 10: 10 - male) - vergelyk ook Luk. 10: 4 (buidel) wat tot knapsak gewysig word; in 1953 is reissak egter weer gebruik,waarskynlik vanweë die 'verdowwing' van betekenis by knapsak en die afname in frekwensie (DBB het reissak). Vergelyk verder: onweer (Matt. 16: 3) > stormweer, wat 'n hewiger graad van onweer aandui; offerkis (Matt. 27: 6) is minder gebruiklik as

skatkis. Slegs die prefiks verskil tussen die aflei=dings beskrywing (Luk. 2: 2) en inskrywing; dit bring egter betekeniswysiging mee, maar dit is nie te ver=geet nie dat 1922 se vertaling 'n 'verafrikaansing' van Nederlands was en dat die 1922-vertalers met be=skrywing waarskynlik dieselfde bedoel het as die la=tere vertalers met inskrywing.

'n Verandering van die bepaler van mishoop (Luk. 14: 35 - mesthoop) bring in die nuwe woord, ashoop, betekeniswysiging mee. Die Nederlandisme spyskamer (Luk. 12: 24) word deur die meer omvattende voorraad=kamer vervang. Doringbos (Luk. 20: 37) > braambos - ook in hierdie geval is in 1953 weer na die 1922-woord teruggekeer. Stilisties is daar tussen hierdie sino=nieme weinig verskil aan te dui. Nog 'n Nederlandis=me opperkleed (Joh. 21: 27) - asook die simpleks man=tel in Luk. 6: 29 - word na die boekerige bokleed ver=ander; bo-kleed word van 1933 af gebruik.

Daar is ook nog twee woorde wat 'n aktiwiteit aandui, naamlik wening (Matt. 8: 12 en Luk. 13: 18) en kner=sing (Matt. 8: 12) - die agtervoegsels van hierdie woor=de word deur voorvoegsels vervang, sodat die resultaat die suiwerder Afrikaanse woorde geween en gekners is.

Ten opsigte van samestellings met die woorddeel -maal kom die volgende veranderinge voor: middagmaal

(Matt. 22: 4) > maaltyd - eerder as ete (die kern stem ooreen); vergelyk ook: maaltyd (Luk. 5: 29) > feesmaal, maar laasgenoemde woord verskaf meer in= ligting as eersgenoemde; avondmaal (Luk. 14: 24 ops.) > maaltyd - eersgenoemde woord se betekenis is eks= plisieter, daar laasgenoemde nie 'n nuanse ten opsig= te van die tyd van die dag bevat nie; avondmaal (Luk. 22: 7, ops.) is bepaald meer argaïes as nagmaal, terwyl laasgenoemde woord nader aan die spreektaal lê.

(1) middagmaal > maaltyd

(2) maaltyd > feesmaal

(3) avondmaal > maaltyd

(4) avondmaal > nagmaal

Die spreektaalwoord ete word nie eens in groep (1) of (3) gebruik nie - nog 'n voorbeeld van die neiging om selfs ná 1922 waar moontlik 'verhewe' taal in die Bybel te besig. Die verskil tussen maaltyd en nag= maal in woordpare (3) en (4) is daarin te vind dat maaltyd 'n gewone ete is en nagmaal die ete waar die instelling van die heilige nagmaal geskied het.

3.6.2 Die bepalers van die 1922-konkreta korreleer met die 1929-bepalers maar die kerns verskil (regterstoel > regbank)

Wat die volgende konkreta betref, korreleer die bepalers van die volgende sinonieme samestellings, maar hulle kerns verskil. In Matt. 27: 19 vervang regbank, die gebruiklike Afrikaanse woord, regterstoel - die kern is gewysig en die bepaler verkort. Linkersy se bepaler bly behoue in linkerkant (Matt. 27: 38) - 'n verandering wat nie juis stylverskil meebring nie - en regter-(sy) (Matt. 27: 38) se bepaler bly ook behou in regter-(kant) - ook geen stylverskil nie. In die volgende geval bring die verandering van die samestellingskern volkome betekeniswysiging mee, naamlik vaderland (Mark. 6: 1) > vaderstad (die bepalers is identies) - 'n wysiging deur J.D. du Toit (ABV 156) voorgestel (DBB se vertaling is nog juister: dorp waar hy groot=geword het). In die geval van skryftafeltjie (Luk. 1: 63) en skryfbordjie stem die bepalers ooreen, maar kernwysiging bring ook betekeniswysiging mee. Deur=waarster (Joh. 18: 16) > deurwagster - dit wil voor=kom asof hier ook 'n mate van betekeniswysiging voor=kom, aangesien Van Dale deurwaarder met 'gerechtelijk ambtenaar die orde houdt op de terrechtzittingen' ver=klaar en deurwachter met 'portier'. Vergelyk ook die Nederlandsagtige Hoofskeêlplaas (Joh. 19: 17 - Hoofd=scheêlplaats), wat deur kernverandering en spelling=aanpassing omgevorm word tot suiwerder Afrikaans: Hoofskedelplek.

3.6.3 Die kerns van die 1922-woorde (Abstrakta) korreleer met die bepalers van die 1929-sinonieme (erfenis > erfdeel)

'n Paar gevalle kom voor waar die kern van die 1922-woord met die bepaler van die vervangende woord korre=leer. Wat die afleiding erfenis (Matt. 21: 38) be=tref, word die affiks deur 'n morfeem met woordkorre=laat vervang, sodat die resultaat 'n samestelling erfdeel is - die oorspronklike kern kom dus met die bepaler van die nuwe woord ooreen. Lossing (Mark. 8: 37) word deur die samestelling losprys - suiwer=der Afrikaans - vervang. Die plekaanduidende af=leidings buitenste en binnenste (beide in Luk. 11: 40) word onderskeidelik na buitekant en binnekant vervang wat samestellings en suiwerder Afrikaans is. Die 1922-kerns is morfologies identies met die bepalers van die nuwe samestellings. Ook die kern van die af=leiding weiding (Joh. 10: 9 - weide) korreleer met die bepaler van die vervangende samestelling weiveld - die verandering bring nouer aansluiting by die spreek=taal. Dit is merkwaardig dat HAT weiding glad nie aangee nie.

3.6.4 Sinonieme abstrakta waarvan die bepalers of kerns ooreenstem (geklag > rouklag)

Die volgende is sinonieme abstrakta waarvan die be=palers ooreenstem en die kerns verskil: Die gesubstan=tiveerde deelwoord geklag (Matt. 2: 18) word eksplisie=ter gestel met rouklag; die gesubstantiveerde werk=woord wening (Matt. 25. 30) is onafrikaans en word na

geween - 'n gesubstantiveerde voltooide deelwoord - verander; dieselfde geld van knersing (Luk. 13: 28) > gekners.

Die maatwoord honderdvoud (Mark. 10: 30) > honderdmaal - tussen hierdie twee woorde is daar min verskil, al= bei is in Afrikaans aanvaarbaar, maar eersgenoemde is 'verhewener' of meer verouderd. Nagwag (Luk. 12: 38 - nachtwake) > nagwaak - die korrekter woord, daar eers= genoemde (buite konteks) met 'n persoon verwar kan word.

'n Afleiding geheel (Luk. 6: 17) > hele - die kern bly dieselfde, die voorvoegsel verval en 'n agtervoegsel word toegevoeg. Verafrikaansing geskied by hierdie ver= andering (geheel Judea > die hele Judea). Die eerste is totaal onafrikaans.

3.6.5 Samevatting

In 'n hele aantal gevalle is daar min verskil tussen bogenoemde sinonieme. Die verklaring vir hierdie ver= anderings is waarskynlik te vind in die strewe ná 1922 om van die Nederlandse vorme weg te kom. Verskil in gevoelswaarde kom in sommige gevalle voor, en die jonger woordkeuse is in 'n aantal gevalle minder verhe= we en suiwerder gebruikstaal. Die besondere kenmerk is weer eens die oorvleueling van 1922-woorddele met

woorddele in die jonger vertalings, ook in gevalle waar 'n alternatief sonder enige korrelerende element beskikbaar was.

3.7 MORFOLOGIESE UITBOUING VAN 1922 - SUBSTANTIEWE

'n Hele aantal woordkeuses van 1922 word in die la= tere vertalings as deel van 'n nuwe samestelling of afleiding behou. Eerder as wat 'n vormlik volkome nuwe woord gebruik word, word die mag van tradisie geëerbiedig, sodat die oue slegs aangevul en uitge= bou word. Die samestellings geskied hoofsaaklik op tweërlei wyse, naamlik:

(1) 'n korrelaat van die 1922-woord kom in die nuwe samestelling as bepaler voor,

(2) 'n korrelaat van die 1922-woord word as kern in die nuwe samestelling gebruik. Daar is gevalle waar die toevoegsel bloot 'n verkleiningsagtervoegsel is, en in ander gevalle is die woordpare eerder sinonieme as wat hulle morfologiese variante is.

In die oorgrote meerderheid gevalle is daar, soos 'n mens sal verwag, 'n groot mate van ooreenstemming tus= sen die Nederlandse woord en die 1922-keuse. Dit wil verder voorkom asof die uitbreiding wat ná 1922 ge= skied, in die meeste gevalle helderheid van begrip be=

vorder; deur meer besonderhede te verskaf word 'n eksplisieter stelwyse in die hand gewerk. Daar is ook in sommige gevalle in die 1953-hersiening 'n te= rugkeer na die 'verhewe' 1922-woordkeuse.

3.7.1 Die 1922-woord korreleer met die kern van die nuwe samestelling (toring > wagtoring)

Wat die volgende woorde betref, word 'n korrelaat van die 1922-woord as kern van die nuwe samestelling gebruik. So word kleed (Matt. 5: 40 - rok) tot onder= kleed uitgebou, wat spesifieker is ten opsigte van die sóórt kleed. Aan dr. Keet het J.D. du Toit (ABV 21 f) geskryf: "Liewer kleed as onderkleed". (Ten opsigte van Ps. 109: 18 het dr. T.H. le Roux weer ge= skryf: "Afr. taaleie en duideliker" - ABV 21 g.) Ryk (Matt. 12: 26) > koninkryk, en dit is twee woorde wat min verskil. Toring (Matt. 21: 33) word ná 1922 duideliker gespesifiseer met wagtoring, en Meester (Matt. 23: 8) word tot leermeester uitgebou - maar sonder hoofletter. (Dr. Du Toit (ABV 15a) het mees= ter in plaas van leermeester in Matt. 10: 24 aanbe= veel.) Gawe (Mark. 7: 11) word nader gespesifiseer met offergawe; vul (Mark. 11: 2) > eselsvul, wat spesifieker is (DBB: jong donkie!). Doek (Mark. 14: 51 - lijnwaad) word ná 1922 verder gespesifiseer as linnedoek. (Presies die teenoorgestelde patroon doen

hom voor in Joh. 13: 4), waar die linnedoek van 1922 (linnendoek) van 1929 af tot slegs doek verkort word.)

Vergelyk verder: moeder (Luk. 2: 23) > baarmoeder (1929) - wat betekenisverandering meebring > die 'ver=hewe' moederskoot (1933) - in hierdie geval word die korrelaat van die 1922-woord as bepaler (en nie as kern nie) van die nuwe samestelling behou. Gesel=skap (Luk. 2: 44 - gezelschap) is minder spesifiek as die vervangende reisgeselskap. Water (Luk. 6: 48 - vloed) > vloedwater, en hier stem die bepaler ooreen met die Nederlandse simpleks en die kern met die 1922-simpleks. Dier (Luk. 10: 34 - beest) > pakdier; altaar (Luk. 11: 51) > reukaltaar - wat spesifieker is en dieselfde geld van die veranderings: gebied (Luk. 23: 7) > magsgebied; geld (Joh. 2: 15) > klein=geld. In Joh. 13: 12 word klere ná 1922 weer duide=liker omskryf as bo-klere - die keuse van dr. Du Toit (ABV 15a).

3.7.2 Die 1922-woord korreleer met die bepaler van die nuwe samestelling (regter > regterhand)

Die volgende groep woorde behels sinonieme konkreta waarvan die eerste lid van 'n vergelykingspaar 'n kern=agtiger woord is as die samestelling wat in die jonger vertalings gebruik word; 'n bestanddeel word ná 1922 bygevoeg. In 'n aantal gevalle word 'n korrelaat van

die 1922-woord in die jonger vertalings as bepaler van die nuwe samestelling behou - vergelyk die simpleks regter (Matt. 6: 3), wat tot die kompleks regterhand uitgebou word - hand is, na linkerhand, by regter veronderstel. (In Ndl. is in linker*hand* 'hand' kursief en die Nederlands het ook rechter sonder 'hand') - 1922 volg die Nederlands na. Skrif (Mark. 12: 10) Skrifwoord; nardus (Mark. 14: 3) nardussalf; land (Joh. 11: 55) landstreek. Die bywoorde binne (Luk. 11: 7) en buite (Joh. 20: 11) word deur binnekant en buitekant vervang [1] (DBB het onderskeidelik van binne af en buite by die graf).

3.7.3 Abstrakta van 1922 korreleer met die bepalers van die nuwe samestelling (tyd > tydlank)

Ook 'n aantal woorde vir abstrakte begrippe en tyd word tot meermorfemige woorde uitgebrei. So word tyd (Luk. 4: 13) vervang met tydlank; in 1953 word tyd en lank as twee woorde geskryf; handel (Luk. 23: 51) handel=wyse; dood (Luk. 24: 20 - des doods) > doodstraf. In hierdie drie gevalle word die 1922-woord as bepaler in die nuwe samestelling behou. Dieselfde geld vir reiniging (Joh. 2: 6), wat ook tot reinigingsgebruik uitgebou word - met die verskil dat 'n verbindings-s bykom

---

1) Vgl. Kempen, 1969: 211 vir komposita bestaande uit: stam met bywoordkorrelaat + stam met selfstandige naamwoordkorrelaat: s.nw.

omdat die bepaler -ing as postmorfeem het. Die jonger vertalings verskaf dus in hierdie gevalle vollediger inligting.

3.7.4 Elemente van die woordpare korreleer, maar die woorde kan as gewone sinonieme beskou word (splint > splinter)

Wat die volgende gevalle betref, kan die woorde moontlik eerder as blote sinonieme beskou word al behels die samestelling 'n komponent wat met die simpleks korreleer - vergelyk: splint (Matt. 7: 3 - splinter) > splinter; gesig (Mark. 14: 65 - aangezicht) > gesig (1929 - 1933) > die 'verhewe' aangesig (1953) - (DBB het oë, wat suiwerder Afrikaans is.) In laasgenoemde geval sluit die 1953-woordkeuse by die Nederlands aan en word die 'deftiger' aangesig gebruik omdat die verwysing na Christus sélf is. Ten opsigte van die Psalms het dr . Du Toit in 'n brief aan dr. Keet op 17 Febr. 1949 geskryf: "Baie goed aangesig van X ook waar verhewe taal: aangesig van Moses" (ABV 21f).

3.7.5 'n Verkleiningsuffiks word aan die 1922-stam toegevoeg (tittel > titteltjie)

In onderstaande gevalle word afleidings gevorm deur die toevoeging van 'n verkleiningssuffiks aan die 1922-

stam: tittel (Matt. 5: 18) > titteltjie; die on= gebruiklike oort (Mark. 12: 42) - wat nie in die 1921-AWS voorkom nie - > oortjie.

3.7.6 Samevatting

Die besondere kenmerk van hierdie afdeling is dat die 1922-woorde ná 1922 uitgebou word, en op hierdie manier word betekenisnuanses toegevoeg sodat die nu= wer vertalings se bewoordings spesifieker is en die betekenis oor die algemeen duideliker weergegee word. Soos aangedui is daar in sekere gevalle in 1953 'n terugkeer na die 1922-woord.

3.8 SINONIEME NIE-MORFOLOGIESE VERANDERINGS

Hier volg nou vergelykings van woordkeuses in die ver= skillende vertalings waarvan die betekenisse in so 'n mate oorvleuel dat hulle as sinonieme woordpare be= skou kan word, maar die tipe verandering wat aangebring word, maak dit moontlik om die woorde in verskillende groepe bymekaar te plaas. Daar is gevalle waar albei lede van 'n vergelykingspaar ewe geskik skyn te wees, en die veranderings wat aangebring is, het nie opval= lende stylverskille tot gevolg nie. Ten opsigte van 'n aantal woorde toon die jonger vertalings 'n groter neiging tot variasie, wat na alle waarskynlikheid ook 'n teken van groter insig en groter taal- en stylbe=

wustheid is. Die vervanging van argaïsmes deur die jonger vertalers is in hierdie afdeling opvallend, en dit geld veral van woorde wat op voedsel betrekking het. Daar moet natuurlik steeds in gedagte gehou en as uitgangspunt aanvaar word dat dit die vooropgestelde doel van die 1922-vertalers was om so na moontlik aan die Nederlands te bly. In sommige gevalle het dit ook tot gevolg gehad dat die 1922-woord 'deftiger' of 'verhewener' voorkom as die woord van die jonger ver= talings, maar daar is ook gevalle wat toon dat in die jonger vertalings tog ook nog 'n 'deftiger' woord bó die gebruiklike woord of die woord van die "gevestig= de taalpraktyk" (vgl. De Bruto 1978: 22) verkies word. Tog kom ook enkele gevalle voor waar die woordkeuse van die jonger vertalings nader aan die Nederlands as dié van 1922 is.

3.8.1 Sinonieme woordpare wat persone aandui

Die eerste afdeling van hierdie sinonieme woordpare het op <u>persone</u> betrekking.

3.8.1.1 Kontensieuse woordkeuses (<u>jonkvrou</u> > <u>maagd</u>)

Sommige van hierdie woorde vestig veral die aandag op die strewe en stryd wat daar was om in die Afrikaanse Bybel 'n gedrae, 'verhewe' woordgebruik te handhaaf.

Die keuse jonkvrou of maagd het ten tye van die vroeë Bybelvertalings groot belangstelling uitgelok. In Die Kerkblad van 1 Mei 1928 skryf J. Lugtenburg dat ds. J.D. Kestell jonkvrou vir maagd handhaaf, en voeg by dat die twee woorde mekaar nie dek nie daar "'n jonkvrou gehuud of ongehuud kan wees, want soms beteken dit 'n oue dame van adelike stand eweals 'n jonkheer 'n gehude of oue heer kan wees". Hy voeg by dat jonk= vrou nie die sedelike onbevlektheid soos maagd be= waar nie. "Waarom die minder bekende en in die spreek= taal onbekende ...woord 'jonkvrou' in plaas van die goed bekende, hoewel in die spreektaal min gebruikte woord 'maagd'?" In 'n verslag van die vergadering van die kommissie vir Bybelvertaling berig Die Kerkblad op 19 Junie 1928: "Oor 'Jonkvrou' word baie gepraat. Die meerderheid is teen 'Jonkvrou'. Later op die dag is dan ook deur die vertalers besluit om die woord 'maagd' te gebruik".

In Matt. 1: 23 was die keuse in 1922 maagd. J.D. du Toit het egter op 'n getikte manuskrip jonkvrou aange= bring (ABV 15a), en hierdie vorm het in 1929 se uit= gawe verskyn. Dit is egter van 1933 af terug gewysig na maagd (met verwysing na Maria). In Luk. 1: 27 word in 1953 na maagd teruggekeer, nadat 1929 en 1933 se uitgawes jongedogter gehad het. Dr. Du Toit het ge= skryf (Nienaber 1949: 44): "*Maagd* ook te gebruik vir *jonkvrou*". Volgens prof. H. Venter het dr. Du Toit

beswaar gehad teen die weglating van die d in maagd omdat d betekenisonderskeidend is (persoonlike mede= deling). Nienaber (1965: 269) wys daarop dat dr. Kestell in sy aantekeninge jongedogter met maagd vervang. Ook in Luk. 1: 38 is die -d van diensmaagd ná 1922 weggelaat, dus diensmaag, maar in 1953 is die -d weer toegevoeg. Die samestelling met diens- hef die dub= belsinnigheid van -maag op. Die vorm diensmaagd, wat in Luk. 22: 56 voorkom, is in 1929 deur diens= meisie vervang.

'n Verdere kontensieuse woordkeuse was dié tussen broer en broeder. Broeder kom in Matt. 5: 22 voor en is ná 1922 deur broer vervang, maar in 1953 is na broeder teruggekeer. J.D. du Toit het aan prof. Keet geskryf dat hy saamstem dat broeders gebruik moet word waar geen bloedverwantskap ter sprake is nie, en dat broers te gemeensaam is (ABV 21f). Dieselfde pa= troon geld vir Matt. 7: 5, Luk. 6: 42 en Luk. 17: 3. In genoemde geval (Matt. 5: 22) is daar nie noodwendig van familieverwantskap sprake nie. Afrikaans het hier onderskeidingsvariante wat die Nederlands en Grieks byvoorbeeld nie het nie - dit gaan om geestelike / vleeslike broeder / broerskap (DBB gebruik oral broer en die Ndl. oral broeder).

Ook die woorde heer en meneer het verskil van opinie uitgelok. Prof. J.D. du Toit skryf aan B.B. Keet:

"Ek verstaan dat jy darem op sommige plekke "my heer" wil hê, byv. Matt. 27: 63. Varieer maar. Ek meen ook dat "meneer" meer natuurlik is vir 'n Afri= kaner. In O.T. is alles nou "my heer"... Gen. 19: 2: "My here, ag" ... Ook Gen. 23: 6: "My heer, U is". Maar dan "meneer" byv. Num. 12: 11" (ABV 21f).
Die verwysing na Christus as Here in Matt. 25: 11 en in Luk. 13: 8 word van 1929 af Meneer, met hoofletter; vergelyk ook Luk. 19: 25 en Joh. 20: 15, waar Here ná 1922 dieselfde wysiging ondergaan. Ten opsigte van die genoemde Matt. 25: 11 het dr. Dekker egter geskryf: "Ons het besluit i.p.v. 'meneer' orals te skrywe 'my heer'. 'Heer' sal tog nie gaan nie, dan moet dit hier wees: 'ons heer'!" (ABV 21j).

Die veel 'deftiger' heer word in 1922 in Matt. 20: 8 gebruik, maar dit word ná 1922 deur die gemeensame baas vervang; in 1953 word heer egter weer terugge= bring. Heer van Matt. 21: 40 word ná 1922 eienaar, wat ook deftiger is as die woord baas. J.D. du Toit het heer bo baas verkies in Matt. 24: 45 en Matt. 25: 18, 21, 23 (ABV 15a); en elders het hy geskryf: *"Heer by Slaaf* (nie baas nie)" (Nienaber 1949: 43). Die= selfde patroon geld vir Mark. 12: 9 ; Luk. 13: 25 en 20: 13.

Dr. Du Toit het ook die voorstel huisbaas (Matt. 13: 27) na huisheer gewysig (ABV 15a); die 1922-vertaling

het heer van die huis. Na aanleiding van die vraag op 'n manuskrip met betrekking tot Matt. 13: 52 (waar in die 1922-weergawe heer van die huis staan), naam= lik: "Sou 'hoof van die huis' nie beter wees nie?", het dr. Dekker in potlood geskryf: "Kan 'huisheer' nie maar bly nie?" (ABV 21j) - huisheer is die 1929-woord en is tot in 1953 behou. In verband met Matt. 20: 11 word op dieselfde dokument gesê: "Daardie 'huisheer' kan tog nie! 'Heer' of 'baas'? Hierby het Dekker gevoeg: 'huiseienaar' (ibid.) - ook hier is huisheer egter behou.

Die skuldheer van Matt. 18: 15,ops. is ook 'deftiger' as skuldeiser; en in Luk. 7: 41 word dieselfde woord na geldskieter gewysig; vergelyk verder raadsheer (Mark. 15: 43), wat 'deftiger' as 1929 se raadslid aandoen.

Die woord herder (Matt. 9: 36) is bepaald ook 'def= tiger' as wagter, wat ná 1922 gebruik word, maar herder word weer in 1953 gebruik. Waar herder in Matt. 25: 32 ook voorkom, word dit van 1929 af tot skaapwagter, die gebruiklike Afrikaanse spreektaalwoord, gewysig, maar in 1953 word herder ook hier weer gebruik.

3.8.1.2 Argaïsmes wat vervang word (stadhouer > goewerneur)

Die volgende 1922-woorde is argaïes, gebaseer op Ne=

derlands. So verskyn medisynmeester, wat nie in die 1921-Woordelys voorkom nie, in Matt. 9: 12, en dit word dan ná 1922 deur die ~~nog steeds 'verhewe' term~~ geneesheer vervang. Dit is opmerklik dat J.D. du Toit op 'n manuskrip (ABV 15a) die woord dokter na genees= heer gewysig het. Vergelyk ook rentmeester (nie in die 1921-Woordelys nie), wat in Matt. 20: 8 deur op= sigter en in Luk. 8: 3 deur bestuurder vervang word, asook stadhouer (Matt. 27: 2) deur goewerneur. Die argaïese dienskneg (Matt. 20: 26,27) word verander na dienaar en dienskneg - nog steeds argaïes. (Die gebruiklike bediende word oor die hoof gesien.) Saad (Luk. 1: 55) is die letterlike vertaling vir σπέρματι en word in die jonger vertalings na die duideliker nageslag verander.

Stadhouer (Matt. 27: 2) > goewerneur - 'n moderner term. Die gesubstantiveerde adjektief dode in Luk. 7: 12 is regstreekse navolging van die Nederlands daar dit nie in die Woordelys van 1921 voorkom nie, wel in die Nederlandse teks, terwyl dooie, waardeur dit vervang word, wel in dieselfde lys opgeneem is.

Jongeling word in Luk. 7: 14 tot in 1933 gehandhaaf, maar in 1953 word dit tot jongman gewysig. (As ver= klaring vir beide jongeling (vgl. ook: Matt. 19: 16, ops.) en jongman gee die VAW jong manspersoon.) Die deftige, argaïese eniggeborene (Luk. 9: 38) word deur

die gebruikliker enigste vervang. Skeidsman van Luk. 12: 14 verskyn ook nie in die AWS nie, wel in die Nederlands en word na die duideliker deler gewysig. Teenparty (Luk. 12: 58 - wederpartij) > teëstander. Huisbesorger (Luk. 12: 42), op Hollandse model, kom nie in die 1921-AWS voor nie en word na bestuurder gewysig. Ook owerste is 'n geykte term (Luk. 19: 2), terwyl hoof 'n gewone gebruikswoord is. Voorganger word in Luk. 22: 26 deur leier vervang, wat 'n groter gebruiksfrekwensie in die omgangstaal het - hoewel eersgenoemde nie in onbruik is nie. Die 'kanselag= tige' gesubstantiveerde byvoeglike naamwoord kranke (Joh. 5: 7) is ook 'deftiger' as sieke; en die ge= substantiveerde verlede deelwoord, die geykte gestor= wene (Joh. 11: 41), word deur die gebruiklike oorlede= ne vervang.

3.8.1.3 Woordpare wat min verskil ten opsigte van verhewen= heid en betekenis (dogtertjie > meisie)

Wanneer mens die volgende woordpare teenoor mekaar opweeg, is dit moeilik om hulle ten opsigte van styl= verhewenheid te kategoriseer, daar die pare hiërargies feitlik op dieselfde vlak lê. Ten opsigte van hoofman en kaptein, byvoorbeeld, kan mens slegs sê dat laas= genoemde 'n gepaster term vir militêre doeleindes is. Mens is meer veralgemenend (Matt. 8: 9) en man klink meer bevredigend omdat dit spesifieker, geslagsaan=

duidend is (vgl. 'Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my' - vergelyk verder Mark. 1: 23; Luk. 2: 25; 4: 33). Beminde (Matt. 12: 18) > geliefde. Beide HAT en WAT asook TWB verklaar beminde met geliefde - eersgenoemde mag dalk iets meer van die tussenmenslike verhouding behels.

Die verkleiningsvorm dogtertjie kan die indruk van 'n heel klein kindjie skep en meisie van 'n groter kind; verder is daar nie veel tussen die twee woorde te kies nie (vergelyk Matt. 14: 11; Mark. 6: 22 en 6: 28). Die teenoorgestelde patroon kom in Mark. 9: 36 voor, waar kind verklein word tot kindjie. Nig (Luk. 1: 36) - is gelyk aan die Nederlands nicht en word deur die ietwat 'boekerige' bloedverwant vervang. Nig is 'n vorm wat volgens die 1921- AWS eerder in samehang met 'n eienaam moet voorkom - die vorm niggie kom wel in dieselfde Woordelys voor. Die Nederlandse nicht be= teken nie noodwendig niggie of het nie noodwendig met bloedverwantskap te make nie, terwyl niggie in Afri= kaans 'n baie spesifieke bloedverwantskap is. Die Nederlandse teks het nicht (DBB het 'n bloedverwant van jou en GN: relative). Dalk kan die feit dat die engel hier praat, tot die verhewe vorm aanleiding gegee het. Soon, wat in Joh. 4: 53 aangetref word, is spe= sifieker as kind, waardeur dit vervang word, en in 1953 word teruggekeer na die 1922-keuse, met 'n ver= afrikaansing na seun. Dr. Du Toit het in sy aanteke=

ninge by die Johannes-evangelie voorgestel dat hierdie spelling deurgaans gehandhaaf word (ABV 15b).

Volk (Matt. 24: 7) > nasie (VAW gee die twee woor= de as sinoniem aan. In Matt. 14: 5 en in Matt. 27: 15 (waar die Nederlands den volke het) word volk deur skare vervang, wat dus betekeniswysiging inhou, daar skare 'n baie beperkte en plekgebonde gedeelte van 'n volk aandui. In 'n manuskrip (ABV 21j) waarop dr. Dekker sy potloodkommentaar aangebring het, staan in ink (blykbaar die manuskrip van iemand wat Dekker 'P' noem): "Is 'skare' of 'menigte' wel die woord hier? Moet dit nie wees 'volk' nie? Ek sien dan dat die Statevert. ook 'volk' het". Ten opsigte van die woord 'skare' het Dekker geskryf: "Ja, ook N.V. Die 'volk' is kaffers". Die woord skare word weer in Matt. 20: 29 met menigte vervang - 'n wysiging wat telkens deur J.D. du Toit (ABV 15a) aangebring is (vgl. Matt. 20: 29; 26: 47; Mark. 6: 34). Volk (Matt. 24: 7) > nasie. Die onafrikaanse al die volk van Joh. 8: 2, wat navolging van die Nederlands is, word tot die gebruikliker al die mense gewysig.[1)]

---

1. Vgl. paragraaf 4.13.1.1 vir 'n verdere bespreking van die drie woorde heidene, volke en nasies.

3.8.2 Ander konkreta

3.8.2.1 Sinonieme konkreta wat op voedsel betrekking het (oogs > oes)

Die volgende afdelings behels verdere sinonieme konkreta. As eerste groep word die wat met voedsel te make het, geneem. Die woord oogs (Matt. 9: 37) is 'n Afrikaanse weergawe van die Nederlandse oogst, maar dit word in 1929 tot oes gewysig, wat 'n suiwere verafrikaansing is. Na aanleiding van die Nederlands het die vertalers van 1922 die geykte tarwe (Matt. 13:29) gebruik, wat van 1929 af na die bekende, gebruiklike woord koring verander is. In navolging van die Nederlands het die vertalers in Matt. 14: 15 spys gebruik, wat later deur die nog 'deftige' maar gebruiklike voedsel vervang word. J.D. du Toit het voorgestel dat voedsel eerder as kos in Matt. 24: 45 gebruik moes word (ABV 15a).[1] Kos is waarskynlik as te plat beskou. Edik (Joh. 19: 29), wat heeltemal verouderd is, is met die sinoniem asyn vervang. Die vertaling met edik of asyn is blykbaar nie in orde nie (NNV het zuren wijn en GN selfs cheap wine).

---

1. Met betrekking tot Psalm 104: 21 het dr. T.H. le Roux 'n soortgelyke voorstel gemaak (ABV 21g).

3.8.2.2 Konkreta wat op liggaamsdele betrekking het (buik > maag)

'n Paar woorde het op liggaamsdele betrekking: Buik (Matt. 15: 17) is in die spreektaal bepaald 'n minder gebruiklike woord as die vervangende woord maag. Hals is ewe seer 'deftiger' as nek (Matt. 18: 6). Buik (Luk. 1: 41), wat volgens HAT 1. 'voorste deel van die onderlyf' of 'maag' beteken, is nie sinoniem met skoot nie, wat volgens HAT (skoot[2] 1.) die 'ruimte tussen onderlyf en dye van 'n sittende persoon' beteken. VAW verklaar buik met: 'liggaamsgedeelte tussen bors en dye (wat die ingewande bevat); maag'; en skoot met 'bog tussen onderlyf en bene van 'n sittende persoon; sit- of lêplek van 'n kind op die bene van moeder (vader of iemand anders; holte gevorm oor die bene van 'n sittende vroumens deur haar rok; boesem; baarmoeder'. Na aanleiding van die woord lyf in Psalm 132: 11 het T.H. le Roux duidelik laat blyk hoe daar deur die vertalers oor 'plat' taal geredeneer is: "Vervang tog die gemeensame 'lyf' deur die gepaster, want verhewener 'liggaam'" (ABV 21g.)

3.8.2.3 Konkreta wat op plante betrekking het (brame en braambos).

Enkele woorde verwys na plante: Brame (Luk. 6: 44) en braambos verskil nie juis nie - die 1953-hersieners het blykbaar aan die juistheid van hierdie benaming

getwyfel en die neutrale doringbos verkies. Dieself= de geld vir rank (Joh.15: 2) en loot.

3.8.2.4 Konkreta wat op diere betrekking het (kudde > trop)

Ten opsigte van woorde in verband met diere word kudde (Luk. 8: 32) deur 'n sinonieme woord, naamlik trop, vervang. Die vertalers het in Luk. 12: 32 slegs 'n aanpassing in die rigting van die taaleie aangebring toe die verkleiningsuffiks van kuddeke gewysig is, vergelyk kuddetjie. (Dit is interessant dat DBB kudde= tjie behou.)

3.8.2.5 Konkreta wat op plekke betrekking het

Die meeste van die volgende woorde wat onder bespre= king kom, het 'n plekaanduidende funksie:

3.8.2.5.1 Konkreta wat op die aardbodem betrekking het (land > omtrek)

Die eerste groep het op een of ander manier met die aardbodem verband: Land (Matt. 3: 5) dek 'n veel wyer gebied as omtrek. Land in Matt. 13: 27 asook saailand in Matt. 13: 36, vervang die verouderde akker; maar in Mark. 15: 21 is veld die vervangende woord vir akker. Aarde word telkens na grond verander waar die sinsver=

band dit vereis, en laasgenoemde is dan ook die gepaste en gebruiklike woord - vergelyk: grond en aarde (Mark. 4: 5), wat onderskeidelik na plek en grond ver= ander word - eersgenoemde paar grond/plek is nie si= noniem nie (vgl. ook: Mark. 9: 20 en Joh. 8: 6). Soms word land ook na grond verander, bv. Luk. 12: 16 en 14: 35.

'n Semantiese verskuiwing word aangebring met die verandering van land (Luk. 15: 15 - Ndl. het die geni= tief lands) na veld. Eersgenoemde kan op 'bewerkte grond' dui en laasgenoemde eerder op 'onbewerkte grond'. Dieselfde wysiging kom in Luk. 23: 26 voor, maar Nederlands het hier akker. In die plek van die argaïese aardryk (Luk. 21: 26) gebruik die jonger vertalings wêreld - die algemene gebruikstaalwoord. Aardbodem (Luk. 21: 35) is feitlik sinoniem met aarde. Ook met die verande= ring van land na streek (Joh. 11: 54) vind betekenis= verandering plaas - eersgenoemde is omvangryker as laasgenoemde. Dieselfde wysiging kom ook in Joh. 11: 55 voor. Die hersieners van 1953 het ook streek in eers= genoemde vers maar wissel af deur in laasgenoemde vers 'n samestelling bestaande uit die 1922- plus 1929-woor= de te gebruik, naamlik landstreek.

3.8.2.5.2 Ander plekaanduidende woordpare (weg > pad)

Die volgende plekaanduidende woorde kom ook voor:

Oever (met Nederlandse spelling) word deur strand vervang (Matt. 13: 2) en deur kant (Luk. 5: 2), wat inhoudelik nie 'n groot verandering meebring nie. Grag (Matt. 15: 14) het min of meer in onbruik geraak in Suid-Afrika, gevolglik word sloot ná 1922 gebruik. In die plek van die argaïese wyngaard (wat nie in die 1921-AWS verskyn nie) kom wingerd (Matt. 20: 1). Pad (Mark. 1: 2) vervang die deftiger weg.

Lug kom in Mark. 4: 4 (des hemels) voor, maar die jonger woordkeuse stem in hierdie geval met die Nederlands ooreen - dus hemel. (DBB laat hemel heeltemal weg en behou slegs voëls soos dit in die Grieks (πετεινὰ - vgl. IGE) staan.) Net die teenoorgestelde kom in Matt. 16: 2 en Luk. 12: 56 voor, waar die eerste vertaling hemel het en die jongeres lug.

In die plek van die digterlike gebergte (Luk. 1: 65) het bergstreek gekom, en die minder gebruiklike see-kant (Luk. 6: 17 - wat nie in die 1921-AWS voorkom nie) word na kusstrook verander. Daar is ook min verskil tussen 'aan land gegaan het' (Luk. 8: 27) en 'aan wal uitklim' - behalwe dat die werkwoord uitklim minder bevredig as wat die geval sou wees met 'aan wal gegaan'; uitgeklim is waarskynlik 'n beter vertaling van ἐξελθόντι, maar die volledige betekenis hier is: 'uitgeklim en aan wal gegaan' (DBB: aan wal gaan).

Die gesubstantiveerde bywoorde buitenste (Luk. 11: 40) en uiterste (Luk. 16: 24) word na die gebruikliker buitekant en na die spesifieker en suiwer Afrikaanse punt (van sy vinger) onderskeidelik verander.

3.8.2.6 Konkreta van uiteenlopende aard (gordel > leergord)

Van konkreta wat daar oorbly, is daar ten eerste wynpersbak (Matt. 21: 33 - wat nie in die AWS van 1921 voorkom nie), wat min van parskuip verskil. Bliksem (Matt. 24: 27) is waarskynlik vanweë die pejoratiewe gebruikswyse wat dit ontwikkel het, met weerlig vervang. Prof. Grosheide (1916: 48) het verklaar: "men vermijde elk woord, dat een bepaalde bijbeteekenis heeft of de gedachten naar iets laags zou kunnen afleiden". Daar is min te kies tussen skynsel (Matt. 24: 29 - wat nie in die AWS van 1921 voorkom nie en waarvan die gebruiksfrekwensie waarskynlik laer as die vervangende woord is) en glans. Gordel (Mark. 1: 6) > leergord en alhoewel HAT gord aangee, is dit nie as simpleks in Afrikaans baie gebruiklik nie. Maar staf (Mark. 6: 8) is 'deftiger' as stok.

Ding (Luk. 8: 16 - een vat) word gewysig en 'n onbepaalde voornaamwoord, naamlik iets, word in die plek daarvan gebruik. Roof (Luk. 11: 22) as selfstandige naamwoord kom in hierdie konteks vreemd voor; buit is

begrypliker en 'n verbetering. Kleding (Luk. 12: 23) is argaïes en word na klere verbeter. Goed (Luk. 15: 12 - Ndl. het die genitief des goeds) is verander na eiendom (DBB: besittings) en ook na besittings (Luk. 16: 1 - goederen), en in beide gevalle pas die woorde van die jongere vertalings beter in die sins= verband. Lynwaad (Luk. 16: 19) verskyn nie in die 1921-AWS nie, wel in die VAW maar is verouderd en word deur die Afrikaanse linne vervang.

Gesel (Joh. 2: 15) > sweep. Volgens die VAW is 'n gesel 'n rugsweep - hierdie woord is dus na sy bete= kenis omvattender en die assosiasies is ook 'grimmi= ger'. Dr. Du Toit was ten gunste van gesel in plaas van 'n alternatiewe voorstel 'n swepie van toutjies (ABV 15a). In die opskrif van Joh. 3: 22 is ogge= tuienis (sic!) na getuienis verafrikaans. Speeksel (Joh. 9: 6) en spuug is albei 'verhewener' as die spreektaalwoord spoeg, maar tussen kom (Joh. 13: 5 - bekken) en bak is die enigste verskil dat eersgenoemde in Afrikaans minder gebruik word. Hoewel die Neder= landse bete (Joh. 13: 26) nog in woordeboeke voorkom en sinoniem is met stukkie, het dit heeltemal in on= bruik geraak - laasgenoemde is suiwer Afrikaans.

Petra (Matt. 16: 18) en Lithostrotos (Joh. 19: 13) word ná 1922 onderskeidelik met rots en plaveisel vertaal, waarskynlik as gevolg van nuwe insigte of kennis wat

bygekom het. Selotes (Luk. 6: 15) word eers in 1953 met Yweraar vertaal.

3.8.3 Sinonieme woordpare wat 'n aktiwiteit aandui (weg= voering > ballingskap)

Die volgende woordpare wat bespreek word, is almal sinonieme wat een of ander aktiwiteit verwoord. Weg= voering (Matt. 1: 11 - overvoering) dui meer op 'n aksie en ballingskap op 'n toestand en Babiloniese ballingskap is veel 'volkslopiger' as Babiloniese wegvoering en dit is waarskynlik die rede vir die verandering. Vermenigvuldiging (Matt. 14: 13, ops.[1] 15: 29, ops.) is waarskynlik minder gebruiklik as vermeerdering, en eersgenoemde het 'n sterk rekenkun= dige konnotasie en gebruik. Die woord doen in sy doen (Matt. 16: 27) korreleer met doen in die vaste uitdruk= king sy doen en late, maar sy dade is (behalwe in streek= taal) gebruikliker Afrikaans. Vergewing (Matt. 18: 15, ops.; 26: 28; Luk. 1: 77) word na die sinonieme woord vergifnis verander. Vergewing word veral gebruik as die gepaardgaande selfstandige naamwoord (skuld, sonde e.a.) aanwesig is, terwyl vergifnis èn geïsoleerd èn verbonde gebruik word - vergelyk die beryming van die 'Onse Vader' (v.3 - 'by u Here is daar vergiffenis' en die 12 artikels (v.5 - 'die vergewing van die sondes'. 'n Vroeëre voorstel vergiffenis is ook deur J.D. du Toit

---

1. Van 1933 af staan die opskrif bokant vers 14.

(ABV 15a) na vergifnis gewysig, en daarmee sluit hy by 'n 'drift' in Afrikaans aan, naamlik die sinkope= ring van hierdie -e- (soos ook in hartlike, triomfante= lik en ander woorde voorkom maar nie in dergelike nie). Verlies (Matt. 26: 8) dui eerder op 'skade' en die ver= vangende verkwisting - 'n beter keuse - op 'moedswillige vermorsing'.

Die 'deftige' woord woning, 'n uitvloeisel van die strewe na 'verhewenheid', word in Mark. 5: 3 as abstrak= tum gebruik en na die suiwerder verblyf verander. Die woord woning is weinig gebruiklik in Afrikaans; dit is nie 'n volkstaalwoord nie en die Afrikaner ge= bruik eerder huis (DBB het: gebly en in Joh. 14: 2: woonplek). Beroering (Mark. 5: 38) > rumoer; VAW verklaar beroering met: 'rusversteuring, opstand, on= lus; beweging; opgewondenheid' en rumoer met: 'la= waai, geraas, opskudding'. Daar is dus betekenisska= kerings wat oorvleuel maar nòg VAW nòg HAT ver= klaar enige van die twee genoemde woorde met die an= der een. Hoewel die 1921-AWS bidde as werkwoord be= vat, blyk die bidde van Mark. 9: 29 (asook vaste) 'n substantief te wees klaarblyklik 'n navolging van die Nederlands bidden - 'n infinitief, wat histories 'n nominale vorm van die werkwoord is (vgl. bo denke/ verwagte/bidde), en dit is deur die gebruiklike gebed vervang. Omdat Afrikaans nie meer hierdie gebruik van die infinitief het nie, word die selfstandige naam=

woord bidde gemaak. Daar is weinig verskil tussen oproer en opstand (Mark. 15: 7).

Bediening in Luk. 1:23 word deur diens vervang. Myns insiens moet diens hier na die taal van die Ou Testament teruggevoer word, waar dit om die diens van die priesters gaan. (Kyk ook HAT sub bediening 2.) Diens in hierdie gebruik word nie deur WAT aange= gee nie! Groetenis (Luk. 1:41), wat identies met die Nederlands is, word nie in die AWS as wisselvorm aangedui nie (slegs groetnis) - die jonger vertalings het groet. Die 'stem van u groetnis' (Luk. 1:44) is 'n Gresisme (IGE het: 'the sound of the greeting') wat na 'die geluid van jou groet' verbeter word - die eerste woordpaar, naamlik stem en geluid, verskil van mekaar, maar die betekenisse van die woordgroepe as geheel stem ooreen. Dit is ook die nuwe Nederlandse ver= taling, wat moontlik uit Afrikaans oorgeneem is. Saligheid (Luk. 1:77) word van 1929 af verlossing, en in 1953 word na saligheid teruggekeer. Saligheid word in Luk. 19:9 na redding verander – dr. Du Toit was vir die verandering verantwoordelik (ABV 15a). Die 1922-woord genesing (Luk. 5:12, ops.) is 'deftiger' as gesondmaking, maar in hierdie geval is die ouer vertaling se woord waarskynlik gebruikliker Afrikaans. Keuse (Luk. 6:12, ops. - verkoos) kan dubbelsinnig wees (dit kan bv. sê wat hulle gekies het) > kiesing, wat volkome duidelik is. Kus (Luk. 7:45) is

'deftiger' as soen - "*Kus*: in poësie ens....*Soen* in gewone prosa" - aldus die resolusies deur dr. Du Toit opgestel (Nienaber 1949: 44). Doodslag (Mark. 15:7) is in 1922 bo die bekende woord moord verkies, wat in 1929 gebruik word. 'Rekenskap gee' - in Luk. 16: 2 >'verslag gee' - hierdie verandering behels weinig verskil en so ook brassery (Luk. 21: 34) en swelgery. 'En daar was 'n groot gemompel' > 'En daar is baie oor...gemompel'- die woordgroep was 'n groot word na is baie oor verander en bring mee dat die substantief gemompel (Joh. 7: 12 - gemurmel) na 'n verlede deelwoord wat identies met die substantief is, verander word. Onderrig (Joh. 13: 31,ops.) is waarskynlik minder frekwent as die vervangende onderwys.

As onderafdeling van hierdie groep kan die volgende woorde ook in oënskou geneem word:

Oorspel (Mark. 10: 12 - overspel) kom nie in die AWS voor nie - owerspel wel - maar die jonger vertalings het egbreuk; owerspel kom wel in 1922 in Luk. 16: 18 voor en word ook ná 1922 na egbreuk verander. Dit is 'n vraag waarom die vertalers dan juis in Mark. 10:12 die vorm oorspel gebruik het, terwyl die aanvaarde Afrikaanse woord owerspel by hulle bekend was - te meer daar owerpriester nie oorpriester word nie. Hulle het analogiewerking oorspan. Hoerery (Joh. 8: 41) stel die sonde naakter en onmiddelliker as die vervangende

ontug, wat dit verdoesel (VAW beskou dié twee woorde as sinoniem, maar HAT verklaar ontug met 'onsedelike handeling, onkuisheid').

3.8.4 Ander abstrakta

Verdere abstrakta wat nie op 'n aktiwiteit betrekking het nie, kom voor. Sekere woordpare se betekenis be= vat 'n nuanse wat oorvleuel; ander pare is sinoniem sonder noemenswaardige verskil in'verhewenheid', maar sommige veranderings bring bepaald verbeterings mee.

3.8.4.1 Ander abstrakta waarvan die betekenis in 'n mate oor= vleuel (woord > gesegde)

Verdere abstrakta waarvan die betekenis van die woord= pare in 'n mate oorvleuel en wat nie noodwendig op 'n aktiwiteit dui nie, kom ook voor. In Mark. 9: 32 het woord op die hele aanhaling en vers 31 betrekking en hierdie idiomatiese aanwending word deur die geskik= ter maar nog steeds onbevredigende gesegde vervang. Die Blye Boodskap-vertaling skakel hierdie probleem uit deur die aanwysende voornaamwoord dit te gebruik en in Luk. 20: 3 word woord (vgl. 'Ek sal u ook 'n woord vra' soos voorgestel deur dr. Du Toit (ABV 15a) na ding verander. Die woord woord (Matt. 28: 11, ops. - vgl. 'Die woord wat onder die Jode versprei is') word ná 1922 na verhaal verander, in Matt. 28: 15

(vgl. 'En hierdie woord is... versprei geword') na storie > verhaal (1953), en in Mark. 1: 45 (vgl. 'Maar hy... begin... daardie woord te versprei') word 'woord te versprei' na 'saak rugbaar maak' verander. Dit val dus op dat die enkelvoudsvorm in 1922 gebruik word vir die meervoud - dit kan wel soms aanvaarbaar wees soos in 'Hy sal die woord voer' of 'Goed sy woord doen', ''n Goeie woord(jie) vir iemand doen' (vir laasgenoemde twee voorbeelde vgl. HAT sub woord 4). In bogenoemde gevalle uit die 1922-teks is die gebruik van woord minder paslik en die jonger vertalings se bewoording nader aan die gebruikstaal.

Die woord rede (vgl. 'Weet U, dat die Fariseë toe hul=le hierdie rede gehoor het aanstoot geneem het?') in Matt. 15: 12 en in Joh. 6: 60 (vgl. 'Hierdie rede is hard') word op sy beurt weer na woord vereng (DBB vertaal met wat U sê en met Wat Hy nou sê onderskei=delik). Dieselfde geld die gepaster gerug (Luk. 7: 17), wat ook deur woord vervang word (nie alle veranderings was verbeterings nie). Vergelyk ook die volgende ver=andering: spreuk (Joh. 4: 37) > woord (1929 - 1953). (DBB het gesegde.)

3.8.4.2 Sinonieme abstrakta wat op dieselfde vlak van verhe=wenheid is (vreugde > blydskap)

Woordpare (abstrakta) wat min of meer op dieselfde

vlak van verhewenheid is en ongeveer dieselfde be=tekenis het, is: vreugde (Matt. 2: 10) en blydskap; mag (Matt. 7: 29) en gesag; angs (Matt. 14: 26) en vrees - die jonger vertaling is in hierdie geval nader aan die Nederlands, wat vreeze het, as wat die 1922-vertaling is. Ergernis (Matt. 18: 7 - ergernissen) word deur struikelblok vervang, wat ook ongeveer die=selfde betekenis het, maar laasgenoemde is waarskyn=lik verstaanbaarder - die VAW verklaar ergernis met aanstoot; Aanstoot (Matt. 16: 23) word na struikel=blok gewysig en VAW gee hierdie twee woorde as si=nonieme aan, maar volgens mens se taalgevoel is laas=genoemde die beste keuse. Jonkheid (Matt. 19: 20) > jeug - die bondiger woord van die jonger vertalings is geskikter. Daar is min verskil tussen die volgende woordpare: gewoonte en gebruik (Luk. 2: 42); beskul=diging en aanklag (Luk. 6: 7); nood (Luk. 8: 23) en gevaar, oorsaak en rede (Luk. 6: 7); tweedrag - 'n mooi Afrikaan=se woord (Joh. 7: 43) en die vervangende verdeeldheid verskil ook min.

3.8.4.3 Sinonieme abstrakta waarvan die vlak van verhewenheid verskil (duisternis > donkerheid)

Die volgende woordpare is sinoniem maar die vlak van verhewenheid verskil. Duisternis (wat 'n meer poëtiese woord is) word in Matt. 6: 23 deur donkerheid en in Matt. 10: 27 deur donker, meer alledaagse terme, ver=vang. Gierigheid (Luk. 12: 15), die 1922-woord, is

egter minder 'verhewe' as die jonger hebsug. Vir HAT is hierdie twee woorde sinoniem. TWB het egter verskillende Engelse ekwivalente vir gierigheid en hebsug en het vir inhaligheid dieselfde as vir hebsug. (DBB: gierigheid; GN: 'greed'; vlgs. TWB beteken greed 'hebsug, inhaligheid'.)

3.8.4.4 Verbeterings ten opsigte van abstrakta (wonder > teken)

Onderstaande veranderings (t.o.v abstrakta) bring bepaald verbeterings mee. In die 1922-teks van Matt. 12: 39 word teken gebruik, maar in die opskrif bokant Matt. 12: 38 staan wonder, wat myns insiens 'n duideliker en gebruikliker Afrikaanse woord is; wonder word nietemin van 1929 af deur teken vervang. Daar is wel verskil tussen teken en wonder, en die vraag is wat die bedoeling hier is. (Die IGE-vertaling vertaal σημεῖον met a sign; DBB praat van wonderteken en teken en die GN het deurgaans miracle; DBMVA verklaar dit as 'n 'buitengewone daad',) Teken is ook minder verkieslik in Joh. 20: 25 en word na merk verander - hier word natuurlik heeltemal iets anders met teken bedoel as in die bogenoemde geval.

In die plek van die moeilik te begrype 'ydel verhaal van woorde' (Matt. 6: 7), wat regstreekse navolging van die Nederlands is, het die jonger vertalings die duideliker 'ydele herhaling van woorde' (DBB: stort-

vloed van woorde, Goties: filuwaûrdjan (baiewoord - 'n ww.) - verhaal beteken 'vertelling' en verskil dus in betekenis van herhaling. 'Deel gehad het aan die bloed van die profete' (1929) is duideliker as 1922 se 'gemeenskap aan die bloed van die profete gehad het' (Matt. 23: 30).

Die argaïese hovaardy en onverstand (HAT gee albei nog aan) wat in Mark. 7: 22 voorkom, word onderskeidelik na die gebruikliker Afrikaanse woorde hoogmoed en dwaasheid gewysig. Daar is ook die verandering van geheim na heimlikheid in Mark. 7: 19, wat een van die talle voorbeelde van kiesheid in die Afrikaanse vertalings onder bespreking is. Vergelyk verder ongelowigheid (Mark. 9: 24) > ongeloof. In Luk. 8: 17 het die 1922-vertaling '...in die openbaar kom'. Die verandering van 1929 af na 'in die lig...kom' is waarskynlik ter afwisseling aangebring om 'n herhaling van dieselfde woord in die betrokke teks te voorkom (juister is: aan die lig kom). Dit lyk dus of die latere vertalings se bewoording 'in die lig ... kom' kontaminasie kon wees van: in die lig stel en aan die lig kom. Hierdie bewoording word tot in 1953 behou en in DBB verbeter na: aan die lig ... kom. In Luk. 9: 29 is gedaante navolging van die Nederlands (HAT: 'uiterlike voorkome; vorm, gestalte, figuur, verskynsel') en dit word na voorkomste verafrikaans - volgens die eerste verklaring van HAT kan gedaante en

voorkomste wel as sinoniem beskou word - en in 1953 word dit verder aangepas na die bondiger en gebruikliker voorkoms. (HAT verklaar beide voorkomste en voorkoms met'voorkome'en dan ook voorkome met sowel'voorkoms' as'voorkomste'!) 'n Voorbeeld van die sinkopering van die intervokaliese -d- van Nederlands na Afrikaans kom in Luk. 18: 31, ops. voor waar lye (lijden) gebruik word en ná 1922 word die -d- weer ingevoeg - dus: lyde, sodat daar teen die algemene neiging in ook in die geval 'n nouer verband tussen die jonger vertalings en die Nederlands is. Die voorkeur vir die 'verhewe' vorm is hier ter sprake.

3.8.5 Woordsoortwysiging (iemand > 'n mens)

Woordsoortwysiging kom ook voor,en in die onderstaan= de voorbeelde word na persone verwys. 'n Aantal ge= valle kom voor waar 'n voornaamwoord[1)] van 1922 later deur 'n substantief vervang word. Vergelyk die onbe= paalde voornaamwoord een (Mark. 5: 18 - de gene), wat later deur man vervang word; ook iemand (Mark. 8: 4 - deze) > 'n mens - juis vanweë die veralgemening word mens in al die vertalings in Matt. 10: 36 gehandhaaf,

---

1. Ek behandel hierdie gevalle hier omdat ek nie 'n aparte af= deling oor voornaamwoorde by hierdie ondersoek insluit nie.

maar in Luk. 11: 42 is die verandering na julle, in plaas van mens, bevorderlik vir die betekenis, omdat die veroordeling juis op die julle, dit wil sê die Fariseërs, van toepassing is. In 1953 word in Joh. 7: 46 teruggekeer na: 'n mens ... soos hierdie mens', nadat dit ná 1922 gewysig is en spesifieker gestel is met: "n mens... soos hierdie man'.

Woordsoortwysiging geskied ook ten opsigte van die volgende abstrakta: Heerlikheid in Luk. 9: 26 word na die aanwysende voornaamwoord dié verander. Dit is skynbaar ook 'n vertalingskwessie daar'*in die heer=likheid*'in 1922 kursief staan - dus ingevoeg is. (Die herhaling van heerlikheid kom egter ook weer in DBB voor.) In Luk. 8: 16 word die onbepaalde voornaam=woord iets (1929) in die plek van die ongespesifiseer=de selfstandige naamwoord ding gestel.

3.8.6 Samevatting

Talle voorbeelde is nou aangedui van woorde wat ná 1922 deur sinonieme vervang word. Die volgende ken=merke val op: In sommige gevalle is daar so weinig verskil tussen die 1922-woord en die vervangende woord dat die verandering feitlik geen verskil in betekenis en gevoelswaarde meebring nie. In enkele gevalle blyk die nuwe woordkeuse selfs minder geslaagd te wees as die een wat dit vervang. Dit is 'n baie opvallende

verskynsel dat daar gevalle voorkom waar die jonger vertalings se woordkeuse baie nader aan die Neder= lands is as wat die 1922-woord is - teen die alge= mene neiging in. Talle voorbeelde is aangetoon waar argaïsmes, lomp woordkonstruksies, onduidelikhede en selfs onvertaalde woorde ná 1922 deur 'n baie dui= deliker segging vervang is, wat 'n veel suiwerder Afrikaanse uitdrukkingswyse meebring as wat die geval in 1922 was, toe die Nederlands so krampagtig nagevolg is. Dit val ook op hoedat die jonger vertalings dik= wels van 'n 'deftige' woord gebruik maak waar 'n alle= daagse gebruikstaalwoord benut kan word (vgl. medisyn= meester > geneesheer i.p.v. dokter).

Wat verder opval, is hoe dikwels die 1953-vertaling van die 1933-woordkeuse afwyk deur na die 'deftige' 1922-woord terug te keer. Die sekretaris van die By= belvertalers, mnr. L.J. du Plessis,het juis in Die Volksblad van 23 Nov. 1927 aangevoer dat die Bybelver= taling die Afrikaanse godsdienstaal met gebruikmaking van die bestaande materiaal moet maak en nie deur klak= kelose oorname van sogenaamde geykte Nederlandse woor= de nie. "Laasgenoemde word verryking genoem, maar is inderdaad 'n erbarmlike en onnodige openbaring en be= stendiging van armoede." Desnieteenstaande keer die 1953-vertalers dikwels na sulke woorde terug. Dit wil voorkom asof hulle van mening was dat die nader beweeg aan die Afrikaanse taaleie afbreuk gedoen het aan die

tradisionele 'verhewe' styl van die Bybel. Dit bring ons weer terug na dit wat in hoofstuk 2 hierbo oor die rol van tradisie by Bybelvertaling gesê is. Die 1953-vertalers het dus in sommige gevalle die tyds= verloop van een en dertig jaar oorbrug om weer terug te keer na 1922-woordgebruik, wat weer op die Neder= landse Bybel gebaseer was, en hierdeur laat die State= vertaling van 1637 sy merk op die Afrikaanse Bybel tot in 1953.

3.9 NIE-SINONIEME VERANDERINGE

Dit is te verwagte dat met 'n tweede en latere verta= ling van die Bybel in enige taal daar vanweë die kom= pleksiteit verbonde aan Bybelvertaling en ook vanweë bykomende insigte en kennis verfyning en verbetering van die vertaling sal intree. Ontwikkeling van taal en taalgevoel en ander norme ten opsigte van taalge= bruik moet ook in gedagte gehou word (vgl. Grosheide 1916: 119). Die gedeelte onder bespreking sal voldoen= de bewys hiervan lewer ten opsigte van die Afrikaanse Bybelvertalings. Hierdie taalverbetering bring egter mee dat sommige woorde in die jonger vertalings vir persone, liggaamsdele, plekke, geboue, gewasse, land= bou-implemente, skepe, tyd asook ander konkreta en ab= strakta in betekenis geheel en al verskil van die 1922-woorde wat hulle vervang. Baie van die gevalle van

nie-sinonimitiet moet dus as 'n ander vertaling as ge= volg van nuwe insigte beskou word - die veranderings is nie bloot willekeurige wysigings nie. In sommige gevalle is daar betekenisskakerings van die woordpare wat oorvleuel, en by sekere pare is die oorvleueling opvallender as by ander. In sommige gevalle spesifi= seer een van die vertalings 'n saak duideliker as die ander - soms geld dit vir die 1922-vertaling en soms vir die jonger vertalings.

Desnieteenstaande is dit 'n openbaring om te ontdek in hoe 'n mate vertalings in dieselfde taal soms ra= dikaal van mekaar kan verskil (vgl. slaapkamer > bed). As mens verder in gedagte hou dat die meerderheid van die verskille tussen 1922 se weergawe en die jonger vertalings ook geld tussen die Hollandse Bybel en die Afrikaanse - omdat die 1922-vertaling met min uitson= derings in die aangehaalde voorbeelde van die Hollands verskil - dan ontstaan vrae oor die getrouheid van die Nederlandse weergawe, wat eeue lank die aanvaarde ver= taling vir sowel Nederland as Suid-Afrika was. En tog het die 1953-hersieners soms na die 1922-woord terug= gekeer, blykbaar hoofsaaklik ter wille van 'n 'verhewe= ner' segging. Wat egter natuurlik ook in gedagte ge= hou moet word, is die verandering van die betekenis van 'n woord in Afrikaans - in vergelyking met Neder= lands. Hieroor sê prof. Grosheide (1916: 54): "Maar ook de taalontwikkeling staat niet stil. Nieuwe woorden

worden gevorm, oude verdwijnen. Woorden veranderen van beteekenis, of krijgen een bijbeteekenis. De zins= konstruktie wordt anders. De spelling maakt soms een geheele omwenteling door. De vroegere uitdrukkingen worden niet meer begrepen".

3.9.1 Woorde wat op persone of wesens betrekking het (soon > man).

3.9.1.1 Woordpare wat heeltemal verskil (bende > leërafdeling)

Die eerste groep woorde wat bespreek word, het betrek= king op persone of wesens, en die eerste onderafdeling behels woorde waarvan die betekenis nie sinoniem is nie. Vergelyk: moordenaar (Matt. 26: 55) > rower (IGE het ook robber vir die Grieks λῃστὴν en DBB rower). Bende (Matt. 27: 27) > leërafdeling - eersgenoemde is 'n groep kwaaddoeners en laasgenoemde soldate. (IGE se band σπεῖραν is nader aan 1922 se woord.) Bly= kens Van Dale het bende in Nederlands byvoorbeeld 'n gunstige en ongunstige betekenis. In Afrikaans oor= heers die ongunstige, en tog praat ons nog van Gideons= bende (HAT sê: 'soms ook in gunstige sin'). Elders (Joh. 18: 3) word bende na slegs afdeling gewysig.

In Christus se vraag oor wat op die Sabbat geoorloof is, word na die redding van 'n persoon verwys (Mark. 3: 4), en die verskillende vertalings bevat hier mens

(1922), siel (1929 - 1933) en lewe (1953) - laasge= noemde lyk my nie na die geskikte woord nie daar mens nie in Afrikaans van 'n lewe doodmaak praat nie maar van 'n lewe neem (DBB het iemand). Hoewel hierdie drie woorde nie sinoniem is nie, bly die betekenis van die hele sin in al die vertalings dieselfde - die 1929-woord mag dalk egter ook 'n geestelike implika= sie behels, wat in die ander vertalings nie die geval is nie.

Broer in Luk. 6: 16 is geheel en al gewysig na seun. In die 1922-uitgawe staan *die broer* - dit ver= skyn dus nie in die Grieks nie. Soon (Luk. 10: 6) word na man verander (DBB het iemand en IGE ook son). Huisvader (Luk. 22: 11) is ook nie sinoniem met eie= naar nie. (Ook hier kom IGE se house master met die 1922-woord ooreen.) Die vertalers het ook uiteenlopen= de woordkeuses gelewer ten opsigte van Joh. 2: 8, te wete seremonie-meester (hofmeester) en hofdie= naar - laasgenoemde is weer eens 'n goeie voorbeeld van Afrikaanse 'Bybeltaal' en is deur J.D. du Toit voorgestel (ABV 15a); (IGE het master of the feast). Bostaande blyk dus vertalingskwessies te wees, en dit val buite die bestek van hierdie studie.

3.9.1.2 'n Betekenisskakering oorvleuel (disiepel > leerling)

Daar is woorde waarvan 'n betekenisskakering oorvleuel maar waarvan die betekenis nie identies is nie. 'n Jode=

genoot (Matt. 23: 15) is 'n proseliet, 'n barbaar wat tot die Joodse godsdiens bekeer is. Nã 1922 word bekeerling gebruik sonder die spesifisering Jood(en bekeerling word ook in DBB behou). Die ver= skil is nietemin gering,en laasgenoemde woord is die volksgebruikliker een. 'n Dienskneg (Matt. 10: 24) is 'n vrywillige werker en 'n slaaf 'n verpligte (IGE vertaal δοῦλος met slave). In albei gevalle het die 1953-hersieners dienskneg gebruik. "*Kneg*: te behou waar verwarring met Afrikaanse betekenis (op= sigter) uitgesluit is" (Nienaber 1965: 271[1]) Ab= bott-Smit (1973: 4) verklaar ἄγγελος met "messenger one sent ....in the special sense of angel". Gesien in hierdie lig kan die verband tussen Engel (Matt. 11: 10) en boodskapper aangetoon word, maar gesien die konteks, dit wil sê dat na Johannes die Doper verwys word, kan verstaan word hoekom van Engel afge= wyk is. Dit is ook opvallend dat engel in die Neder= lands met 'n kleinletter is - dit kan 'n drukfout wees. In Mark. 1: 2 in dieselfde aanhaling uit Maleagi word engel in 1922 met 'n kleinletter geskryf; ook hier is boodskapper die vervangende woord.

Die soektog na die regte woord is veral opvallend in

---

1. Hierdie en soortgelyke aanhalings kom uit 'n lys voorstelle wat Nienaber aanhaal onder die opskrif: "Taalkundige Advies" - blykbaar 'n lys reëls wat vir die vertalers se gebruik saam= gestel is om eenvormigheid te bevorder.

Mark. 12: 2, waar die eerste vertalers kneg ge= bruik het (diensknecht) die 1929- en 1933-verta= lers slaaf en die 1953-hersieners besluit het dat die Nederlandse teks tog die korrekte woord bevat en ge= volglik na dienskneg teruggekeer het. (Die DBB-ver= talers het egter weer die 1929-woord, slaaf, en in hierdie geval stem IGE met 1929 ooreen!)

Volgens WAT beteken dagorde (Luk. 1: 5) ''n program vir die dag'. Ná 1922 word met 'uit die afdeling van Abia' vertaal. Afdeling beteken hier ''n groep men= se'. Met hierdie verandering word die logiese inhoud van die sin bevorder. Dagorde is waarskynlik 'n fout van die Nederlandse vertalers wat klakkeloos nagevolg is. In 1 Kron. 24: 1 word in die Statevertaling ver= deelingen gebruik (v. 10 noem Abia). (DBB het diens= groep en gee die volgende verklaring: "Diensgroep (Luk. 1: 5, 8) is 'n aanduiding van een van die 24 diensgroepe waarin die priesters verdeel is met die oog op diens in die tempel ...Elke diensgroep is weer onderverdeel in verskillende onderafdelings. 'n Diens= groep was verantwoordelik vir een dag se diens. Die belangrikste dienswerk van die dag was die bring van die reukoffer vroeg in die môre. Aan die hoof van el= ke diensgroep het 'n owerpriester gestaan"!) Die huidige oorsetting dui ook daarop hoe nadelig 'n model soms kan wees.

3.9.1.3 Woorde wat spesifieker as die 1922-woorde is (kind > seun).

Sekere woorde van die jonger vertalings is meer ver= helderend as dié van die vroegste vertaling. Die oor= koepelende woord mens (Mark. 3: 1) is minder spesi= fiek as man. *Kind* word in Mark. 9: 26 en in Luk. 8: 51, 54; 9: 42 duideliker gespesifiseer met onderskeidelik *(die) seun*, meisie [1], dogtertjie [2] en seun [3] - dus drie verskillende variante in één boek. Wynboer (Luk. 13: 7 – wijngaardenier), wat goeie Afrikaans is, is spesifieker as die ver= vangende tuinier. (Hier stem IGE weer met 1922 oor= een deur ἀμπελουγόν met vinedresser te vertaal; DBB het egter ook tuinier.)

In teenstelling met die voorbeelde hoër op genoem word soon (Joh. 4: 53) tot kind veralgemeen, maar in 1953 word seun gebruik. Dit val op hoe dikwels 1922 se woord 'n letterlike vertaling is, terwyl die jonger vertalings dikwels die idiomatieser woord bevat.

3.9.2 Ander konkreta (hel > doderyk)

---

1. IGE vertaal παιδὸς met maid en DBB het kindjie; GN: child's.
2. IGE vertaal παῖς met maid en DBB het kindjie; GN: child.
3. IGE vertaal παῖδα met son; DBB het ook seun en GN: boy.

3.9.2.1 Konkreta wat op plekke betrekking het (see > meer)

By die volgende woordpare dui ten minste een van die woorde plek of gebied aan: See (Matt. 4: 15) > meer - dr. Toit se voorstel (ABV 15a); in 1953 is egter na see teruggekeer. Dit hang ook weer saam met taal= gebruik of dit 'n see of 'n meer is. In 1929 en 1933 staan ook in vers 18 meer van Galilea en in 1922 en 1953 see. Dit alles gee 'n mens 'n vae begrip van na hoeveel kante die vertalers kennis moes hê of inwin terwyl hulle daarby met die Afrikaanse taaleie rekening moes hou.

Betekenisverskil kom voor as hel (Matt. 11: 23) deur do= deryk vervang word. "*Hel*: Die Hebreeuse woord *sheôl* het die vertalers haas konsekwent vertaal met *doderyk* (nie *graf* of *hel* nie)...

Nou vind ons egter in die Twaalf Artikels dat die term *hel* gebly het, alhoewel ons *sheôl* en *hades* anders kon= stant met *doderyk* vertaal, omdat dit die woord is wat die Heidelbergse Kategismus gebruik", is die verklaring van dr. J.D. Kestell. "In die N.T. kry ons *hel* o.a. in Luk. 12: 5...maar die aantal tekste waarin dit voorkom, is nie meer as tien nie" (Nienaber 1965: 268). Verge= lyk ook in Luk. 8: 31 die verandering afgrond > onderwê= reld. Die vertalers het blykbaar uiteenlopende opinies ten opsigte van die woord ἄβυσσου gehad, vergelyk die woorde wat in die volgende vertalings voorkom: DBB: verderf; GN en IGE: abyss; NNV: afgrond.

Nie een van die bestanddele van moordenaarskuil (Matt. 21: 13) oorvleuel met rowerspelonk nie. In Neder= lands kan egter met kuil ook 'n soort spelonk bedoel word (vgl. VD 1977: uitholling). Origens is die jonger weergawe 'n juister vertaling. Moontlik het die leeukuil uit Daniël iets met die gebruik te make. Tog het kuil in Afrikaans nie 'n verbandhoudende be= tekenis nie.

'Rotsagtige *grond*' (Mark. 4: 5 -'het steenachtige'- 'n gesubstantiveerde adjektief) > 'rotsagtige plek'. Laasgenoemde is aangebring vanweë die innerlike teen= strydigheid in rotsagtige grond en die feit dat grond nie in die grondteks staan nie; ook vanweë die stilis= tiese, naamlik dat grond ook in die bysin aarde ver= vang, anders kom grond twee keer (ses woorde uitmekaar) voor - 'n hinderlike opeenhoping dus. Dit val op dat die 1922-vertalers wel die woord grond kursief invoeg maar dan verder twee keer in dieselfde vers aarde ge= bruik, in navolging van die Nederlands, waar grond be= doel word. (DBB het klipbank, wat dan, in die lig van wat hier gesê is, die duidelikste Afrikaanse weergawe is.)

Die Nederlandisme wegskeiding (Mark. 11: 4) word ver= afrikaans na straat. Die'deur van die graf' (Mark. 15. 46) kan dalk beter vertaal gewees het met ingang maar word na opening gewysig - 'n geskikter woord, daar die graf

met 'n rots gesluit is [1]. In Joh. 10: 1 is daar in 1929 'n terugkeer na deur, wat met die Nederlands oor= eenstem, nadat in 1922 met hek vertaal is, omdat dit 'n skaapstal en nie 'n -kraal is nie.[2]

Daar is min verskil tussen'een ent'(Luk. 17: 24) en 'een kant' van die hemel maar kant is nader aan die Afrikaanse segging. Die verandering van koninkryk (Luk. 19: 12) na koningskap is eerder 'n vertaalkwes= sie as blote woordverandering (DBB: as koning aan= gestel te word; GNB: to be made king; NNV: konin= klijke waardigheid). Betekenisverskil kom ook voor met die verandering van land (vgl. Simon van Cy= réne wat van die land kom) na veld (Luk. 23: 26) en na streek (vgl. 'het Hy gegaan na die land by die woestyn' - Joh. 11: 54) - land kan in die eerste geval dubbelsinnig wees (t.w. die land Cirêne of verwysend na landerye), en blykbaar is nie een van die twee be= tekenisse die korrekte nie (DBB: 'net van buite die stad af'; GN: 'who was coming into the city from the country'; NNV het egter nog het land). In die tweede geval wek land die indruk dat 'n ander land be= doel word terwyl daar slegs na 'n deel van Palestina ver= wys word (en daarom behou DBB ook streek). Plek

---

1. Die Grieks het χώραν en IGE door.
2. Die Grieks het χώρας en IGE door.

(Joh. 8: 37 - plaats) word ná 1922 duideliker en in suiwer Afrikaans gestel met ingang, en in Joh. 11: 48 word 'ons plek' na 'ons land'[1] verander, wat duideliker is en 'n veel wyer implikasie het ten opsigte van die verlies wat deur die Romeine toegedien kan word. (Die vertalers van DBB heg egter weer 'n ander betekenis aan die woord τόπον, te wete heilige plek; GN: the temple; NNV: ons plaats.)

3.9.2.2 Konkreta wat op gewasse betrekking het (dille > anys)

'n Aantal woorde wat gewasse aandui, toon betekenisverandering: Dille (Matt. 23: 23), wat volgens VAW ''n soort komkommer' is (volgens WAT behoort die twee tot dieselfde familie), kom nie in die AWS van 1921 voor nie en word met anys vervang. Die Frans vir dille is aneth, en dit staan nie ver van anys af nie; dille is anethum - volgens WAT; dill is ook fennel en vir laasgenoemde gee TWB vinkel; WAT verklaar dille met: 'Eenjarige Europese kruidgewas Anethum graveolens (fam. Umbelliferae) met aromatiese blare en geel blomme wat veel op vinkel lyk hoewel die geur daarvan verskil'. (NNV behou dille.) Koljander (Matt. 23: 23) vervang komijn, wat nie in die 1921-AWS voorkom nie en

---

1. Dit kan dalk dorp wees.

wat HAT verklaar as 'n Egiptiese plant waarvan die aromatiese saad as spesery gebruik word; terwyl HAT koljander verklaar as 'n plant met skerp ruikende saadjies wat as spesery gebruik word - maar HAT dui die woorde nie as sinoniem aan nie. (DBB het ook koljander en GN cummin; en TWB vertaal cummin met komyn; NNV: komijn.)

Munt (Matt. 23: 23) is navolging van die Nederlandse munte en word verander na kruisement, wat volgens TWB ''n welriekende kruid' is. (GN en IGE het albei mint en TWB vertaal mint met kruisement; NNV het ook munt). Kruid (Mark. 4: 28), wat volgens VAW 'n 'spesery' is, word na halm gewysig (ook in DBB; GNB het tender stalk; IGE vertaal letterlik met grass en kontekstueel met blade en NNV ook met halm). In Luk. 12: 18 word gewas (wat volgens NEB vegetation beteken) met meervoudsimplikasie, net soos in die Nederlands, gewysig en deur die omvattender opbrengste vervang, wat meer as net gewasse kan insluit (DBB gebruik graan, net soos GN en IGE, wat albei grain het; NNV het koren).

Om die waarde van hierdie wysigings te bepaal moet 'n mens kennis van die grondtaal en die plante self hê.

3.9.3 Konkreta wat op geboue betrekking het (eetsaal > kamer)

Die volgende woordpare wat op geboue betrekking het, toon min ooreenkoms. Die gespesifiseerde vertrek eetsaal (Mark. 14: 14) word na slegs kamer gewysig (ook in DBB) en selfs kamer en -saal oorvleuel net gedeeltelik.[1] Saal (Mark. 14: 54) word paleis, en in Mark. 14: 66 word dit binneplaas - ná 1922 het daar groter keurigheid by die vertaling gekom onder andere ten opsigte van argitektuur en boustyl; voorsaal (Mark. 14: 68) word na voorplein verander en voorhof (Joh. 10: 23) na pilaargang. Die spits (Luk. 4: 9 - tinne) dui 'n bepaalde deel van die dak aan en word na dak verander. Die tempel het 'n platdak gehad en nie 'n spits nie; die verandering wat aangebring is, was dus nader aan die werklikheid.

Nog 'n vertalingskwessie is ter sprake by die woord=paar top (Luk. 4: 29), wat op die bopunt van die berg dui, en die vervangende woord rand, wat eerder na die 'kant' daarvan verwys. Die vraag is of 'n berg waar=op 'n stad gebou is 'n top kan hê - rand lyk na die logiese woord. (DBB het ook rand; GN: top of the hill; IGE: a brow; NNV: rand.)

'n Opvallender verandering is die van slaapkamer

---

1. Vir κατάλυμά het IGE interessant genoeg guest room!

(Luk. 11: 7) na bed. (Die Grieks het κοίτην, wat bed beteken, en die GN vertaal met in bed; die Franse vertaling het au lit ('in/op die bed') en NNV naar bed.) Hier het moontlik 'n verandering in die Afrikaans gekom: met in die slaapkamer kon dalk dieselfde be= doel gewees het as wat bedoel word wanneer gesê word dat iemand al kamer toe is - dus in die bed is. Die Afrikaanse Bybelvertalers het die oor naby die Afri= kaansspreker gehou (vgl. Luther se metode waarna in 'n vorige hoofstuk verwys is.)

Hoewel beide wonings is, is daar tog nog 'n groot ver= skil tussen hof (Luk. 11: 21), wat 'n vorstelike woning is, 'n paleis (Ndl. hof is ook 'kasteel'), en die ver= vangende woord huis - 'n gewone alledaagse blyplek (NNV het egter nog hof; IGE: palace, Grieks αὐλήν).

3.9.4 Konkreta wat op diere betrekking het (dier > esel)

Die volgende woorde bevat 'n gemeenskaplike betekenis= skakering en het op diere betrekking. Waar die 1922-uitgawe die vroulike vorm eselin gebruik (Matt. 21: 5 - voorgestel deur J.D. du Toit - ABV 15a), het die 1929-vertalers met die gemeenslagtige esel vertaal; en in dieselfde vers word die veralgemenende term 'jong dier' na die spesifieke 'jong esel' verander. Ten opsigte van Matt. 21: 2 het dr. Dekker op 'n vraag of daar teen

'eselin' beswaar is, geantwoord: "Geen beswaar cf. slavin en eselin Bosman WB" (ABV 21j). Daar is waar= skynlik ook van merrie weggeskram as sou dit te 'plat' wees.

3.9.5 Konkreta wat op implemente, boumateriaal en huishou= delike gebruiksartikels betrekking het (wan > gaffel)

'n Woordpaar waarvan die betekenis verskil, dui land= bou-implemente aan. 'n Wan (Matt. 3: 12) is 'n toe= stel om graan van kaf te suiwer - 'n tipe skopgraaf. Die woord is minder bekend, en in die plek daarvan kom in 1929 gaffel (voorgestel deur J.D. du Toit - ABV 15a), wat 'n meertandige hooivurk met 'n lang steel is; in 1953 word gaffel weer na skop verander (DBB het skopgraaf; GN: winnowing shovel en NNV be= hou wan; IGE: fan).

Vir 'n Afrikaansspreker is 'n steen (Luk. 4: 3) mens= gemaak terwyl klip 'n natuurverskynsel is. In Joh. 11: 38, 41 word klip in 1922 gebruik en steen van 1929 af - dus net die omgekeerde. Na aanleiding van laas= genoemde verwysings in Johannes meld Nienaber (1949: 41) in sy uiteensetting van die taalkundige advies vir die Bybelvertalers die volgende: "*Steen* : Dit beteken in Afrikaans nie 'klip' nie, maar 'baksteen' (Engels: *brick*) en in Nederlands "'n (groot) klip". Daarom is

die vertaling foutief in Luk. 11: 38[1]: '...En dit was 'n spelonk, en 'n steen het daarteen gelê'. Vgl. ook Luk. 11: 41"[2].

Die volgende konkreta wat benaminge vir huishoudelike gebruiksartikels is, toon ook weinig ooreenkoms tus= sen die woordpare. Alhoewel 'n kers (Matt. 5: 15 - kaars) en 'n lamp albei lig verskaf, is daar verder geen ooreenkoms nie.[3] 'n Kan (Luk. 22: 10) en 'n kruik is albei houers maar van uiteenlopende aard. Bekend is die erdekruike van die Bybelse tye waarmee water aangedra is, terwyl 'n kan eerder 'n metaalag= tige houer is. In Nuwe-Testamentiese tye was daar wel ook klipkanne, maar dit is te betwyfel of ons vandag in Afrikaans hierdie twee woorde as sinoniem aanvaar. Ook die woorde vat (Joh. 19: 29) en die vervangende kom is verskillende soorte houers - vat is oorname van die Nederlandse woord.

3.9.6 Konkreta wat op materiaal en klere betrekking het (rok > onderkleed)

In Mark. 2: 20 word 'n 'lap ongekrimpte laken' na 'n 'nuwe stuk lap' verander. Albei uitdrukkings het lap en dit wil dus voorkom of lap laken met stuk lap ver=

---

1. Inderdaad moet dit lui: Joh. 11: 38.
2. Inderdaad moet dit lui: Joh. 11: 41.
3. IGE: lamp (Grieks: λύχνου).

vang word, dus 'n nuwe formulering van die verta= ling (laken is waarskynlik linne, en dus is daar moontlik 'n mate van betekeniskorrelasie tussen laken en lap). Die teksverse kom ook nie ooreen nie - dus verskyn die woorde van die jonger weergawes in Mark. 2: 21 en nie ook in Mark. 2: 20, soos in 1922 die geval is nie.

Rok (Luk. 6: 29) en onderkleed is ook nie sinoniem nie, hoewel albei kledingstukke is. Waarskynlik is hier weer 'n verskuiwing van betekenis van Nederlands na Afrikaans asook 'n nuwe interpretasie van die teks. In Nederlands is die onderskeiding in hierdie vers mantel x rok, in Afrikaans bo-kleed x onderkleed. (Vir χιτῶνα het IGE : tunic; DBB: onderklere.)

3.9.7 Konkreta wat op liggaamsdele betrekking het (aangesig > oë)

Ten opsigte van die woorde vir liggaamsdele behels die meeste van die veranderings 'n mate van oorvleueling. In Luk. 2: 21 vervang die spesifieker moederskoot die omvattender liggaam; aangesig (Luk. 2: 31) verskil van oë - 'n meer idiomatiese vertaling vir πρόσωπον; (IGE: (the) face.) Been (Luk. 24: 39), wat semanties meervoud impliseer, word na die meervoud bene (beenen) verander. Skoot (Joh. 1: 18) verskil in betekenis van die 'verhewe' boesem, en buik (Joh. 3: 4) word gewysig na die nie-sinonieme maar eufemistiese skoot (DBB behou

ook moeder se skoot en NNV het moederschoot). In Joh. 7: 38 word buik, wat 'n spesifieke liggaamsdeel is, weer deur die woord binneste vervang, wat 'n wyer betekenis het (laasgenoemde word ook deur DBB behou; NNV: binnenste; vir κοιλίας het IGE die minder eufemistiese belly).

3.9.8 Konkreta wat op vaartuie betrekking het (skip > skuit)

In Luk. 5: 3 word skip tot skuit gewysig, maar 'n skip is groter as 'n skuit. Die wysiging in Joh. 6: 22 van bootjie (scheepje) na skuit bring mee dat die ver= kleining verlore gaan, maar skuit impliseer in elk ge= val kleinheid, wat beteken dat die twee woorde sino= niem is. Die volgende woordpaar is ook sinoniem: bootjie (Mark. 3: 9) > skuitjie. Skippie (Joh. 6: 22) word deur bootjie vervang en volgens HAT is boot en skip sinoniem; HAT verklaar skip egter as ''n gro= terige boot'.

3.9.9 Konkreta wat op geld betrekking het (penning > oortjie)

Enkele konkreta het op geld betrekking. Sommige ver= anderde geldterme bly ná 1922 nog outyds. Sowel pen= ning (Matt. 5: 26 en Luk. 12: 59) as die vervangende oortjie is muntstukke, maar volgens VAW is laasge= noemde 'n kwart pennie - van sinonieme is daar dus in hierdie geval geen sprake nie - wel 'n soeke na 'n

Afrikaanse ekwivalent. Penning word in Matt. 10: 29 - penningsken) deur stuiwer, wat vandag 'n verouderde woord is, vervang. Dit is moeilik om te bepaal of hierdie woorde as sinonieme beskou kan word: stui= wer was waarskynlik net die naaste ekwivalent ten tye van die vertalingswerk (in albei teksverse word sent in DBB gebruik om by ons huidige geldstelsel aan te pas). Skattingpenning (Matt. 22: 19), wat nie in hierdie samegestelde vorm in die AWS voorkom nie, word deur die minder spesifieke belastingmunt vervang, wat ook nie gebruikstaal is nie (DBB het die om= slagtige omskrywing: die munstuk waarmee die belas= ting betaal word).

Met die gordel van Mark. 6: 8 word waarskynlik 'n geldgordel bedoel (Eng. money belt) wat selfs as 'n besondere soort beurs beskou kan word; die vervangen= de woord is beurs (IGE: πήραν-wallet), wat nie nood= wendig 'n gordelbeurs impliseer nie (DBB se woord is nog nader aan die gebruikstaal, nl. beursie). Tempel= belasting neem die plek van die argaïese skatting (Matt. 17: 25) in, en in Luk. 20: 22 word slegs belas= ting in plaas van skatting gebruik.

3.9.10 Ander nie-sinonieme konkreta (handskrif > skuldbewys)

Twee woorde wat slegs die element 'skryf' gemeen het maar verder grootliks verskil, is handskrif (Luk. 16: 6)

en skuldbewys (IGE: letters (bill); ook DBB het die mooi Afrikaanse woord skuldbewys).

3.9.11 Nie-sinonieme abstrakta (dag > more)

Verskeie veranderings wat betekeniswysiging meebring, word ten opsigte van abstrakta gemaak.

3.9.11.1 Abstrakta wat tyd aandui (eeue > wêreld)

Abstrakta wat tyd aandui, word deur nie-sinonieme ver= vang. 'n Tydsaanduidende woord eeue (Matt. 13: 49) word na 'n plekaanduidende woord wêreld verander (wat deur DBB behou word, maar IGE het αἰῶνος met age vertaal- tye?).

Onder die groep tydswoorde is vandag (Matt. 27: 19 - heden) presies die teenoorgestelde van 1929 se vannag! maar 1953 het weer vandag.[1] Dag (Luk. 10: 35) is minder eksplisiet ten opsigte van die tyd van die dag as môre. Die kursief gedrukte *tyd* (Luk. 13: 35) en dag, wat nie normaalweg sinoniem is nie, het die= selfde betekenis in die sinsnedes: 'totdat *die tyd*

---

1) Die Grieks het σήμερον en IGE to-day.

sal gekom het' en 'totdat *die dag* kom'; dieselfde geld vir môrestond (Luk. 24: 1) en môre, maar eers= genoemde is 'digterlik'.

Alhoewel die volgende woorde eerder konkreta is, plaas ek hulle hier vanweë die tydsaspek wat inhe= rent in die woord ingesluit is. Die deftige middag= maal (Luk. 11: 38), minder 'deftige' aand-ete (Joh. 12: 2) en 'verhewe' avondmaal (Joh. 21: 20) dui die tyd van die maaltyd duideliker aan of is spesifieker as net maaltyd, waarmee al drie bogenoemde woorde ver= vang word. Die 'geestelike inhoud' van Joh. 21: 20 en ook die lang voortbestaan van die woord in die kerktaal is sekerlik in ag geneem by die keuse van die woord avondmaal eerder as aand-ete - tog het 1953 ook maaltyd. Let ook op die verskil in die tydsaan= duiding tussen middagmaal (Joh. 21: 15) en môre-ete(!) (IGE: they breakfasted).

3.9.11.2 Woorde wat 'n aksie aandui (openbaring > waarskuwing)

'n Aantal wysigings waarvan die betekenisse raakpunte het, kan aangedui word ten opsigte van woordpare waar= van ten minste een lid op 'n aksie dui: die betekenis in die konteks oorvleuel met betrekking tot openbaring (Matt. 2: 12) en waarskuwing. ''n Aalmoes doen' (Matt. 6: 1) is verbeter met 'liefdadigheid...bewys' sonder veel betekeniswysiging (DBB vertaal liefdadig=

heid in Matt. 6 op vier verskillende wyses.) Saligheid (Luk. 1:71) is 'n toestand, terwyl die woorde verlos= sing wat in 1929 - 30 voorkom, asook redding (1953) meer op 'n aksie dui wat tot dié toestand aanleiding gee. In Luk. 1:77 is saligheid na verlossing veran= der, maar in 1953 is na saligheid teruggekeer. Met betrekking tot saligheid in Luk. 2:30 het die jonger ver= talings verlossing, wat in 1953 tot heil aangepas word. Ontsetting (Luk. 5:26) is 'n sterker emosie as ver= basing. Twee totaal verskillende begrippe is die woordkeuses in Luk. 7:25 van 'in ... wellus' en 'in weelde'. Die woord wellus is navolging van die Neder= lands wellust en volgens Van Dale (1977) beteken wel= lust ook 'zielsgenot, innig genoegen'. Met ander woor= de 1922 het die Nederlandse woord sonder onderskeiding oorgeneem. Die bedoelde betekenis van oorlegging (Luk. 9:46) is onduidelik, terwyl redenering in hierdie konteks eerder op 'onmin' dui (DBB: stryery). Die voltooide deelwoord, (die) gesang (Luk. 15:25), word deur die substantief musiek, wat 'n breër betekenisspek= trum behels, vervang (ook in DBB; IGE het music vir συμφωνίας). 'n Vreemde woordkeuse wat uit die Ne= derlands oorgeneem is, is (ydel) geklap (Luk. 24:11) en dit word ná 1922 duidelik gestel met die 'volkstaal woord' praatjies.

3.9.11.3 Abstrakta waarvan die betekenis van die woordpare ver= skil (woeker > rente)

Woeker (Matt. 25:27) dui op 'wins gekoppel aan wanprak=

tyk, maar rente dui op eerbare praktyk. Waarde (Matt. 27: 9) en prys kom ongeveer ooreen (hoewel 'n artikel nie altyd die prys behaal wat hy werd is nie), maar volgens die konteks is laasgenoemde verkieslik bo eersgenoemde; die verandering is ook om stilis= tiese redes, daar gewaardeerde en gewaardeer in die= selfde vers voorkom. Leer (Mark. 12: 38) as selfstan= dige naamwoord behels dogma, onderrig nie. (Dit word in DBB soos volg vertaal: terwyl Jesus die name leer). Mag en krag (Luk. 4: 36) > gesag en mag; mag en gesag oorvleuel in groot mate maar krag dui eerder op die fisieke en mag op die reg of vermoë tot uitvoering van gesag, wat die bedoeling hier is. (DBB het ook gesag en mag.) Voorgaande voorbeelde il= lustreer goed hoe daar gaandeweg (in meeste gevalle) 'n keuriger Afrikaans vir die Bybel gesoek en gevind is.

Die verandering van oordeel (Luk. 11: 42) na reg blyk 'n verdere vertalingskwessie te wees (DBB gee gereg= tigheid en GN asook RSV stem hiermee saam: justice . Die verklarende woord van IGE is egter judgement, wat met 1922 se oordeel korreleer).

In Luk. 20: 20 word 'om Hom aan die heerskappy en die mag van die stadhouer oor te lewer' na'die owerheid en aan die gesag van die goewerneur' verander (DBB het: 'ower= heidsgesag van die goewerneur'; GN het: authority and

power en NNV het: 'gezag en de beschikking'). Ver=doemenis (Joh. 5: 24) is 'n staat van ewige straf en oordeel beteken, volgens VAW, 'goddelike regspraak', en dus is hulle nie sinoniem nie. In Joh. 5: 29 is verdoemenis ook nie in betekenis aan veroordeling gelyk nie. Die jonger vertalings se bewoording is in albei gevalle suiwerder (IGE het of judgement).

Die wysiging van siel (Matt. 2: 20) na lewe (aange=bring deur J.D. du Toit (ABV 15a) is gepas en bevorder duidelikheid. (IGE vertaal ψυχήν met life.) Net die omgekeerde verandering kom in Luk. 17: 33 voor, waar lewe na siel verander word - dis nie duidelik waarom nie - maar in 1953 word na lewe teruggekeer. Vergelyk verder:
Mark. 3: 4: mens (1922) - siel (1929-33) - lewe (1953);
Mark. 8: 35: lewe (1922) - siel (1929-33) - lewe (1953);
Mark. 10: 45: siel (1922) - siel (1929-33) - lewe (1953).
Die Grieks het in al drie die gevalle ψυχην = lewe, maar in 1922 is die Nederlands nagevolg. Die 1953-hersieners het blykbaar hier groter insig gehad.

Rantsoen (Matt. 20: 28) word vandag nie meer met los=prys gelyk gestel nie, maar die 1922-vertalers het waar=skynlik daarmee losprys bedoel (vgl. die Engels ransom). Koopmanskap (Matt. 22: 5) beteken ook in Afrikaans iets heel anders as in die Nederlands van die Statevertaling,

en hierdie woord word in 1929 deur besigheid, waarvan die Afrikaansheid betwyfel kan word, vervang - in 1953 word handelsaak gebruik en handelsaak kan in die verband in elk geval duidelik begryp word - soos ook werkplek - maar koopmanskap nie (DBB het werkplek en NNV zaken). Geloof (Matt. 23: 23) en trou het uiteenlopende betekenisse (en eersgenoemde is in ooreenstemming met IGE se faith; DBB het betroubaarheid en GN weer iets heeltemal anders, te wete honesty; NNV: trouw). Pyn (Matt. 25: 46) en straf is uiteenlopende begrippe, maar kontekstueel gesien kan daar 'n ooreenstemmende betekenisnuanse wees; dieselfde geld van insetting (Mark. 7: 5) en oorlewering. Oorlas ('Doen niemand oorlas aan' - Luk. 3: 14) >'geweld aandoen', wat 'n daad van geweld teenoor iemand pleeg', beteken. Oorlas aandoen beteken om 'iemand te hinder, te kwel of 'n ergernis te wees' (vgl. HAT) en geweld aandoen verskil geheel en al van geweld. (DBB omskryf die saak heeltemal anders: Moet van niemand deur geweld of valse aanklag geld afpers nie; GN : Don't take money from anyone by force; NNV: Plundert niemand uit en perst niets af.) Die Nederlands word nagevolg in Luk. 21: 19 met lydsaamheid, en die verandering na volharding is waarskynlik eerder 'n poging om van die Nederlands weg te kom; ook in hierdie geval is daar 'n betekenisnuanse wat ooreenkom (DBB behou volharding). Die Nederlandisme twyfelmoedigheid (Luk. 21: 25) word na radeloosheid verafrikaans. Redenasie

(1929) is 'n korrekter vertaling as vraag (Joh. 3: 25) (en DBB verander dit na woordewisseling, wat dus 'n nuwe betekenisnuanse (die van meningsverskil) bybring: ζήτησις word in IGE met a questioning vertaal).

3.9.11.4 Abstrakte waarvan die betekenis in 'n mate oorvleuel (ontugtigheid > losbandigheid)

Oor die algemeen lê die betekenis van die volgende pa= re nader aan mekaar. Ontugtigheid (Mark. 7: 22) en losbandigheid oorvleuel in 'n groot mate. Die lompe grootdadigheid (Luk. 9: 43) word deur die steeds 'ver= hewe' maar gebruikliker woord majesteit vervang. Ge= sien die konteks is (in) veiligheid (1929) bepaald ook 'n beter keuse as vrede (Luk. 11: 21) (DBB verbeter dit verder met veilig en die weglating van die voorsetsel).

Die Afrikaans is ook verbeter deur 'as dit hom leed is (Luk. 17:3) te verander na 'as hy berou kry'. Saad (Joh. 7: 42 - zade) word duideliker gestel met geslag, 'n meer oor= koepelende woord. Die onafrikaansheid van die tweede eer in Joh. 8: 54 (vgl. 'As Ek Myself eer, is My eer niks nie; dit is My Vader, wat My eer') is waarskynlik een van die redes vir die verandering na heerlikheid. Die verandering word om stilistiese redes gemaak - verge= lyk die driemalige herhaling van eer in die 1922-teks en daarby is heerlikheid sterker, duideliker, majesteitliker (DBB het ook heerlikheid).

3.9.11.5 Samevatting

Hierdie afdeling toon baie duidelik hoedat nuwe insig= te en kennis ná 1922 tot 'n verbeterde Afrikaanse Bybelvertaling bygedra het. Nuwe kennis van boustyle en argitektuur noodsaak veranderings ten opsigte van sekere woorde. Gevorderde insig in die grondtaal bring verandering van bewoording ten opsigte van ge= bruiksartikels, plante, implemente en geografiese aanduidings mee. In sommige gevalle is dit opvallend dat verskillende Bybelvertalers vandag nog van mekaar verskil ten opsigte van die interpretasie van sekere grondtaalwoorde, en dit alles bring ons weer by wat in die eerste hoofstuk van hierdie studie gesê is ten opsigte van die groot taak waarmee Bybelvertalers in besonder gekonfronteer word. Gepaard hiermee is daar ook nog die verfyning van 'n Afrikaanse segswyse wat in die jonger vertalings voorkom - die noukeuriger woordkeuse val op, die wegwerking van lomp bewoordings, die wegkom van Nederlandse uitdrukkings wat maar nie in Afrikaans wil deug nie. Die hoeveelheid nie-sino= nieme veranderings is aansienlik en dien as bevesti= ging van die belangrikheid om Bybelvertalings in die algemeen periodiek te hersien. Soos aangedui, is se= kere 1922-woorde nader aan die oorspronlike, terwyl die jonger vertalings dikwels 'n idiomatieser uitdruk= king bevat.

3.10 ENKELVOUD > MEERVOUD

Taalverfyning geskied ook in die geval van 1922-substantiewe in die enkelvoud wat ná 1922 na meervoud gewysig word. Die meeste van die veranderings geld van woorde wat semanties meertalligheid aandui, hoewel hulle grammaties enkeltallig is. Dit geld in besonder van die abstrakta en in 'n mindere mate maar tog ook van die konkreta. Weinig indien enige van die 1922-woorde wat genoem word, sal verkeerd geïnterpreteer word, hulle struktuur ten spyt. Die feit dat hulle ná 1922 grammaties aangepas word, ruim enige moontlike misverstand uit die weg en is gevolglik 'n verbetering.

3.10.1 Konkreta (gesig > gesigte)

Die onderstaande konkreta kom in die enkelvoud voor en word na die meervoud gewysig. Gesig (Matt. 6: 16) slaan op meer as een persoon > gesigte - 'n mens het net een gesig, maar in die gebruikstaal is die meervoudsvorm die algemeenste. Vrug (Matt. 7: 19) dui semantiese meertalligheid aan maar die vervangende vrugte dui dit eksplisiet aan. Berg, in die enkelvoudsvorm kom in Mark. 5: 5 voor ten spyte van die Nederlandse meervoudsvorm bergen, en dit word in die la-

behoud van die lidwoord die (DBB het berigte hier= oor). Tyd (Joh. 5:4) word na tye verander omdat die gebeurtenis van tyd tot tyd herhaal is. Die meertal= ligheidsimplikasie van sonde maak die verandering van 'in sonde gebore' (Joh. 9: 34) na 'in sondes gebore' eintlik oorbodig (DBB het: 'Jy is van jou geboorte af die ene sonde')- dit is waarskynlik 'n vertalings= kwessie. Deur 'n sintaktiese verandering (die woorde een van word ingevoeg) word dit nodig om werk (Joh. 10: 32) na werke te verander, maar dit verander nie die betekenis nie.

3.10.3 Enkelvoud > sinonieme / nie-sinonieme meervoud (kon= kreta) (goed > besittings)

Daar is ook grammaties enkelvoudige substantiewe wat op konkrete sake betrekking het en wat deur sinonieme meervoudsvorme vervang word - vergelyk: goed (Matt. 25: 14 - goederen) word deur die 'deftiger' besittings vervang. Land (Mark. 5: 14, Luk. 8: 34) en buitewyke het geen verband met mekaar nie; die vertalers inter= preteer die grondwoord ἀγρούς blykbaar verskillend (IGE het: fields en farms; DBB: plase). Die argaïese saad (Mark. 12: 19) is 'n letterlike vertaling van die Grieks σπερμα (vgl. Louw 1976: 8) en word met kinders eksplisieter gestel. Nog 'n woord, kudde (Luk. 2: 8), 'n versamelnaamwoord, word ná 1922 deur 'n woord wat eksplisieter is, naamlik skape, vervang. Die gebruik

van gewas (Luk. 12: 18) saam met die onbepaalde ge= talswoord al is eintlik 'n contradictio in terminis en dit word na die omvattender opbrengste verander. Heirleërs (Luk. 21: 20), wat argaïes is en 'n navol= ging van die Nederlands, word na leërs vereenvoudig en die'deftiger'kleding (Luk. 12: 23) na die alle= daagse klere.

3.10.4 Enkelvoud > sinonieme / nie-sinonieme meervoud (ab= strakta) (oorsaak > redes)

Die volgende enkelvoudsvorme word deur woorde in die meervoudsvorm vervang: oorsaak (Matt. 19: 3) > redes - daar is min verskil tussen hierdie keuses. In die ge= val van Matt. 23: 30 waar daar staan: 'in die tyd van ons vadere'('ten tijde')is die plaasvervanger die meer idiomatiese dae. Kindsheid (Mark. 9: 21) bete= ken 'vroegste leeftyd'; 'kinderjare' maar ook 'gees= telike swakte van bejaardes' (vgl. HAT) en word ver= ander na kindsdae. Dit bly egter onduidelik of die bedoeling is dat die persoon van geboorte af blind was en of hy as kind blind geword het (IGE: from childhood). Vermoë (1929), wat op twee maniere verstaan kan word, vervang die argaïese leeftog (vgl.: 'Wat haar hele leeftog aan medisynmeesters te koste gelê het' - Luk. 8: 43 (DBB het: Sy het alles wat sy gehad het aan dokters uitgegee). Dit is moeilik om 'uiterlike gelaat' (vgl. 'Die koninkryk van God kom

nie met uiterlike gelaat nie' - Luk. 17:20) en 'sig= bare tekens' as sinonieme met mekaar te vereenselwig (DBB: (uit) voortekens; IGE: (with) observation; NNV: 'ZO, dat het te berekenen is'; GN: 'in such a way as to be seen' - dus blykbaar 'n vertalings= kwessie).

3.10.5 Samevatting

Ook in hierdie afdeling blyk dit dat die vertalers van 1929 af nuwe insigte ten opsigte van die grond= taalwoorde bekom het. Oor die algemeen bring die genoemde wysigings duidelikheid van begrip mee maar nie alle probleemgevalle is ten volle opgelos nie, en daar is ook enkele gevalle waar die vervangende woord tot 'n 'verhewe' taallaag behoort. Daar is egter ná 1922 'n veel beter eenheid van grammatika en semantiek en beter aansluiting by idiomatiese Afrikaans.

3.11 SPELLINGVERANDERINGE

Die laaste afdeling onder substantiewe in die enkel= voud behels die spellingveranderinge wat aangebring is. Alhoewel daar volgens die notule van die Akade= mieraad in Desember 1933 besluit is dat drr. Gemser en Haarhoff ondersoek moes instel na die skryfwyse van eiename, wil dit voorkom asof die vertalers dik= wels op hulle eie insig aangewese was, aangesien daar

tot in 1953 nie amptelike leiding beskikbaar was nie. In verband met eiename het L. Hiemstra, sekretaris van die Taalkommissie van die Akademie, so laat as 8 November 1946 verklaar (ABV 21k) dat die Taalkom= missie van die Akademie hulle nog nie met hierdie nuwe terrein besig gehou het nie "....ondanks 'n hele paar samesprekings tussen die drie plaaslike lede (prof. Dr. D.B. Bosman, dr. J. du P. Scholtz en my= self) is daar nog geen vastigheid omtrent die skryf= wyse van eiename (waarvan dié in die Bybel dan 'n belangrike onderdeel vorm) bereik nie".

Verder is ek van mening dat die Afrikaanse Bybelver= talings 'n interessante weerspieëling gee van die ont= wikkeling van die Afrikaanse spelling ten opsigte van deeltekens, die aanmekaarskryf van woorde, aksentte= kens, klinker- en ander veranderinge. Dit is sekerlik ook grootliks te danke aan die taaladviseurs wat oor hierdie aspekte moes adviseer. Die taaladviseurs wat voor 1933 opgetree het, was S.P.E. Boshoff, T.H. le Roux, D.F. Malherbe en J.J. Smith.

3.11.1 Die gebruik van th (Thamar > Tamar)

Op 16 April 1935 het T.H. le Roux (ABV 211) geskryf: "Wat betref th sou ek 'n kompromis tref en th skrywe aan die begin van 'n lettergreep (Mar-tha), t op die

end (Elisabet)". Tog is Thamar (Matt. 1: 3) reeds in 1929 na Tamar verander, en dit is tot in 1953 ge= handhaaf, en dieselfde wysiging geld vir Jotham (Matt. 1: 9 - Joatham) na Jotam, maar Matthéüs bly onveranderd, terwyl die h van Matthan (Matt. 1: 15) ná 1922 weggelaat is, dus Mattan. In ooreenstemming met bogenoemde voorstel is Rut van 1929 af gehand= haaf, waar 1922 se vertaling Ruth gehad het. Heelwat later, op 8 November, 1946, skryf Louis Hiemstra aan prof. L.J. du Plessis (ABV 21k): "In Hebreeuse name verander th in t, in Griekse en Latynse name bly th. C met s-uitspraak bly C". (By th is die weergawe van die Griekse θ betrokke").

3.11.2 Die gebruik van ch (Rachab > Ragab)

By ch is die Griekse χ betrokke. Dr. Le Roux het ook aanbeveel (ABV 211): "By ch kan miskien dieselfde ge= doen word, hoewel Ragel my taamlik ingeburger lyk". Rachab (Matt. 1: 5) is na Ragab verander en so behou tot 1953; en ook Achas (Matt. 1: 9 - Achaz) na Agas; Jechónias (Matt. 1: 11) na Jegónia - met verlies van die slot-s; Achim (Matt. 1: 14) na Agim; Pascha (22: 1) word pasga. L. Hiemstra het in 1946 met betrekking tot name met ch gesê: "In Grieks-La= tynse name word ch blykbaar behou: Chloë, Chios, Aristarchus, maar in Hebreeus of kwasi-Hebreeus nie: Galdea, Noag. Prof. Malherbe wil die ch oral herstel

(vgl. sy Bybeldrama: Amrach die Tollenaar) en ek voel saam met hom, omdat die ch met g- uitspraak in soveel ander eiename tog nie vervang kan word nie. En in ons eie land het nog niemand daaraan gedink om Ligtenburg te skryf nie. In die Bybel kom ch tog nêrens met enige ander uitspraak as g voor nie". (Die ch van Lichtenburg kom egter uit Nederlands nie uit die Griekse χ nie. Die skrywer hou ook nie re= kening met die uitspraak van Christus nie.) "In elk geval sou ek dink dat ch aan die begin van woorde (Chaldea, Cham, Chaldeërs moet behou word" (ABV 21k). Volgens D.F. Malherbe (1921: 24) word die ch in Afri= kaans na g verander, maar in verband met hierdie en dergelike veranderings sê hy: "Hier sal vakkundige volgens eie oordeel moet handel" (ch < Gr. χ word behou waar daar onvastheid in uitspraak is ((x)x(k)- AWS 1968: 24).

3.11.3 Die keuse y/i of y/ei (moerbyboom > moerbeiboom)

In verband met die keuse y x i het dr. Le Roux (ibid.) gesê: "Ek hoop dat die vertalers nooit y i.p.v. i sal skrywe nie (Egypte), of dit moet 'n wildvreemde woord wees en sulkes is daar mos glo nie in die Bybel nie". (Ook Le Roux fouteer hier, daar hy 'n woord soos Scyth buite rekening laat.) Babyloniese (Matt. 1:12 - Baby= lonische) is in 1929 reeds na Babiloniese verander, en moerbyboom (Luk. 17: 6 - moerbeziënboom) na moerbei=

boom. (Die spelling moerbyboom is onbegryplik, daar die 1921-AWS reeds moerbei aangee.) In dié verband het Hiemstra gesê (ABV 21k): "Die verandering van die Griekse en Latynse y in i gee ook las. In land- en streekname (Sirië, Lidië) kan dit nog gaan, maar geen Lydia by ons laat haar dogter Lidia doop nie, al staan dit so in die Bybel. Dit lyk asof persoons= name ...wat trouens baie selde met y in die Bybel voor= kom, anders moet behandel word as aardrykskundige name in die Bybel, waarin dit nogal dikwels voorkom. Des= noods kan die beginsel gevolg word dat i geskryf word in plekname met Afrikaanse uitgange". Hiemstra se be= ginsel is besonder belangrik. Dit sou gevalle soos Kappadocië opgelos het deur te verafrikaans na Kappado= sië en konsekwentheid sou vorme soos Siprus (< Κυπρος) voortbring. (Hierdie spelwyse is in DBB toegepas.)

3.11.4 Telwoorde (tiende uur > vieruur)

Met betrekking tot telwoorde is volgens dr. Dekker in 1933 die reël gevolg: waar opgetel word (een-en-twin= tig) word koppeltekens gebruik; waar vermenigvuldig word (tweehonderd) aanmekaar - dus: vierhonderddui= send-driehonderd-een-en-vyftig - denkbeeldige getal. (Volgens mededeling van prof. H. Venter aan my.) Die huidige AWS laat dit vry.

Dr. Le Roux (ABV 211) het verklaar "Wat betref die

spelling van getalle, hier moet 'n vergissing wees: ek het tog nie adviseer om "eenentwintig" los te skrywe nie, dus "een en twintig". Wat ek gevind het, is juis dat dit in die Bybel herhaaldelik los staan (soos soms in Nederlands), maar wat ek altoos as dinkfout beskou het. Persoonlik is my eie spelling dit: tensy die een lettergreep met 'n klinker eindig en die volgende met 'n klinker begint (twee-en-twintig), skrywe ek aanmekaar, dus sonder koppelteken: eenen=twintig. Dit doen ek omdat hoe minder strepies en diakritiese tekens, hoe beter vir die oog. Ons spel=lingreël skrywe egter 'n koppelteken voor dwarsdeur. Ek dink dat die bindings -n by samestellings met sewe en nege die gewoonste is in Afrikaans, dus: sewenen=twintig, negenentwintig, maar die simpleks kry natuur=lik geen -n op die end nie: sewe, nege".

Dr. Du Toit het weer gesê (ABV 21f, punt 12): "Dit moet wees agt en dertig. Ons behou die skryfwyse van syfers soos oorspronklike in ons Bybel. Ook wat Bos=man my aanbeveel, en ons al ooreengekom het. Koppel=tekens net by ordinale en dan by verbindinge van se=wen- en negen- omdat dit geen syfers in oorspronklike vorms is nie". Volgens Nienaber (1949: 43) het dr. Du Toit in sy resolusies betreffende die taal van die Afrikaanse Bybel geskryf: *"Getalle:* los te skrywe; alles. Maar sewen-en-twintig". Vergelyk prof. S.P.E. Boshoff se kommentaar oor die meningsverskil tussen

sabbat, en daarom is die meervoudsvorm onnodig. Sewe jare (Luk. 2: 36) word na die algemene Afrikaanse stel=wyse - sewe jaar - verander. In Joh. 2: 20 staan eg=ter reeds in 1922 'Ses-en-veertig jaar '. J.D. du Toit (ABV 15a) het 'n voorstel dat ses en veertig jaar ge=bruik moes word (vgl. 'Die Jode sê toe Ses-en-veertig jaar is aan hierdie tempel gebou'), na ses en veertig jaar lank gewysig, en hierdie voorstel is in die verta=lings nâ 1922 gehandhaaf. Die woord stadië, wat 'n verafrikaansing van die Grieks via die Latyn stadia is, word van 1929 af in Luk. 24: 13 met die bekende myl vertaal (DBB gebruik kilometer). Die naaste ekwivalent van die gangbare gebruikstaal word dus gekies.

4.9.2.2 Woorde vir gebeurtenisse (diewerye > diewery)

'n Aantal woorde vir gebeurtenisse word deur 'n enkel=voudsvorm wat 'n meervoudsimplikasie behels, vervang. Die aksie-aanduidende woord raadsvergaderinge (Matt. 10: 17) word na die spesifieker konkrete regbank ver=ander. Die Nederlandsagtige oorspele, hoererye, die=werye en lasteringe kom al vier in Matt. 15: 19 voor en word onderskeidelik na egbreuk ('n sinoniem), hoe=rery, diewery en lastertaal verander. Oorleweringe Mark. 7, ops.) > oorlewering; wassinge (Mark. 7: 4, 8), wat nie gebruiklike Afrikaans is nie, word na was=sery verbeter; die argaïese doodslae (Mark. 7: 21).

word na die bekender sinoniem moord verander; die meervoudsmorfeem van verdrukkinge (Mark. 13: 19) is oorbodig, en dit word na verdrukking verander; twis= te (Luk. 22: 24 - twisting) > twis; oorleggінge (Luk. 24: 38) word deur 'n woord in die enkelvoudsvorm en waarvan die betekenis verskil, naamlik twyfel, vervang.

Die meervoudsimplikasie is dikwels in die enkelvoudsvorme inbegrepe. Die enkelvoudsvorm kom kompakter voor; dit bring in die meeste gevalle 'n kragtiger of meer gespier= de segswyse en is selfs meer poëties.

4.9.2.3 Ander abstrakta (ede > eed)

Ander abstrakta kom voor met verandering van meervoud na enkelvoud: In die opskrif van Matt. 6 word die kon= krete aalmoese deur die gebruikliker liefdadigheid ver= vang. In Luk. 11: 41 skyn aalmoese meer veralgemenend te wees, en hier lyk die verandering na aalmoes van pas. (Verder aan (Luk. 12: 33) het die 1922-vertaling: 'Verkoop wat u het en gee aalmoes'. Dit is 'n weergawe van die Ne= derlands. Aalmoes is hier ook minder spesifiek en word tot 1953 so behou, wanneer dit na aalmoese verbeter word. Aalmoes gee is seker as idiomatiese segswyse bedoel, vergelyk kos gee en andere). Dit kan as 'n epiese for= mule beskou word. In Middelnederlands was die bepaalde artikel nie nodig in sinne met 'n algemene strekking nie ((vgl. Le Roux 1951: § 287; Stoett 1923: §97).

Die volgende abstrakta kom voor: kwale (Matt. 9: 35) > elke kwaal - deur die bepaling elke behou kwaal egter 'n meervoudsbetekenis. Ede (Matt. 14: 9) word in 1929 behou en in 1933 na eed verander. In vers 7 is daar slegs sprake van een eed wat Herődes aflê, en daarom is dit vreemd dat die meervoud in vers 9 gebruik word. Getuienisse (Matt. 26: 59) > ge=tuienis; ook in hierdie geval was di meervoudsvorm oorbodig, daar die woord getuienis semanties 'n kol=lektief is. Gierighede en booshede (Mark. 7: 22) > hebsug en boosheid - albei suiwerder taalgebruik; werke en woorde (Luk. 24: 19) > werk en woord. Laasge=noemde twee woorde is hier bepaald sterker en poëties in segging (DBB: woord en daad).

4.9.3 Samevatting

Die meeste van die veranderinge bring baie duidelik hel=derheid en betekenis mee, en daar word nader na die gebruikstaal beweeg. In enkele gevalle bring die ver=andering ook betekeniswysiging mee. Daar sit iets soos sinekdogee in die verandering meervoud > enkelvoud.

4.10 VERBOË SAMESTELLINGS WAT DEUR DIE WEGLATING VAN 'n WOORDDEEL VERKORT WORD

Sommige verboë samestellings van 1922 word deur 'n woord

vervang wat bestaan uit 'n kern wat met een van die bestanddele van die 1922-woord korreleer en waaraan 'n getalsmorfeem toegevoeg word.

4.10.1 Verboë samestellings > korrelaat van die 1922 bepaler + getalsmorfeem (Sabbatdae > sabbat)

Sekere woorde wat uit bepaler + kern + meervoudsuffiks bestaan, word nã 1922 deur 'n korrelaat van die bepaler plus getalsmorfeem vervang. Die volgende verboë samestellings word verkort: Sabbatdae (Matt. 12: 12) > sabbat (enkelvoud met meervoudsimplikasie) en die 'verhewe leidsliede (Matt. 23: 16) en bouliede (Luk. 20: 17) word na die alledaagse leiers en bouers vereenvoudig. In die eerste geval korreleer die 1922-bepaler met die nuwe woord en in die ander twee gevalle korreleer die 1922-bepaler met die kern van die nuwe afleiding.

4.10.2 Verboë samestellings > korrelaat van 1922-kern + getalsmorfeem (steenrotse > rotse)

Wat die volgende betref, korreleer die 1922-kern met die vervangende woord: steenrotse (Matt. 27: 51) > rotse. Volgens Afrikaanse gebruik is hierdie verboë samestelling ook 'n contradictio in terminis, daar die woord steen nie dieselfde betekenis as rots het nie, maar die Nederlandse betekenis van steen stem met die betekenis van stone in Engels ooreen, sodat steen=

rotse eerder as 'n toutologiese samestelling gesien moet word. Leersakke (Mark. 2: 22) > sakke, wat minder spesifiek is; die gespesifiseerde drinkbekers (Mark. 7: 4) > bekers en uiteindes (Luk. 11: 31 - einden) > eindes, wat nie so beeldend as die 1922-lesing is nie; brokstukke (Mark. 8: 19) > stukke (1929 - 1933) > brok= stukke (1953) - nog 'n voorbeeld dus waar daar in 1953 'n terugkeer na 'n beeldender 1922-woord plaasvind.

4.10.3 Samevatting

Dit val dus op dat die 1922-woorde van hierdie groep spesifieker as die jonger woordkeuses is en dat die vertalers na 1922 slegs woorddele van die 1922-weergawe behou het. Dit bring dus minstens 'n nuanseverkil mee.

Woorde soos steenrotse en brokstukke kan as toutolo= giese samestellings beskou word, en die gedeeltes van hierdie woorde wat weggelaat is, is waarskynlik deur die vertalers as oorbodig beskou. In die gevalle van leiers en bouers is hulle nader aan die gebruikstaal as die 1922-woorde. Die verklaring van die ander wysi= gings is waarskynlik in die grondtaal te soek.

4.11 MEERVOUDSAFLEIDINGS WAT TOT VERBOË SAMESTELLINGS UITGE= BOU WORD

4.11.1 Woorde vir mense met -s-getalsmorfeem (wisselaars > geldwisselaars)

Sommige meervoudsafleidings word nã 1922 tot verboë samestellings uitgebou. 'n Paar van hierdie woorde het op persone betrekking, vergelyk: wisselaars (Matt. 21: 12) > geldwisselaars, wat geen twyfel laat oor wat gewissel is nie; meesters (Matt. 23: 10)> leermeesters - daar is 'n verskil tussen hierdie twee woorde - meesters impliseer 'gesag oor onder= dane' en leermeesters dui op 'meerderes in kennis'. Onder Nederlandse invloed ontstaan die meervoudsvorm kindere (Mark. 3: 28), wat na mensekinders uitgebrei word, en laasgenoemde is in ooreenstemming met die grond= taal, vergelyk τοῖς υἱοῖς τῶν ἀνθρώπων wat IGE met sons of men vertaal. Daar is 'n bepaalde verskil tussen sy burgers (Luk. 19: 14), wat op onderdane dui, en sy medeburgers, wat eerder gelykheid in status aandui. Verwante (Luk. 21: 16) is minder spesifiek as bloedver= wante - wat volgens Malherbe (1921: 43) net in die meer= voud voorkom (HAT en VAW dui wel 'n enkelvoudsvorm aan.) In al die bogenoemde gevalle is die kern van die 1922-woord as kern van die nuwe woord behou. In die meer= derheid gevalle is die woordkeuse van hierdie groep nã 1922 spesifieker en die betekenis duideliker.

taaladviseurs en ook vertalers ten opsigte van spel=ling en ander taalkwessies (Nienaber 1965: 257):

"Dikwels kon die taaladviseurs dit oor allerlei kwes=sies nie eens word nie. Die spellingstryd van 'n paar jaar gelede het seker nog die heersende mening dat dit maar 'n kwaal van taalgeleerdes is, by die publiek kom versterk. Maar ook die vertalers was dit nie altyd met mekaar eens nie, en teoloë staan nie vir taalgeleerdes in gebrek aan eenstemmigheid agter nie! Daarvan het die publiek tog seker ook oortui=gende bewyse genoeg gehad. En dan was daar nog meer=male meningsverskille tussen die twee groepe van ar=beiders, namelik tussen die vertalers en die taalad=viseurs.

Maar daar was allerweë 'n goeie wil en heelhartige toegewydheid aan 'n saak van groot nasionale betekenis. Niemand het homself in die werk gesoek nie, sodat dit nooit aan hartlike samewerking ontbreek het nie. Die meningsverskille het alleen gedien om groter duidelik=heid en nougesetheid in die hand te werk en het die vertaling dus ten goede gekom. Vir die taalvorm waarin die Bybel vandag in Afrikaans verskyn, moet die ver=talers die uiteindelike verantwoordelikheid dra. Die taaladviseurs was maar raadgewers en het natuurlik g'n finale seggingskap gehad nie".

Na aanleiding van Joh. 1: 40, waar 1922 die tiende uur het en die jonger vertalings vieruur, behalwe 1953, wat weer die 1922-woorde gebruik, het T.H. le Roux verklaar (ABV 20h): "Tydsbepalinge soos vier=uur, twaalfuur ens.... Konsekwent aaneengeskrywe (sonder koppelteken) behalwe by vokaal-ophopinge soos drie-uur... Dr. Du Toit het die volgende samevatting gegee (Nienaber 1949: 45).

"Uur: Twaalf uur ... duur;
twaalfuur ... tydstip;
drie-uur weens ophoping van vokale, anders aanme=kaar".

In die vertalings kom die volgende voorbeelde voor: negende uur (Mark. 15: 33) > drie-uur; sesde uur (Joh. 4: 6) > twaalfuur - 1953 stem met 1922 ooreen.

3.11.5 Aksente (Uria > Uría)

Ten opsigte van aksente het L. Hiemstra (ABV 21k) ge=sê: "Die reëling van die aksente lyk erg willekeurig. Waarom sou Elía minder bekend wees as Jeremia en Je=saja. By Fariseër en Sadduseër word die aksente weg=gelaat... By Matthéüs ens. word aksent èn deelteken geplaas, hoewel niemand dit verkeerd sal uitspreek nie, ewemin as museum (muséüm?)! M.i. kan die aksente gerus weggelaat word, behalwe miskien by 'n paar name soos Samaría wat daarsonder verkeerd uitgespreek sal word.

Maar met aksent en al word Samaria tog nog altyd met klemtoon op die tweede lettergreep gesê. Beklemto= ning is blykbaar meer 'n saak van gewoonte as van skryfwyse..." Hierdie bewering is nie juis nie; onder die ouer geslag is səmarja wel bekend. By Kapernaum is die aksentteken toegevoeg omdat die uit= spraak sonder klem op die [ɛ] vroeër dae gebruiklik was, en ook by Ábjater omdat die ou mense Abjáter gesê het.

Aksenttekens is in die volgende gevalle in die tweede vertaling reeds laat vaar: Sálomon (Matt. 1: 6)>Sa= lomo - die slot -n is ook laat vaar; Róboam (Matt. 1: 7) > Rehábeam - die aksent verskuif na die tweede lettergreep, die o-klinkers verander na e, 'n h word ingevoeg asook 'n bykomende a; Jótham (Matt. 1: 9) > Jotam - met verlies van h.

In die volgende gevalle kry die woord van die jonger vertalings 'n aksentteken by wat die 1922-woord nie gehad het nie: Uria (Matt. 1: 6 - Uría) > Uría - die jonger vertalings stem met die Nederlandse skryf= wyse ooreen; Abiud (Matt. 1: 13) > Abíud; Eljakim (Matt. 1: 13) > Eljakim; Eliud (Matt. 1: 14) > Elíud. Klemverskuiwing geskied ook - vergelyk: Aminádab (Matt. 1:4) > Ammínadab ('n tweede m word ook bygevoeg).

3.11.6 Deeltekens (Boös > Boas)

Ten opsigte van deeltekens is slegs 'n paar veranderinge in die Evangelies aangebring. Die spellingverandering van Boös (Matt. 1: 5 - Boöz) na Boas skakel die deelte= ken uit. In Matt. 3: 17 word die deelteken van wel= behaë ná 1922 weggelaat.[1] Met die weglating van die n van teenparty (Matt. 5: 25; Luk. 18: 3 o.a. - weder= partij) word die bepaler 'n tweeklank, wat 'n deelte= ken vereis, en gevolglik is die skryfwyse teëparty. Hiemstra het in verband met deeltekens geskryf (ABV 21k): "In teenstelling met die oormaat van aksente, word deeltekens glad te suinig gebruik. Kain en Ai (be= halwe as uitroep!) is tog nie eenlettergrepig. Jael[2] rym tog nie met hael nie. Sinai is tog drie letter= grepe ...Ongelukkig het die Taalkommissie reeds 'n vergissing begaan deur Israel sonder deelteken aan te gee in die Woordelys, waarskynlik op voetspoor van die Bybel; maar prof. Bosman en dr. Scholtz erken dat dit foutief is. Die enigste houdbare reël is dat 'n deel= teken oral moet geskryf word waar ons nie met 'n monof= tong te doen het nie, behalwe miskien in vasstaande uitgange soos offisieel, museum, waar in die praktyk geen verwarring ontstaan nie". Hiemstra vergis hom met Kain, Ai en Sinai, net soos ons amptelike skryf= wyse van Kairo (met 'n deelteken) 'n vergissing is:

---

1. Dae word in 1922 in Matt. 24: 22 sonder 'n deelteken geskryf.

2. Die reël in Afrikaans is dat na a nie 'n deelteken gebruik word nie, behalwe as dit ae is. Jael word sonder 'n deel= teken geskryf in die Bybel.

dis nie twee sillabes nie, maar die ai is 'n diftong. Die fout is juis dat dit as twee sillabes uitgespreek is ten spyte van die skryfwyse sonder deelteken - en dit weerlê sy bewering insake uitspraak.

3.11.7 Wysigings van aanvangskonsonante van eiename (Fares > Peres)

Konsonantwysigings kom voor by die verandering Fares (Matt. 1: 3) > Peres met klinkerverandering [A] > [E] in die eerste lettergreep. Konsonanttoevoeging vooraan kom voor by die verandering van Essom (Matt. 1: 3) na Hesron en by die reeds genoemde verandering Esekías (Matt. 1: 9) > Hiskia. Die verandering Jesse (Matt. 1: 5) > Isai berus waarskynlik op tekskritiese gronde. Dikwels is die Nuwe Testament met die Ou Tes= tament in ooreenstemming gebring. Na aanleiding van die kommentaar op 'n manuskrip van die Matthéüs-evan= gelie, te wete: "Isaï, omdat dit maklik lei tot die hinderlike tweespraak-uitspraak" (sic! - Matt. 1: 5), skryf dr. Dekker "nee" en stel hy voor: "Isai vgl. Kain, Nain, Kairo (net in die Kaap spreek en skryf hul Kaïro)" (ABV 21j). Die verandering van Jalalthiël (Matt. 1: 12 - Salathiël) > Seálthiël behels wysiging van aanvangsmedeklinker, klinkerwysiging en liquida wat verskuif. Zorobábel (Matt. 1: 12) > Serubbábel - die eerste twee lettergrepe word verander en die b verdubbel.

3.11.8 Weglating van slot -s (Judas > Juda)

'n Aantal eiename word ná 1922 sonder slot-s geskryf, vergelyk Judas (Matt. 1: 2) > Juda; Osías (Matt. 1: 8 - Ozías) > Ussía (wysiging ook van aan=vangsklinker). Josías (Matt. 1: 10) > Josía; Ese=kìas (Matt. 1: 9 - Ezekìas) > Hiskìa (aanvangsmede=klinker kom by, klinkerwysiging en medeklinker wysiging: z > s); Jechónias (Matt. 1: 11) > Jegónia; Elias (Matt. 9: 5) > Elìa; Jonas (Matt. 12: 38,ops.) > Jona.

3.11.9 Ander konsonanttoevoegings, -wysigings of -weglatings aan die einde van woorde (Sara > Serag)

Sekere woorde kry ná 1922 'n konsonant by. In die vol=gende geval is dit aan die einde van die woord, verge=lyk: Sara (Matt. 1: 3 - Zara) > Serag (met verande=ring ook van die eerste klinker); Fariseë (Matt. 3: 7 Farizeën) > Fariseërs. Fariseë is 'n meervoud waarin, net soos in ander meervoudsvorme, die Neder=landse skryf- -n weggelaat is. Die r van Fariseër word analogies toegevoeg na aanleiding van woorde soos Hebreër, Nasireër en andere (vgl. Engels Pharisee - sonder -r). Fariseër is dus, streng gesproke, nie 'n spellingkwessie nie - dit raak aan die morfologiese. Diensmaagd (Luk. 1: 38) > diensmaag, maar in 1953 word teruggekeer na diensmaagd. Soos vroeër gemeld het

dr. Du Toit beswaar gehad teen die weglating van d (AWS het variante). Oogs (Luk. 10: 2) > oes. Afri= kaans het die dialektiese vorm oest geërf (vgl. AE) Die apokopering van t ná s is 'n gewone verskynsel wat reeds by oogs gemerk word, want Afrikaans het nie 'n eksplosief na 'n auslautsfrikatief nie (die Nederlands het oogst); helf (Luk. 19: 8 - helft) > helfte (met toevoeging van slot -e) - eersgenoemde is moontlik 'n vergissing.

Die oorgang stemhebbend na stemloos van eksplosiewe in die auslaut is 'n gewone klankverskynsel. Dat in 1922 amb voorkom (dit verskyn nie in 1921 se AWS nie) is waarskynlik weens onkunde by Afrikaanse skrywers van daardie tyd en dit kom via die Nederlands in die Afrikaanse Bybel - vergelyk priesteramb (Luk. 1: 8 - priesterambt) > priesteramp. Konsonantwysiging kom ook voor by kribbe (Luk. 2: 7) > krip (met verlies van slot -e).

3.11.10 Invoeging of weglating van medeklinkers in die middel van woorde (Nahasson > Nagson)

In 1929 word Nahasson verander na Nahésson (Matt. 1: 4 - slegs klinkerwysiging in die tweede lettergreep) maar van 1933 af word Nahésson tot die tweelettergrepige Nagson verkort (konsonantwysiging en klinkerverlies). In die geval van Aminádab (Matt. 1: 4) > Ammînadab word

'n konsonantletter ingevoeg. Die Nederlandse vorm sprinkhane (Matt. 3: 4) word na sprinkane verafri= kaans. (Die 1921-AWS het ook sprinkhaan en volgens AE was die Mnl. sprinchaen/-hane by Van Riebeeck sprinc= hanen, uit spring en haan.) 'n Spellingaanpassing kom onder andere in Joh. 19: 27 voor, waar disiepel na dissipel (eers in 1953) verander word - die verande= ring het geen klanklike implikasie nie. Hierdie reë= ling in sake die skryfwyse i/ie het net voor die aan= koms van die 1933-Bybel gekom en is gevolglik toe nie in 1933 toegepas nie. Die Nederlandse d en die ver= bindings-s word weggelaat as skeidsbrief (Matt. 5: 31 - scheidbrief) verafrikaans word na skeibrief; Vergelyk verder die intervokaliese d in lyde (1929), waar die 1922-weergawe lye het (die vertalers het hier weer duidelik voorkeur gegee aan die 'poëtieser', 'deftiger' vorm); vergelyk ook die wysiging Hoofskeêlplaas (Joh. 19: 17) > Hoofskedelplek (die kern word verafrikaans).

3.11.11 Klinkerverandering (Aram > Ram)

Klankverlies kom voor in Aram (Matt. 1: 3) > Ram. In Matt. 4: 16 word die tweede klinker van skadewee (wat met die gebruiklike Afrikaanse uitspraak ooreen= stem) verander na skaduwee (schaduwe en in Mark. 4: 32 schaduw). Hierdie wysiging geskied volgens die derde grondbeginsel (die reël van gelykvormigheid) van

die AWS (1966: 2), wat eis "dat die grondwoord en sy samestellinge, afleidinge en verboë vorme sover moontlik op dieselfde manier gespel moet word. In ooreenstemming skryf ons senuwee (nie senewee nie) en skaduwee (nie skadewee nie) met die oog op vorme soos ontsenu en oorskadu, wat nie anders gespel kan word nie".

3.11.12 Hoofletters (bose > Bose)

Benewens enkele voorbeelde wat elders in die hoofstuk aangedui is, is daar ook die verandering bose (Matt. 13: 38 - boozen) > Bose - die hoofletter word gebruik daar Bose hier as naam gebruik word.

3.11.13 Samevatting

In 'n stadium toe daar geen vaste grondslag was waar= op die vertalers om leiding ten opsigte van spelreëls kon reken nie, moes hulle self die weg baan - alhoewel daar nie altyd ooreenstemming onder hulle was nie. Met die hulp van die taaladviseurs het hulle ook op hier= die gebied 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse taal gelewer, soos weerspieël word deur die sistematiek wat gaandeweg in die Bybelvertalings ontplooi het.

4. SUBSTANTIEWE MET MEERVOUDSVORME WAT NÁ 1922 GEWYSIG WORD

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die veranderinge wat ná 1922 in die Evangelies ten opsigte van woorde met meervouds= vorm aangebring is, bespreek. Enkele woorde mag dalk in meer as een afdeling bespreek word, omdat meer as een eienskap ter sprake is.

4.2 ENKELVOUDSVORME VAN GESUBSTANTIVEERDE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE WAT AS MEERVOUDSVORME GEBRUIK WORD -E > -S

Byvoeglike naamwoorde word soms gesubstantiveer deur die toevoeging van -e. Dit bring dan mee dat daar 'n enkelvoudsvorm is wat op -e eindig. Hierdie vorm het in die 1922-Afrikaanse Bybelvertaling as enkelvoud en as meervoud gedien. Sommige woorde word met en ander sonder 'n lidwoord gebruik, afhangende van die sinsver= band. Die woordkeuses hieronder genoem stem met die van die Nederlandse Bybelvertaling van 1919 ooreen, behalwe dat die Nederlandse spelwyse soms ietwat verskil. Die rede vir die -e is die algemene apokopering van die Neder= landse meertalligheids-n in Afrikaans - sodoende ont= staan 'n vorm wat met die enkelvoudsvorm ooreenstem maar wat in 1922 dikwels ook vir die meervoud gebruik

word. Die -(e)n-morfeem is algemeen in Nederlands: gave > gaven, week > weken, dag > dagen, maar die -n word in die Nederlandse spreektaal nie gerealiseer nie, en in Afrikaans is dit slegs onder andere in 'n stapel= meervoud vrouens behou. 'n Hollander sal dus dove en doven eenders uitspreek, maar die verskil is nog altyd deur die skrifbeeld gedek[1)]- dus barmhartigen (Matt. 5: 7 - Nederlandse teks) > barmhartige < barmhartige(n) (1922) in plaas van barmhartiges volgens die Afrikaanse gebruik. Die enkel-/meertalligheid in Nederlands word gewoonlik deur die werkwoord uitgewys. 'n Sterk Nederlands ge= oriënteerde soos J.D. du Toit het hierdie verskynsel net so op Afrikaans wou oordra - hy sou nie maklik vorme soos melaatses en goddeloses aanvaar nie. Dit sou sy 'oor' seergemaak het. Ook prof. Smith (ABV 20e) het gesê: "Dit blyk my ongewens om die s-meervoud in die Bybel te gebruik - vrome, goddelose". 'Afrikaners' soos Boshoff en Malherbe sou egter gevoelig wees vir die gebrek aan getalsonderskeiding. In dieselfde dokument (ABV 20e) sê prof. Malherbe: "Waar misverstand nie gewek word nie laat die kunsmatige s bly". Al die genoemde gevalle hier onder (goddeloses uitgesonder) word van 1929 - 1953 met 'n -s geskryf, wat dan aandui dat hulle as meervoudsvorme beskou word, en gevolglik behandel ek hierdie groep in die hoofstuk oor meervoude. Die feit dat hierdie woorde in die Nederlandse teks sowel as in die

---

1) Vgl. Swaardemaker 1928:236; De Vooys 1967:52.

grondtaal as meervoudsvorme opgeteken staan asook die feit dat in die latere Afrikaanse vertalings die meervoudsvorm gebruik word, bevestig die vermoede dat die ondergenoemde woorde as meervoude bedoel word en nie as 'n soort omvattende kollektief nie.

4.2.1 Voorbeelde (arme > armes)

Die volgende voorbeelde is uit Matthéüs opgeteken: die sagmoedige (5: 5); barmhartige (5: 7); regvaardige (5: 45) > regverdiges. In Matt. 25: 37 en Mark. 2: 16[1] staan egter regvaardiges met -s as meervoudsuitgang > regverdiges (1929); onregvaardige (5: 45) > onregverdiges; kleingelowige (6: 30); besetene (8: 33); blinde[2] (11: 5; 15: 30); kreupele (11: 5; 15: 30); (die) dowe (11: 5); (die) dode (11: 5; 28: 4) > dooies (1929 - 1953) - vergelyk hiermee: die dode (22: 32; Mark. 12: 27) > die dode (1929 - 1933) > dooies (1953); onskuldige (12: 7); slegte en goeie (13: 48); stomme (15: 30); lewende (22: 32) lewende (1929 - 1933) > lewendes (1953).

In Markus word 'n aantal gevalle wat bo voorkom, herhaal. In sommige gevalle behels die veranderinge morfologiese wysigings en hulle word elders behandel. Let ook op gevalle soos krankes (6: 13) en grotes (6: 21), waarin wel -s as getalsmorfeem gebruik word - die vervangende woorde is siekes en groot manne.

---

1) Mark. 2: 17 in die latere vertalings.

2) In Matt. 15: 31 kom stomme, blinde en kreupele ook voor.

Uit Lukas kom die volgende: [1] ongehoorsame (1: 17); nederige (1: 52); hongerige en ryke (1: 53); bekende (2: 44); ondankbare (6: 35); onverstandige (11: 40); ontroue (12: 46). Uit Johannes: gelowige (6: 22, ops.) en vreemde (10: 5).

Wat die woord lewende (Matt. 22: 32) betref, word die wysiging tot lewendes eers in 1953 aangebring - dit geld ook vir Luk.20: 38. Prof. Boshoff (ABV 20e) het "lewendiges i.p.v. lewende" voorgestel ten opsigte van Luk. 20: 38 - 'n voorstel wat nie inslag gevind het nie.[2]

'n Interessante geval wat onder hierdie groep ressorteer, is melaatse (Matt. 10: 8), wat in al vier vertalings sonder -s voorkom. Dit wil dus voorkom asof hierdie 'meervoudsvorm' tot in die 1953-teks invloed van Ne= derlands vertoon. [3] In 'n los pamflet (ABV 21j) waar= aan prof. G. Dekker gewerk het, is potloodaanmerkings geskryf na aanleiding van sekere voorstelle met 'n pen aangebring; onder andere word daar na Matt. 10: 8 ver= wys - in ink staan geskrywe Melaatses en in potlood: "Oor die -s moet nou 'n beslissing val". Prof. Boshoff (ABV 20e) sê t.o.v. Luk 4: 27: "Lees melaatse mense of melaatse (wat verderop in die teks voorkom in die mv./i.p.v.

---

1) Herhaling word vermy.

2) Met verwysing na Ps. 142: 6 ('my deel in die land van die lewende') skryf prof. T.H. le Roux (ABV 21g) op 1936-10-28: "lewendes lyk beter".

3) Vgl. ook goddelose (Ps. 1: 1).

melaatses"; en in sy korrespondensie met dr. Dekker op 27 Aug. 1947, skryf ene J.H. Jordaan: "melaatse (i.p.v. - s)" (ABV 21i).

Taamlike afwisseling kom voor ten opsigte van die woord dode en sy alternatiewe vorm dooies. In Matt. 11: 5; 28: 4 (sonder lidwoord) en Luk. 7: 22 en 9: 60 word (die) dode in 1929 verander na dooies; maar in Matt. 22: 32; Mark. 12: 27; Luk. 20: 38 en Luk. 24: 5 word (die) dode eers in 1953 na dooies gewysig.

In 'n lys reëls deur drr. Fourie en Du Toit geteken (ABV 20b s.j) staan onder punt 15 geskrywe: "'n Geykte uitdrukking soos uit die dode - bly. Verder die dooie - mv. dooies". Met betrekking tot Matt. 14: 2 stel J.D. du Toit (ABV 15a) voor "dooies → dode" - vgl. (1929): 'Hy het uit die dode opgestaan'.[1] (Hierdie onhoudbare vorm word in DBB na 'is uit die dood opgewek' verander, wat 'n wysiging van die aktief na die passief meebring - wat 'n belangrike teologiese implikasie het en volgens IGE is dit taalkundig die regte vertaling.) Dr. Du Toit (a.w.) het dieselfde wysiging voorgestel vir Matt. 22: 31, en die dode word tot in 1953 behou (vgl. ook Luk. 20: 37). Die dode kom ook in Die Twaalf Artikels voor.

Prof. Boshoff het verklaar (ABV 20e): "As hier gebooie[2]

---

1) Prof. J.J. Smith het die vorm gebooie bevraagteken (ABV 20c).

2) Volgens die omslag ABV 14 maar binnekant ABV 15a. Dit is verbeteringe met 'n rooi pen wat op 'n getikte manuskrip aangebring is.

gebruik word, waarom dan nie ook dooie(s) nie". Hy ver= wys na Luk. 1: 6; 7: 12, 15 en verder na 7: 22, waar dooies gebruik word, en voeg dan by: "in 9: 7 sou die dode kan gebruik word, maar selfs hier is die dooie moontlik, vgl. 9: 60 dooies; waar dit moeilik gaan om 'n ander vorm as die dode te gebruik, is in 16: 30, 31; 20: 35 en 24: 46, daarteen sou ek die dooies gebruik in 20: 37, 38 en in 24: 5 lees die lewendige by die dooies". (Al hierdie verwysings is na Lukas.)

Ten opsigte van ellendige (m.b.t. Ps. 10: 12) stel dr. G. Dekker op 35-02-14 (ABV 21a) ellendiges voor. In nommer 29 van hulle lys reëls (ABV 20b) stel drr. Fourie en Du Toit armes voor as meervoud vir arm mens.

4.2.2 Samevatting

In bogenoemde voorbeelde van gesubstantiveerde byvoeg= like naamwoorde is die auslautsklank in die enkelvoud altyd /ə/- die enkelvoud is immers 'n arme. Die meer= voudsvorm sou dus in moderne Afrikaans armes wees, maar die 1922-vertalers het die enkelvoudsvorm ook vir die meervoud gebruik.

D.F. Malherbe het reeds in 1921 in sy Afrikaanse Taalboek (p. 43) daarop gewys dat selfstandig gebruikte byvoeglike naamwoorde wat van die lidwoord die vergesel is, in die

meervoud 'n -s-auslaut het. Hierdie reël is onder andere nie by Matt. 5: 7 in ag geneem nie, waar die 1922-vertaling die barmhartige het. In elk geval stel Malherbe voor dat waar gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde in Nederlands 'n -n as slotklank het, wat in Afrikaans nie moontlik is nie, daar van 'n -s gebruik gemaak moet word (ibid.: 42). E.C. Pienaar (1925: 68) het ook daarop gewys dat sulke woorde die -s-vorm moet kry. As voorbeeld noem Pienaar die vorms armes, rykes, blindes maar stem tog saam met melaatse.

Die 1922-vertalers moet kennis gedra het van Malherbe se werk, wat in 1921 verskyn het - hy was immers self een van die taaladviseurs vir die Bybelvertaling -, maar daar is nie op hierdie aspek wat hy aangeraak het, ag geslaan nie.

In verband met gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde het prof. Smith gesê (ABV 20g): "Die meervoud van adjektiewe gebruik as selfstandige naamwoorde is blykbaar iets nuuts in ons taal, en vir baie mense is dit nog effens plat. Dieselfde geld vir voornaamwoorde soos dies, diegenes, daardies, hierdies, ook van anders (bv. die anders het almal daarvan geweet). Veral na wat ek die laaste tyd hier i/d Boland gevind het, lyk dit my ongewens om in sulke gevalle die s-meervoud in die Bybel te gebruik. Persoonlik glo ek dat die Bybeltaal liewer konserwatief moet wees. As dit later blyk

dat die s-vorme algemeen word, dan sal dit maar 'n kleinigheid wees om die s by te voeg" (my kursivering; Opm. ander en die het nie -e-auslaut nie.)

In haar ondersoek na die taal van Die Huisgenoot het Y. Stoops (1972: 6) talle voorbeelde van substantiwies gebruikte adjektiewe met meervoud sonder -s wat in die twintigerjare voorgekom het, teëgekom. Sy verklaar eg= ter verder: "Tog is die gewone vorm in 1920 blykbaar al wel met -s". Dit bevestig verder die vermoede dat die vorme op -e in die eerste proefvertaling nie in ooreenstemming met die alledaagse gebruikspatroon was nie. Stoops se ondersoek het verder tot die ontdek= king gelei dat gevalle sonder -s na 1930 nie voorkom nie. Die Bybelvertalings bevestig hierdie patroon - slegs die woord melaatse kom in die Evangelies sonder slot -s in die meervoud voor en in die Psalms en el= ders ook nog goddelose. Met dode het die vertalers hulle vasgeloop teen 'n Nederlandse oorname wat nie verafrikaans kan word nie - dode kan nie 'n -s bykry nie, dooie wel.

4.3 GESUBSTANTIVEERDE WERKWOORDE/DEELWOORDE: -E AS GETALS= MORFEEM > -S-GETALSMORFEEM

4.3.1 Gesubstantiveerde werkwoorde/deelwoorde (geveinsde > geveinsdes

Dit bly 'n probleem om te bepaal wanneer 'n woord in Afrikaans 'n selfstandige naamwoord is wat van 'n werk=

woord afgelei is (vgl. Kempen 1962: 36 - 40). Die volgende groep woorde wat onder bespreking kom, gaan ek as gesubstantiveerde werkwoorde en ander as gesub= stantiveerde deelwoorde beskou. In enkele gevalle is dit miskien moeiliker om te bepaal hoe die morfologiese samestelling geskied het, byvoorbeeld eersgeborene (waarskynlik 'n samestellende afleiding eerste gebore wat weer van die Nederlands eerst geboren(e) afgelei is), maar in die ander gevalle het ons met gesubstan= tiveerde deelwoorde en gesubstantiveerde werkwoorde te make: Uit Matthéüs: geveinsde (6: 16); gesaaide (12: 1); lewende (22: 32) kom voor van 1922 af tot in 1933; ge= seënde (25: 34); uit Markus: uitverkorene (13: 20); uit Lukas: gevangene (4: 19) > gevangenes (1929) > gevangene (1933) > gevangenes (1953 en ook in DBB); verminkte (14: 21) > verminktes (1953); oordenkinge (Luk. 5: 22) word deur 'n sinonieme afleiding, naamlik redeneringe, vervang. In die konteks dui redeneringe op 'n bespreking onder mekaar deur skrifgeleerdes en Fariseërs, en hierdie keuse kom dus gepaster voor as oordenkinge, wat moontlik eerder op bepeinsing dui.

Al bogenoemde voorbeelde is regstreekse verafrikaansing van die Nederlandse teks - die Nederlandse slot -n word weggelaat. Op een na (nl. lewende) het hulle die morfo= logiese samestelling prefiks + stam + agtervoegsel.

Die volgende is gesubstantiveerde deelwoorde: verminkte, gesaaide, geseënde, geveinsde, uitverkorene, lewende,

gevangene. Hoe dit ook al sy, almal word van 1929 af met 'n -s-getalsmorfeem uitgebou. Behalwe gevangene, wat in 1929 gevangenes word, in 1933 weer gevangene en in 1953 weer eens gevangenes. In sy voorstelle gestuur aan dr. Dekker (ABV 21i), gedateer 27 Aug. 1947, stel J.H. Jordaan vir Luk. 4: 19 gevangene(-s) voor. Drr. Du Toit en Fourie (ABV 20 2) punt 12, sê weer dat hulle nie so 'n groot beswaar teen gevangenes as teen getuies het nie. Wat lewende betref, kom die -s eers in 1953 by. Malherbe (1921: 43) het gesê: "Daar is vandag 'n neiging om *s* soveel moontlik te skrywe. Noodsaaklik is *s*-meer= voud ten minste daar waar die samehang nie duidelik die getal uitwys nie. Daar is egter woorde wat altyd onver= anderd bly ... b.v.: *nabestaande, naasbestaande, ingesetene, bloedverwante, melaatse, dode en gewonde, eersgeborene, gevangene*" (HAT gee wel bloedverwant).

4.3.2 Samevatting

In moderne Afrikaans is die getalsmorfeem van woorde soos die wat in hierdie groep aangedui is, -s en nie -e nie. Die woorde se gebrek aan 'n meervoudsuitgang druis dus teen die Afrikaanse reël in.

4.4 Gesubstantiveerde rangtelwoorde met meervoudsvorm op -e word met meervoud op -s vervang (eerste > eerstes)

Die gesubstantiveerde rangtelwoorde kom in die 1922-vertaling met 'n meervoudsvorm op -e voor, vergelyk

eerste (Matt. 20: 10) en tiende (Luk. 18: 12). Hulle word van 1929 af met die -s-uitgang gestruktureer. Vergelyk hierteenoor in Luk. 13: 30 eerstes en laastes maar wat van 1929 af die eerste en die laaste word, vergelyk: 'En siet, daar is laastes wat die eerstes sal wees, en daar is eerstes, wat die laastes sal wees' 'En daar is laastes wat eerste sal wees en daar is eerstes wat laaste sal wees'. Die Nederlands het in albei gevalle eersten, tienden en gebruik ook laatsten.

4.4.1 Samevatting

As algemene samevatting van die bostaande vier afdelings se gegewens kan gekonstateer word dat die vertalers van die 1922-uitgawe van die Evangelies en Psalms voorkeur gegee het aan meervoudsvorme wat op -e uitgaan - of miskien moet mens eerder sê dat dieselfde vorm vir enkelvoud en meervoud gebruik is - en dat die korrekte meervoudsvorm (die -s-getalsmorfeem) ná 1922 gebruik is.

4.5 GESUBSTANTIVEERDE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE MET -E-UITGANG

4.5.1 Sinonieme (vreedsame > vredemakers)

Sekere byvoeglike naamwoorde wat as substantiewe ge= bruik word en waarvan die enkelvoudsvorm (-e) ook vir die meervoud gebruik word, kom in 1922 voor, en hier= die enkelvoudsvormige meervoude word ná 1922 met sino= nieme vervang (waarvan sommige ook gesubstantiveerde adjektiewe is). In die eerste geval is die woorde nie ten volle sinoniem nie; vreedsame (Matt. 5: 9) word deur die woord vredemakers vervang, en laasgenoemde dui op mense wat daadwerklike pogings aanwend om vrede te bewerkstellig, terwyl eersgenoemde eerder op passiwi- teit dui. Magtige (Luk. 1: 52) > maghebbers - laasge= noemde is 'n beter keuse vir Afrikaans en word deur DBB behou. Kranke (Luk. 4: 40) > siekes - eersgenoemde is meer beperk tot kanseltaal en laasgenoemde is frekwen= ter. (In Mark. 6: 13 kom krankes met -s voor > siekes.) Dieselfde geld die woordpaar: krankhede (Luk. 8: 2) > siektes. Die argaïese bose word in Luk. 6: 35 met slegtes vervang. Volgens Nienaber (1949: 29) was D.F. Malherbe se advies dat boses nie gebruik moes word nie.

4.5.2 Samevatting

Met die uitsondering van krankhede[1] druis al die ander

---

1) "Oral waar /əit/ deel is van die suffiks heid tree die wisse= ling /əi-e/en/t-d/ op" (De Klerk 1962: 23).

voorbeelde van 1922 se meervoudsvorme teen die reël van Afrikaans in. [1] Die vervangende meervoudsvorme is in ooreenstemming met die reël van gebruiklike Afri= kaans.

4.6 GEWONE SUBSTANTIEWE MET -E-MEERVOUDSVORME WORD DEUR MEERVOUDSVORME OP -S VERVANG

Hierdie groep bestaan uit selfstandige naamwoorde wat in 1922 ook hoofsaaklik in navolging van die Nederlandse vertaling 'n -e uitgang het (slegs die Ndl. meervouds-n val weg), maar ná 1922 kom 'n -s in die auslaut voor. Hier is -e anders as in die vorige groep, want die enkel= voudsvorm bevat geen -e nie - dit is 'n getalsmorfeem sonder meer. Volgens Nienaber (1949: 29) het skrywers wat onder die invloed van Nederlands staan, sterker voor= keur vir -e as meervoudsuitgang,[2] terwyl daar 'n sterk neiging by Afrikaans is om liewer -s te gebruik.[3] Slegs in enkele gevalle verskil die 1922-woorde van hierdie

---

1) Vgl. De Bruto en Wissing (1974: 85, reël 25).

2) Vgl. Verhage (1946) oor die invloed van die Nederlandse slot -en op Afrikaans.

3) Waar die jonger vertalings 'n sinonieme woord gebruik en nie net na -s- pluralisasie oorskakel nie, word dit aange= dui.

groep van die Nederlandse woord.

4.6.1 Woorde wat op mense betrekking het (koninge > konings)

Die eerste onderafdeling van die konkreta van die groep woorde onder bespreking het te make met mense of wesens - vergelyk uit Matthéüs: dùiwele (7: 22); koninge (11: 8); sone (12: 27) > seuns (ook soons: 17: 25, 20: 17, ops.); vadere (23: 30); dienare (26: 58). In Markus kom voor: getuie (14: 63 - die Nederlands het getuigen, waarvan die enkelvoud getuige is) > getuie (1929 - 1933) > ge= tuies (1953); en in Lukas: Sadduseë (20: 27, ops.) > Sadusseërs.

4.6.2 Verdere konkreta

Verdere konkreta met -e as meervoudsuitgang is: Uit Matthéüs: penninge (18: 28); uit Mark. tekene (13: 22); uit Lukas: sinagoge (4: 44); gawe (11: 13); Psalme (20: 42); uit Johannes: woninge (14: 2). Gawe en sinagoge het albei in Nederlands -e in die enkelvoud. Dit is merk= waardig hoe meganies die Nederlandse slot -n weggelaat is!

Dit is opvallend dat beide vorme sone (Matt. 12: 27) en soons (Matt. 17: 25) in 1922 in Matthéüs voorkom. Dit dui moontlik op 'n onsekerheid onder die vertalers self aangaande watter vorm die juiste Afrikaans is.

Van 1929 af word seuns op albei plekke gebruik. Die= selfde geld van penninge (Matt. 18: 28; Luk. 7: 41; Joh. 6: 7; 12: 5 en pennings Mark. 6: 37). Die vorm penninge word tot in 1929 behou, maar van 1933 af word dit na pennings gewysig.

4.6.3 Abstrakta (sonde > sondes)

Van die abstrakta is daar uit Matthéüs insettinge (15, ops.) > (oorlewering) en uit Lukas: sonde (24: 47) - laasgenoemde het ook 'n slot -e in die enkelvoud, wat nie by die ander die geval is nie, en van die woorde wat gebeure aandui: wondere (Mark. 13: 22), wat ook sonder slot -e in die enkelvoud is, en aardbewinge (Luk. 21: 11).

4.6.4 Meervoudsreëls van Afrikaans vir woorde met -ng in die auslautsbou

Volgens De Klerk (1964: 18) is die algemene reël vir woorde met -ng in die auslautsbou 'n -e-meervoud, be= halwe waar dit deur klemsterkte anders bepaal word. Die algemene gebruik by tweelettergrepige woorde met klem op die eerste lettergreep is 'n meervoudsuitgang -s - vergelyk: dorings, fraiings, heinings, palings en relings.[1)] Na analogie van hierdie voorbeelde sou mens

---

1) Met die -ing - uitgang staan dit nie so vas as wat De Klerk se formulering skyn weer te gee nie. Woorde wat op -ling eindig het feitlik deurgaans 'n -e getalsmorfeem (vgl. banneling) en woorde op -ing het dikwels -e meervoudsmor= feem (vgl. vermaninge/vermanings).

eerder pennings as penninge verwag. (AWS van 1921 gee albei vorme aan.) Dit pas ook in die reël van Wissing en De Bruto (1974: 38) ten opsigte van sonore konsonante:

$$\text{Pl} \quad /S/ \Big/ \begin{bmatrix} - \text{ klem} \end{bmatrix} \quad \begin{bmatrix} + \text{ son} \\ + \text{ kons} \end{bmatrix} + \; - \#$$

Prof. J.J. Smith (ABV 20g) se aanbeveling in hierdie verband was dat -ings gebruik moet word by konkreta soos wonings, maar -inge by abstraksies soos verordeninge. By kwelling stel hy egter 'n meervouds-s voor, omdat dit 'n "meer alledaagse woord" is.

Van die tipe woorde met -ing het D.F. Malherbe (1921: 41 - 42) gesê: "Die abstrakte s.nw. wat gevorm word van ww. met die agtervoegsel *-ing*, het as reël twee meervoudsvorme: *handelinge* of *handelings*, *bewerkinge* of *bewerkings*, *vergaderinge* of *vergaderings*, ens. By baie woorde voel 'n mens duidelik die-*e*-meervoud as die geleerde vorm. Hoe geleerder die woord d.i. hoe meer gebruiklik as boekwoord, hoe gewoner die *e*-meervoud ... (my onderstreping). By die skrywe is die neiging tot gebruik van *e*- aanwesig. Hoe minder 'n skrywer egter onder Nederlandse invloed staan, hoe minder hy *e*- sal gebruik" (my onderstreping). Hierdie standpunt geld, algemeen gesproke, vandag nog, en dit

verklaar ook die voorkeur vir die -e-vorm in 1922, daar die vertalers van daardie tydperk die Nederlands as model gehad het. Na aanleiding van Psalm 103: 12 het D.F. Malherbe ook verklaar (ABV 20e): "Woorde op -ing behalwe natuurlik konkreta soos woning, koning behoort die meervoud met -e te vorm. Daarom oortredinge, insettinge, verordeninge".

Prof. Le Roux (ABV 20e) het gevra: "Waarom insettings maar verordeninge. Persoonlik gebruik ek die e - meer= voud, behoudens bepaalde gevalle. Maar die s - mvd. brei meer en meer uit". Uit 'n lys "Punte voortvloei= end uit hersieningswerk" (ABV 20a) - sonder aanduiding van opsteller - word wonings met -s-meervoud aangedui. Dr. Du Toit beveel ook die -s aan vir sondes in Joh. 8: 24 (ABV 15a), en T.H. le Roux wou nabestaandes hê (ten opsigte van Ps. 38: 12) eerder as die vorm op -e, soos in 1922 gebruik (ABV 21g - datum 1936-10-28).

4.6.5 Samevatting

Samevattend kan gesê word dat die 1922-vertaling die Nederlandse teks in bykans al die gevalle navolg, be= halwe dat die Nederlandse meervouds-n wegval. Benewens enkele gevalle word die -e-uitgang van 1929 af met 'n

-s-meervoud vervang. In woorde wat op sonore konsonan= te eindig [l m n ŋ r] wat deur 'n sillabe wat nie klem dra nie, voorafgegaan word, word in Afrikaans 'n -s-meer= voudsmorfeem gebruik (vgl. Wissing en De Bruto 1974: 82 - 83; De Klerk 1962: 15 - 20). Volgens hierdie reël is dit strydig met die Afrikaanse meervoudsreël om aan bogenoemde woorde wat in die enkelvoud op sonore konso= nante uitgaan, die e-meervoudsmorfeem toe te voeg. Dit geld ook vir sone, want volgens De Klerk (1962: 43) is dit "opmerklik dat al die verwantskapswoorde 'n /s/- affiks vereis".

Die verskillende vorme van woorde soos pennings en seuns in die 1922-vertaling dui moontlik op onsekerheid of verskil van mening onder die vertalers self.

4.7 MEERVOUDSVORME OP -ERE

4.7.1 Die keuse beendere/gebeente/bene

'n Aantal selfstandige naamwoorde met -ere as meervouds= morfeem en wat 'n 'deftige', 'boekerige' gevoelswaarde het, word in die Bybeluitgawe van 1922 aangetref, en van 1929 af word hulle met 'n -s geskryf. 'n Interes= sante geval is die wysiging van doodsbeendere (Matt.

23: 27 - doodsbeenderen) na doodsbene, wat meer as net vorm= variasie behels. VAW verklaar gebeente met: 'bene, ge= raamte' maar gee nie beendere aan nie. WAT verwys na 'bene (beendere) van die skelet'. Beendere dui eerder op 'n 'geraamte' en bene op die 'onderdele van 'n ge= raamte' (wat waarskynlik die bedoeling in genoemde teks is) of op die 'liggaamsdele waarop mens loop' (vgl. ook De Klerk 1962: 55). Prof. Smith (ABV 20g) het geskryf[1]: "beendere moet liefs vermy word. Gebeente is seker beter as bene" (gebeente is sedert 1929 gebruik en in DBB deur liggaam vervang). T.H. le Roux was dieselfde mening toe= gedaan: "'Gebeente' sal beter wees as 'bene'" (ABV 21g), maar D.F. Malherbe (ABV 20e) se voorkeur was die omge= keerde: beendere in plaas van gebeente).[2]

4.7.2 S. nw. op -ere > rs (vadere > vaders)

Die volgende veranderings van substantiewe op -ere na -rs kom voor: kindere in 'kindere van die koninkryk' (Matt. 13: 38 - kinderen; vgl. ook Joh. 13: 33, waar die Neder= lands kinderkens het) > kinders. Vadere (Luk. 1: 17 - vaderen), die eienaardige lammere (Luk. 10: 3 - lammeren) en wondere (Joh. 4: 48 - wonderen) word na vaders, lammers en wonders

---

1) Na aanleiding van Ps. 31: 11, waar die 1922-vertaling beendere het.

2) Ten opsigte van Ps. 102: 4.

verander. Vader het vandag nog twee meervoude (vgl. "soos ons vadere vertrou het") soos deur HAT en TW aangedui (VAW het net -s). Dit is duidelik dat ook hierdie vorme onder Nederlandse invloed ont= staan het en geskryf is soos wat dit in Nederlands uit= gespreek is. In Mark. 3: 28 word kindere in 1929 na mensekinders verander. Wat Luk. 11: 13 betref, word kinders in al vier vertalings met -s as meervoudsmor= feem gebruik. [1] Die vreemde Nederlandsagtige bruilofs= kindere in Luk. 5: 34 word in die latere vertalings met bruilofsgaste duideliker gestel.

Verdere vormlike wysigings is die van volkere (Luk. 2: 31) na volke (of dit kan 'n vertalingskwessie wees), en in Luk. 12: 30 word volkere deur nasies vervang (wat op 'heidene' dui; DBB: heidennasies) [2]. In Luk. 19: 8 word die meervoud goedere deur die enkelvoud goed vervang, maar in Luk. 1: 53 word goedere deur die byvoeglike naamwoord goeie plus substantief dinge ver= vang en in Luk. 8: 3 deur 'n sinoniem, naamlik besit= tings .

De Klerk (1962: 24) beweer dat slegs gemoed, been, lied

---

1) Volgens Le Roux en Le Roux (1951: 161, opm. 2, het kint in Mnl. nie minder as ses meervoudsvorme gehad nie.

2) Vgl. bespreking paragraaf 4.13.1.1, p. 241.

en volk woorde is waarvan die meervoud deur -ere gevorm word. [1] Hiervolgens is slegs twee uit bostaan= de inventaris in ooreenstemming met die Afrikaanse reël en is die ander 'onegte' Afrikaanse vorme. Dit is opvallend dat selfs volkere en beendere (laasgenoem= de kom wel in die 1953-hersiening op 'n paar plekke in die Psalms voor) in die latere vertalings na volk en bene verander word.

4.8 MEERVOUDE OP -E KRY NÁ 1922 -RS BY (Sadduseë > Sadduseërs)

Daar is slegs drie woorde van hierdie groep, naamlik Sadduseë (Matt. 16: 6 - Sadduceën), Fariseë (Mark. 2: 16 - Farizeën) en Gadarene (Mark. 5: 1 Gadarénen) en hulle word na Sadduseërs, Fariseërs en Gadaréners onder= skeidelik verander. Volgens VAW val die klem by Sadduséër en Fariséër op die voorlaaste vokaal en ge= volglik verg die reeds genoemde reël vir meervoudsvor= ming ook hier 'n -s. Dieselfde geld vir Gadarener. Sadduseër en Fariseër staan egter nie op een vlak met Gadarener nie - Gadarener < Gadara. Dit is nie duidelik waar die -r vandaan kom nie - dit kom nie in die grond= taal in die woord voor nie. Hierdie kwessie staan tot vandag toe nog oop in Fillipense, Kollossense, Tessalo= nisense.

---

1) Hy slaan ten minste goed en gelid oor.

4.9 MEERVOUDSVORME WORD DEUR ENKELVOUDSVORME VERVANG

'n Aansienlike getal substantiewe wat in die verta= ling van 1922 voorkom, word van 1929 af deur dieself= de woord in die enkelvoud of deur 'n sinonieme woord, ook met enkelvoudsvorm, vervang. Oor die algemeen word nã 1922 'n meer idiomatiese Afrikaanse segswyse aangewend, en in enkele gevalle word die sinslogika be= vorder. Sekere woorde wat metafories gebruik word, as= ook bepaalde abstrakta het 'n grammatiese enkelvouds= vorm met meervoudsimplikasie - dit geld veral woorde wat nã 1922 voorkom, waaronder ook 'n aantal gesubstan= tiveerde werkwoorde (vgl. betrekkinge) en gesubstanti= veerde adjektiewe (vgl. gierighede). Enkele voor= beelde van woordsoortwysiging kom voor, en daar is ook gevalle waar 'n nie-sinonieme woord in die enkelvoud die 1922-woord vervang. 'n Paar betekenisaanpassings is gemaak.

4.9.1 Konkreta (lande > streek)

4.9.1.1 Woorde wat op mense betrekking het (betrekkinge > familie)

Die volgende woorde het op mense betrekking: Skares (Matt. 27: 20 - scharen) word van 1929 af sonder die

s geskryf. In dr. Dekker se aantekeninge (ABV 21f) staan geskryf: "Ek het geen beswaar teen 'skare' nie, wat vir my die ekv. is. Waarom sou mens die af=wisseling met 'menigte' uitskakel?". Eintlik is die meervoud in hierdie verband onbegryplik. Met betrek=king tot Matt. 7: 28 word verklaar (ibid.): "Waarom 'n woord soos 'skare' in die ban doen - goeie afwisseling naas menigte"; en in verband met Matt. 12: 23 (ibid.): "Waarom juis 'menigte' in die mv.?" Die vorm wat van 1929 geseëvier het, is menigtes, wat ook in Luk. 5: 15 die woord skare vervang het. Met betrekking tot Matt. 14: 5 staan (ibid.): "Is 'skare' of 'menigte' wel die woord hier? Moet dit nie wees 'volk' nie? Ek sien dat die Statevert. ook 'volk' het"; in potloodbyskrif: "ja, ook N.V." Skare is inderdaad gehandhaaf. Vir Matt. 26: 47 en Matt. 20: 29 (ABV 15a) het J.D. du Toit menig=te in plaas van skare aanbeveel, en sy voorstel is dan ook so aanvaar.

Die meer boekerige woord betrekkinge (Luk. 2: 44) word deur die gebruiklike familie vervang - 'n enkelvouds=vorm wat semanties meerduidig is; vergelyk ook gesante (Luk. 14: 32)> gesantskap; laasgenoemde dui eerder op die gesant en sy gevolg - dus 'n mate van betekenisaan=passing (DBB se afvaardiging is veel beter; gesante is ook beter as -skap). In 'n opskrif bokant Luk. 17 word die onafrikaanse onnette diensknegte tot die nuttelose

dienskneg gewysig - wat suiwerder Afrikaans is. 'n Gesubstantiveerde byvoeglike naamwoord kleine (Luk. 17: 2) word na die verkleinwoord kleintjies, wat beter Afrikaans is, verander.

Woordsoortwysiging vind plaas met die verandering van die gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde wyse en dwase (Matt. 25: 2) na die adjektiewe verstandig en dwaas onderskeidelik. Eersgenoemde woorde is in elk geval onafrikaanse meervoudsvorme en die vervangende woorde suiwer Afrikaanse adjektiewe.

4.9.1.2 Plekaanduidende woorde (binnekamers > binnekamer)

'n Plekaanduidende woord soos binnekamers (Matt. 24: 26) word tot in 1933 gehandhaaf, en in 1953 word dit binnekamer, wat sintakties logieser is - vergelyk: ' ... kyk, Hy is in die binnekamer ... ' In Luk. 12: 33 (onder andere) word hemele van 1929 af ook in die enkelvoud geskryf, maar in Matt. 16: 19 word hemele tot in 1953 deurgaans gehandhaaf ('die koninkryk van die hemele'). Die verklaring hiervoor is in die Grieks te vind. [1] Presies die teenoorgestelde word in Matt.

---

1) Vgl. ook: Ps. 36: 6; 57: 11, 12.

24: 31 aangetref, waar hemel die 1922-vorm is, en die meervoud, hemele, in die jonger vertalings voorkom. Mens vra jou ook af of lande (Joh. 11: 54), wat tot die logieser streek vereng word, nie dalk 'n drukfout is nie, daar die Nederlands land het.

4.9.1.3 Ander konkreta (vrug > vrugte)

Die volgende woorde het op ander konkrete sake betrek= king: Brode (Mark. 6: 36) > brood, wat hier 'n veralge= mening, 'n versamelnaam is. Die bedoeling is waarskyn= lik kos, soos in die vierde bede, waar dit (ten spyte van die Goties hlâif) nie die Engelse loaf beteken nie. Die oordragtelike dra van vrugte (Luk. 8: 15) > vrug, maar waar daar sprake is van bome wat dra, gebruik die eerste Afrikaanse vertaling vrug, na aanleiding van die Nederlandse vrucht, (Luk. 3: 9), en die jonger verta= lings gebruik vrugte:

Luk. 3: 9: vrug > vrugte (vrug van bome);
Luk. 8: 15: vrugte > vrug (oordragtelik).

Harte in 'redeneringe van hulle harte' (Luk. 9: 47) word na hart verander, wat logieser is - een hart per persoon. Neste (Luk. 13: 19 - nestelden) > nes, sodat die uitdrukking het nes gemaak goeie Afrikaans lewer - nes maak is oer-Afrikaans wat reeds in Middelnederlands bestaan. Goedere (Luk. 19: 8) > goed en in 1929 vervang belasting (betaal) die onafrikaanse skattinge (Luk. 23: 2)

- beide vervangende woorde impliseer meervoud. Waters (Joh. 3: 23) word na water verander.

'n Woord wat 'n aktiwiteit aandui, kom ook voor, naam=lik klaagliedere (Luk. 7: 32)> klaaglied. (Die Grieks het ἐθρήνησαμεν en IGE vertaal met we mourned/we wailed) - dus met 'n werkwoord. Die onafrikaanse groetinge (Luk. 20: 46) word deur die toevoeging van 'n premorfeem na begroetinge verbeter.

Die veranderinge na die enkelvoudsvorme ná 1929 bring in sekere gevalle 'n verbetering van die logika, in ander gevalle word 'n minder verhewe woord gebruik en oor die algemeen lê die veranderinge nader aan gewone Afrikaanse gebruikstaal.

4.9.2 Abstrakta

4.9.2.1 Woorde vir tyd en afstand (sabbatdae > sabatte)

Die verandering na enkelvoud geld ook 'n aantal woorde wat tyd en afstand aandui. Beide sabbatdae (Matt. 12: 12 - Sabbatdagen) en sabatte (sic!) in Luk. 6: 2 (sab=batten) word deur sabbat vervang. Die woord sabbat dui 'n bepaalde dag van die week aan, en wette of reëls wat dus vir een sabbat geld, geld by implikasie iedere

4.11.2 Woorde vir konkreta, plek en tyd (mandjies > mandjiesvol)

Mandjies (Matt. 16: 10) wat opgetel word, word na mandjies=vol ('n gewone samestelling) verander. Met hierdie wis=seling het die vertalers in 1929 'n dubbelsinnigheid uit die weg geruim. Met die verandering winde (Matt. 24: 31 - 1922 - 1929) > windstreke (1933 - 53) word die 1922-woord se kern as bepaler van die vervangende woord be=hou en terselfdertyd geskied betekeniswysiging ook, daar windstreke plekaanduidend is - dit is waarskynlik toe te skryf aan 'n beter begrip van die grondteks. Die aard van die dae (Luk. 2: 43) word ná 1922 met feesdae duideliker gespesifiseer en so ook die boeie van Luk. 8: 29 as voetboeie. In bogenoemde gevalle word die 1922-woord as kern van die woordkeuse ná 1922 behou. Stukke in Joh. 6: 12 (1929 - 33) word in 1953 na die beeldender brokstukke verander (1922 het brokkies); klere (Joh. 13: 12) word ná 1922 as bo-klere gespesifi=seer. Dr. J.D. du Toit het op 'n getikte manuskrip (ABV 15a) die wysiging boklere sonder koppelteken aan=gebring.

Dit is interessant hoedat die verskillende Afrikaanse vertalings ten opsigte van Joh. 2: 6 verskil: (klip) waterkanne (1922) > klipwaterkanne (1929 - 33) > klipkan=ne (1953) > (klip) waterkanne (Nuwe Vertaling) > klipkanne (DBB) - die Nederlands het watervaten en die

nuwe Nederlandse vertaling van 1963 stenen watervaten.

4.11.3 Samevatting

Ook in bogenoemde gevalle is die betekenis van die woorde in die jonger vertalings oor die algemeen spesifieker en word sekere Nederlandismes ná 1922 met suiwerder Afrikaans vervang. Die opvallendste eienskap is egter dat die 1922-woorde in die latere woordkeuse geïnkorporeer word - iets van die oue word tog behou.

4.12 VERBOË SAMESTELLINGS WORD DEUR SINONIEME VERBOË SAMESTELLINGS VERVANG. 'N GEDEELTE VAN DIE WOORDE KORRELEER

4.12.1 Die 1922-bepaler korreleer met 'n deel van die nuwe woord (bruilofskindere > bruilofgaste)

Wat onderstaande voorbeelde betref, word die bepalers van die 1922-komposita ná 1922 behou en die kerns gewysig om betekenishelderheid te bevorder of om oor-'deftigheid' uit te skakel - vergelyk: die onduidelike bruilofskindere (Matt. 9: 15) > bruilofsgaste - 'n dui-

deliker woord. Die argaïsmes landliede [1] (Matt. 21: 38, Mark. 12: 9) en mededienskneg te (Matt. 24: 49) word deur die 'verhewe' landbouers en medeslawe onder= skeidelik vervang en in 1953 is na die 'verhewe' mede= diensknegte teruggekeer. Kopergoed (1929) is idiomatieser Afrikaans as koperdinge (Mark. 7: 4), en in dié geval is dit die Nederlands wat spesifieker is as ál die Afrikaanse vertalings, naamlik koperen vaten. (In DBB is koper heeltemal weggelaat en word die bekers, kanne kopergoed en bedde van 1953 gewysig tot koppies, bekers, bakke en stoele.) Diensbode [2] (Luk. 12: 42) > diensvolk, wat 'n semantiese meervoud is - nog gebruikliker in die spreektaal is bediendes. Diensvolk (wat nie in die 1921-AWS voorkom nie) het egter 'n baie spesifieke bete= kenis: 'Die Here het Israel vir Hom as diensvolk uitver= kies/toeberei'. Gesien die konteks is diensvolk dus nie die geskikte woord nie (DBB: slawe).

Ook die argaïsme landmanne (Mark. 12: 1; Luk. 20: 9) word na die nog steeds 'deftige' landbouers verander.

4.12.2 Die kern van die 1922-woord korreleer met 'n woorddeel van die nuwe woord

---

1) Die 1921-AWS gee landliede as enigste meervoud van landman.

2) Van diensbode (ekv.) sê Scholtz (1963: 171) dit is "'n jong kultuurontlening uit Nederlands of altans 'n woord waarin Nederlandse invloed voelbaar is".

4.12.2.1 Woorde vir konkreta en persone (skenkinge > geskenke)

Die kern van sekere 1922-afleidings word ook ná 1922 as kern in nuwe samestellings of afleidings behou. Betekeniswysiging wat die oorgang van passiwiteit na aktiwiteit meebring, word met die wysiging vreedsame (Matt. 5: 9) > vredemakers bewerkstellig - dit is ook beter Afrikaans. Die tweeslagtigheid van pyners (die mense wat pyn ly of wat pyn veroorsaak) in Matt. 18: 34 word uitgeskakel deur die vervangende, idiomatiese pynigers; en die Nederlandisme addergebroedsels (Matt. 23: 33) > adderge slag - 'n woord wat in groot mate tot die Bybelsfeer beperk gebly het (DBB: julle slange). Silwerlinge (Matt. 27: 3 - silveren penningen) > silwerstukke - ook 'n duideliker woord; ook jongmanne (1929) is 'n gebruikliker Afrikaanse woord as 1922 se jongelinge (Mark. 14: 51 - DBB het mense). Magtige= magtiges (Luk. 1: 52) > maghebbers - wat ook nie juis 'n gebruikstaalwoord is nie. Skenkinge (Luk. 21: 5) dui blykbaar op konkrete sake en word verafrikaans na ge= skenke. Ouderlinge is sinoniem met die vervangende oud= stes (Luk. 22: 66), vergelyk die bevestigingsformulier: 'ouderling of oudste ...' Inbegrepe is die gedagte van 'ouer mense' (DBB het die Raad van die volk).

4.12.2.2 Abstrakta (lasteringe > lastertaal)

Die onafrikaanse lasteringe (Matt. 15: 19) word na die

lastertaal verander - wat nie juis 'n verbetering ten opsigte van gebruikstaal is nie en wat ook nie in die 1921-AWS voorkom nie. [1] Wassinge (Mark. 7: 4) word na wassery verbeter.

4.12.2.3 Samevatting

Benewens die vervanging van argaïsmes, die uitskakeling van Nederlandismes en die aanwending van natuurliker Afrikaanse gebruikstaal kom daar by bogenoemde groepe ook na 1922 sekere woorde voor wat die indruk van 'boe=kerigheid' wek - vergelyk 'n woord soos diensvolk, waar bediendes 'n gebruikliker woord is wat die vertalers kon gebruik het (DBB: slawe), en ook landbouers in plaas van boere.

Die opvallendste eienskap van die voorgaande groepe is egter die behoud van 'n gedeelte of die geheel van die 1922-woord in die keuses wat ná 1922 gemaak is, en hier=in meen ek tog ten minste in sommige gevalle 'n mate van konserwatisme te bespeur - 'n doelbewuste strewe om iets van die tradisionele, dit wil sê die taal van die Statevertaling via die 1922-vertaling, te bewaar. Oberholster (1959: 89) sê: "Om nog 'n ander rede egter is Bybelvertaling moeilik, naamlik dat in die Bybel ken=nis gemaak word met 'n tradisie en gedagtewêreld wat enig in sy soort is ..." - en dit word in toenemende mate in goeie Afrikaans weergegee.

---

1) Ook die gebruiklike Afrikaanse woord laster kom nie in die 1921-AWS voor nie.

4.13 NIE-MORFOLOGIESE SINONIEME VERANDERINGE VAN 1922- MET -E-MEERVOUDSUITGANG

Daar kom in die Evangelies nog meer sinonieme woorde voor wat in die verskillende vertalings gebruik word en waar die wysigings nie met morfologiese strukture te make het nie. Die woorde kan gegroepeer word onder dié wat op mense betrekking het, op plante, diere en en plekke, en op ander konkreta en abstrakta. Soos te verwag verskil die 1922-woord slegs in enkele geval= le (spelling en meervoudsuitgang buite rekening gelaat) van die Nederlands en gevolglik is die 1922-uitgawe argaïeser en dikwels 'deftiger' as die latere vertalings, vergelyk byvoorbeeld krygsmanne > soldate; medegenote > maats; gange > voetstappe; raadslae > planne en dies meer.

By sommige vergelykings is dit moeilik om 'n oordeel te vel ten einde te bepaal of die een vertaling 'hoër' woorde as 'n ander gebruik (byvoorbeeld brokke > stukke). In ander gevalle word 'n groter verskeidenheid sinonie= me in 1922 gebruik as in die ander vertalings, en dit kan óf die gevolg van 'n soeke na die korrekte Afrikaanse vorm wees óf, waarskynliker, ter wille van afwisseling en veral na analogie van die Nederlandse teks - daar word byvoorbeeld vier verskillende woorde in die 1922-vertaling vir die enkele woord landbouers (1929 - 53)

gebruik. Daar is bepaald ook woordkeuses in die latere vertalings wat die uitwerking het om die 'Bybelsfeer' te bewaar - vergelyk dienaars teenoor die alledaags gebruiklike bediende en voedsel teenoor kos. Hoewel die latere vertalings minder variasie bied, toon hulle 'n groter neiging tot spesifisering en duidelikheid van betekenis.

4.13.1 Konkreta

4.13.1.1 Woorde wat op mense betrekking het (mense > inwoners)

Die volgende woorde wat op mense betrekking het, kom voor: Mense (Matt. 8: 27) is 'n omvattender woord en word na die spesifieker manne verander. Waar die 1922-vertaling die hondjies se here het (Matt. 15: 27), het dr. Dekker (ABV 21j) base aanbeveel, en dié woord is eers in 1953 in gebruik geneem. Die 'sfeer' is nie so 'deftig' nie en vandaar die vervanging van here met base. Vreemdes (Matt. 17: 25) > vreemdelinge, wat wel die gebruiklikste woord is. Skares (Matt. 19: 2) > menigtes - in Luk. 5: 15 is die 1922-vorm egter skare sonder -s ten spyte van die voorafgaande vele in albei gevalle. Dus hulle aanvaar dit weer as 'n meervoud.

Sowel Heidene (Matt. 12: 18), wat in 1929 heidene (met

kleinletter) word as volke (Matt. 28: 19) word met nasies vervang, eersgenoemde eers van 1933 af. Wat volke en nasies betref, is die een omvattender as die ander, en origens word nasies in die nuwe vertaling by voorkeur vir 'heidene' gebruik. (DBB het volke en na= sies; GN het all peoples op albei plekke. IGE ver= klaar τοις ἔθνεσιν (Matt. 12: 18) met to the na= tions en vervang dit in die teks met the Gentiles en τὰ ἔθνη (Matt. 28: 19) met the nations, NNV het heidenen en volken onderskeidelik.)

Die woord heidene is waarskynlik in 1922 gebruik aange= sien die Jode alle ander mense as heidene beskou het. Waar 1933 nasies in albei gevalle het, onderskei DBB weer tussen volke en nasies onderskeidelik, wat blyk= baar daarop dui dat die vertalers die woorde beskou het as van uiteenlopende betekenis. HAT verklaar nasie met: "Groep enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat 'n politieke eenheid vorm; elke willekeurige ver= sameling mense wat onder dieselfde politieke organisa= sie staan". Volk word verklaar as: "Groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duielike besef van saamhorigheid besit". 'n Nasie is dus 'n politieke eenheid en 'n volk 'n kulturele eenheid, maar, soos aangedui, is daar nie tussen al die verskil= lende vertalings waarna verwys is, ooreenstemming ten opsigte van watter woord telkens gebruik word nie.

wat veranderings word aangebring ten opsigte van die woord kinders en variante vorme van dié woord. So word kindertjies (Matt. 21: 16 - kinderen) gewysig na klein kindertjies in 1929, na klein kinders in 1933 en in 1953 na kinders (DBB kinders). J.D. du Toit (ABV 15a) het verkies dat kindertjies in genoemde teks nie soos voorgestel met kinders vervang moet word nie maar dat kindertjies behou moet word. Naas kindertjies kom in die 1922-uitgawe ook kindere en kinders voor: kinders (Matt. 2: 16 - kinderen) > seuntjies, sodat 'n nuwe bete= kenisnuanse bykom, maar in Mark. 9: 37 word kinders (kinderkens) na kindertjies verander. Kindere (Matt. 5: 45 - kinderen) word weer deur kinders vervang. In Matt. 18: 3 word deurgaans tot in 1953 kindertjies gebruik. Vergelyk ook kinders (Joh. 4: 12) > seuns. Op 'n manuskrip van G. Dekker (ABV 21j) staan met ver= wysing na Matt. 18: 14 geskryf: "Is die woord klein= tjies nie veel meer die spontane, geskikte woord vir kinders nie?" Hierdie woord word inderdaad in 1933 en 1953 gebruik.

Drie verskillende woorde vir vegtende manskappe kom in 1922 voor, naamlik: die onduidelike krygsheire (Matt. 22: 7), die verhewe krygsknegte (Matt. 27: 27; Mark. 15: 16 en Luk. 3: 14 - waar daar krysknegte (sic!) staan) en die argaïese krygsmanne (Luk. 23: 11). Die eerste woord word deur manskappe en die ander twee deur

die meer alledaagse soldate vervang.

Die argaïese stadhouers (Matt. 10: 18) > goewerneurs. In prof. Dekker se aantekeninge (ABV 21j) verkies hy goewerneurs bo die voorgestelde regeerders (vgl. ook Mark. 13: 9). Pyners (Matt. 18: 34) word na pynigers verbeter. Op die oog af lyk dit asof broeders (Matt. 23: 8) so 'n woord is wat 'verhewener' as die vervangende broer is. (Dekker (ABV 21j) skryf in sy aantekeninge hieroor: "Waarom nie broers?" - broers het in hierdie geval behoue gebly). Dit is egter eerder 'n saak van geestelike teenoor vleeslike verwantskap. In 1949 skryf dr. J.D. du Toit aan dr. Keet: "Ek dink jy is reg ten opsigte van 'broer'. Waar geen bloedverwantskap, moet ons 'broeders' skrywe. 'Broers' ook te gemeensaam en word misbruik op sinodes - maar in Gen. 13: 8 bly 'broers'" (ABV 21f). Wat belangrik is, is dat Afrikaans anders as die Grieks en Nederlands hier 'n betekenis= onderskeiding kan maak. Die klankryke, beeldende adder= gebroedsels (Matt. 23: 33) > addergeslag, wat suiwerder Afrikaans is. Uit die Nederlands kom ook medesynmeesters (Mark. 5: 26) > geneeshere - ook nog 'n 'verhewe' woord (DBB: dokters). Gedeeltes (Mark. 6: 40) is eerder op 'gehele' van toepassing, terwyl die vervangende groepe

(van honderd en vyftig man) 'n geskikter keuse is.

In 'n vorige afdeling is daar reeds op die woorde land=liede en landmanne, wat deur landbouers vervang word, gewys. Ook die Nederlandse wyngaardeniers (Mark. 12, ops.) word deur landbouers vervang en nie deur wynboere of iets dergeliks nie. In die opskrif bokant Luk. 20: 9 kom wynboere wel in 1922 voor en dit word ook deur die 'verhewe' landbouers vervang. Boere is waarskynlik as te plat beskou. Dit val dus op dat daar voor 1929 groter afwisseling was ten opsigte van woorde wat grond=bewerkers aandui.

Herders (Luk. 2: 15), vandag nog in gebruik, word deur die gebruikstaalwoord skaapwagters (1929 - 1933) vervang; in 1953 word weer na herders teruggekeer (in DBB is dit weer skaapwagters). Leërskare (1929) - 'n woord wat waarskynlik slegs tot die Bybelsfeer beperk is - ver=vang die nog onduideliker heirleërs (Luk. 2: 13). Be=trekkinge (Luk. 2: 44 - magen) is minder gebruiklik as familie. Die 'verhewe' medegenote (Luk. 5: 7) word deur die alledaagse maats vervang en die ongewone meer=voud (vele) skare (Luk. 5: 15) word na (groot) menigtes

verafrikaans. As aanduiding van mense met gesagspo=sisies is gesaghebbers (1929) 'n woord wat nie tot die gebruikstaal behoort nie maar wat duideliker spreek as magte (Luk. 12: 11). Woordsoortwysiging vind plaas met die verandering van die substantief skuldenaars na die adjektief skuldig (Luk. 13: 4 - vgl. 'meen u dat hulle skuldenaars gewees is, bo al die mense'). Hierdie verandering word meegebring deurdat die woord bo na meer (skuldig) verander word. Die vraag is ver=der of met meer skuldig 'meer verskuldig' of 'skuldiger' bedoel word (DBB het laasgenoemde). Owerspelers (Luk. 18: 11) word deur die meer eufemistiese egbrekers ver-vang en verspieders (Luk. 20: 20) deur die gebruikliker spioene. Hoofmanne (Luk. 22: 52) is gebruikliker ten opsig=te van 'stamme', en daarom pas hoofde (van die tempel) myns insiens beter.

Knegte word in Joh. 2: 5 volgens die Nederlandse model gebruik, om dan in 1929 vervang te word met dienaars, wat nog ietwat verhewe is bo die gebruiklike bediendes. [1] (Met betrekking tot die woord knegte in Ps. 119: 91, waar al vier die Afrikaanse Bybelvertalings dié woord gebruik, het prof. T.H. le Roux (ABV 21g) gesê dat

---

1) In verband met 'deftige' woordkeuse het A.H. van Zyl (1972: 33) gesê: "Die Statevertalers het byvoorbeeld die woord bijwijf gekies omdat dit meer 'verhewe' was as bijvrouw. Die Afrikaanse Bybelvertalers het hierdie woord (bywyf) on=der invloed van die Statevertaling behou, alhoewel dit in Afrikaans heeltemal 'n betekenisverswakking deurgaan het".

knegte "net van manlike wesens" gebruik moet word en "nie van lewenlose dinge nie".) Mededienstknegte (Matt. 24: 49 - mededienstknechten) > medeslawe.

Die gesubstantiveerde voornaamwoord enige, wat navolging van die Nederlands eenigen (Luk. 13: 1)is, word ná 1922 duidelik gespesifiseer met mense. Met enige het die vertalers blykbaar enkeles, 'n paar of 'n klompie bedoel. Veelvuldige voorbeelde (onder andere in Joh. 2: 12) van die gesubstantiveerde onbepaalde getalswoord vele wat na baie verander word, kom voor - vele is ietwat deftiger.

4.13.1.2 Plekaanduidende woorde (hole > gate)

Hole (Matt. 8: 20 - holen) > gate - die gebruiklike Afrikaanse woord. Hole is 'n voorbeeld van 'n woord wat nie in die AWS aangegee word nie maar wat via die Nederlandse teks sy weg na die Bybel vind. Akkers (Matt. 19: 29), wat ook uitgedien is > grond (voorgestel deur J.D. du Toit (ABV 15a), wat grond bo landerye verkies het). Hoewel die AWS (1921) grafte as meervoud aangee, is die vorm in Matt. 27: 52 grawe (graven); van 1929 af word die gebruiklike grafte aangebring. Met verwysing na die Ou Testament het prof. Smith (ABV 20e) verklaar: "graftes is vir my baie gemeensamer as grafte. Ek sou beslis grafte in die Bybel verkies"

- wat ook aandui dat die vertalers graag van 'verhewe' taal gebruik gemaak het. Die geografiese terme land= streke [1] (Mark. 7: 24 - landpalen) en dele (Mark. 8: 10) is sover dit gebruiklikheid betref, ongeveer op dieselfde vlak as gebied en streke onderskeidelik.

4.13.1.3 Woorde wat op geld betrekking het (pennings > silwerstuk= ke)

Een van die voorstelle wat ten opsigte van Matt. 18: 28 vir 'n muntstuk gemaak is, is dat die woord denare ge= bruik moes word, wat 'n regstreekse verafrikaansing van die Grieks δηνάρια sou wees, maar dr. Du Toit (ABV 15a) het hierdie voorstel gewysig tot 'honderd penninge skuldig was' eerder as 'honderd denare geskuld het'. Pennings is van 1933 af gehandhaaf. Van 1929 af word één woord, naamlik silwerstukke in Mattheüs gebruik vir silwer penninge (Matt. 26: 15) en vir silwerlinge (Matt. 27: 3 - zilveren penningen). Die 1922-ver= taling verskil hier van die Nederlands, waar in albei gevalle zilveren penningen voorkom, en dit kan dalk vertolk word as 'n doelbewuste poging om afwisseling in

---

1) Hier het Afrikaans reeds in 1922 deurgebreek.

woordgebruik te bewerkstellig. Penninge kom twee keer in Lukas voor, te wete in Luk. 15: 8 en Luk. 21: 2 (in laasgenoemde vers word *penninge* deur die byvoeglike naamwoord klein voorafgegaan). Van 1929 af word ver= skillende wysigings aangebring, te wete silwerstukke en geldstukkies. Die 1929-vertalers bring dus afwisse= ling aan in Lukas en die 1922-vertalers in Matthéüs.

4.13.1.4 Woorde wat op voedsel betrekking het (brokke > brokkies)

Naas die woord brokke (Matt. 15: 27) word ook die ver= kleiningsvorm brokkies (Matt. 15: 27) in navolging van die Nederlandse brokskens in 1922 gebruik. Eersgenoem= de word gewysig tot stukke - dus weinig verskil - maar in laasgenoemde geval word krummels ná 1922 gebruik, wat iets kleiners aandui as brokkies. Brokkies (brokken) word ook in Joh. 6: 12 na stukke, verander maar hier het die 1953 weergawe brokstukke. In Mark. 7: 28 word krummeltjies (kruimkens) ook na krummels verander wat 'n mate van betekenisverandering behels. In 1922 word moeskruie in Mark. 4: 32 gebesig na die voorbeeld van die Nederlands, maar dit word tot groentesoorte gewysig (volgens TWB en VAW het moeskruid nie 'n meertalligheidsmorfeem nie). Eersgenoemde woord kom glad nie in die 1921-Woordelys voor nie. Spyse (Mark. 7: 19) is ook navolging van die Nederlands, maar die substituut voedsel is ook nog 'n

'deftige' woord (vgl. kos wat in DBB voorkom). Van die vroeëre vertalers sê A.H. van Zyl (1972: 33): "In hulle woordkeuse wou die vertalers 'plat' of 'dialektiese' woorde vermy en het hulle die voorkeur gegee aan begrippe wat kerklik gebruiklik en met 'n 'teologiese inhoud gevul was'". T.H. le Roux (ABV 21g) het, met verwysing na Psalm 104: 21, 27, voedsel voorgestel eerder as kos. Oes (Luk. 12: 17) is omvat= tender as vrugte (1922) en waarskynlik 'n geskikter term met betrekking tot die opbrengs van 'n welgestel= de boer se landgoed. Offerande, wat navolging van die Nederlands is (Luk. 13: 1), word deur die gebruikliker offers vervang. In Ps. 51: 19 word offerandes met -s as getalsmorfeem gebruik, wat daarop dui dat die vertalers oor die korrektheid van die meervoudsvorm getwyfel het. In Matt. 9: 13, 12: 7 en Mark. 9: 49 word offerande tot in 1953 behou.

4.13.1.5 Woorde wat op diere en voëls betrekking het (vosse > jakkalse)

Vosse (Matt. 8: 20), swyne (Matt. 8: 30) en beeste (Matt. 22: 4) stem almal met die Nederlands ooreen, en is met jakkalse, varke en vee vervang. Louw sê (1976: 64): "Die NT het 'n viervoudige verdeling. 1 generies, 2 mediaal, 3 spesifiek, 4 ekstra-spesifiek". As voorbeelde van die vier groepe noem hy dier, rep=

tiel, slang en adder onderskeidelik. Volgens hierdie klassifisering is beeste in Afrikaans spesifieker as vee, wat omvattender is (hiponiem). Jakkalse is 'volkser' as vosse. Kuikentjies (Luk. 13: 34 - kiekens) verloor nã 1922 die verkleiningsuitgang en word kuikens. Vleuels, ook in Luk. 13: 34, is deftiger as vlerke. [1)]

4.13.1.6 Woorde wat op vaartuie betrekking het (skuitjies > bote)

In die geval van Mark. 4: 36 is die verkleinwoord skuitjies (1929) meer in ooreenstemming met die Neder= landse scheepjes as die 1922-keuse bote. In Joh. 6: 23 is dit egter die 1922-uitgawe wat 'n verkleinwoord, naamlik bootjies, gebruik, en die latere vertalings laat in dié geval die verkleiningsuitgang ter syde en gebruik skuite. Die oorgange is dus:

bote (1922) > skuitjies (1929 - 53);
bootjies (1922) > skuite (1929 - 53).

---

1) Met betrekking tot die Psalms het die vertalers hulle by ge= leentheid juis oor die keuse vleuels en vlerke uitgespreek. Met verwysing na Ps. 17: 8 verklaar prof. Smith (ABV 20e) dat hy vleuels bo vlerke verkies. In Ps. 68: 14 gebruik die 1922-vertalers vleuels en vere >vlerke en vleuels (1929). Hiervoor het T.H. le Roux (ABV 21g) verklaar: "Die twee woorde vlerke en vleuels en veral die 'en sy' (vgl. 1929) laat veronderstel dat hierdie twee aparte voor= werpe voorstel, terwyl dit tog hoogstens gebruiksverskil is. Dieselfde asof iemand sou sê: A se kop is seer en sy hoof doen pyn. Die beste sou wees om "en sy vleuels te skrap". In Ps. 91: 4 het die vertalers sowel vlerke as vleuels ter afwisseling gebruik.

4.13.1.7 Woorde wat op klerasie betrekking het (kledingstukke > rokke)

In Mark. 6: 9 is kledingstukke (1929) nie slegs 'n om= vattender term as rokke (1922) nie maar 'n 'deftiger' woord as klere (wat 'n moontlike keuse kon gewees het). In sy brief aan prof. B.B. Keet, 17 Febr. 1949 (ABV 21f) meld J.D. du Toit dat Grosheide in die NT kleederen voorstel, en dan sê hy: "By ons reg: twee kledingstuk= ke (MK. 6: 9)".

4.13.1.8 Woorde wat op liggaamsdele betrekking het (lendene > heupe)

'n Enkele woord wat na 'n liggaamsdeel verwys, is die geykte lendene (Luk. 12: 35), en dit word deur heupe, wat nie presies dieselfde liggaamsdeel aandui nie, vervang (vgl. VAW). D.F. Malherbe (ABV 20e) het na analogie van lendelam die vorm lende eerder as lendene voorgestel.

4.13.2 Sinonieme abstrakta (doodslae > moord)

Laste (Mat. 23: 4) is 'n abstrakte woord wat tot pakke gekonkretiseer word - maar pakke word

ook nog figuurlik gebruik.

Gebode (Matt. 19: 17) is deur die Afrikaanse vorm ge=booie vervang. Die 'verhewe' maar onafrikaanse dood=slae (Mark. 7: 21) word na die algemene Afrikaanse woord moord verander (doodslag verskyn nie in 1921 se AWS nie). Tussen misdade (Mark. 11: 26) en oortredinge is daar tog 'n semantiese skakeringsverskil daar laas=genoemde nie noodwendig 'n 'misdaad' impliseer nie, maar beide woorde dui op 'oortree'. Pestilensies (Luk. 21: 1) > pessiektes - eersgenoemde is slegs oor=dragteliker. Dit is opmerklik dat HAT pessiektes nie bevat nie en VAW wel. Metrête (Joh. 2: 6) is vir die gewone leserspubliek onverstaanbaar, en word in die latere vertalings deur anker vervang. (DBB se vertalers het op liters besluit.)

4.13.3 Samevatting

Uit bogenoemde voorbeelde blyk die volgende dus: Die jonger vertalings se woordkeuses is oor die algemeen nader aan die Afrikaanse idioom, terwyl die 1922-woord dikwels selfs teen die taaleie in navolging van Neder=lands is. 'n Aantal argaïsmes wat regstreeks van die Nederlands afgelei is, word laat vaar, en 'deftige' gebruiklike Afrikaanse woorde word deur ander vervang

wat nader aan die spreektaal lê. Selfs in die jonger vertalings word 'n 'deftige sfeer' soms gehandhaaf. Uit kommentare deur die Bybelvertalers en taaladvi= seurs gelewer blyk dit dat dit hulle strewe was om 'n 'verhewe' taal te handhaaf. Alhoewel dit nie deurgaans die geval is nie, wil dit voorkom asof die jonger ver= talings 'n groter geneigdheid toon om spesifieker te wees. In die gevalle waar die woordpare werklik min van mekaar verskil, is die verandering moontlik toe te skryf aan die besluit om ná 1922 van die Nederlands weg te kom. Na 1922 was daar 'n neiging by die vertalers om verkleiningsuitgange te laat vaar waar hulle nie funksioneel is nie.

'n Bykomende ontdekking wat uit bogemelde vergelykings gespruit het, is dat die vertalers van 1922 sekere woorde gebruik wat nie in die 1921-AWS aangegee word nie (bv. doodslae, lasteringe), en dan moet 'n mens daarop let dat die drie taaladviseurs wat in 1916 be= noem is om met die Afrikaanse Bybel behulpsaam te wees, naamlik D.F. Malherbe, T.H. le Roux en J.J. Smith, me= desamestellers van die Afrikaanse woordelys en spel= reëls was. Hierdie woorde van die 1922-uitgawe stem almal met die Nederlands ooreen. Die taaladviseurs het dus woorde in die Afrikaanse Bybel toegelaat wat nie in die Afrikaanse Woordelys van 1921, waarvan hulle mede= opstellers was, opgeneem is nie. Dit kan alleen daar=

uit verklaar word dat dit die vooropgestelde beleid was om die Nederlands nougeset na te volg. Die AWS was ook, net soos vandag die geval is, nie volledig nie.

Ten opsigte van bepaalde woorde is daar 'n groter af= wisseling van variante in die 1922-uitgawe as in die latere vertalings. Enersyds kan dit die gevolg wees van doelbewuste navolging van die Nederlands, en ander= syds kan dit moontlik die resultaat wees (soos selfs ná 1933 uit kommentare van vertalers afgelei kan word) van 'n onsekerheid onder die vertalers self oor wat die korrekte vorm is. Wat wel bekend is, is dat die vertalers ná 1922 noulettend gepoog het om dieselfde woorde/uitdrukking in die grondteks orals op een manier te vertaal. Die stabiliteit wat reeds van 1929 af in die taal van die Bybel intree, is baie opvallend.

Waarskynlik as gevolg van kennis en insig wat bygekom het, word wysigings ná 1922 aangebring wat nuwe betekenisnuanses en soms selfs geheel en al ge= wysigde begrippe meebring.

Oor die algemeen is die woorde ná 1922 duideliker en word enkele dubbelsinnighede ook uit die weg geruim. Wat egter opval, is dat in die hersiene uitgawe van 1953 'n hele aantal gevalle voorkom van 'n terugkeer na

die 1922-keuses. In verband hiermee sê A.H. van Zyl (1972: 33): "Sekere welbekende woorde wat in die 1933-vertaling voorgekom het, is in die 1953-uitgawe vervang deur woorde van ''n meer behoudende aard'. So word skaapwagters, jongmeisies, eikebome, bankiers, aptekers en kaptein byvoorbeeld vervang deur herders, maagde, terebinte, wisselaars, salfmengers en hoofman oor honderd. Hierdie veranderings in die woordkeuse was ongelukkig meestal swak veranderinge" - 'n bewering waarmee ek dit eens is.

4.14 AFLEIDINGS VAN WERKWOORDE/DEELWOORDE MET DIE AGTERVOEGSEL -ING WORD DEUR SINONIEME/NIE-SINONIEME WOORDE VERVANG

4.14.1 Meervoud > meervoud (doodslaers > moordenaars)

Vervolgens word 'n groep deverbatiewe op -ing met meervoudsuitgang wat deur sinonieme vervang word, bespreek. Hulle word almal in die 1922-vertaling met 'n suffiks -ing + -e gevorm. In hulle plek word sinonieme woorde aangebring waarvan slegs enkeles 'n suffiks -ing + -e het. Vergelyk: Raadsvergaderinge (Matt. 10: 17) > regbanke (albei 'deftiger' as die gebruiklike howe (DBB het geregshowe). 'n Paar gesubstantiveerde werkwoorde met die getalsmorfeem -s word ook nã 1922 deur sino=

nieme vervang, vergelyk: doodslaers (Matt. 22: 7) word in 1929 duideliker gestel met moordenaars. Die 'deftige' aanskouers (Luk. 1: 2) > ooggetuię (1929 - 1933) > ooggetuies (1953) - die algemeen gebruiklike woord. In 'n brief aan dr. Dekker (ABV 21i) het J.H. Jordaan (27 Aug. 1947) die vorm ooggetuie sonder s voorgestel, terwyl hy blykbaar gevangene en melaatse met s sou aanvaar. Die -s is egter onnodig, vergelyk 'Hulle was ooggetuie daarvan', wat weer op die vlak van aalmoes (gee) is -waar in Middelnederlands die epiese formules ter sprake is - dit is vandag nog gebruiklike Afrikaans (vgl. p. 173). Die verhewe oordenkinge (Luk. 5: 22), tipiese kanseltaal, wat volgens HAT 'bepeinsing' of 'oorweging' beteken > redeneringe (wat volgens HAT 'argument' of 'betoog' beteken) - daar is dus betekenis= verskil. Groetinge (Luk. 20: 46) kry 'n voorvoegsel by en word begroetinge - suiwerder hoewel 'verhewe' Afri= kaans. Skenkinge (Luk. 21: 5 - begiftigingen) > geskenke, eersgenoemde dui meer op 'n aksie wat herhaal word, en laasgenoemde is presente. Opstande (1929) is duideliker as die 1922-woord beroeringe (Luk. 21: 9).

4.14.2 Meervoud > enkelvoud

In 'n aantal gevalle is die vervangende woord in die enkelvoud, maar semanties is die woord meertalligheids= aanduidend.

4.14.2.1 Abstrakta (lastering > lastertaal)

Lasteringe in Matt. 15:19 word nie deur die 1921-AWS deur HAT of VAW aangegee nie en word deur lastertaal wat nie Afrikaans is nie, vervang. Besoldiginge (Luk. 3:14) word na die konkrete soldy verbeter, wat toepasliker is as wat besoldiging is. As alternatiewe keuses vir dieselfde begrip is daar min ooreenkoms tussen die substantief oorlegginge (Luk. 24:38) en die vervang= ende woord twyfel. Die aard van die 'oorlegginge' word ná 1922 eksplisiet gestel as twyfel. Volgens J.D. du Toit se aantekeninge (ABV 15a) was bedenkinge 'n ander alternatief wat vir oorlegginge oorweeg is.

4.14.2.2 Konkreta (betrekkinge > familie)

Teenoor die minder duidelike betrekkinge (Luk. 2: 44) wat heeltemal van die Nederlands, de magen verskil, kom die alledaagse familie van 1929 af voor.

4.14.3 Ander gesubstantiveerde werkwoorde/deelwoorde (bidde > gebede)

Enkele ander gesubstantiveerde werk- of deelwoorde

sonder -ing, kom ook voor en word deur min of meer sino= nieme woorde vervang.

4.14.3.1 Konkreta (gesondene > twee dissipels)

Gesondene (Matt. 11, ops.) word verhelder met die ver= andering na twee dissiepels (1929 - 1933) > twee dissi= pels (1953). Nog 'n gesubstantiveerde deelwoord, gesnede= ne (Matt. 19: 12), word na persone verander - 'n prag= voorbeeld van die 'kiesheid' van die Afrikaanse vertaling. Waarskynlik word 'ontmandes' bedoel. (DBB se mense is nog veel beter.)

4.14.3.2 Abstrakta (doodslaë > moord)

Die ongewone doodslaë (Matt. 15: 19 - doodslagen) > moord, wat gewone gebruikstaal is. In Mark. 7: 21 kom doodslae sonder deelteken voor en is die vervangende woord weer moord. Op die patroon van die Nederlands vasten en bid= den gebruik die 1922-vertalers in Luk. 2: 37 vaste en bidde (Malherbe 1921: 61, dui bidde aan as alternatief vir bid) en van 1929 af word gebede (dus 'n s.nw. mv. i.p.v. inf.) gebesig, maar vaste word tot in 1953 behou (DBB: 'te vas en te bid').

4.14.4 Samevatting

Die 1922-woorde van hierdie kategorieë kan oor die alge= meen as 'boekwoorde' bestempel word, en ook sekere woorde uit die vertalings ná 1922 soos byvoorbeeld lastertaal en regbanke is 'verhewe' woordkeuses. Die 1922-verta= lers het die Nederlands as model gehad, en die vervangen= de woorde is nader aan die taaleie.

4.15 MEERVOUDSVORME; NIE-SINONIEME VERANDERINGS

Waar dit by die voorgaande besprekings grootliks gegaan het oor die vervanging van die 1922-woordkeuses met al= ternatiewe woorde of woorde wat ongeveer dieselfde be= tekenis het, sinonieme woorde dus, kan daar verder onderskei word tussen die groepe waar daar 'n wesen= like verskil in betekenis is - dit wil sê die verta= lers het besluit dat die grondwoord op 'n ander manier vertaal moet word.

Onder hierdie groep word woorde aangetref waarvan die semantiese velde van die woordpare 'n oorvleuelingspunt het, maar die sentrale betekenis - "die mees algemene betekenis in frekwensie" (vlgs. Louw 1976: 43) - van die twee woorde stem nie met mekaar ooreen nie, byvoorbeeld knegte en slawe, en hulle kan nie as sinonieme woorde be= skou word nie. In sommige gevalle maak die een vertaling gebruik van 'n woord wat 'n 'oorkoepelende' term genoem kan word (mense x manne). Die latere vertalings neig meer

in die rigting van spesifisering.

4.15.1 Woorde vir mense (maagde > slavinne)

Die eerste groep dui mense aan. Diensmaagde (Luk. 12: 45 - dienstmaagden) en slavinne loop wyd uitmekaar - 1953 het ook diensmaagde. Die (twaalf) geslagte (Luk. 22: 30) dui op die mense van twaalf tydperke in die geskiedenis van Israel, terwyl die vervangende stamme 'n spesifieker term vir alle Israeliete is.

In ander gevalle lyk dit na 'n noukeuriger afbakening van 'n bepaalde begrip. In Matt. 21: 33, ops. word die gespe= sifiseerde, geykte wyngaardeniers deur die omvattender maar 'verhewe' landbouers vervang; landbouers (Luk. 20: 9, ops. - wyngaardeniers) kan ook die begrip wynboere insluit, maar laasgenoemde is spesifieker. Seuns (Matt. 21: 28) word deur die hiponiem kinders, wat nader aan die grondtaalwoord τέκνα is, vervang, maar in Joh. 4: 12 word kinders weer na die spesifieker seuns verander (ook nader aan die oor= spronklike υἱοὶ). Mededienskнegte (Matt. 24: 49) word deur medeslawe vervang en sowel diensknegte (Matt. 25: 19) as knegte (Luk. 12: 45) deur slawe - in al drie gevalle word in 1953 na die 1922-woord teruggekeer.
Die onderskeiding 'vrywillig' teenoor 'nie-vrywillig' verhinder egter dat hierdie terme as sinoniem beskou kan word, hoewel slaaf ook

dienskneg impliseer. Moordenaars (Matt. 27: 38) en rowers oorvleuel nie noodwendig nie. Naasbestaandes (Mark. 3: 21 - degenen, die Hem bestonden) baken bepaal= de mense af, die vervangende mense veralgemeen. Skepse= le (Mark. 13: 19), wat slegs op mense dui ('geskape wese' - vlgs. VAW), word deur die veralgemenende skepping vervang, wat blykbaar ook 'n vertalingskwes= is (DBB: 'vandat God die wêreld geskep het'). Kreature (Mark. 16:15) is 'n omvattender term as die gespesifi= seerde mensdom. In Luk. 2: 31 word heidene na nasies verander (DBB: volke) en in Luk. 21: 24 word volke ook tot nasies verander (DBB: nasies). [1] Die argaïese owerstes (Luk. 19: 47) en vernaamstes is nie sinonieme nie.

'n Gesubstantiveerde deelwoord verdordes (Joh. 5: 3) word ná 1922 duideliker gestel met lammes - 'n gesubstantiveer= de adjektief. Mense (Joh. 6: 10) is minder spesifiek as manne en in Mark. 1: 5 ook minder spesifiek as inwoners daar dit alle mense in Jerusalem insluit en nie net die= gene wat daar woon nie.

4.15.2 Woorde vir liggaamsdele (lendene > heupe)

---

1) Vgl. p.182 hierbo.

Enkele woorde wat op die menslike liggaam betrekking het, word nâ 1922 gewysig: Die woordeboekdefinisie van lende (Mark. 1: 6) en heupe verskil (vgl. VAW en HAT). In Frans (langue) en Latyn (lingua) lê 'taal' en 'tong' baie na aan mekaar, en die Grieks is vir beide woorde dieselfde (γλῶσσα). In Mark. 16: 17 word tonge (as taal van 'n volk) met tale, die gebruikliker woord, vervang. Buike (Luk. 23: 29) wat baar, doen vreemder aan as die 'verhewener' moeder= skote. (In Die Blye Boodskap word buik/skoot geheel en al vermy.)

4.15.3 Woorde wat op plekke betrekking het (grensstreke > gebied)

In die volgende gevalle dui die woorde wat verander word, plekke aan. Tussen grensstreke (Matt. 15: 39 - landpalen) en gebied is daar 'n mate van oorvleueling, maar laasgenoemde is vaer ten opsigte van presies wat= ter deel van Magdala aangedui word. Om mense uit die vier winde te versamel (1922 - 1929 - Matt. 24: 31) gaan minder op as uit die geografiese windstreke (1933 - 53). 'n Voorbeeld van 'n woord wat op meer as een ma= nier verander word, is tabernakels (Mark. 9:5) wat na hutte gewysig word maar in Luk. 16: 9 na tente. Laasgenoemde twee woorde het slegs die begrip 'ruimtelike beskutting' met mekaar gemeen en is albei minder spesi=

fiek as tabernakels. Daar is geen ooglopende ooreen=stemming tussen dorpies (Luk. 9: 12 - dorpen) en die vervangende buitewyke nie. Daar kan egter dalk 'n verband wees tussen die (gemeentelike) plaaswyke wat vroeër ook buitewyke genoem is, en DBB se woord plase. (Die gehugte van Mark. 6: 36 word ook deur buitewyke vervang.) Strate en gangetjies (1929 - Luk. 14: 21) klink na waarskynliker plekke vir die soek=tog na die armoediges as die strate en wyke van 1922 (wijken). Die Nederlandse *plaatse* (Luk. 19: 38) is minder spesifiek as hemele [1]. Die sale (Joh. 5: 2) rondom die bad van Bethesda stem ooreen met die Neder=lands (moontlik het hier verwarring met suile ontstaan - die Grieks het στοὰς - IGE: porches) en dit is alge=meen bekend dat die baddens van dié tyd deur pilaar=gange (1929) omring was.

4.15.4 Ander konkreta (arende > aasvoëls)

Die volgende konkreta, wat van uiteenlopende aard is, kom voor: Arende (Matt. 24: 28), wat met die Nederlands ooreenstem, verskil geheel en al van aasvoëls, behalwe dat albei soorte roofvoëls is. Vate (Matt. 25: 4) en

---

1) Met betrekking tot Psalms het T.H. le Roux (ABV 21g) verklaar: "hemels as mv. is beter". Ten opsigte van Ps. 57: 11 het hy egter 'n ander opinie gehuldig (ibid.): "Die mv. 'hemele' is miskien tog maar beter". 'n Duidelike bewys dat die vertalers (selfs die adviseurs!) soms oor die korrekte vorm getwyfel het, ook op die vlak van die morfologie.

kanne is beide houers maar verskillend. Skoensole (Mark. 6: 9) is moontlik 'n woord wat die tipe voetbe= skerming van Nuwe-Testamentiese tye - vergelyk die Grieks σανδάλια - beter beskryf as die vervangende skoene. Die onverklaarde dinge (Mark. 15: 4 - zaken) wat teen Christus ingebring is, word later deur die 'verhewener' gespesifiseerde getuienisse vervang.

Rokke (Luk. 3: 11) en kledingstukke verskil daarin dat eersgenoemde spesifieke kledingstukke is en laasgenoemde onbepaald. Tussen skepe (Luk. 5: 2) en skuite is daar 'n verskil ten opsigte van grootte - laasgenoemde is 'n geskikter woord vir die gebruiklike πλοιάρια van dié tyd. Om 'n besetene met bande (Luk. 8: 29) - wat op materiaal dui - te bind, is minder waarskynlik as met boeie - die Grieks het πέδαις (IGE: fetters). Kerse (Luk. 12: 35) en lampe, asook lanterns (Joh. 18: 3) en lampe, word almal ge= bruik om lig te verskaf, maar die woordpare dui op verskil= lende voorwerpe.

In Luk. 17: 7 word beeste veralgemeen tot die mediale vee, maar in Joh. 2: 14 gebruik die vertalers van die latere weergawes die oorkoepelende woord beeste teenoor die ekstra-spesifieke osse van 1922. Die 1922-ver= talers beskou dit wat Moses geskryf het, as Skrifte (Joh. 5: 47) met hoofletter, maar in 1929 word dit wat hy geskryf het, verander tot die algemene vlak

van geskrifte - wat nogal 'n belangrike teologiese implikasie het!

4.15.5 Abstrakta (welluste > genietinge)

Ook ten opsigte van sekere abstrakta het die vertalers die grondtaal na 1929 op 'n ander wyse as hulle voor=gangers geïnterpreteer. By die vergelyking van wel=luste (Luk. 8: 14) met genietinge het mens te make met die onderskeidende kenmerk pejoratief by eersgenoemde, maar dit ontbreek by genietinge. Ergernisse (Luk. 17, ops.) dui op 'moeilikheid wat aanstoot gee' (VAW) en struikelblokke is 'hindernisse' (VAW). Die vervangen=de woorde is duideliker en gebruikliker.

4.15.6 Samevatting

Verskil van interpretasie van die grondteks, wat waar=skynlik toe te skryf is aan nuwe insigte, is dus die opvallendste eienskap van hierdie veranderings en in die meeste gevalle blyk die veranderings verbeterings te wees. In sekere gevalle was die latere vertalers minder geneë om so spesifiek as hulle voorgangers te wees en het hulle 'n meer oorkoepelende woord gebruik, hoewel die teenoorgestelde verskynsel ook voorkom. In

heelparty van die gevalle is daar 'n gemeenskaplike be= tekenisskakering tussen die woordpare, en in ander ge= valle word 'n bepaalde begrip noukeuriger afgebaken. Veral ten opsigte van plekaanduidende woorde word on= duidelikhede nâ 1929 opgehef - in sommige gevalle is die betekenisse van die woordpare geheel en al verskillend. In sommige gevalle was die vertalers van die jonger weer= gawes minder geneë om so spesifiek soos hulle voorgangers te wees. Geykte uitdrukkings en Nederlandismes word meestal deur suiwer Afrikaans vervang. Taalsuiwerheid, ook wat aansluiting by die Afrikaanse idioom betref, is dus kenmerke van die jonger vertalings. 'n Mens het ook die indruk dat die jonger vertalings 'n getrouer weergawe van die grondtale gee.

4.17 Afleidings en verboë samestellings > adj. + s.nw.

Nâ 1922 word 'n opvallende aantal gesubstantiveerde ad= jektiewe deur adjektiewe plus substantiewe vervang.

4.17.1 Gesubstantiveerde adjektiewe met -e uitgang > adj. + s.nw. (ouere > ou mense)

Sommige gesubstantiveerde byvoeglike naamwoorde met -e in die meervoud word nâ 1922 met 'n woordgroep bestaande

uit byvoeglike naamwoord plus substantief met meervouds= uitgang vervang. Die volgende gesubstantiveerde adjek= tiewe word ná 1922 as gewone adjektiewe gebruik plus die substantief mense of manne: Ouë (Matt. 15, ops.) en die variasies oudere (Matt. 15: 2) en ouere (Mark. 7: 3 - ouer + -e in plaas van ouere + -s) word albei na ou mense gewysig (die Nederlands het in al drie gevalle ouden); grote (Matt. 20: 25) > groot manne - 'n wysiging deur J.D. du Toit (ABV 15a) aanbeveel in plaas van grotes. (Dieselfde wysiging geld ook vir grotes (Mark. 10: 42) groot manne; maagde, wat 'n heel spesifieke konnotasie het, word in Matt. 25: 7 deur die gebruiklike spreektaalwoord jong meisies vervang > maagde (1953); Wyse (sic.) (Matt. 23: 34) > wyse manne, maar wyse (Matt. 25: 4) > verstandiges (HAT gee lg. twee woorde as sinonieme aan Wyse en verstandige mense vervang ook in Luk. 10: 21 die woorde wyse en verstandige.

4.17.2 Gesubstantiveerde adjektief/getalswoord adj. > + mense (vele > baie mense)

Daar is ook nog die volgende veranderings: Ellendelinge (Matt. 21: 41 - den kwaden) word deur 'n sinonieme adjek= tief slegte plus mense vervang - dus slegte mense. Die gesubstantiveerde onbepaalde getalswoord vele (Mark. 13: 6) word na 'n sinonieme onbepaalde getalswoord plus mense verander - vergelyk: baie mense.

4.17.3 Gesubstantiveerde adjektief adj. + goed/dinge (ware > ware goed)

In die volgende gevalle bly die gesubstantiveerde adjek= tief as adjektief behoue en kom die substantiewe goed (met semantiese meervoud) en dinge by, dus: ware (Luk. 16: 11) > ware goed; goed (Luk. 16: 25) > goeie dinge. Die veranderde uitdrukkingswyse sluit meer by die gebruikstaal aan.

4.17.4 Substantiewe wat van 'n werkwoord/deelwoord afgelei is, word deur 'n adjektief/telwoord plus substantief vervang (vooraansittinge > voorste plekke)

Daar is 'n aantal substantiewe wat van werkwoorde afge= lei is wat in die meervoud voorkom en ná 1922 tot 'n adjektief plus 'n substantief gewysig word. Die geson= dene (Matt. 11, ops.) word duideliker aangedui met twee disiepels (1929 - 1933) > twee dissipels (1953). Voor= aansittinge (Luk. 14: 7) word net soos voorgestoeltes in die volgende afdeling (5.18.5) tot voorste plekke gewysig. Die dubbele voorvoegsel voor + aan (wat albei voorsetsels as woordkorrelate het) word tot die adjek= tief voorste gewysig en die afleidingskern sittinge tot die substantief plekke. Skenkinge (Luk. 21: 5 - begiftingen) word duideliker gestel met gewyde geskenke. Die veranderings ná 1922 het by hierdie groep woorde be=

paald 'n verheldering van begrip meegebring.

4.17.5 Meervoudsafleidings word deur 'n adjektief plus substantief vervang (kragte > kragtige dade)

Die betekenis van enkele selfstandige naamwoorde van 1922 is onduidelik. Hulle kom nie in die 1921-AWS voor nie en is op die lees van die Nederlands geskoei. Nâ 1922 word hulle deur 'n adjektief plus substantief vervang - vergelyk: Die woord kragte (Matt. 11: 20 - 'die stede waarin sy kragte die meeste geskied het') - ook in Luk. 10: 13 (krachten) word na kragtige dade verander. Dr. Dekker (ABV 21f) het ten opsigte van Matt. 11: 20 geskryf: 'geen noodsaaklikheid vir magsdade en kragtige dade' - kragtige dade is dan ook behou [1]. Die kern van die afleiding kragte word in die nuwe adjektief kragtige van 1929 behou. Voorgestoelte kom ook in Luk. 11: 43 voor en word blykbaar hier as meervoud of 'n versameling bedoel. Die Nederlands het egter 'n enkelvoudsvorm voorgestoelte (sonder slot -n). Ook die 1929-vertalers vertolk die grondtaalwoord as sou dit meervoud aandui, want hulle vertaal met voorste

---

1) Kragtige dade dien ook as substituut vir heldedade in Ps. 108: 14. Magsdade verskyn nie in die 1921-AWS nie.

banke. In Luk. 20: 46 het voorgestoeltes 'n -s-getals= morfeem (voorgestoelten). In hierdie geval korreleer die bepaler van die 1922-afleiding met die kern van die nuwe adjektief - wat as bepaler ten opsigte van die nuwe substantief gebruik word, dus: voorgestoeltes > voorste plekke. Alhoewel hierdie veranderings goeie Afrikaans meebring, kan mens tog daarop let dat in idiomatiese Afrikaans die woord voorgestoeltes tog 'n heeltemal aanvaarbare en bekende woord is.

4.17.6 Samevatting

Met betrekking tot die veranderings van die gesubstanti= veerde adjektiewe is dit uit die frekwensie van veral die woord mense (voorbeelde wat in die Psalms voorkom by= gereken) ná 1922 duidelik dat die ouer vorme verwarrend en vir foutiewe interpretasie vatbaar was. Die betekenis= loosheid van woorde soos ouere en ware het hierdie soort wysiging genoop, hoewel oueres en moontlik selfs wares nie onafrikaans is of hoef te wees nie. Ná 1922 was daar 'n neiging by die vertalers om die gebruik van ge= substantiveerde adjektiewe, werkwoorde en deelwoorde op te hef en 'n natuurliker Afrikaanse segging te bewerkstel= lig.

Tesame met die talle onduidelikhede is die argaïese stempel van die 1922-woorde in laasgenoemde drie afde= lings opvallend en die nuwer vertalings se woordkeuses

wat suiwerder Afrikaans meebring, verleen bepaald 'n frisser atmosfeer.

4.8 'N BEPALING PLUS MEERVOUDSUBSTANTIEF WORD DEUR 'N VERBOË SAMESTELLING VERVANG

4.8.1 Bepaling + s.nw. > s.nw. (wonderlike dinge > wonders)

In die voorgaande afdelings is gesien dat woordekonomie ten gunste van 'n duideliker verstaanbare vertaling prysgegee is. In hierdie afdeling word die patroon omgekeer in die opsig dat 'n bepaling plus substantief wat in 1922 voorkom, so gewysig word dat dit deur 'n enkele substantief vervang word. Talle voorbeelde kom in die Psalms voor en enkeles in die Evangelies - vergelyk: Wonderlike dinge (Matt. 24: 24 - wonderheden) is omslagtiger as die kernagtige wonders en daar is ook 'n betekenisverskil daar laasgenoemde volgens HAT 'iets bonatuurliks, buitengewoons' beteken en wonderlik 'soos 'n wonder' of 'snaaks, sonderling'. Silwer penninge (Matt. 27: 5), met meervoudsmorfeem -e en klein pennings (Mark. 12: 42), met 'n -s-meervoudsmorfeem word onderskeidelik na silwerstukke, wat minder duidelik is, en na geldstukkies verander. Die abstrakte bose dinge (Mark. 7: 23) word na die abstrakte gesubstantiveerde adjektief booshede, wat nie juis meer verhelderend is nie, verander. Krom weë (Luk. 3: 5) > kromdraaie, wat 'n pleonastiese verboë samestelling is, en in 1953 word

die adjektief krom plus die nie-sinonieme afleiding draaie gebruik (ook 'n pleonasme). Weldadige here (Luk. 22: 25) is 'n onduidelike en ongewone vorm vir Afrikaans (weldadige heeren) en weldoeners is die verstaanbare gebruiklike woord. Weldadig(e) kom wel in die 1921-AWS as byvoeglike naamwoord voor.

Dit wil voorkom asof nie al hierdie veranderinge verstaan= baarheid bevorder nie, en al gevolgtrekking wat op al die voorbeelde van toepassing is, is dat die jonger weergawes se woordkeuses kernagtiger is as die van 1922.

4.19 WOORDGROEPE WAT DEUR SUBSTANTIEWE IN DIE MEERVOUDSVORM VERVANG WORD

'n Aantal uitdrukkings wat meestal 'n meervoud bevat, word ná 1922 deur 'n enkele substantief met meervouds= vorm vervang. Indien nie anders aangedui nie, is die omslagtige omskrywings van 1922 navolging van die Nederlands. In sekere gevalle bring die aanpassing 'n betekenisverandering mee of woordsoortwysiging.

4.19.1 Woordgroepe wat 'n voornaamwoord bevat (die wat die duiwe verkoop > duiweverkopers)

'n Goeie voorbeeld van 'n kernagtiger segging is die

verandering van die woordgroep (die) wat die duiwe verkoop (Matt. 21: 12) na 'n samestelling met 'n werk= woordkorrelaat as kern, naamlik duiweverkopers - die 1922-substantief korreleer met die bepaler van die nuwe woord. 'n 'Monomorf' of enkelwoord, naamlik (die) wag= ters (1929) vervang die woordgroep (die) wat hulle wei (Luk. 8: 34 - die ze weiden). In die volgende uitdruk= kings word die betreklike voornaamwoord sonder lidwoord gebruik en word die 1922-woordgroep deur abstrakta ver= vang - vergelyk wat tot vrede dien (Luk. 14: 32) > vre= desvoorwaardes - die verboë samestelling het 'n sub= stantiefkorrelaat as kern en die 1922-substantief korre= leer met die bepaler van die nuwe woord - kern en be= paler word deur 'n verbindingsklank aaneengeskakel. Nog 'n enkelwoord (ons) dade (1929) vervang wat ons ge= doen het (Luk. 23: 41). Benewens die kernagtigheid wat meegebring word, is die vervangende woord in drie uit die vier gevalle ook 'n verbetering ten opsigte van beteke= nisduidelikheid.

4.19.2 Genitiefswoordgroepe word deur 'n enkele woord vervang (kindere van die bruilof > bruilofsgaste)

Die volgende woordgroepe bevat nie voornaamwoorde nie maar word ook deur 'n enkele substantief vervang. Be= tekeniswysing kom in die volgende geval voor: kin= dere van die bruilof (Mark. 2: 18 - bruiloftskinderen) [1]

---

1) Van 1929 af in Luk. 2: 19.

bruilofsgaste (selfstandige naamwoordkorrelaat + verbin= dingsklank + selfstandige naamwoordkorrelaat). Die eerste substantief van die 1922-woordgroep verval dus, en 'n korre= laat van die substantief in die genitiefsgroep dien as bepa= ler van die nuwe samestelling. Die betekenis van hierdie woord se kern is nie sinoniem met kinders nie. Dit val ook op dat die Nederlands die vorm bruiloftskinderen het en dat die 1929-woordkeuse in die wyse van samestelling meer in ooreenstemming daarmee is as wat die 1922-woordgroep is - maar semanties korreleer dit weer met die 1922-betekenis. 'n Kulturele aanpassing kom voor by die verandering van owerstes oor duisend (Mark. 6: 21) na hoofoffisiere (self= standige naamwoordkorrelaat + selfstandige naamwoordkor= relaat - 1953 stem met 1922 ooreen). Kuil van moordenaars (Mark. 11: 17) het ook nie dieselfde betekenis as die vervangende enkelvoud rowerspelonk nie. Kuil het in Afrikaans 'n betekenisverandering ondergaan - al is in Daniël nog van 'n leeukuil sprake, maar 'n moordenaar is ook iets anders as 'n rower. Dus behels die aange= haalde verbeterings kernagtigheid sowel as betekenisaan= passing. Leraars van die wet (Luk. 5: 17) > wetgeleerdes - leraars en geleerdes is bepaald twee woorde met uiteen= lopende betekenisse; die tweede substantief van 1922, naamlik wet, korreleer met die nuwe bepaler en die stam van die eerste substantief van 1922 (leraars) korreleer met die -leer- van geleerdes - tog verskil die beteke= nisse.

4.19.3 Woordgroepe wat deur 'n voornaamwoord vervang word (hierdie dinge > dit)

Enkele woordgroepe wat substantiewe in die meervoud bevat, kom voor en word deur 'n enkele woord, wat nie 'n substantief is nie, vervang. 'n Voornaamwoord alles (vgl. 'alles is gereed') vervang in 1929 die alle dinge van Matt. 22: 4, en gesien die konteks is dit suiwerder Afrikaans (DBB en NNV het ook 'alles is gereed'). Die 1922-bewoording is 'n letterlike vertaling van die Grieks πάντα (vgl. IGE: all things. Die anaforiese dit (1929) in die enkelvoud (Luk. 11: 53) is suiwer Afrikaans en vervang die vroeëre meervoud hierdie dinge, wat op die hele voorgaande betoog betrekking het; dit is egter nie duidelik of dit op slegs vers 52 slaan of ook op die hele voorafgaande gedeelte nie, en daarom is dit te betwyfel of hierdie verandering werklik 'n verbetering is (DBB bring nie juis helderheid nie). Sowel die *kindertjies* (Luk. 18: 16 die *kinderkens* as dié mense (Joh. 10: 35) > hulle; *kindertjies* staan kursief gedruk maar is spesifieker, en die 1922-woordkeuse is hier duideliker, want daar kan verwarring wees oor op wie die hulle betrekking het - die hulle van vers 15 of die kindertjies? Die woordkeuses in die tweede geval is ewe geskik. Sonder kinders (Luk. 20: 29) word tot die duideliker bywoord kinderloos verkort.

Kernagtigheid het dus nie in al die genoemde gevalle 'n beter vertaling meegebring nie.

4.19.4 Ander woordgroepe wat deur een woord vervang word (ver= slaene > wat gebroke is)

'n Gesubstantiveerde verlede deelwoord (die) verslaene (Luk. 4: 19 - verslagenen), wat op die Nederlands geba= seer is, word deur die omskrywing (die) wat gebroke is ver= vang, en daardeur word 'n dubbelsinnigheid of minstens 'n onduidelikheid uit die weg geruim. Helderheid van betekenis word dus ook hier deur 'n omslagtiger uitdrukking bevorder. Die woordgroep: twee disiepels op die pad na Emmaus toe (Luk. 24: 13, ops.) word ná 1922 kernagtig saamgevat in die woord Emmausgangers. Die omgekeerde, naamlik dat 'n enkele woord deur 'n duideliker woordgroep vervang word, kom ook voor - vergelyk die volgende: toespyse (Joh. 21: 5 - toespijs) word na 'n stukkie om te eet verander en in 1953 na die korrekte Afrikaans: iets om te eet. HAT verklaar toespys met toekos. Hier is dus ook betekenisverandering aangebring. Vandag beteken toespijs in Nederlands 'bij - of nagereg' (vlgs. Van Dale).

4.19.5 Samevatting

Die vernaamste kenmerk van hierdie afdeling is die woor= ekonomie wat in die jonger vertalings bewerkstellig word. Daar kom egter ook 'n geval voor waar die vertalers dit

nodig geag het om helderheid van begrip bo bondigheid te stel. Die lomp konstruksies van 1922 is Nederlandse erfenisse, en die veranderings toon hoedat die taaleie aanleiding gee tot 'n meer gedronge segging.

4.20 SPELLINGVERANDERINGE

In die volgende afdeling is daar slegs 'n vormverskil tussen die pare wat vergelyk word. Verafrikaansing van 'n spelwyse wat op Nederlands geskoei is, word op die volgende wyses bewerkstellig: die behoud van g tussen vokale (suigelinge); sinkopering van intervokaliese d (gedenkseëls); elisie van e tussen konsonante (hane= gekraai > haangekraai); apokopering van slot-t (markte > marke); die wisseling oor- > over- (oorpriesters > over= priesters); weglating van deeltekens; klankverandering: [ə] > [i] (vrind > vriend); [ɑ] > [ɛ] (regvaardiges > reg= verdiges); [õ] > [ø̃] (soons > seuns); [v] > [ft] (grave > grafte).

4.20.1 Epentese, sinkopee en elisie (gedenksedels > seëls)

Le Roux en Pienaar § 510 (ii) beweer dat die meeste Afrikaners die stemlose velêre frikatief x, tussen 'n klinker of tweeklank, met hoofklem, en swakbeklemde [ə]

sinkopeer: o:ə , |a:ər. Hierdie vorme het bepaald ana=logies gewerk. Baie mense spreek egter die x as g uit. Mattheüs 21: 16 bevat die vorm suielinge, waar die g gesinkopeer is, maar ná 1922 word die gebruikliker Afrikaanse vorm suigelinge gebesig. Sinkopering van d bring in die reël nie 'n deelteken mee nie (vandaar die spellingverskil byvoorbeeld tussen doopseel (<-cedel) en posseël (<-zegel). Gedenksedels [1] word in Matt. 23: 5 na gedenkseëls verander en in hierdie geval is óf -sedels óf -seëls nie met die genoemde reël in ooreen=stemming nie. J. Scholtz (1963: 185) sê na aanleiding van pare soos die vroeër genoemde broers, broeders en dergelike: "Tussen die vormpare is daar 'n duidelike stylverskil, hulle behoort tot verskillende taallae en is dikwels heeltemal in betekenis gedifferensieer. Die vorm met sinkopee is altyd die mees volkse vorm ... Woorde wat nie deel van die alledaagse omgangstaal is nie, het net die vorm met *d* ..." Die saak is nie heelte=mal so eenvoudig nie. Kloeke (1950: 72) verwys na woorde soos vader, moeder, adel, edel en Jode en sê dit is nie vir hom duidelik waarom die d in hierdie woorde behoue bly nie. 'n Algemene en toenemende neiging in Afrikaans

---

1) 'n 'Gebedsriem' wat om die voorhoof en die linker-bo-arm vasgebind word wanneer 'n Jood sy daaglikse gebed, die 'shema' verrig (vgl. BMVA). Volgens DBB is dit kubusvor=mige leerdosies en word die benaming ook vir die leerbande waaraan die dosies vas is, gebruik.

is die apokopering van die slot -t. Vergelyk die ver= andering van markte (Matt. 11: 16) > marke > markte (1953). Hier werk die apokopering na die verboë vorm deur. HAT gee beide meervoudsvorme van laasgenoemde woord aan, maar VAW en TWB gee slegs markte - marke is die meervoud vir die Duitse geldeenheid. Elisie kom voor by die verandering van hanegekraai (Mark. 13: 35) > haangekraai.

Die verandering engle (Matt. 24: 36 - engelen) > engele, behels waarskynlik nie epentese nie - engle is eerder 'n drukfout, want in Matt. 24: 31; Luk. 2: 15 word engele ook in 1922 gebruik. Die meertalligheidsvorm engele is eintlik onreëlmatig - dit moet wees engels (vgl. angels, esels, swingels), soos Le Roux en Groeneweg dit in hulle 'Afrikaanse' Vondeluitgawes - Josef in Dotan, Lucifer en Adam in ballingschap - gebruik. Oorpriesters (die hoof= letter was waarskynlik 'n fout - die Nederlands het ook Overpriesters) word gewysig tot owerpriesters (Matt. 21: 45) met kleinletter (die v/w bestaan reeds in Nederlands). Na aanleiding van 'n voorstel om Joh. 12: 42 ook met owerpriesters te vertaal het J.D. du Toit (ABV 15a) die voorstel owerstes gelewer, en dit is gehandhaaf.

4.20.2 Deelteken (maaltyë > maaltye)

Alhoewel maaltye (Luk. 20: 46) in 1922 sonder deelteken

voorkom, word dit wel in Mark. 12: 39 as maaltyë ge= skryf en ná 1922 word die skryfwyse maaltye deurgaans gebruik.

4.20.3 Klankverandering (regvaardiges > regverdiges)

Voorbeelde van klankverandering van Nederlands na Afri= kaans is die volgende: regvaardige en onregvaardige (albei in Matt. 5: 45)> regverdiges en onregverdiges. By sekere woorde(o.a. regverdig - vgl. Kloeke 1950: 100) het a voor r + dentaal vokaalrekking in Afrikaans onder= gaan. Ook sone (Matt. 12: 27) en soons (Matt. 17: 25) > seuns en voornaamste (Mark. 6: 21) > vernaamstes is voorbeelde van verafrikaansing van die Nederlandse skryf= wyse, omdat die klank in Afrikaans reeds lankal van die Nederlandse kultuurtaal verskil het. Kloeke (1950: 99) sê egter dat die oorgrote meerderheid van die sewentiende eeuse Hollanders se uitspraak seun was en nie zoon nie. Hy sien dus die antitese oo/eu as een tussen stad en platte= land en veral 'leestaal versus gewone omgangstaal'. Die vreemdklinkende grawe (Luk. 8: 27 - graven) word tot die gebruiklike grafte aangepas. Vergelyk verder vrin= dinne (Luk. 15: 9 - vriendinnen) en vrinde (Joh. 15: 13 - vrienden), wat ná 1922 deur spellingaanpassing vriendinne en vriende word. In 1922 het hulle blykbaar die volkse gevolg. Alhoewel die meeste samestellings en afleidings waarvan vriend 'n woorddeel vorm, volgens VAW die wisse= ling [ə]/[i] vertoon, is eersgenoemde die vorm wat vandag minder gebruiklik is, en ná 1922 gee die vertalers voorkeur aan die vorm wat frekwenter is.

4.20.4 Samevatting

Die Afrikaanse Bybelvertalers en taaladviseurs het ook ten opsigte van die Afrikaanse spelling 'n baie positiewe bydrae gelewer, en bogenoemde voorbeelde is ook 'n aanduiding van hoe daar gaandeweg van die Nederlandse spelwyse na 'n eie Afrikaanse patroon oorgeskakel is. Dit ly geen twyfel nie dat die Afrikaanse Bybel tot die normalisering van hierdie patrone bygedra het.

Die hersiene uitgawe van die AWS het in 1931 verskyn, maar toe was die Bybel blykbaar reeds op die pers. Disiepels (Matt. 4: 12, ops. onder andere) word byvoorbeeld eers in 1953 na dissipels verander. Die ironie is dat die 1954-spelreëls ook te laat was vir toepassing in die 1953-vertaling.

5. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE

5.1 DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD IN AFRIKAANS

Die byvoeglike naamwoord kan in Afrikaans of onmiddellik voor 'n substantief staan of die substantief gaan die adjektief vooraf. In eersgenoemde geval word die adjektief attributief gebruik en in die tweede geval predikatief, en dan verbind 'n koppelwerkwoord die substantief met die adjektief.

Wanneer die byvoeglike naamwoord attributief gebruik word, word soms 'n e-uitgang gebruik en soms bly dit onveranderd, byvoorbeeld: 'n gawe kêrel; 'n sterk man. In predikatiewe gebruik is dit normaalweg onverboë. Sekere adjektiewe word meestal en sommige uitsluitend predikatief gebruik, gewoonlik in verbinding met is of was, en ander soos ganse uitsluitlik attributief.[1)]

Daar is ook die sogenaamde stoflike byvoeglike naamwoorde wat met kwalifiserende funksie as stofname gebruik word en wat met die substantief aaneengeskryf word (vgl.

---

1) Vir 'n bespreking oor die verbuiging van die byvoeglike naamwoord in Afrikaans vgl. Malherbe (1921: 47 e.v.); Raidt (1968: 102 e.v.) en J. Scholtz (1963: 123 e.v.).

koperringe, strooihoed). Hulle was egter in die vorige hoofstukke ter sprake. Verder kan die byvoeglike naam=woord in sowel Nederlands (vgl. De Vooys 1952: 61) as in Afrikaans substantiwies gebruik word.

Daar kan nou voortgegaan word om te kyk na die verskil=lende adjektiewe wat in die verskillende Afrikaanse Bybel=vertalings voorkom.

5.2 ADJEKTIEWE MET 'N ONAFRIKAANSE BUIGINGS-E

In die 1922-vertaling van die Afrikaanse Bybel kom 'n hele aantal adjektiewe voor waaraan 'n onafrikaanse buigings-e toegevoeg is. Ook in hierdie opsig het die Nederlandse vertaling sy invloed op die 1922-uitgawe laat geld; maar veral wat die eenlettergrepige adjektiewe betref, wil dit voorkom asof die buigings-e nie altyd aan blote navolging van die Nederlands toegeskryf kan word nie. Ná 1922 is daar duidelik wegbeweeg van die buigingsvorme en is die onverboë vorm gebruik, of daar is met 'n ge=bruikliker Afrikaanse sinoniem of selfs in sommige ge=valle met 'n woordgroep vertaal.

5.2.1 Verklaring van die oorbodige buigings-e

Verboë vorme is in Nederlands veel frekwenter as wat

onverboë vorme voorkom. Die voorkoms van die buigings-e ten opsigte van die byvoeglike naamwoord in 'n woord= groep soos 'het kleine kindje' hou verband met die wisse= ling het/een en met bepaalde grammatiese eienskappe van die volgende selfstandige naamwoord (vgl. Dik en Kooij 1973[3]: 117). 'n Adjektief wat 'n substantief bepaal en wat voor 'n substantief staan, het gewoonlik 'n -e-uit= gang. In baie gevalle word die -e egter nie in die ge= sproke taal uitgespreek nie. [1] Die adjektief kry nie 'n e-uitgang as dit na die substantief volg nie, ook nie wanneer die substantief onsydig is en in die enkelvoud voorkom nie of as dit deur een voorafgegaan word nie. Dieselfde geld ook wanneer die byvoeglike naamwoord deur elk, ieder, veel, menig, welk, zulk, geen voorafgegaan word; wanneer die adjektief plus 'n onsydige substantief in die enkelvoud nie deur 'n lidwoord of voornaamwoord voorafgegaan word nie (vgl. 'koue water') en adjektiewe met -en-uitgang (Shetter 1971: 39 - 40). Die lidwoord het word altyd gebruik waar die substantief 'n verkleinings= uitgang het (Shetter 1971: 23), en dan word die adjektief met 'n -e-uitgang (het kleine kindjie) geskryf. Die -e het dus suiwer grammatiese waarde. Die verklaring van die -e by adjektiewe in Nederlands is nie op Afrikaans van toepassing nie - Raidt (1968: 102) stel dit so: "Nòg die voorafgaande bepaling nòg die soort of getal van die volgende substantief het enige invloed op die adjekti= wiese formasie, d.w.s. die toevoeg of weglaat van die

---

1) Vlg. De Vooys 1967: 63 e.v.

fleksieformans". Volgens haar speel die stilistiese faktor by die gebruik van die buigings-*e* 'n belangrike rol: "Sodra 'n woord minder frekwent is in die algemene spreektaal of uit 'n hoër taalsfeer afkomstig is of saam met 'n substantief uit 'n deftiger taallaag verskyn, kan /ə/-formasies maklik teen die norm in voorkom. Dikwels verskil die Afrikaanse skryftaal opvallend van die alledaagse omgangstaal ..." (ibid.: 103).

D.F. Malherbe het in 1921 reeds duidelike reëls vir die eensillabige byvoeglike naamwoord saamgestel (1921: 48 - 50): "Eenlettergrepige bnw. op *d*, *f*, *g* word verbuig. Die wat op klinkers of ander medeklinkers uitgaan, bly onveranderd ... Eenlettergrepige b.nw. op *s*- afgelei van s.nw. word verbuig". Malherbe (ibid.: 51 - 52) sê verder dat die groot meerderheid twee- en meerlettergrepige adjektiewe verbuig en dat byvoeglike naamwoorde wat in die gewone spraak onveranderd bly, onder sterk nadruk of in oordragtelike betekenis verbuig word.

Posthumus (1957: 12) verklaar: "As die -*e* by preadjunkte voorkom, kan ons sy funksie meestal nie verklaar nie, maar ons aanvaar hom as sintagmeem wat nie by predikatiewe plasing tuishoort nie". Hy sê verder (p. 13): "Maar deurgaans het hierdie -*e* geen funksie in Afrikaans nie ... Alleen in een opsig het die -*e* by preadjunkte waarde, naamlik by affektiewe lading. Adjektiewe wat in

die reël nie verbuig nie, kan dit by affek doen: 'n arm man naas 'n arme man. De (sic.) affeks -*e* is inderdaad 'n besonder lewende taalmiddel in Afri= kaans. Dit is egtér uit die aard van die saak beperk tot adjektiewe wat in die reël by nie-lading nie ver= buig nie, want by ander adjektiewe sou die normale ver= buigings -*e* dan geen onderskeidingswaarde hê nie". Raidt (1968: 107) sluit hierby aan: "As die adjektief met affek gelaai is, het dit dikwels 'n /ə/ ..."

Daar is egter ook ander oorwegings as affek - Scholtz (1963: 131) wys op die volgende aspek: "Dit is oorbekend dat Afr. skrywers hul tot in die 20ste eeu nie van die in= vloed van die Ndl. skriftelike tradisie kon losmaak nie, nog allermins insake die verbuiging van byvoeglike woorde; trouens, tot vandag toe word in geskrewe Afr. - en nie net in poësie of gestileerde prosa nie - meermale verboë vorme gebruik wat in die gesproke taal onnatuurlik sou klink"; en J.J. le Roux (1923: 46) verwys na "die ou euwel van Neder= landsagtige verboë vorme".

Die vraag wat nou ontstaan, is of die veelvuldige ge= bruik van onreëlmatige verboë vorme in die 1922-verta= ling aan stilistiese oorwegings toe te skryf is en of dit net blote navolging van die Nederlands is. Daar moet in gedagte gehou word dat dit die vooropgestelde

beleid van dr. Du Toit en sy medearbeiders was om so na moontlik aan die Nederlands te hou. [1] Ek is van mening dat heelwat van die adjektiewe van 1922 se ver= taling wat van die norm afwyk, affektiewe lading het.

In 'n poging om vas te stel of die vertalers self hul= le hieroor uitgelaat het, het ek op die woorde van dr. Du Toit (ABV 21f) met verwysing na die Ou Testament af= gekom: "Ek het 'diepe slaap' Gen. 2: 21 veral omdat hier openbaringsmiddel. Dan ook gehou waar van God sprake is: 'grote krag', 'sterke arm'. Anders het ek mees die -e geskrap. Byv. in Neh. 1: 3 'grote nood' (wat klem uitdruk) dit verander in 'groot ellende' ens. Ek sou net skrywe 'n 'stille gees'. Hier moet 'n mens die individuele geval hê om te kan beslis. Geen reël nie". T.H. le Roux (ABV 21g) het ook met betrekking tot Psalm 95: 3 geskryf: " ... 'groog Koning'; enigsins anders as 'grote God', anders vir gevoel wat stellig in taal rol speel".

5.2.2 Enkellettergrepige attributiewe adjektiewe met onafrikaan= se buigings-e (grote > groot)

Soos hoër op aangetoon is, word eensillabige byvoeglike

---

1) Vgl. dr. J.D. du Toit se uiteensetting van 'Metodes en moei= likhede van Bybelvertaling', wat hy op 7 Aug. 1924 op die vergadering van die Breë Kommissie gelees het (NVW 1977(1): 150).

naamwoorde wat nie d, f, g, s in die auslaut het nie, in die reël nie in die attributiewe posisie verbuig nie (vgl. ook Raidt 1968: 104).

5.2.2.1 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -d eindig (kwade > slegte)

Affektiewe taalgebruik kom ook voor by eenlettergrepige adjektiewe wat op -d eindig, vergelyk kwade gedagtes (Mark. 7: 21), wat met die Nederlands ooreenstem en in die jonger vertalings na slegte gedagtes gewysig word, wat gebruikliker Afrikaans is, alhoewel kwade gedagtes, net soos 'kwade bedoelinge' tog bekende Nederlandse res= te is. Maar dan kom ook nog in 1922 kwade vrug, kwa= de boom (Luk. 6: 43), kwade mens, kwade skat (Luk. 6: 45) voor, asook die gesubstantiveerde adjektief kwade (Luk. 6: 45), wat as blote navolging van die Nederlandse teks verklaar kan word en wat teenoor goeie in dieselfde teks staan.

Wat hierby wel ook oorweging verdien, is die moontlikheid dat hulle die parallel identies wou hou: goeie + goeie; kwade + kwade. In al die genoemde gevalle word die ver= talings nã 1922 na slegte verafrikaans, en die gesubstan= tiveerde kwade, word deur 'n voorwerpsin wat sleg is vervang.

Twee uiterste voorbeelde van onafrikaanse taalgebruik in 1922 is Goede Meester (Luk. 18: 18), wat ten volle met die Nederlands ooreenstem, en ná 1922 verander word na Goeie Meester ; asook goed ... man (Luk. 23: 50), wat ook met die Nederlands ooreenstem - weer die 'onbepaaldheidsrelasie': een goed en rechtvaardig man - 1922 se regvaardig bevestig dit. Dit is egter nie in Afrikaans aanvaarbaar nie, en goed word in die jonger vertalings na goeie gewysig en regvaardig na regverdige.

5.2.2.2 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -t eindig (grote > groot)

Die volgende eenlettergrepige adjektiewe eindig op -t: In Matt. 24: 30 kom die attributiewe grote krag van 1922 - 1933 (in teenstelling met die reël vir Afrikaans) voor en word eers in 1953 na groot verander. Dr. Du Toit (ABV 15a) het 'n voorstel om groot in hierdie vers te gebruik na grote verander (die Nederlands het groote omdat kracht 'n 'vroulike' woord is). Dit is egter opvallend dat groot, ook as bepaling van krag, in Luk. 21: 27 (volgens die reël vir Afrikaans) in die onverboë vorm voorkom - dus groot krag (groote). Maar in 1929-1933 word in hierdie laasgenoemde geval weer grote gebruik (blykbaar as openbaringsmiddel). In 1953 is na groot teruggekeer. Die 1953-vertalers het dus sowel in Matt. 24: 30 asook in Luk. 21: 27 die reël vir Afrikaans toege=

pas.

In Matt. 28:8 word die verboë vorm saam met blydskap gebruik, dus grote blydskap, wat ná 1922 gewysig word na groot. Vergelyk ook die volgende: In Luk. 24: 52 word deurgaans van 1922 af groot blydskap gebruik (die Nederlands het groote, want blijdschap is 'vroulik'), alhoewel grote wel op sommige manuskripte verskyn het. Dr. Boshoff (ABV 20e), skryf onder die opskrif 'Woordgebruik': "groot i.p.v. grote".

Die vraag ontstaan waarom grote blydskap in Matt. 28:8 in 1922 gebruik word maar in Luk. 24: 52 groot blydskap sowel as grote krag in Matt. 24:30 en groot krag in Luk. 21:27. Sou dit 'n dubbele vergissing wees? Moontlik is die rede vir hierdie verskille daarin geleë dat die gebruik van 'n onreëlmatige verboë vorm elke keer ad hoc beredeneer moes word.

Die atmosfeerskeppende grote stilte (Mark. 4:39 - groote, want stilte is 'vroulik') skakel doeltreffend in by die dissipels se verbystering, maar die buigings - e word ná 1922 weggelaat. Dieselfde wysiging geskied in Mark. 5: 19 en 20, waar grote dinge (groot dingen) en in Mark. 13: 14, ops. grote verdrukking (groote) ter wille van affek gebruik is - dus groot dinge en groot verdrukking.

In Mark. 15: 34 en 37 word in navolging van die Neder= lands ook die vorm op -e gebruik in grote stem (stem is 'vroulik' maar soms ook 'manlik'). Daar die ver= wysing na Christus se sterwensuur is, kan moontlik aan= vaar word dat die -e-uitgang ter wille van affek gebruik is. In die jonger vertalings is groot onverboë. Die= selfde woord, naamlik grote stem, kom in Markus 1: 26 en 5: 7 voor, maar hier is die verwysing na besetenes en kan die -e 'n intensiteitslading bevat; die wysi= ging na groot van 1929 af geld ook hier. Grote koors van Luk. 4: 38 (groote koorts) word na 1922 weer deur 'n geskikter sinoniem, naamlik hewige, vervang - hier word in die rigting van 'verhewe', 'egte' Afrikaans be= weeg (vgl. 'kwaai koors' in die spreektaal).

In die geval van witte kleed (Mark. 16: 5), wat in die jonger vertalings met wit verafrikaans word, lyk dit egter of die bedoeling van die vertalers was om affek te bewerkstellig (kleed is onsydig en dus 'n het-woord, gevolglik het die Ndl. wit) - derhalwe kan dit nie na= volging van Nederlands wees nie.

5.2.2.3 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -k eindig (ryke > ryk)

Sekere eenlettergrepige adjektiewe wat op -k eindig, kom in die Bybelvertaling met 'n buigings-e voor. Sterk drank (Luk. 1: 15 - sterken drank) word in 1929 deur

sterke drank vervang, maar in 1953 word weer na sterk drank verander - waarskynlik is die figuurlike van sterk hier die oorweging (vgl. Rigt. 13: 7). Kranke dienskneg (Luk. 7: 10 - die Ndl. het kranken omdat dit akkusatief is) word na 1922 met die min= der 'deftige' siek slaaf vervang terwyl 1953 'siek dienskneg' het. Ryke bure (Luk. 14: 12 - rijke geburen) > ryk - ook hierdie -e kan nie aan affek toegeskryf word nie maar is ook uit die aksent te verklaar.

5.2.2.4 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -s eindig (bose > slegte)

Van die eenlettergrepige attributiewe adjektiewe wat op s uitgaan, kom die volgende met 'n -e in die auslaut voor: bose dinge , wat met die gewone juiste spreek= taalwoord slegte (Luk. 3:19) vervang word; vergelyk ook die adjektief bose mens/dienskneg (o.a. Matt. 12: 35, 25:26) > slegte. Die substantief mens is uitgelaat in Matt. 5:39 omdat dit nie in die Grieks verskyn nie maar duidelik= heids onthalwe in 1929 gebruik is - daar behoort te staan: 'bose mense'; ook in hierdie geval is deur dr. Du Toit (ABV 15a) voorgestel dat slegte bose moet vervang. Verge= lyk ook M.J. Posthumus se artikel "'Onse Vader' of 'Ons Vader'" (1978: 182). Hy sê o.a.: "Dit is 'n bekende verskynsel in Afrikaans dat 'n -e aan 'n attributiewe adjektief wat in die reël hierdie -e nie het nie, so 'n affekswaarde gee ..... Dit is 'n morfeem, wat 'n

mens die affeksmorfeem kan noem".

Wyse en dwase (maagde) is adjektiewe wat in Afrikaans redelik ingeburger is, maar hulle is ietwat verouderd, en die vertalers het dan ook hier (Matt. 25, ops.) ver=ander na verstandige en onverstandige (jong meisies - 1953: maagde). Raidt (1968: 107) maak die volgende be=wering: "Eintlik hoort die vorm *wyse* in die skrifte=like taalgebruik tuis, ewe as *bose* in verbindings soos "'n *bose* oog", "'n *bose* sweer" (my onderstreping) - afge=sien daarvan dat wys (onverboë) 'astrant' kan beteken.

5.2.2.5 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -ng eindig (enge > nou)

Reeds in 1925 was die reël dat eenlettergrepige byvoeg=like naamwoorde met -ng in die auslaut gewoonlik onver=boë is (vgl. Bouman en Pienaar 1925: 85), maar die ver=talers van 1922 het hierdie reël in onderstaande geval=le nie toegepas nie.

In Matt. 7: 13 is die attributiewe byvoeglike naamwoord eng vanweë die bepaalheidsrelasie in Nederlands met 'n -e- uitgang ge=skryf, dus enge poort, wat ooreenstem met die Neder=landse vertaling, en in die latere vertalings word die sinoniem nou gebruik. (Ook die predikatiewe gebruik van eng word in Matt. 7: 14 na nou verander - nou sluit nader by die Afrikaanse taalgebruik aan.) Enge is blyk=

baar die vorm wat in 1922 voorkeur kry, daar dit ook in Matt. 7, ops. en Luk. 13: 22, ops. voorkom, met telkens dieselfde wysiging na nou van 1929 af. 'n Soortgelyke geval kom in Mark. 16:5 voor, waar lange kleed in die vertaling nâ 1922 na lang verander word.

Eenlettergrepige adjektiewe wat op -l eindig (vele > baie)

Vervolgens word eenlettergrepige adjektiewe wat op -l eindig,bespreek. Die graadaanduidende woord vele (skares)wat as adjektief gebruik word, stem met die Nederlands ooreen en word verander na die gebruiklike Afrikaanse woord groot (Matt. 8:1 - vgl. verder o.a. Matt. 8:18; vele eerste word gewysig na baie wat eerste is (Matt. 19:30). Van die substantief 'hel' word in 1922 'n adjektief gevorm: 'helse verdoemenis' (helsche), wat na die omslagtiger oordeel van die hel (Matt. 23:33) verander word.

E. Raidt (1968: 108) sê dat die adjektiewe waaronder vol ressorteer,"maklik 'n /ə/ by affektiewe taalgebruik" het. In die geval van volle mandjies (Mark. 8:20 - volle manden) vind sintaktiese verskuiwing by die ver= andering in 1929 plaas, vergelyk die tipies Afrikaanse uitdrukking mandjies vol. Dit is waarskynlik ook 'n

vertalingskwessie: 'vol mandjies' staan ook teenoor 'nie-vol mandjies'. ('n Latere Nederlandse vertaling van 1963 het korven vol brokken; DBB: mandjies vol stukke brood.)

5.2.2.7 Eenlettergrepige adjektiewe wat op -r eindig (dorre > dor)

D.F. Malherbe (1921: 50) het in verband met eenletter= grepige byvoeglike naamwoorde wat op -r eindig, verklaar: "'n Paar b.nw. op *r* word in die reël verbuig ... *Dor* is onvas: 'n *dor(re)* wêreld maar *dorre* aarde" en Raidt (1968: 108) sê dat die -e-lose vorm "verreweg die ge= woonste" is.

In Matt. 8: 6, waar die Nederlands ook zware het, het die 1922-vertaling swaar pyne, wat in 1929 verbeter is na 'deftiger' en korrekter Afrikaans, met hewige pyne (spreektaal: kwaai). Woordsoortwysiging geskied met die verandering van die adjektief na 'n bywoord as sware lyding (Matt. 17: 15 - swaar lijden) vervang word met ly swaar. Vergelyk verder ook sware slae gegee het (Luk. 10: 30 - zware slagen), wat in 1929 na geslaan het verander is. Waarskynlik was die bedoeling van die 1922-ver= talers in hierdie geval om intensitiet te beklemtoon eerder as wat dit net suiwer navolging van die Neder= lands was. In Luk. 22: 44 is swaar stryd van 1922 in die jonger vertalings na sware stryd verander - die adjektief word baie duidelik met affek gelaai - 'n

aanbeveling van dr. Boshoff (ABV 20c).

In Luk. 11: 24 staan dorre plekke in 1922 (dorre plaatsen), wat in 1929 deur dor vervang word en in 1953 deur 'n alternatiewe woord, waterlose, wat in Afrikaans sekerlik minder gebruiklik as byvoorbeeld droë is. Dr. Du Toit het op 'n manuskrip (ABV 15a) dor bo waterlose verkies. Dorre hout (Luk. 23: 31), wat ook met die Nederlands ooreenstem, word deur droë hout vervang.

5.2.2.8 Verboë meerlettergrepige adjektiewe - die buigings= uitgang word ná 1922 weggelaat (onreine > onrein)

Die buigingsuitgang van die onderstaande meerlettergre= pige adjektiewe word ná 1922 weggelaat. Die verboë vorm het niks met affek te make nie - dit kom op blote navolging van die Nederlands neer. In die lys reëls onderteken deur drr. Du Toit en Fourie kom die volgende onder punt 18 voor (ABV 20b): "By eenlettergrepige b.nwe. (waarby onrein - rein) moet die behoud van verbuigings -e tot 'n minimum beperk word". En tog het onreine gees tot in 1953 gebly! (bv. Matt. 10: 1; Mark. 1: 23; 3: 11; 5: 8; Luk. 4: 33, 36 e.a.), ook ten spyte daarvan dat dr. Du Toit in die geval van Mark. 3: 11 en 5: 8 die -e op

manuskrip ABV 15a doodgetrek het. Weer eens kan hierdie vorm aan navolging van die Nederlands toegeskryf word en is affek nie ter sprake nie. Die bepaling onreine hande in Mark. 7: 2 word na onrein verander. In Luk. 6: 17 is die e- van gelyke plek (vlakke plaats) eerder uit die aksent te verklaar; in die ander vertalings word dit sonder -e geskryf. Drr. Du Toit en Fourie (ABV 20:b) sê: "Behoud van -e is dikwels die gevolg van ongewone verbindings wat bly hang in die geheue". Vergelyk verder Nienaber (1965: 260): "So vind ons: Lev. 15: 25, *onreine* vloeiing, maar *onreine* diere, 'n *onrein* vrou ... al na die gevoelswaarde".

Wat die volgende woorde betref, ontbreek die buigings-e in die 1922-woord waar die Afrikaanse stelsel dit vereis, vergelyk 'n seker vrou (Mark. 5: 25 - zekere), 'n seker priester (Luk. 1: 5 - zeker), 'n seker skuldheer (Luk. 7: 41 - zeker), 'n Seker mens (Luk. 10: 30 - in Nederlands onverboë vanweë die onbepaaldheidsrelasie waarin dit ge= bruik word, dus zeker). Die jonger vertalings het in al hierdie gevalle die buigings -e, behalwe in Luk. 16: 19, waar die woord seker verval.

In Matt. 7, ops. word vermetele oordeel deur die woord= groep oordeel uit die hoogte vervang.

5.2.2.9 Samevatting

Met betrekking tot die voorgaande attributief gebruikte een- en meersillabige byvoeglike naamwoorde is dit duidelik dat die 1922-vertalers dikwels nie aan die ban van die Nederlandse vertaling ontkom nie. Die oorbekendheid van die Nederlandse Bybel en die feit dat baie predikante nog in Nederlands gepreek het, verklaar hierdie verskynsel gedeeltelik - daar is by die bekende vorme gebly. Onkunde betreffende die gangbare Afrikaans is waarskynlik 'n verdere oorsaak. Tog is dit duidelik dat die onafrikaanse buigings-e in die 1922-vertaling in baie gevalle nie aan blote navolging van die Nederlands toegeskryf kan word nie maar dat dit soms 'n middel was om 'n bepaalde gevoelswaarde weer te gee; trouens, die uitsprake van die vertalers en taaladviseurs self bevestig hierdie vermoede. Die advies aan die jonger vertalers (vgl. Nienaber 1965: 260) was dat die behoud van die verbuigings-e by eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde tot 'n minimum beperk moes word, en daarby is gesê: *groote* of *grote* krag, al na die gevoelswaarde". Ná 1922 is daar duidelik van die onreëlmatige buigingsvorme wegbeweeg en is die normale onverboë vorm gebruik, of daar is met 'n gebruikliker Afrikaanse sinoniem, of selfs woordgroep in sommige gevalle, vertaal. Dit is duidelik dat die vertalers ná 1922 in toenemende mate daarin geslaag het om die Bybeltaal met suiwere Afrikaanse segging in ooreenstemming te bring.

5.3 ONVERBOË EENLETTERGREPIGE ADJEKTIEWE WAT NA 1922 GE= WYSIG WORD

Wat onverboë adjektiewe betref, word die taal na 1922 met gebruikliker Afrikaans in ooreenstemming gebring deur middel van substitusie van gebruikliker sinonieme of sinonieme woordgroepe, deur woordsoort- en selfs betekeniswysiging. Daar word van die Nederlandse seg= gingswyse wegbeweeg. In sekere gevalle wil dit voorkom asof 'n sinonieme woord wat na 1922 gebruik word, nog doelbewus ietwat 'verhewener' as die gebruiklike spreek= taalwoord is.

5.3.1 Onverboë eenlettergrepige attributiewe adjektiewe wat op persone en konkreta betrekking het (lam > siek)

Enkele gevalle kom voor waar groot in 1922 in attribu= tiewe plasing sonder die buigings-e voorkom maar tog deur 'n sinoniem vervang word, vergelyk 'n groot skare in Mark. 10: 46 (groote schare), wat na die 'deftiger' aansienlike skare verander word. Vergelyk ook groot hongersnood, swaar hongersnood (Luk. 15: 14 - groote hongersnood); laasgenoemde is myns insiens minder ge= bruiklike Afrikaans, maar groot en swaar is ewe geskik as vertaling vir (λιμὸς) ἰσχυρὰ (in Die Blye Boodskap word kwaai gebruik). Swaar hongersnood is waarskynlik 'n geykte uitdrukking (vergelyk Gen. 43: 1: Die hongersnood was swaar in die land). Die verandering

van groot geroep (Luk. 23: 23) na 'n harde geroep is 'n verbetering (die Nederlands het een groot geroep vanweë die onbepaaldheidsrelasie en omdat geroep 'n het-woord is).

Vergelyk verder lam (Joh. 5, ops. - den lamme) > siek; daar is wel 'n mate van betekenisoorvleueling tussen hierdie twee woorde, maar eersgenoemde woord is spesifieker ten opsigte van die aard van die siekte.

5.3.2 Eenlettergrepige predikatiewe adjektiewe wat op persone en konkreta betrekking het (krank > siek)

Die oorgrote meerderheid onverboë eenlettergrepige adjektiewe wat ná 1922 gewysig word, staan in predikatiewe plasing. Die betrokke adjektiewe kan in 'n aantal klasse ingedeel word: Daar is gevalle waar 'n onafrikaanse segging voorkom as gevolg van navolging van die Nederlandse woordkeuse, en die verandering wat van 1929 af aangebring word, het suiwerder Afrikaans tot gevolg. Sommige veranderinge bring betekeniswysiging mee en soms ook woordsoortwysiging. In enkele gevalle is daar stilisties of wat verhewenheid betref, weinig verskil tussen die verskillende woordkeuses, en in ander gevalle is die verandering nie juis 'n verbetering ten opsigte van begripshelderheid nie.

Johannes verklaar in Matt. 3: 11 dat hy nie werd (waardig) is om Christus se skoene vas te maak nie - 1929 en 1933 se vertalings gebruik die minder geskikte bekwaam, wat betekeniswysiging meebring, maar 1953 se woordkeuse sluit weer nouer by 1922 aan met waardig. (DBB keer terug na werd!) Dit is interessant dat dr. Du Toit juis 'n voorstel om bekwaam in Luk. 3: 16 te gebruik na waardig gewysig het (ABV 15a) maar dat bekwaam wel in 1929 in Matt. 3: 11 aanvaar is. Myns insiens sou waardig ook hier gepas gewees het - die Grieks het ἱκανός wat IGE met worthy vertaal. HAT verklaar bekwaam met 'bedrewe,knap'; ook met 'in staat; geskik vir 'n bepaalde doel' en met 'nugter! Dr. Dekker (ABV 21j) het van bekwaam gesê: Dit "lyk my ook verkeerd. Wat is die beswaar teen waardig?" Waardig word met 'eerbiedwekkend', 'beheers, ernstig', 'werd' en 'volgens verdienste' verklaar (vgl. HAT). Hierdie twee woorde is dus nie sinoniem nie.

Sowel die minder gebruiklike krank (Matt. 4: 24; 8: 16; 14: 35) as die alledaags gebruiklike siek (Matt. 9: 12; Mark. 1: 32), wat albei in 1922 voorkom, word met die 'verhewe' ongesteld vervang, wat nie noodwendig dieselfde begrip by die leser oproep nie. In Matt. 25: 39, 43, 44 word krank egter gewysig na die minder 'verhewe' siek.

Met betrekking tot die woord boos het die vertalers die Nederlands nagevolg - vergelyk Matt. 7: 11; 12: 34; Luk. 11: 13, waar dit deur die suiwerder Afrikaans sleg vervang word. In Luk. 11: 34 word boos (oog) eg= ter deur verkeerd vervang, wat betekeniswysiging mee= bring, maar dit bly nog moeilik om die sinsbedoeling te peil (Die Blye Boodskap het sleg, wat beter pas). In dieselfde vers word eenvoudig deur reg vervang - ook betekenisverandering - die teenstelling eenvoudig x boos > reg x verkeerd (GN: clear x bad); die teenstel= ling is dus verbeter, maar die sinsbetekenis bly vaag.

Die volgende adjektiewe het op konkreta betrekking: 'n Omruiling van hoedanigheidswoorde kom ná 1922 in Matt. 7: 13 voor - vergelyk 1922 se bewoording wyd (is die poort) en breed (is die weg) > breed (is die poort) en wyd (is die pad), wat nie noodwendig 'n verbetering beteken nie; want wyd is 'n beter beskrywing van die grootte van 'n poort (x nou), terwyl breed (x smal) dié van 'n pad beter weergee.

Die bewoording nou (weg) in Matt. 7: 14 is 'n contra= dictio in terminis, daar 'n weg immers 'n 'groot pad' beteken - dit is weer eens navolging van die Nederlands (nauw) - van 1929 af heet dit smal (pad), wat pasliker is.

Betekeniswysiging kom voor met die verandering van die moeilik te begrype (die hart ... het) dik (geword) (Matt. 13: 15) na stomp, wat ook nie bevredig nie - Die Blye Boodskap se afgestomp is beter. Daar is minstens ook 'n nuanseverskil tussen rein en skoon (Matt. 23: 26) - eersgenoemde is minder op kombuis= ware van toepassing as laasgenoemde en mens sou dit eerder in 'n Ou-Testamentiese verband verwag. Die verandering van die woord mooi (Matt. 23: 27 - schoon) na fraai, as beskrywing van grafte, is myns insiens een van die minder geslaagde woordkeuses van 1929. Moontlik was die gedagte dat fraai 'verhewener' sou wees - vergelyk J.J. Smith se woorde ten opsigte van Ps. 16: 6 (ABV 20g) naamlik: "Die vervanging van mooi deur skoon maak die sin reeds baie meer verhewe" (my onderstreping). Die teer (tak) van Matt. 24: 32 en Mark. 13: 28 (teder) word in die jonger vertalings gewysig na die korrekter Afrikaans, naamlik sag.

Die eienaardige predikatief gebruikte vorm lang (ver= gelyk: saad wat lang word, wat in navolging van die Nederlands in Mark. 4: 27 voorkom) word van 1929 af verafrikaans na groot. In Luk. 20: 9 word die byvoeg= like naamwoord van dieselfde uitdrukking, naamlik 'n lang tyd, van 1929 af na geruime verander. Laasgenoem= de woord is waarskynlik minder gebruiklik as eersge= noemde (DBB het: 'n lang ruk). 'n Lang tyd (Joh. 14: 9) word deur die bywoord lankal vervang.

'n Voltooide deelwoord, uitgedor (Luk. 6: 6), vervang die 1922-adjektief dor (Die Blye Boodskap het gebrek= lik) - blykens HAT bring dit 'n mate van betekeniswy= siging mee, daar uitgedor, die betekenis 'heeltemal dor' het. Daar is dus 'n verskil van graad tussen dor en uitgedor.

Ten opsigte van die woord naak skryf J.D. du Toit (ABV 21f): "Ek is geneig naak te skrywe, veral in N.T. maar sal ek dit nie in O.T. behou op paar plekke in minder verhewe omgewing soos Amos 2: 16, Job 24: 7. 'Naak' dan byv. in Job 1: 21, Jes. 20: 2 ... F.E.J. Malherbe is reg dat ons kan varieer. In O.T. ook naakt= heid en naaktes". In reël 33 van hulle lys reëls (ABV 20: b) beveel drr. Du Toit en Fourie egter nakend aan. In Joh. 21: 7 word naak (naakt) in 1929 na nakend gewy= sig; daar is weinig verskil tussen die twee keuses - 1g. is egter ritmieser maar in 1953 is weer na naak verander.

5.3.3 Samevatting

Die opset om die State-vertaling te verafrikaans ook ten opsigte van hierdie byvoeglike naamwoorde, het die Afrikaans van die vertaling sterk beïnvloed. In hulle poging om 'n suiwerder Afrikaans te lewer het die ver= talers ná 1922 dit soms nodig geag om 'n nuwe woord=

keuse te maak, wat selfs betekeniswysiging meegebring het, en enkele gevalle is aangetoon waar die jonger woordkeuse nie juis 'n verbetering was nie.

5.4 VERBOË MEERLETTERGREPIGE ADJEKTIEWE IN ATTRIBUTIEWE PLASING

5.4.1 Meerlettergrepige attributiewe adjektiewe wat op persone betrekking het (versigtige > verstandige)

Die adjektiewe wat hier bespreek word, is in attribu= tiewe plasing en het op persone betrekking. By hier= die groep val dit op dat die verandering wat nâ 1922 aangebring is, meer as net 'n wegbuig van die Nederlands is: dit behels verskil van betekenis en nie net van styl nie.

Die adjektief versigtige, wat in die volgende gevalle as bepaling gebruik word: in Matt. 7: 24; Matt. 24: 45 en Luk. 12: 42 word respektiewelik verstandige (man), verstandige (slaaf) en verstandige (bestuurder) gebruik. Verkeerde (geslag) (Matt. 17: 17) is idiomatiese Afrikaans (vgl. HAT sub verkeerd 2.: 'dwars, onredelik, onmoontlik, vals') - dit beteken egter nie ontaarde (DBB se woord) nie - en dit word deur die onduidelike voltooide deelwoord, ver=

draaide, vervang (Ndl. het ook verkeerd.) In Matt. 25: 30 en Luk. 17, ops. word onnutte deur die suiwerder Afrikaanse woord nuttelose vervang, maar nuttelose met betrekking tot 'n mens is nie so 'n gelukkige keuse nie; nikswerd sou beter wees (DBB: nuttelose). Betekeniswysiging kom voor by die verandering van onnutte (diensknegte), wat blote oorname van die Nederlands is, na die suiwer Afrikaanse onverdienstelike. Welbekende (gevangene) in Matt. 27: 16 (welbekenden)>berugte, wat 'n pejoratiewe konnotasie bevat, wat seer sekerlik hier die bedoeling is en gevolglik 'n beter Afrikaanse woordkeuse is (die nuanse 'bekendheid' geld vir albei woorde).

Daar is geen ooreenkoms tussen eerlike (raadslid) en vername (Mark. 15: 43) nie. Voortreflike (Theofilus) stem met die Nederlands ooreen en dui aan dat hierdie man prysenswaardige eienskappe besit het, maar die vervangende woord hooggeagte (Luk. 1: 3) dui daarop dat ander persone Theofilus geëer het (HAT gee die woorde nie as sinoniem aan nie).

Uit bogenoemde blyk dit dat die vertalers van die jonger weergawes soms in 'n redelike groot mate

van hulle voorgangers verskil ten opsigte van die beteke= nis van die grondtaal. Enkele gevalle is aangetoon waar die onduidelikheid van betekenis nie deur die vervangende woord opgeklaar is nie. In die meeste gevalle is suiwer= der Afrikaans ná 1922 gebruik.

In die volgende gevalle is die taal ook verhelder, maar dié keer deur van sinonieme woorde of woordgroepe gebruik te maak. Die AWS (1921) gee regvaardige (man/vader - Mark. 6: 20 en Joh. 17: 25) aan as wisselvorm van regverdige (1929 - 53), en die gebruik van eersgenoemde in 1922 moet waarskynlik aan die behoudendheid van die kerktaal toege= skryf word - die Nederlandse vertaling het rechtvaardig. Die oorgang van aar na er in Afrikaans is baie algemeen (vgl. Kloeke 1950: 100 e.v.). Prof. Smith (ABV 20e) net verklaar: "Ek verkies regvaardig in die Bybel", en prof. Malherbe (ABV 20e) net die teenoorgestelde: "Ek is daarvoor dat orals 'regverdig(e)' gebruik word"; terwyl dr. Le Roux (ABV 21g) 'n ietwat kunsmatige onderskeiding gemaak het nl.: "Nog altoos hinder dit my dat 'regvaardig' verban word, want dits vir ons nie dieselfde as 'regverdig' nie. 'Regverdige' beteken Eng.

'just', 'regvaardig' (net woord van die Opperwese) be=
teken 'volmaak' (kan nie 'n fout maak nie). Natuurlik
as die Bybelbegrip hier (met verwysing na Ps. 11: 7) be=
teken 'just' is daar geen beswaar teen 'regverdig' nie".

Regverdige is bloot die Afrikaanse vorm van rechtvaar=
dig,en myns insiens is die onderskeid wat dr. Le Roux
tussen hierdie twee woorde maak ten opsigte van betekenis,
nie juis nie.

Die woord enige het 'n baie wye gebruik in die kerktaal
(bv. in die Belydenisskrifte), en hierdie woord kom
ook in Luk. 8: 42 voor: enige (dogter), waar dit
minder toepaslik is en dit word later verafrikaans tot
enigste. Hierdie gebruik van enige is baie algemeen.
Die onduidelike watersugtige 'mens' in Luk. 14: 2, wat
ook regstreekse navolging van die Nederlands is, word
deur 'n byvoeglike bysin, naamlik wat die water gehad
het.

5.4.2 Meerlettergrepige attributiewe adjektiewe wat op konkre=
ta betrekking het (heerlike > pragtige)

Onderstaande attributiewe adjektiewe beskryf konkreta, en hulle word nâ 1922 deur sinonieme adjektiewe vervang of deur adjektiewe waarvan die ooreenkoms in betekenis redelik deursigtig is. In die meeste gevalle is die veranderinge verbeterings ten opsigte van gebruikliker, korrekter Afrikaans en 'n wegbuig van die Nederlands.

WAT verklaar kostelik as 'waardevol', maar kostelike (Matt. 26: 7) pas nie ten volle by salf nie en die korrekter Afrikaans, kosbare, word nâ 1922 gebruik; vergelyk ook die suiwer Afrikaanse woord egte (salf) van die jonger vertalings in Joh. 12: 3 teenoor 1922 se onvervalste.

Lukas 3: 5 se woord oneffe (weë) in die sin van 'ongelyk' is veral vir jonger Afrikaners vandag haas onbekend (die Ndl. het oneffene) en is in 1929 na skurwe (plekke) verander; ook in Luk. 3: 5 is effe weë (effene) na gelyke weë verander (Dr. Du Toit wou ook die bywoord gelyk in Matt. 3: 3 gebruik in plaas van paaie reg maak, maar reguit is uiteindelik gekies - vgl. ABV 15a).

Heerlik beteken oorspronklik 'in die gestalte van' = 'soos' ''n heer'. HAT het sub heerlik as 1. 'pragtig, kostelik, luisterryk': ''n Heerlike gewaad'. In Luk.

7: 25 beskryf heerlike die substantief kleding, en dit word na pragtige klere verbeter. (Dit is interessant dat hierdie adjektief in 1929 gewysig word, terwyl die 1922-uitdrukking die troon van sy heerlikheid juis weer in Matt. 25: 31 in 1929 na heerlike troon verander word (dr. Du Toit se voorstel (ABV 15a); DBB het koninklike troon).

Plotselinge koms (17: 20 , ops.), 'n woordgroep wat minder frekwent voorkom, is identies met die Nederlands en word deur die gebruikliker skielike koms vervang: Uiterlik gelaat (sonder verbuiging) in Luk. 17: 20 staan in verband met Christus se wederkoms en verskyn ook in dié vorm in die Nederlandse teks (uiterlijk gelaat). Ná 1922 word dit duideliker gestel met sigbare tekens.

Ydel geklap in Luk. 24: 11 word na onsinnige praatjies verander - HAT gee onder andere die betekenis van ydel as 'ligsinnig' aan maar ook 'doelloos, vrugteloos, sonder enige grond' - daar vind dus 'n mate van betekenisverandering plaas. Die onduidelikheid het egter nie by die adjektief nie maar by die gesubstantiveerde werkwoord geklap ontstaan. In sy kommentaar geskryf op 'n manuskrip (gedateer 1928-6-9) wat 'n vertaling van die Lukas-evangelie bevat, het dr. T.H. le Roux gesê: "Lees leë praatjies vanweë die heel besondere betekenis van ydel in Afr. Ons begryp nie h/d bet. nie en daar's geen rede

om te bestendig nie' (ABV 20d). Die wysiging van die adjektief na onsinnige kom van dr. Du Toit (ABV 15a).

Ook in die geval van Joh. 10: 32 word die Nederlandse treffelijke nageboots met treflike werke, en dit word in die jonger weergawes goeie werke.

5.4.3 Samevatting

Uit bogenoemde voorbeelde blyk baie duidelik hoe onver= staanbaar sekere woordkeuses van die eerste vertalings vir die lesers moet gewees het en watter groot vordering daar teen 1929 reeds gemaak is om betekenishelderheid deur die keuse van gebruiklike Afrikaanse woorde in plaas van nabootsing van Nederlands. Daar is gevalle aange= toon waar die jonger vertalings se vertalers heeltemal 'n nuwe interpretasie van die grondtaal maak - moontlik as gevolg van nuwe kennis en insigte wat bygekom het.

5.5 MEERLETTERGREPIGE PREDIKATIEWE ADJEKTIEWE

5.5.1 Meerlettergrepige predikatiewe adjektiewe wat op persone betrekking het (skuldig > gebonde)

Ten opsigte van die predikatief gebruikte meerlettergre=

pige adjektiewe wat op persone betrekking het, is daar 'n aantal opvallende variasies met betrekking tot sekere woordpare, byvoorbeeld waaragtig x waar.

Sommige veranderinge is besliste verbeterings; in ander gevalle is daar stilisties weinig verskil tussen die woordkeuses, maar gevalle kom ook voor waar die 1922-woord bepaald 'deftiger' as die vervangende woord is. Woordsoortlike funksiewisseling en vormverandering kom voor. Daar is ook gevalle waar Nederlandse invloed in die vroegste vertaling die oorsaak van die onafri= kaanse segging is, wat dan ná 1922 'n suiwerder Afri= kaanse baan vind.

Slegs 'n paar adjektiewe wat predikatief is en op per= sone betrekking het, word so verander dat dit betekenis= wysiging inhou, en hierdie wysiging bring 'n korrekter Afrikaans mee. In enkele gevalle is daar veranderinge wat ongeveer sinoniem is.

Betekenisverskil kom voor in onderstaande gevalle waar die vertalers in hulle interpretasie van die grond= taalteks verskil, en behalwe waar anders vermeld, het 1922-vertalers die Nederlands woordeliks nagevolg.

Twee voornaamwoorde 'so wie' en 'so-wie' in Matt. 23: 16 word deur die adjektief skuldig gekwalifiseer en word na die sterk voltooide deelwoord gebonde ver= ander wat die betekenis van 'verskuldig' kontekstueel duideliker na vore bring. Die 1922-bewoording is: 'So wie by die tempel sal gesweer het ... die is skuldig'. Dieselfde verandering kom in Matt. 23: 18 voor; die woorde staan in verband met iemand wat deur eedaflegging 'n verpligting opgelê is, en daarom bevorder die verande= ring helderheid van begrip (vgl. verskuldig > verplig in Luk. 17: 10, wat laer af bespreek word).

Wat Mark. 5: 28 betref, is dit nie duidelik waarom gesond na gered verander is nie - dit wysig nie alleen= lik die betekenis nie maar is ook 'n minder geskikte woord in dié konteks. Daar is dan ook in 1953 (en in DBB) weer na gesond teruggekeer (ook die Ndl. het ge= zond). Verskrik (Mark. 6: 50 - ontroerd) het meer die betekenis 'bang', teenoor ontsteld, wat eerder 'kwelling' impliseer. Swak Afrikaans kom in Mark. 12: 3 en Luk. 1: 53 voor, waar onderskeidelik ledig en leeg gebruik word (leeg = ledig met d-sinkopering). Hierdie twee woorde is in Afrikaans dus doeblette wat heeltemal be= tekenismatig gedifferensieer geraak het. Die jonger

vertaling het in albei gevalle met leë hande en die Nederlands ledig.

Wankelmoedig (Luk. 12: 29) het 'n Nederlandse proto= tipe. HAT verklaar hierdie woord met: 'besluiteloos, sonder vastheid en oortuiging', en die VAW met 'on= standvastig in vertroue (geloof); wispelturig, beslui= teloos', en nie een van hierdie verklarings is sino= niem met die vervangende woord ongerus nie. Dit is dus 'n ander opvatting van die grondwoord. Vergelyk ook skuldig (Luk. 17: 10) > verplig, waar net die toe= voeging van die voorvoegsel ver- (dus verskuldig) beter by die om te-konstruksie sou gepas het (DBB: verplig).

Dit wil dus voorkom asof die vertalers ná 1922 in seke= re gevalle 'n sinonieme maar minder 'verhewe' woord as die van 1922 gebruik. 'n Goeie voorbeeld hiervan kom in Matt. 2: 16 voor, waar die woord toornig > woedend. Toornig is vandag nie meer volkslopig nie en is hoof= saaklik tot kanseltaal beperk. Van Wyk Louw gebruik dit egter met grootse effek in 'Lucifer'. In die plek van die meer 'verhewe' vreesagtige (Matt. 8: 26) en ook van bevrees (Matt. 14: 30 - bevreesd) word ná 1922 die ge= bruikliker bang gebesig. Openbaar (Matt. 26: 73 en Mark.

6: 14) is ook boekeriger as 1929 se bekend, maar open= baar is in elk geval 'n beter keuse as Luk. 12: 2 se geweet (geweten), wat ook in 1929 deur bekend vervang word en wat op die onbepaalde voornaamwoord niks be= trekking het.

Bevrug (Luk. 1: 31) is ook 'deftiger' as die vervangen= de swanger, wat 'n eufemisme is. Versadig (Luk. 6: 25 - verzadigd) word deur die 'platter' vol vervang; laas= genoemde keuse is waarskynlik bedoel om 'plat' te wees, aangesien dit 'n aanklag is. Vergelyk verder die ver= andering van die 'deftiger' genees (Luk. 7: 7) na gesond. Maar gesond gemaak was (Joh. 5: 10 - genees was) ge= nees was - sodat die jonger vertalings in hierdie ge= val by die Nederlands aansluit en die 'deftiger' woord gebruik (DBB het genees is). Godvrugtig (Joh. 9: 31) is 'n alternatief vir godvresend (vgl. HAT) maar is meer beperk tot kansel- of boeketaal en vandaar die veran= dering. Alhoewel uitsinnig in HAT opgeneem is, is dit 'n woord wat selde gehoor word; dit kom ook nie in die 1921-AWS voor nie, kan slegs toegeskryf word aan navolging van die Nederlands en word deur kranksinnig (Joh. 10: 20) vervang, wat deftiger of ten minste meer eufemisties as 'mal', die spreektaalwoord, is

(wat wel in DBB voorkom).

Wat die volgende woorde betref, is die Nederlandse invloed op die 1922-woord in elke geval verantwoor= delik vir die 'deftige' onafrikaanse segging en werk die woordkeuse van die jonger vertalings helderheid in die hand, vergelyk: ondertroud (Luk. 1: 27 - on= dertrouwd) > verloof. Ook twyfelmoedig (Luk. 24: 4) is navolging van die Nederlands en word deur 'n voor= setselgroep: in verleentheid, vervang. (DBB vertaal met nie geweet wat om daarvan te dink nie.)

In die volgende gevalle word suiwerder Afrikaans be= werkstellig deurdat woordsoortlike verandering plaas= vind alhoewel die betekenis nie juis verander nie: die adjektief tweedragtig (Matt. 10: 35) word deur die substantief tweedrag vervang; die voorsetselgroep bekend met (Matt. 12: 25 - kennende) > het geken (hulp= werkwoord plus voltooide deelwoord); droewig (Matt. 26: 37) > bedroef (voltooide deelwoord) - albei woorde is goeie Afrikaans. Sowel die alledaagse siek (Mark. 1: 32) as die gebeds- en kanselwoord krank (Mark. 1: 32) kom in 1922 in die eerste hoofstuk van Markus voor - die Nederlands het in albei gevalle kwalijk ge=

steld. Na 1922 word onderskeidelik ongesteld en 'gely het' gebruik - laasgenoemde behels dus die verande= ring: adj. > voltooide deelwoord, en die betekenis ver= ander ook in 'n mate, want ly dui eerder op langdurige siekte. Die woord ongesteld is weer 'deftiger' as siek.

'n Predikatief gebruikte adjektief manlik (Luk. 2: 23 - mannelijk) word ná 1922 as attributiewe adjektief, naamlik manlike, gebruik, wat daardeur meegebring word dat die getalswoord al na elke gewysig word. Skuldig (Luk. 7: 41) > geskuld ('n voltooide deelwoord) en skuldig (Luk. 16: 5) > skuld ('n werkwoord).

'n Voorsetselgroep in staat (1929) vervang die 1922-woord magtig (Luk. 14: 31) om suiwer Afrikaans te be= werkstellig. In plaas van die adjektief bly (Luk. 15: 5 - verblijd) gebruik die jonger vertalings die sub= stantief blydskap, en skuldig (Luk. 16: 5) > skuld (ww.).

Blind (van die geboorte af), wat in Joh. 9: 1 voorkom, is navolging van die Nederlands en word na die bysin wat blind was verander - ook 'n suiwerder Afrikaanse

segging. Verder in dieselfde hoofstuk, naamlik in Joh. 9: 16, word die bysin wat 'n sondaar is weer deur die kernagtiger attributiewe adjektief sondige (mens) vervang.

Wat die onderstaande voorbeelde betref, is daar 'n nuanseverskil tussen die woordpare. As die hoofman oor honderd aan die woord is, verklaar hy (Matt. 8: 8) dat hy nie waardig is dat die Here onder sy dak inkom nie, en 1929 - 1953 se vertalings gebruik werd - werd se betekenis is ongeveer: '(nie) verdien' en waardig: '(nie) die waardigheid besit' - maar in sy lemma oor waardig gee HAT onder punt 3 ook waardig se betekenis as 'werd' aan. VAW verklaar werd met worth en waardig met worthy. Daar is nie 'n ooglopende verklaring vir hierdie wysiging nie. Dit wil egter voorkom asof die 1922-vertalers op voetspoor van die Nederlands 'n voorkeur toon vir waardig, daar dit ook in Matt. 10: 10; 22: 8 en Luk. 7: 4 gebruik word; die jonger vertalings gebruik in Matt. 10: 10 werd en in laasgenoemde twee tekste (dit) werd. (Die Nederlands het deurgaans waardig; (DBB het onderskeidelik geregtig op; (dit) werd; (dit) werd). HAT verklaar waardig verder ook as 'eerbiedwekkend' en 'volgens verdienste', terwyl werd verklaar word met 'met sekere waarde'. Myns insiens is die 1922-vertalingskeuse, naamlik waardig, 'n 'verhewener' woord en is dit goed

waar dit op mense van toepassing is, behalwe in die geval van Luk. 15: 19, waar die minder 'verhewe' woord werd beter by die sfeer pas.

Die verandering van waardig (Luk. 3: 8) na wat by ... pas toon vordering in die rigting van suiwerder Afri= kaans. In Luk. 23: 15, waar waardig > verdien dit, is laasgenoemde keuse bevorderlik vir die betekenis; die= selfde geld vir die verandering van waardig na verdien in Luk. 12: 48.

Salig > gered (Matt. 10: 22; Mark. 10: 26; Luk. 8: 12). Salig sê minder as gered, daar eersgenoemde op 'n staat van 'gelukkigheid' dui en by implikasie na 'n vroeëre toestand van ongelukkigheid heenwys, maar laasgenoem= de impliseer 'n vroeëre toestand van 'verlorenheid' en dui op 'n daad van ingryping wat die toestand geheel en al verander na een van genadige verlossing. Daar is ook 'n nuanseverskil tussen salig (Matt. 13: 16 en Luk. 23: 29), wat 'n bepaalde Bybelse konnotasie het, en gelukkig - wat in hierdie konteks gepaster is: salig impliseer weer meer as net 'gelukkig', naamlik ook 'geseënd'. DBB vertaal selfs in Matt. 5 μακάριοι met gelukkig.

In Luk. 12: 40 is bereid gebruik - 'n woord met 'n dubbele betekenis (vgl. HAT) - en in die jonger ver=

talings kom gereed voor, wat myns insiens gebruikliker is (voorbereid sou ook goed gewees het), daar bereid in die omgangstaal veel meer in die sin van 'gewillig wees' gebruik word eerder as met die betekenis 'ge=reed'.

Ten opsigte van Joh. 3: 33 is die woordkeuse van die verskillende Afrikaanse vertalings: (dat God) waar=agtig (is)> waar (1929 - 1933)>waaragtig (1953) - nie een van die keuses is suiwer Afrikaans nie; dus nog 'n voorbeeld waar die 1922- en 1953-woorde ooreenstem (DBB: geloofwaardig). Maar in Joh. 8: 13 en 21: 24 is die patroon waaragtig > waar > waar (DBB: geldig en waar onderskeidelik) - hier het die woorde egter nie regstreeks op die persoon van Christus betrekking nie maar wel op sy getuienis en gevolglik is die woord waar 'n geskikte keuse.

5.5.2 Ander meerlettergrepige predikatiewe adjektiewe ('as u oog ... eenvoudig is'> reg)

Betekeniswysiging en in sommige gevalle woordsoortlike wysiging kom voor by die verandering van sekere predi=katiewe adjektiewe na korrekter Afrikaans. 'n Voorset=selgroep tot nut in Matt. 5: 29, 30 staan in verhou=ding tot die voorafgaande sinsdeel via die sinsanafo=

riese dit [1] en word ná 1922 duideliker gestel met beter; dieselfde woordgroep word in Joh. 16:7 na voordelig verbeter. Die onduidelike verbinding van 'n oog wat eenvoudig is (Matt. 6: 22) word na 'n oog wat reg is, verander (DBB: goed). Die woordgroep van groot waarde (pêrels) in Matt. 13: 46 word verkort tot die kernagtige kosbare, wat dieselfde beteken. 'n Huis wat ledig is (Matt. 12: 44) is blote navolging van die Nederlandse leeg. 'n Geval waar die keuse van die regte woord die vertalers kenlik hoofbrekens besorg het, kom in Matt. 16: 3 voor. Die 1922-vertaling het droewig rooi (hemel),wat moontlik digterlike taal is maar nie gebruiklike Afrikaans nie (droewig rood). Dit word in 1929 verander na donker rooi. Die Blye Boodskap het met dynserig rooi vertaal; Frans het somber en rooi (sombre et rouge), en dit wil voorkom asof die invoeging van die voegwoord en juis die oplossing sou bied: dynserig en rooi. Die nuwe Nederlandse vertaling van 1963 het somber rood in navolging van die Frans en die GN het red and dark.)

Die beskrywing van grafte (1922: grawe) as (nie) open-

---

1) Vgl. Ponelis in Koers 43: 55 e.v.

baar (nie) (Luk. 11: 44), met die betekenis 'nie al= gemeen bekend nie', is onduidelik, en die vervangende woord onkenbaar, wat op iets dui wat nie 'uitgeken' kan word nie, is ook minder gebruiklik as onherken= baar, die 1953-woord (DBB: onherkenbare). Nog 'n sinlose verbinding is die van sout met bekwaam (Luk. 14: 35 - 'n adjektief wat eerder op persone van toe= passing is); dit is nog 'n voorbeeld van navolging van die Nederlands wat in Afrikaans nie deug nie. Die vervangende woord bruikbaar is 'n geskikter keuse. Daar is vroeër reeds na bereid in attributiewe plasing verwys. Vervul (1929) is 'n beter keuse as 1922 se gedrae volbring (Luk. 22: 37 - volbracht), wat via die anaforiese dit op die geskrewe dinge aangaande Christus betrekking het ('wat geskryf is'). In Joh. 7: 6 kom 'u tyd is altyd bereid' voor, en dit word verander na die bywoord daar - myns insiens sou 'het aangebreek' nog beter wees. Sowel vervul ('My tyd is ... vervul') in Joh. 7: 8 (vervuld) as die vervangende bywoord daar, laat mens onbevredig. (DBB het: 'omdat die tyd vir my nog nie reg is nie' - aangebreek het nie? ryp is nie?) Vervul is die korrekte woord vir die Grieks πεπ= λήρωται , maar die idiomatiese stelling sou duideliker gewees het met 'n woord soos aangebreek.

5.5.3 Meerlettergrepige predikatiewe adjektiewe waarvan die vorm ná 1922 verander word ('onuitblusselike vuur'> onuitbluslike)

In onderstaande gevalle word slegs die vorm van die 1922-woord in die weergawes ná 1922 verander. Sin=kopee kom in 'n aantal gevalle voor, en die volgende voorbeelde is van gelyke tipe:

Na aanleiding van die Nederlands het die 1922-verta=lers die woord onuitblusselike (vuur) (Matt. 3: 12) gebe=sig, en mettertyd is dit na die gebruiklike Afrikaanse wisselvorm (vgl. AWS[7] III 5.1) onuitbluslike verander (DBB: onblusbare - Ndl. onuitblusschelijk - sonder buigings-e). Die vertalers was egter nie konsekwent in hulle keuse nie, daar onuitbluslike (onuitblusschelijk vuur) in Luk. 3: 17 gebruik is. By wyse van epentese word smakelik (Mark. 9: 50 - smakelijk) na smaaklik veran=der. Die 1921-AWS bevat nie skrikkelike (dinge) nie, maar dit kom wel in die Nederlandse teks en in 1922 voor (Luk. 21: 11). HAT bevat egter 'n lemma skriklik, 'n minder gebruiklike woord wat miskien gewestelik/idiolek=ties voorkom maar dan nie as skrikkelik nie. Die suiwer Afrikaanse vorm verskriklike kom in 1929 voor.

Daëlikse (Matt. 6: 11 word na die gebruiklike daaglikse aangepas. In Luk. 11: 3 kom daelikse (dagelijksch brood) voor, en dit is ook na daaglikse verander. Die intervo=kaliese -g word in 1921 in die oorgang van Nederlands na Afrikaans weggelaat. Sinkopering van 'n lettergreep kom voor en dit gee aanleiding tot 'n onafrikaanse vorm wat in 1929 weer deur suiwerder Afrikaans vervang is.

as hardigheid (van u harte) in Matt. 19: 8 na hardheid, die korrekte Afrikaanse vorm, verkort word. Volgens WAT word hardigheid meestal in konkrete sin gebruik.

Ook in die geval van 'n predikatiewe adjektief is daar die oorgang -aar- > -er-, vergelyk onregvaardig (Luk. 16: 10) > onregverdig - die suiwer Afrikaanse vorm. Die 1921-AWS gee: 'regvaardig of regverdig'. (Iets) wonderlik in Joh. 9: 30 word na (iets) wonderliks (wat wonders) die gewone vorm van die partitiewe genitief verander.[1)]

Met 'n enkele uitsondering is die bogenoemde onafrikaanse vorme van 1922 aan navolging van die Nederlands toe te skryf.

5.5.4 Samevatting

Ook in hierdie afdeling blyk dit dat die onafrikaanse vorme van 1922 in 'n groot mate te wyte is aan onoor=

---

1) In sy kommentaar op die Psalms het dr. Dekker (ABV 21h - 1945/02/14) geskryf: "Kan hier nie soos in die State= bybel 'wonderbaar' gebruik word nie (t.o.v. Ps. 139: 6). Ek is lugtig vir die woord 'wonderlik' behalwe i/d bet. van 'eienaardig'. Al mag 'wonderlik' i/d 17e Eeu ge= bruik wees in die letterlike bet. van "soos 'n wonder" vandag staan die woord in sy betek. onder direkte invloed van Engels "She's wonderful, you know".

deelkundige navolging van die Nederlands. Verbeter= de Afrikaans is op verskillende wyses bewerkstellig, onder andere deur 'n verandering van die woordsoort en deur vormveranderings.

5.6 DEELWOORDE

Aangesien dit 'n opvallende verskynsel is dat die 1922-vertalers in navolging van die Nederlands veel meer as die latere vertalers van deelwoorde gebruik maak, behandel ek die deelwoorde afsonderlik. Alhoewel die jonger vertalings soms aan bondigheid inboet deurdat 'n enkele deelwoord deur 'n individualiserende bysin vervang word, is die resultaat tog 'n natuurliker Afri= kaanse segging.

5.6.1 Attributiewe deelwoorde (sogende > wat nog laat drink)

Deelwoorde in attributiewe plasing wat ná 1922 gewysig word, kom in aansienlike getalle voor - in die meeste gevalle word die deelwoord deur 'n bysin en soms deur 'n ander woordsoort vervang.

5.6.1.1 Deelwoorde in attributiewe plasing wat op persone be= trekking het ('toegerus volk' > 'toegeruste volk')

Ten eerste is daar voltooide deelwoorde wat op persone betrekking het en attributief geplaas is. Die volgende is voltooide deelwoorde: Bevrugte (vroue) in Mark. 13: 17 en Luk. 21: 23 (bevruchten) is minder gebruiklike Afrikaans en word deur die gebruikliker Afrikaanse segswyse: wat swanger is, vervang. Die opgestane Jesus (Mark. 16: 9, ops.) word ook in 1929 in vloeiender Afrikaans gestel, vergelyk die verskyning van Jesus na sy opstanding. Verder kry die onafrikaanse toegerus volk (Luk. 1: 17), wat sonder die buigings-e voorkom, suiwerder gestalte in die jonger vertalings as toege= ruste volk. Dit is weer 'n duidelike navolging van Neder= lands, waar dit in die 'onbepaaldheidsrelasie' (een toe= gerust volk) voorkom. Dit word darem verafrikaans deur apokopering van -t. (DBB laat toegerus(te) weg - 'n volk voor te berei). Eniggebore (soon) (Luk. 7: 12 - enigge= boren) word na die adjektief enigste verander en welge= bore (man) (Luk. 19: 12 - welgeboren) na 'n voorsetsel= groep, naamlik van hoë familie > van hoë geboorte (1953). In Joh. 7: 35 word verstrooide Grieke uitgebrei tot ver= strooides onder die Grieke - die deelwoord word gesub= stantiveer, en hierdie verandering behels ook betekenis= wysiging, daar die weergawe van die jonger vertalings op mense dui wat nie noodwendig Grieke is nie, maar mense (Jode) wat tussen die Grieke woon. (DBB het Griekssprekende Jode.)

Onderstaande onvoltooide deelwoorde kom ook in 1922 voor: Die deelwoord in die sintagma aansittende gas= te (Matt. 22: 10, 11) impliseer moontlik dat daar ook gaste was wat nie aangesit het nie, en word ná 1922 weggelaat sodat net gaste oorbly en daar geen twyfel oor die betekenis kan bestaan nie.

By Mark. 5: 21 en Luk. 8: 40 kom in navolging van die Nederlands in die opskrifte die deelwoord bloedvloeiende (vrou) voor, wat na die bysin: wat aan bloedvloeiing gely het, gewysig word - natuurliker Afrikaans. Verge= lyk ook die verandering van vresende en bewende (Mark. 5: 35 - vreezende en bevende), wat na wat gevrees en gebeef het verbeter word. In die geval van Mark. 13: 17 neem 'n uitdrukking wat met 'n betreklike voornaam= woord ingelei word, die plek van die onvoltooide deel= woord van 1922 in, vergelyking sogende (vroue) > wat nog laat drink (zoogende) - 'n verandering wat ook natuur= liker Afrikaans meebring; 1953: wat nog soog - soog is waarskynlik gevoel as 'n meer eufemistiese woord as laat drink. 'n Variant soënde (Luk. 21: 23) ondergaan dieselfde wysiging, te wete wat nog laat drink, maar 1953 het ook hier wat nog soog. Die bepalende onvoltooi= de deelwoord seëvierende (intog) in Luk. 19: 28 se op= skrif [1] (zegevierende) word geheel en al weggelaat, so= dat daar in die jonger vertalings slegs die intog staan.

---

1) Van 1929 af is dit Luk. 19: 29, ops.

5.6.1.2 Deelwoorde in attribuutiewe plasing wat op konkreta betrekking het (grypende wolwe > roofsugtige wolwe)

Sommige 1922-deelwoorde in attributiewe plasing het op konkreta betrekking, en in heelparty gevalle behels die verandering ook 'n wysiging van die woordsoort of vind uitbreiding tot 'n bysin plaas. Betekeniswysiging kom voor, en sekere lomp woordkeuses van 1922 is regstreeks van die Nederlands afgelei. Nie alle veranderings is verbeterings nie.

Betekenisaanpassings kom in die volgende veranderings voor: In Matt. 7: 15 word grypende (wolwe)[1] vervang deur 'n term wat nog minder pas, nl. roofsugtige. (IGE vertaal ἅρπαγες met greedy en in die teks met skeurende; GN: wild wolves; DBB: verskeurende wolwe). Witgepleisterde (Matt. 23: 27) word na gewitte verander, wat dus ook 'n ander interpretasie van die grondtaal is.

Die volgende veranderings bevorder meestal betekenishelderheid: Die uitdrukking 'n lap ongekrimpte laken (Mark. 2: 20 - eenen lap ongevolde laken)[2] word van 1929 af verafrikaans met die woorde 'n nuwe stuk lap.

---

1) S.J. du Toit het ook met grypende vertaal.

2) In 1933 en '53 is dit vers 21.

aangenaaide lap, wat met die Nederlands ooreenstem (Mark. 2: 20), word in gebruiklike Afrikaans gestel met aangelapte stuk. 'n Goeie voorbeeld van taal=verbetering kom in Mark. 14: 3 voor met die veran=dering van onvervalste nardus (onvervalschten) na egte nardussalf. Nog 'n voorbeeld van navolging van die Nederlands wat tot 'n onafrikaanse taalvorm aanleiding gee, is gemirde wyn (Mark. 15: 23 - gemirre=den) - 'n woordskepping wat nòg Nederlands nòg Afri=kaans is en wat deur 'n omskrywing, met mirre gemeng, vervang word. Die verklaring vir die moeilik verstaan=bare ongehewelde brode (Luk. 22: 7) is ook in die Nederlands (ongehevelde) te vind; van 1929 af word ongesuurde gebesig.

Dan is daar sinonieme veranderinge waar die nuwe bewoor=ding 'n fyner afronding bewerkstellig. Gemeste (kalf) is 'n woord wat nie juis gebruiklike Afrikaans is nie en wat net in hierdie spreekwoordelike verband be=staan; [1] dit kom in Matt. 22: 4 voor en word na die spreektaalwoord vetgemaakte verander. Naas gemeste het die 1922-vertalers ook in Luk. 15: 23 die pleonas=

---

1) WAT gee as betekenis van gemes 'vetgemaak' en net twee gebruiksgevalle: nl. Luk. 15: 23 (Ndl.) en Die Burger.

tiese vetgemeste (gemeste) gebruik, wat dieself= de wysiging ondergaan. Vergelyk verder die minder gebruiklike verdorde (vyeboom) in die opskrif bokant Mark. 11: 12, wat na verdroogde verander word - ook 'n voltooide deelwoord, maar die neiging is oor die algemeen om van deelwoorde ontslae te raak. Die 'def= tige' afgeleë land in Luk. 15: 13 (vergelegen) word na ver land verander; [1] die woord afgeleë het eerder die konnotasie 'eenkant' en verafgeleë, wat HAT in verband met lande gebruik, doen as toutologies aan. 'n Aantal onvoltooide deelwoorde wat in 1922 voorkom, word ook vervang. Die woordgroep rokende lamppit (Matt. 12: 20 - rookend) word deur die byvoeglike bysin wat rook vervang - 'n onnodige verandering, blykbaar aangebring om die deelwoord wat op die Nederlands terug= gaan, te vermy. In die plek van omliggende land (Mark. 1: 28) kom ná 1922 slegs die substantief omtrek (DBB omgewing) voor - 'n bondiger uitdrukkingswyse; in

---

1) P.J. Schoeman beweeg op 'ver paaie' en HAT noem ''n ver reis' en ''n ver vriend'.

dieselfde hoofstuk (Mark. 1: 38) word omliggende dorpe - die Nederlands het: bijliggende vlekken - na die adjektief naburige verander, wat ten opsigte van 'af=stand' 'n nuwe nuanse meebring (DBB: nabygeleë); en in Luk. 9: 12 word omliggende dorpe (omliggende vlek=ken) deur die bywoord rondom (1929 - 1933), wat ná die substantief volg, vervang - dus dorpe rondom. 1953 se in die omtrek is beter. (DBB het ook dorpe en plase in die omtrek). Blinkende kleed en blinkende klere kom onderskeidelik in Luk. 23: 11 en Luk. 24: 4 voor; 1953 het onderskeidelik 'n blink kleed en in blink klere. Woordsoortlike wisseling geskied met die veran=dering van blinkende, wat in die periferie van die werk=woord blink staan, na die suiwer Afrikaanse adjektief blink ('n byvoeglike naamwoord wat nie in Ndl. voorkom nie).

5.6.1.3 Deelwoorde in attributiewe plasing wat op abstrakta betrekking het (toekomende toorn > toekomende eeu)

Sekere abstrakta word in 1922 deur attributiewe onvol=tooide deelwoorde beskryf, vergelyk die toekomende toorn (Matt. 3: 7 en ook Luk. 3: 7 - toekomenden) [1] en toekomende eeu (Mark. 10: 30 - toekomende - Grieks:

---

1) Die Grieks het in albei gevalle μελλούσης, wat IGE met coming vertaal (DBB: dreigende).

ἐρχομένω), wat onderskeidelik na toorn wat aan kom is en eeu wat kom verander word - hoewel omslag=tiger is die jonger woordkeuses duideliker en Afrikaanser.

Die volgende deelwoorde, [1] naamlik ingedrukte, geskudde en oorlopende maat in Luk. 6: 38 (neergedrukte, geschudde en overlooopende) word in 1929 na die woordgroep wat ingedruk en geskud en oorlopend is, verander - dus predikatiewe gebruik (DBB: ingestamp, geskud en propvol).

5.6.2 Deelwoorde in predikatiewe plasing

5.6.2.1 Voltooide deelwoorde in predikatiewe plasing met -d in die auslaut (bevreesd > bevrees)

'n Opmerklike verskynsel by sommige predikatiewe verlede deelwoorde wat in 1922 voorkom, is die behoud van die Nederlandse -d in die auslaut, 'n -d wat in die ontwikkelingsgang van Afrikaans geapokopeer is.

Na 1922 word hierdie woorde verander òf deur die blote

---

1) Twee is voltooid en een onvoltooid.

weglating van die -d, óf hulle word deur sinonieme woorde of woordgroepe vervang; in enkele gevalle kom betekenisaanvulling of -verlies by die verandering voor. Navolging van die Nederlands is in sekere ge= valle baie prominent te bespeur, en oor die algemeen bring die veranderings suiwerder Afrikaanse mee. Daar is ook gevalle waar ná 1922 aan die woord 'n -d toegevoeg word, terwyl die 1922-woord sonder 'n -d in die auslaut voorkom. Die rede hiervoor is dat die vorm sonder -d, byvoorbeeld versier, beskaam, 'n ge= wone werkwoord kan wees (vgl. HAT).

Op 'n lys taalaanbevelings (ABV 20b) het drr. Du Toit en Fourie onder andere geskryf: "By die gebruik van verl. deelw. as adjektiewe is onvastheid maar ons be= veel aan om te stuur in die rigting van Afrikaanse taal= eie, d.i. na f,s,k, ens. g'n d nie na l,m,n,r en vokaal liefs d".

Elders (ABV 17(a)5 - sic) onder die opskrif 'Taaladvies' staan: "By gebruik van deelwoorde met of sonder d is daar duidelike onvastheid. Drie oorwegings kan leiding gee:

(1) Wanneer adjektiewiese funksie oorweeg, dan -d; wanneer verbale funksie sterk oorweeg, dan sonder -d.

(2) Wanneer gevoel as kultuurwoord of minder al=

ledaags, dan -d te behou, anders sonder -d.

3) Om fonetiese redes val d na f, s, g, gewoon= lik weg; vgl. bedroef, bevrees, gesog (na l, m, n, r en vokaal, liefs d)".

Prof. S.P.E. Boshoff was nie hiermee tevrede nie (Nienaber 1965: 259) en het geskryf: [1] "Dis 'n baie moeilike kwessie, en 'n eenvoudige maar tog min of meer radikale oplossing lyk my uiters gewens". Na aanlei= ding van drr. Du Toit en Fourie (ABV 20b) se aanbe= veling het Boshoff gesê (Nienaber 1965: 259): "Ek het my ten opsigte hiervan aan die meerderheid onderwerp, maar is oortuigd (sic!) dat die moeilikheid met die aanbeveling nie opgelos is nie.

"Volgens drr. Le Roux en Pienaar se *Afrikaanse Fonetiek*, kom die -d ook voor na *bedroefd*, ens. en bly dit soms weg na l, *ontstel* ens. Ook Malherbe gebruik vorms wat afwyk van hierdie reël, bv. in sy boek: *Hans-die-Skipper*". Dieselfde Le Roux en Pienaar sê egter in dieselfde werk (§ 373): "'n Frikatief gevolg deur 'n eksplosief kom nie voor op die end van 'n lettergreep in Afrikaans nie ...", en dit is 'n vaste spreidings= beginsel ten opsigte van konsonante in Afrikaans. Enkele uitsonderings is esp, wesp, maagd. [2]

---

1) Die aanhalingstekens word hier aangedui soos dit in die aan= gehaalde teks voorkom.

2) Vgl. ook: § 374, 375. Vgl. ook AWS XII. 2 (bl. 18) en M. de Villiers 1965: 92, tabel VII.

Boshoff sê verder: "Vir my hang die aan- en afwesig=heid van die -d nie net saam met die voorafgaande klank nie, maar ook met die ouderdom, gebruiksfeer en betekenis van die woord (bv. of dit 'n *toestand* aan=dui of nie). En daarom is dit juis so uiters moeilik om 'n reël te vind. Ons kan egter aanneem dat:

(a) As die verl. deelw. nog verbale funksie het en as sodanig gevoel word, val die -d in 'n enkele geval weg.[1)]

(b) Daarteenoor staan die ander uiterste, dat die -*d* behou bly, as ons aan 'n adj. dink of 'n toe=stand uitgedruk word, m.a.w. as ons niks van die verbale funksie meer voel nie.

(c) Tussen (*a*) en (*b*) lê 'n aantal grensgevalle, waar die skrywer moet beslis volgens die kriteria (*a*) en (*b*)".

Met bogenoemde uitsprake van die vertalers en adviseurs in gedagte kan nou gekyk word hoedat deelwoorde op -d

---

1) Hierdie standpunt is lank gehandhaaf - soos verteenwoordig deur: Die huis is gemeubileer/gemeubileerd - 'n onderskei=ding wat baie nuttig was maar blykbaar verval het.

in die vertalings ná 1922 verander of vervang is.

Die woord genaamd, met slot -d, kom dikwels in 1922 voor, vergelyk: Matt. 1: 16; 2: 23; 4: 18; 9: 9; 10: 2; 26: 14; 27: 16, 17, 22; Joh. 11: 16). In sommige gevalle het die Nederlands ook genaamd (vgl. Matt. 9: 9; 27: 16, 17, 22; Joh. 11: 16) maar in ander gevalle gezegd (Matt. 1: 16; 4: 18; 10: 2) en ook geheeten worden (Matt. 2: 23). Die 1922-vertalers gebruik genaamd dus selfs op plekke waar dit nie in die Nederlandse teks voorkom nie en wissel nie saam met die Nederlandse teks af nie. Ná 1922 wissel die vertalers egter af met wat genoem word (Matt. 1: 16; 4: 18; 10: 2, 3; 27: 17, 22; Joh. 11: 16) en met die naam van (Matt. 2: 23 - Nasareth; 9: 9; 26: 14; 27: 16). Die Grieks het seker niks hiermee te make nie, daar die woord λεγομένος in sy verskillende buigings= vorme gebruik word. In Mark. 15: 7 staan: een, ge= naamd (Barabbas), en dit word dan gewysig na 'n sekere; terwyl Matt. 10: 3 met die eienaardige nie-Afrikaanse bygenaamd (Thaddéüs) (toegenaamd) verander word na wat genoem word. Maar in Luk. 22: 3 is toegenaamd net so onveranderd uit die Nederlands oorgeneem en later in 1929 verander na wat genoem word.

Die slot -d van bevreesd (Matt. 1: 20; Mark. 5: 15; 10: 32; Joh. 19: 8) verval ná 1922 > bevrees en in Joh. 6: 19 kom die wysiging bevreesd > bang voor.

In Mark. 9: 6 en 16: 8 word bevreesd deur sinonieme adjektiewe verskrik en bang onderskeidelik vervang, en bang is ook die vervangende woord in Matt. 25: 25, waar bevrees sonder die -d-uitgang voorkom (die kor= rekte Afrikaans - vgl. HAT) - nog 'n geval dus waar die 1922-vertalers nie konsekwent dieselfde vorm be= hou nie. Dit dui ook waarskynlik daarop dat die -d in 1922 reeds geapokopeer was en kunsmatig ingevoer is.

Met die verandering van ontroerd (Matt. 2: 3; 14: 26; Luk. 1: 12; 1: 29; 24: 38; Joh. 12: 27) na ontsteld vind daar ook betekeniswysiging plaas - laasgenoemde dui op 'angs', eersgenoemde op 'bewoën= heid'.

In Matt. 9: 36 word verstrooid deur moeg vervang, wat geheel en al 'n ander betekenis het,en vermoeid word na uitgeput verander, 'n adjektief wat waarskynlik 'n sterker graad van vermoeienis weergee. Verstrooid (Joh. 11: 52) > verstrooi maar word in 1953 na die attributie= we verstrooide (kinders) verander. Daar is ook 'n be= tekenisverskil tussen verstrooi en verstrooid - laas= genoemde beteken 'ingedagte'.

Die 'deftige' 'met sagte klere bekleed' (Matt. 11: 8) gaan oor na die gemeensamer 'met sagte klere aan' Na aanleiding van Ps. 35: 26 het dr. T.H. le Roux

(ABV 21g) geskryf: "Beklee te konkreet; 1. (= lees) vervul of bedek" en ten opsigte van Ps. 132: 9: "Bekleed die beste vorm na my oordeel terwyl beklee vir my minder algemeen is, maar ek glo dat sover meestal beklee gebruik is. Soos gesê sou ek geen oomblik twyfel om die vorm -d te gebruik nie".

Vergelyk verder bedroefd (Matt. 14: 9) > treurig; maar bedroefd (Matt. 17: 23; Mark. 3: 5; 10: 22; 14: 34) > bedroef. Dr. Du Toit (ABV 15a) het die voorgestelde woord bedroefd (Matt. 26: 38) op 'n manuskrip na bedroef verander asook onderskeidelik verbaasd en verbaas na verbaas en verslae (vgl. egter laer af). Verbaasd (Mark. 2: 11) > verbaas; hier het die Nederlands ontzetteden, wat nie 'n voltooide deelwoord is nie maar 'n imperfek[1]. Vergelyk verder: verbaasd (Mark. 10: 32 - verbaasd) > verbaas; verbaasd (Mark. 11: 18 - ontzet) > verslae, wat 'n sterker graad van emosie aandui. In drr. Du Toit en Fourie se lys reëls (ABV 20b) staan onder punt 13: "ontsteld - kwytgeskeld - verwonderd - ongeeerd - geseend - beskaamd - bedroef - verbaas" - dus na die onegte konsonante word -d behou.

Net die stam van beswaard (Matt. 26: 43; Mark. 14: 40 - bezwaard) word ná 1922 behou, dus swaar, 'n gewone adjektief.

---

1) Die teksverwysing in die vertalings ná 1922 is Mark. 2: 12.

Betekeniswysiging kom ook voor met die oorskakeling van ontsteld (Mark. 16: 5 - verbaasd) na die bywoord en werkwoord baie geskrik. Betekenisaanvulling kom voor by die verandering van gewapend (Luk. 11: 21 - 'n sterke gewapende) na die woordgroep wat goed gewapend is - dus nog gewapend met -d, maar die woord goed beklemtoon die paraatheid.

In die plek van verwonderd (Luk. 1: 63 - verwonderden) kom die sintagma hulle verwonder hulle. Geloofd (Luk. 1: 68) > geloof; in 1953 word na die 'verhewe' geloofd teruggekeer; verblyd (Joh. 8: 56) > verbly - 'n voltooide deelwoord sonder -d.

Op manuskrip (ABV 15a) het dr. Du Toit 'n aantal wysigings aangebring waarin hy 'n woord met d-auslaut as alternatief vir ander woorde voorstel, vergelyk verheugd (Matt. 2: 10) in plaas van die woordgroep vervul met groot blydskap, en hierdie vorm is van 1929 - 1933 gehandhaaf, maar 1922 en 1953 het verheug as voltooide deelwoord. Hy stel ook versierd (Matt. 12: 44) voor in plaas van in orde; 1922 het versier en in 1929 is die -d bygevoeg - dus versierd. Van 1933 af is dit weer versier sonder -d omdat dit natuurliker Afrikaans is.

Vir Luk. 1: 47 stel dr. Du Toit egter voor dat bly > verheug (sonder d), en dit is dan ook die vorm van 1929 - 1953 - 1922 het ook verheug maar as werkwoord.

Dr. Du Toit het in sy brief (1949-02-17) aan dr. B.B. Keet (ABV 21f) gesê: "Die reël -d na l, m, n, r en vokaal gaan in strenge sin nie op nie. Ek het in Ps-beryming gereeld: Geloofd sy God (met diep ont= sag) ens. Dit kan nie anders. "Geloof sy" (sonder d) sê niks. Toeberei (sonder d) heeltemal reg. So ook weer verbaasd met 'n d en ander wat jy noem. Ons moet gevoel en spraakgebruik raadpleeg. Ons taal moet nie nou al op 'n Procrustesbed gelê word nie". Dit is 'n belangrike uitspraak,wat daarop dui dat dr. Du Toit by die Bybelvertaling woorde ten opsigte van hulle gevoelswaarde gekeur het en volgens sy stelling moet mens aflei dat dit ten tye van die eerste Bybel= vertaling nie gebruiklik was om die d aan 'n woord soos toeberei toe te voeg nie; maar vandag behoort toeberei in elk geval nie tot die gangbare 'spraakgebruik' nie.

Enkele gevalle kom voor waar die voltooide deelwoord van 1922 sonder 'n slot -d voorkom maar waar die -d wel ná 1922 bygevoeg word, vergelyk ongeëer (Mark. 6: 4 - ongeëerd)> ongeëerd; versier > versierd (Luk. 11: 25); beskaam > beskaamd (Luk. 13: 17 - beschaamd - HAT gee die vorm sonder d as 'n werkwoord aan en die

met d as adjektief. In hierdie gevalle is dit die jonger vertalings wat met die Nederlands ooreenstem en nie die vertaling van 1922 nie.

Samevattend kan die volgende verklaring gemaak word: Aan sekere verlede deelwoorde word by adjektiwiese gebruik 'n d toegevoeg, by werkwoordelike gebruik nie. Histories gesien het d in Nederlands in albei gevalle bestaan.

5.6.2.2 Deelwoorde in predikatiewe plasing wat op persone betrekking het (gestorwe > dood)

Die veranderings wat aangebring word, behels verandering van woordsoort, die vervanging van 'n verboë vorm deur 'n onverboë vorm, betekeniswysiging en die vervanging van 'n bysin deur 'n adjektief. Die eerste groep behels voltooide deelwoorde.

Myns insiens het Die Blye Boodskap 'n goeie oplossing vir Matt. 4: 24 gevind deur gebruik te maak van slegs die voorsetsel met - met ... kwale en pyne; die 1922-vertaling het 'n voltooide deelwoord en agtersetsel: aangetas deur, en dit is in 1929 verander na wat gekwel was deur. Die voltooide deelwoord onderwese (Matt. 13: 52 onderwezen) is deur 'n byvoeglike bysin, wat 'n leerling geword het, vervang. In Matt. 27: 52 word die byvoeglike bysin deur 'n adjektief in 'n ander posisie vervang - vergelyk: (die heilige), wat ontslape was > (die) ontslape (heiliges). Die deelwoord gestorwe

(Mark. 5: 39 - gestorven; ook in Mark. 5: 35; 15: 44) word na die adjektief dood verander en die vol= tooide deelwoord plus hulpwerkwoord gekleed wees (Mark. 6: 9) deur die werkwoord aantrek.

'n Woord wat nie in Afrikaans bekend is nie en ook nie in die AWS van 1921 voorkom nie, is ondertroude (Luk. 2: 5 - ondertrouwde), en dit word deur die by= woordelike bysin aan wie hy hom verloof het vervang (DBB: sy verloofde).

Waar die Nederlands in Luk. 13: 11 die samegestelde verlede deelwoord samengebogen het, het die 1922-ver= talers 'n bywoord plus verlede deelwoord, naamlik in= mekaar gebuie. Dit is baie opmerklik dat hulle 'n 'swak' vorm daarvan maak - 'n proses wat in moderne Afrikaans op groot skaal toeneem! Laasgenoemde vorm is nie gebruikstaal nie, eerder digterlike taal, en word ná 1922 weer eens 'n samegestelde voltooide deel= woord, naamlik inmekaargetrek, wat die normale Afri= kaans is.

'n Verdere aantal veranderings van 'sterk' voltooide deelwoorde na swak vorme kom ook voor, vergelyk: be= droë (Matt. 2: 16 - bedrogen) > bedrieg - 1953 het mis= lei, wat moontlik meer eufemisties is, en ook die argaïese uitverkore (Matt. 20: 16; 22: 14 - uitverkoren) > uit=

verkies. Die verhewe, byvoeglik gebruikte sterk verlede deelwoord gesete (Matt: 21: 5 - gezeten) word na die presenswoordgroep, Hy sit, verander. Die nei= ging in Afrikaans is lank reeds en toenemend weg van ablautsverlede deelwoord en dit word deur die boge= noemde en vroeër genoemde voorbeelde bevestig. Soos aangetoon het die 1922-vertalers in die meerderheid ge= valle die Nederlandse gebruik van die sterk verlede deelwoord noukeurig nagevolg. In al hierdie gevalle het die vertalers ná 1922 nader aan 'n veel natuurliker gebruiksafrikaans gekom. Die wegbeweeg van die 'sterk' vorme bring 'n natuurliker Afrikaanse gebruikstaal mee. Nog 'n voltooide deelwoord, naamlik gereinig (Luk. 17: 17 - gereinigd), word na die adjektief rein verander en vleesgeworde (Woord) in die opskrif bokant Joh. 1: 1 (vleeschgeworden) na die woordgroep vlees= wording van die (Woord).

Sinonieme veranderings kom ook voor: gebroke (Luk. 4: 18 - gebroken) > verbryseld, ook 'n voltooide deelwoord, maar 'n woord wat 'n intenser graad van gebrokenheid aandui en met die opvallende slot-d. (Dit is ver= rassend dat DBB nie na hierdie groep mense verwys nie -

ook nie in 'n voetnoot nie.) [1] Die Nederlands geraakt (Luk. 5: 18) gee aanleiding tot geraak in 1922, wat in Afrikaans moeilik te begryp is en verbeter word met verlamd, wat weer 'n oorbodige slot -d bevat. Die min= der gemeensame voltooide deelwoord genees (Luk. 17: 15) word na die gebruiklike spreektaalwoord gesond, wat 'n adjektief is, verander.

Heelwat predikatiewe onvoltooide deelwoorde wat op per= sone betrekking het, kom ook voor. In die meeste ge= valle is die verandering wat aangebring word, 'n wysi= ging van die onvoltooide deelwoord na 'n omslagtiger bysin of woordgroep, maar dit is 'n verandering in die rigting van gebruiklike Afrikaans. Vergelyk die vol= gende: In Matt. 13:14 kom die onvoltooide deelwoord siende voor in die uitdrukking siende sal u sien, wat na die vloeiender Afrikaans julle sal kyk en kyk veran= der word.

'n Bywoordelike bysin terwyl hulle hoor vervang die teenwoordige deelwoord horende (Matt. 13: 13 en Luk. 8: 10). Onwetend (Matt. 15: 16; Mark. 7: 18 onwetende) word met die begrypliker sonder verstand verbeter. Die

---

1) Dit is waarskynlik 'n tekskritiese kwessie - sommige ver= talers het die Textus Receptus gebruik en ander vertalers 'n ander bron. Dit staan trouens ook nie so in Jes. 61: 1, 2 nie.

Nederlands onwetend beteken 'onkundig', en die nuwe woordkeuse kan 'n aanpassing wees van die Nederlandistiese: 'ek het daar nie verstand van nie', maar dit is waarskynlik eerder 'n beter insig in die grondwoord ἀσύνετοί, wat IGE met unintelligent aandui maar in die Engelse teks met without understanding; (GN: no more intelligent; DBB: Verstaan ook julle dit nog nie?) Let ook op die bywoord in die sintagma 'en rol al skuimende om', wat verander word na met skuim in die mond (Mark. 9: 20 - schuimende.)

Siende word in Luk. 7: 22 na sien weer verbeter, in Luk. 8: 10 na terwyl hulle sien, in Luk. 18: 41, 42 en Joh. 9: 7 na die werkwoord sien. In laasgenoemde geval het 1953 weer siende, wat in hierdie geval verkieslik is bo 1929 se toe hy kom, sien hy, daar dit bydra tot 'n geslaagde uitbeelding van die dramatiese gebeure (DBB het toe hy terugkom kon hy sien). Daar is 'n nuanseverkil tussen 1929 - '33 en 1953 se bewoording ten opsigte van die oomblik van aanvang van die herstel van gesig. Siende (geword) in Luk. 18: 43 word na die geskikte voltooide deelwoord gesien verander.

Die teenwoordige deelwoord wakende (Luk. 12: 37) word deur die adjektief wakker vervang - laasgenoemde is gewoner Afrikaans.

Die sinsnede: Het ons hart nie in ons gebrand nie (Luk. 24: 32) word in 1929 met: was ons hart nie aan die brand vervang, en in 1933 en 1953 kom 'n predikatiewe teenwoordige deelwoord in die sintagma: was ons hart nie brandende in ons nie voor. In hierdie geval stem die 1933-vertaling en nie die van 1922 nie, soos mens sou verwag, met die Nederlandse lesing ooreen.

'n Bywoordelike bysin terwyl Hy wis (Joh. 5: 6) vervang wetende en word in 1953 verder na terwyl Hy geweet het gewysig, daar wis teen 1953 ook 'n argaïese woord is, wat reeds feitlik net by ouer Afrikaansspreekendes gehoor word.

5.6.2.3 Predikatiewe deelwoord wat op konkreta en abstrakta betrekking het (blinkend > blink)

In die volgende gevalle kom 'n verandering van woordsoort voor en dit bring suiwerder Afrikaans mee. In Mark. 9: 3 word die adjektiwies gebruikte deelwoord blinkend (klere - blinkende) na die adjektief blink verander. Die wysiging van Luk. 9: 29 waardeur seer blinkende (kleding) na skitterend wit verander word, bring mee dat skitterend die funksie van 'n graadwoord vervul - nog 'n mooi voorbeeld van hoe 'n onafrikaanse

segging ná 1922 deur 'n suiwer Afrikaanse uitdrukking vervang word. Verboë teenwoordige deelwoorde wat predikatief gebruik word,kom selde in Afrikaans voor. Ingesuur, wat in Luk. 13: 21 (ingezuurd) met betrekking tot suurdeeg gebruik word > gerys, maar in 1953 word weer na ingesuur teruggekeer.

Slegs enkele gevalle kom voor van predikatiewe voltooide deelwoorde wat abstrakta of 'n aktiwiteit beskryf en wat ná 1922 verander word. In Joh. 17: 13 is vervul (vgl. 'sodat hulle My blydskap in hulleself vervul kan hê') na volkome verander (vgl. 'sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê' - wat duidelikheid (van betekenis) bevorder. Die argaïese volbrag (doop) in Luk. 12: 50 (volbracht) > volbring.

5.6.3 Samevatting

Daar is ná 1922 'n baie duidelike tendens om van die gebruik van deelwoorde weg te beweeg. Dit geld ook vir die gevalle waar die deelwoord vir Afrikaans 'n heeltemal aanvaarbare woord is en waar die vervangende woordgroep minder bondig is. Die Nederlandse invloed op die 1922-keuses is weer eens in hierdie afdeling opvallend, en sommige vorme kon eenvoudig nie in Afrikaans deurgaan nie. Die veranderinge bring in die meeste gevalle 'n groot verbetering ten opsigte van goeie Afri=

kaans mee. 'n Opmerklike verskynsel by 'n aansien= like aantal predikatiewe verlede deelwoorde wat in 1922 voorkom, is die toevoeging van 'n oorbodige -d in die auslaut, en ook hier is die Nederlandse invloed baie prominent. Deur weglating van die -d of deur vervanging deur sinonieme woorde en woordgroepe, selfs deur betekeniswysiging, het die vertalers van die latere weergawes van die vier Evangelies suiwerder Afrikaans gebruik.

5.7 WOORDE IN GRAADTRAPPE

'n Aantal wysigings kom voor by woorde wat as graadtrap= pe gebruik word, en hierdie woorde kom hoofsaaklik in predikatiewe plasing voor. Die meerderheid het op per= sone betrekking. In Matt. 2: 6 het dr. Du Toit (ABV 15a) minste na geringste verander. As 'n mens die hele sinsverband in oënskou neem, wil dit voorkom asof die 1922-woord, naamlik minste, (vgl. Matt. 11: 11; 13: 32 en Luk. 9: 48), wat in Afrikaans 'n aanvaarde term vir 'nederigheid' is, hier 'n beter keuse was as die jonger vertalings se kleinste. Kleinste is gepas in Matt. 13: 32, maar in die ander twee gevalle sou geringste of onbelangrikste nóg beter wees (DBB: kleinste, kleinste minste - laasgenoemde is merkwaardig daar dit in teen= stelling tot groot staan). Aan die ander kant is 'n uitdrukking soos een van hierdie minste broeders (Matt.

25: 40) nie suiwer Afrikaans nie, en dit word verbeter tot die geringste van hierdie broeders.

'n Mens vra jou ook af of die vertalers in Matt. 18: 1 (vgl. 'Wie is tog die meeste in die koninkryk van die hemele?'), asook in Matt. 18:4 ('die is die meeste in die koninkryk van die hemele'), in Mark. 9: 34 ('wie die meeste sou wees'), nie beter sou vertaal het met belangrikste of vernaamste nie eerder as met die 1922-keuse, meeste - in 1953 is grootste gebruik. In Matt. 21: 8 word meeste (van die skare) van 1929 af deur 'n adjektief plus substantief vervang, naamlik grootste deel (van die skare) - die Nederlands het meeste schare. Die verandering lê in hierdie geval by die selfstandige naamwoord waarop meeste betrekking het. Vergelyk ook Mark. 4: 32: word die meeste (van al die moeskruie) > word groter as.

Betekeniswysiging kom voor met die verandering van 'laaste plek' (laatste) in Luk. 14: 9, 10 na agterste; eintlik kontrasteer laaste met eerste in vers. 8: eerste x laaste > voorste x agterste. Gaan vorentoe is gebruikstaal wat moontlik oorweeg kon gewees het (DBB: kom sit hier voor).

Verandering van woorde in die vergelykende trap word

vervolgens bespreek: Die sinsnede: 'niemand groter as Johannes' (Matt. 11: 11) word in vloeiender Afri= kaans oorgesit met die verandering na 'nie een ... wat groter is'. In Matt. 12: 6 word meer ook deur wat groter is vervang. 'n Sinonieme verandering kom in Matt. 12: 45 en Luk. 11: 26 voor, waar boser na slegter, wat korrekter Afrikaans is, verander word. 'n Mooi voor= beeld van taalverbetering is: 'ligter om te sê' (Mark. 2: 8) > makliker ... te sê.[1] Daar word in 1922 in Luk. 7: 28; 22: 27 met meer en meerder afgewissel - laasge= noemde se gebruiksfrekwensie in Afrikaans is laag en dit kom veral in uitdrukkings voor soos: meerdere er= varing, in 'n meerdere of mindere mate; ook nog in die Gereformeerde Kerk in die begrip meerdere vergadering - 'n term uit die Dordtse Kerkorde. Die Nederlands het in albei gevalle meerder en die 1929-53-vertalings groter. (In die Nederlands verskyn meerder twee maal in Luk. 7: 28, en in 1922 word dit met groter en meer weergegee.) Die woorde groter en wat groter is wissel mekaar dus af in die vertalings ná 1922. Die volgende verbetering word in Luk. 14: 8 aangebring: (een) waardiger (as jy) > wat waardiger is; die 1922-bewoording is 'n letterlike oorname van die Nederlands (een i.p.v. iemand) teen die Afrikaanse taaleie in en dit is die oorsaak van die lompheid van die 1922-sinskonstruksie. Verdere taal= verbetering is: 'die geroep word geweldiger' (Luk. 23: 23) > het die oorhand gekry. Slegtere (Joh. 2: 10) >

1) Van 1929 af Mark. 2: 9.

slegste; die Nederlands het die gesubstantiveerde komparatief den minderen).

5.7.1 Samevatting

In die meeste gevalle wat in hierdie afdeling bespreek is, bring die wysigings suiwerder, gebruikliker of vloeiender Afrikaans mee.

5.8 ADJEKTIEWE WAT IN EEN VAN DIE VERTALINGS WEGGELAAT WORD

5.8.1 Adjektiewe van 1922 wat ná 1922 weggelaat word ('koue water' > water)

Daar is ook gevalle waar die 1922-vertaling meer inlig= ting as die jonger vertalings verstrek. Sommige adjek= tiewe van 1922 word in die jonger vertalings weggelaat, sodat die substantief nie 'n voorbepaling het nie - vergelyk: Kou water (Mark. 9: 41 - beker waters) > water; [1] groen takke (Mark. 11: 8 - meien) > takke; [2] Op die regte tyd (Luk. 12: 42 - ter rechter tijd) > op

---

1) Die 1922-adjektief kom nie in die Grieks voor nie.

2) IGE gee wisps of twigs vir στιβάδας aan.

tyd.[1] Arm Lasarus (Luk. 16: 19, ops. - den armen) Lasarus - 1922 se bewoording stem met die Nederlands ooreen. Groot bloeddruppels (Luk. 22: 44 - groote droppelen) > bloeddruppels[2] Fyn linne (Luk. 23: 53 - fijn lynwaad) > linne;[3] Die kernagtiger getroude broer (1929), vervang die hele uitdrukking wat 'n vrou het (Luk. 20: 28 - die eene vrouw heeft). Kort tyd (Joh. 5: 35) 'n tyd. - die Grieks het ὥραν, wat letterlik vir 'n uur beteken.

5.8.2 Adjektiewe wat in 1929 - 1953 voorkom maar wat nie in 1922 verskyn nie (kindertjies >'klein kindertjies')

In hierdie afdeling kom voorbeelde van veranderinge voor wat daarop dui dat die vertalers ná 1922 die grond= taalwoord anders interpreteer en meer inligting ver= strek as die keuses van 1922. In sommige gevalle is die jonger woordkeuses spesifieker as dié van 1922, maar in enkele gevalle is hulle selfs oorbodig.

In die volgende gevalle het die vertalers van die jonger

---

1) IGE: in season.

2) Die adjektief verskyn nie in die grondtaal nie - vergelyk IGE.

3) Ook fyn verskyn volgens IGE nie in die Grieks nie.

Afrikaanse oorsettinge se interpretasie van die grond= tale daartoe gelei dat hulle benewens die substantief ook met 'n kwalifiserende adjektief vertaal het: twee jaar (Matt. 2: 16) > twee jaar oud (1929 - 1933)> twee jaar (1953) - sinonieme uitdrukkings dus, en al ge= volgtrekking waartoe 'n mens kan kom, is dat die 1953-vertalers ter wille van bondigheid na 1922-woordkeuse terugkeer. Kindertjies (Matt. 21: 16) >klein kinder= tjies - laasgenoemde is dus spesifieker. Huisheer (Matt. 21: 33 - heer des huizes)> sekere huisheer - die toevoeging van die woord sekere dra nie juis iets tot die betekenis by nie, maar dit word gebruik om die vol= gende konstruksie in die grondtaal uit te skakel: 'daar was 'n huisheer 'n man wat' - vergelyk IGE. Tyd (Matt. 21: 41 - tijden)> regte tyd, wat ook spesifieker is; dus presies die teenoorgestelde verandering as dié in Luk. 12: 42 in die vorige afdeling (5.8.1) genoem. Hier het IGE in the seasons (die meervoud). Die Afrikaans het dus in albei gevalle 'n idiomatiese segging, maar die verande= rings was in 1929 nie konsekwent nie. Geleentheid (Luk. 22: 6) >'n goeie geleentheid - weer eens is 1922 se woord 'n letterlike weergawe van die Grieks (vgl. εὐκαιρίαν).

5.8.3 Samevatting

Die vernaamste gevolgtrekking wat uit hierdie verandering af te lei is, is dat die vertalers in hulle opvatting oor

die grondtaal se betekenis verskil en dat die 1922-vertalers soms onder Nederlandse invloed betekenis=nuanses aan die grondtaal toeken wat die vertalers ná 1922 weglaat. In ander gevalle bevat die jonger vertalings meer inligting as wat die 1922-vertaling verskaf. Daar het waarskynlik nuwe insig met be=trekking tot die betekenis van die grondtaal gekom.

6. DIE WERKWOORD

6.1 VERANTWOORDING

'n Geweldige groot aantal werkwoorde wat in die 1922-vertaling voorkom, word ná 1922 deur ander vervang. Die hoeveelheid stof wat verwerk moet word, is so groot dat ek op enkele uitsonderings ná net die werk=woorde van een Evangelie, te wete Lukas, ontleed, en ek beskou dit dan as verteenwoordigend van die beskouing oor die werkwoord vir die doeleindes van hierdie studie.

As verdere motivering dien dat die werkwoordveranderinge wat in die Lukas-evangelie in die verskillende vertalings aangebring is, verteenwoordigend is van al die belang=rikste veranderings ten opsigte van die werkwoord wat in die verskillende vertalings van die Evangelies aange=bring is. Soos bemerk sal word, het die bespreking van die werkwoordmateriaal van die Lukas-evangelie reeds tot 'n lywige hoofstuk gelei, en bywerking van die materiaal uit die ander Evangelies sal slegs meebring dat nog meer voorbeelde ter illustrasie van die reeds aangeduide kategorieë bygehaal word, sonder dat dit die bevindings enigsins sal beïnvloed.

Ten slotte is op die Lukas-boek besluit omdat dit die

omvangrykste is. Matthéüs het wel 28 hoofstukke teenoor Lukas se 24, maar in 1922 se weergawe beslaan laasgenoemde 76 bladsye en eersgenoemde 70.

Wat die werkswyse betref, word ten eerste werkwoorde be= handel waar dit moontlik is om 'n enkele woord met 'n ver= vangende enkele woord te vergelyk. Daarna word woordpare bestaande uit twee woorde met die vervangende woord of woorde vergelyk. Ten slotte word woordgroepe bestaande uit drie of meer woorde saam met die vervangende woord of woorde bespreek.

Die Nederlands word in hierdie hoofstuk baie volledíger as in die vorige hoofstukke aangedui, aangesien die Nederlandse teks oor 'n groter verskeidenheid werkwoord= vorme as Afrikaans beskik. Indien die Nederlands nie aangehaal word nie, beteken dit dat dit identies is met die 1922-Afrikaanse vertaling.

Aangesien al die voorbeelde (behalwe waar anders aange= dui) uit Lukas kom, het ek net die hoofstuk en vers aan= getoon sonder om telkens 'Lukas' voor die hoofstuk aan te dui.

Terwyl die vertalers se kommentare tog hulle algemene standpunt teenoor sekere taalaangeleenthede openbaar, dui ek sekere stellings ten opsigte van bepaalde woorde

aan - al is daardie bepaalde stelling met be=
trekking tot een van die ander Bybelboeke gemaak.

Nie noodwendig alle bewysplekke van waar elke woord onder bespreking voorkom, is aangegee nie, maar waar ek dit nodig geag het om die frekwensie van 'n sekere verskyn=sel te illustreer, het ek wel alle teksverse of dan ten minste 'n aantal plekke waar die verskynsel voorkom, aan=gedui. Sommige woordkeuses word in meer as een kategorie bespreek, omdat soms meer as een eienskap van 'n betrokke woord of woorde na vore tree.

As gevolg van die groot hoeveelheid voorbeelde wat voor=kom, het ek by sommige afdelings teksverwysings van ver=dere voorbeelde wat van dieselfde aard is, in 'n voetnoot aangedui; waar ek dit belangrik ag, word verdere teksver=wysings waar 'n bepaalde woord of woorde voorkom, aange=dui.

Vanweë die hoeveelheid stof wat verwerk is, het ek nie oral die verband waarin 'n woord voorkom, aangedui nie, maar wel waar dit ter wille van duidelikheid nodig geag is.

6.2 DIE WERKWOORD IN AFRIKAANS

Met die oog op die bespreking van die werkwoord in hier=

die hoofstuk gee ek hier 'n beknopte oorsig van die werk= woord in Afrikaans.

Die werkwoord kan in werkwoorde wat binne en buite die hoofmoment voorkom, verdeel word. Die wat binne die hoofmoment voorkom, staan bekend as hoofwerkwoorde. As mens 'n verdere onderverdeling maak, kom drie soorte hoofwerkwoorde na vore, naamlik die wat as onoorganklike werkwoorde bekend staan - byvoorbeeld:
En meteens staan daar 'n engel (Luk. 2: 9);
tweedens die wat met 'n naamwoordstuk verbind word - die sogenaamde oorganklike werkwoorde, vergelyk:
sy het ... Hom toegedraai in doeke (Luk. 2: 7);
derdens die sogenaamde koppelwerkwoorde, vergelyk:
hulle was ... regverdig (Luk. 1: 6).
M. de Villiers (1975: 178) noem ook die onpersoonlike werk= woorde soos hael, donder ens. Drie tipes oorganklike werk= woorde word onderskei: dié wat met een naamwoordstuk ver= bind word:
julle sal 'n Kindjie vind (Luk. 2: 12);
die wat met twee naamwoordstukke verbind word:
ek bring julle 'n goeie tyding (Luk. 2: 19);
die wederkerende werkwoord - en naamwoordstuk:
hulle het hul ... verontskuldig (Luk. 14: 18).
Koppelwerkwoorde word met adjektiefstukke verbind:
my gees is verheug (Luk. 1: 47);

almal was verwonderd (Luk. 2: 18);

of hulle word met naamwoordstukke verbind:

wat Christus, die Here, is (Luk. 2: 11).

Die werkwoorde wat buite die hoofmoment voorkom, word 'medewerkwoorde' genoem, en daar is twee hoofklasse, naamlik: 'hulpwerkwoorde' en 'skakelwerkwoorde'. Hulp= werkwoorde word weer onderverdeel in 'tydhulpwerkwoorde' ('het' en 'was') en 'modale hulpwerkwoorde', waarvan sommige met die modale partikel 'te' (vgl. Ponelis 1970: 48) verbind word (vgl. durf, behoort en hoef) en ander nie (vgl. kan, kon, mag, mog, moet, moes, sal, sou, wil, wou).[1)]

Daar is vier onregstreekse skakelwerkwoorde (lê, loop, sit en staan), en hulle word met die hoofwerkwoord deur middel van die bindwoord 'en' verbind. Regstreekse skakelwerk= woorde word sonder 'en' met die hoofwerkwoord verbind (vgl. bly, gaan, kom). Woorde soos ophou, aanhou en begin wissel tussen skakelwoorde en voorsetselwerkwoorde.

Die werkwoordmodusse wat voorkom, is die 'stellende wys' (indikatief), die 'aanvoegende wys' (konjunktief), die 'gebiedende wys' (die imperatief). Daar word verder onderskei tussen 'aktief' (bedrywende vorm) en 'passief'

---

1) Vergelyk M. de Villiers (1968: 81) vir die begrip 'modaliteit'.

(lydende vorm), hoewel dit in Afrikaans nie in die vorm van die werkwoord as sodanig geopenbaar word nie.[1)]

6.3 'N ENKELE WERKWOORD WORD DEUR 'N ANDER WERKWOORD VERVANG

As eerste afdeling van hierdie hoofstuk word werkwoorde wat met mekaar vergelyk kan word, in oënskou geneem. Sommige 1922-woorde is baie duidelik navolging van die Nederlands wat nie vandag meer in Afrikaans gebruik word soos hulle in die eerste Bybelvertaling voorkom nie. Ander is weer bekende woorde wat selfs vandag nog in Afrikaans gangbaar is maar wat op 'n vreemde manier gebruik word. Sommige is vandag reeds argaïsmes wat al hoe minder in die taal voorkom, terwyl daar ook weer die woorde voorkom wat tot 'n meer 'boekerige' taal behoort as die vervangende woorde - hoewel die omgekeerde verskynsel in 'n mindere mate ook voorkom.

Enkele woorde word by uitstek verander - woorde soos sê en spreek (vgl. 6.3.6). In ander gevalle is daar weinig verskil tussen die vervangende sinoniem en die woord wat vervang word, terwyl sommige wysigings bepaald 'n verskil in betekenis meebring. Enkele vormveranderings wat hoofsaaklik op die uitgang van die woord betrekking

---

1) Vir bogenoemde samevatting vergelyk: De Villiers 1968: 23 - 35; De Villiers 1975: 173 - 178; Ponelis 1970: 42 - 64; Van der Walt e.a. 1969: 103 - 105.

het, kom voor, en 'n aansienlike aantal wysigings wat 'n verskeidenheid morfologiese patrone openbaar, word aange= bring.

6.3.1 Nederlandismes (geloof > geglo)

Nederlandse invloed op die 1922-woordkeuse is ook ten opsigte van die werkwoord wat in die Evangelies voorkom, opvallend. Sommige woordkeuses het 'n baie lomp uit= drukkingswyse tot gevolg en ander in 'n mindere mate; en dit was die taak van die 1929-vertalers en hulle op= volgers om hierdie ongemaklike segswyses in 'n aanvaar= bare, verstaanbare taalvorm om te skep. Dat hulle in 'n groot mate daarin geslaag het, blyk duidelik as mens die taal wat hulle aangewend het, naas die gebruikstaal van vandag stel. Onderstaande voorbeelde gee voldoende bewys hiervan.

Dr. Du Toit (ABV 15b) het 'geloof' bo 'glo' verkies - gesien sy Nederlandse agtergrond is dit heeltemal ver= staanbaar; maar 'geloof het' (1: 20 - 'geloofd hebt') is na geglo gewysig.[1] 'Magtige van die trone afgetrek' (1: 52 - afgetrokken) is deur geruk vervang, maar in 1953 is met afgeruk vertaal. Vir Matt. 26: 13 het dr. Du Toit (ABV 15a) 'verkondig' bo 'gepredik' verkies

---

1) Vgl. ook 1: 45; 20: 5; 24: 11.

(vgl. 'Waar die Evangelie ook gepredik sal word'), en in Luk. 4: 19 word predik na verkondig verander (vgl. 'Om aan die gevangene te predik loslating'). Verkondig is ook die geskikte woord in Luk. 8: 39 ('En hy gaan weg deur die hele stad en verkondig watter groot dinge Jesus aan hom gedoen het'), en dit word in al die vertalings ge= bruik. Verkondig was nog altyd 'n goeie voorbeeld van hoe die Bybeltaal in Afrikaans gestileer is. (Dit is interessant dat DBB telkens 'n ander woord het.) Verkondig is origens nie net 'n 'kanselwoord' nie - al gee HAT ook net twee voor= beelde uit die Bybel. Die Nederlands het onderskeidelik ge= predikt, prediken en verkondigende.

'Die leersakke sal verderf' (5: 37 - verderven) > vergaan - laasgenoemde bevredig ook nie (myns insiens sou 'tot niet gaan' beter wees of 'sal bars' soos IGE dit aangee; DBB het: is ... daarmee heen). 'n Goeie voorbeeld van hoe die ver= talers gaandeweg daarin geslaag het om die Bybeltaal in idiomatiese Afrikaans te giet, word deur die volgende veranderings geïllustreer:
'seën die' (9: 16 - 'zegende die') > 'vra (hy) 'n seën' (1929) > 'seën (Hy) dit' (1933);
'toe hulle afskei van Hem' (9: 33 - afscheidden) > weggaan;
'een el tot sy lengte toedoen' (12: 25) > byvoeg; in 1953 word die twee woorddele van byvoeg sintakties geskei: 'by ... voeg';

'al hierdie dinge sal u 'toegewerp word' (12: 31 - toe=geworpen) > 'vir ... bygevoeg word';

'wat elkeen ... gewin het'[1] (19: 15 gewonnen had) > verdien (die 1921-AWS gee beide wen en win) - 'n paar verse verder aan in Luk. 19: 18 word gewen (gewonnen) in die 1922-uitgawe gebruik, blykbaar ter afwisseling; en ook hierdie woord word in 1929 deur verdien vervang - 'n gepaste woord wat die betekenis duideliker laat blyk. Vergelyk ook:

'geen man beken' (1: 34 - bekenne) > 'geen man het'.

verslind (9: 54 - verslinde) > verteer;

tree (10: 19 - treden) > trap;

'barmhartigheid gedoen' (10: 37 - aan ... gedaan) > bewys;

gegraaf (13: 8 - gegraven) > gespit;

'gebind had' (13:16 - gebonden had) > het;

'in sy tuin gewerp' (13: 19 - 'geworpen heeft') > gesaai;

soek (13: 24 - zoeken) > probeer;

'begeer wat tot vrede dien' (14: 32 - 'begeert het geen tot vrede dient') > 'vra vredesvoorwaardes';

'versigtig gedoen' (16: 8 - 'voorzichtiglijk gedaan had') > verstandig gehandel';

gedenk (16: 25) > onthou;

verderf (17: 27, 29 - verdierf) > vernietig;

'weet die gebode' (18: 20) > ken;

voorsê (18: 31,ops. - voorzegt) > voorspel;

'in die bank gegee' (19: 23 - gegeven) > gesit;

---

1) Dr. Dekker (ABV 21j) was ook ten gunste van gewin in Matt. 18: 15.

neerwerp (19: 44 - nederwerpen) > verpletter;

gedaan (23: 8) > gedoen;

boodskap (24: 9 - boodschapten) > vertel;

'Skrifte geopen' (24: 32 - opende) > uitgelê;

bekleed (24: 49 - aangedaan) > toegerus.

Hierdie voorbeeld toon baie duidelik hoe ver sekere woord= keuses van die 1922-vertaling van die Afrikaans wat ons vandag praat, verwyder was en in hoe 'n groot mate daar teen 1929 al nader aan die gebruikstaal beweeg is.

Een van die kenmerkendste gebruike van uitroepe of uit= drukkings in die 1922-Bybel is die gebruik van die woord siet, wat van die Nederlands zien afkomstig is en in na= volging van die Nederlandse teks telkens gebruik word. In meeste gevalle word ná 1922 kyk gebruik, byvoorbeeld: siet (1: 36 - zie) > kyk.[1] Siet word egter ook, deur verskeie ander woorde vervang (of dit word weggelaat), en alhoewel die onderstaande veranderings eintlik meer op 'n kategorie van toepassing is wat verderaan bespreek word, word al die wysigings ten opsigte van 'siet' hier bymekaar gehou. Ver= gelyk dus die volgende: siet (1: 38 - zie) word deur 'n bywoord van plek en 'n werkwoord, hier is, vervang - wat Maria se aanvaarding van wat op haar wag, beter tot uit= drukking bring (vgl. ook 19: 20). In Luk. 2: 9 word die

---

1) Vergelyk ook 2: 10, 34, 48; 7: 25, 27; 9: 39; 10: 3, 19; 13: 7, 32, 35; 15: 29; 17: 21, 23; 18: 28, 31; 19: 8; 22: 10, 31, 38; 24: 39, 49.

betekenis duideliker gestel deur ná 1922 van 'n bywoord gebruik te maak: siet (zie) > meteens - maar hier is dit 'n ander zie(t) - eerder 'n uitroep: kyk (DBB: meteens). Daar is ook gevalle waar siet bloot deel van 'n vertelstyl uitmaak en ná 1922 as oorbodig beskou word en eenvoudig weggelaat word sonder dat dit vervang word, soos byvoor= beeld in 2: 25: 'En siet, daar was' > ('En zie, er was') > 'en daar was'; en in 5: 12: 'ziet, daar was 'n man' ('zie, er was een man') > 'kom daar 'n man'.[1)]

Verdere wysigings is: 'siet daar 'n mens wat 'n vraat ... is' (7: 34 - ziet daar) > 'daar is'. In plaas van 'en siet alles is vir u rein' (11: 41 - 'en ziet ... is') word 'n bywoord gebruik: 'en dan is'. Vergelyk ook: 'en siet ek het Hem ... ondervra' (23: 14 - 'en ziet, ik heb') > 'En nou het ek'. Zie(t) word in die Nederlands in die genoemde ge= valle blykbaar as tussenwerpsel gebruik.

Hierbenewens is daar nog die gevalle waar siet as vermaning gebruik word:
'Siet dan hoe u hoor' (8: 18 - 'Ziet dan, hoe gij hoort') > 'Pas dan op hoe julle hoor' - 'n baie eksplisieter opdrag;
'Siet toe en waq u vir die gierigheid' (12: 15 - 'ziet toe en wacht' > 'Pas op en wees op julle hoede';
dink daaraan (1929) is ook duideliker as die uitroep siet (13: 16 - zie);

---

1) Vergelyk verder: 1: 48; 8: 41; 9: 30, 38; 10: 25; 11: 31, 32; 13: 11, 30; 14: 2; 19: 2; 23: 14, 15, 29, 50; 24: 4, 13, waar die woord siet telkens weggelaat word.

'so siet omhoog' (21: 28 - 'zoo ziet omhoog') > 'kyk dan na bowe'; van 1933 af word 'na bó verafrikaans - die bywoord van tyd (dan) verhelder die begrip;
'Siet die vyeboom' (21: 29 - ziet) > 'Let op die vyeboom' - laasgenoemde impliseer: 'noukeurig kyk';
'Siet hier twee swaarde' (22: 38 - 'zie hier') > 'kyk hier is twee swaarde' - die toevoeging van 'is' bevorder die korrektheid van die taalgebruik in die sin;
die imperatief Siet (24: 39 - Ziet) word ook na Kyk na verander en word daarmee idiomatiese Afrikaans.

Die gebruik van die vir Afrikaans onnatuurlike siet was dus in 1929 reeds uitgesuiwer, en teen daardie tyd word natuurliker Afrikaanse alternatiewe gebruik.

6.3.2 Argaïsmes (wis > het geweet)

Wat die volgende betref, is die 1922-woord wel 'n aanvaar= bare term in die Afrikaanse taal hoewel ietwat verouderd. Die imperfektum wis (2: 43 - wisten) is verouderd en word in 1953 na het geweet verander. Predik (4: 19 - prediken) word deur die gebruikliker verkondig vervang. Behou (6: 9 - behouden) word na red[1)] gewysig en die deelwoord behou (7: 50 - behouden) na gered. 'Die mot bederf' (12: 33 - verderft) word na verteer verander (m.i. sou vernietig beter

1) Vgl. ook 9: 24, 56.

wees; vgl. GN: destroy; DBB: verniel). 'Versigtig gedoen het' (16: 8 - 'voorzichtiglijk gedaan had') klink geforseerd en word na 'verstandig gehandel het' verbeter. Murmureer (19: 7 - murmureerden) word deur die gebruikliker klae ver= vang - in 1953 word na murmureer teruggekeer. Verstaan (20: 19 - verstonden) word egter in 1929 na wis verander en in 1953 ook weer na (het) geweet. Vergiet (22: 20 - vergoten) word na uitgestort gewysig (DBB het weer: vergiet), en die 'verhewe' woord verordineer (22: 29) word na beskik vereenvoudig.

Die woord geskied verdien aandag, daar dit telkemale ná 1922 op verskeie maniere gewysig word, soms ook met wisse= lende tydsvorme - vergelyk: 'In my ore geskied' (1: 44 - geschiedde) is baie onduidelik en word na 'in my ore klink' verander, wat duideliker is (en dit word ook deur DBB so behou). Vergelyk ook die volgende veranderings met be= trekking tot die woord geskied:

'Hierdie eerste beskrywing het geskied' (2: 2 - geschiedde) > plaasgevind;[1)]

'En dit geskied toe die engele van hulle weggevaar het na die hemel' (2: 15 - geschiedde) > gebeur;[2)]

''n stem geskied' (3: 22 - geschiedde) > 'het ... gekom' (dit behels tydsverandering);[3)]

---

1) Vgl. ook 21: 9.

2) Vgl. ook 4: 23.

3) Vgl. ook 9: 35, 36; 21: 11.

'sodat die ook u nie ... weer uitnooi en u vergelding geskied' (14: 12 - geschiedde) > kry.
'groot tekens ... geskied' (21: 11 - geschiedden) > kom;
'begin te geskied' (21: 28 - geschieden) > 'begin gebeur';
'daar geskied ook twisting' (22: 24 - 'er werd ook twis= ting') > 'daar ... (het) ... twis ... ontstaan' - wat ook tydsverandering behels: werd is ook verlede tyd;
''n seker oproer, wat in die stad geskied het' (23: 19 - 'geschied was') > plaasgevind. Dat hierdie weergawe van die Nederlands die vertalers en die adviseurs gehinder het, blyk uit die volgende: Dr. Du Toit (ABV 21f) het aan dr. Keet geskryf: "Van 'geskied' hou ek niks nie, ook nie in 'Onse Vader' nie" - 'n verrassende opmerking gesien dr. Du Toit se Nederlandse agtergrond.

Dr. Dekker (ABV 21j) het in verband met Matt. 6: 10 gesê: "Ek het herhaalde male geveg teen hierdie vertaling. Die regte is 'laat u wil volbring word'. Maar nou is 'geskied' al in ons liturgie ens.". Op dieselfde manuskrip staan t.o.v. Matt. 15: 28: "B. se 'dit geskied jou' m.i. te geforseerd, maar die huidige vertaling ook maar stroef. 'Laat aan jou gebeur wat jy verlang'" en in potloodbyskrif: "'Laat dit vir jou wees soos jy wens'" en t.o.v. 9: 29 "Die natuurlikste Afr. lyk my: 'Laat met julle gebeur' (sonder: dit)".

6.3.3 Die 1922-woordkeuse is 'verhewener' as die vervangende woord (toon > wys)

In 'n aantal gevalle is die woordkeuse van die jonger vertalings minder 'verhewe' as 1922 s'n. Heelparty van die 1922-woorde korreleer in groot mate met die Neder= lands, maar ook hierdie woorde is aanvaarde Afrikaans; gebruikliker alternatiewe is egter in die taal beskik= baar, en ná 1922 word daar na hierdie gebruikliker woorde oorgeskakel. Die volgende kom voor:

'Hierdie dinge te verkondig' (1: 19 - verkondigen) > bring;[1)]

'sy verberg haar vyf maande' (1: 24 - verborg) > weggesteek (1929 - 1933) > verberg (1953) - 'n terugkeer na die 'ver= hewe' woord;

'ons het die hele nag deur gearbei' (5: 5 - gearbeid) > gewerk (Dr. Du Toit (ABV 15a) het dieselfde wysiging t.o.v. Joh. 4: 38 verkies);

'of te sê: Staan op en wandel?' (5: 23) > loop;[2)]

'goeie vrug voortbring' (6: 43 - voortbring) > dra (in Matt. 13: 23 het dr. Du Toit die ewe 'verhewe' oplewer as alternatief voorgestel);

'Ek sal u toon, aan wie hy gelyk is' (6: 47 - toonen) > wys;[3)]

---

1) Vgl. ook 4: 43.

2) Vgl. ook 20: 46 (wandel > rondloop).

3) Vgl. ook 12: 5.

'en Hy gebied dat hulle haar *iets* te ete sal gee' (8: 55 - gebood) > beveel;

'hulle swyg stil en verhaal in die dae aan niemand iets' (9: 36 - verhaalden) > 'het ... vertel' (in Joh. 10: 6 wou dr. Du Toit (ABV 15a) 'gesê' i.p.v. 'vertel', hê - 'vertel' is egter in 1929 gebruik);

'Wees nie besorg ... vir die liggaam, waarmee u u sal klee nie' (12: 22 - kleeden) > aantrek (Dr. Du Toit (ABV 15a) het 'bekleed' bo 'aangetrek' verkies (t.o.v. Matt. 6: 29); 'be=klee' bo 'aantrek' (t.o.v. Matt. 6: 30); asook 'geklee' bo 'aangetrek' (t.o.v. Matt. 25: 36);

'ontvang loon' (23: 41 - ontvangen) > kry (ten opsigte van Matt. 10: 8 het dr. Dekker (ABV 21j) gesê: "Ek sou net i.p.v. 'gekry' sit 'ontvang'"). In al die genoemde ge=valle is die vervangende woorde gebruikliker Afrikaans.[1)]

Volgens die frekwensie van die gevalle waar 'vind' deur 'kry' vervang word, is dit opvallend dat die 1929-vertalers hierdie verandering doelbewus aangebring het - moontlik is daar gevoel dat 'kry' nader aan die gebruikstaal lê. Let ook daarop dat die vertalers nie konsekwent opgetree het nie - vergelyk:

vind (2: 12 - vinden) > kry (1929) > vind (1933 - 1953);[2)]

vind (2: 16 - vonden) > gekry (1929) > gevind (1933 - 1953);

vind (2: 45 - vinden) > kry (1929 - 1933) > vind (1953);[3)]

---

1) Soortgelyke voorbeelde kom voor in 6: 44; 13: 5; 17: 37; 22: 20, 29; 23: 55.

2) Vgl. ook 12: 38.

3) Vgl. ook 6: 7; 7: 10; 11: 24; 19: 32; 22: 45; 24: 33.

vind (9: 12 - vinden) > kry (1929 - 1953);[1)]
gekry (15: 24 - gevonden) > gekry (1929) > gevind (1933 - 1953).[2)]

Dit wil dus voorkom asof die vertalers ná 1929 soms weer besluit het dat 'kry' nie in die 'verhewe' sfeer van die Bybeltaal tuis hoort nie.

'n Aantal afleidings van die stam werp (waarvan die meeste erkende Afrikaanse woorde is) word ook na 1922 deur gebruik=liker woorde vervang - vergelyk:
'u naam verwerp' (6: 22 - verwerpen) > weggooi;
gewerp (12: 28 - 'geworpen word') > gegooi;
''n verskansing opwerp' (19: 43 - opwerpen) > opgooi.

In die volgende geval word die 1922-woord deur 'n voorset=sel plus werkwoord vervang (twee woorde dus), maar volledig=heidshalwe noem ek hulle hier: uitgewerp (20: 15 - 'uitge=worpen hadden') > uitgegooi (1929) maar in 1933 word terug=gekeer na die oorspronklike 1922-stam: uit ... gewerp - die premorfeem van 1922 korreleer egter nou met 'n by=woord 'uit'. Die werkwoord plus agtersetsel werp ... uit (11: 15 - werpt ... uit) word na dryf ... uit, verander.

---

1) Vgl. ook 13: 7.

2) G. Dekker (ABV 21j) het ook t.o.v. Matt. 20: 6 voorgestel: 'vind' i.p.v. 'kry' of 'sien'.

Ten opsigte van Matt. 5: 25 (vgl. 'in die gevangenis ge=werp') het dr. Dekker opgemerk: "gewerp: boekerig, maar ek kan ook niks beters aan die hand gee nie" (ABV 21j - en vir werp (Ps. 60: 10 en Ps. 108: 10) het hy gooi voorgestel). Dr. Du Toit (ABV 15a) het egter met betrekking tot Matt. 5: 29 'in die hel gewerp' bo gegooi verkies.

6.3.4 Die jonger vertalings se woord is 'verhewener' as 1922 s'n (gegee > geskenk)

Enkele gevalle van woorde wat 'verhewener' as die woorde van 1922 is, kom in die jonger vertalings voor - vergelyk:
'aan hom word gegee die boek' (4: 17 - gegeven) > oorhandig;
'u sal losgelaat word' (6: 37 - 'losgelaten worden') > vry=gespreek;
'aan ... blinde die gesig gegee' (7: 21 - gaf) > geskenk;
'Ek meen dat dit hy is' (7: 43 - acht) > veronderstel;
'het in geen huis gebly nie' (8: 27 - bleef) > gewoon;
'die, wat goed het' (18: 24 - hebben) > besit;
'die dinge wat daar gebeur het' (24: 14 - gebeurd) > voor=geval;
'en in Sy naam gepreek' (24: 47 - gepredikt) > verkondig.

Anders as DBB- en 1979-vertalers se dinamiese vertaling het die vertalers van 1929 na 'n 'verhewe' eenvoud ge=strewe.

6.3.5 Sinonieme wat min verskil (bid ~ smeek)

Sinonieme veranderings waar daar weinig verskil tussen die woordpare ten opsigte van verhewenheid aan te toon is, is ook aangebring. Die volgende sinoniempare kom voor:
'reis met haar na die gebergte' (1: 39 - reisde) > gegaan (plus tydsverandering - die Ndl. is wel verlede tyd);
'toe hulle alles voleindig het' (2: 39 - voleindigd hadden) en volbring is ewe 'verhewe' en 'deftiger' as byvoorbeeld voltooi (DBB: nagekom het);
'Sy ouers reis elke jaar' (2: 41 - reisden) > gaan;
'toe hulle terugkeer' (2: 43 - wederkeerden) > teruggaan;
'hy lei Hem na Jerusalem' (4: 9 - 'leidde naar') > bring;
'vele, wat roep en sê' (4: 41 - roepende) > geskreeu (plus tydsverandering);
'Gaan in een van die skepe' (5: 3 - ging) > klim;
'aan land gestuur' (5: 11 - 'aan land gestuurd hadden') > gebring;
'val hy op sy aangesig en bid Hem' (5: 12 - bad) > smeek - volgens HAT is bid en smeek wel sinoniem. Beter Afrikaans sou egter 'n voorsetsel vereis: bid tot - die verandering bring nietemin natuurliker Afrikaans mee. WAT gee as eerste verklaring vir bid ''n Gebed tot God (of 'n bona=tuurlike mag) rig'. Daarom sou bid in 5: 12 nog kon deurgaan - dit word tot Jesus gerig.

'Die oorlegginge van die harte sien' (9: 47 - ziende) word deur opmerk vervang, en laasgenoemde is konteks= tueel waarskynlik die beste keuse. Gedood (9: 22) word na doodgemaak verander[1] - die vertalers van 1953 het weer die 1922-woord gebruik. Dr. Du Toit (ABV 21f) het aan dr. Keet geskryf dat hy voel dat daar gevalle is waar 'doodgemaak' behou kan word i.p.v. 'gedood'. Prof. B.B. Keet (ABV 21f) het geskryf: "Seker ook dat daar gevalle is, waar ons 'doodgemaak' kan hou. Sal in O.T. in proef= lesing daarop let, hoewel nou alles 'gedood' is".

Vertoef (12: 45 - vertoeft) en talm is ewe 'verhewe' (DBB: My baas draai lank). Dr. Dekker (ABV 21j) het t.o.v. Matt. 25: 5 gesê: "Sien nie waarom 'talm' nie behou kan bly nie. 'Versuim' tog iets anders". Proe (14: 24 - smaken) > smaak - die 1929-woord is in dié geval nader aan die Nederlands as wat die 1922-woord is. Bevestig (22: 59 - bevestigde) is myns insiens die korrekte woord en alhoewel die vervangende dit verseker blykbaar dieselfde betekenis het, is dit 'n minder gelukkige keuse (DBB: met beslistheid beweer).[2]

6.3.6 Veranderings ten opsigte van 'sê' en 'spreek' (sê > antwoord)

---

1) Vgl. ook 11: 47, 48; 12: 5.

2) Verdere voorbeelde kom voor in 6: 17, 27, 37; 8: 23, 35; 9: 49; 10: 24; 11: 49; 12: 51; 13: 3; 18: 34; 20: 25; 24: 53.

Dit is duidelik dat die vertalers ná 1922 soveel moontlik probeer het om die woorde sê en spreek met alternatiewe te vervang. In laasgenoemde geval lyk dit na die vervanging van 'n 'deftige' woord met gebruikliker alternatiewe. Eers=genoemde is 'n alledaagse woord uit die gebruikstaal, maar dit word in 1922 dikwels op 'n wyse wat vreemd vir Afrikaans is, gebruik - byvoorbeeld:
'Hy sê vir hulle ... 'n gelykenis' (Luk. 5: 36).

In die lys punte (ABV 20a) voortvloeiende uit die hersienings=werk kom die volgende stelling (nr. 20) voor: "Wissel soveel moontlik sê af met antwoord". Die volgende veranderings word ten opsigte van sê aangebring:
'Hy gebied hom, dat hy dit vir niemand sou sê nie' (5: 14 'zeggen zou') > vertel;[1)]
'En Hy sê' (8: 10 - zeide) > antwoord;[2)]
'die woord wat ... van hierdie kindjie gesê was' (2: 17 - gezegd) > vertel;
'U sal ... tot my hierdie spreekwoord sê' (4: 23 - 'tot zeggen') > toevoeg - wat 'n deftiger woord is;
'En hy sê' (10: 37 - zeide) > sê (1929) > vertel (1933 - 1953);

---

1) Vgl. ook 5: 36; 9: 21; 12: 16, 41; 14: 7; 15: 3; 18: 1, 9; 19: 11; 20: 2; 21: 29.

2) Vir verdere voorbeelde van sê > antwoord - vergelyk 8: 30; 9: 59; 12: 42; 14: 16; (lg. aangebring deur dr. Du Toit - ABV 15a); 16: 6, 7, 25; 18: 41; 19: 34; 21: 8; 22: 35; 24: 19).

'Meester, as U hierdie dinge sê' (11: 45 - zegt) word deur 'n 'verhewener' woord naamlik spreek vervang; 'Hy sê vir hom' (14: 16 -'zeide tot') en antwoord verskil min; 'Toe sommige van die tempel sê, dat' (21: 5 - 'zeiden van') is eerder natuurliker Afrikaans as 1929 se 'toe sommige oor die tempel praat, dat'. Dit wil dus voorkom asof sê nã 1922 soveel moontlik vervang word (dit is blykbaar as te 'plat' beskou), selfs al word dit deur 'n minder ge= bruiklike alternatief vervang.

Die veranderings ten opsigte van die woord spreek is die volgende: In Luk. 1: 20 word spreek (spreken) na praat verander.[1] Met betrekking tot die Psalms het prof. Smith (ABV 20g) egter gesê: "Om 'spreek' oral deur 'praat' te vervang is m.i. nie wenslik nie. 'Spreek' is nog goed bekend in ons gewone spreektaal, bv. 'Jy kan van geluk spreek'. 'Dit spreek vanself' ens.". Dr. Du Toit (ABV 15a) het verseker dat spreek twee maal in Matt. 10: 19 ge= bruik word en nie praat soos voorgestel nie (vgl. 'hoe of wat u sal spreek nie; want dit sal in dié uur u gegee word wat u sal spreek'). Myns insiens sou sê hier beter gepas het en ook praat (vgl. DBB) in vers 20 (vgl. 'want dit is nie u wat spreek nie, maar die Gees van u Vader, wat in u spreek').[2] Verdere wysigings is:

---

1) Vgl. ook 1: 22; 4: 36, 41; 5: 21; 6: 26; 22: 60.

2) Ek verwys na die eerste spreek van hierdie vers.

'van nou af aan sal my salig spreek' (1: 48 - spreken) > noem;

'in die hele gebergte ... is veel gespreek' (1: 65 - gesproken) > gepraat;

'En hy spreek: Meester! sê dit' (7: 40 - sprak ... zeg) > 'En hy antwoord: Meester, spreek'. Die veranderings is dus: spreek > antwoord en sê dit > spreek.

Dr. Du Toit (ABV 15a) was daarvoor verantwoordelik dat antwoord in Matt. 12: 38 en in Mark. 9: 5 in 1929 weer deur spreek vervang is. Antwoord word ook in Luk. 14: 3 na spreek verander. Die feit dat antwoord in 1922 op die drie genoemde plekke gebruik word, is uit navolging van die Nederlands te verklaar. Vergelyk ook nog:

'so wees nie besorg ... wat u sal spreek nie' (12: 11 - 'spreken zult') > sê;[1)]

'en hy gaan heen en spreek met die Owerpriesters' (22: 4 - sprak) > beraadslaag (eers in 1933);

'Gedenk, hoe Hy tot u gespreek het' (24: 6 - gesproken heeft') > gesê.

In Matt. 13: 34 het Dr. Du Toit in dieselfde vers gespreek twee maal met gesê vervang (vgl. ABV 15a) - 1929 het dus: 'Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie'. Die voorstel om gepraat in Matt. 26: 65 te gebruik het hy

---

1) Vgl. ook 12: 12.

nie aanvaar nie maar dit met gespreek vervang (vgl. 'Hy het godslasterlik gespreek') [1] Vergelyk ook:
'En dit geskied, toe hulle saamspreek' (24: 15 - samen= spreken) > praat.
Spreek, wat sterk 'kanseltaal' is, is myns insiens oordryf, veral in 1953. (Dit korrespondeer enigsins met hoof in plaas van kop.)

6.3.7 Betekenisverskil tussen die verskillende vertalings se woord= keuse (bid > vra)

Gevalle kom voor waar die vervangende woord nie as sinoniem van die 1922-woord beskou kan word nie; sommige woordpare het hoogstens 'n mate van betekenisoorvleueling. 'n Woord soos bid (5: 3 - bad) is nie in die konteks waarin dit voorkom, gepas nie; (vgl. 'en bid hom (hom verwys na Simon) dat hy 'n weinig van die land af invaar'); die woord bid blyk 'n Nederlandisme te wees, en dit word met die gepaste Afrikaanse woord vra vervang. Daar is ook 'n graadverskil tussen gebied (5: 14 - gebood) en die ver= vangende voorgeskrywe (vgl. 'offer vir u reiniging, soos

---

1) 'n Interessante opmerking van dr. Dekker (ABV 21j) ten opsigte van Matt. 12: 22, ops. is: "Wat is die beswaar tussen verskillende woorde: 'godslastering spreek', 'godslasterlik'. Ons kan tog nie die taal reduseer tot 'n paar sleutelwoorde nie". Hierdie woorde van Dekker is belangrik, maar daarteenoor staan die vertaaleis dat dieselfde woord(e) deurgaans eenders vertaal moet word. Dit is byvoorbeeld een van die besware teen DBB dat die Grieks vir liefdadigheid in Matt. 6: 1 - 4 op vier verskillende wyses vertaal word.

Moses gebied het'). Redeneer (1929) beteken volgens HAT ''n gedagtegang ontwikkel' en die woord sê dus meer as 1922 se oordink (5: 22 - overdenkt - vgl. 'sê Hy vir hulle: wat oordink u in u harte?').

Smaad (6: 22 - smaden) - 'n woord wat vandag seker selde nog as werkwoord in Afrikaans voorkom - beteken volgens HAT 'skandelik beledig' en word deur die minder skerp beledig vervang (vgl. 'Salig is u, wanneer die mense u ... smaad'). Kwytgeskel (7: 42, 43 - scheld ... kwijt) was volgens die 1921-AWS die aanvaarde spelvorm en is 'n beter keuse as die vervangende geskenk van 1929 (vgl. 'het hy hulle albei dit kwytgeskel'; DBB het weer kwyt=geskeld, met -d-uitgang). Meen (7: 43 - acht) beteken volgens HAT 'vermoed, oordeel, dink', en dit word ver=ander na veronderstel, wat volgens HAT beteken: 'as waar aanneem', 'vermoed' (vgl. 'Ek meen dat dit hy is'). Verstaan (8: 10 - vgl. 'U is dit gegee die verborgenhede ... te verstaan') beteken: 'die bedoeling van iets vat, begryp' en die vervangende woord ken: beteken 'vertroud wees met iets' (HAT) - uiteenlopende betekenisse dus. In Luk. 8: 15 is bewaar ('in 'n eerlike en goeie hart') van 1922 'n geskikter term as 1929 se hou - eersgenoemde impliseer 'n element van kosbaarheid (die Nederlands het bewaren). Verpletter (9: 39 - verplettert) dui weer 'n intenser graad van beskadiging aan as wat met verniel weergegee word (vgl. ''n gees ... verpletter hom').

Ten spyte van die Nederlandse voorbeeld het die 1922-vertaling geeis (vgl. 'van die sal veel geeis word') sonder deelteken (12: 48 - geëischt), en dit is deur gevorder vervang (wat daarop dui dat die eis uitgevoer is en tot daad van ontvangs oorgegaan het - DBB gaan terug na geëis). In Luk. 19: 23 word geëis (eischen) wel met 'n deelteken geskryf, en hier is die plaasvervangende woord ingevorder (vgl. 'ek sou ... dit met woeker kon geëis het'). Neerwerp en verpletter verskil geheel en al (19: 44 - nederwerpen - vgl. 'en sal u ... tot die grond toe neerwerp') > 'En hulle sal jou ... teen die grond verpletter'.

As bogenoemde veranderings van nader beskou word, blyk dit dat in sekere gevalle die betekenisse nie besonder veel verskil nie en die taal eintlik na 1929 net verfyn is, vergelyk byvoorbeeld wens > wou. Daar is egter ook die gevalle waar dit duidelik is dat die vertalers ná 1929 'n groter wysiging in betekenis aangebring het, byvoorbeeld: neerwerp > verpletter. Saamgevat is dit duidelik dat daar van 1929 af steeds nader na die spreektaal beweeg word. 'n Mens het die indruk dat dit in die meerderheid gevalle 'n kwessie is van 'n beter weergawe van die oorspronklike. Vergelyk ook die volgende veranderings:

kom (7: 7 - komen) > gaan;

uitja (11: 49 - uitjagen) > vervolg;

meen (12: 40 - meent) > verwag;

beproef (12: 56 - beproeven) > beoordeel;

gekom (14: 1 - gekomen) > gegaan;

kom (17: 12 - kwam) > ingaan;

terugkeer (17: 18 - wederkeeren) > omgedraai;

verstoot (17: 34, 35, 36 - verlaten) > verlaat;

besit (18: 12 - bezit) > kry > verkry >(1953) - 'n 'deftiger' woord;

ingegaan (19: 7) > tuisgegaan > tuis gegaan (1953);

geëis (19: 23 - eischen) > ingevorder;

neerwerp (19: 44 - nederwerpen) > verpletter;

'roep ... toe' (23: 20 -'riep ... toe') > 'spreek ... toe';

loop (24: 12 - liep) > gehardloop.

6.3.8 Onduidelikhede in die 1922-teks ('soek om ... te'> 'probeer om ... te')

Die betekenis van onderstaande woorde van die vertaling van 1922 is moeilik om vas te stel (sommige is moontlik ietwat deursigtiger as ander), en na 1929 word 'n woord gekies wat volkome deursigtig is en die onduidelikhede uit die weg ruim - vergelyk:

'Eis nie meer as wat u gestel is nie' (3: 13 - gezet)> voorgeskrywe;

'Soek om Hem aan te raak' (6: 19 - zocht) > probeer;[1)]

'Wanneer hulle u afskei' (6: 22 - afscheiden) > verstoot;

'Hy het hom bevang' (8: 29 - bevangen) > saamgesleep - wat ook nie bevredig nie (DBB: beetgepak het).

'Ek het beken' (8: 46 - bekend) > gemerk;

'Was met slaap beswaar' (9: 32 - beswaard) > 'was oor= weldig';

''n Gees vat hom, en dadelik roep hy' (9: 39 - 'neemt hem, en ... roept hij') > ''n gees gryp hom, en meteens skreeu hy';

'Lê u hierdie woorde in u ore' (9: 44 - legt) > bewaar;

'Van alle kante benou' (19: 43 - benouwen) > insluit;

'Hy sal ... die landmanne verderf' (20: 16 - verderven) > ombring.

Dit is duidelik dat die Nederlands ook op die meeste van bogenoemde voorbeelde 'n groot invloed gehad het en dat hierdie onduidelikhede erfstukke is wat nie vir Neder= lands onduidelik is nie. Toe daar in die rigting van die Afrikaanse gebruikstaal beweeg is, is die onduide= likhede opgehef.

6.3.9 Samevatting

Dit is opvallend dat 'n aansienlike aantal Nederlandis= mes en argaïsmes van 1929 af met woorde wat nader aan

---

1) Vgl. ook 11: 54; 19: 3.

die gebruikstaal lê, vervang word. By uitstek word woorde soos siet en geskied na gebruikliker woorde ver= ander.

'Boekerige' woorde, waarvan talle voorkom, word ook na woorde wat 'n hoër gebruiksfrekwensie het, gewysig. Woorde soos spreek en vind en afleidings van werp word herhaaldelik deur gebruikliker alternatiewe ver= vang. In 1953 word telkens na vind teruggekeer. Ver= der aan sal ook ander gevalle aangetoon word waar die 1953-vertalers dikwels teen die taaleie in na 'n 1922-woord terugkeer, en hierin meen ek weer eens die mag van die tradisie te bespeur - enersyds die terugkeer na die oue en bekende en andersyds die soeke na 'n 'verhewe' woordgebruik in die Bybel.

Soms is dit moeilik om te bepaal waarom 'n bepaalde woord deur 'n sinoniem vervang is, daar beide woord= keuses feitlik ewe geskik voorkom.

Die 1922-vertalers het die woord sê in oormaat gebruik, en beter alternatiewe word ná 1922 gebruik.

Dit kom ook voor dat die jonger vertalings se woordkeuse tot 'n 'verhewener' sfeer as die van 1922 behoort, maar die gevalle is veel minder as die omgekeerde verskynsel.

Die betekenis van die jonger vertalings se woordkeuses verskil soms van die van 1922. Soms is die verskille radikaal, in ander gevalle is daar eerder 'n verskil van nuanse. Nuwe insigte het onteenseglik hiertoe bygedra, en daardeur is die Skrif verhelder.

6.4 TYDSVERSKILLE

6.4.1 Die uitskakeling van die historiese presens (sê > gesê)

Een van die opvallendste eienskappe van die Afrikaanse Bybelvertalings ten opsigte van die kategorie verba is die uitskakeling van die gebruik van die historiese presens en die vervanging daarvan deur die verlede deelwoord plus hulpwerkwoord. De Villiers (1968: 43) verwys na: "... die stilistiese gebruik van die presens, internasionaal bekend as die historiese presens, d.w.s. die gebruik van die presens vir die verlede om die betrokke handeling of gebeure aanskoulik voor te stel (asof dit nou voor ons oë plaasvind). Hierdie aanskoulike of dramatiese gebruik van die presens in vertelling of verhaal kom min in die huidige Engelse letterkunde voor maar is wel goed bekend in Nederlands en Duits, en nog meer in Frans. In Afrikaans kom dit geweldig baie voor". Die 1922-vertalers het geweldig baie van hierdie styleienskap gebruik gemaak. (In baie van die ooreenstemmende gevalle het die Nederlands 'n teenwoordige deelwoord

of 'n imperfektum.) Na 1922 het die vertalers hulle daarop toegespits om die dramatiese historiese presens met 'n tydhulpwerkwoord en voltooide deelwoord te vervang.[1)]

Vergelyk die volgende:[2)]

wandel (1: 6 - wandelende) > gewandel;

val (1: 9 - gevallen) > geval;

sê (1: 28 - zeide) > gesê;[3)]

kom (1: 40 - kwam) > gekom;[4)]

groet (1: 40 - groette) > gegroet;

bly (1: 56 - bleef) > gebly;

baar (1: 57 - 'baren zoude') > gebaar;

---

1) Ek het nie veel kommentaar van die vertalers self hieroor opgespoor nie - vgl. egter 6.4.4.

2) Ek sal hier en verder aan waar hierdie verskynsel bespreek word, telkens die hulpwerkwoord 'het' weglaat by die aanduiding van die jonger woordkeuses en slegs die voltooide deelwoord aandui - behalwe in gevalle waar die voltooide deelwoord nie ge- as premorfeem het nie.

3) Om die omvang van hierdie verskynsel aan te dui, gee ek ook die volgende plekke aan waar dieselfde verandering voorkom - vergelyk: 1: 42, 46, 66, 67; 2: 28, 34; 3: 10, 12, 14; 4: 34, 35, 41; 5: 26, 30; 6: 8; 7: 4, 13, 19, 20; 8: 9, 24, 25, 38; 9: 3, 9, 49, 61; 10: 23; 11: 5, 17, 27, 49; 12: 17, 20; 13: 20; 14: 20, 21, 22, 25; 15: 2, 11, 12, 17; 16: 1, 2, 15; 17: 1, 5; 18: 2, 3, 4, 16, 31; 19: 8, 16, 30, 42; 20: 5, 14, 17, 21, 23, 28; 22: 25, 33, 42, 51, 57, 59, 64, 67; 23: 5, 28, 35, 39, 46, 47; 24: 23, 29.

4) Vgl. ook 1: 59, 65; 2: 27, 51; 3: 3, 12; 4: 42; 5: 7; 8: 19, 35, 44; 9: 52; 10: 32, 38; 13: 6, 31; 15: 17 (net die teenoorgestelde kom in 15: 30 voor, naamlik: gekom (gekomen) > kom); 16: 21; 18: 3; 20: 27; 22: 7; 23: 44; 24: 23.

loof (1: 64 - lovende) > geloof;[1)]

hoor (1: 66 - hoorden) > gehoor;[2)]

neem (1: 66 - namen) > geneem;[3)]

profeteer (1: 67 - profeteerde) > geprofeteer;

gaan (2: 3 - gingen) > gegaan;[4)]

vind (2: 16 - vonden) > gekry (1929 - 1933) > gevind (1953);[5)]

bewaar (2: 19 - bewaarde) > 'het ... bewaar';[6)]

prys (2: 20 - prijzende) > geprys;[7)]

bring (2: 22 - brachten) > gebring;[8)]

verwonder (2: 33 - verwonderden) > 'het ... verwonder';[9)]

seën (2: 34 - zegende) > geseën;

---

1) Vgl. ook 2: 28.

2) Net die teenoorgestelde kom in Luk. 8: 14 voor: gehoor ('gehoord hebben') > hoor (1929 - 1933), maar in 1953 word weer na gehoor teruggekeer. Die hele vers is eintlik van belang: 'die wat gehoor het en hulle gaan weg en word verstik ... en dra geen ryp vrug nie'. (DBB: hoor; GN het deurgaans teenwoordige tyd; NNV en Anne de Vries het ook hoor in die verlede tyd vertaal). Die Grieks het deurgaans teenwoordige deelwoorde, en die Afrikaanse vertalings sluit dus nie stilisties by die grondtaal aan nie maar gebruik 'n voltooide deelwoord (1922 en 1953) en 'n teenwoordige deelwoord (1929 en 1933) vir die voorafgaande handeling waarop die ander volg (vgl. ook: 2: 18, 47; 16: 14; 18: 26). In 16: 14 het die Nederlands hoorden en waren - albei imperfektum - maar die Afrikaans het in 1922 hoor en was (nie die presens is nie).

3) Vgl. ook 20: 29, 30, 31; 24: 43.

4) Vgl. ook 2: 44; 6: 6; 7: 6, 11; 8: 22, 24; 10: 34; 14: 25; 15: 20; 17: 11; 22: 62; 23: 52.

5) Vgl. ook 8: 35. Dr. Dekker (ABV 21j) het by Matt. 20: 6 aangedui dat hy die 'verhewe' vind bo kry verkies.

6) Vgl. ook 2: 51.

7) Vgl. ook 16: 8.

8) Vgl. ook 4: 40; 5: 18; 7: 37; 18: 15; 22: 66.

9) Vgl. ook 11: 14.

antwoord (9: 49 - antwoordde) > geantwoord.[1] In plaas van 'n soortgelyke verandering (t.o.v. Matt. 12: 38) het dr. Du Toit (ABV 15a) gespreek verkies, maar die presensvorm is tot in 1953 behou.

6.4.2 'Het' plus voltooide deelwoord word deur die presens vervang (het ... gedoen > doen)

'n Interessante verskynsel is dat die teenoorgestelde proses van dié wat in die vorige afdeling bespreek is, ook voorkom, naamlik dat in die 1929-vertaling in enkele gevalle 'n presensvorm van die werkwoord gebruik word teenoor die hulpwerkwoord en voltooide deelwoord van die 1922-vertaling - vergelyk: gedoen (5: 6 - 'gedaan hadden') > doen (1929 - 1933) - in 1953 word egter teruggekeer na gedoen. Die voltooide deelwoord word deur die bywoord van tyd toe voorafgegaan. Toe dui reeds verlede tyd aan, en deur gebruik te maak van die presensvorm word 'n lewendige verteltrant bevorder sonder dat daar tydsverwarring kan ontstaan. In 6: 49 word gehoor (gehoord) ook in navolging van die Nederlands ge-

---

1) Dieselfde tipe verskynsel word telkens herhaal - vergelyk: 2: 37, 40, 44, 50; 3: 10. 22; 4: 2, 15, 22, 35, 39, 40; 5: 7, 16, 17, 26, 28, 39; 6: 1, 6, 8, 13, 49; 7: 3, 38, 39; 8, ops., 24, 36, 42; 9: 11, 28, 46, 49; 10: 25, 32; 11: 27; 13: 6, 19; 15: 12, 20; 16: 23; 17: 16; 18: 13, 15; 19: 8, 14, 29; 20: 19, 23; 22: 2, 3, 44, 57; 23: 8, 10, 16, 23, 34. Sommige van die woorde wat in hierdie teksverse voorkom, word ook op talle ander plekke herhaal met dieselfde wysiging na het plus die voltooide deelwoord.

bruik en na die presens hoor verander. Alhoewel daar in hierdie geval nie 'n voorafgaande bywoord is nie, word die duratiewe begrip beter deur die presensvorm uitgedruk (al kan die voltooide tyd ook duratief uitdruk). In 1953 word weer eens gehoor gebesig; dit gebeur ook in 8: 14.

Wat die volgende betref, word die werkwoord ook deur die bywoord toe voorafgegaan:

gekom (7: 4 - 'gekomen waren') > kom;[1)]

stel hierteenoor: kom (8: 19) > gekom - 'n verandering wat 'n verbetering is, aangesien daar geen voorgaande bywoord is nie;[2)]

geneem (9: 16 - 'genomen hebbende') > neem;

losgemaak (19: 33 - ontbonden) > losmaak;

gedank (22: 17 - 'gedankt had') > dank;

die voorsetselwerkwoord opgestaan (22: 45 - 'opgestaan was') > staan op;

die bywoord toe wat in vers 60 voorkom, het betrekking op die voltooide deelwoord gekraai (22: 61 - 'gekraaid hebben') en daarom word die presens ná 1922 gebruik;

'gebeur het' (23: 47 - 'geschied was') > gebeur;

gegaan (24: 28 - toegingen) > gaan - laasgenoemde word deur toe voorafgegaan.

---

1) Vgl. ook 7: 20; 19: 29; 22: 14, 40 - almal deur toe voorafgegaan.

2) Vgl. ook 8: 35, 44; 22: 7.

Wat die volgende gevalle betref, is daar geen voorafgaande bywoord van tyd wat die verandering ná 1922 beïnvloed nie - vergelyk: 'gesien en gehoor' (7: 22 - 'gesien en gehoord hebt') > 'sien en hoor'. Myns insiens is die verandering 'n verbetering gesien die gespreksituasie. 'Gaan heen en boodskap ... die dinge wat u gesien en gehoor het' is egter in ooreenstemming met die grondtaal. 'Die dag waarop Lot van Sodom uitgegaan het' (17: 29 - uitging) lyk my heeltemal korrek, en dit is verrassend dat die jonger weergawes en vertalers (tot in 1953!) die Nederlandse imperfektum deur die historiese presens, uitgaan, vervang, terwyl die 1922-vertalers dit nie gedoen het nie.

6.4.3 Sinonieme voltooide deelwoorde vervang die 1922-presensvorme (spreek > gepraat)

Saam met die verandering van die presensvorm van die werkwoord na die tydhulpwerkwoord plus voltooide deelwoord vind daar in sommige gevalle ook 'n verandering na 'n sinonieme woord plaas. By die bespreking in hierdie afdeling sal die tydhulpwerkwoord behalwe in gevalle waar verwarring kan ontstaan, weer eens uitgelaat word.

6.4.3.1 Presensvorme wat Nederlandse invloed toon, word deur gebruiklike sinonieme voltooide deelwoorde vervang (kry > gevind)

Die eerste groep bestaan uit simplekse of afleidings wat gebruik word om 'n afgehandelde gebeure in die historiese teenwoordige tyd te rapporteer. Die ver= vangende woorde wat ná 1929 gebesig word, is sinonie= me deelwoorde. Hierdie woorde is regstreeks onder invloed van die Nederlans in Afrikaans oorgegiet en word ná 1922 deur suiwerder of gebruikliker Afrikaanse woorde vervang.

Die volgende voorbeelde kom in Lukas voor: Die verhewe spreek (1: 64 - sprak) > gepraat, wat die woord van die gebruikstaal is, en 'n soortgelyke verandering is vind (2: 46 - vonden) > gekry - 1953 het egter gevind. In Lukas 24: 2 is die verandering net die teenoorgestelde - dit wil sê, die 1922-vertaling het die minder 'verhewe' woord kry (vonden) en die jonger vertalings die 'deftiger' ge= vind. Heeltemal onduidelik is: 'geskied die woord ... tot' (3: 2 - geschiedde) en dit word na gekom veran= der. [1] In Lukas 13: 17 word geskied (geschiedden) na 'gebeur het' verander. 'Predik die doop' (3: 3 - pre= dikende) word deur 'het ... verkondig' vervang en pre= dik (4: 44 - predikte) deur gepreek. Oorlê (3: 15 -

---

1) Vgl. ook 3: 22.

overlegden) staan nog in HAT, VAW en TWB (overleg die s.nw. is algemener) maar word na 'oorweeg het' verbeter. Oorlê (12: 17 - overlegde) word deur geredeneer vervang. [1]

Die minder gebruiklike bevang (4: 38 - bevangen), wat navolging van die Nederlands is, word na die bekender aangetas gewysig en in 5: 9, 26 en 7: 16 na aangegryp, wat ook duideliker is (vgl. 'was met 'n grote koors bevang'). Die 'verhewe' werp (4: 35 - 'geworpen hadden') word na die alledaagser neergegooi verander (vgl. 'die duiwel werp hom in die midde'). Soek is ouderwets (5: 18 - zochten) en word na 'het probeer' verbeter (vgl. 'soek om hom in te bring'). Bid (7: 4 - baden) is kontekstueel aanvaarbaar, daar die versoek tot Christus gerig word, maar is gebruikliker saam met die voorsetsel tot; die vervangende gesmeek [2] het nie heeltemal dieselfde betekenis nie (bid word in die Christelike geloof hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) met betrekking tot God gebruik). In Luk. 7: 36 word bid (bad) na genooi verander, wat geensins sinoniem is nie en in Luk. 8: 37

---

1) Vgl. ook 20: 5, 14.

2) Vgl. ook 8: 31.

(baden) na gevra - wat ten minste 'n graadverskil in gevoelswaarde behels. 'Regvaardig God' (7: 29) word sintakties en vormlik na 'God geregverdig' verander (DBB: aan die eis van God voldoen). Daar is ook 'n nuanseverskil tussen giet (10: 34 - gietende) en ge=gooi (vgl. 'verbind sy wonde en giet daarin olie'). Vertrap (1929) is suiwer Afrikaans in teenstelling met 'hulle mekaar vertree' (12: 1 - vertraden).

Sommige van bogenoemde woorde is heeltemal goeie Afri=kaans maar dan wel 'boekerig', soos vind en spreek. Ander keuses van 1922, soos oorlê, is minder gebruiklike woorde wat navolging van die Nederlands is en wat deur suiwerder Afrikaanse woorde vervang word.

6.4.3.2 Presensvorme wat deur voltooide deelwoorde waarvan die betekenis min verskil, vervang word (vaar > geseil)

Wat die volgende betref, is daar benewens die verskil in tydsaanduiding nie veel betekenisverskil tussen die woordpare nie - slegs in sekere gevalle 'n nuanseverskil, in ander 'n beter 'afwerking' van die taal. Die werk=woord lei (4: 29 - leidden) in die woordgroep 'lei Hem op die top van die berg' wek die indruk dat die Here se vyande die pad aangedui het - eerder as geweldadig weggeneem het - en gebring dui die rol van die skare beter as eersgenoemde woord aan.

'n Geval van swak Afrikaans is: 'Hy sê vir hulle 'n gelykenis' (6: 39 - zeide) wat na 'Hy het vir hulle 'n gelykenis uitgespreek' verander word. Uitgespreek is 'n deftiger woord maar ook nog onbevredigend en dit word tot 1953 behou (DBB: 'met beeldspraak ... gesê'). Vaar (8: 26 - voeren voort) is slegs 'n 'verhewener' woord as geseil en begeer (15: 16 - begeerde) 'n in= tenser graad van verlang. Meen (19: 11 - meenden) verskil min van gedink, maar vergader (22: 66 - vergader= den) is weer 'deftiger' as bymekaargekom. Daar is ook min te kies tussen verstaan (23: 7 - verstaande, 'n teenwoordige deelwoord) en 'verneem het' asook tussen 'dra die speserye' (24: 1 - dragende) en gebring en tussen 'wat dit vir die Apostels sê' (24: 10 - zeiden) en die vervangende vertel.

Die vertalers het na 1922 verkies om gaan met 'n aan= tal alternatiewe af te wissel - vergelyk: 'gaan deur hulle midde' (4: 30 - 'doorgegaan zijnde'),wat duideliker gestel word met geloop. 'Gaan in die skip' (8: 37 -'ge= gaan zijnde') word deur die gepaster geklim vervang, en vertrek (1929) is spesifieker as 'gaan na 'n ander dorp' (9: 56 - gingen).

Waar die Nederlands 'n imperfektum of 'n voltooide deelwoord of 'n infinitief het, het die 1922-vertalers telkens gaan en die jonger vertalings groter afwisse=

ling.

6.4.3.3 Presensvorme waarvan die betekenis deursigtig is, word deur nie-sinonieme voltooide deelwoorde ver= vang (berei > gegee)

Wat die volgende gevalle betref, is daar ná 1922 'n mate van betekenisverskil tussen die woorde van die verskillende vertalings, terwyl die gebruik van die historiese presens ook ná 1922 uitgeskakel word. 'Gaan in die huis' (4: 38 - ging) en 'in die huis ... gekom' dui teenoorgestelde rigtings aan - laasgenoemde is blykbaar nader aan die grondtaal. ''n Groot maal= tyd maak' (5: 29 - richtte ... aan) is minder idiomaties as en verskil van ''n groot feesmaal ... gegee' - eers= genoemde dui op voorbereiding, laasgenoemde op aanbie= ding van die maaltyd (DBB: gehou). Dieselfde geld van die woordpaar berei (14: 16 - bereidde) en gegee - eersgenoemde is ook 'verhewener' - let ook op die ver= skil in gevoelswaarde tussen berei en maak (5: 29). Die argaïese predik (8: 1 - predikende) word deur die gebruikliker gepreek vervang. Ontvang in die woordgroep 'dat die skare Hem ontvang' (8: 40 - ontving) sê veel minder as 'het ... verwelkom', wat 'n groter mate van toegeneentheid impliseer (DBB: verwelkom). Laster (23: 39 - lasterde) beteken 'iemand beledig sonder om be= wys van die waarheid te lewer en teen jou beterwete in'

(HAT), en die vervangende gesmaad beteken 'skandelik beledig.' (DBB het gelaster en GN hurled insults - DBB se woord is dus nader aan 1922 s'n.) Dwing (24: 29 - dwongen) word na aangedring verander (ook in DBB) - aangedring dui op 'n poging tot oorreding en dwing op geforseerde verpligting.

'n Mate van betekenisverandering val dus by hierdie ver= anderings op, maar die verskille is nie groot nie, en dit is interessant dat DBB in een geval eerder met die 1922-bewoording ooreenstem as met die jonger vertalings.

In 'n enkele geval het die 1922-vertaling 'n voltooide deelwoord wat later deur die dramatiese presens vervang word, maar dan vind daar wel ook betekenisverandering plaas - vergelyk: 'geëis het' (1: 63 - geëischt), wat 'dwang' impliseer en wat deur 'vra toe' vervang word, wat 'n beleefder vorm van benadering aandui (dus 'n versoek in plaas van dwang; DBB het ook vra toe).

6.4.3.4 Presensvorme met onduidelike betekenis word deur vol= tooide deelwoorde vervang waarvan die betekenis duidelik is (bely die Here) > (die Here geprys)

Hierdie afdeling behels woordpare waarvan die betekenis verskil, of die betekenis van die 1922-woord is so vaag of onbekend dat die ooreenstemmende woorde van die ver= skillende vertalings beswaarlik as sinoniem kan geld.

In die eerste geval kom woordpare ter sprake waar die 1922-woord baie moeilik te begryp is en wat ná 1922 baie duideliker gestel word, terwyl daar terselfdertyd tydsverandering voorkom. Vergelyk: 'herders ... wat hulle in die veld ophou' (2: 8 - houdende). 'Ophou' kan beteken 'hulleself vertraag' of hulleself 'regop hou' en nie een van die twee is sinvol nie. Die ver= vangende woord is 'skaapwagters 'wat ... gebly ... het' (DBB: gebly). 'Bely ... die Here' (2: 38 - beleden) is ook onduidelik. Blykbaar word iets soos 'erkenning gee' of iets dergeliks bedoel. Dit word vervang deur 'die Here geprys' (DBB: God gedank; GN: gave thanks to God; NNV: loofde; IGE het ook she gave thanks. Volgens IGE se weergawe wil dit voorkom asof DBB se woord nader aan die grondtaal ἀνθωμολογεῖτο is.) Hulle 'bid Hem vir haar' sou beter Afrikaans gewees het as 'n voorsetsel 'tot' na bid gevolg het (4: 38 - 'baden Hem voor haar') > 'het Hom geraadpleeg oor' (DBB: 'het Hom gevra om iets vir haar te doen'; GN: 'They spoke to Jesus about her'; IGE: letterlik: 'they ask' en in die teks: 'they besought him for her' - wat baie naby aan die 1922-bewoording is; NNV: 'zij riepen zijn hulp ... in'). Dit is dus blykbaar 'n tekskritiese saak. Die woord wind in 'wind dit in fyn linne' (23: 53 - wond) is blykbaar 'n poging om die Nederlands in Afri= kaans weer te gee en word na toegedraai verander (die 1921-AWS dui nie 'n woord wat met wind in verbinding kan staan aan nie).

Die voorbeelde wat in afdeling 6.4 voorkom, laat baie duidelik blyk in hoe 'n mate die tradisionele taal van die Nederlandse Bybel op die Afrikaans van 1922 afge= druk is (vgl. veral 6.4.3.1), en die veranderings dui ook duidelik aan in hoe 'n groot mate daar teen 1929 met betrekking tot suiwer Afrikaans vordering gemaak is. Oor die algemeen is die 1922-woord van 'n 'verhe= wener' taalvlak as die vervangende woorde, maar uit= sonderings kom voor. Onduidelike betekenisse word ná 1922 grootliks uitgeskakel, en, soos aangetoon, is daar ook die gevalle waar die vertalers die grondtaal op verskillende maniere vertolk.

6.4.4 Samevatting

Uit bostaande voorbeelde blyk dit duidelik dat daar na 1922 'n besliste poging was om van die historiese presens weg te kom. Die Nederlands gebruik in hierdie gevalle by voorkeur die imperfektum en dikwels ook 'n teenwoordige deelwoord. Ná 1922 word het plus voltooide deelwoord gebruik. Een van die redes waarom die his= toriese presens so geredelik in 1922 gebruik is, is dat daar in Afrikaans - op 'n paar uitsonderings na (kan - kon, het - had, mag - mog, sal - sou, weet - wis, wil - wou) nie 'n imperfektum bestaan nie, ter= wyl die perfektum omslagtig is.

Die Bybelvertalers het in 1925 oor die gebruik van die imperfek of presens van mekaar verskil, en P.J. Nienaber (1950: 46 - 47) gee die volgende oorsig daar= van: "Nou vind ons dat prof. Smith in sy aantekening op Exodus verklaar het dat daar in Afrikaans geen op= volging van tye bestaan nie. Sou en verwante woorde word in bysinne dus alleen gebruik om uit te druk dat die gebeurtenis in die bysin bedoel nie plaasvind of plaasgevind het nie.

Mnr. L.J. du Plessis se gevoel was dat, hoewel daar waar= heid sit in prof. Smith se stelling, die Afrikaanse taal= gebruik eerder is dat bv. sal en sou albei gebruik kan word in 'n afhanklike sin na 'n verlede tyd, met die verskil, egter net soos in Grieks, dat die eerste lewen= diger en aanskouliker is en dus ook reëler. Dit sou dus prof. Smith se stelling insluit, maar sou dit minder absoluut maak.

Dr. D.F. Malherbe skryf in 'n brief van 18 Februarie 1925: Soos prof. Smith die saak voorstel, is dit seker nie waar nie. Die Afrikaanse spraakwerklikheid wys veel eerder aan 'n ongekontroleerde vereniging van albei ge= bruiksvorme. In die gewone omgangstaal van die groot meerderheid is dit sal, moet, ens. By ander wissel dit af, sal naas sou, en by sommige is dit byna konsekwent sou, maar die laaste is die geleerde groep. Gister toe

ek die vraag ontvang, was dr. D.B. Bosman by my, en ook hy gaan akkoord met my mening. Die algemene nei=ging in die spreektaal egter is vir sal. In die skryf=taal is baie voorbeelde van sou.

Ook prof. T.H. le Roux dink dat prof. Smith sy stelling te nou geformuleer het. Weliswaar sal ons sê: ‚Ek wis dat hy genoeg geld het', al kan jy van baie hoor, ‚dat hy genoeg geld had', maar aan die ander kant is dit tog gewoon om te sê: ‚dat hy sou kom, was te voorsien; dat hy eers elkeen wou raadpleeg, het ek al lank gemerk'. Ek dink nie juis dat ons hier 'n formulering nodig het nie, want dit is 'n punt waar iedereen met taalgevoel vanself sy weg voel". [1)]

Die teenoorgestelde proses kom verbasend genoeg ook voor, maar die frekwensie is laag. Die hele kwessie van tyds=verskille berus op die verandering in vertalingsbeleid. Die 1922-vertalers het die Nederlands so getrou moont=lik probeer navolg. Ná 1922 het die vertalingsbeleid verander en is daar regstreeks uit die grondtaal ver=taal, wat dan ook tot die bogenoemde veranderings aanlei=ding gegee het.

---

1) Volgens M. de Villiers 1968: 58 word die presens vandag nog baie in die spreektaal gebruik en die imperfek in die skryf=taal.

VORMVERANDERINGS

6.5.1 Die wisseling -f/-we in die auslaut

In 'n hele aantal gevalle vind ná 1922 slegs 'n vorm= verandering plaas, en een van die opvallendste verskyn= sels is die verandering van sommige woorde wat in 1922 'n -f-uitgang het en wat na -we in die woordeinde ver= ander word. Dit wil nie sê dat daar nie ook woorde met -we-uitgang in 1922 voorkom nie - beide vergeef en ver= gewe verskyn in Matt. 6: 14 (vgl. 'as u vir die mense hulle misdade vergeef dan sal u hemelse Vader u ook vergewe'). Na 1922 word vergewe in albei gevalle ge= bruik, maar in Matt. 6: 12, waar vergeef twee keer in die vyfde bede van die 'Onse Vader' voorkom, het die 1929-vertalers net een van die woorde verander (vgl. 'en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe'). Dit is 'n goeie voorbeeld van die oordeel= kundige gebruik van hierdie variante, en hier is hulle nie onwisselbaar nie, naamlik ... vergewe ... vergeef. Vorme op -f en -we word in 1953 in Joh. 19: 22 aangetref: 'Wat ek geskryf het, het ek geskrywe', maar hier sou hulle ook omgewissel kon word sonder dat die sinstritme aangetas word. Die 1922-weergawe het twee keer geskryf en die vertalings van

1929 - 33 twee maal geskrywe.[1] (Dit is merkwaardig dat die vertalers van DBB in Matt. 6: 12 die variante in dieselfde volgorde gebruik, maar in Joh. 19: 22 is albei woorde: ge=skrywe.) Dr. Boshoff (ABV 20e) se standpunt is myns insiens 'n goeie benadering: "Die vorme 'skryf - skrywe' - Die een is so goed as die ander, behalwe dat die een soms ritmies beter lees as die ander bv. in Luk. 2: 1 lees 'ingeskrywe' vir my beter as 'ingeskryf' vgl. 2: 5 so ook 'sterf' en 'sterwe' (20: 28)". Verdere voorbeelde uit Lukas is:

skryf (1: 3 - schrijven) > skrywe;

geskryf (2: 23 - 'geschreven is') > geskrywe;[2]

geleef (2: 36 - 'had geleefd') > gelewe;[3]

leef (4: 4 - leven) > lewe;[4]

leef (16: 19 - levende) > gelewe;

verdryf (4: 14,ops. - verdreven) > verdrywe;

vergeef (5: 20 - vergeven > vergewe;[5]

in Luk. 17: 3, 4 kom die woord vergeef (vergeef ... vergeven) twee keer voor en net een van die woorde (nl. die een in 7: 4 - vergeven) word in 1929 na vergewe verander - die ander een bly vergeef;

---

1) Om aan te dui dat dit nie net geïsoleerde gevalle is nie, sal ook verdere verse waar 'n bepaalde woord met -we-uit=gang voorkom, aangedui word.

2) Vgl. ook 3: 4; 4: 4, 8, 10, 17; 7: 27; 10: 26; 18: 31; 21: 22; 22: 37; 23: 38; 24: 44, 46.

3) Die vorm met -we pas beter by die voorafgaande substantief jare - sewe jare gelewe.

4) Vgl. ook 10: 28; 15: 13; 24: 23.

5) Vgl. ook 5: 21, 23; 7: 47, 48, 49; 11: 4; 12: 10; 17: 3 - lg. eers van 1933 af.

gedryf (8: 29 - gedreven) > gedrywe;

begraaf (9: 59 - begrave - konj.) > begrawe;

geskryf (10: 20 - geschreven) > opgeskrywe;

be-erf (10: 25 - beërven) > beërwe; (in Luk. 18: 18 het die 1922-vertalers egter beërf gebruik - dus sonder koppelteken en met deelteken);[1)]

sterf (16: 23 - stierf) > gesterwe.[2)]

sterf (20: 28 - sterft) > sterwe;[3)]

gesterf (20: 31 - gestorven) > gesterwe (t.o.v. Matt. 9: 18 het dr. Bekker gesê "'gesterwe' hier mooier" - die woord mooier eerder as (juister) val op.

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit dat die vorm met -we ná 1922 in talle gevalle die vorm op -f vervang. Ten opsigte van die geval geskryf > geskrywe blyk dit dat die vorm geskrywe ná 1922 telkens gebruik word waar dit regstreeks op die Skrif of op Christus self betrekking het-vergelyk die opskrif bokant sy kruis. Waar Johannes die Doper se vader egter sy seun se naam op die bordjie aanbring, is dit selfs ná 1922 skryf. Ook waar die ly= dende vorm gebruik word, dus waar 'n hulpwerkwoord die voltooide deelwoord (veral vergewe) voorafgaan, verkies die vertalers ná 1922 die -we-vorm, waarskynlik ook ter

1) Met betrekking tot Matt. 5: 5 het dr. Dekker (ABV 21j) ge= vra: "Gee 'beërwe' nie die sterker sin van erflik in besit neem nie?" - Moontlik het Dekker gelyk; dit is in elk ge= val ritmieser.

2) Vgl. ook 20: 29, 32.

3) Vgl. ook 20: 36.

wille van die ritme. In 'n hele aantal gevalle korres= pondeer die -f-vorm in 1922 met die Nederlandse enkel= voud maar nie in Luk. 11: 4 en 17: 4 nie - wel in 17: 3; in vers 4 is dit 'n infinitief (na sal), in vers 3 'n imperatief; 10: 25 (be-erf) is egter ook 'n infinitief. Die korrespondering van die -f-vorm met die Nederlandse enkelvoud is dus 'n gedeeltelike verklaring van 1922 se -f-vorms.

Oor hierdie taalverskynsel het T.H. le Roux (ABV 21g) gesê: "Oor die algemeen het ons by ww. van hierdie tipe die vorm -we gebruik vir sover dit egte, d.w.s. gewone Afrikaanse woorde is. Gebruiklikheid is m.i. die maat= staf, nie ritmiese oorweginge soos sommige meen nie. Natuurlik sal 'n aantal werkwoorde op die grens staan, maar die egte Afrikaanse woord 'drywe' behoort seker nie hiertoe nie. [1] Seker sou ek nie die kort vorm op -f en die op -we naasmekaar gebruik nie, maar een ver= kies". (Vergelyk egter Luk. 17: 3 en 4 - vergeef naas vergewe ook in Matt. 6: 12 in die 1929-uitgawe.) [2]

---

1) Le Roux het sy uitspraak gelewer na aanleiding van Psalm 5: 11, maar daar, sowel as telkens in die Lukas-evangelie, is dryf met -f-uitgang geskryf. WAT gee meer voorbeelde van dryf as van drywe. Mens sou waarskynlik sê 'die lyk dryf op die water'.

2) Dr. Le Roux het ook elders (1962: 105) gesê: "Gewoonlik word die dubbelvorme nie deur dieselfde persone deurmekaar gebesig nie" - 'n stelling wat te betwyfel is.

"By egte Afr. woorde[1] is die vorm op -we in ooreen= stemming met die Afr. taaleie (vgl. Afr. Fonetiek: 606 - 608). Noukeurige waarneming vir heelwat jare het my oortuig dat die weg wat ek hier aanbeveel en al baie lank volg die beste is".

In sy artikel oor hierdie eindwisselklanke (1962: 105 - 135) gaan Le Roux in meer besonderhede op die verskynsel in. Onder andere verklaar hy (ibid.: 109) dat "die min= der alledaagse werkwoord of betekenis die vorm op -*f* verkies (sic!), terwyl die teenoorgestelde uitgedruk word deur die vorm op -*we*". Die skrywer sê verder (p. 114): "Werkwoorde van die daaglikse omgang gaan by my altoos uit op -*we* ... Werkwoorde wat min of meer tot die kultuurgroep behoort, gaan by my daarenteë uit op -*f* ... my Afrikaanse taaleie gaan beslis in die rigting van die vorm op -*we*" (my onderstreping).

Le Roux het as taaladviseur by die Bybelvertaling opge= tree, en ek meen dat die woorde hierbo wat ek onderstreep, ten minste gedeeltelik verklaar waarom die Bybelvertalings ná 1922 in toenemende mate van die -we-uitgang gebruik maak. Volgens Le Roux (ibid.: 115) moet in die vorme

---

1) 'Gewone' (sien hoër op) en 'egte' Afrikaanse woorde word nie deur Le Roux gedefinieer nie!

op -we gesien word "'n ouer en volksaardiger verskynsel as in die op -f".

In 'n lys met die opskrif: 'punte voortvloeiende uit hersieningswerk' (ABV 20a) staan onder punt 16: "By egte Afr. woorde soos skrywe, lewe, bewe ens. is die we-vorm te verkies daarenteë loof". In Luk. 16: 7 word skryf gebruik selfs in DBB - hier word 'n opdrag ge= gee. Ten opsigte van hierdie vers het Le Roux ook op dokument ABV 20d, geskryf: "By egte Afr. woorde soos geskrywe, lewe, bewe ens. is m.i. die we-vorm die ge= woonste en in ieder geval stellig die mees Afrikaanse". Ook in die lys getiteld 'Taaladvies' (ABV 17(a)5 [1]), sonder aanduiding van opsteller, maar waarskynlik is dit weer Le Roux, staan: "By egte Afr. wde soos skrywe, lewe, bewe is die -we vorm te verkies. Daarenteë loof, weef, vertoef, uitgedoof, berowe?" [2] Ten opsigte van loof (m.b.t. Ps. 7: 18) was Le Roux se kommentaar (ABV 21g): "loof - tereg word hier die vorm op -f behou ... Gebruiklikheid is vir my die deurslag hier. Neem 'n ander maar analoë geval. Ek praat altoos van buie; draad, yster buie. Net so by ander ww. van hierdie tipe soos klae,

---

1) Op die oorspronklike verskyn 17(a)5 soos aangedui.

2) Le Roux plaas 'n vraagteken na die woord berowe.

ploeë ens. In die gebed kan ek egter net praat van 'my knieë buig' (onmoontlik 'buie'). Ek weet ons het geen be= sluit omtrent hierdie tipe van ww. geneem nie..." Dr. Du Toit (ABV 15a) het ook die geskryf van Joh. 8: 8 en 19: 22 na geskrywe verander. G. Dekker (ABV 21h) was egter ten gunste van 'in vrede ... geleef het' (t.o.v. Ps. 7: 5).

6.5.2 Woorde met 'n vokaal in die auslaut kry ná 1922 'n -g- uitgang (ploe > ploeg)

'n Aantal woorde wat 'n vokaal in die auslaut het, word deur 'n wisselvorm met -g as slotklank vervang. Die volgende woorde kom in Lukas voor:
afgedroë (7: 44 - afgedroogd) > afgedroog;
dro af (7: 38 - droogde af) > afgedroog;
bekla (23: 27 - beklaagden) > beklaag;
ploe (17: 7 - ploegende) > ploeg. Verskillende vorme van hierdie woordpare word in die 1921-AWS aangegee - die vorm op -g lê gewoonlik nader aan die spreektaal (kla en pla uitgesonder).

6.5.3 Ander vormveranderings (worde > word)

Die oorbodige -e van die konjunktief worde verval ná 1922 (11: 2 - vgl. 'U Naam worde') en die voltooide deel= woord verworpe (17: 25 - verworpen) ondergaan klankver= andering - dus: verwerp. (Byvoeglik word egter vandag

nog verworpe gebruik.) Vergelyk ook worde, kome en geskiede in die 'Onse Vader' (Matt. 6: 9, 10 - worde, kome, geschiede)> word, kom, geskied.

6.5.4 'n Woordkorrelaat van die kern van die 1922-woord vervang die 1922-woord (uitgestuur > gestuur)

Die volgende groep woorde bestaan uit meermorfemige woorde wat ná 1922 deur 'n bondiger woord vervang word wat 'n woordkorrelaat van die kern van die 1922-woord is. Uitgestuur (1: 19 - uitgezonden) word na gestuur verander[1] en 'verskyn aan' (1: 78 - verschijnen) na 'skyn oor' (vgl. 'om te verskyn aan die wat sit in die duisternis'). Hierdie verandering hou bepaald ook betekeniswysiging in - in die eerste geval word die Lig (vgl. 1: 78 in die 1929-vertaling) deur die wat in die duisternis sit, gewaar, en die jonger vertalings dui nie aan dat die genoemdes die lig fisies ervaar nie. Opgegroei (1: 80 - wies op) word deur gegroei vervang. Toegedoen (3: 20 - toegedaan), wat onduidelik is, word in 1929 deur bygevoeg vervang, en laasgenoemde word weer in 1933 na slegs die kern gevoeg verander - die herhaling van 'by-' blyk oorbodig te wees daar 'by' as voorsetsel reeds vroeër in die sin voorkom.

---

1) Vgl. ook 1: 26.

Verdere voorbeelde is:

heengaan (9: 59 - heenga) > gaan;

voortkom (4: 22 - voortkwamen) > kom;

ingegaan (6: 4) > gegaan;

afgestuur (7: 20 - afgezonden) > gestuur;

die toutologiese byeenvergader (8: 4 - bijeenvergaderd) > vergader;

weggaan (8: 42 - heenging) > gaan;

neersit (9: 15 - nederzitten) > sit;

bygekom (12: 37 - bijeenkomende) > kom - hier is dit eintlik 'n kwessie van sinskonstruksie wat verander (vgl. 'en sal ... as hy bygekom het, hulle dien' > 'hy sal ... hulle kom bedien');

omgord (12: 37 - omgorden) > gord;[1)]

opmerk (14: 7 - aanmerkende) > merk;

uitgenooi (14: 9 - genood) > genooi;

bespot (14: 29 - bespotten) > spot met;

oordink (21: 14 - overdenken) > dink;

uitgegaan (22: 39 - uitgaande) > gegaan;

uitgekap (23: 53 - gehouwen) > gekap.

Die vertalers se beswaar ná 1922 was waarskynlik dat die meeste van bogenoemde 1922-woorde se premorfeme oorbodig was en in elk geval sterk Nederlands. Tog val dit ook op dat die kern van die genoemde woorde ná 1922 behou word eerder as wat 'n alternatiewe keuse gemaak word (en in sommige gevalle is so 'n

---

1) Vgl. ook 17: 8.

keuse wel moontlik). Hierin meen ek weer eens die rol van tradisie te bespeur waarop vroeër ingegaan is. Dit is dik= wels vir die vertalers moeilik om heeltemal van die ouer, bekender woord weg te breek.

6.5.5 Die 1922-woord word as kern van die vervangende woord behou (opgevul > gevul)

Sommige woorde van die 1922-vertaling word as kerns in vervangende afleidings en samestellings behou. In die meeste gevalle is die verandering 'n 'versterking' van die betekenis. Die volgende kom voor: Bly (2: 43 - bleef) word na agtergebly verander. Opgevul (1929) het betrekking op 'n dal en is pasliker as slegs gevul (3: 5 'gevuld worden'). Dien (4: 39 - diende) het eerder 'n geestelike betekenis in die sin van: 'Ek dien die Here' terwyl bedien pasliker is ten opsigte van 'n ete of die verskaffing van verversings - wat blykbaar hier die bedoeling is.[1] Vryf (6: 1 - wrijvende) > uitgevrywe - laasgenoemde laat duidelik blyk wat bedoel word. 'Dieper gaan' (6: 48 - verdiepte) is duratief en word deur die voltooide handeling 'diep ingegaan' vervang en gee (7: 15 - gaf) word na teruggegee verander - 'n woord wat impliseer dat die moeder haar kind 'verloor' het, en dus beeldender is.

---

1) Vgl. ook 10: 40; 17: 8.

Geneem (8: 18 - genomen) word 'versterk' na weggeneem en gaan (8: 35 - gingen uit) na uitgegaan. Draai (10: 23 - keerende) is minder spesifiek as omgedraai en 'val onder die moordenaars' (10: 30 - viel) is minder duide= lik as die vervangende verval. Ontrus (10: 41 - ont= rust) > verontrus - eersgenoemde, wat nie vandag meer gebruiklik is nie, het wel in die 1921-AWS verskyn. [1] Gekom (11: 6 - 'gekomen is') word na aangekom uitgebrei, gevee (11: 25 - gekeerd) na uitgeveeg, met die oorbodige, dialektiese slot -g (1929 - 33) > uitgevee (1953) en dood (12: 4 - dooden) na doodmaak.

Nog 'n mooi voorbeeld van 'betekenisversterking' is klop (12: 36 - klopt) > aanklop. Stel (12: 42 - zetten) en aanstel verskil in 'n mate in betekenis van mekaar en dieselfde geld van gedra (16: 22 - gedragen en weggedra. Roep (19: 40 - roepen) word geïntensiveer na uitroep en roep (23: 46 - roepende) ook na uit(ge)roep. In die plek van gelei (23: 32 - geleid) kom weggelei. Die Nederlandisme kruis (23: 21) word na kruisig verafrikaans, en suiwerder Afrikaans word bewerkstellig met die veran= dering lê (23: 53 - legde) > neergelê [2] (vgl. '... en lê

---

1) Die gebruik van ver- is 'n baie uitgebreide verskynsel - vgl. ook verassureer, verrinneweer, veronderstel.

2) Verdere voorbeelde kom voor in 17: 9, 16; 18: 22; 19: 26; 20: 28; 22: 17; 23: 9, 39; 24: 16.

dit in 'n graf'). Berei (24: 1 - bereid hadden) word deur die 'deftiger' toeberei vervang - natuurliker sou gewees het: voorberei (vgl. 'die speserye, wat hul= le berei het').

Sommige van die langer woorde wat ná 1922 gebesig word, is eksplisieter as die bondiger 1922-woord. Die aard van die handeling word byvoorbeeld duideliker aangedui met 'n woord soos weggeneem of weggelei eerder as net 'geneem' of 'gelei'. Nederlandismes soos kruis en ar= gaïsmes soos ontrus word deur suiwerder Afrikaans vervang. Betekenisskakerings kom by - 'n woord soos roep word tot uitroep versterk - laasgenoemde dui op 'n harde roep.

6.5.6 Die kern van die 1922-woord korreleer met die kern van die jonger vertalings se woord terwyl die bepalers ver= skil (ingekom > binnegekom)

'n Aantal woorde word deur sinonieme vervang waarvan die kern met die kern van die 1922-woord ooreenstem, terwyl die bepalers verskil. Die invloed van die Nederlands kan ten opsigte van die 1922-woordkeuse in die meerderheid gevalle aangetoon word. Enkele veran= derings behels weinig verskil in betekenis of verhe= wenheid. Argaïsmes word uitgeskakel en betekenisaanpas= sings word aangebring, maar nie alle onduidelikhede word opgehef nie. Vergelyk die volgende: Ingekom (1: 28 -

ingekomen) > binnegekom - in en binne beteken dieselfde, laasgenoemde is moontlik effens 'deftiger' en word blykbaar in 1929 verkies. [1] Kontekstueel is beskryf (2: 1 - 'beschreven zou worden') nie die korrekte woord nie en word dit in 1929 na ingeskryf verander (DBB: volkstelling ... gehou). Heengaan (2: 15 - weggevaren) is weer 'verhewener' as die vervangende weggegaan (ook tydsverandering). Daar is weinig verskil tussen die volgende woordpare: ondervra (2: 46 - ondervragen) en uitvra; loslating (4: 19) en vrylating. Die hele woordgroep: 'Hy vertrek na' (5: 16 - vertrok) word na 'hy het Hom ... teruggetrek', verander, wat 'n beteke= nisverandering meebring. Die argaïese voleindig (7: 1 - voleindigd) word in 1929 deur klaar gespreek ver= vang maar in 1953 na 'woorde beëindig' verander. Ook neerdaal (9: 45 - nederdale) is 'n 'boekeriger' woord as afdaal. Onder die moordenaars geval (10: 36 -'ge= vallen was'), is navolging van Nederlands wat na verval verafrikaans word. Kontekstueel beteken versamel (12: 17 - versamelen) 'berg' of 'bewaar', en daarom is ook insamel (DBB: opgaar) nie 'n geskikte woord nie. (Prof. Dekker (ABV 21j) het 'versamel' of 'bymekaar bring' ook vir Matt. 3: 12 verkies, waar die 1922-ver=

---

1) Vgl. ook 11: 33; 15: 28.

taling samebring het en 1929 bymekaarmaak - hy het verklaar dat saambring 'van persone' gesê word.) Oor=reken (14: 28 - overrekent), wat vir dubbele interpre=tasiemoontlikhede vatbaar is, word na bereken gewysig, wat die dubbelsinnigheid uitskakel.

Verklae (16: 1 - verklaagd) > aangeklaag - met -g-uitgang. Dr. Du Toit het i.v.m. klae aan prof. Keet geskryf (ABV 21f) dat hy "die golwing met e nie graag wil mis nie". Verder sê hy: "klae, geklae, aanklaag, aangeklaag - Die betekenis verskil tog". Dit wil dus voorkom asof dr. Du Toit van mening was dat wanneer die premorfeem aan - aan die stam toegevoeg word, die -g in die auslaut by=kom. Gegaan (17: 27 - ging) > ingegaan - hier is die her=haling van 'in' in die sin, en wel as premorfeem van die werkwoord, volgens die Afrikaanse idioom noodsaaklik; ingegaan (19: 7), wat direkte navolging van die Nederlands is, word deur die omvattender of eksplisieter begrip tuisgegaan > tuis gegaan (1953) vervang. Neergesit (19: 21 - weggelegd), wat onduidelik is, word na die duideliker uitgesit verander (vgl. 'u neem weg, wat u nie neerge=sit het nie' - DBB stel dit nog helderder met belê).

Bevind (23: 2 - bevonden) is eerder gebruiklik ná oor=weging van omstandighede en getuienis, en die vervangende gevind dui daarop dat die (valse) beskuldigers self die ontdekking gemaak het - kontekstueel is dit dus die ge=

paste woord. Die oorganklike werkwoord beskimp (23: 35 - geschimpten) en geskimp is volgens HAT sinonieme, wat albei 'beledig' kan beteken - laasgenoemde is on= oorganklik. [1)]

6.5.7 Die bepaler van die vervangende sinoniem korreleer met die bepaler van die 1922-woord maar die kerns verskil (afgekom > afgeklim)

Gevalle kom voor waar die bepaler van die vervangende sinoniem ooreenkom met die bepaler van die 1922-woord. Sommige veranderings behels min verskil. In ander ge= valle wil dit voorkom asof die woordkeuse ná 1922 nader aan die gebruikstaal is en minder boekerig, en in sekere gevalle is die jonger vertalings se woordkeuse meer in ooreenstemming met die van die gebruiklike idioom. Vergelyk die volgende gevalle: Uitkom (3: 7 - uitkwamen) word deur uitgaan vervang (1929 - 33) > uitgegaan (1953). Presies die teenoorgestelde kom in Luk. 12: 59 voor, naamlik uitgaan > uitkom (1929 - 53). Afgekom (6: 17 - 'afgekomen zijnde') en afgeklim verskil min. Opgeneem

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in 3: 5; 5: 22; 9: 5; 12: 35; 14: 7; 17: 14; 20: 12; 21: 8; 22:34.

is navolging van die Nederlands (opgenomen) en word na die suiwer Afrikaans opgetel verander. Die 'verhewe' uitwerp word in 9: 40 en 9: 49 onderskeidelik na uit ... drywe en uitdryf verander - veral laasgenoemde is nader aan die spreektaal.[1] Ook uitgevaar (11: 4 - 'uitgevaren was') is 'deftiger' as uitgaan (die historiese presens vervang in hierdie geval die verlede tyd.)[2] Die 'deftige' terugkeer word in 10:17 (wedergekeerd) en 17:4 (wederkeert) onderskeidelik na teruggekom en terugkom - gebruikliker woorde - verander.

'n Woordgroep 'goed wat weggesit is' (1929),[3] die idiomatiese uitdrukking in Afrikaans, word ook deur DBB behou en vervang weggelê (12: 19 - 'opgelegd zijn'). Nog 'n mooi voorbeeld van idiomatiese Afrikaans is die wolk wat opsteek - dit vervang opgaan (12: 54), maar in 1953 verander die vertalers weer na die woord opkom. Vergelyk ook die verandering van 'laat hom desgelyks nie omkeer na wat agter is nie' (17: 31 - omkere) na 'moet ... nie omdraai na wat agter is nie' - die sintaktiese wysiging is ook weldadig. Opwerp (19: 43 - opwerpen) is bepaald weer uit 'n hoër taalsfeer as die vervangende

---

1) Vgl. ook 13: 28.

2) Soortgelyke gevalle kom voor in: 11: 24; 18: 31,ops. en in 19: 36.

3) Weggebêre kon ook oorweeg gewees het.

opgooi (maar laasgenoemde kan ook 'n pejoratiewe byge= dagte hê).[1)]

Die onduidelike aangewys in die sinsnede: 'dat die dode opgewek sal word, het Moses ook aangewys' (20: 37 - aangewezen) word deur aangedui vervang en tot in DBB behou. Verwerf (20: 35 - verwerven) is ook uit 'n 'hoër' taallaag as verkry; terwyl vertree (21: 24 - 'vertre= den worde') uit die Nederlands oorgeneem is en deur vertrap vervang word. Daar is nie veel verskil tussen uitspruit (21: 30 - uitspruiten) en uitloop nie; 1953 het bot. Die Nederlandisme ontvlied (21: 36 - ont= vlieden) kom nie in 1921 se AWS voor nie, en ontvlug word in die plek daarvan gebruik. Daar is 'n nuanse= verskil tussen uitgegaan (22: 52) en uitgetrek, en af= geneem (23: 53 - 'afgenomen had') is weer 'verhewener' as afgehaal en ietwat geforseerd.

Woorde soos uitkom (3: 7) en die vervangende uitgaan verskil ten opsigte van die rigting wat hulle aandui (kom x gaan) en is waarskynlik 'n vertalingskwessie. In die 1953-vertaling is die verledetydsvorm uitgegaan gebruik. Die woorde ná 1922 is oor die algemeen nie so

---

1) 'n Aanbeveling wat uit die hersieningswerk voortgevloei het ABV 20a), is: "vermy 'uitgegaan' en 'afgaan' op plekke waar 'n onaangename bygedagte gewek kan word".

'verhewe' soos die van 1922 nie - hulle is meer dié van die gebruiklike idioom.

6.5.8 Samevatting

'n Groot aantal veranderings blyk dus vormvariasies te wees. Ná 1922 is daar 'n voorkeur vir werkwoorduitgange op -we eerder as op -f en op -g eerder as op 'n vokaal. In gevalle waar slegs die kern van 'n woord ná 1922 behou word, blyk dit dat die premorfeem oorbodig is. By die verandering waar 'n premorfeem ná 1922 tot die 1922-woord toegevoeg word, word fyner, soms eksplisieter, betekenisskakerings bygewerk. In die gevalle waar die kerns van die woordkeuses korreleer maar die premorfeme verskil, is daar soms baie min verskil tussen die woordkeuses; sekere betekenisaanpassings word gemaak en alhoewel nie alle onduidelikhede opgehef word nie, is dit duidelik dat die jonger vertalings se woordkeuses ook in hierdie gevalle meesal 'n wegbeweeg van die Nederlands meebring. Ook by die woorde waar slegs die bepalers korreleer, is nie alle veranderings maklik te verklaar nie, maar die tendens om nader aan die gebruikstaal te beweeg kan ook hier bespeur word. Ek is van mening dat die groot mate van morfologiese oorvleueling (en ook woordoorvleueling by die woordgroepe bestaande uit twee of meer woorde) toegeskryf moet word aan die bewuste of onderbewuste drang (wat deur die eeue heen

kenmerkend by Bybelvertaling was) om soveel moontlik van die oue in die jonger vertalings te behou.

6.6 EEN WOORD VAN 1922 WORD IN 1929 DEUR TWEE (OF MEER) WOORDE VERVANG

Talle voorbeelde kom voor waar die woordgebruik van 1922 bondiger is as die van die jonger vertalings - een woord word gebruik teenoor twee of meer - maar in baie gevalle is die verandering aangebring om betekenishelderheid te bevorder.

6.6.1 Morfologiese wysigings (heengaan > gaan ... weg)

In enkele gevalle bestaan die 1922-werkwoord uit 'n deeltjiewerkwoord of uit 'n samegestelde werkwoord wat dan deur twee woorde vervang word, waarvan een vormlik ooreenstem met óf die bepaler óf die kern van die 1922-woord.

6.6.1.1 Die 1922-kern van die samegestelde werkwoord korreleer met die 1929-werkwoord of hulpwerkwoord (versteek > steek ... op)

Die 1929-werkwoord korreleer met die kern van die 1922-werkwoord in die onderstaande gevalle: 'Voor Hem heengaan' (1:17) se betekenis is onduidelik en word na uitgaan verander. Daar lê nogal 'n belangrike skryfbeginsel

aan die losskryf van uit gaan (e.a.) ten grondslag. Heengaan,wat een woord is,sou later twee moet wees - gewoonlik wanneer 'n voorsetsel so 'n woord voorafgaan (soos wat die geval hier is, vgl. voor) dan word die woorde losgeskryf: 'voor Hom heen gaan'. Verwek (3: 8 - verwekken) > op ... wek - ook hier word die 1922-kern as werkwoord behou, maar in die plek van die bepaler word ná 1922 'n bywoord gebruik. Toeroep is nie gebruiklike Afrikaans nie (7: 32 - toeroepen) en word deur na ... roep vervang. By die verandering van heengaan (9: 57 - heengaat) na mag gaan word na 1922 'n hulpwerkwoord saam met die werkwoord gebruik. In Luk. 10: 30 is die vervangende woorde: woordkorrelaat van die kern plus bywoord - dus: heengaan (heengingen) > gaan ... weg - die 1922 woord is 'deftiger' en die vervangende woorde alledaagser. Ook in Luk. 10: 34 word die kern van versorg (versorgde) in die voltooide deelwoord behou maar die voorvoegsel word deur 'n voorsetsel vervang - dus: vir ... gesorg. Vergelyk ook die wysiging bykom (10: 40 - bijkomende) > kom ... staan, waar 'n skakelwerkwoord met die 1922-stam korreleer en 'n hoofwerkwoord bykom - die betekeniswaarde van die premorfeem gaan oor op die bywoord 'daar' en die betekenis van die geheel is spesifieker. Die voorsetselwerkwoord aansteek (11: 33 - ontsteekt) > steek ('n lamp) op - die nuwe bywoord is volgens die Afrikaanse idioom (vgl.

ook 8: 16 hoër op). Verlaat (15: 4) > laat ... staan - laasgenoemde bring die gedagte van 'tydelik verlaat' na vore; die stam van 'verlaat' korreleer met 'n skakelwerkwoord 'laat' terwyl 'n hoofwerkwoord toege= voeg word. Neergesit (22: 55 - nederzaten) is minder suiwer Afrikaans as gaan sit. Die argaïese gedenk (hoewel gedenk in die Afr. Bybeltaal nie vreemd is nie) word in 23: 42 na die gewone gebruikstaal dink aan ver= ander.

Sekere nuwe betekenisskakerings en -details word deur sommige wysigings na vore gebring.

6.6.1.2 Die 1922-bepaler korreleer met die 1929-voorsetsel (uit= neem > uit ... haal)

Sover dit onderstaande voorbeelde betref, word 'n korre= laat van die sekondêre gedeelte van die 1922-saamgestel= de werkwoord as voorsetsel in die 1929-woordgroep ge= bruik: Die kern van uitneem (6: 42 - uitdoe) word deur 'n sinonieme werkwoord vervang, maar die bepaler word as bepalende bywoord behou, vergelyk uit ... haal. In die geval van aansit (7: 37 - aanzat) word die bepaler as voorsetsel van die uitdrukking aan tafel was behou - ook hier word van die historiese presens wegbeweeg. [1]

---

1) Die uitdrukking 'aan tafel' (t.o.v. Luk. 22: 21) is een van die groep wat deur die vertalers as "Geykte Uitdrukkings" genoteer is (ABV 20a).

Vergelyk verder: uitwerp (9: 40 - uitwerpen) > uit ... drywe - laasgenoemde is minder 'verhewe', maar vergelyk die bespreking oor die -we-uitgang. Die bepalers van die sinonieme oorlewer (12: 58 - overlevere) en oor= gee aan stem ooreen, maar wat hier van belang is, is die toevoeging van die voorsetsel aan ná 1922, wat 'n dubbelsinnigheid uit die weg ruim - vergelyk die 1922-bewoording: 'en die regter u die geregsdienaar oorlewer'. 'n Soortgelyke verandering as dié van Luk. 7: 37 (kyk bo) kom in Luk. 14: 10 voor - net die koppelwerkwoorde verskil (d.w.s. was x is): aansit (14: 10 - aanzitten) > aan tafel is. Terugkeer (24: 9 -'wedergekeerd zijnde') is 'verhewener' as die vervangende gaan ... terug.

6.6.1.3 Die 1929-bywoord (of gedeeltes daarvan) korreleer met ge= deeltes van die 1922-werkwoord (vermeerder > gee ... meer)

Daar is ook 'n paar gevalle waar 1929-bywoorde of gedeel= tes van 1929-bywoorde met gedeeltes van die 1922-werk= woorde korreleer - vergelyk die volgende: Die premor= feem van deursuiwer (3: 17 - doorzuiveren) korreleer met 'deur' in die redupliserende bywoord in die woordgroep deur-en-deur skoonmaak. ' Korrelaat van die 1922-woord se kern word in Luk. 17: 5 in die jonger vertalings as bywoord gebruik: die 'deftiger' vermeerder > gee ... meer; en die kern van die 1922-werkwoord in Luk. 23: 5 korreleer met die kern van die 1929-bywoord: beroer (beroert) > maak oproerig. Helderheid van betekenis word

in al drie gevalle bevorder. Hierdie verandering is een van meer waar 'n alternatiewe woordkeuse sonder behoud van enige element van 1922 moontlik is, byvoorbeeld maak opstandig.

Wat hier opvallend is, is die wegbeweeg van die woord wat minder gebruiklik is en in die meerderheid van die gevalle ooreenkoms met die Nederlands toon.

6.6.1.4 Beide die woorddele van die 1922-werkwoord korreleer met 1929-woorde

Al die woorddele van 1922 word in die volgende gevalle behou: Die werkwoord in: 'jy sal voor die angesig van die Here vooruitgaan' (1: 76 - 'voor heengaan') bestaan uit drie stamme wat saamgevoeg is - korrelate van die kern en eerste lid van die prefiks word in 1929 behou: voor ... gaan, maar in die 1953-woordkeuse korreleer al drie bestanddele met die drie van 1922, vergelyk: voor ... uitgaan. Dis 'n afwyking van die beginsel wat ek in paragraaf 6.6.1.1 genoem het. Al verskil is dus dat die 1922-woord 'n samestelling is, terwyl die 1953-vertalers op 'n voorsetsel plus samegestelde werkwoord besluit het, en daarmee word die dubbele interpretasiemoontlikhede van die 1922-woord uitgeskakel. Omskyn (2: 9 - omscheen), wat navolging van die Nederlands is, word na 'het rondom geskyn' verander - die

kerns van die werkwoorde korreleer en so ook die 1922-premorfeem met die 1929-postmorfeem van die bywoord - die jonger weergawe is duideliker en Afrikaanser, maar myns insiens sou 'omstraal' nog beter gewees het (DBB het ook rondom ... geskyn).

Die morfeme van 1922 word in die volgende gevalle in 1929 sintakties geskei: oorkom (21: 26 - overkomen) word deur oor ... kom vervang, en hierdie verandering word veroorsaak deurdat 1922 se vertaling in die betrokke sin twee keer 'sal' gebruik, maar 1929 het geen 'sal' nie: 'en die mense se hart sal beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat die aardryk sal oorkom'> 'en die mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom'.

Deur die verandering van die perfektum na die presens word die volgende wysiging meegebring: 'En toe Hy van die gebed opgestaan het' (22: 45 -'opgestaan was') > 'staan ... van die gebed op.' Die voorsetsel van is ook nog hinderlik:van die gebedshouding of van die knielende houding sou duideliker wees) maar dit is blykbaar 'n letterlike vertaling(en word ook in DBB behou: 'Toe hy van die gebed opstaan' GN: Rising from his prayer; IGE vertaal ἀναστάς met rising up from.) Bogenoemde veranderings word deur sintaktiese verskuiwings

asook deur tydsverandering bewerkstellig.

6.6.1.5 Die 1922-onsamegestelde werkwoord word in 1929 as sim= pleks of woorddeel behou (kom > kom ... af)

Wat die volgende betref, word 1922 se werkwoord in 'n woordgroep behou terwyl 'n agtersetsel, voorsetsel, voorsetselgroep, bywoord of tweede werkwoord bygevoeg word. Vergelyk die volgende: Die woord staan (4: 39 - staande) dui op 'n aksie wat reeds 'n aanvang geneem het en gaan ... staan op die aanvang van die aksie. Vergelyk ook sit (7: 15 - zat) en 'het gaan sit' (lg. behels verandering van presens na verlede tyd). Kom (8: 23 - kwam) word verbeter na kom ... af, en neem (11: 22 - neemt) na neem ... weg. Sê, gevolg deur 'n voornaamwoord, kom wel in Afrikaans voor, veral in ge= meensame taal. In Luk. 12: 8 staan 'sê u' ('zeg u') en dit word deur die gewoner 'sê vir u' vervang. In 1953 het die vertalers weer na 'sê vir julle' oorgeskakel. Daar is verskil tussen: laat ... brand (12: 35 - laat brandende) en laat ... aan die brand. In die eerste geval word 'n toestand tot stand gebring (lampe word opgesteek) en in die tweede word 'n toestand wat reeds bestaan, toegelaat om voort te duur (die lampe skyn reeds). Die eerste laat verstaan mens as die Engelse 'let' en die tweede as 'leave'. Laat ... staan (1929) is egter eksplisieter as slegs laat hom (13: 8 - laat hem). Stry (13: 24 - strijdt) word ook aangevul tot stry

hard. Die modus van 'moontlikheid' word bygevoeg in 14: 23, sodat die stelling 'vol word' (vol worde) ver= ander word na 'vol kan word'. Neem weg (1929) is meer bepaald as neem (16: 3 - neemt) en 'maak uself vrinde' in Luk. 16: 9 - (maakt) word verbeter deur die ontbre= kende voorsetsel in te vul - dus maak vir. Die dura= tiewe begrip word in Luk. 17: 12 van 1929 af beter uit= gedruk deur die invoeging van die skakelwerkwoord in bly staan. 'Wat wil u' (18: 41 - wilt) kan in Afrikaans deurgaan maar 'wat wil (jy) hê' is gewoner.

Daar is betekenisverskil tussen 'En toe ... sit hulle Jesus daarop' (19: 35 - zetteden) en 'en laat Jesus daarop sit'. Die eerste woordgroep dui daarop dat Jesus liggaamlik op= gelig word en die tweede, die korrekter, dat Jesus toe= gelaat word om te sit. Die sinsnedes: 'die een steen nie op die ander steen laat nie' (19: 44 - laten) en 'nie een klip op die ander laat bly nie' verskil nie eintlik noemenswaardig nie. Die 1922-werkwoord laster (22: 65 - lasterende) korreleer met die kern van die 1929-bywoord in lasterlik ... gespreek en 'n nuwe ('verhewe') werkwoord word bygevoeg. Laster is gewoner as substan= tief. Hou aan met roep (1929) laat duideliker blyk dat die aksie duratief is as wat die geval met slegs roep (23: 21 - riepen) is, 1953: het aangehou roep.

Taalverfyning en die toevoeging van betekenisnuanses is

in bogenoemde gevalle die kenmerke van die bewoording van die jonger vertalings.

6.6.2 Tydsveranderinge waar een woord deur twee of meer ver= vang word (bemerk > te wete kom)

6.6.2.1 Betekeniswysiging en tydsverandering (hoor > geluister na)

Betekeniswysiging kom in onderstaande gevalle voor, waar 'n enkele simpleks of samegestelde werkwoord deur twee of meer woorde vervang word, en hierdie wysigings gaan met 'n tydsverandering gepaard. Vergelyk: 'Hy gaan' (7: 11 - 'Hij ging') > 'was Hy op weg' - die verskil in hierdie geval is dat laasgenoemde spesifieker is ten op= sigte van die tyd van die gebeure. In Luk. 24: 13 word 'gaan ... na 'n dorp' (gingen) deur was op pad vervang - laasgenoemde bewoording verskil slegs ten opsigte van die substantief van bogenoemde bewoording - eersgenoemde het pad en laasgenoemde weg. Bemerk (9: 11 - verstaande) > te wete kom - eersgenoemde beteken iets 'waarneem' en laas= genoemde iets 'uitvind'. Wat verhewenheid betref, is daar nie veel verskil tussen vrees (9: 45 - vreesden) en was bang nie - laasgenoemde het moontlik in die ge= wone omgang 'n groter gebruiksfrekwensie (bv. 'bang wees', 'is bang' eerder as 'vrees'). In die konteks: 'sit en Sy woord hoor' (10: 39 - hoorde) is die jonger geluister na nader aan die Afrikaanse taaleie, en dieselfde geld

vir 'baie geklae' (1929), waardeur die argaïese, 'ver=hewe' murmureer (15: 2 - murmereerden) vervang is. Die wisseling het (17: 6 - hadt) > gehad het is blote tydsverandering. Deur die invoeging van 'n skakelwerk=woord, naamlik gaan, word 'n spesifieke tydstip in die verlede aangedui teenoor die onbepaalde duur van die historiese presens - vergelyk: 'staan en bid' (18: 11 - staande) >'het gaan staan'. Gryp (22: 54 - hielden) beteken nie noodwendig dieselfde as gevange geneem nie. IGE se vertaling vir συλλαβόντες δε is And having arrested. Die aard van hou (22: 63 - hielden) word duideliker aangedui deur die plaasvervangende gevange gehou.

6.6.2.2 Taalverfyning en vermyding van die historiese presens by die vervanging van een woord deur twee of meer woorde (wil > wou hê)

Vermyding van die historiese presens val op ten opsigte van die volgende stylveranderinge en verbeteringe van taalgebruik: 'Hoe hy wil' (1: 62 - wilde) word na wou hê gewysig, die 'deftiger' genees (4: 40 - genas) na gesond gemaak, wat gebruikstaal is; die Nederlandisme boodskap (7: 18 - boodschapten) word verander na berig gebring, terwyl gebied (8: 29 - geboden) meer argaïes

is as die vervangende bevel gegee aan. Met bande word in Luk. 8: 29 'boeie en kettings' bedoel (vgl. 'en hy was met kettings en met boeie gebind ... en hy het die bande verbreek'), daarom is verbreek (wat op 'bande' betrekking het) minder paslik as die vervangende uit= mekaar geruk (lg. uitdrukking word deur DBB behou). Af= gesien van die tydsfaktor is daar min verskil tussen beveel (8: 56 - beval) en bevel gegee.

6.6.3 Een woord word deur twee of meer vervang sonder tyds= verandering ('het oorlê' > daaroor nagedink)

6.6.3.1 Onduidelikhede word uit die weg geruim met die ver= vanging van een woord deur twee of meer woorde (sonder tydsverandering) (verderf > om (te) bring)

Verskeie ander 1922-werkwoorde word deur woordgroepe vervang sonder dat daar ook nog 'n verandering van tyd plaasvind.

Eerstens is daar 'n aantal werkwoorde wat in 1922 voor= kom en waarvan die betekenis baie onduidelik is - ná 1922 word die onduidelikhede grootliks uit die weg ge= ruim - vergelyk: Die onduidelike 'het oorlê wat tog hierdie groetnis mag wees' (1: 29 - overlegde) word in beter Afrikaans oorgesit, naamlik daaroor nagedink.

'Hule (sic) wink sy vader' (1: 62 - wenkten) word duide= liker gestel met beduie vir; 'die riem van Sy skoene ontbind' (3: 16 - ontbinden) met los maak en 'toe hulle nie vind waardeur hulle hom kon inbring nie' (5: 19 - vindende) met 'toe hulle ... geen kans sien' - in 'n poging om na aan die Nederlands te bly word die Afrikaans van 1922 onduidelik. Vergelyk ook dieselfde verskynsel in die volgende twee ge= valle:

''n mens te ... verderf' (6: 9 - verderven) en 'sy uitgang gesê' (9: 31 - zeiden) - die vervangende woorde is onderskei= delik om ... bring (om 'n lewe om te bring is egter ook nie gangbare Afrikaans nie) en van ... gespreek. Onder 'verskeur ... hem' (9: 42 - 'scheurde hem') verstaan mens eerder 'stuk= kend skeur' en die 1929-bewoording, naamlik 'laat hom stuip= trekkings kry', laat geheel en al 'n ander indruk. Tog is die 1922-woord in hierdie geval nader aan die grondtaal (ἔρρηξεν αὐτὸν - IGE: tore him; DBB het ook laat hom ... stuiptrekkings kry; GN: threw him into a fit). Die 1953-vertaling het ook 'skeur die duiwel hom'. Verskillend in betekenis is ook: 'en sal hom afskei' (12: 46 - afscheiden) 'en middeldeur sny' (διχοτομήσει- will cut asunder - volgens IGE) - in hierdie geval blyk die 1929-33 vertalings weer nader aan die oorspronklike te wees en is die 1922-woord weer aan die vertalingsprinsipe van daardie tyd te wyte.[1] Die 1953-weergawe het egter 'en sal hom pynig'.

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in 14:9; 19: 17; 23: 24, 46.

Uiters onduidelik is 'dat 'n mens ... nie vertraag nie' (18: 1 - vertragen), wat ná 1922 helder word met die gebruik van 'dat 'n mens ... nie moedeloos word nie'.

6.6.3.2 Die 1922-betekenis is wel deursigtig, maar taalverfy= ning kom ná 1922 voor (begeer > iets vra)

Tweedens is daar sekere werkwoorde van die 1922-uitga= we waarvan die betekenis wel deursigtig is, maar die jonger vertalings se woordkeuse maak die betekenis nog duideliker. 'Voor Hem te lê' (5: 18 - 'te leggen') word na 'voor Hom neer te sit' verbeter. 'Niemand wat ou wyn drink, begeer ... nuwe' (5: 39 - begeert) is ook navolging van die Nederlands, en begeer word na die alledaagser wil ... hê verander. In Luk. 6: 30 word begeer (begeert) in die woordgroep 'gee aan elkeen wat van u begeer' ook na die gebruikliker iets vra gewysig. 'Sy woorde voleindig' (7: 1 - 'voleindigd had') word deur die nog 'verhewe' klaar gespreek vervang > woorde beëindig (1953).

Kontekstueel is 'n vraag stel 'n verbetering op 'Ek sal u vra' (6: 9 - vragen). 'n Nuanseverskil kom voor as 'bid Hem' (7: 3 - biddende), wat op 'n uiters dringende versoek dui, na met die versoek dat verander word. 'Niks sal julle ... skade doen nie' (1929) is 'n beter keuse as 1922 se 'geen ding sal u ... beskadig nie'

(10: 19 - beschadigen). 'Bemin' is 'n woord wat pas= liker is ten opsigte van liefde tussen mense maar in Luk. 11: 43 kom 'bemin die voorgestoelte' voor (die Nederlands het ook bemint), en dit word na die geskik= ter hou van verander. [1] 'Ons wil nie dat hy koning oor ons is nie' (19: 14 - 'over ons zij') > 'oor ons koning sal wees nie' (1929) > 'oor ons koning moet wees nie' (1933) > 'koning oor ons moet wees nie' (1953) - 'n mooi voorbeeld van hoe die taal van die Afrikaanse Bybel gaandeweg geslyp is totdat die regte vorm na woord en woordorde en betekenis gevind is. [2]

Onder hierdie groep kan ook die volgende argaïsmes en Nederlandismes ressorteer wat in elke geval in beter Afrikaans oorgesit word: 'Predik loslating' (4: 19 - prediken) word deur verkondig vervang. Behoef (11: 8 - behoeft) word vandag selde gehoor en is in 1922 na nodig het verander. Die onduidelike vertien (11: 42 - ver= tient) word verbeter na: gee tiendes van, en die im= perfektum wis (2: 49 - wist), wat besig is om in Afri= kaans 'uit te sterf', word deur die hulpwerkwoord plus voltooide deelwoord, het geweet, vervang. Geskied (12:

---

1) Vgl. ook 20: 46.

2) Verdere voorbeelde kom voor in: 8: 24, 41; 10: 16; 13: 33; 17: 12.

55 - geschiet) word na dit kom so verander, wat ook nie goeie Afrikaans is nie en gevolglik verander die 1953-hersieners na die geskikte gebeur. In die plek van die 'verhewe' gesoog (23: 29 - gezoogd), kom laat drink, maar, teen die taaleie in, het 1953 weer gesoog! Gedenk (23: 42), wat Nederlands is, het 'n baie beperk= te gebruiksfrekwensie in Afrikaans en word na dink aan verafrikaans. Die argaïese geloof (24: 41 - geloofden) word na kon glo verbeter. In die meeste gevalle word dus ná 1922 gewone gebruikstaal aangewend.

6.6.3.3 Min verskil (beveel > bevel gee)

Daar is min verskil tussen die woordkeuses in die vol= gende gevalle: Menende (2: 44) is 'n deelwoord wat waarskynlik minder gebruiklik is as omdat hulle gedink het - wat weer omslagtiger is. Daar is eintlik nie 'n verskil tussen 'sal beveel' (4: 10 - bevelen) en 'sal bevel gee' nie - eersgenoemde is slegs nader aan die Nederlands. 'Aan ... gely het' (1929) is 'n fyner taalaanwending as 1922 se 'gehad het' (8: 43 - 'gehad had'). Die woord verlaat (14: 33) beteken 'weggaan van' of 'n 'doelbewuste agterlaat' en afsien van 'afstand doen van'.

6.6.3.4 Die 1922-woord is 'verhewener' as die vervangende woord (genees > gesond maak)

In sekere gevalle bevat die 1922-vertaling 'n woord wat 'verhewener' as die vervangende woordkeuse is. Die 'ver=hewe' genees (5: 17 - geneest) is minder gebruiklik as gesond maak en bedek (8: 16 - bedekt) as maak ... toe. Soortgelyke veranderings is: spreek (9: 30 - spraken), wat deur 'daar was in gesprek' vervang word; ontwaak (9: 32 - ontwaakt), wat na die gebruikliker wakker word verander word, en reinig (11: 39 - reinigt) en oprig (13: 11 - oprichten), wat onderskeidelik na maak skoon en regop kom gewysig word. Doodmaak (13: 31 - dooden) word eers in 1953 na om die lewe bring verander. Die verandering veg (14: 31 - slaan) > slag ... lewer lyk na 'n onnodige poging tot 'verdeftiging' of 'n poging om iets te lewer wat weer eens op die Nederlands lyk - en dit is juis vreemd in die 1929-weergawe van die Bybel, daar hierdie vertalers die Nederlands pro=beer uitskakel het.

Ontbreek (ontbreekt) word in Luk. 18: 22 na kom ... kort verander en in Luk. 22: 35 (ontbroken) na kort gekom (1929 - 1933), maar 1953 het ontbreek en kortgekom - die AWS het ook kortkom, kortgekom as een woord.

'Berei' is ook 'n 'deftiger' woord wat in 1922 voorkom en die volgende veranderinge is gemaak:
berei (1: 17 - bereiden) > klaar ... maak - maar in 1933 is teruggekeer na berei;

berei (1: 76 - bereiden) > reg ... maak;

berei (12: 20 - bereid hebt) > klaargemaak (1929) ge=reedgemaak (1933 - ook 'n 'verhewe' woord) > gereed gemaak (1953);[1)]

berei (12: 47 - bereid ... heeft) > klaargemaak (1929 - 1953).

berei (17: 8 - bereid) > maak ... klaar (1929 - 1953);

berei (22: 9 - bereiden) > klaarmaak (1929) > berei (1933 - (1953);

'berei het' (24: 1 - bereid) > 'toeberei was' (1929 - 1953). Dit was dr. Du Toit (ABV 15a), wat 'n voorstel om in Luk. 24: 1 'klaargemaak het' te gebruik (i.p.v. berei), verander het na 'toeberei was'. Dr. Dekker (ABV 21h) was van mening dat toeberei gebruik moes word "vir die klaarmaak van kos".

6.6.3.5 Betekenisverandering (uitwerp > laat sak)

Betekenisverandering sonder tydsverandering kom ook voor: Die net uitwerp (5: 5 - uitwerpen) dui 'n ander aksie aan as die vervangende laat sak, maar in vissers=terminologie mag die woorde van die twee vertalings dalk dieselfde beteken (DBB het: die nette uitgooi, wat nader aan 1922 is, terwyl GN weer nader aan 1929 - 53 se woorde is met let your nets down; NNV vertaal met: de netten uitzetten - weer 'n ander begrip; IGE gee as letterlike vertaling van χαλάσω τὰ δίκτυα : I will

1) Die AWS gee slegs gereed hou en dan as twee woorde.

let down the nets, wat dan met 1922 en DBB ooreenstem. Ontmoet (8: 27 - ontmoette) dui op die bymekaarkom van twee partye en kom ... tegemoet op die beweging van twee groepe na mekaar. (DBB het tegemoetgekom, nieteenstaande die voorafgaande bywoord toe; GN: he was met by.) Dit is duidelik dat ons hier net met 'n fyner nuanseverskil te doen het en dat die bewoording van 1929 - 1953 'n presieser weergawe is van die Griekse datief enkelvoud van die aoristus participium ἐξελθόντι δὲ (wat IGE letterlik vertaal met and going out met die betekenis as he went out). Navolg (14: 27 - navolgt) hoef nie op fisieke navolging te dui nie (vgl.: 'En wie sy kruis nie dra en my navolg nie'), maar agter ... aan kom wel (DBB het ook agter ... aan kom). Die verskil hier kom daarop neer dat navolg vir tweërlei interpretasies vatbaar is en die vervangende woorde nie.

Wei (15: 15 - weiden) kom nie in Afrikaans as oorgeërfde werkwoord voor (vgl. 'om die swyne te wei') nie, en die vervangende 'op te pas' het 'n omvattender betekenis. Maar tog lyk dit asof eergenoemde ten opsigte van die betekenis nader aan die Griekse infinitief βόσκειν is - Afrikaans sou natuurlik hier die kousatief 'laat wei' vereis (vergelyk IGE: to feed; DBB het ook op te pas). Hoor (16: 31 - hooren) is kontekstueel gesien nie geskik in Afrikaans nie, en in 1929 word

die korrekte Afrikaanse vorm na ... luister gebruik - weer 'n goeie voorbeeld van hoe nabootsing van die Nederlands tot swak Afrikaans aanleiding gegee het en hoedat die vertalers ná 1922 die suiwere spreektaal aangewend het. Mens staan eintlik verbaas dat die vertalers, wat geleerde manne was, hulle so aan die taal van die tradisie gebonde gevoel het dat hulle bereid was om hulle eie gebruikstaal geweld aan te doen. Soos vroeër aangedui kon hierdie ontsaglike sterk mag - die liefde vir die ou bekende en 'ge= wyde' woordgebruik in die Bybel - in ieder en elke taal wat 'n Bybelvertalingsgeskiedenis het, aangetoon word.[1] Dr. Dekker (ABV 21j) se kommentaar was: "'Luister na' beteken tog meer as 'hoor'".

Sv vrou verstoot (16: 18 - verlaat) is minder gebruik= like Afrikaans as van ... skei nie. Vir ἀπολύων het IGE dismissing as letterlike vertaling, maar in die teks divorces - wat duidelik aantoon waarom die Afrikaanse vertalings verskil: 1922 se woord is in die geval 'n letterlike vertaling en die jonger vertalings s'n idiomatieser Afrikaans. Ook trek (20: 9 - trok) behels 'n element van finaliteit (vgl. 'trek vir 'n lang tyd na die buiteland') wat nie met op reis gaan die

---

1) Die teenswoordige Afrikaanse Bybelleser worstel met dieselfde probleem by die lees van die nuutste vertaling van die Nuwe Testament en Psalms.

geval is nie. (Volgens IGE beteken ἀπεδήμησεν went away; DBB het: was 'n hele ruk weg van die huis; GN het: left home.) Ween (23: 27 - weenden) is minder spesifiek as rou bedryf - beide bewoordings is voorbeel= de van die neiging om in die 'Bybeltaal' 'n 'verhewe' woordgebruik aan te wend.

6.6.3.6 Samevatting

In hierdie afdeling is woorde bespreek wat in 1922 voorkom waarvan die betekenis slegs met moeite vas= gestel kan word. Soms is die betekenis geheel en al duister, en sulke gevalle word ná 1922 met 'n groot mate van welslae deur duideliker alternatiewe vervang. Nie alle onduidelikhede word egter opgehef nie. Dit is ook opvallend in watter mate die onduidelikhede blote erfstukke van die Nederlandse vertaling is.

Dikwels is die 1922-woordkeuse se betekenis wel deursig= tig, maar van 1929 af word die taal fyner geslyp, so= dat 'n fyner afronding bewerkstellig word. Deurentyd blyk dit dat daar ná 1922 in die rigting van die ge= bruikstaal of bekender taal beweeg word. Nederlandismes, 'verhewe' taal en argaïsmes word uit die weg geruim deur van 'n woordgroep gebruik te maak wat nader aan die Afrikaanse taaleie is. Die woord berei word telke= male deur 'n sinonieme, gebruikliker woordgroep (in

ander afdelings deur 'n enkele woord) vervang.

Dikwels is daar egter ook nog die neiging om nie heel= temal tot die vlak van die spreektaal te beweeg nie, en 'n mens is telkens bewus van die feit dat die Bybel= taal op plekke 'n 'hoër' woord bevat. (Hierdie verskyn= sel geld nie net van die woordgroepe nie maar soms ook van die enkelwoorde wat mekaar vervang.)

Sintaktiese skeiding bring soms mee dat 'n enkele woord deur twee woorde vervang word sonder dat daar, benewens tydsaanduiding, juis veel verskil is.

Ook in hierdie afdeling val dit op dat 'n woorddeel dikwels ná 1922 in die nuwe woorde behou word. Die veranderde woorddeel het dikwels suiwerder gebruikstaal en 'n wegbeweeg van die Nederlands tot gevolg. Die be= houd van 'n woordelement kan soms ook gekoppel word aan wat reeds oor die gebruik van tradisionele Bybeltaal ge= sê is.

Weer eens is die uitskakeling van die historiese pre= sens 'n opvallende kenmerk wat ook telkens in hierdie afdeling na vore kom.

6.7 TWEE WOORDE VAN 1922 WORD IN 1929 DEUR EEN WOORD VER= VANG

Gevalle kom voor waar 'n woordgroep bestaande uit voor= setsel of agtersetsel plus werkwoord deur 'n samegestel= de of onsamegestelde voltooide deelwoord vervang word. Daar is vyf tipes veranderinge wat voorkom:

(a) die sekondêre gedeelte van die 1929-woord kom met die voorsetsel, agtersetsel of bywoord van 1922 ooreen;

(b) die primêre gedeelte van die 1929-woord stem met 1922-werkwoord ooreen;

(c) albei woorde van die 1922-woordgroep word nã 1922 behou;

(d) slegs die 1922-werkwoord word in 1929 tot voltooi= de deelwoord omgevorm;

(e) nie een van die woorde van 1922 word behou nie.

In die meeste gevalle sluit die verandering ook nog 'n wysiging van die historiese presens na die verlede tyd in.

6.7.1 Werkwoord plus voor- of agtervoegsel word deur een woord vervang (skei ... af > afgesonder)

6.7.1.1 Die premorfeem van die 1929-voltooide deelwoord korre= leer met die 1922-agter- of voorsetsel (roep uit > uitge= skreeu).

As eerste hoofgroep behandel ek 1922-woordgroepe bestaande uit werkwoord plus bywoordkorrelaat, en die onderstaande groep woorde behels 'n verandering waar die 1922-agtersetsel behou word en die woordkorrelaat van die vervangende deeltjiewerkwoord se stam 'n sinoniem van die 1922-werkwoord is. Die volgende gevalle kom voor: Roep uit (4: 33 - riep uit) word na uitgeskreeu verander, wat 'n intenser graad van roep aandui. [1] Vaar uit (4: 35 - voer ... uit) is weer 'n tipiese voorbeeld van die 'verhewe' taalgebruik van die 1922-Bybel, en die vervangende uitgegaan lê nader aan die spreektaal. [2] Kom af (10: 30 - kwam af) en afgegaan verskil weinig. Werp ... uit (11: 14 - wierp ... uit) is ook weer 'boekeriger' as uitgedryf, maar gaan in (11: 37 - ingegaan zijnde) en ingekom behels 'n verskil van rigting. Skei ... af (22: 41 - scheidde ... af) word deur die gebruikliker afgesonder vervang. Dit is tog interessant dat gevalle ook voorkom waar die vervangende 1929-woord teen die algemene tendens in 'deftiger' as die 1922-woord is, vergelyk gee ... oor (23: 25 - gaf ... over) met oorgelewer, en aanskou (1929) is ook deftiger as kyk ... aan (23: 35 -

---

1) Volgens Kempen (s.j. 276) is uit 'n voorsetsel in woordgroepe soos uitasem. Die premorfeem wat 'n bywoordkorrelaat het, kan in die teenwoordige tyd voor of agter gebruik word, wat natuurlik by die voltooide deelwoord nie die geval is nie.

2) Vgl. ook 4: 41.

zag ... aan).

Benewens die tydsverandering is dit moeilik om 'n patroon by hierdie groep aan te dui. Daar is wel in 'n paar gevalle na 1922 nader aan die spreektaal en weg van die Nederlands beweeg.

6.7.1.2 Die 1929-stam (presens) korreleer met die 1922-werk= woord (val op > oorval)

Tweedens gebeur dit ook dat die 1922-werkwoord behou word terwyl die premorfeem van die vervangende woord van die 1922-agter- en voorsetsel verskil - vergelyk: Val op (1: 12 - op gevallen) > oorval - die 1922-woord is in dié geval dubbelsinnig en 'n navolging van die Nederlands terwyl die vervangende woord meer idiomaties is. Daar is 'n geringe nuanseversil tussen na ... kom (9: 42 - naar ... kwam) en aankom. Op ... wag (12: 36 - op ... wachten) is minder gebruiklik as verwag.

6.7.1.3 Die stam van die nie-samegestelde 1929- voltooide deel= woord korreleer met die 1922-werkwoord (na ... gaan > gegaar

As derde afdeling van hierdie reeks kan die gevalle ge= noem word waar die 1922-werkwoord bloot na 'n voltooide deelwoord verander word en die 1922-bywoordkorrelaat heeltemal wegval - vergelyk:

na ... gaan (1: 23 - naar ... ging) > gegaan;

storm ... af (8: 33 - stortte ... af) > gestorm;

groei op (13: 19 - wies op) > gegroei;

word tot (13: 19 - werd tot), 'n swak navolging van die Nederlands geword;

gaan ... af (18: 14 - ging heen) > gegaan;

klim ... op (19: 4 - klom ... op) > geklim;

swyg stil (20: 26 - zwegen ... stil) > geswyg;

sien ... aan (23: 49 - zagen ... aan) > gesien.

Die Nederlandse invloed op die 1922-woordkeuses is in die afdeling opvallend, en die eenvoudige onsamegestelde voltooide deelwoord bied van 1929 af suiwerder Afrikaans.

6.7.1.4 Die 1922-woorde korreleer met die samestellende dele van die 1929 voltooide deelwoord (gaan ... op > opgegaan)

Wat die vierde groep betref, word beide woorde van die 1922-woordgroep in die nuwe voltooide deelwoord saamgevat, sodat 'n deeltjiewerkwoord gevorm word - vergelyk: gaan ... op (2: 4 - ging ... op) word deur opgegaan vervang.[1] Keer terug (2: 39 - keerden ... weder) word na gaan ... terug verander (1929 - 1933) - 'n wysiging van die werk-

---

1) Vgl. ook 18: 10.

woord dus) en in 1953 na teruggegaan, wat waarskynlik 'n hoër gebruiksfrekwensie as teruggekeer het. Vergelyk ook: gaan uit (4: 14 - ging uit), wat na uitgegaan gewysig word,[1] maar in Luk. 22: 62 staan daar: gaan na buite (naar buiten gaande), en dit word na buitentoe gegaan verander. Die volgende aanbeveling kom van dr. le Roux (ABV 20d): "Die vorm is seker 'buitentoe' maar naas 'uitgegaan' is dit toutologies en hinderlik - lees 'buitentoe gaan' of eenvoudig 'uitgegaan'".

Verdere voorbeelde is:

staan op (4: 29 - opstaande) > opgestaan;[2]

kom af (4: 31 - kwam af) > afgekom;

sluit in (5: 6 - besloten) > ingesluit;

raak ... aan (7: 14 - raakte aan) > aangeraak;

dro af (7: 38 - droogde ... af) > afgedroog;

raak aan (8: 44 - raakte ... aan) > aangeraak;[3]

lag uit (8: 53 - schreiden) > uitgelag;

kyk ... op (9: 16 - zag op) > opgekyk;

gaan ... verby (10: 32 - ging ... voorbij) > verbygegaan.[4]

Die gevolgtrekking ten opsigte van hierdie groep woorde

---

1) Vgl. ook 5: 27; 6: 19; 7: 17; 9: 6.

2) Vgl. ook 4: 38, 39; 5: 28; 10: 25; 15: 20; 23: 1; 24: 12.

3) Vgl. ook 22: 51.

4) Soortgelyke voorbeelde kom voor in 14: 16, 25; 19: 48; 22: 61; 23: 5, 23; 24: 27.

is dat die vertalers nâ 1922 in 'n groot mate van die historiese presens ten gunste van die perfektum weg=beweeg het.

6.7.1.5 Geen element van die 1922-woorde korreleer met die 1929-werkwoord nie (sê vir > antwoord)

In die laaste afdeling is die veranderings wat aange=bring is, van so 'n aard dat geen element van die 1922-woordgroep nâ 1922 behou word nie - vergelyk: 'gaan die melaatsheid van hom' (5: 13 - ging ... van) > 'het ... verlaat'- by eersgenoemde sou mens minstens ook 'n gepaardgaande bywoord soos 'weg' verlang (in DBB word dit na En dadelik was sy melaatsheid weg verander). 'Bly ... oor in die gebed' (6: 12 - bleef ... over) is weer eens navolging van die Nederlands wat tot ongewone Afrikaans aanleiding gee en wat na deurgebring verbeter word. Sê vir (7: 43 - zeide tot) en antwoord verskil, daar antwoord noodwendig op iets wat voorafgaan, volg, maar dit geld nie noodwendig vir sê nie. [1] Die aan=vaarbaar idiomatiese skiet op (8: 8 - opgewassen zijnde) word deur gegroei vervang - eersgenoemde impliseer mis=kien eerder 'vinnig groei'. Om ... bid (11: 11) word

---

1) Vgl. ook 14: 16.

na die spreektaalwoord vra verander. Sê aan (13: 32 - zegt) > vertel vir (1929) > gaan vertel (1933 - 1953) - dit was 'n kenmerk van die latere Afrikaanse vertalings dat 'vir' sover moontlik vermy is, en dit is juis in= teressant dat 'aan' van 1922 in hierdie geval deur 'vir' van 1929 vervang is. 'Gaan vertel daardie jakkals' is egter nie goeie Afrikaans nie (die DBB-vertalers ver= beter met: Gaan sê vir daardie jakkals). Na al die jare word vir dus nou gebruik, wat immers die gewone gebruiks= taal is. Dink aan (22: 61 - werd indachtig) > het onthou - benewens die tydsverandering is die verskil gering. 'Die aangesig na die aarde laat sak' (24: 5 - 'naar ... neigden') > 'na die aarde toe buig' - hier kan die Ne= derlands nie as oorsaak vir die geforseerde woordkeuse van 1922 aangevoer word nie.

Soos aangedui vind daar ook in sekere gevalle tydsver= andering plaas, en ook hier word onduidelikhede uit die weg geruim en vind taalverfyning plaas.

6.7.2 Werkwoord plus bywoord word deur een woord vervang (bymekaar vergader > bymekaarmaak)

Die tweede hoofgroep behels 'n verandering van werkwoord plus bywoord na 'n samegestelde voltooide deelwoord (Bolinger praat van "two-word verb" - kyk De Villiers 1975: 157).

6.7.2.1 Die 1929-premorfeem korreleer met die 1922-bywoord (swyg stil > stilgebly)

In die volgende gevalle word die 1922-bywoord as pre= morfeem van die samegestelde voltooide deelwoord van die jonger vertalings behou - vergelyk: keer ... terug (2: 39 - keerden ... weder) is 'deftiger' as gaan terug (1929 - 1933) > teruggegaan (1953). Vergelyk hiermee: keer terug (8: 37 - keerde wederom en 8: 55 - keerde weder), wat reeds in 1929 na teruggegaan verander word - die jonger vertalings se bewoording is minder 'boekerig'. Die volgende is verdere voorbeelde van hierdie tipe: Bymekaar vergader (13: 34 - bijeenvergaderen) is 'defti= ger' as bymekaarmaak en so ook die toutologiese swyg stil (14: 4 - zwegen stil), wat deur stilgebly vervang word, en ook bymekaar vergader (15: 13 - bijeenverga= derd hebben), wat na die minder hoogdrawende bymekaar= gemaak verander word. Weer eens word Nederlandismes na 1922 vermy.

Ander wysigings kom ook voor: Slegs die kern van die bywoord daarin in die woordgroep daarin gewerp (21: 4 - daarin geworpen) korreleer met die premorfeem van die minder 'boekerige' sinonieme samegestelde voltooide deelwoord ingegooi - 'n premorfeem wat aan die stam toegevoeg word, vervang die 1922-bywoord. Die premor= feem van die werkwoord uittrek korreleer in die volgen=

de geval met die premorfeem van die vervangende werk= woord: daar uittrek (21: 21 - daaruit trekken) > uit= gaan. Uitgaan en uittrek is nie volkome sinoniem nie - laasgenoemde wek eerder die gedagte van 'n permanente en eersgenoemde van 'n tydelike vertrek. (DBB het: daaruit padgee.)

6.7.2.2 Die 1929-werkwoord korreleer met die 1922-werkwoord (gaan heen > gaan)

Sekere woordgroepe bestaande uit werkwoord plus bywoord word ná 1922 so verander dat slegs die werkwoord in die jonger vertaling behoue bly. Die volgende voorbeelde kom in Lukas voor:

gaan heen (7: 50 - ga heen) > gaan;[1)]

gaan weg (5: 25 - ging heen) > gaan;

neem ... mee (9: 3 - neemt ... mede) > neem (vat word vermy);

roep uit (9: 38 - riep uit) > roep;

dra sorg (10: 35 - draag zorg) > sorg;

stuur ... uit (14: 32 - zend ... uit) > stuur;

bring ... uit (15: 22 - brengt ... voor) > bring;

stuur ... weg (23: 7 - zond ... heen) > stuur. In die volgende geval korreleer slegs die kern van die 1922-werkwoord met die kern van die 1929-samegestelde

---

1) Vgl. ook 11: 26, waar die Nederlands gaat ... heen het, en ook 17: 19; 19: 30.

werkwoord: smadelik behandel (18: 32 - smadelijk gehandeld) > mishandel, eersgenoemde beteken 'tot skande maak' en laasgenoemde 'liggaamlike leed aandoen.

Sekere betekenisskakerings word dus in 1922 aan die grondtaal toegesê wat deur die 1929 vertalers, met hulle groter insig in en instelling om suiwerder Afrikaans te gebruik, verontagsaam word en wat 'n kernagtiger seg= ging tot gevolg het. Woordpare soos gaan heen, dra sorg, neem mee en smadelik behandel is ook weer tipies van die 'verhewe' woorde wat so kenmerkend van die 1922-vertaling is. Argaïese bywoorde soos heen word uitge= skakel, maar in sekere gevalle bring die verlies van die bywoord ook verlies van 'n betekenisnuanse mee - vergelyk byvoorbeeld roep uit (IGE: ἐβόησεν - called aloud).

6.7.2.3 Die 1922-woorde korreleer met die samestellende dele van die 1929- voltooide deelwoord (gaan weg > weggegaan)

Die presens word in onderstaande voorbeelde deur die perfektum vervang, sodat die resultaat 'n samegestelde onskeibare voltooide deelwoord is, wat albei bestanddele

van die 1922-woordgroep bevat. Voorbeelde waar beide woorde van 1922 in die vervangende voorbeelde saamge= trek word, is:

gaan ... weg (1: 38 - ging) > weggegaan;[1)]

lê ... neer (2: 7 - legde ... neder) > neergelê;[2)]

neem toe (2: 52 - nam toe) > toegeneem;

gaan weg (4: 30 - ging weg) > weggegaan;[3)]

laat toe (4: 41 - liet) > toegelaat;

hou ... teë (4: 42 - hielden op) > teëgehou;

saam neem (9: 28 - medenam) > saamgeneem;[4)]

gee ... terug (9: 42 - gaf ... weder) > teruggegee;

maak ... dood (20: 15 - doodden) > doodgemaak;

kniel neer (22: 41 - knielde neder) > neergekniel;

laat ... los (23: 25 - liet ... los) > losgelaat.

6.7.2.4 Variasies in die vervanging van 'keer terug' met een woord (keer ... terug > omgedraai)

Dit is interessant hoe die vertalers ten opsigte van die volgende keuses en veranderinge te werk gegaan het:[5)] Keer weer terug (2: 20 - keerden wederom) is nie alleen 'verhewener' nie maar ook omslagtiger as die

---

1) Met betrekking tot Mark. 6: 32 het dr. Du Toit (ABV 15a) die 'verhewener' woord vertrek bo weggegaan verkies.

2) Dr. Du Toit (ABV 15a) het neergelê as 'n beter keuse be= skou as gesit (m.b.t. Matt. 27: 60).

3) Vgl. ook 24: 12.

4) Dr. Dekker (ABV 21j) het saamgebring (t.o.v. Matt. 16: 78) as 'Anglisisties' bestempel. Hy gee egter nie 'n rede vir sy siening aan nie. Bogenoemde gevalle is dan weer eens voorbeelde daarvan dat die vertalers ná 1922 die historiese presens met voltooide deelwoorde vervang het - wat, soos reeds gemeld is, vanweë die vertalingsbeginsel 'n tendens by die vertalings na 1922 was.

5) Ter wille van duidelikheid sal die datums in hierdie afdeling volledíger aangedui word.

vervangende teruggegaan (1929 - 1953). [1] 'n Soort=gelyke wysiging kom in Luk. 2: 39 voor: keer ... terug (keerden weder) > gaan terug (1929 - 1953) - in hierdie geval word die vorm van die teenwoordige tyd behou, maar tog word daar in 1953 (anders as die ge=wone tendens) ook na teruggegaan verander. In Luk. 4: 1 word keer ... terug (keerde wederom) egter sonder enige verdere wysiging deur die voltooide deelwoord teruggekeer (1929 - 1953) vervang. Maar in Luk. 4: 14 word keer terug (keerde wederom) eers na die minder 'verhewe' voltooide deelwoord teruggegaan (1929 - 1933) verander, en in 1953 word die 'deftiger' teruggekeer, wat meer in ooreenstemming met die 1953-tendens is, gebruik. Die verandering in Luk. 8: 39 is weer heelte=mal anders: keer terug (keer weder) > gaan terug (1929 - 1953) - laasgenoemde is ook minder 'verhewe' as die van 1922. Terugkom (1929 - 1953) is natuurliker Afrikaans as 1922 se keer ... terug (9: 10 - wedergekeerd zijnde) - die 1922-bywoord word in die samegestelde woord opge=neem. Kom terug (14: 2; - wedergekomen zijnde) word deur die onsamegestelde voltooide deelwoord gekom (192 - 1953) vervang. 'n Verdere variasie is die vervangi=

---

1) Dieselfde wysiging kom ook in Luk. 2: 28 en 24: 5 voor - al verskil is dat die woord keer in die vroegenoemde geval en die woord terug in die tweede geval in 1922 ontbreek. In lg. geval kom die vorm nie ooreen van die 1922 woorde met die vervangende Afrikaanse woorde nie.

van keer ... terug (17: 15 - keerde wederom) na omge= draai (1929 - 1953), wat kontekstueel 'n beskrywender woord is.[1] Daar is geen tydsverandering by die wysi= ging terug ... keer (1912 - weder keeren) na die minder 'verhewe' terug ... kom (1929 - 1953) nie.

Vergelyk verder:

keer weer terug (2: 20 - keerder weederom) > teruggegaan (1929 - 1953);

keer ... terug (2: 39 - keerden ... weder) > gaan terug (1929 - 1933) > teruggegaan (1953);

keer ... terug (4: 1 - keerde wederom) > teruggekeer (1929 - 1953);

keer terug (4: 14 - keerde wederom) > teruggegaan (1929 - 1933) > teruggekeer (1953);

keer terug (8: 39 - keer weder) > gaan terug (1929 - 1953);

keer ... terug (9: 10 - wedergekeerd zijnde) > terugkom (1929 - 1953);

kom terug (14: 21 - wedergekomen zijnde) > gekom (1929 - 1953);

keer ... terug (17: 15 - keerde wederom) > omgedraai (1929 - 1953);

terug ... keer (19: 12 - weder keeren) > terug ... kom (1929 - 1953);

keer terug (23: 48 - keerden wederom) > teruggegaan (1929 - 1953);

keer weer (24: 52 - keerde weder) > teruggegaan (1929 - 1953).

---

1) Vgl. 'En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God ... verheerlik'.

Uit bogenoemde blyk dit dat verskeie variasies onder die vervangende woordgroepe nā 1922 voorkom. Of hier= die nie-konsekwente veranderings doelbewus was, kan nie vasgestel word nie - miskien moet dit eerder aan onsekerheid onder die vertalers self toegeskryf word.

6.7.2.5 Die stam van die 1929-samegestelde voltooide deelwoord korreleer met die 1922-werkwoord (kom saam > bymekaar= gekom)

Sekere woordgroepe bestaande uit werkwoord plus bywoord word deur 'n samegestelde voltooide deelwoord vervang waarvan die stam met die 1922-werkwoord korreleer. By= mekaargekom (1929) is duideliker as kom saam (5: 15 - kwamen samen), en daar is 'n nuanseverskil tussen stuur ... weg (9: 2 - zond ... heen) en uitgestuur,[1] terwyl uitgelei (1929) 'n suiwerder Afrikaanse segging as lei ... buite (24: 50 - leidde ... buiten) is.

6.7.2.6 Die stam van die nie-saamgestelde 1929- voltooide deel= woord korreleer met die 1929-werkwoord (gaan weg > gegaan)

In sommige gevalle is die vervangende woord bloot die voltooide deelwoord van die 1922-werkwoord. Kontekstueel blyk dit dat die bywoord in die volgende geval oorbodig

---

1) Vgl. ook 10: 1.

is. Vergelyk: 'hy gaan weg deur die hele stad' (8: 39 - keerde weder) > gegaan - waar die woord weg onnodig is. (Die Grieks het egter ἀπῆλθεν καθ', wat IGE met 'he went away throughout' vertaal, sodat dit wil voorkom asof 1922 se bewoording letterlik en korrek is.) Kom terug (14: 21 - wedergekomen zijnde) word deur gekom vervang alhoewel terug kontekstueel gepas voorkom, vergelyk: 'En dieselfde dienskneg kom *terug* en boodskap hierdie dinge'; die bywoord terug verskyn in 1922 kursief en word derhalwe ná 1922 uitgelaat. (Die Grieks het egter παραγενόμενος, wat IGE met coming up vertaal en DBB het ook kom ... terug.) 'En hy gaan heen en spreek met die Owerpriesters' (22: 4 - ging heen) word deur gegaan vervang. Die Grieks het die teenwoordige deelwoord (ἀπελθὼν - IGE: going), sodat dit lyk asof die 'verhewe' oorbodige bywoord heen nie geregverdig is nie, en die vervangende gegaan is natuurliker Afrikaans.

6.7.3 Geen element van die 1922-woordgroep kom met die 1929-woord ooreen nie (bring ... voort > dra)

6.7.3.1 Bywoord plus werkwoord (gesond gemaak > genees)

Daar is ook die wysigings van twee woorde (d.w.s. bywoord plus werkwoord) na een wat van so 'n aard is dat geen element van die vervangende woord met 'n element

van die 1922-woordgroep ooreenkom nie. Bring ... voort (3: 8 - Brengt ... voort) is uit 'n 'hoër' taallaag en word na dra vereenvoudig. 'Die gerug ... gaan ... voort' (5: 15 - ging ... voort) > 'het ... versprei' (wat baie duideliker is) - 1953 het is ... versprei. Gesond gemaak (6: 18 - werden genezen) is minder 'deftig' as die vervangende genees (vgl. ook 9: 42 vir dieselfde verandering in die presens). Die 1922-vertalers het in Luk. 6: 18 van sowel genees as gesond gemaak gebruik gemaak, maar in 1929 se vertaling word 'genees' twee keer gebruik. Presies die teenoor= gestelde verandering as in die bogenoemde geval kom in Luk. 4: 40 voor, waar genees (genas) deur gesond gemaak vervang word. Dr. Du Toit (ABV 15a) het ook genees (m.b.t. 4: 23) na gesond gemaak verander, maar in Matt. 9: 35 het hy weer genees verkies. Hier is dus nie 'n vaste patroon te bespeur nie.

Verdere voorbeelde is: Bring ... voort (8: 8 - bracht voort), wat deur die gepaster opgelewer vervang word (DBB het slegs lewer). Vervuld was (9: 51 - vervuld werden) > naderkom - 'n verandering van die voltooide verlede tyd na die presensvorm; naderkom word egter deur toe voorafgegaan, wat ook verlede tyd aandui. (Het) vertrek (1929) is ook natuurliker as 1922 se reis heen (9: 52 - heen gereisd zijnde) en so ook verwaarloos (1929) in vergelyking met 'gaan ... die liefde ... ver=

by' (11: 42 - gaat voorbij). Dit is moeilik om te begryp hoe 'n mens waardig is (12: 48 - waardig zijn) kan gebruik ten opsigte van slae - die vervangende verdien is die geskikte woord. 'n Mooi voorbeeld van 'verhewe' Bybeltaal is indagtig geword (24: 8 - werden indachtig), wat van Nederlandse afkoms is en na 'het ... onthou' verafrikaans word. 'Kom weg uit hulle ge= sig uit' (24: 31 - kwam weg) is navolging van die Neder= lands en word ná 1922 duideliker gestel met: 'het ver= dwyn'.

Gebruikliker en beter Afrikaans word deur die verande= ringe teweeggebring en in sommige gevalle is tydsver= andering 'n opvallende kenmerk.

6.7.3.2 Werkwoord plus voorsetsel (om ... bid > vra)

Slegs enkele voorbeelde hiervan kom voor - vergelyk: 'Om brood bid' (11: 11 - 'om brood bidt') is 'n veel 'sterker' versoek as bloot vra. Vergelyk - ook 'om ... sou bid' in Luk. 11: 12 ('om ... zou bidden') > vra - die hulpwerkwoord word ook weggelaat. Dit gaan ook om die betekenis en gebruiksfeer van bid. (Die Grieks het αἰτήσαι , wat IGE met will ask vertaal.) Beteke= nisverandering of -aanvulling kom dus in bogenoemde voor.

6.7.3.3 Adjektief of substantief plus werkwoord (geweld aandoen > beledig)

Die substantief plus werkwoord geweld aandoen (6: 28 - geweld doen) dui op fisieke geweld (vgl. 'bid vir die, wat u geweld aandoen') en die vervangende beledig op woordelike tenakoming. Die woord middagmaal word na 1922 in Luk. 11: 37 weggelaat: 'middagmaal ... eet' ('middagmaal ... eten') > eet - hier gaan iets verlore, naamlik die tyd van die ete. 'n Werkwoord wat met die stam van die adjektief van 1922 korreleer, naamlik skuld, vervang die woordgroep is skuldig, dus: 'hoe= veel is u skuldig?' (16: 7 - zijt ... schuldig) > 'hoe= veel skuld jy?', wat nader aan die gebruikstaal is. Die bondiger eufemistiese egbreek (1929) vervang die substantief en werkwoord owerspel doen (i.p.v. pleeg - na aanleiding van die Nederlands overspel doen) in Luk. 18: 20, en die substantief van dra sorg (10: 35 - draag zorg) word as werkwoord behou, terwyl die oorbodige werk= woord dra weggelaat word. Die vervangende woord is dus net sorg - die 1922-substantief korreleer dus met die 1929-werkwoord, wat die gewone gebruikstaal is. Die wysigings sluit in betekenisverandering, slegs verskil van stelwyse en telkens 'n wegbeweeg van die Nederlands.

6.7.3.4 Voornaamwoorde plus werkwoord (dit hoor > luister)

Laastens is daar woordgroepe bestaande uit voornaam= woord en werkwoord wat deur 'n werkwoord vervang word - vergelyk: dit hoor (6: 27 - dit hoort) en luister, ver=

skil nie veel nie, [1] maar sê dit (7: 40 - zeg het) is minder 'boekerig' as spreek. Die onduidelike dit betuig (16: 28 - dit betuige) in die sinsnede 'dat hy vir hulle dit betuig sodat hulle ook nie kom in hierdie plek', word na waarsku verander. Tydsverandering en betekeniswysiging vind plaas met die verandering van beloof dit (22: 6 - beloofde het) na toegestem, en die verandering seën dit (24: 30 - zegende het) > dank be= hels betekeniswysiging.

6.7.3.5 Hulpwerkwoord plus werkwoord (laat bars > skeur)

Vervolgens word 'n aantal woordpare bestaande uit hulp= werkwoord plus werkwoord wat deur 'n enkele werkwoord vervang word, aangedui: Die skakelwerkwoord laat plus die werkwoord bars (5: 37 - doen bersten) word na skeur verander, wat 'n swakker keuse is (DBB: laat oopbars). Die argaïese imperfektum wis (12: 39 - geweten had) ver= vang in 1929 (teen die verwagting in) die 1922 perfek geweet het; in 1933 word wis behou maar in 1953 word weer na die 1922 bewoording geweet het teruggekeer. Wou (1929) vervang het gewil (13: 34 - hebt ... gewild), wat gedwonge Afrikaans is. Slegs een uit die drie ver= anderings (nl. die laaste) lyk na 'n verbetering.

---

1) Vgl. ook 20: 45.

6.7.3.6 Uitroepe

Enkele uitroepe wat gewysig word, kom voor. So word die onduidelike 'Laat af, wat het ons met u *te doen*' (4: 34) verstaanbaarder met die verandering na Ha! - eersgenoemde is weer eens woordelikse navolging van die Nederlands. Die argaïese 'Vrede *sy* in die hemel' (19: 38 - 'Vrede *zij* in den hemel'), wat regstreeks uit die Nederlands oorgeneem is, word verkort tot slegs 'vrede in die hemel' - die woord sy verskyn sowel in die Nederlandse teks as in die 1922-vertaling in kursiewe druk. Afrikaans kan moeilik hierdie wensende wys of konjunktief weergee,en hier het die vertalers dit op hierdie manier opgelos. In die Pauliniese briewe is hierdie sy nog volop (bv. 'Die genade van die Here Jesus *sy* met julle'). Vergelyk ook Luk. 1: 68: 'Geloofd *sy* die Here'[1)],wat in 1929 na 'Laat die Here ... geloof word', gewysig word, maar in 1953 word na 'geloofd sy' teruggekeer. In 2: 14 word 'ere *sy*' God' ('eere *zij* God') in 1929 na 'eer aan God' verander,wat suiwerder Afrikaans is.

---

1) 'Geloof sy' ressorteer onder die lys geykte uitdrukkings (ABV 20e), maar prof. Smith (ABV 20g) het m.b.t. Ps. 31: 22 gesê: "'Geloof sy' is vir my 'n geoorloofde fossiel".

Die kernagtiger woordkeuse van die jonger vertaling bring suiwerder Afrikaans mee.

6.7.3.7 Samevatting

'n Opvallende verskynsel in hierdie afdeling is nog= maals die tydsverandering wat ná 1922 tot die gebruik van voltooide deelwoorde aanleiding gee. Die sekon= dêre gedeelte van die 1922-werkwoordgroep is in sommige gevalle onnodig en word ná 1922 weggelaat, maar in an= der gevalle kom dit slegs op 'n tydsaanpassing neer. Waar daar geen korrelasie tussen die woordgroepe voor= kom nie, is die verandering meermale te danke aan 'n poging om van die Nederlands weg te beweeg en dit met 'n Afrikaanse segging te vervang. Dit val ook op dat die 1922-woorde dikwels 'verhewener' as die vervangende woorde is, wat 'n aanduiding is dat daar reeds in 1929 meer volgens die Lutherse metode van vertaling gewerk word, naamlik dat die taal van die gewone burger in 'n groter mate gebruik word deur die uitskakeling van 'ver= hewe' taal en argaïsmes. Groter variasie ten opsigte van die woordgroep keer terug kom ná 1922 voor.

Die oorkoepelende kenmerk van hierdie hele afdeling is dat die jonger vertalings 'n meer gedronge woordkeuse as die 1922-uitgawe bevat. Dit val ook op dat daar 'n groot mate van behoud van 1922-woorde of woorddele voor= kom. Tog kan 'n mens nie aan die indruk dat daar in

sekere gevalle moontlik ook nuanses verlore gaan, ontkom nie. Daar is ook die gevalle van algehele wysiging, en dan blyk dit dat eufemismes ná 1922 voorkom en dat 'deftighede' en Nederlandismes vermy word ter wille van beter Afrikaans.

6.8 TWEE WOORDE WORD DEUR TWEE WOORDE VERVANG

6.8.1 Een lid van die 1922-woordgroep korreleer met een lid van die 1929-woordgroep (staan verbaas > was verbaas)

'n Aantal gevalle kom voor waar 'n woordgroep ná 1922 deur 'n alternatiewe woordgroep vervang word. In die eerste plek is daar die gevalle waar een lid van die woordgroep ooreenstem terwyl die ander lede verskil. Die woordgroepe bestaan hoofsaaklik uit werkwoord plus voorsetsel/bywoord/hulpwerkwoord en in 'n paar gevalle uit werkwoord plus substantief, adjektief of voornaamwoord.

6.8.1.1 Werkwoord plus bywoord/voorsetsel/hulpwerkwoord (keer terug > gaan terug)

6.8.1.1.1 Die sekondêre gedeeltes van die woordgroepe korreleer (swyg stil > bly stil)

Die eerste afdeling onder bespreking behels woordgroepe bestaande uit werkwoord plus bywoord/voorsetsel/hulp= werkwoord, en in hierdie gevalle is dit die sekondêre gedeeltes van die woordgroepe wat korreleer.

Die 'verhewener' keer ... terug (2: 39 - keerden ... weder) word deur die alledaagser gaan ... terug ver= vang; in 1953 word die verlede tyd teruggegaan gebruik. Staan verbaas (2: 47 - ontzetteden zich) en was verbaas verskil weinig afgesien van die tydsverandering. Die toutologiese Swyg stil (4: 35 - Zwijg stil), wat ook navolging van die Nederlands is, word na die suiwerder bly stil verander; en die 'verhewener' vaar uit (4: 36 - varen uit) na die gebruikstaal gaan uit.[1)]

'Daar *was* 'n man vol melaatsheid' (5: 12 - er *was* - kom daar - eersgenoemde dui aan dat die persoon op 'n bepaalde moment reeds teenwoordig was en laasgenoemde dat die persoon op daardie tydstip by Christus gekom het. (DBB het: kom hy 'n man teë wat oortrek was van.) 'Strek die hand uit' (5: 13 - uitstrekkende) en 'neem eers die balk uit u oog' (6: 42 - doe ... uit) is albei 'deftiger' as die 'alledaagse' 'steek ... die hand uit' en 'haal eers die balk uit jou oog' - in eersgenoemde

---

1) Vgl. ook 8: 33.

geval het 1953 steek ... uit. Die bewoording wyk af (8: 13 - wijken af) het eerder betrekking op die toepassing (persone wat afwyk en dit is inderdaad wat bedoel word) as op die beeld (saad wat afwyk), maar die verandering na val af pas beter by die beeld - die betekenis van wyk af is duideliker as die van val af (DBB het gooi hulle tou op, wat beter by mense pas). 'Aan die skare voor te lê' (9: 16 - voor ... leggen) word verander na voor ... sit, wat beter is ten opsigte van voedsel (omdat dit goeie Afrikaans is, behou DBB hierdie bewoording).

Die verandering van skud ... af (10: 11 - schudden ... af) na veeg ... af behels betekeniswysiging: 1933 het vee ... af en dit word in 1953 so behou (DBB ver= taal met: vee ons af as aanklag teen julle; GN: we wipe off against you). Tydsverandering word meege= bring met die wisseling van tel ... op (10: 34 - hef= fende op) na op ... gehelp - laasgenoemde is 'n beter keuse alhoewel eersgenoemde ook aanvaarbaar is. Werp ... uit (11: 15 - werpt ... uit) wat 'deftig' is word na dryf uit [1] verander en uit ... dryf (19: 45 uit ... drijven) word weer na uit ... jaag verander. Gaan in (11: 26 - ingegaan zijnde) word na kom in gewysig. (DBB het trek in en IGE verklaar εἰσελθόντα met entering; GN: come; NNV: komen binnen - dit blyk dus 'n vertalings= kwessie te wees.) Moontlik kan die verandering na kom in

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in Luk. 11: 15 en 13: 32, waar 1929 onderskeidelik dryf ... uit en uit ... drywe het.

ook wees om die herhaling van die woord 'gaan' in die=selfde sin te vermy. Navolging van die Nederlands gee aanleiding tot laat gesê (16: 31 - laten gezeggen), en dit word verbeter met laat oortuig, wat verstaanbaar en duidelik is. Gesê is al enigsins argaïes: 'Hy laat hom nie gesê nie'. In 1953 staan oortuig word.

'Sit ... op sy skouers' (1929) is gebruikliker as 'lê ... op sy skouers' (15: 5 - legt ... op) maar kom af (19: 5) verskil min van klim af. 'Klere op die vul gewerp' (19: 35 - op ... geworpen) is egter 'defti=ger' as die vervangende lê ... op. Die argaïese siet hier (19: 20 - zie hier) word na die gebruiklike hier is verander. Nog 'n voorbeeld van nabootsing van die Nederlands is 'Pilatus roep hulle weer toe' (23: 20 - riep ... toe), en dit word verafrikaans na spreek ... toe.

Betekenisveranderings, enkele tydsverskille en ver=vanging van 'verhewe' taal is kenmerke van hierdie wysigings.

6.8.1.1.2 Elemente van die 1922-bywoord korreleer met die 1929-bywoord (grootliks bewys > groot gemaak)

In die volgende gevalle korreleer gedeeltes van die 1922-

bywoord met die 1929-bywoord. So kom die kern van die 1922-bywoord in Luk. 1: 58 met die 1929-bywoord oor=een, vergelyk die onbevredigende 'Sy barmhartigheid aan haar grootliks bewys' ('grootelijks bewezen had') groot gemaak, wat nog steeds onbevredigend is (DBB het: aan haar groot ontferming bewys; GN: how wonderfully good the Lord had been to her). Dit is ook waarskynlik 'n vertalingskwessie. Daar is verder in 1953 duidelik onderskeid gemaak tussen grootgemaak en groot gemaak (in die Ou Testament dikwels: 'sy Naam groot gemaak'). Die Nederlandisme 'omdat hierdie weduwee my moeilik val' (18: 5 - moeielijk valt) word na moeite gee verafrikaans.

'n Interessante verandering kom in Luk. 21: 21 voor: 'daar-' van die bywoord 'daarin' in die woordgroep daarin trek (in dezelve ... komen) word in die vervangende woordgroep daar inkom as bywoord behou en '-in' word as premorfeem aan die nuwe werkwoord toegevoeg; trek impliseer meer as net 'inkom', en laasgenoemde is kontekstueel gepaster. Wat verder opval, is dat die woordgroep daaruit trek in dieselfde vers voorkom, maar in dié geval word slegs die '-uit' van die

bywoord behou en wel ook as premorfeem in die vervangen= de werkwoord uitgaan, maar 'daar-' kom glad nie in 1929 voor nie. Vergelyk:

daaruit trek > uitgaan;

daarin trek > daar inkom;

Hierdie verandering bring 'n vlotter styl mee.

6.8.1.1.3 Die werkwoorde korreleer (maak ... reg > maak ... reguit)

Die volgende groep bestaan uit werkwoorde plus bywoorde/ voorsetsels en in hierdie gevalle korreleer die 1922-werkwoord met die 1929-werkwoord of -werkwoordstam. Vergelyk die volgende: Die verhewe argaïese volbring word (1: 45 - volbracht worden) word verander na die ewe 'verhewe' vervul word (spreektaal: 'uitkom', 'ge= beur'; vergelyk ook die 'verhewe' taalgebruik van DBB: in vervulling sal gaan - die vertalers hou daarmee re= kening dat dit 'n ekstatiese Elisabet is wat hier praat). Gaan ... af (2: 51 - ging ... af) word na saam ... gegaan verander, wat ook 'n tydsaanpassing behels. Daar is betekenisverskil tussen: maak ... reg (3: 4 - bereidt) wat 'n 'herstel' beteken en maak ... reguit (wat volgens IGE nader aan die Grieks εὐθείας ποιεῖτε is - lg. vertaal met make straight). Sit ... neer (4: 20- zat ... neder) > gaan ... sit - die bywoord word in dié geval deur 'n skakelwerkwoord ver=

vang en die verandering behels 'n wegbeweeg van die Ne= derlands. Dieselfde geld van die verandering: heen ... stuur (4: 19 - heen ... zonden) na weg ... stuur.

Die werkwoord van 'En hy doen so' (6: 10 - deed alzoo) korreleer met die kern van die voltooide deelwoord in dit gedoen, wat 'n natuurliker segswyse is. Daar is 'n mate van betekenisverskil tussen die imperatiewe uitdrukking gaan ... uit (9: 4 - gaat ... uit) en gaan ... weg; die 1963-vertaling het die woorde gaan ... verder. (IGE ver= taal ἐξέρχεσθε met go forth). Tydsverandering kom ook voor by die wysiging spreek tot (9: 11 - sprak tot)> met ... gespreek - die 'verhewe' werkwoord word egter behou. Die voorsetsel 'na' sou beter pas by die werkwoord 'wegbring', maar in 1922 word 'in' gebruik, vergelyk: 'wegbring in die sinagoges' (12: 11 - heen brengen ... in), en dit word verbeter na bring voor - die kern van die 1922-werkwoord en die 1929-werkwoord korreleer. Nog 'n Ne= derlandisme sit ... neer (14: 28 - zit ... neder) word deur die vervangende gaan sit (e.g. 'n skakelwerkwoord) verafrikaans.[1)]

Roep ... saam (15: 6 - roept ... samen) is minder geskikte Afrikaans as die suiwerder roep ... bymekaar. Tydsver= andering vind plaas en 'n skakelwerkwoord vervang die

---

1) Vgl. ook 16: 6.

bywoord met die verbetering van staan stil (18: 40 - stilstaande) na 'het gaan staan'.

Dit is opvallend dat daar ná 1922 in al die genoemde gevalle van die Nederlands af wegbeweeg word, selfs waar daar nog weer van 'verhewe' taal gebruik gemaak word. In sekere gevalle kom tyds- en betekenisaanpas=sings voor.

6.8.1.1.4 Beide elemente word behou (bly stom > stom gebly)

Enkele gevalle kom voor waar beide elemente ná 1922 behou word, maar die presens word na die verlede tyd verander vergelyk:
bly stom (1: 22 - bleef stom) > stom gebly;
maak gesond (9: 11 - maakte gezond) > gesond gemaak;
gaan na (10: 34 - tot ... gaande) > na ... gegaan.
Die perfek: bymekaar geroep (23: 13 - bijeenge=roepen had) word verander na roep ... bymekaar voorafge=gaan deur toe.

Slegs die premorfeem van die bywoord van die woordgroep hef ... opwaarts (21: 28 - heft ... opwaarts) word in die 1929-woordgroep hef ... op behou (DBB: lig julle kop op).

Die algemene aanpassing ten opsigte van tyd geld ook vir hierdie afdeling.

6.8.1.2 Werkwoorde plus ander woordsoorte (herberg neem > herberg kry)

Ander woordgroepe wat verander word, behels werkwoorde plus substantiewe en voornaamwoorde.

6.8.1.2.1 Werkwoord plus substantiewe (honger gekry > honger geword)

Honger gekry kom in Luk. 4: 2 (hongerde) voor en word in 1953 na honger geword verbeter. In Luk. 6: 3 word honger gekry reeds in 1929 na die gebruikliker honger gehad verander (DBB het ook: honger gekry). Herberg neem (9: 12 - herberg nemen mogen) word na die gepaste Afrikaanse werkwoord herberg kry verander. 'Skade aan homself ly'(9: 25 - schade ... lijden) is nie Afrikaanse gebruikstaal nie en word na skade aandoen verbeter. Nog 'n verandering na die gebruiklike Afrikaans is die wysiging: gee ... plek (14: 9 - geef ... plaats) > maak plek. Die substantief word telkens in bogenoemde gevalle behou, en die vervangende werkwoord is telkens 'n verbetering.

6.8.1.2.2 Voornaamwoorde plus werkwoorde (hul verwonder > verwonderd was)

Die Nederlandisme verheug zig (1: 47 - verheugt zich) word uitgeskakel en in die plek daarvan kom is verheug - sodat die wederkerende werkwoord deur 'n korrelerende byvoeglike naamwoord vervang word. Dieselfde gebeur met die refleksiewe werkwoord in Luk. 4: 22: verwonder hulle (verwonderden zich) > was verwonderd. [1] Vergelyk verder: hul verwonder 9: 43 - (zich verwonderden) > verwonderd was - die tydhulpwerkwoord verander die presens na verlede tyd. In Luk. 13: 17 is dit weer die kern van die werkwoord in die woordgroep verbly hulle (verblijdde zich) wat met die bywoord van die vervangende woordgroep, was bly, korreleer.

Die refleksiewe werkwoord word telkens deur 'n adjektief vervang - wat 'n vloeiender styl bewerkstellig en by die Afrikaanse taaleie aansluit.

6.8.1.2.3 Werkwoord plus voegwoord (en graaf > wat gegrawe (het)

Tydsverandering kom in die volgende geval voor tesame met die verandering van die voegwoord na 'n betreklike

---

1) Vgl. ook 8: 25.

voornaamwoord, maar die werkwoord word as kern van die voltooide deelwoord behou - vergelyk: en graaf (6: 48 - en groef) > 'wat gegrawe het'. 'n Voltooide handeling word deur 'die wat ingegaan het' (11: 52 - ingingen) aan=gedui - die vervangende woorde wou ingaan, dui egter aan dat die handeling nie uitgevoer is nie. Die onverklaar=bare 'Dan ... dat hulle vlug' (21: 21 - 'Alsdan ... dat zij vlieden') - ook van Nederlandse oorsprong - word deur die imperatief 'Dan moet die ... vlug' vervang.

'n Duideliker segswyse, vloeiender styl en veranderings van tyd en selfs modaliteit kom ná 1922 in bogenoemde gevalle voor.

6.8.2 Geen element korreleer nie (tot spreek > met praat)

6.8.2.1 Die 1922-woordgroep is 'verhewener' as die vervangende woordgroep (voleindig het > verby was)

Die volgende 1922-woordgroep is 'verhewener' of kom minder dikwels voor as die jonger vertalings se be=woording. Tot ... spreek (1: 22 - tot ... spreken) word na met ... praat verander (Hoewel spreek tot in 1953 op talle plekke - teen die Afrikaanse taaleie in - gebruik word). Die 'boekerige' voleindig het (2: 43 - voleindigd hadden) word aangepas na verby was

en in Luk. 4: 13 (voleindigd had) na die alledaagser klaar was (1929 - 33), maar in 1953 word dit na die 'deftiger' geëindig het verander. 'Werp u nette uit' (5: 4) is ook tipiese 'Bybeltaal' wat na laat ... sak vereenvoudig word. Tydsverandering kom voor met die wysiging kan vind (6: 7 - mochten vinden) na die ge= bruikstaal kon kry - in 1953 word verder verander na kon vind. Na kom (8: 4 - tot ... kwamen) word ver= ander na by aangesluit - laasgenoemde impliseer 'in die groep opgeneem', wat meer sê as die 1922-woorde. (IGE haal die RSV aan met 'came to him' en vertaal die Grieks letterlik met resorting to him ἐπιπορευομένων πρὸς αὐτὸν) Die verandering sal gebied (8: 31 - baden)> sou beveel behels ook tydswysiging.

Wyk ... van (9: 39 - wijk ... van) is 'verhewener' as die alledaagse gaan ... weg. In die geval van herberg ... berei (9: 52 - herberg ... bereiden) en klarigheid ... maak is die woordkeuse in albei gevalle 'verhewe Bybeltaal' - laasgenoemde is tipies 'Totiaans'! (DBB: verblyf te reël.) 'Sprei hulle hul klere onder' (19: 36 - spreidden ... onder) is in navolging van die Neder= lands meer poëties as die vervangende gooi ... oop. 'Verborge voor u oë' in Luk. 19: 42 (verborgen voor) word na vir ... bedek verander, wat nader aan die ge= wone gebruikstaal is. Vergelyk verder wil wandel

(20: 46 - willen wandelen) wat 'verhewener' as graag rondloop is.

6.8.2.2 Die 1929-woordgroep is 'verhewener' as die van 1922 (trek ... aan > werp ... om)

Daar kom in die jonger vertalings ook woordgroepe voor waarvan die 1929-bewoording teen die verwagting in 'verhewener' as dié van 1922 is, soos:
dood (te) maak (19: 47 - dooden) > om (te) bring;
trek ... aan (23: 11 - deed aan) > werp ... om;
saamgekom het (23: 48 - samengekomen waren) > bymekaar was - laasgenoemde is egter twyfelagtig ten opsigte van goeie Afrikaans (DBB: saamgedrom het). In hierdie geval (anders as in die meerderheid gevalle) is die 1922-bewoording beter Afrikaans.

6.8.2.3 Argaïsmes en onafrikaanse taalkonstruksies word gewysig (mag ken > kan weet)

Argaïsmes en lomp taalkonstruksies wat hoofsaaklik navolging van die Nederlands is, is die volgende: Mag ken (die sekerheid) in Luk. 1: 4 (moogt kennen) word na kan weet verbeter, maar barmhartigheid grootliks bewys (1: 58 - 'grootelijks ... bewezen had') en groot gemaak is ewe onbevredigend - ook hier is dit blykbaar 'n vertalingskwessie. (DBB het: groot ontferming be=

wys); NNV: barmhartigheid ... had grootgemaakt en IGE vertaal ἐμεγάλυνεν met magnified). 'Van u is' (6: 20 - 'want uwe is') word na die beter Afrikaans 'aan julle behoort' verander. Siet ... aan (9: 38 - zie ... aan) is navolging van die Nederlands en word verafrikaans na kyk ... na; vergelyk ook siet ... toe (11: 35 - ziet ... toe) en dog siet (22: 21 - doch ziet) wat onderskeidelik na pas ... op en maar kyk ge= wysig word. Vergelyk verder:
die onafrikaanse om ... bid (11: 11 - om ... bidt) > sal vra;
'dit geskied so' (12: 54 - geschiedt alzoo) > 'dit kom ook' (nog onbevredigend - DBB het: dit gebeur ook); die Nederlandisme doen owerspel (16: 18 - doet overspel) > pleeg egbreuk.
Die foutiewe perfektum *geskied was*, wat in Luk. 24: 35 staan, korreleer met die Nederlands *geschied was* en word na gebeur het verbeter.

Dit is merkwaardig hoe die 'gevoel' vir die Afrikaanse taaleie in die jare 1922 tot 1929 toegeneem het.

6.8.2.4 Onduidelikhede word vervang (wink hulle toe > aanhoudend beduie)

Waar bogenoemde woordgroepe van 1922 nog redelik deur=sigtig was, is dit moeiliker om in die volgende gevalle die sin van die gekose woorde te bepaal, en van 1929 af word die betekenis duideliker gestel: 'En hy wink hulle toe' (1: 22 - wenkte ... toe) word na 'aanhoudend ... beduie' verbeter; 'nie uit die tempel gewyk nie', wat ook van die Nederlands (2: 37 - 'niet week') af kom, na 'nie weggebly van' en 'sonder om iets weer te hoop' (6: 35 - 'weder te hopen') na 'terug te verwag'.

Die onduidelike 'dat Hy by hem mog wees' (8: 38 - mocht zijn) word verhelder met kon bly (en in 1953 het die vertalers weer na kan bly verander).[1] Geheel en al onduidelik is: 'as een daaroor kom' (11: 22 - daarover komt), en die vervangende hom oorval bring duidelikheid van betekenis mee. Vandag minder bekend maar wel ge=bruiklik is beslaan nutteloos[2] (13: 7 - beslaat ... onnut=telijk) en word na maak ... onvrugbaar verander - wat iets anders beteken (DBB het: die grond uitput).

Voorbeelde soos bogenoemde bewoordings van 1922 dui aan hoe noodsaaklik dit was om benewens stilistiese redes ook ter wille van die inhoud en die verafrikaansing die 1922-vertaling te verbeter.

---

1) In 1922 is daar ook verwarring met die hoofletter by Hem.

2) Vgl. WAT: beslaan 6.

6.8.2.5 Betekenisverskil (vertrek alleen > gaan apart)

Betekenisverskil is die opvallendste eienskap as mens onderstaande woordpare vergelyk: Vertrek alleen (9: 10 - vertrok alleen) dui op 'weggaan uit 'n gebied' en die vervangende gaan apart op 'eenkant toe gaan'. Veral apart klink baie na Engels; 1953 het: in die een= saamheid gegaan, wat weer na onnodige 'verhewe' taal klink wat tog nie natuurlike Afrikaans is nie (DBB: waar hulle alleen kon wees; IGE: He departed privately). Trek ... aan (10: 40 - trekt ... aan) beteken volgens HAT 'Jou oor iets kwel, bekommer'[1] en die vervangende gee ... om beteken volgens HAT '(nie) gehinder word (nie)'[2] - daar is dus 'n nuanseverskil. 'Te laat spreek' (11: 53 - doen spreken) het betrekking op die 'praat' van Christus en 'uit te vra' op die praat van diegene wat Hom onder= vra. Hom ontsien (20: 13 - hem ontsien) word deur die af= leiding ontsag plus hê vervang. Volgens HAT beteken ontsien: 'eerbiedig, vrees' en ontsag (hê): 'eerbied, gevoel teenoor iemand wie se meerder(waardig)heid jy erken' - dus ook minstens 'n nuanseverskil. (DBB keer terug na hom ontsien en IGE gee they will regard aan vir ἐντραπήσονται, wat ongeveer 'eer' of 'hoog ag' beteken.)

'Meester! ons weet dat U reg spreek' (20: 21 - recht spreekt) beteken in Afrikaans, 'regspraak beoefen' en

---

1) Sub aantrek 6.

2) Sub omgee 2.

word verander na reguit praat - wat beteken 'sonder om te verbloem' (IGE vertaal ὀρθῶς met rightly en DBB met regsinnig is). Na gegaan (24: 1 - gingen naar) sinspeel op die 'vertrek' en by ... gekom op die 'aankoms'. Fyner betekenisskakerings word deur boge= noemde bewerkstellig en dui op beter insig ná 1922.

6.8.2.6 Min verskil (besorg ... wees > hom ... kwel)

Daar is min verskil tussen besorg ... wees (12: 25 - bezorg ... zijn) en hom ... kwel. Een van die interes= sante voorbeelde van waar 'n Nederlandse idiomatiese uitdrukking gedeeltelik in Afrikaans toegepas is maar waar die Afrikaanse begrip heeltemal 'n ander betekenis het, is 'keer die huis met *besems* om' (15: 8 - keert) wat na die alledaagser vee ... uit verander word.

6.8.2.7 Veranderings wat ook tydsverandering behels (word ... ontroerd > was ... ontsteld)

Die volgende veranderinge behels 'n verskuiwing van die historiese presens na die praeteritum: Word ... ontroerd (1: 12 - werd ontroerd) word deur die gebruikliker Afri= kaans was ... ontsteld vervang en die Nederlandistiese murmureer teen (5: 30 - murmureerden tegen) deur by ... geklae - in 1953 word na die 'verhewe' woord gemurmureer teruggekeer. Die 1922-woorde wek in laasgenoemde ge= val in die Afrikaans (moontlik nie in Nederlands nie)

die indruk dat die aanklag teen die dissipels gerig is, en die vervangende woorde dat Christus by die dissipels aangekla word. 'Beskuldiging teen Hem kan vind' (6: 7 - mochten vinden) > kon kry > kon vind (1953) - die 1929-werkwoord is 'n gebruikliker woord as die een wat dit vervang. 'By Hom aangesluit' impliseer: 'in die groep opgeneem' en dit sê meer as 'na Hem kom' (8: 4 - tot ... kwamen). Die betekenis van 'die Sabbat wou aanbreek' is duideliker en meer idiomatiese Afri= kaans as 'die Sabbat kom aan' (23: 54 - kwam aan). In enkele gevalle het die wysigings dus benewens verande= ring van tyd ook betekenisverskil tot gevolg gehad.

6.8.3 Samevatting

Ook in die voorgaande afdeling was daar gevalle van be= tekeniswysiging - in sommige gevalle toon die jonger vertalings nuwe insigte en in ander wil dit voorkom asof die vertalingskwessie nie volkome opgelos is nie. Ver= vanging van argaïsmes, Nederlandismes, onduidelikhede en 'verhewe' taal kom voor. Dit is ook opmerklik in watter groot mate die vertalers teen 1929 daarin ge= slaag het om van die onafrikaanse woordgroepe en sins= uitdrukkings weg te kom wat dikwels die resultaat van die letterlike oorsetting van die Nederlands was. In sommige gevalle is die verskille nie juis groot nie en kan die verandering toegeskryf word aan die nuwe beleid

om die eietydse segging te gebruik. Gevalle kom wel voor waar die jonger vertalings se bewoording 'deftiger' as 1922 s'n is, en dit is waarskynlik nog te danke aan die eise dat die Bybeltaal 'verhewe' en 'waar= dig' moet wees. Weer eens is die behoud van woorde of woorddele ná 1922 opvallend.

6.9 TWEE WOORDE WORD DEUR 'N LANGER WOORDGROEP VERVANG

6.9.1 Tydsverandering (hulle vrees > vrees het hulle oorweldig)

Wat die volgende betref, word 'n tydsverandering aange= bring ten opsigte van woordgroepe bestaande uit twee woorde wat deur drie of meer vervang word - vergelyk: hulle vrees (2: 9 - zij vreesden) word ná 1922 vrees het hulle oorweldig - wat 'n verandering van 'agent' meebring en woordsoortlike funksiewisseling. Kom haas= tig (2: 16 - kwamen met haast) verskil opmerklik van het met haas gegaan (kom > gaan). Sit aan (7: 36 - zat ... aan) word deur die spesifieker aan tafel ge= gaan vervang. [1] Voor ... uit geloop (1929) is 'n dui= deliker uitdrukking as gaan ... voor (22: 47 - ging hun voor); gaan ... na (24: 13 - ging naar) > en was op

---

1) Vgl. ook 11: 37; 22: 14.

pad na verskil min.

Die res van die veranderinge geskied sonder gepaardgaan= de tydsverandering. Daaruit gegaan (5: 2) word verander na van hulle af weggegaan, 'n uitdrukking wat daarop dui dat die vissers nie net uit die skepe geklim het nie maar dat hulle dit ook verlaat het en wat dus op betekenisaanvulling neerkom. Saam aansit (7: 49 - mede aanzaten) is spesifieker as aan tafel was. (DBB bring weer die saam terug, vergelyk: die wat saam aan tafel was, en myns insiens is dit reg, want IGE vertaal συνανακείμενοι met reclining with (him)). Verborge was (8: 47 - verborgen was) word na die duratiewe begrip verborge gebly het verander. Daar is betekenisverskil tussen seën die (9: 16 - zegende die), wat beteken dat die seën van Christus uitgaan, en vra ... 'n seën, wat beteken dat 'n seën versoek word - die gebruik van 'die' in plaas van 'dit' in navolging van die Nederlands kom ook vreemd voor. In die plek van gebied skerp (9: 21 - gebood scherpelijk) kom gee ... 'n strenge bevel. Die onduidelike skeur hom (9: 39 - scheurt hem) word duideliker in 1929 as die vertalers laat hom stuiptrek= kings kry gebruik. In Luk. 10: 25 korreleer die voor= naamwoord en deelwoord wat doende met die Nederlands en word verander na wat moet ek doen. Die betekenis van 'om Hem lae te lê' (11: 54 - 'Hem lagen leggende') is onduidelik, kom van die Nederlands en word duide=

deliker gestel met 'om vir Hom 'n strik te stel'. Net so onduidelik is: 'dat die Owerpriesters en Skrifgeleerdes daaroor kom' (20: 1 - daarover kwamen), en die vervangende kom by Hom staan is duidelik. 'Met hulle gaan' (24: 15 - ging) is slegs minder spesifiek ten opsigte van die wyse waarop gegaan word as die vervangende 'loop met hulle saam'.

6.9.3 Samevatting

Betekenisaanvulling en -verheldering is kenmerke van die bogenoemde woord- en stylveranderings wat ná 1922 voor= kom. Onduidelikhede word deur die langer woordgroepe uit die weg geruim en die Nederlandsagtige uitdrukkings word verafrikaans.

6.10 WOORDGROEPE BESTAANDE UIT DRIE OF MEER WOORDE WAT DEUR 'N ENKELE WOORD VERVANG WORD

'n Aantal langer woordgroepe word ná 1922 na 'n enkele werkwoord, deelwoord, bywoord of tussenwerpsel verkort.

6.10.1 Woordgroepe wat deur 'n werkwoord vervang word (ter hand geneem > onderneem)

Vergelyk eerstens die groepe wat deur 'n werkwoord ver=

vang word: ter hand geneem (1: 1 - ter hand genomen hebben) is regstreekse oorname uit die Nederlands en word na onderneem vereenvoudig. Die toutologiese spreek en sê (7: 39 - sprak zeggende) word na sê verkort. Te koste gelê (8: 43 - te koste gelegd) is hoogdrawend, stem met die Nederlands ooreen en word deur die spreektaalwoord uitgegee vervang. Steek van wal (8: 22 - staken af) beteken volgens HAT met iets begin, maar die letterlike betekenis lyk ook aanvaar= baar in Afrikaans en word na weggevaar verander, wat ook verandering van die presens na die perfektum behels. Na ... toe kom (9: 42 - naar ... toekwam) > aankom - die voorsetsel en bywoord word weggelaat en in die plek daarvan kom 'n voorvoegsel wat aan die stam, wat met die 1922-werkwoord korreleer, toegevoeg word. Met be= sems gevee (11: 25 - met bezemen gekeerd) word na uitge= veeg verander - die sekondêre deel van die werkwoord vervang die 1922-voorsetselgroep, en ook hier korreleer die 1929-stam met die 1922-werkwoord, met die uitsonde= ring van die onverwagse slot-g, wat waarskynlik vir styleffek toegevoeg is (AWS: vee x veeg [1]) maar wat in 1953 weer weggelaat is.

Die lomp,selfs plat uitdrukking: dik bymekaar vergader

---

1) 1921- en 1968-uitgawes.

(11: 29 - dicht bijeen vergaderden) - 'n goeie voor=beeld van 'stompstert-Nederlands' - word eenvoudig deur saamstroom vervang. Tipiese 'Bybeltaal' is doen ... smaadheid aan (11: 45 - doet smaadheid aan) en dit word deur beledig vervang, wat gebruiklike,goeie Afrikaans en ook duideliker is. Verder word die Neder=landistiese tot verantwoording ... sê (12: 11 - tot verantwoording zeggen) verafrikaans na verdedig. 'n Pragvoorbeeld van 1922-'Bybeltaal' is ten huwelik ge=neem (17: 27 - namen ten huwelik), wat na getrou vereen=voudig word, en nog so 'n voorbeeld is: deur bedrog ontvreem (19: 8 - door bedrog ontvreemd) > afgepers - hierdie verandering bring ook betekeniswysiging mee. 'n Mooi voorbeeld van die kernagtigheid van suiwer Afrikaans word bewerkstellig deur die vervanging van ingegaan om te herberg (19: 7 - ingegaan, om te herber=gen) deur die samegestelde voltooide deelwoord tuisge=gaan. [1] Draai na hulle toe (23: 28 - tot haar keerende) en (Hom) omgedraai verskil ook in betekenis (DBB het om=gedraai terwyl IGE turning het vir στραφεις).

6.10.2 Ander woordsoorte vervang die langer woordgroep (laat hom staan > goed)

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in Luk. 12: 1; 13: 12; 14: 31; 19: 10; 23: 18.

Vergelyk verder die volgende wysigings: Die imperatief laat hom staan (13: 9 - laat hem staan) word na die tussenwerpsel goed verander, en 'n deelwoord, verwonderd (1929), vervang die refleksiewe uitdrukking hulle verwonder hulle (20: 26 - zich verwonderende over).

6.10.3 Samevatting

Bostaande voorbeelde illustreer baie goed hoedat die vertalers ná 1922 daarin geslaag het om van die soms lomp Nederlandse woordgroeperings weg te breek en 'n enkele, suiwer en kernagtige Afrikaanse woord in die plek daarvan te stel.

6.11 WOORDGROEPE BESTAANDE UIT DRIE OF MEER WOORDE WAT DEUR BONDIGER UITDRUKKINGS VERVANG WORD

Sekere 1922-woordgroepe bestaande uit drie of meer woorde kan bestempel word as lomp Afrikaans wat die resultaat van die invloed van die Nederlands is. Dit is opvallend dat die suiwerder Afrikaanse uitdrukkings in hierdie kategorie ná 1922 voorkom, ook bondiger is, en die vervangende woordgroepe bestaan in die meeste gevalle uit slegs twee woorde.

6.11.1 Sinonieme woordgroepe (gedagtig sou wees > sou dink)

Die volgende gevalle kom voor: Die 'verhewe' 'dat Hy gedagtig sou wees aan die barmhartigheid' (1: 54 - gedachtig ware) word deur die alledaagse sou dink ver= vang en het ver op haar dae gekom (1: 18 - is verre op hare dagen gekomen) deur is op ver gevorderde leeftyd - laasgenoemde is nader aan die Afrikaanse segswyse maar ook nog 'verhewener' as die taal wat algemeen gebruik word. Die toutologiese werp uit buite (4: 29 - wier= pen ... uit ... buiten) word deur uitgedryf uit vervang. 'n Korrelaat van die 1922-agtersetsel uit word as bepaler van die nuwe 1929-werkwoord gebruik, en die bywoord buite word deur die agtersetsel uit vervang. Die wysiging van die omslagtiger Nederlandistiese uitdrukking word innerlik met ontferming ... bewoë (7: 13 - werd inner= lijk met ontferming ... bewogen) na innig jammer gevoel, behels ook 'n verandering van presens na perfek. [1] (Die bewoording jammer gevoel herinner aan die Engels feel sorry en jammer gekry is myns insiens suiwerder Afrikaans.) So spreek (1929) is 'deftiger' as hierdie dinge sê (11: 45 - deze dingen zegt) maar is onafri= kaans (DBB het: so praat). Die onduidelike 'skat' wat nie afneem nie (12: 33 - niet afneemt) word dui= deliker met onuitputlik is en ook hou my vir verontskul= dig (14: 18 - houd mij voor verontschuldigd) met ver= skoon my. [2] Wie dit mag wees (15: 26 - wat dat mocht

---

1) Vgl. ook 10: 33; 15: 20.

2) Vgl. ook 14: 19.

zijn) word verstaanbaar met die verandering na wat dit beteken. 'n Verdere voorbeeld van 'verhowe' taal is en was gekleed met (16: 19) > het ... gedra, wat soveel eenvoudiger en gebruikstaal is. Vergelyk ook as dit hom leed is (17: 3 - indien het hem leed is) wat na as hy berou kry verafrikaans word. Minder lomp is: die tyd het naby gekom (21: 8 - is nabij gekomen), maar dit word ook verbeter met die tyd is naby - die werkwoord gekom was oorbodig. Hou Hem nes of hy verder sou gaan (24: 28 - hield Zich alsof) word na gemaak of verbeter - dit is veral die bywoord nes wat in die 1922-vertaling hin= derlik is.

Hierdie veranderinge toon baie duidelik in hoe 'n mate daar teen 1929 vordering gemaak is om die gewenste Afrikaanse ekwivalent vir die oorspronklike taal waarin die Bybel geskryf is, te kry en hoe daar van die slaafse navolging van die Nederlands wegbeweeg is. [1)]

6.11.2 Woordgroepe wat min verskil (staan en wag > bly wag)

Woordgroepe soos die ondergenoemdes verskil nie veel van die vervangende woordgroepe nie, maar ook in hierdie ge=

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in 16: 24; 17: 4; 18: 41; 19: 28; 21: 20; 24: 11.

valle het die jonger vertalings 'n bondiger uitdrukkingswyse. Vergelyk die volgende: Staan en wag (1: 21 - was wachtende op) word bly wag; hierdie verbale hendiadis is oer-Afrikaans. Skreeu ... uit (1929) is intenser as 1922 se roep ... hard op (8: 28 - zeer roepende). Daar is weinig verskil tussen was aan die wei (8: 32 - weidende) en die bondiger het gewei. Die wat dit gesien het (8: 36 - die het gezien hadden) word so verander dat die plek van die hoofwerkwoord deur 'n substantief en koppelwerkwoord vervang word, naamlik in die woordgroep: die wat ooggetuie was - eersgenoemde woordgroep is gewone gebruikstaal, maar in laasgenoemde sou slegs die ooggetuies voldoende wees (die meervouds-s word eers in 1953 bygevoeg). Die versugting ontferm u oor ons (17: 13 - ontferm U onzer) word verkort na wees ons barmhartig - ten opsigte van verhewenheid verskil die uitdrukkings min. Eersgenoemde is in hierdie geval myns insiens beter Afrikaans (DBB het ook ontferm U oor ons.) Sy hom vas aangekyk het (1929) is gebruikliker Afrikaans as hou sy haar oë op hom (22: 56 - hare oogen op hem houdende). Gaan na buite (22: 62 - naar buiten gaande) word het buitentoe gegaan, wat tydsverandering meebring. Dr. T.H. le Roux se kommentaar (ABV 20d) was: "Die vorm is seker 'buitentoe' maar naas 'uitgegaan' is dit toutologies en hinderlik - lees 'buitentoe

gegaan' of eenvoudig 'uitgegaan.'"

6.11.3 Betekenisverskil (in orde(te) stel > op(te) stel)

In die volgende gevalle is die woordgroepe van die jonger vertalings ook bondiger as die van 1922, maar die ooreenstemmende woorde is nie ten volle sinoniem nie; in sommige gevalle is die verskille groter as in ander. Die volgende kom voor: 'in orde(te) stel 'n verhaal' (1: 1 - in orde te stellen) verskil in betekenis van ''n verhaal op(te) stel' (IGE vertaal ἀνατάξασθαι met to draw up en DBB vereenvoudig met te skrywe). Skiet saam op (8: 7 - mede opwassende) verskil aanmerklik van die Nederlands en is heeltemal bruikbaar in Afrikaans; dit word onnodiglik na daarmee saamgegroei verander, wat iets anders is as daarmee saam opgegroei of daarmee saam gegroei. Die uitdrukking 'om op iets uit Sy mond jag te maak' (11: 54 - en 'zoekende iets uit zijnen mond te bejagen') klink vreemd, is moontlik 'n Gresisme, blyk 'n poging te wees om die Nederlands weer te gee en word vereenvoudig na: 'om iets uit sy mond op te vang' - wat ook nie bevre=digend is nie (DBB: en fyn opgelet of Hy iets sou sê).

'n Goeie voorbeeld van woordekonomie ná 1922 word ge=toon in die verandering van wat ek in die aand sal eet

(17: 8 - dat ik te avond zal eten) [1] na die aandete, wat sonder werkwoordstuk is. Die woordgroep trou nie en (1929) vervang sal nog trou nog ... (20: 35 - zullen nog trouwen nog ...) en dit bring weer tydsverandering mee, dié keer van die toekomende tyd na die presens. Met die verandering van wat daar wil wandel (20: 46 - wat daar willen wandelen) na wat graag ... rondloop word 'n bywoord en hulpwerkwoord deur 'n bywoord ver= vang (daar wil > graag), en in die plek van die 'verhewe' hoofwerkwoord wandel word 'n plaasvervanger wat nader aan die spreektaal lê, gebruik. Die duideliker woord= groep, sonder werkwoord, naamlik al julle teëstanders, vervang die 'verhewe' bewoording almal wat hulle teen u stel (21: 15 - allen, die zich tegen u zetten). In die woordgroep sê hulle teen Hom en laster (22: 65 - zeiden zij tegen Hem, lasterende) is dit veral die ge= bruik van en laster wat in 1922 hinderlik is en die bywoord plus werkwoord van die bewoording ná 1922 is ge= skikter, nl. lasterlik teen Hom gespreek. Draai na hul= le toe (23: 28 - tot haar keerende) > en Hom omgedraai.

6.11.4 Samevatting

---

1) Te avond = vanaand en is dus verkeerd weergegee.

Wat die bogenoemde gevalle betref, is die 1929-woord= groepe ook kernagtiger as die 1922-woordkeuses en word helderheid van betekenis dikwels bevorder, maar nie al= le veranderings kan as 'n werklike noodsaaklikheid be= skou word nie. Deur hulle veranderings het die verta= lers in sommige gevalle betekenisveranderings aangebring.

6.12 WOORDGROEPE BESTAANDE UIT DRIE OF MEER WOORDE WAT DEUR 'N GELYKE AANTAL WOORDE VERVANG WORD

Woordgroepe bestaande uit drie of meer woorde word in die volgende gevalle deur sinonieme woordgroepe van 'n gelyke aantal woorde vervang.

6.12.1 Sinonieme woordgroepe (word vol water > begin vol word) [1)]

Word vol *water* in Luk. 8: 23 (werden vol *waters*)- word na (het) begin vol word verander (wat vol word met water im= pliseer, sonder om 'water' spesifiek te noem, en wat dus blykens die kursivering getrouer aan die letter van die oorspronklike is) - let ook op die tydsverandering.

---

1) Ontkenningswoorde word nie in hierdie paragraaf in ag geneem by die woordtelling nie.

Die verskil in die volgende geval lê hoofsaak=lik in die verbetering van die bywoord van plek: gaan (nie) vandaar uit (nie) (9: 4 - gaat van daar uit) > gaan daarvandaan weg. Wat verder opval, is dat die 1922-bewoording ontkennend is en die Nederlands nie. Die opskrif: Wie mens moet vrees (12: 4 - Wien men moet vreezen) en Wie gevrees moet word, verskil nie veel nie. Myns insiens is 'ook mag het om in die hel te werp' (12: 5 - macht heeft) gebruikliker as 1929 se by magte is en Ek meen nee (17: 9 - Ik meen neen) is minder frekwent as Ek glo nie.

6.12.2 Stylverbeterings ná 1922 (so is gewees > so was dit)

Die res van die veranderinge toon groter verskille: So is gewees (10: 21 - alzoo is geweest) kom grootliks met die Nederlands ooreen en word verander na so was dit - in plaas van die hulpwerkwoord is en die perfek=tiewe ge- word die tydhulpwerkwoord was, wat die korrek=te Afrikaanse vorm is, gebruik. Die toutologiese belas ... met laste (11: 46 - belast ... met lasten) word ver=beter na lê laste ... op. Ook die 'verhewe' argaïese dit geskied so (12: 54 - het geschied alzoo) asook die vervangende dit kom so is albei onbevredigend; 1953 het: dit gebeur ook. In die uitdrukking: 'die Owerste ... neem dit kwalik dat Jesus ... genees' (13: 14 - kwalijk nemende) sou mens die voornaamwoord 'hom' na neem

verwag en dit word verander na wat verontwaardig was dat. Die oorbodige tydhulpwerkwoord 'het' in die woordgroep en het nie kon voleindig nie (14: 30 - en heeft niet kunnen voleindigen) word ná 1922 weggelaat: en kon nie klaar kry nie. Mens sou ook die voornaam=woord 'u' in die woordgroep ontferm oor my (16: 24 - ontferm u mijner) verwag,en dit word vervang deur wees my barmhartig.

Kom dadelik hier aan tafel (1929) vervang die goeie Afrikaanse uitdrukking Kom nader en sit aan (17: 7 - Kom bij, en zit aan). Die werkwoord is oorbodig in: met name genoem (19: 2 - met name geheeten), en die jonger weergawes het met die naam. En sê is ook oorbo=dig in die uitdrukking voeg Hy daarby en sê (19: 11 - voegde Hij daarby en zeide) en vertel Hy nog daar ... by is die vervangende woorde wat in 1953 verder verander word na vertel Hy daar nog ... by ('vertel Hy nog ... daar by') sou moontlik nog beter wees).

Daar is ook nie juis veel betekenisverskil tussen ek sou ... kon (19: 23 - en ik komende, had) en dan kon ek nie, maar laasgenoemde is gemakliker Afrikaans. Spreek en sê vir (20: 2 - spraken tot ... zeggende) verskil baie min van spreek net en sê maar gee ag op (21: 34 - wacht uzelven) is minder duidelik as pas op vir. Tydsverandering en taalverbetering kom voor in die

wisseling van hou sy haar oë op hom (22: 56 - hare oogen op hem houdende) na nadat sy hom vas aangekyk het. Lê hom die kruis op (23: 26 - legden hem het kruis op) is regstreekse oorsetting van die Nederlands en word verander na sit die kruis op hom. Die onduide=like saam vergader en die wat met hulle was, wat ook weer veroorsaak is omdat die Nederlands te slaafs deur die vertalers nagevolg is (24: 33 - samenvergaderd, en die met hen waren), word duideliker gestel met en die wat saam met hulle bymekaar was.

6.12.3 Onduidelikhede wat uitgeskakel word (die wat ... in wel=lus is > die wat ... in weelde lewe)

Dit is werklik moeilik om te bepaal wat die 1922-verta=lers met die volgende bedoel het: wat onder ons volkome sekerheid het (1: 1 - volkomene zekerheid hebben). Dit was blykbaar 'n vertaalkwessie in die Nederlands en word van 1929 af duideliker gestel met wat onder ons al vervul is. Betekenishelderheid word ook verkry met die volgende veranderings: Die Nederlands gee aanleiding tot die gebruik van reukoffer as werkwoord wat in Afrikaans onbekend is - vergelyk: om te reukof=fer (1: 9 - om te reukofferen) - dit word na om reukwerk te brand verafrikaans. Die onduidelike van u is (6: 20 - uwe is) word duideliker gestel met aan u behoort.[1] Die wat ... in wellus is (7: 25 - in wellust zijn) beteken ook heeltemal iets anders as die wat ... in weelde lewe -

---

1) Die woord u > julle in 1953.

eersgenoemde dui op mense wat in onsedelikheid verstren= gel is, en laasgenoemde op welgesteldheid. Die onafri= kaanse uitdrukking die vrug nie voldra nie (8: 14 - vol= dragen geene vrucht) word verbeter na dra geen rype vrug; En wat wil Ek (12: 49 - en wat wil Ik) > en hoe wens Ek; hou dit verseker (20: 6 - houden voor zeker) > is daarvan oortuig;
wat hulself voorgee (20: 20 - die zichzelven veinsden) > wat geveins het.
Die volgende Afrikaanse taalgedrog het ook sy oorsprong aan die Nederlands te wyte: klim sulke oorlegginge (in u harte) op (24: 38 - klimmen zulken overleggingen in uwe harten) en dit word verafrikaans na kom daar twyfel (in julle harte) op.

6.12.4 Samevatting

Feitlik in elkeen van die genoemde gevalle was die on= oordeelkundige navolging van die Nederlands die oorsaak van die ongewenste woordkeuses en konstruksies en is die jonger weergawes duideliker of spesifieker en sui= werder Afrikaans.

6.13 WOORDGROEPE BESTAANDE UIT DRIE OF MEER WOORDE WAT DEUR 'N LANGER WOORDGROEP VERVANG WORD

Heel dikwels kom dit voor dat die jonger vertalings uit=

drukkings gebruik wat minder bondig is as die 1922-bewoording. Onderstaande 1922-woordgroepe bevat drie of meer woorde wat dan deur 'n langer woordgroep vervang word.

6.13.1 Betekenisverheldering (om te reukoffer > om reukwerk te brand)

Ten eerste word na die woordgroepe waarvan die betekenis in 1922 onduidelik is, verwys:

Wat sal hierdie kindjie tog wees (1: 66 - wat zal ... wezen) > Wat sal tog van hierdie kindjie word - eersgenoemde kan op 'n 'amp' dui en die 1929 bewoording verwys na die toekomsgebeure;
om beskryf te word (2: 5 - Om beschreven te worden) > om hom te laat inskrywe;
gee op (Hom) ag (6: 7 - namen Hem waar)>het (Hom) in die oog gehou - laasgenoemde behels ook tydsverandering;[1)]
'gebind om bewaar te wees' (8: 29 - gebonden, om bewaard te zijn)>'gebind ... om oor hom wag te hou' (DBB se vasgemaak om hom in bedwang te hou is baie beter).

1) Vgl. 20: 20.

Dat hij skuim (9: 39 - dat hij schuimt) word na die om=slagtiger voorsetselgroep met skuim in die mond verander. Ook onduidelik is: 'sal sy deel stel met die ontroue' (12: 46 - zal zijn deel zetten met) en dit word verander na 'sal hom 'n deelgenoot maak van die ontroues' (DBB het: hom die lot van die ontroues laat deel). 'U oorkom tot 'n getuienis' (21: 13 - u overkomen tot) word duideliker met die wysiging na 'vir julle uitloop op 'n getuienis'.

Ook die volgende vrae word nâ 1922 helderder geformuleer:
hoe beproef u ... nie (12: 56 - hoe beproeft gij ... niet)>
hoe is dit dat julle ... nie kan beoordeel nie;
hoe hoor ek dit (16: 2 - Hoe hoor ik dit) > wat is dit wat ek ... hoor;
wat doende sal ek (18: 18 - wat doende zal ik) > wat moet ek doen om te - by wyse van 'n infinitiefskonstruksie ge=skied die verbetering.

Bostaande toon aan hoe die suiwere taaleie ook ten opsigte van begripshelderheid 'n belangrike rol speel.

6.13.2 Betekenisverskil (die hoof breek > in die gesig geslaan)

Wat die volgende veranderings betref, is dit duidelik dat die wysiging ook betekenisverskil meebring en dat ons hier met tekskritiese kwessies te make het: En hy was twyfelmoedig (9: 7 - en was twijfelmoedig) word in 1929 na en hij was met die saak verleë verander. (DBB

het: en hy was in die war - wat beteken dat die verta= lers van laasgenoemde ook weer ten opsigte van die grond= taalinterpretasie van die 1929-53-vertalers verskil; IGE vertaal διηπόρει met was in perplexity, wat grootliks met DBB ooreenkom; GN: he was very confused en NNV: wist niet wat er van te denken). Dit u ont= breek (16: 9 - u ontbreken zal) > julle die lewe verlaat - in hierdie geval lyk dit asof die verskillende bewoor= dings heeltemal uiteenlopende betekenisse het. (DBB sluit eerder by die 1922-weergawe aan met: wanneer die geld opgeraak het; maar IGE vertaal ὅταν ἐκλίπῃ met when it fails en GN het die onbevredigende when it gives out; NNV: wanneer deze u ontvalt.) Die hoof breek (18: 5 - het hoofd breke) verskil ook in groot mate van die vervangende in die gesig slaan. (DBB verskil weer van laasgenoemde met so aanhou om my lastig te val; IGE het: because this widow causes me trouble en GN: because of all the trouble this widow is giving me; dit is interessant dat NNV met 1929-53 ooreenstem, nl. in het gezicht slaan.) Hierdie is 'n mooi voorbeeld van hoe nuwe insigte 'n vertaling daar anders kan laat uitsien. In Luk. 20: 20 verskil 'gee ag op Hem' ook aansienlik van die vervangende 'Hom in die oog gehou'. (Die Nederlands het 'namen Hem waar'; DBB: Hulle het hul kans afgewag; IGE het παρατηρήσαντες met watching carefully vertaal; GN: So they watched for the right time; NNV: om Hem na te gaan.)

Ook uit bogenoemde gevalle blyk dit dat die jonger vertalers met nuwe insigte tot hulle beskikking te werk gegaan het, en verdere vergelyking met moderner vertalings toon aan hoe netelig sekere vertalingskwes= sies wel is.

6.13.3 Sinonieme veranderinge (mag my ... geskied > laat dit met my gaan)

In die onderstaande gevalle is daar nie veel betekenis= verskil tussen die verskillende bewoordings nie maar die jonger vertalings se bewoording bevat fyner afgewerkte Afrikaans.

Die argaïese mag my (na u woord) geskied (1: 38 - mij geschied (naar uw woord) word na laat dit met my gaan (volgens u woord) verander - wat nog nie gebruikstaal is nie. (DBB verander na Laat met my gebeur wat u gesê het .) Die refleksiewe hulle verbaas hulle (4: 32 - zij versloegen zich) word na hulle was verslae oor, gewy= sig. Wat die volgende woordgroep betref, lê die pro= bleem by val en ook by die gebruik van die onafrikaanse voorsetsel: val ... in slaap (8: 23 - viel ... in slaap), wat ook weer uit die Nederlands oorgeneem is, en

dit word verbeter met raak aan die slaap. Kom en (die huis) nader (15: 25 - kwam en het huis genaakte) word vervang deur al nader na (die huis) kom - twee werkwoor= de, soos in die geval van 1922, blyk oorbodig te wees. Nòg die 1922-bewoording pleeg geweld daarteen (16: 16 - doet geweld op hetzelve) nòg die jonger woordkeuse dring met geweld daarin lewer veel helderheid ten op= sigte van betekenis (DBB het: probeer ... om daar in te kom).

Daar is nie veel verskil tussen gee ... die gees (23: 46 - gaf ... den geest) en blaas ... die laaste asem uit nie. Geloof hul nie is argaïes (24: 11 - geloofden haar niet), in ooreenstemming met die Nederlands en word verafrikaans na het hul nie geglo nie, wat ook verandering van die presens na die verlede tyd behels. Spreek saam onder mekaar (24: 14 - spraken samen onder elkander) sowel as die vervangende woordgroep was in gesprek met mekaar is 'verhewe' taalgebruik en die wysiging sluit ook tydsverandering in; dit is veral die eerste bywoord, 'saam', in die 1922-woordgroep wat hinder. Die voorsetselgroep in die wandelinge voer (24: 17 - wandelende verhandelt) is 'n uiterste voor= beeld van 'Bybeltaal' en word vereenvoudig na met me= kaar loop en wissel (DBB: met mekaar loop en bespreek).

Wat bogenoemde veranderings betref, kom dit dus eintlik

op stylverfyning neer en nie soos in die vorige afde= ling op betekenisaanpassing nie.

6.13.4 Samevatting

Volgens bogenoemde veranderings blyk dit dat stylver= fyning en 'n suiwer Afrikaanse segging nie altyd deur 'n kernagtiger woordgroep as dié van 1922 verkry is nie, maar dat 'n omslagtiger uitdrukking dikwels nodig was. Alhoewel die meeste veranderings verbeterings was, geld dit nie vir al die gevalle nie. Enkele veranderings was selfs onnodig. Baie onduidelikhede is egter uit die weg geruim en daar is nader na die gebruikstaal be= weeg, hoewel 'verhewe' taalgebruik ook in sekere geval= le ná 1922 nog voorkom, maar 'verhewe' taal wat met die Afrikaanse segswyse ooreenstem, is natuurlik nie in 'n Bybelvertaling misplaas nie.

6.14 HULPWERKWOORDE EN KOPPELWERKWOORDE

Dr. C. van Gelderen (Nienaber 1965: 265) het die vrees dat Afrikaans te min tye het om die Bybel te vertaal, uit die weg geruim deur daarop te wys dat Afrikaans juis om die rede geskik sou wees om die Hebreeus te vertaal, wat ook min tye het.[1)]

---

1) Daar is vroeër in paragraaf 6.4.4 verwys na die taaladviseurs se uitsprake oor die modale hulpwerkwoorde soos sal, sou, wou, moet ens.

Meyer de Villiers (1968: 9) stel dit dat Afrikaans wat die werkwoordvorme betref, "geen sterk tradisie het nie, en dat daar 'n mate van wisseling van vorme en van ge= bruike voorkom". Wanneer mens egter die gebruik van die hulpwerkwoorde in die Afrikaanse Bybelvertalings verge= lyk, is dit duidelik dat sekere vorme wat blykbaar nog teen die twintigerjare voorgekom het, vandag nie meer in Afrikaans aanvaarbaar is nie en dat daar gaandeweg tog 'n groot mate van vastigheid ingetree het.

6.14.1 Die modale hulpwerkwoord '<u>sal</u>'

6.14.1.1 Die voltooide toekomende tyd (<u>sal geskied het</u> > <u>gebeur het</u>)

De Villiers (1968: 18) sê verder: "Die onderskeiding van die voorverlede en die verlede tyd kom veral voor wanneer twee handelinge of toestande in verbonde sinne bv. hoofsin en bysin, genoem word.

As iemand vanuit 'n tydstip in die verlede na die toe= koms kyk, kan daardie toekoms ook verlede wees. Dit is dan die verlede toekomende tyd." Verder sê die skrywer (ibid., p. 18): "Ten opsigte van die toekoms vind ons dat daar onderskei kan word tussen die volgorde van twee gebeurtenisse of toestande ... Dit kan genoem word die <u>voltooid toekomende</u>, en dit is vergelykbaar met die voorverlede tyd ... Ondanks die bewering van verskeie grammatikas dat die voltooid toekomende tyd uitgedruk word deur <u>sal</u> + <u>ge-</u> + <u>het</u>, kan met beslistheid verklaar

word dat hierdie verbinding - wat trouens min gebruik word - nie dikwels vir die voltooid toekomende gebruik word nie. Die volgende is dus uitsonderlik:
Volgende week sal ons die eksamen klaar geskryf het ...
Gewoonlik gebruik ons vir die voltooid toekomende tyd het + deelwoord: (Hy sal kom) sodra hy dit voltooi het".

In die vertaling van 1922 kom 'n aantal gevalle voor waar die voltooid toekomende tyd deur sal + ge- + het in lineêre opeenvolging uitgedruk word:
sal aangesien het (9: 27 - zullen gezien hebben) > gesien het;
sal gekom het (13: 35 - zal gekomen zijn) > kom (presens).
sal geëet en gedrink het (17: 8 - zal gegeten en gedronken hebben) > geëet en gedrink het;
sal gestel het (20: 43 - zal gezet hebben) > gemaak het - laasgenoemde is baie nader aan die spreektaal, die argaïese sal geskied het (21: 32 - sal geschied zijn) word na die perfektum gebeur het vereenvoudig;
sal gekom het (22: 18 - zul gekomen zijn) > gekom het.

In genoemde gevalle verval sal ná 1922 - die bywoord totdat gaan hierdie uitdrukkings in die verskillende vertalings vooraf. In Luk. 22: 34 is die voorafgaande bywoord voor=dat: 'voordat u ... sal verloën het' (zult verloochend hebben) > geloën het.

Die voorafgaande woord in die volgende gevalle is as, en die wysigings behels in twee uit die drie gevalle 'n verandering van die voltooid toekomende tyd na die historiese presens:
sal gedoen het (17: 10 - zult gedaan hebben)>gedoen het;
sal gekom het (22: 10 - zult gekomen zijn) > ingaan;
sal gekom het (23: 42 - zult gekomen zijn) > kom.

Tot gaan die volgende woordgroep vooraf: sal geskied het (1: 20 - geschied zullen zijn)>gebeur - die argaïs=me word uitgeskakel. In Luk. 13: 25 is nadat die voor=afgaande bywoord: 'sal opgestaan het en die deur sal gesluit het' (13: 25 - 'zal opgestaan zijn, en de deur zal gesloten hebben')> 'opgestaan en die deur gesluit het' - die perfektum vervang dus die voltooid toekomende tyd.

Daar is in die volgende gevalle geen voorafgaande bywoord nie: Die verledetydsvorm sal gedoen het (6: 49 - gedaan zal hebben) word deur die presens doen vervang en sal ge=laster hê (12: 10 - gelasterd zal hebben) deur die per=fektum gelaster het - hierdie woordgroepe word deur die voegwoord maar voorafgegaan, wat waarskynlik niks met die verandering te doen het nie.

Die voltooid toekomende tyd word dus in die bostaande ge=valle deur die perfektum of 'n presensvorm vervang, en dit is in ooreenstemming met die Afrikaanse taalgebruik.

6.14.1.2 Uitskakeling van 'sal' (sal word > word)

Die vertalers het nã 1922 blykbaar gevoel dat daar in die eerste vertaling te veel van die woord sal gebruik gemaak is, en sal is dan ook op 'n hele aantal plekke weggelaat. In onderstaande gevalle kom sal en 'n werk= woord in 1922 voor (of sal plus bywoord en werkwoord in enkele gevalle), maar na 1922 verval sal, sodat slegs die werkwoord (of die bywoord plus die werkwoord) behou word. Dit beteken dus 'n verandering van die futurum na die presens.

Sal word (1: 35 - zal geworden) > word;[1)]

sal inkom (7: 6 - zoudt inkomen) > inkom;

sal aanstoot neem (7: 23 - zal geërgerd worden) > aanstoot neem;

sal ontvang (9: 5 - zullen ontvangen) > ontvang;[2)]

sal skaam ... sal kom (9: 26 - zal geschaamd hebben ... komen zal) > hom ... skaam;

sal ontvang ... sal ontvang (9: 48 - ontvangen zal ... ontvangen zal) > ontvang ... ontvang;

sal wil (10: 22 - zal willen) > wil;

sal terugkom (12: 36 - wedergekomen zal) > terugkom;

sal kom (12: 40 - zal ... komen) > kom;

sal betaal (12: 59 - betaald zult) > betaal.[3)]

---

1) Vgl. ook 20: 37

2) Vgl. ook 18: 17

3) Vgl. verder 9: 24; 13: 25, 29; 19: 43; 20: 16, 28; 21: 9, 20, 26. Sal word ook in die volgende verse weggelaat: 3: 17; 11: 32; 13: 29; 16: 13; 17: 33.

Die styl van die jonger vertalings is in bogenoemde ge= valle baie vloeiender en ook bondiger as dié van 1922. Tog is daar wel ook 'n geval soos Luk. 8: 17 waar sal in 1922 twee keer voorkom en drie keer in die verta= lings van 1929 - 1953: 'openbaar sal word ... bekend sal word ... in die openbaar kom' ('openbaar zal wor= den ... bekend zal worden en in het openbaar komen') > 'openbaar sal word ... bekend sal word ... in die lig sal kom' - wat 'n sinvolle toevoeging is.

Weer eens is die invloed wat die Nederlandse Bybel= vertaling op die 1922-uitgawe in Afrikaans gehad het, in bogenoemde Skrifgedeeltes baie duidelik te bespeur: vir elke sal wat in die 1922- Afrikaanse teks voorkom, is daar 'n ekwivalente woord in die Nederlandse teks.

6.14.1.3 Tydsverandering (sal sien > sou sien)

Die volgende veranderings van tyd kom voor: Sal sien (2: 26 - zien zoude) word na die voltooid toekomende sou sien verander. [1] In dieselfde vers word sal sien (2: 26 - zou zien) egter ook na die perfektum, gesien het, gewysig. Die argaïese sal geloof (8: 12 - zouden gelooven) word na die imperfektum sou glo verander. Sou beveel (1929) is ook nader aan die gebruikstaal as sal gebied (8: 31 - baden). Sal voortbring (13: 9 - zal voortbrengen) word deur die spreektaalwerkwoord dra vervang en sal hou (14: 12 - zult houden) deur gee,

---

1) Vgl. ook Luk. 22: 23.

wat pasliker is by die substantief middagete, wat die werkwoord voorafgaan. Probeer (1929) word ná 1922 in die plek van die onduidelike Nederlandisme sal soek (17: 33 - zal zoeken) gebruik. 'n Mooi voorbeeld van kernagtigheid is die gebruik van dreun (1929) in die plek van die 1922-uitdrukking groot geluid sal gee (21: 25 - groot geluid zullen geven) - die lidwoord ontbreek ook in hierdie woordgroep. 'n Fyner afwerking kom in 1929 in Luk. 21: 31 voor, waar sal sien geskied (zult ... geschieden) verander word na sien gebeur, en sal geskied (21: 36 - geschieden zullen) word deur kom vervang.

6.14.1.4 Ander wysigings ten opsigte van sal > (sal ... wees > kan ... wees)

Ander veranderings met betrekking tot die modale hulp= werkwoord sal sluit die oorskakeling na 'n imperatief in, bv. 'u sal sy naam noem' (1: 13 - 'zult ... heeten') 'jy moet hom noem' - 'n wysiging wat telkemale aange= bring is. [1)]

Sal word in ander gevalle deur 'n ander modale hulpwerk=

---

1) Vgl. ook 1: 60; 3: 5, 10, 12, 14; 4: 8; 6: 31; 9: 3; 12: 5; 17: 4; 18: 40, 41.

woord vervang - vergelyk: 'Hoe sal dit wees' (1: 34 - 'Hoe zal dat wezen') > 'Hoe kan dit wees'[1] - dit bied korrekter taalgebruik. 'Sal toelaat' (8: 32 - 'wilde toelaten') word verbeter na 'moes toelaat', wat ook tyds= verandering beteken; 1953 het 'sou toelaat'. 'Sal ingaan' (9: 4 - 'zult ingaan') dui op 'n besliste daad in die toe= koms en 'mag ingaan' op 'n moontlike daad.[2] Daar is nie veel verskil tussen die vraag 'Sal ons met die swaard slaan?' (22: 49 - 'Zullen wij met het swaard slaan?') en 'Moet ons met die swaard slaan?' nie, maar laasgenoemde is waarskynlik gebruikliker. Sal kom drie keer voor in Luk. 11: 11 - 12 en slegs twee keer ná 1922. Dit bring mee dat vers 12 in 1929 soos volg lees: 'Of ook as hy 'n eier vra vir hom 'n skerpioen gee?'[3] - vergelyk 1922 se bewoording: 'of as hy ook om 'n eier bid, sal hy hom 'n skerpioen gee?'

Hierdie veranderings bewerkstelling oor die algemeen gebruikliker Afrikaans, en daar word ná 1922 van die Nederlands wegbeweeg.

---

1) Vgl. ook 12: 17; 13: 9; 22: 11.

2) Vgl. ook 10: 5, 8: 'ook al mag ingaan'; 10: 35.

3) Die vir verval in 1933, '53.

Samevattend kan van die veranderings ten opsigte van die woord sal in die Afrikaanse Bybelvertalings gesê word dat 'n perfektum of presensvorm die voltooid toekomende tyd vervang; dat die gebruik van sal soveel moontlik uitgeskakel word; dat die oormatige gebruik van sal te wyte is aan die Nederlandse teks wat nagevolg is; dat verdere tydsveranderings meegebring word deur die weglating van sal of die vervanging daarvan deur 'n ander hulpwerkwoord en dat hierdie veranderings 'n vloeiender styl tot gevolg het.

6.14.2 Die modale hulpwerkwoord sou (sou > moet)

Verskillende veranderings word ten opsigte van die hulpwerkwoord sou aangebring - vergelyk sou (1: 62 - zou)> moet ('hoe hy wou hê dat hy genoem moet word'). Hierdie wysiging is 'n verbetering, maar indien die sin nie in die historiese teenwoordige tyd gestel is nie, was moes die aangewese woord [1], en so 'n verandering kom voor in Luk. 2: 6 waar sou (zou) na moes verander word ('dat die dae vervul word dat sy sou baar'). [2] Sou (1: 74 - zouden) > 'kan ... dien', in die sin: 'Hem sou dien sonder vrees'; kan is hier die korrekte

---

1) Vgl. ook 2: 1; 18: 39; 20: 10.

2) Vgl. ook 19: 15.

woord. Die imperfek sou genees (6: 7 - genezen zou), wat korrek voorkom, word deur die historiese presens gesond maak vervang. Die 1929-vertalers het sou in 'die hele wêreld sou win' (9: 25 - 'zou winnen') as oorbodig beskou en slegs win behou. Die historiese presens 'sodat hulle dit nie begryp nie' (9: 45 - begrepen) word na die imperfek sou begryp verander. 'Sou ... beter wees' (17: 2 - 'zoude ... nutter zijn'), die onvoltooid toekomende tyd, word weer na die presens 'is beter' verander. [1)]

Tydsverandering kom voor met die verandering sou antwoord (11: 7 - antwoordende, zou zeggen) na sal antwoord - dus van die imperfek na die suiwer toekomende tyd. [2)] Sou sê (12: 45 - zou zeggen) word na die presens sê verkort en sou begin (12: 45 - zou beginnen) na begin; maar in die plek van die presens val (16: 17 - valle) word sou val in 1929 gebruik (vgl. 'dit is makliker dat die hemel en aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val'). Die 1929-vertalers wou blykbaar die konjunktief hier baie duidelik na vore bring.

Sonder inagneming van die Afrikaanse taaleie het die

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in: 19: 48 en 22: 2 (sou > kon); 22: 49 ('sou gebeur' > 'gaan gebeur'); 24: 28 (sou > wou).

2) Vgl. ook 14: 9; 16: 30.

1922-vertalers ook die wyse waarop die Nederlandse hulpwerkwoord in bogenoemde gevalle gebruik is, op Afrikaans toegepas, wat tot lomp konstruksies aanlei= ding gegee het. In 1929 is die korrekte vorme aange= bring. In die meeste gevalle behels die wysiging ook tydsverandering.

6.14.3 Die modale hulpwerkwoord 'kan' (ontvang > kan ontvang)

Tydsverandering kom voor by die wysiging van kan (6: 7 - mochten) na kon - vergelyk: 'sodat hulle beskuldiging teen Hem kan vind' [1] > 'sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon kry'. Toevoeging van kan kom nā 1922 in Luk. 16: 4 voor: ontvang (ontvangen) > 'sodat ... hulle my in hul= le huise kan ontvang'. Sal sou 'n beter keuse gewees het want kan dui slegs op 'n moontlikheid en sal op be= slistheid (vgl. DBB). Vergelyk ook die verandering: 'van daar na ons oorkom nie' (16: 26 - 'noch ... van daar tot ons overkomen') > 'nie na ons toe kan oorkom nie'; in die 1933 en 1953-vertalings is die woord toe weggelaat - die woord kan kom in die 1922-teks net een keer voor en die toevoeging van 'n tweede kan in 1929 maak die betekenis duideliker. Vergelyk ook: 'eet en drink u daarna' (17: 8 - 'eet en drink gij daarna') > 'daarna kan jy eet en drink' - wat moontlik die begrip van 'n opdrag beter na vore bring.

---

1) Vgl. ook 11: 54; 15: 29; 18: 15; 19: 4; 20: 20.

6.14.4 Die modale hulpwerkwoord 'mag' ('mag weet' > 'kan weet')

Daar is min verskil tussen 'sodat julle mag weet' (5: 24 - 'opdat gij moogt weten') en 'dat julle kan weet'. In Middelnederlands beteken moghen 'kan' en blykbaar in 'n mate in Nederlands ook. Die toevoeging van mag in die volgende geval bring nie eintlik 'n verbetering mee nie: 'bid, dat u nie in versoeking kom nie' (22: 46 - bidt, opdat gij nie in verzoeking komt') > 'bid, dat u nie in versoeking mag kom nie'.[1)]

Dis moeilik om die conditionalis te vertaal en die jonger vertalers gebruik (ook in die Ou Testament) mag (soms ook moet), 'n hulpwerkwoord van wyse om wenslikheid, waarskyn= likheid of moontlikheid uit te druk (vgl. Nienaber 1965: 265).

6.14.5 Die modale hulpwerkwoord 'wil' en 'wou' ('wil ... reg= vaardig' > 'wou ... regverdig')

Die verandering 'wil homself regvaardig' (10: 29 - willen= de zichzelven rechtvaardigen) na 'wou homself regverdig' bring suiwerder Afrikaans mee sowel as 'n tydsverande= ring, en die toevoeging van wou in Luk. 5: 6 bewerkstel= lig betekenisverandering: 'hulle net skeur' ('hun net scheurde') > 'hulle net wou skeur'. In Luk. 6: 31 word

---

1) Die 1953-vertaling het julle i.p.v. u.

wil (wilt) na die duideliker en gebruikliker 'wil hê' uitgebrei. Die woordgroep 'wat nie wou' (19: 27) ver=skil van die Nederlands ('die niet hebben gewild') en 'n werkwoord word toegevoeg - dus: 'wat nie wou hê' - wat goeie Afrikaans is.

6.14.6 Die modale hulpwerkwoord 'moes'/'moet' (bied ... aan > moet ... aanbied)

Toevoeging van moet kom ná 1922 verskeie kere voor - dit kan òf die Afrikaanse vorm wees om die imperatief te stel, òf dit kan as vraagwoord dien:
bied ... aan (6: 29 - biedt) > 'moet ... aanbied';
oordeel nie ... verdoem nie (6: 37 - oordeelt niet ... verdoemt niet) > 'moet nie oordeel nie ... moet nie ver=oordeel nie';
verwag (7: 19, 20 - verwachten) > 'of moet ons 'n ander een verwag?';
kom (7: 3 - 'wilde komen') > 'moes kom';
sê (9: 54 - zeggen) > 'moet sê';
die 'verhewe' wees ... bereid (12: 40 - zijt ... bereid) word na 'moet ... gereed wees' verander (reg wees?).

Dan is daar ook nog die verandering van die imperatief 'U wil moet geskied' (22: 42 - de Uwe geschiede) na die vloeiender konjunktief: 'Laat ... u wil geskied'.
(Die gebruik van hierdie moet is in DBB baie uitgebrei.)

6.14.7 Die tydhulpwerkwoord 'het' en 'had' (het herstel > is herstel)

Daar is ook nog ander hulpwerkwoorde wat wysigings ondergaan: 'Sy hand het herstel' (6: 10 - werd) word na die lydende vorm 'is herstel' verander, waar die passief aandui dat die wonderwerk deur Christus verrig is. 'n Plusquamperfectum 'gebind had' [1] (13: 16 'gebonden had') word vervang deur 'gebind het' - eersgenoemde is 'n argaïsme wat feitlik uit die taal verdwyn het. Die woord het kom sewe keer in Luk. 17: 28 voor, maar drie keer in die vertalings ná 1922 (die Nederlands maak glad nie van hulpwerkwoorde gebruik nie) - vergelyk: [2] 'het geëet ... het gedrink ... het gekoop ... het verkoop ... het geplant ... het gebou' ('zij aten, zij dronken, zij kochten, zij verkochten, zij plantten, zij bouwden') > 'het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou'. Die woordgroep 'en gesê het' van Luk. 24: 7 (zeggende) word na 1922 heeltemal weggelaat - 'gespreek het' in vers 6 word deur 'gesê het' vervang, maar 'en gesê het' in vers 7 van die 1922-teks word nie in 1929 herhaal nie.

6.14.8 Die tydhulpwerkwoord 'was' ('was gewees > was')

---

1) D.F. Malherbe (1921: 64) beskou die gebruik van had plus verlede deelwoord as oorbodig en "selfs 'n vergryp teen ons taalaard".

2) In die aangehaalde gedeelte kom het ses keer in 1922 voor en drie keer in die jonger weergawes.

6.14.8.1 Verandering van woordgroepe wat 'was' bevat ('te doen was' > was)

Veranderings ten opsigte van die tydhulpwerkwoord was kom ook voor: In Luk. 2: 39 staan 'te doen' in die woordgroep '*te doen* was' kursief gedruk (ook in die Nederlands) en ná 1922 word slegs was behou. 'n Beter bewoording sou wees: wat volgens die wet van die Here gedoen moes word (DBB verander radikaal). 'Was gewees' (8: 27 - 'was ... geweest') word na was verander - die perfektiewe gewees is oorbodig en die imperfek was is voldoende. Die tydhulpwerkwoord het vervang was in Luk. 8: 30: 'was in hom gevaar' (waren)>'het in hom ingevaar', wat Afrikaans is. Vergelyk ook: 'in 'n sware stryd was' (22: 44 - zijnde) > 'in 'n sware stryd kom', wat nie juis 'n verbetering is nie (DBB het: in doods= angs geraak). 'Bevrees was' (24: 5 - werden) word ná 1922 'bevrees word' - ook historiese presens. (DBB keer terug na die perfek: het groot geskrik.)

6.14.8.2 Weglating van 'was' ('wat in die ... skip was' > in die skuit)

Weglating van die tydwoord was kom ook ná 1922 voor: Die woorde wat was is oorbodig in die uitdrukking:

'wat in die skip was' (5: 7 - 'die in het ... schip waren') en word ná 1922 weggelaat - dus: 'in die ... skuit' (die voorafgaande werkwoord, wat in die presens is, maak die tydhulpwerkwoord was oorbodig). Vergelyk verder:

'Die een was 'n' (18: 10 - 'de een was een') > die een 'n ;

'en hy was 'n ryk man' (19: 2 - 'en hij was') > 'n ryk man ;

'van waar hy was' (20: 7 - 'van waar die *was*') > waarvan= daan .

6.14.8.3 Toevoeging van 'was' ('haar naam Elizabet' > 'haar naam was Elisabet')

Hierbenewens kom daar ook toevoegings van was op plekke voor waar dit in 1922 ontbreek - vergelyk:
'Haar naam Elisabet' (1: 5 - 'haar naam Elizabeth') > haar naam was Elizabet'. 'Dat Hy leer' (5: 17 - 'dat Hij leerde') word na 'n infinitiefkonstruksie 'was Hy besig om te leer' verander. [1)]

6.14.9 Die koppelwerkwoord 'is' (is > sal wees)

6.14.9.1 Die vervanging van 'is'/'is gewees'/'gewees is' deur 'was' ('wat met ons is' > 'wat saam met ons was')

---

1) Vgl. ook 5: 2.

Die woord is word verskeie kere na was verander - dus tydsverandering - vergelyk: 'Omdat hulle wis dat Hy die Christus is' (4: 41 - was) > was. Die 1922-bewoor= ding is egter die korrekte en die vertalers verander hier ten onregte na was. In 'n aantal gevalle word die is deur toe voorafgegaan wat dus beteken dat is foutief gebruik word,en is word dan ook van 1929 af na was verander - vergelyk: 'toe 'n vrou ... wat 'n son= dares is' (7: 37 - was) > was. [1)]

Daar is ook gevalle wat nie deur toe voorafgegaan word nie: 'Die Wet en die Profete *is* tot op Johannes toe' (16: 16 - *zijn*) > was;
'En hulle is bly' (22: 5 - waren) > was;
'wat met ons is' (24: 24 - zijn) > was - gewone verlede tyd dus.

In die volgende gevalle word is + gewees vir die verlede tyd gebruik - vergelyk: 'so is gewees' (10: 21 - is ge= weest) > was (vergelyk die Nederlands);
'Wie van hierdie drie dink u, is die naaste gewees' (10: 36 - geweest te zijn) > was;
''n teken gewees is' (11: 30 - geweest is) > was [2)] - wat natuurliker Afrikaans is. [3)]

---

1) Vgl. verder 16: 23; 19: 3; 21: 5.

2) Vgl. verder 12: 27; 13: 2; 13: 4.

3) Die feit dat beide was gewees en is gewees in 1922 gebruik word, dui waarskynlik daarop dat albei vorme nog gangbaar was (vgl. o.a. die beryming van Ps. 103: 2). Kyk ook n. 1 op § 6.15.4.

6.14.9.2 Ander wysigings ten opsigte van 'is' (is > mag wees)

Ander woorde waardeur is vervang word, is die volgende: is (10: 6)> mag wees, wat modus- en tydsverandering behels - 1953 het weer is. 'So is dit' (12: 21 - 'Alzoo is het') > 'so gaan dit' (lg. is duideliker taalgebruik en e.g. geskied onder Nederlandse invloed);
'Van die sulke is die koninkryk van God' (18: 16 - 'want derzulken is het koninkrijk Gods) > 'aan sulkes behoort die koninkryk van God';
'is ... ingegaan' (19: 7) korreleer met die Nederlands en word na 'het ... tuisgegaan' verander;
die presens is (21: 22 - zijn) word na die futurum sal ... wees verander.

6.14.9.3 Uitskakeling van 'is' ('wat in u is' > 'in jou')

Waar is twee maal in Luk. 10: 2 voorkom, verskyn dit ná 1922 net een keer: 'Die oogs is wel groot, maar die arbeiders is min' (is ... zijn) >'Die oes is wel groot maar die arbeiders min' - ook hierdie oorbodige is het sy oorsprong waarskynlik aan die Nederlands te danke, wat twee verskillende woorde vir die enkel- en meervoud het, naamlik is en zijn. Ná 1922 het die vertalers ook die is van Luk. 11: 35 weggelaat: 'Wat in u is' ('het welk in u is') word na slegs in jou verkort sodat die bysin 'n bepaling word. 'Laste swaar om te dra'(11: 46 - 'lasten, zwaar om te dragen') word in gebruikliker taal

omgesit met die verandering na 'wat swaar is om te dra'. In hierdie geval word is dus ná 1922 toegevoeg en kom 'n bysin in die plek van 'n bepaling.

6.14.10 Die koppelwerkwoord 'word' ('kan word' > 'kan wees')

Veranderings ten opsigte van die koppelwerkwoord word is die volgende: 'ons s'nne kan word' (20: 14 - 'onze worde') > 'ons s'n kan wees', en in die volgende geval word die historiese presens uitgeskakel: 'word bly' (23: 8 - 'werd verblijd') > 'was ... bly'.

6.14.11 Samevatting

Met betrekking tot die modale hulpwerkwoorde sal, sou, kan, mag, wil, wou en moet word allerlei wysigings aangebring wat verandering van betekenis, styl, tyd en modaliteit meebring. Aanpassings wat korrekter taal= gebruik bewerkstellig, word gemaak, en navolging van die Nederlands word vermy. Sekere betekenisveranderings kom ook voor. Dit is ook duidelik dat daar ná 1922 'n poging is om 'n bondiger segging te bewerkstellig deur die oorbodige gebruik van sal en sou uit te skakel. Natuurlike Afrikaans word bevorder deur die uitskake= ling van Nederlandismes en argaïese taalgebruik. En= kele gevalle is ook aangedui waar die verandering nie juis 'n verbetering meebring nie.

Woordekononmie word ook nâ 1922 op 'n aantal plekke bevorder deur die weglating van die tydhulpwerkwoorde het en was asook van die koppelwerkwoord is. Ter wil= le van begripshelderheid word was in sekere gevalle nâ 1922 egter bygevoeg. In 'n aantal gevalle word tydsveranderings aangebring, en dit is opvallend hoe dikwels is deur was vervang word, en in hierdie gevalle korreleer die 1929-weergawe eerder met die Nederlands. Net soos in die geval van die modale hulpwerkwoord was word hierdie tyd- en koppelwerkwoorde dikwels deur ander woordsoorte vervang wat die betekenis duideliker laat blyk.

6.15 KONSTRUKSIES IN DIE LYDENDE VORM

6.15.1 Veranderings ten opsigte van die omskrywingswoord word ('word ... alleen gevind' > 'was alleen')

6.15.1.1 Verandering van 'passief' na 'aktief'-presensvorme (word ... geopen > het ... oopgegaan)

Verandering van die passief na die aktief kom in die onderstaande gevalle voor. Die volgende veranderinge word ten opsigte van die omskrywingswoord word aange= bring: 'deur hom word gesien' (1: 11 - 'van hem word

gezien') > 'verskyn daar aan hom'. Die orde van die 1922-woordskikking is in hierdie geval ook hinderlik, daar die hoofwerkwoord liewer verder aan in die sinsnede moet staan. Betekenisverskil kom voor met die veran= dering word ... ontroerd (1: 12 - word ontroerd) > was ... ontsteld. (DBB het hy het baie bang geword, en IGE: fear fell on ... him.) Dit wil dus voorkom asof die vertalers tot in 1953 met hierdie vertaling misgetas het. Ook tydsverandering kom in die volgende gevalle in Luk. 1: 64 voor: 'word ... geopen en ... losgemaak' ('werd ... geopend, en ... losgemaakt') word na 'het ... oopgegaan [1] en ... los geword' verander.

Verdere voorbeelde is: 'wat by die pad besaai word' (8: 12 - 'die bij den weg bezaaid worden') > 'die langs die pad';
'word ... alleen gevind' (9: 36) > 'was alleen';
'hoe word Ek gepers' (12: 50 'hoe worde Ik geperst') > 'hoe benoud word ek' - in hierdie geval is die word van die 1922-Bybel die omskrywingswoord en die word van die later uitgawes die koppelwerkwoord;
'van hom verlos te word (12: 58 - 'van hem verlost te worden') > 'van hom los te kom';
'word Ek voleindig' (13: 32 - 'worde Ik voleindigd') > 'kry Ek klaar'; 1953 het 'is Ek klaar';

---

1) In 24:31 word dieselfde woorde na die presens gaan oop verander.

gedood word (13: 33 - gedood wordt) > omkom.

'n Voorbeeld van 'verhewe' taalgebruik, en dit ten opsigte van voëls, is die volgende: 'sal die aasvoëls vergader word' (17: 37 - 'zullen de arenden vergaderd worden') 'sal die aasvoëls bymekaarkom' (1929) 'sal die aasvoëls vergader' > 'sal die aasvoëls saamkom' (1953) - dit is interessant dat daar in 1933 terugge= keer word na die 'deftige' vergader en dat 1953 die alledaagser woord saamkom het. Die futurum passief 'sal sien ... omsingel word' (21: 20 - 'zien zult ... omsingeld wordt') word in vloeiender Afrikaans oorge= sit met die presens omsingel sien, wat in die be= drywende vorm is en in 1953 word dit na omsingeld sien verander. 'Deur Hom word gesien' (22: 43 - 'van Hem werd gezien') word deur 'het aan Hom verskyn' ver= vang - die tydhulpwerkwoord het vervang die hulp= werkwoord word en 'n nie-sinonieme werkwoord vervang die 1922-werkwoord (DBB het ook verskyn).

6.15.1.2 Verandering van 'passief' toekomende tyd na 'aktief' (sal uitgestort word > uitloop)

In 'n aantal gevalle word die lydende vorm in die toe= komende tyd van die woord word in 1922 gebruik en die volgende nie-passiewe wysigings word aangebring: 'Al= le dal sal gevul word, en alle berg en heuwel sal

verneder word (3: 5 - zal vernederd worden) word na 'Elke dal moet opgevul word en elke berg en heuwel wegsak' verander, en dit is dan ook duideliker om te verstaan wat die 1922-vertalers met verneder bedoel het. 'Die wyn sal uitgestort word' (5: 37 - zal uitgestort worden) word na die aktief uitloop veran= der. Die modale hulpwerkwoord moet veroorsaak dat ook die volgende op die toekoms dui: 'moet ... opgewek word' (9: 22 - 'moet ... opgewekt worden') en hierdie bewoording word ook deur die aktief, naamlik: moet opstaan' vervang - wat ook 'n belangrike teologiese implikasie het. Die voltooid toekomende passief sou openbaar word (19: 11 - zou openbaar word) word na die voltooid toekomende aktief sou verskyn gewysig, en die aktief sal bring (1929) word in die plek van sal getrek word (21: 12 - zult getrokken worden) gestel, maar in 1953 word voor ... bring gebruik.

'n Mens het die indruk dat die 'passief', wat in die meeste gevalle die vorm van die grondteks is, opset= lik vermy en tot 'aktief' omgeskep word. Ek kon nie kommentaar van die vertalers self hieroor opspoor nie. Dubbelsinnighede soos 'want ons weet dat hulle vir wie God lief het' kan egter met 'n passief beter ge= stel word.

6.15.1.3 Veranderings van 'aktief' na 'passief' (hoog is > geag word)

Verskuiwings van die aktief na die passief kom ook wel voor: Die stelling: moet ... in ... gooi (5: 38 - moet in ... doen) word na die passief 'moet in ... gegooi word' oorgeskakel, en die woordgroep wat hoog is (16: 15 - dat hoog is) word in 1929 dui= deliker gestel met wat hoog geag word - presens passief - T.H. Le Roux (ABV 20d) se kommentaar hierop was: "'Hoog geag is' verstaanbaarder. 'Word' sou beter lees as 'is'". Die opskrif: Gevangeneming van Jesus (22: 47, ops. - Gevangeneming van Jezus) word na die passief verander: Jesus word gevange geneem - die gesubstantiveerde werkwoord van 1922, gevange= neming (wat navolging van die Nederlands was), word dus laat vaar en 'n natuurliker spreekwyse gebruik.

6.15.1.4 Verdere wysigings - met behoud van die passief (word vervul > is vervul)

Die passief word in die volgende gevalle ná 1922 behou, maar ander veranderinge word aangebring. 'n Verande= ring van futurum na presens kom in die volgende ge= val voor: 'wat uit u gebore sal word' (1: 35 - 'dat uit u geboren zal worden') 'wat gebore word' - die tydhulpwerkwoord sal asook die voorsetselgroep uit u word ná 1922 weggelaat. Die presens 'Elisabet word

vervul' (1: 41 - 'werd vervuld') word na die perfek 'is vervul' verander. [1)]

Ook die presens 'Hy word gestel tot 'n val' (2: 34 - 'wordt gezet'), wat onduidelik is, word verbeter na 'n perfektiewe konstruksie (nog passief): 'is bestemd'. Dieselfde soort verandering kom in Luk. 4: 2 voor, waar 'word ... versoek' ('werd ... verzocht') deur 'versoek is' vervang word.

'n Presens passief word (1929) kom in die plek van die futurum: 'die dag waarop die Soon ... geopenbaar sal word' (17: 30 - zal worden) - die voorafgaande by= woord wanneer maak sal eintlik oorbodig. 'n Verhewe uitdrukking 'sal bespu word' (18: 32 - 'zal ... bespo= gen worden') word na die voorsetselgroep plus werkwoord= groep 'op Hom sal gespuug word' verander - die nuwe werkwoord is nog steeds 'verhewener' as die gebruiks= taalwoord 'gespoeg' (DBB: hulle sal op Hom spoeg), en die passief bly onveranderd.

In Luk. 18: 14 maak die 1922-vertalers in teenstelling met die Nederlands gebruik van een word en die jonger

---

1) Vgl. verder 1: 57, 67; 4: 1, 15, 17; 5: 26; 6: 11; 8: 5; 9: 17; 16: 1, 23; 17: 20; 23: 32, 45; 24: 16 - t.o.v. Luk. 5: 26 staan in die hersieningsvoorstel nr. 7 (ABV 20a): "'is geword' te vermy, wat nie Afr. en ook nie Ndl. is nie".

vertalers van twee: 'sal verneder en ... sal verhoog word' ('zal vernederd worden, en ... zal verhoog wor= den') > 'sal verneder word; en ... sal verhoog word', en juis in dié enkele geval waar die 1922-vertalers van hulle gewone patroon van opeenhoping van mede= werkwoorde afwyk, is die resultaat 'n nie-vloeiende woordskikking.

'n Verandering van word na wees kom in Luk. 21: 17 voor: 'sal ... gehaat word' (21: 17 - 'zult ... gehaat worden) > 'sal gehaat wees'. Die futurum pas= sief 'sal sien ... omsingel word' (21: 20 - 'zien zult ... omsingeld wordt') word in vloeiender Afri= kaans oorgesit met die presens 'omsingel sien', wat in die bedrywende vorm is.

Naas bogenoemde weglating van die omskrywingswoord kom daar in Luk. 22: 31, ops. toevoeging ter wille van helderheid by, dus: Petrus gewaarsku (Petrus gewaar= schuwd) > 'Petrus word gewaarsku.' Die perfektiewe passief 'is opgeneem' (1929) vervang 'opgeneem word' (24: 51 - werd opgenomen'; DBB het ook: is opge= neem).

Volgens die veranderings wat aangebring is, blyk dit dat die 1922-vertalers foutiewe passiewe konstruksies gebesig het, en die wysigings bring ook (soos in laas= genoemde geval duidelik blyk) bepaalde tydsverskille mee.

6.15.2 Veranderings ten opsigte van die omskrywingswoord 'is' ('wat ... gesien is' > ('hulle het ... verskyn')

6.15.2.1 Veranderings van passief na aktief ('is bevrug' > 'het ontvang')

Veranderings van die passief na die aktief ten opsigte van die omskrywingswoord is kom ook voor: Die perfek= tiewe passief 'is bevrug' (1: 36 - 'is bevrucht') > 'het ... ontvang' - laasgenoemde, wat moontlik meer eufemisties is, word tot in Die Blye Boodskap behou en is tipiese 'Bybeltaal' in vergelyking met byvoor= beeld 'het swanger geraak'. 'Is gesterk' (1: 80 - 'werd gesterkt') verander na 'het sterk geword' - die natuurliker segswyse. 'Wat ... gesien is' (9: 31 - 'gezien zijnde') word verbeter na 'hulle het ... ver= skyn', en wat 'gedood is' (11: 51) is 'n beter keuse wat die gebeure tussen die altaar en die huis van God duideliker openbaar as die vervangende 'omgekom het'. Die 1922-vertaling laat duidelik blyk dat 'n moord gepleeg is. (DBB: doodgemaak is). 'n Lomp Nederlandse uitdruk=

king 'vandag is aan hierdie huis saligheid geskied' (19: 9 - 'Heden is dezen huize zaligheid geschied') word duideliker gestel met die verandering na 'Van= dag het daar redding vir hierdie huis gekom'. Ook 'is ... gesien' (24: 34) word na 'het ... verskyn' verander (vgl. 9: 31 hoër op) - die werkwoorde is nie sinoniem nie.

6.15.2.2 Veranderings van die aktief na die passief (ver= dor > is dit verdroog

Verskuiwing van die aktief na die passief kom ook voor - vergelyk: opskiet en verdor (8: 6 - 'is het verdord') > 'is dit verdroog' - die betekenis bly dieselfde. In 1953 word na die aktief teruggekeer met die bewoor= ding: 'het dit verdroog'. 'Die dinge wat deur Hem gebeur' (9: 7 - 'van Hem geschiedde') word na 'wat deur Hom gedoen is' verbeter. 'Van die dode opgestaan het' (9: 7 - 'van de dooden was opgestaan') > 'is uit die dode opgewek' - laasgenoemde is pasliker daar dit aandui dat Johannes nie self die opstanding vermag het nie - 'n gedagte wat deur 1922 se bewoording gewek kan word. Die argaïese 'dit het geskied' (14: 22 - 'het is geschied') word vereenvoudig na 'dit is gedoen' en die oordrewe, 'verhewe' uitdrukking 'hulle het ten huwelik geneem' (17: 27 - 'zij namen ten huwelijk'),

wat weer blote navolging is, word na die nog steeds 'deftige' uitdrukking: 'is in die huwelik gegee' ver= ander (DBB het eenvoudig getrou).

6.15.3 Voltooide deelwoord + is/was + geword (geopen is ge= word > het ... oopgegaan)

Daar kom ook gevalle voor waar die verlede tyd en die voltooide verlede tyd in die lydende vorm voorkom en waar 'n oorbodige voltooide deelwoord, naamlik geword, gebruik word. Die patroon is: voltooide deelwoord + is/was + geword: 'geopen is geword' (3: 21 - 'geopen werd') en dit word deur het ... oopgegaan, wat aktief is, vervang. 'Is geregverdig' (1929), wat die korrek= te Afrikaanse vorm is, vervang 'is geregvaardig ge= word' (7: 35 - 'is gerechtvaardigd geworden'). In die plek van 'verlos is geword' (8: 36 - 'was verlost ge= worden') kom 'gered is'. Verlos is myns insiens in hierdie verband 'n beter keuse as gered omdat laasge= noemde die betekenis van 'rescued' of 'saved' (in geestelike sin) kan hê, terwyl verlos 'losgemaak van' beteken. 'Het ... rein geword' (1929) vervang 'is ... gereinig geword' (17: 17 - 'zijn ... gereinigd gewor= den'), en 'gelê is geword' (23: 55 - 'gelegd werd') word deur 'neergelê is' (1929) vervang, wat in 1933 weer verder aangepas word na neergelê was (DBB se be= woording stem met die 1929-vertaling s'n ooreen, naam=

lik: neergelê is). 'Bekend was geword' (24: 35 - 'bekend was geworden') word vervang deur 'bekend geword het'. D.F. Malherbe (1921: 66) het gesê: "Die gebruik van '*geword*' as hulpww. in die verlede tyd (passief) is onnodig en kom in die gewone spreek= taal heel selde of nooit voor nie".

Dit is moeilik om te bepaal of 'is ... bevrug geword' (1: 24 - werd ... bevrucht) soos in die Nederlands as passief bedoel word of nie, en dit word dan deur die perfek aktief het ontvang vervang, wat minder gebruiklik is as is swanger.

In bepaalde gevalle word dus ná 1922 tot die aktief oorgegaan, en in ander gevalle word 'n suiwerder pas= sief aangewend.

6.15.4 Die voltooide toekomende tyd 'passief' (afgesit sal wees > afgesit is)

Die volgende voorbeelde toon die gebruik van die vol= tooide toekomende tyd en wel in die lydende vorm: 'sal weggeneem wees' [1] (5: 35 - 'zal weggenomen

---

1) Meyer de Villiers (1968: 33) sê: "Maar in die presens-perfek en in die imperfek-perfek vind ons wees, ge= word het en gewees het: Alle vliegdekskepe sal teen daardie tyd ook aan diens onttrek wees, het Wilson aan= gekondig".

zijn') > 'sal weggeneem word' - die onvoltooide toe= komende passiewe vorm. 'Sal genooi wees' (14: 8 - 'genood zult zijn') word ook in navolging van die Nederlands gebruik en word deur die perfektiewe pas= sief uitgenooi is vervang. 'Uitgenooi sal wees' (14: 10 - 'genood zult zijn') word ook na die perfektief, naamlik 'uitgenooi is', verander. Vergelyk verder:

'afgesit sal wees' (16: 4 - 'afgezet zal wezen')> 'afgesit is';

'sal geag wees' (20: 35 - 'zullen geacht zijn') > 'geag word' (presens);

'Vervul sal wees' (21: 24 - 'vervuld zullen zijn') word na die perfektief 'vervul is' verander, [1] en die argaïese 'bekleed sal wees' (24: 49 - zult aange= daan zijn') word deur die pasliker en minder boekerige 'toegerus is' vervang.

Tydsverandering is dus die belangrikste kenmerk van bo= staande wysigings, en in die meerderheid gevalle word ná 1922 'n perfektiewe konstruksie gebruik.

6.15.5 Die plusquamperfectum

6.15.5.1 Veranderings van 'passief' na 'aktief' (geskied was > gebeur het)

---

1) Vgl. ook 22:16.

Laastens word daar na passiewe konstruksies met betrekking tot die plusquamperfectum [1] verwys. Veranderings van die passief na die aktief kom voor - vergelyk: 'hy was ... gebind ... en was deur die duiwel in die woestyne gedryf' (8: 29 - 'hij werd ... gebonden ... en werd van den duivel gedreven') 'hul=le het hom gebind ... en die duiwel het hom in die woestyne gedrywe'; 'ingesuur was' (13: 21 - 'gezuurd was') > 'gerys het'-die 1922-vertaling gebruik ver=keerdelik die plusquamperfectum terwyl die res van die sin in die presens is,en in 1953 het die vertalers na 'ingesuur is' verander. 'Wat van Hem geskryf was' (24: 27 - 'geschreven was') verskil eintlik nie radi=kaal van die vervangende 'wat op Hom betrekking het nie' (behalwe t.o.v. tyd). Weer eens word in argaïsme uitgeskakel as 'geskied was' (24: 35 - 'ge=schied was') na 'gebeur het', verander word.

6.15.5.2 Vervanging van die plusquamperfectum deur die per=fektum (was uitgestuur > is gestuur)

---

1) "Die onderskeiding van die voorverlede en die verlede tyd kom veral voor wanneer twee handelinge of toestande in verbonde sinne, bv. hoofsin en bysin, genoem word" (M. de Villiers 1968: 17).

Die passief word in die volgende veranderings van die plusquamperfectum behou:

'was ... uitgestuur' ('werd ... gezonden') word na die perfectum 'is ... gestuur' gewysig;

'gesê was' (2: 17 - 'gezegd was') > 'vertel is'; [1)]

'deur die engel genoem was' (2: 21 - 'genaamd was van den engel' > 'deur die engel gegee is';

'beveel was' (17: 9 - 'bevolen was') > 'beveel is'.

6.15.6 Samevatting

Ten opsigte van die lydende vorm blyk dit dat daar veel meer gevalle is wat ná 1922 na die bedrywende vorm oorgeskakel word as wat daar verskuiwings van die aktief na die passief is. Hierdie veranderings kan belangrike implikasies (selfs teologies van aard) hê. Die verdere wysigings ten opsigte van die lydende vorm behels veranderings van tyd en modaliteit, na= tuurliker spreekwyses word ná 1922 gebruik waar fou= tiewe passiewe konstruksies reggestel word en beteke= nisverskille soms na vore tree.

Veral opvallend is die 1922-konstruksies bestaande uit 'n voltooide deelwoord plus is/was plus ook nog

---

1) Vgl. ook: 2: 18; 18: 34.

die oorbodige voltooide deelwoord geword. Ná 1922 word òf is òf was òf geword behou en die oorbodige woord (hetsy is, was of geword) weggelaat, of 'n nie= passiewe konstruksie word gebruik.

Passiewe konstruksies wat die voltooid toekomende tyd aandui (d.w.s sal + voltooide deelwoord + wees), word ná 1922 deur ander konstruksies in die lydende vorm, hoofsaaklik in die perfek, vervang.

Dit val ook op dat daar ná 1922 'n tendens is om die plusquamperfectum deur die passief perfek of deur konstruksies in die bedrywende vorm te vervang.

Verandering ten opsigte van tyd en modaliteit word aange= bring, en die woordgroepe van die vertalings ná 1922 verteenwoordig oor die algemeen 'n natuurliker styl, terwyl betekenisveranderings en betekenishelderheid bevorder word.

6.16 DIE IMPERATIEF

Sekere veranderings word ten opsigte van die imperatief aangebring. Hierdie wysigings sal in twee groepe be= spreek word, naamlik die positiewe imperatief en die negatiewe imperatief, dit wil sê opdragte wat aandui wat gedoen en nie gedoen moet word nie.

6.16.1 Die positiewe imperatief (laat los > spreek vry)

Die volgende veranderings word ten opsigte van die positiewe imperatief aangebring: [1] 'En sal Sy naam noem Jesus' (1: 31 - 'en zult ... heeten'), word duideliker gestel met 'en jy moet Hom Jesus noem'. Hierdie sal korrespondeer in Nederlands met die Engelse shall, byvoorbeeld You shall not do it. Teenswoordig kom dit nog in baie vertaalde grondwette voor soos by= voorbeeld: 'Die naam van die vereniging sal ... wees'; 'Die Sekretaris sal notule hou'. Dit word in Afrikaans òf deur moet òf deur die gewone indikatief weergegee: 'Die naam ... is ...'

Ook 'sê ... dat hy brood word' (4: 3 - 'zeg ... dat hij brood worde') word verbeter met 'sê ... dat dit brood moet word'. 'Vertoon uself' (5: 14 - 'vertoon uzelven') word uitgebrei na 'gaan vertoon jou'. 'Verbly u' (6: 23 - 'verblijd u') is 'verhewener' as 'wees bly', maar die verdere verandering in dieselfde vers van 'wees vrolik' ('zijt vrolijk') na 'spring op' is 'n radikale verandering ten opsigte van betekenis (DBB vertaal met spring rond van vreugde en IGE het σκιρτήσατε verklaar met leap for joy). Dit wil dus voorkom asof die verandering in 1929 in hierdie geval ook ten goede was.

---

1) Om sekere woorde uit te lig word sommige aanhalings met enkelhakies aangedui, maar om die lees te vergemaklik word ander voorbeelde onderstreep.

Die ongewone vorm 'Het u vyande lief' (6: 27 - hebt ... lief) word verbeter na 'Maar ... julle moet julle vyande liefhê' - 'het' word as werkwoord in 'n stel= sin in Afrikaans slegs na 'n naamwoordstuk gebruik en nie as eerste lid van 'n sin nie, en dit is duidelik dat dit weer die invloed van die Nederlands is wat in 1922 hier gegeld het. [1] Laat los (6: 37) verskil in betekenis van spreek vry. (In hierdie geval het DBB ook spreek vry.) Bondigheid word verkry met die verandering van gaan heen en boodskap (7: 22 - gaat heen, en boodschapt) na gaan vertel. Die hoogdrawende wyk van my af (13: 27 - wijkt van mij af), word deur die gebruikliker Gaan weg van My vervang. 'Plaas u in die laaste plek' (14: 10 - 'zet in') is in die konteks ongewoon vir Afrikaans, en die vervangende neem ... in is 'verhewener' as die gebruikstaal: gaan sit (DBB: kom sit hier). 'Gee ag op uself!' (17: 3 - Wacht uzelven!) word na 'Pas op vir julleself' verander (sonder uitroepteken) (DBB: Wees dus self op julle hoede'). 'Wees oor vyf stede' (19: 19 - 'wees over vijf steden') is onduidelik en word verander na 'jy moet wees oor vyf stede', wat nie juis verhelderend is nie (DBB: kry die bestuur oor).

---

1) Vgl. ook 6: 35.

Wag u van (20: 46 - Wacht u van) korreleer benewens die spelling volkome met die Nederlands (vgl. 12: 15 hoër op) en word duideliker in 1929 met Pas op vir. Die woord waak kom reeds in 1917 se AWS voor, terwyl wag met die betekenis 'waak' nie aangegee word nie; gevolglik is dit duidelik dat die 1922-vertalers op plekke eenvoudig die Nederlandse teks op die voet ge= volg het, selfs waar gebruikliker Afrikaanse woorde beskikbaar en bekend was. Net soos die geval in Luk. 8: 8 was, word moet in Luk. 22: 36 deur laat vervang: 'wie 'n beurs het, moet die neem' ('wie een buidel heeft, die neme hem') > 'die wat 'n beurs het, laat hom dit neem' - albei keuses is ewe aanneemlik (mits die neem na dit neem verander word). Die onafrikaanse Kruis Hem, Kruis Hem (23: 21) is afgesien van die hoof= letter in die tweede Kruis identies met die Nederlands en word na kruisig, kruisig Hom! verander.

'n Woordgroep wat nie die imperatief aandui nie, naamlik die bysin: as u uitgaan (10: 10 - uitgaande) word na die bevelsin gaan uit verander. (Moontlik het die 1922-vertalers hier met as 'wanneer' bedoel en nie 'indien' nie.)[1)]

---

1) Verdere soortgelyke voorbeelde as bogenoemdes kom voor in 8: 8, 39, 48, 50; 9: 12, 23 ops., 35; 12: 1, 15; 17: 7; 18: 42; 20: 24, 25; 22: 51.

Soos aangedui is daar in sommige van die bogenoemde imperatiewe konstruksies 'n groot mate van ooreenkoms tussen die verskillende bewoordings, maar gevalle van radikale verskille kom ook voor. Die modale hulpwerk= woord moet kom in 1922 uiters selde voor - meer dikwels daarna. Sekere opdragte van 1922 is heeltemal onduide= lik en word eers in die weergawes van na 1922 verstaan= baar.

6.16.2 Die negatiewe imperatief (ween nie > moenie huil nie)

Onderstaande wysigings geld die negatiewe imperatief. Soms het die vertalers van 1922 by die negatiewe opdrag met die werkwoord begin en nie met die modale hulpwerk= woord moet plus die ontkenningswoord nie nie: eis nie meer ... nie (3: 13 - Eischt niet meer) > 'moenie meer invorder ... nie' - die betekenis van die werkwoorde verskil, tog oorvleuel die sinsbetekenis. 'n Voorbeeld van waar die latere vertalers met groot wins van die geforseerde Nederlandse styl weggekom het, is die vol= gende: Doen niemand oorlas aan en ontneem niemand die syne met bedrog nie en laat u vergenoeg met u besol= diginge (3: 14 - Doet niemand overlast, en ontvreemd niemand het zijne met bedrog, en laat u vergenoegen met uwe bezoldingen) > 'Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy'. Dit is 'n besondere voorbeeld van hoe die vertalers ná 1922 oortollige woord=

tollige woordgebruik uitgeskakel het (vyftien woorde is in 1929 gebruik teenoor die negentien van 1922). 'n Goeie voorbeeld van hoe die 1929-vertalers na gebruikstaal oorgeskakel en van 'n 'verhewe' woordkeuse weggekom het, kom in Luk. 8: 52 voor: Ween nie (Schreit nie) > 'moenie huil nie' (vergelyk hiermee Luk. 7: 13, waar ween in 1929 behou is). Die gebruikliker 'Moenie my lastig val nie' (1929) vervang Doen my geen moeite aan nie (11: 7 - Doe mij geen moeite aan). Vergelyk verder:
so wees nie besorg ... nie (12: 11 - zoo zijt niet bezorgd) > 'moet julle nie kwel nie' (slegs die woord so van 1922 is hinderlik);
wees nie besorg vir (12: 22 - zijt niet besorgd voor) > 'moenie julle kwel oor' - in hierdie geval is dit die voorsetsel vir wat uit die Nederlands oorgeneem is wat hinder - dit moes oor gewees het;
Vra nie wat u sal eet ... en wees nie wankelmoedig nie (12: 29 - vraagt nie, wat gij eten ... en weest niet wankelmoedig) > 'Julle moet ook nie soek (onbevredigend!) wat julle sal eet ... en julle nie ongerus maak nie' (ook onbevredigend!) (DBB: 'Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet ... en julle moenie besorg wees nie'). Die bewoording wees nie wankelmoedig nie is tipiese Totiaanse 'Bybeltaal'.

Die verandering so roep nie u vrinde (14: 12 - zoo roep niet) > 'moenie jou vriende nooi' bring 'n duidelike

gebruik uitgeskakel het (nege woorde is in 1929 gebruik teenoor die negentien van 1922). 'n Goeie voorbeeld van hoe die 1929-vertalers na gebruikstaal oorgeskakel en van 'n 'verhewe' woordkeuse weggekom het, kom in Luk. 8: 52 voor: Ween nie (Schreit nie) > 'moenie huil nie' (vergelyk hiermee Luk. 7: 13, waar ween in 1929 behou is). Die gebruikliker 'Moenie my lastig val nie' (1929) vervang Doen my geen moeite aan nie (11: 7 - Doe mij geen moeite aan). Vergelyk verder:
so wees nie besorg ... nie (12: 11 - zoo zijt niet bezorgd) > 'moet julle nie kwel nie' (slegs die woord so van 1922 is hinderlik);
wees nie besorg vir (12: 22 - zijt niet besorgd voor) > 'moenie julle kwel oor' - in hierdie geval is dit die voorsetsel vir wat uit die Nederlands oorgeneem is wat hinder - dit moes oor gewees het;
Vra nie wat u sal eet ... en wees nie wankelmoedig nie (12: 29 - vraagt nie, wat gij eten ... en weest niet wankelmoedig) > 'Julle moet ook nie soek (onbevredigend!) 'wat julle sal eet ... en julle nie ongerus maak nie' (ook onbevredigend!) (DBB: 'Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet ... en julle moenie besorg wees nie'. Die bewoording wees nie wankelmoedig nie is tipiese Totiaanse 'Bybeltaal'.

Die verandering so roep nie u vrinde (14: 12 - zoo roep niet) > 'moenie jou vriende nooi', bring 'n duidelike

verskille tussen die vertalings minder opvallend en kom die verandering eintlik slegs daarop neer dat die bewoording van die jonger vertalings nader aan die spreektaal lê. Radikale betekenisveranderings word in sommige gevalle aangebring. Die enkele kere wat die modale hulpwerkwoord moet in 1922 voorkom, word dit deur die hulpwerkwoord laat vervang.

By die negatiewe imperatief is dit opvallend dat die 1922-vertalers nie 'n sinsnede met 'n naamwoordstuk of modale hulpwerkwoord moet en ontkenningswoord nie begin nie maar met 'n werkwoord - die belangrikste aan= vulling ná 1922 is dan die toevoeging van die ontbreken= de hulpwerkwoord en ontkenningswoord. 'n Nederlandse styleienskap wat glad nie in Afrikaans deug nie, is in die gevalle ten onregte in Afrikaans ingedra. Die 'deftiger' woorde van 1922 word daarna grootliks vermy, en betekenisverheldering kom telkens voor, hoewel sekere veranderings verder verbeter kon word.

Die voorgaande veranderings wat ten opsigte van sowel die positiewe as die negatiewe imperatief aangedui is, toon baie duidelik in hoe 'n mate daar teen 1929 van die Nederlands wegbeweeg is en dat taalverfyning en be= reiking van die idiomatiese Afrikaanse segging in die tweede vertaling reeds baie gevorder het. Soos aan= gedui kom daar ook die gevalle voor wat nog onbevredi=

gend is.

6.17 Konstruksies met 'om ... te'/'te'

6.17.1 Woordgroepe wat 'dat'/'sodat' plus modale hulpwerkwoord bevat en wat deur 'n woordgroep wat 'om ... te' bevat, vervang word (dat hy sou ingaan > om in te gaan)

Die eerste groep behels woordgroepe van 1922 se vertaling wat die voegwoorde dat (en 'n enkele keer sodat) plus modale hulpwerkwoord bevat en hierdie woordgroepe word deur konstruksies met om ... te vervang. Die volgende gevalle kom in Lukas voor: 'Die lot op hom val dat hy sou ingaan' (1: 9 - 'dat hij zoude ingaan') word deur 'het die lot op hom geval om in te gaan', vervang, en die hoogdrawende 'dat Hy barmhartigheid sou doen ... gedagtig sou wees' (1: 72 - 'Opdat Hij barmhartigheid dede ... gedachtig ware') word na 'om barmhartigheid te bewys ... te dink' vereenvoudig. 'Sodat hulle offerande kon gee'(2: 24 - 'opdat zij offerande gaven') word verander na 'en om die offer te gee', wat ook onbevredigend is (DBB: Hulle het ook die reinigingsoffers gebring). 'Dat God selfs ... kindere kan verwek' (3: 8 - 'dat ... zelfs ... kan verwekken') is onduidelik en word deur 'mag het om ... kinders op te wek' vervang, wat duideliker is.

Vergelyk ook die volgende veranderings van 'n impera= tief- na 'n infinitiefkonstruksie:

'gebied dat hy ... sal uitvaar' (8: 29 - 'geboden, dat hij ... zou uitvaren') > 'bevel gegee om ... uit te gaan';

'bid Hem dat Hy ... sal weggaan' (8: 37 - 'boden Hem dat Hij ... wegging') > 'Hom gevra om van ... weg te gaan';

'bid ... dat Hy (sic!) by Hem mag wees' (8: 38 - 'bad ... dat hij mocht bij Hem zijn') > 'gebid om by Hom te kan bly' - wat die betekenis ook duideliker laat blyk;

'beveel dat hulle ... sou sê nie' (9: 21 - 'gebood dat zij ... zeggen zoude') > 'gebied om dit nie te vertel nie;

'gebid dat hulle ... sou uitwerp' (9: 40 - 'gebeden dat zij ... zou uitwerpen') > 'gebid om ... uit te drywe';

'bid ... dat Hy ... sou eet' (11: 37 - 'bad ... dat Hij ... wilde eten') > 'uitgenooi om ... te kom eet' (hier kom ook betekenisverandering);

'word ... eens dat hulle ... sou gee' (22: 5 - 'zijn het eens geworden, dat zij ... geven zoude') > 'ooreen= gekom om ... te gee';

'lê hom die kruis op, dat hy die ... sal dra' (23: 26 - 'legden op, dat hij ... droege') > 'sit die kruis op hom om dit ... aan te dra'. (Die modale hulpwerkwoord moes sou in 1922 van pas gewees het - dus moes dra i.p.v. sal dra.)

Dit is opmerklik dat die Nederlands in elkeen van die genoemde gevalle dat of opdat het en dat die infini=

tiefkonstruksie 'n veel vloeiender en natuurliker ritme bewerkstellig.

6.17.2 Woordgroepe met 'dat' en sonder hulpwerkwoord en wat deur 'n konstruksie met 'om ... te' vervang word (dat ... deur ... gaan > om deur ... te gaan)

Tweedens is daar voorbeelde van dat wat sonder gepaardgaande hulpwerkwoorde voorkom: 'Dit geskied ... dat Hy leer' (5: 17 - 'dat Hij leerde') word na die perfektum 'was Hy besig om te leer' verander; 'laat my toe dat ek afskeid neem'(9: 61 - 'dat ik afscheid neme') na 'laat my toe om afskeid te neem' en 'dit is makliker dat 'n kameel deur ... gaan' (18: 25 - 'dat een kameel ga door') na 'dit is makliker) vir 'n kameel om deur ... te gaan'.

Dit is veral die voorafgaande werkwoord wat vereis dat die dat-bysin deur 'n om ... te-woordgroep vervang moet word om gebruikliker Afrikaans te verkry. Wat die werkwoord self betref, word daar met die vervangende woorde in sommige gevalle nader aan die idiomatiese segging beweeg.

6.17.3 Woordgroepe waarin 'n hulpwerkwoord sonder dat voorkom en wat deur 'n woordgroep met 'om ... te'/ 'te' vervang word.

6.17.3.1 Ww. + hww. > ww. + 'om ... te'/'te' ('gebid het > om te bid')

Anders as in die voorgaande twee afdelings kom dat nie in die volgende woordgroepe voor nie maar wel 'n hulpwerkwoord, en hierdie woordgroepe word ook deur 'n infinitiefgroep vervang - vergelyk: 'en gebid het' (3: 21 - en bad) > 'en besig was om te bid'. In eersgenoemde word aangedui dat die gebed op daardie tydstip voltooi was en in laasgenoemde dat die gebed nog aan die gang was - dit is dus 'n aspektiese ver=skil. 'Hulle het Hom almal verwag' (8: 40 - 'zij waren ... Hem verwachtende') is gebruikliker as 'almal was Hom te wagte', terwyl 'wat doende sal ek' (10: 25 - 'wat doende zal ik') blote navolging van die Nederlands is en na 'wat moet ek doen om te' verbeter word. In 'ek het nie wat ek hom sal voorsit nie' (11: 6 - 'ik heb niet, dat ik hem voorzette') word die 1922-bewoor=ding deur 'ek het niks om ... voor te sit' vervang (hier is om ... te 'n vereiste). Die eienaardige moes (i.p.v. moet) in die sin: 'Dit moes 'n mens doen' (11: 42 - 'Dit moest men doen') is 'n oordrewe navol=ging van die Nederlands teen die taaleie in en word deur 'behoort te' vervang. (GN het should, DBB moet en RSV ought.)

Vergelyk ook die volgende gevalle wat voorkom: 'Ek het 'n doop om mee gedoop te word' (1929) vervang 'Ek moet met 'n doop gedoop word' (12: 50 - 'Ik moet met eenen doop gedoopt worden'). (Deur die toevoeging

van die bywoord daar en weer die gebruik van die modale hulpwerkwoord moet, slaag Die Blye Boodskap-vertalers daarin om 'n vloeiender, verstaanbaarder bewoording te bewerkstellig, naamlik: 'daar is 'n doop waarmee Ek gedoop moet word'.) Daar is 'n fyn nuanseverskil tussen 'moet werk' (13: 14) en 'behoort te werk' - eersgenoemde dui op dwang en laasgenoemde op 'n vermaning. Die imperfek 'moes ... loslaat' (23: 17 - 'moest loslaten') word na 'was verplig om los te laat' verander, wat duidelikheid bevorder.

In die meeste van die bogenoemde gevalle bring die nuwe infinitiefgroep 'n suiwerder segging mee, maar daar is ook die enkele gevalle waar die vervangende woordgroep ook nie bevredigend is nie of selfs verder van die gebruiklike af as die 1922-woordkeuse is. Betekenisverskil kom ook voor.

6.17.4 Historiese presens word deur woordgroepe in die voltooide tyd wat 'om te'/'te' bevat, vervang (en bid > 'was ... besig om te bid')

In die onderstaande gevalle word die historiese presens [1] deur 'n om ... te-konstruksie vervang - ver=

---

1) Volgens M. De Villiers (1968: 62) het Jespersen die benaming 'dramatic present' bo 'historic present' verkies.

gelyk:

en bid (1: 10 - biddende) > 'was ... besig om te bid';

laat ... inkom (8: 51 - liet ... inkomen) > 'het ... toegelaat om in te gaan' - benewens die tydsfaktor verskil hierdie bewoordings nie eintlik ten opsigte van verhewenheid of betekenis nie. Bemerk (9: 11 - dat verstaande) dui op eie waarneming en 'het ... te wete gekom' kan impliseer: 'met of sonder toedoen van andere inligting bekom'. Leer (13: 10 - leerde) wat duratief is, word deur 'was besig om ... te leer' ver= vang, wat ook duratief is. Vergelyk verder:

kom nader (15: 1 - naderden) > 'het die gewoonte gehad om na Hom te kom' - dit behels betekenisaanvulling; [1)]

stuur ... en sê (19: 14 - zonden hem ... zeggende) > 'het ... gestuur ... om te sê';

leer ... en verkondig (20: 1 - leerde, en verkondigde) > 'besig was om ... te leer en ... te verkondig' (vgl. 13: 10 hoër op).

Benewens enkele betekenisverskuiwings en die vervanging van die historiese presens deur die uitdrukkings wat die tydhulpwerkwoord het en was bevat, sit daar in hierdie

---

1) Die onderstreepte woorde tussen hakies van die 1929-verta= ling (Luk. 15: 1) kom glad nie in 1922 voor nie en het geen ekwivalent nie.

wysigings die belangrike aspek dat in baie gevalle die duratiewe eienskap sterker na vore gebring word.

6.17.5 Die kort infinitief word deur die lang infinitief vervang (begin ... te sê > begin ... om ... te sê)

D.F. Malherbe (1921: 70) het in 1921 geskryf dat die infinitief met om te "uiters ongewoon" is in Afrikaans, "veel meer as in Nederlands". [1] Tog is daar in 1922 'n neiging om die 'kort' infinitief, dit wil sê die skakel te (vgl. Van der Walt 1969: 90) [2] te gebruik, en dit word van 1929 af deur die 'lang' infinitief om te vervang. In Middelnederlands kom die infinitief in sy komplementfunksie met of sonder te voor (Stoett 1923: 202). Waar die opsionele weglating van om in Afrikaans baie seldsaam is, is dit in Middelnederlands meestal te wat weggelaat kan word. Verkuyl e.a. (1974: 174 e.v.) noem te die komplementeerder by die infinitief. Vergelyk die volgende:
'begin ... te sê' (4: 21 - 'begon ... te zeggen') > 'begin ... om ... te sê' (vgl. ook 5: 23, waar sowel 'om

---

1) 'n Interessante uiteensetting van die Hollandse gebruik van om te kom voor in C.J. van Rijn se 'Praktiese Hollandse (sic) spraakkunst voor Zuidafrikaanse Scholen' 1916: 97 - 98.

2) HAT noem hierdie te die "aanduidende betrekking tot werkwoord" en Ponelis (1967: 45) noem dit die "modale partikel".

te sê' asook 'te sê' voorkom - 1929 se vertaling het in albei gevalle 'om te sê' en die Nederlands in beide gevalle 'te sê'). [1] Mens sou egter hier na begin die infinitief sonder om te verwag - begin sê (soos begin praat/werk/eet - DBB gebruik in hierdie vers begin sonder om te);

'Geoorloof is te doen' [2] (6: 2) > 'om ... te doen'; [3] betekeniswysiging kom voor by die verandering: 'te verstaan' (8: 10 - 'om ... te ken' (DBB behou laasgenoemde);

'iets te ete sal gee' (8: 55 - te eten geven zou) > iets moes gee om te eet - hier is dit die vorm en sinsposisie van te ete teenoor te eet wat die gebruik van

---

1) Vgl. ook 7: 24; 11: 29.

2) Die gebruik van slegs te is die gevolg van die invloed van die Nederlandse gebruikswyse (vgl. Van Rijn 1916: 98 3(a)); vgl. ook De Vooys 1967: 163: "Men zou kunnen zeggen, dat in de tegenwoordige taal *te* het werkwoordelijk karakter van de infinitief versterkt. De verbleking van *te* leidde tot het opkomen van een nieuwe verbinding met *om* dat eveneens een finale functie aangaf: de verbinding *om(me)* te is reeds Middelnederlands, en in de tegenwoordige taal is voor die finale functie *om te* de normale aanduiding (b.v. "Wij gaan daarheen om feest te vieren"). Echter is dit *om te* ook ver buiten de grenzen van zijn oorspronklijk gebied in gebruik gekomen, zodat het vaak naast *te* wordt gebruikt. Het is moeilijk hierbij vaste regels te geven, al zou men misschien kunnen zeggen, dat *om te* na een substantief zich hoe langer hoe meer op de voorgrond dringt, en verder dat familiare taal er een voorkeur voor heeft. B.v. "'t Is om te lachen". "'t is verstandig (om) te komen". "De wens (om) daarheen te gaan".

3) Die Nederlands verskil slegs van 1922 met geoorloofd.

om te gebiedend maak;

'begeer versadig te word' (16: 21 - 'begeerde versa=digd te worden') > 'verlang om hom te versadig' - begeer dui 'n sterker emosie as verlang aan;

'n Nederlandisme 'soek ... die hande aan Hem [1] te slaan' (20: 19 - 'zochten ... de handen aan Hem te slaan') > 'probeer ... om die hande aan Hom te slaan';

'begeer ... te eet' (22: 15 - 'begeerd ... te eeten')> 'verlang ... te eet'.

Uitskakeling van die historiese presens vind plaas met die wysiging van 'hoop ... te sien' (23: 8 - 'was be=geerig geweest te zien') na 'was ... begerig om ... te sien' - hier is dit die 1922-woord wat 'n swakker emosie as die 1929-werkwoord uitdruk: hoop > begerig.

Ten spyte van bogemelde stelling van Malherbe en ten spyte van die feit dat hy ook vir die 1922-Bybelverta=lingspan taaladviseur was, word bostaande voorbeelde van die gebruik van die kort infinitief volgens die voorbeeld van die Nederlandse vertaling in die 1922-Afrikaanse Bybel aangetref. Ná 1922 word daar volgens die Afrikaanse reël met om te vertaal.

---

1) Die Nederlandse vorm Hem word in 1922 gebruik as daar na Christus verwys word en die Afrikaanse vorm hom waar ge=wone persone aangedui word.

6.17.6 Verdere wysigings met betrekking tot 'om ... te'-konstruksies ('om te behou' > 'maar te red')

Enkele verdere verskille is die volgende: In Luk. 6: 18 het die 1922- en die Nederlandse vertaling twee maal om ... te, maar in die latere bewoording word een om uitgeskakel [1] en die ritme sodoende bevorder. [2]

Die lang infinitief 'om te behou' (9: 56 - 'te behouden') word na die verstaanbaarder uitdrukking met die kort infinitief: 'maar te red' verander.

Die woord soek (13: 7 - zoekende) in die woordgroep soek vrug vestig die aandag op die aksie, terwyl die vervangende 'om te soek' meer die klem op die intensie laat val (DBB vertaal met kom soek).

Daar is nie veel verskil ten opsigte van die betekenis van die volgende sinsnedes nie: 'Hulle te verbly en God te loof' (19: 37 - 'zich te verblijden, en God te loven') en 'God met blydskap te prys' - laasgenoemde

---

1) Vgl. ook 21: 36.

2) Om kan soms 'n voorsetsel heet, byvoorbeeld waar dit met 'n naamwoordstuk verbind word. Ook waar om 'n bywoordelike bysin van doel inlei, noem Ponelis (1969: 82) dit 'n voorsetsel en nie 'n voegwoord nie. Grieshaber (1978: 41) onderskei verskillende tipes om'e en sê dat om soms na 'n voegwoord lyk en soms "na 'n soort partikel" wat heg met te verbind, eerder as na 'n voegwoord wat met die hele res van die bysin verbind word.

is bondiger en omdat daar net een werkwoord in voorkom, word slegs een te gebruik (DBB vertaal sonder te: God ... begin prys). Die infinitiefgroep 'hulle te verbly' word deur 'n voorsetselgroep met blydskap vervang. 'Afrikaaansheid' word ook in bogenoemde gevalle deur die wysigings bevorder.

6.17.7 Woordgroepe met 'begin' wat ná 1922 gewysig word ('begin te oorlê' > begin redeneer')

Daar is ook gevalle waar die infinitiefkonstruksie ná 1922 verval, en dit is opvallend dat die woord begin in die meeste gevalle vooraan die 1922-infinitiefgroep staan. Die veranderings is van so 'n aard dat die woord begin (soms vergesel van die modale hulpwerk= woord sal of die hulpwerkwoord van tyd, naamlik het) in die vervangende woordgroep behou word. Begin is 'n woord wat met die daaropvolgende werkwoord skakel en die om ... te-konstruksie dus in goeie Afrikaans oor= bodig maak.

Vergelyk die volgende: Die vreemd klinkende 'begin te oorlê' (5: 21 - 'begonnen te overdenken') word deur die gebruikliker 'begin redeneer' vervang en 'be= gin te spreek' (7: 15 - 'begon te spreken') word na die minder 'verhewe' 'begin praat' verander. Vergelyk verder die oorskakeling van 'begin ... nat te maak' (7: 38 - 'begon ... nat te maken') na 'begin natmaak'

en van 'begin te daal' (9: 12 - 'begon te dalen') na 'begin daal'. 'Begin te sê' (12: 1 - 'begon te zeg=gen') word in 1929 na 'begin sê' gewysig, maar in 1933 word weer na die te-konstruksie teruggekeer, naam=lik: 'begin ... aan ... te sê' en dit word in 1953 so behou (DBB verkort tot begin praat).

Vergelyk ook die veel soepeler ritme wat in die volgen=de geval bewerkstellig word deur die uitskakeling van die baie te's ná 1922: 'begin ... te slaan ... te eet ... te drink ... dronk te word' (12: 45 - 'beginnen ... te slaan ... te eten ... te drinken ... dronken te worden')> 'begin slaan ... begin eet ... drink ... dronk word'. Die presens 'begin te bespot' (14: 29 - 'beginnen te bespotten') word deur die futurum 'sal begin spot' vervang, en 'begin gebrek te ly' (15: 14 - 'begon ge=brek te lijden') word in 1929 na die perfek 'het begin gebrek ly' verander en in 1933 na 'het begin om gebrek te ly' ('n terugkeer na 'n om ... te-woordgroep) maar in 1953 word dit weer 'het begin gebrek ly' (DBB se bewoording stem met laasgenoemde ooreen).

Uitskakeling van sê en te vind plaas as 'begin te sê' (20: 9 - 'begon ... te zeggen') na 'begin vertel' verander word. Die argaïese 'begin te geskied' (21: 28 - 'beginnen te geschieden') word gemoderniseer na 'begin gebeur'. 'Begin ... te vra' (22: 23 - 'begonnen

... te vragen') word na 'begin ... vra' verkort. 'Begin ... te beskuldig' (23: 2 - 'begonnen ... te beschuldigen') word in 1929 'begin om ... te beskuldig' (oorskakeling van die kort infinitief te na die lange: om te) maar word in 1933 verander na 'begin ... beskuldig', en in 1953 word 'n tydsverandering aangebring: 'het ... begin beskuldig' (DBB: het begin deur te sê).

Die volgende uitsondering kom ook voor waar die woord begin ná 1922 weggelaat word: die tydhulpwerkwoord was (1929) vervang 'begin ... te wees' (3: 23 - 'begon ... te wezen') in die sin: 'En Hy, Jesus, begin omtrent dertig jare oud' te wees. Dit moet 'n vertaalkwessie wees - 1922 het nie veel sin nie! (IGE vertaal ἦν ... ἀρχόμενος met was ... beginning en DBB het ook was ... omtrent dertig.) Gewoonlik is dit in Afrikaans onnodig om na begin 'n om ... te-konstruksie te gebruik, en die veranderings wat na 1922 aangebring is, het dus 'n bondiger gebruikstaal tot gevolg gehad.

6.17.8 Konstruksie met 'te'/'om ... te' (sonder 'begin') wat ná 1922 gewysig word (begeer om ... te > wil)

Daar is ook ander gevalle (sonder die woord begin) waar die te/om ... te-konstruksie ná 1922 verander word - vergelyk: Die tydhulpwerkwoord was in Luk. 2:

39 vervang in 1929 die woordgroep te doen was. 'n Voltooide deelwoord neem in die volgende twee gevalle ná 1922 die plek van die om ... te-groep in: 'sonder om ... te eet' (7: 33 - noch ... etende) > het nie ge=eet en 'of ... te drink' (7: 33 - drinkende) > of ge=drink. Die modale hulpwerkwoord wil (1929 - 'U moeder ... wil U sien') vervang die woordgroep: 'begeer om ... te' (8: 20 - begeerende ... te).

Die verhewe Nederlandistiese 'om die te beproef' (14: 19 - 'om die te beproeven') word verander na gaan hulle probeer. (DBB het ook probeer!) Die onafrikaan=se 'behoor ... te wees' (15: 32 - 'behoorde ... te zijn') word verbeter na moet tog wees en 'wie van hulle die meeste skyn te wees' (22: 24 - 'scheen ... te zijn') na geag moet wees. Tydsverandering kom in die volgen=de verandering voor: 'wens ... los te laat' (23: 20 - willende ... loslaten) > wou loslaat - 'n verbetering van Afrikaanse segswyse om begeerte uit te druk. Die voorsetselgroep vir hierdie skouspel (1929) vervang die woordgroep 'om dit te aanskou' (23: 48 - 'om dit te aanschouwen') - eersgenoemde is 'n meer poëtiese taal=gebruik.

6.17.9 Samevatting

Natuurliker, gebruikliker segging en bondiger weerga=

wes en in sommige gevalle 'n mate van betekeniswysiging (vgl. die gebruik van moet) is kenmerke van die veran= derings wat ná 1922 aangebring is. Enkele betekenis= verskuiwings word veroorsaak deurdat tydsveranderings van die presens na perfek/imperfek voorkom saam met die verandering van 'n nie-infinitiewe woordgroep na 'n infinitiefgroep. Woordgroepe wat 'n hulpwerkwoord son= der dat bevat en wat deur om ... te-konstruksie vervang word, bring oor die algemeen 'n suiwerder Afrikaanse segging mee. Woordgroepe wat die voegwoord dat plus die modale hulpwerkwoord sal, sou, kan of mag bevat, word deur infinitiefkonstruksies, wat gewoonlik beter met die voorafgaande werkwoord skakel, vervang. Dieself= de geld vir ander woordgroepe met dat sonder hulpwerk= woord - weer eens is dit die werkwoord wat gewoonlik eerder die infinitiefkonstruksie in die neweskikkende bysin vereis. Sekere wysigings gaan met 'n tydsveran= dering gepaard. Die gebruik van die 'lang' infinitief - om ... te - is gewoon in Afrikaans, maar in 1922 kom die kort infinitief - dit wil sê die skakel te sonder om - volgens die Nederlandse model heel dikwels voor. Die nodige aanpassings volgens die Afrikaanse taalsis= teem word van 1929 af aangebring. In Afrikaans is 'n om ... te-konstruksie wat op die woord begin volg (dus: begin om ... te), oorbodig, en van 1929 af word die oortollige woorde uitgeskakel.

6.18 WOORDE WAT OF IN 1922 OF IN DIE JONGER VERTALINGS NIE VOORKOM NIE

6.18.1 Woorde wat na 1922 weggelaat word (dit geskied dat)

In die laaste afdeling word woorde bespreek wat in die 1922-vertaling voorkom en wat geen ekwivalent in die latere vertalings het nie - dus weggelaat word. Ten eerste geld dit die argaïese uitdrukking: dit geskied dat (1: 8 - het geschiedde, dat).[1] Dieselfde uitdrukking, dit geskied, maar sonder dat, kom ook voor in Luk. 5: 12.[2] Hierdie argaïsmes word ná 1922 weggelaat.

('n Vuur) aan brand gemaak het (22: 55 - vuur ontstoken hadden) word verbeter na ('n vuur) gemaak ... het - dit is nog 'n voorbeeld van die ongemaklike, lomp on= afrikaanse soort taalgebruik wat so kenmerkend van die 1922-vertaling is en wat ná 1922 in suiwer Afrikaans omskep word (DBB: was daar 'n vuur).

---

1) Verdere voorbeelde kom voor in Luk. 1: 23; 2: 15, 46; 3: 21; 5: 1, 17; 6: 12; 8: 1; 9: 18, 28; 11: 1, 14; 14: 1; 16: 22; 17: 11; 18: 35; 19: 15, 29; 20: 1; 24: 15. Prof. Grosheide (1916: 17) het gesê: "Verouderde woorden en zinswendingen behooren evenmin in een Bijbelvertaling als stadhuiswoorden of uitdruk= kingen".

2) Vgl. ook 9: 33 en 24: 30.

6.18.2 Woorde wat ná 1922 ingevoeg word (kom nader > het die gewoonte gehad om nader te kom)

Waar die 1922-vertalers die Grieks ἐγγίζοντες (drawing near, volgens IGE) letterlik vertaal het met kom nader (15: 1 - naderden), vertaal die 1929-vertalers met het die gewoonte gehad (om ... te kom) - blykbaar dus 'n vertalingskwessie (DBB het ook die gewoonte gehad). Die bewoording Nee, vader Abraham! (16: 30) word uit= gebrei na Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham - dit is nie duidelik waarom die 1922-vertaling in hierdie geval van die Nederlands wat En hij zeide: Neen, vader Abraham! het, afwyk nie (die Grieks het immers ὁ δὲ εἶπεν - 'but he said' - vgl. IGE). Desgelyks (22: 20 - Desgelijks) - wat op die werkwoord neem in Luk. 22: 19 betrekking het - word uitgebrei na Net so *neem* Hy sodat die werkwoord wat in die 1922-teks geïmpliseer word, nou spesifiek gestel word en die betekenis dus duideliker is. Hierdie twee veranderings bevorder dus eerstens teksgetrouheid en tweedens betekenishelderheid.

6.18.3 Samevatting

Sekere 1922-woordgroepe het in die jonger vertalings geen ekwivalent nie - hulle word dus weggelaat. Dit geld veral woordgroepe wat die argaïese woord geskied as lid bevat, en dit gebeur ook dat die jonger verta=

lings woorde bevat wat in die 1922-uitgawe geen ekwi=
valent het nie. Dit wil dus voorkom asof hierdie ver=
anderings in sekere gevalle teksgetrouheid bevorder
en in die meeste gevalle betekenishelderheid.

GEVOLGTREKKINGS

In hierdie studie het ek in elke hoofstuk (d.w.s. 3 - 6 aan die einde van elke hoofonderafdeling 'n samevatting van die bevindings van die betrokke afdeling gegee, derhalwe gee ek in die volgende bladsye slegs 'n oorkoepelende karakteristiek van die belangrikste eienskappe van die taal van die vier amptelike vertalings van die vier Evangelies in Afrikaans tot en met 1953.

'n Vergelyking van die Afrikaanse vertalings van 1922 tot 1953 met die Statebybel (via die Nederlandse vertaling van 1919) bevestig dat tradisie soos in die Bybelvertalingsgeskiedenis van talle ander tale 'n geweldige rol gespeel het. Dr. S.P.E. Boshoff (1921: 119) het in sy proefskrif gesê dat die Statebybel ongetwyfeld een van die belangrikste hoek- en fondamentstene van die beskawingsgeskiedenis van die Afrikaanse volk was en dat "die invloed wat dit op die volksgees en die taal gehad het", 'n "uitvoerige monografie" verdien. Ds. J.G.H. van der Walt (1933: 732) het verklaar: "Ons taal en woordeskat sal in die toekoms alleen verstaan word as die lig van die ou Statebybel daarop val. Daar is 'n menigte geykte uitdrukkings en spreekwoorde wat baie moeilik die Afrikaanse baadjie kan aantrek. Dit alles bewys wat 'n innige verband daar was tussen ons volk en die ou Bybel".

Prof. B.B. Keet (Oberholster 1958: 89) het gesê dat "in die Bybel kennis gemaak word met 'n tradisie en gedagtewêreld wat

enig in sy soort is", waarin toestande beskrywe en begrippe gebruik word wat 'n buitengewone karakter dra. Dikwels moet nuwe begrippe en uitdrukkings vir sulke begrippe in heidense tale geskep word, maar volgens dr. Keet was dit nie nodig in die geval van die Afrikaanse Bybel nie, "omdat ons met die Nederlandse Statebybel vertroud was. Tog het dit in 'n ander vorm opgeduik, wat juis saamhang met ons kennis van die State= bybel; die probleem dat ons wel die Bybelse uitdrukkinge in Nederlands geken het, maar vorms moes vind wat aan die Afri= kaanse idioom geen geweld sou doen nie. En juis die bekendheid van die Nederlandse Bybel het dié taak swaarder gemaak; daar moes afgebreek sowel as gebou word, en die eerste was dikwels moeiliker as die laaste" (my kursivering).

Prof. Keet (ibid.: 91) het verklaar dat die bekendste gedeeltes van die Skrif die moeilikste was om te vertaal. "Hoe byvoor= beeld moes die Afrikaanse vorm van die Nederlandse: 'Gij zult niet' in die Tien Gebooie daar uitsien? Onthou dat die gemeen= te Sondag ná Sondag die bekende klanke aangehoor het, sodat dit as't ware deel van die erediens geword het. Eers moes bepaal word wat die Afrikaanse vorm vir 'Gij' sou wees. Moes dit wees 'u' of 'jy'? En dan: Wat is die Afrikaanse vorm van 'zult niet'? Soos almal weet, het die 'jy' gewen en 'zult niet' het 'mag nie' geword ..." Prof. Keet het verder gesê dat die 'onse' van die 'Onse Vader' te sterk in die godsdienstige taal van die volk ingeburger was om na 'ons' verander te word. So ver het die tradisie deurgewerk dat selfs die voornaamword 'Hom' oneer= biedig geklink het; van God moes alleen gewag gemaak word

as van 'Hem'" (my kursivering).

Getrouheid aan die oorspronklike was in die vertalings van 1929 tot 1953 die oorheersende beginsel, maar die beginsel waaraan die eerste amptelike vertalers van die Afrikaanse Bybel, dit wil sê die 1922-vertalers, hulle verbind het, was om hulle so na moontlik te hou aan die tradisionele Bybeltaal waaraan die Afrikaanssprekende gewoond was, naamlik die taal van die Hollandse Statebybel - en daarby het hulle gehou, selfs teen die karakter van die moedertaal in. Dit is eers by 'n woordontleding van die teks self, soos in hierdie studie gedoen is, dat die omvang van die afwyking van die Afrikaanse taaleie in die 1922-vertaling ten volle besef word - vergelyk die hoofstukke oor die substantiewe en adjektiewe (3, 4 en 5). In hierdie hoofstukke is die Nederlands slegs aangedui waar die 1922-vertaling daarvan verskil (spelling buite rekening gelaat), en soos opgemerk is, was dit by uitsondering dat verskille aangetoon kon word. Dit impliseer dat die oorsprong van al die onafrikaanse taalvorme wat voorkom (tensy anders aangedui), regstreeks aan die Nederlands toegeskryf moet word. Die Nederlandse woordkeuses is in hoofstuk 6 (waar die werkwoord bespreek word) deurentyd aangetoon, behalwe waar hulle identies met die Afrikaans is, en ook in hierdie afdeling is dit opvallend in watter groot mate die Afrikaanse taaleie deur navolging van die Nederlands te na gekom is. [1] Die skepping

---

1) Die bevinding rym nie heeltemal met prof. Keet (skriftelike mededeling, 1972) se bewering dat die vroeë vertalers nie aan die tradisionele Bybeltaal gebonde was - "dus aan geen woorde van die Statebybel nie". Volgens hom moes hulle eenvoudig die "styl of voorbeeld van die ou Statebybel" volg. Die praktyk bewys egter anders (vgl. bv. 6.3.1. In feitlik elke afdeling van hierdie studie kan woorde aangetoon word wat grootliks met die Nederlands korreleer.

van 'n woordtradisie is kenmerkend van bykans alle tale wat 'n Bybelvertalingsgeskiedenis het, [1] en is in 'n baie groot mate ook 'n kenmerk van die Afrikaanse Bybelvertaling - 'n menigte woorde en uitdrukkings van die Nederlandse teks is in 1922 ten onregte in die Afrikaanse vertaling opgeneem (soos in elke afdeling van hierdie studie aangetoon is).

Prof. Keet vat die rol wat tradisie by die Afrikaanse Bybelvertaling gespeel het, soos volg saam: "Dit blyk dus dat die probleem om die Afrikaanse godsdienstige taal te skep, groter was namate die bekende Nederlandse Bybel elke verandering bemoeilik het; veral ook omdat die vertalers van die standpunt uitgegaan het, dat die breuk met die verlede nie te groot moes wees nie. Die geskiedenis van die Bybelvertaling laat duidelik sien hoe aan die begin 'n ultrakonserwatiewe weg gevolg is, wat later uit reaksie te ver in die teenoorgestelde rigting gegaan het, om eindelik tot die bewandeling van 'n middeweg te lei" (Oberholster 1958: 92 - my onderstreping). Die Afrikaanse Bybel toon tot in 1953 spore van die 'familietrek' van die Statebybel.

In die loop van hierdie studie is deurentyd aangedui dat die 1922-vertaling 'n menigte geykte woorde [2] en sommige totaal

---

1) Hierdie neiging het eers in die tweede helfte van die twintigste eeu met die verskyning van vertalings soos o.a. Good News ten einde geloop.

2) Vgl. 3.8.1.2; 6.3.2; 6.8.2.3.

onverstaanbare begrippe bevat, [1] asook omslagtighede, [2] 'n oormatige gebruik van deelwoorde, [3] onafrikaanse woorde en uitdrukkings[4] en soms dubbelsinnighede. [5] Die nuwe insigte van die vertalers van die jonger weergawes ten opsigte van geografie, argitektuur, kultuurhistoriese en ander gegewens en die grondtaal het aanleiding gegee tot alle betekenis- en nuanseverskuisings wat nà 1922 aangebring is ter bevordering van die duidelikheid, verstaanbaarheid en noukeurigheid van die Afrikaanse Bybel en meestal ook ter verryking van die taaleie;[6] ook onvertaalde woorde word na 1922 wel vertaal, [7] en enkele woorde wat in 1922 ontbreek, word aangevul, terwyl ander uitgelaat word.[8] Suiwerder gebruikstaal word soms slegs deur die verandering van 'n woorddeel bewerkstellig.[9]

---

1) Vgl. 5.4.2; 6.3.8; 6.4.3.4; 6.6.3.1; 6.8.2.4; 6.12.3; 6.13.1.

2) Vgl. 3.3.12; 6.7; 6.10.

3) Vgl. 5.6.1-3.

4) Sulke woorde het deurgaans in die besprekings van bepaalde verskynsels voorgekom en word nie in 'n afsonderlike afdeling bespreek nie; vgl. o.a. 4.12.2.1; 4.13.1.1 - 2; 5.4.1; 6.8.2.3.

5) Daar is ook nie 'n afsonderlike afdeling oor sulke woorde nie maar elke geval word ter plaatse bespreek, vgl. bv. 4.11.2.

6) Vgl. 3.3.9; 3.3.11; 4.15; 6.3.7; 6.6.2.1; 6.6.3.5; 6.8.2.5; 6.11.3; 6.13.2.

7) Vgl. 3.8.2.6 - die laaste paragraaf.

8) Vgl. 5.8; 6.18.

9) Vgl. 3.5; 4.10 - 12; 6.5.6 - 7; 6.6.1.3 - 4; 6.8.1.1.2.

In sommige gevalle bring die verandering 'n verskil in gevoels= waarde mee, [1] maar talle gevalle is ook aangetoon waar daar nie veel verskil tussen die bewoording van die verskillende verta= lings is nie,[2] en dan wil dit dikwels voorkom asof die veran= derings grootliks aangebring is in 'n poging om aan die ban van die Nederlands te ontkom. Maar tog is daar ook enkele gevalle aangetoon waar die jonger vertalings in teenstelling met 1922 se weergawe by die Nederlands aansluit. Die frekwensie van sulke gevalle is egter laag.

Alhoewel kernagtigheid dikwels 'n pragtige eienskap van die eie= taalse segging blyk te wees,[3] kom dit ook soms voor dat die Afrikaanse taaleie juis deur 'n omslagtiger konstruksie tot sy reg kom [4] en word 'n saak soms ná 1922 eksplisieter gestel,[5]

---

1) Vgl. 3.8.4.3; 4.5; 4.9.1.1; 4.12.1 - 2; 4.13.

2) Vgl. 3.8.1.3; 3.8.4.2; 6.3.5; 6.4.3.2; 6.6.3.3; 6.8.2.6. 6.11 2.

3) Vgl. 3.3; 4.18 - 19; 6.7; 6.14.1.2; 6.14.8.2; 6.14.9.3.

4) Vgl. 3.4; 4.17; 6.6; 6.9 - 11; 6.13.

5) Vgl. 3.7; 3.9.1.3; 4.11; 5.8.2.

of meer besonderhede word verskaf. Gevorderde insig in die grondtaal bring dus veranderings van interpretasie mee; in enkele gevalle bevat die jonger vertalings minder spesifieke inligting as die vertaling van 1922. [1]

Die hoeveelheid nie-sinonieme veranderings t.o.v. die 1922-vertaling wat ná 1922 aangebring is, [2] bevestig die belangrikheid daarvan om 'n Bybelvertaling periodiek te hersien. Daar word egter vermoed dat nie alle veranderings verbeterings was nie. [3]

Verder het die vertalers ná 1922 ook daarin geslaag om bepaalde, bestaande en erkende taalverskynsels van Afrikaans sinvoller toe te pas as wat die 1922-vertalers dit gedoen het - vergelyk byvoorbeeld die meervoudsreëls van Afrikaans, [4] die verbuigingsreëls van die Afrikaanse adjektief, [5] die korrekte gebruik van die passief, [6] van die imperatief, [7] en van die om te-infinitiefgroep, [8] die uitskakeling van die gebruik van die plusquamperfec-

---

1) Vgl. 3.5.1; 4.10.2.

2) Vgl. 2.5.2; 3.9; 4.15; 6.3.7; 6.4.3.3; 6.6.2.1; 6.6.3.5; 6.8.2.5; 6.11.3; 6.13.2.

3) Vgl. bv. die uitspraak van A.H. van Zyl 4.13.3.

4) Vgl. 4.2 - 11.

5) Vgl. 5.2 - 3.

6) Vgl. 6.15.

7) Vgl. 6.16.

8) Vgl. 6.17.

tum, [1] van die oorbodige buigings-e by adjektiewe [2] en van gesubstantiveerde adjektiewe. [3] Sekere vormveranderings kom ná 1922 voor, 'n toename in die voorkeur vir werkwoorde met -f-uitgang (eerder as op -we), [4] en die apokopering van -d in die auslaut van woorde is opvallend. [5] Daarby word sekere woorde by uitstek deur alternatiewe vervang. [6] Ver= anderings van tyd [7] en modus [8] is nog 'n opvallende ver= skynsel na 1922, en daar is oor die algemeen ná 1922 'n sin= voller eenheid van grammatika en semantiek. [9]

Groter afwisseling van variante in die 1922-uitgawe kan minstens gedeeltelik aan onsekerheid onder die vertalers self toegeskryf word. Ná 1922 is noulettend gepoog om dieselfde woorde in die grondtaal oral op een manier te vertaal. [10]

---

1) Vgl. 6.15.5.

2) Vgl. 5.2.

3) Vgl. 3.4.1.1 - 2.4.5.

4) Vgl. 6.5.1.

5) Vgl. 5.6.2.1.

6) Vgl. 6.3.1 (die laaste paar paragrawe); 6.3.6; 6.7.2.4.

7) Vgl. 6.6.2; 6.8.2.7; 6.9.1; 6.14.1 - 3; 6.14.5.

8) Vgl. 6.14.1.4 - 14.2.

9) Vgl. 3.10; 4.9.

10) Persoonlike mededeling aan my deur prof. Venter.

Die klemverskuiwing ná 1922 ten opsigte van die basiese benadering by die vertalers - daar is na 1922 regstreeks uit die grondtaal vertaal - het bygedra tot die vertalers se welslae, en 'n belangrike newegevolg hiervan was die uitskakeling van die oormatige gebruik van die historiese presens en die vervanging daarvan deur die perfek.[1)] M. de Villiers (1968: 16) is van mening dat die "volgehoue vertelling met die presens die effek verswak", daar die historiese presens se krag in kontraswerking met die per= fek lê.

Wat verder opval by die wysiging wat ná 1922 aangebring is, is die geweldige groot mate van woord- en morfolo= giese oorvleueling wat tussen die vertalings voorkom. In talle gevalle wat aangetoon is, is die wysiging wat aangebring word, van so 'n aard dat woordgedeeltes met mekaar oorvleuel.[2)] Die veranderings bevorder in die meeste gevalle die Afrikaansheid van die Bybel, maar die= selfde resultaat kan dikwels bereik word deur 'n sino= nieme woord te gebruik wat geen morfologiese oorvleueling toon nie, en hierin meen ek soms ook nog 'n mate van kor.= watisme te bespeur - nogmaals die behoud (al is dit ook

net 'n element) van die oue. Talle variasies in die patroon van behoud is aangetoon.[1] Dit geld ook vir sekere woordgroepe waar 'n bepaalde woord van die 1922-woordgroep ná 1922 behoue bly.[2]

Een van die belangrikste eise, alhoewel dit nie amptelik was nie, wat aan die Afrikaanse Bybelvertalers gestel is, is dat hulle vertaling 'n 'waardige' en 'verhewe' produk moet wees. Dit is juis hierdie strewe na 'waardigheid' en 'deftigheid' wat tot navolging van Nederlands aanleiding gegee het. Prof. Keet (persoonlike skrywe 1972) het gesê: Die opdrag wat deur die Kommissie aan die vertalers gegee is, was nooit dat dit 'deftig' of 'verhewe' moes wees nie, maar Die Volksblad van 14 Nov. 1927 wys daarop "dat die oorgrote meerderheid van die volk sal verlang dat die Afrikaans van die Bybel 'n deftige kleur moet hê, wat dit iets bokant die peil van die alledaagse spraak sal verhef. In die Bybel verwag die gevoelige leser in die eerste plaas 'n plegtige en verhewe toon, in ooreenstemming met die hoë aard van die onderwerp". Die Volksblad van 23 November in dieselfde jaar het t.o.v. die bewoording Seun van die Mens gesê: "Ons het hier te doen

---

1) Vgl. 3.3; 3.5 - 7; 4.10; 6.5.4 - 7;

2) Vgl. 3.4.1.1; 3.4.3; 6.6.1.5; 6.7.2.2; 6.8 - 6.8.1.2.2.

met oorwegings van sentiment en tradisie, waarteen 'n rasionalistiese argumentering, hoe taalkundig gegrond dit ook al mag wees, nie kan opkom nie". Dit is dus te verstane dat daar selfs soms 'n woord of woordgroep ná 1922 voorkom wat tot 'n 'verhewener' taallaag behoort as dié van 1922, [1] alhoewel die algemene neiging die teenoorgestelde is, naamlik dat die alledaagser gebruiks= taal na 1922 verkies word (my kursivering).

Die vertalers het na 'n balans tussen eenvoud en verhewen= heid gestrewe. Oor hierdie aspek was prof. Keet die vol= gende mening toegedaan: "Of bruikbaarheid dan wel skoon= heid in 'n Bybelvertaling die belangrikste is, is 'n om= strede vraag ... Die Afrikaanse vertaling probeer om die een nie teenoor die ander af te speel nie. Albei is van belang, daarom moet die vertaling aan die een kant nie te verhewe wees nie, en aan die ander kant verhewe genoeg om draer te wees van die ryke inhoud" (Wegener 1961: 167).

Soos in hierdie studie aangetoon is, is dit by uitstek die 1922-vertaling wat talle woorde bevat wat bedoel is om 'n waardiger atmosfeer te skep. 'n Afrikaanse segswyse is in 'n groot mate van 1929 af ingevoer en in 1933 behou, en tog val dit op dat alhoewel die veranderings meestal die taaleie eerbiedig, die keuse dikwels nog op die 'ver= hewener' (wel idiomatiese) woord val waar daar wel ander

---

1) Vgl. 6.3.4; 6.8.2.2.

keuses moontlik is. (Daar word met DBB nader na die taal van die gewone taalgebruiker beweeg.) Wat hierbo by impli= kasie gesê word en wat spesifieker gestel moet word, is dat daar sedert 1929 al weer 'n nuwe 'Bybeltradisie' in Afrikaans geskep is en dat volgens my bevinding ruim 90% en meer van die 1929-Evangelievertalings ook in 1953 nog behoue bly. Soos reeds vermeld het die 1953-hersieners in sekere gevalle waar die 1922-woordkeuse in 1929 of 1933 verander is, weer na die 1922-bewoording teruggekeer - blyk= baar ter wille van die verhewenheid - en sodoende weer on= middellik by die Statevertaling aangesluit, maar hierteenoor is daar tog die ewewig verstrekkende nuwe beginsel van 'nader aansluit by die Afrikaans' en die skepping van 'n eie styl.

Die 1933-vertaling het oor die algemeen 'n gunstige ontvangs geniet. Die vertalers het getrag "om die suiwer Afrikaanse spreektaal en idioom te gebruik en dit te stileer tot 'n ver= hewenheid wat gepas is in die Woord van God" (Venter 1958: 12). "Dat daar geweldig baie probleme was ... spreek vanself, maar wie die Bybel= vertaling van 1933 lees, sal merk dat die vertalers daarin geslaag het om die probleem van die taal, die idioom en die styl in 'n baie hoë mate te oorkom. Soos te verwagte was, het alles nie so voor die wind gegaan met die aanvaarding van ons Bybel in Afrikaans nie. Daar was so baie waaraan die Afrikaner, ge= woond aan die Nederlandse vertaling, hom eers moes wen" (ibid. - my kursivering).

Groenewald (1956: 808) het die Nuwe Testament met die vertalings van die Nederlandse Bybelgenootskap in 1940 en die Amerikaanse Revised Standard Version van 1946 vergelyk en gesê dat die Afrikaanse vertaling minstens gelyk staan aan bogenoemde twee vertalings en dat die Afrikaanse Nuwe Testament in sy kleurryke segging, skoon= heid en taalsuiwerheid uitmunt (vgl. ook Nienaber 1953: 26; S.J. du Plessis s.j.: 94.)

In die eerste van sy reeks artikels in Die Soeklig oor die Afrikaanse Bybelvertaling (1933: 213) het prof. J. du Plessis verklaar: "Daar is in die Afrikaanse Bybel baie verbeterings op die Statevertaling en baie gelukkige oorsettinge, wat dit uitermate geskik maak vir Suid-Afrika".

Alle probleme is egter nie opgelos nie, en enkele gevalle is ter plaatse aangetoon waar 'n nuwe woordkeuse selfs minder geslaagd as die van 1922 is. Die verskillende By= belvertalings, insluitende moderne Bybelvertalings, verskil vandag nog ten opsigte van die interpretasie van sekere

grondtaalwoorde. Selfs die opvatting ten opsigte van 'n leesteken se plasing kan uitleg beïnvloed. Sintaktiese lomphede wat in die 1933-weergawe oorbly, kan op sigself 'n interessante en afsonderlike studieterrein uitmaak, en dan bly daar ook nog die gevalle oor van oordadige Totiaanse 'deftighede'. Die aansienlike aantal probleemgevalle of vertalingskwessies wat aangedui is, gee ook 'n aanduiding van slegs een terrein van die vertalingsprobleme waarmee vertalers (tot vandag toe nog) worstel. Ds. C.F. Kies (1935: 9) het beswaar gemaak teen al die foute in die Statevertaling wat ook via die Textus Receptus in die Afrikaanse Bybel ingesluip het. Hierdie probleme het dan ook tot gevolg gehad dat die destydse Administrateur van Kaapland, J.H. Conradie, aan die hand gedoen het dat 'n kommissie aangestel word aan wie Bybellesers wenke en voorstelle vir verbetering van die Afrikaanse Bybel kon stuur, maar die hersiene uitgawe het eers na twintig jaar, in 1953, verskyn. Die vernaamste veranderinge wat aangebring is, was op die gebied van sinskonstruksie, waar wysigings nodig was omdat die 1933-uitgawe teen die Afrikaanse taalgebruik in plek-plek nog onder die invloed van die Statevertaling gebuk gegaan het - vergelyk byvoorbeeld die 1933-weergawe van Joh. 2: 2: 'En Jesus was genooi, en Sy dissipels na die bruilof', wat met die Statevertaling ooreenstem. Die 1953-weergawe lui soos volg: 'En Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi'. Maar wat woordveranderings betref, was die

aantal wysigings ná 1933 gering.

Nietemin bly die eerste volledige uitgawe van die Afrikaanse Bybel, naamlik dié van 1933, 'n taalmonument wat die Afri= kaanse idiomatiese segging tot op groot hoogte tot sy reg laat kom - en dit is belangrik om op die geringe getal verskille tussen die 1929- en 1933-weergawe van die Evan= gelies te let - sodat 1929 s'n basies ook die van 1933 verteenwoordig. Die vertalers het dus in 'n geweldige groot mate daarin geslaag om binne die bestek van slegs sewe jaar (1922 tot 1929) 'n Bybelvertaling te lewer wat van die Nederlandse 'aanpaksels' gesuiwer is - dit is die besondere eienskap wat in feitlik elke afdeling van hier= die studie na vore kom. Enersyds het die vertalers wel= slae behaal toe hulle daarin geslaag het om dit wat aan die Afrikaanse taal eie is, in die Afrikaanse Bybel gestalte te laat kry; andersyds het hulle gaandeweg daarin geslaag om geskrewe Afrikaans tot iets fyners en afgeronders te slyp en het hulle medeskeppers van 'n eie Afrikaanse skryf= taal geword deur voort te borduur op en te verfyn wat reeds in wese Afrikaans was. Die gebruik en verfyning van 'n eie segswyse het grootliks tot die uitskakeling van onnodige ballas aanleiding gegee en het soepelheid, bondigheid en 'n ritmieser, natuurliker taalproduk tot gevolg gehad.

'n Aspek wat genoem moet word maar wat slegs onregstreeks in hierdie studie na vore tree, is dat die oorvleueling nog

groter is as wat aangedui is, daar slegs verskille tussen die verskillende vertalings bespreek is en die ooreenkom= ste verswyg is. Dit impliseer dat daar ook nog gevalle is waar die woordkeuse van die verskillende Afrikaanse vertalings ooreenstem en dus ook met die Nederlands ooreen= kom. Maar nog belangriker is dat daar wel reeds in 1922 pragtige Afrikaanse vondste gemaak is, [1] wat tot in 1953 behou is en derhalwe nie in hierdie studie weerspieël word nie.

Die slotsom waartoe hierdie studie gelei het, is dat die Afrikaanse Bybelvertalers ten opsigte van woordkeuse en woordgebruik (sintaksis buite rekening gelaat) tot 'n eie= soortige, bevredigende, oortuigende weergawe van die Evan= gelies in ons taal gekom het, [2] en volgens prof. J.P. Louw, hoogleraar in Grieks aan die Universiteit van Pretoria, is die vertaling van 1933 en die gerevideerde weergawe van 1953, as letterlike vertaling, 'n baie deeglike, noukeurige en wetenskaplike weergawe van die oorspronklike in die eie=

---

1) Vgl. dr. Kestell se verwysing na "doodgewone Afrikaans" op p. 81 aangehaal.

2) Die behoefte aan iets wat nog nader aan die daaglikse gebruiks= taal lê, is reeds gevoel en het uitgeloop op Die Blye Boodskap-vertaling waarna ek terloops verwys het. Selfs hierdie ver= taling is nie geheel en al vry van die 'spore' van sekere geliefde en bekende uitdrukkings van die vertaling van 1929 nie - vgl. bv. die weergawe in hierdie vertaling van die 'Onse Vader' in Matt. 6. In 1979 het die nuwe vertaling van die Nuwe Testament verskyn.

tydse idioom - maar soms tog wel ten koste van gangbare Afrikaans.

Dit lê nie op die terrein van hierdie studie om so iets aan te toon nie, maar die waarskynlikheid is baie sterk dat 'n mens met 'n dieptestudie sou kon aantoon in watter groot mate die vertalings van 1929, 1933 en 1953 daartoe bygedra het om die standaarde vir 'n Afrikaanse literêre tradisie te baan.

AFKORTINGS

ABV - Afrikaanse Bybelvertaling - Lêers in die argief van die Teologiese Fakulteit van die P.U. vir C.H.O.

AE - Afrikaanse etimologieë. 1966.

AWS - Afrikaanse woordelys en spelreëls. (1921, 1953 of 1968 - soos aangedui).

BBBG - Britse en buitelandse Bybelgenootskap.

DBB - Die blye boodskap. 1976.

DBMVA - Die Bybel met verklarende aantekeninge. 1958.

GN - Good news for modern man. The New Testament in to= day's English version. 1971.

HAT - Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 1977.

IGE - The R S V interlinear Greek - English New Testament. 1978.

NEB - The new English Bible, New Testament. 1961.

NV - 1 Samuel, Amos, Maleagi, die evangelie volgens Johannes, die brief aan die Filippense, die brief aan die Kolossense, Nuwe vertaling. 1971.

NNV - Bijbel 1963.

NVW - Totius versamelde werke; eeufees-uitgawe. 1977.

TWB - Tweetalige woordeboek. 1964.

VAW - Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 1972.

VD - Van Dale. Nieuw handwoordenboek der Nederlandsche taal. 1977.

WAT - Woordeboek van die Afrikaanse taal. 1968.

WOORDELYSTE EN WOORDEBOEKE

A lexicon abridged from Liddell and Scott's English-Greek Lexicon. 1966. Oxford, Great Britain.

Afrikaanse woordelys en spelreëls. 1968. In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns saamge= stel deur die Taalkommissie. Kaapstad. Nasionale Boekhandel.

Abbott-Smith, G. 1973. A manual Greek lexicon of the New Testament. Edinburgh. T. & T. Clark.

ARNDT, F. en WILLMER GINGRICH, F. 1974. A Greek-English Lexicon[4]. The University of Chicago.

BOSHOFF, S.P.E. en NIENABER, G.S. 1967. Afrikaanse Eti= mologieë. Pretoria. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BOSMAN, D.B. e.a. 1921. Afrikaanse woordelys en spelreëls. In opdrag van die Suid-Afrikaanse akademie vir taal lettere en kuns. Bloemfontein. Nasionale Pers.

BOSMAN, D.B. e.a. 1953. Afrikaanse Woordelys en spelreëls. In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Kaapstad. Nasionale Boekhandel.

BOSMAN, D.B. e.a. 1964. Tweetalige woordeboek. Kaapstad. Nasionale Boekhandel.

DE TOLLENAERE, F. en PERSIJN, A.J. (red.). 1977. Van Dale nieuw handwoordenboek der Nederlandsche taal. Martinus Nijhoff.

FRANCK, J. 1949[2]. Etymologisch Woordenboek der Nederland= sche taal. 's Graevenhage. Martinus Nijhoff.

KRITZINGER, M.S.B. e.a. 1972. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria. Van Schaik.

SCHOONEES, P.C. 1975. HAT verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg. Voortrekkerpers.

SNIJMAN, F.J. e.a. 1968. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Pretoria. Die Staatsdrukker.

VISSER, G.J. 1969[10]. Nederlands Engels woordenboek. Utrecht. Het Spectrum.

BYBELS

AFRIKAANSE BYBELS IN CHRONOLOGIESE VOLGORDE

HOOGENHOUT, C.P. 1878. Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus na die Hollandse vertaling van die Statebybel. Kaapstad. Smuts en Hofmeyr. (Getikte kopie.)

– DU TOIT, S.J. 1889. Die Bybel in Afrikaans; dri proewe. Paarl. D.F. du Toit.

DU TOIT, S.J. 1895. Di Evangeli vollens Mattéus. Paarl. Du Toit.

DIE VIER EVANGELIE EN DIE PSALME, 1926. Kaapstad. Brits en Buitenlands Bybelgenootskap. (Verteenwoordigend van die 1922-uitgawe.)

DIE VIER EVANGELIES EN DIE BOEK VAN DIE PSALMS, 1929. Kaapstad. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

– DIE BYBEL. 1933. Uitgegee in opdrag van die gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika. Kaapstad, Groentemarkplein. Gedruk vir die Britse en buitelandse Bybelgenootskap.

– DIE BYBEL. 1953. Uitgegee in opdrag van die gesamentlike kommissie verteenwoordigende die drie Hollands-Afrikaanse kerke in Suid-Afrika (hersiene uitgawe). Kaapstad. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

GEMSER, B. red. 1958. Die Bybel met verklarende aanteke= ninge. Kaapstad. Verenigde Protestantse Uitgewers.

NUWE VERTALING. 1971. 1 Samuel, Amos, Maleagi, die evan= gelie volgens Johannes, die brief aan Filippense, die brief aan die Kolossense. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

KRIEL, T. 1975. Lewende Briewe, vertaling van K.N. Taylor, Living Letters. Roodepoort. Christelike Uitgewersmaatskappy.

DIE BLYE BOODSKAP, DIE NUWE VERTALING. 1976. Kaapstad. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

DIE NUWE TESTAMENT EN DIE PSALMS. 1979. Kaapstad. Bybel= genootskap van Suid-Afrika.

NEDERLANDSE VERTALINGS

BYBEL, 1919. Door last van de hoog-mog heeren Staten Gene= raal der Verenigde Nederlanden. London. Britsche en Buiten= landsche Bybelgenootskap.

BIJBEL. 1963. Vertaling in opdracht van het Nederlandsche Bijbelgenootschap bewerkt door de daartoe benoemde commissies. Amsterdam. Het Nederlandsche Bijbelgenootschap.

DE VRIES, A. 1964(?) Het nieuwe Testament in de taal van onze tijd. Kampen. J.H. Kok.

ANDER BYBELS

ALAND, K. (red.) e.a. 1966. The Greek New Testament. London. United Bible Societies.

DIE BIJBEL NACH DER DEUTSCHEN ÜBERSETZUNG D. (sic) MARTIN LUTHERS. 1923. Berlin. Britische und Ausländische Bibel= gesellschaft.

DIE BIBEL NACH DER DEUTSCHEN ÜBERSETZUNG D. MARTIN LUTHERS. 1968. Witten Von Cansteinsche Bibelanstalt.

GOOD NEWS FOR MODERN MAN. The New Testament in Today's English version. 1971[3]. American Bible Society.

GUTE NACHRICHT FÜR SIE. 1967. Stuttgard, Württembergische Bibelanstalt.

LA SAINTE BIBLE. 1863. Strasbourg. De Veuve Berger.

MARSHALL, A. 1878[3]. The RSV Interlinear Greek English New Testament. London. Bagster and Sons.

PHILLIPS, J.B. 1963. Letters to young churches. London. Collins.

THE HOLY BIBLE, REVISED VERSION. 1898. Oxford. H. Frowde.

THE NEW ENGLISH BIBLE, NEW TESTAMENT. 1961. England. Oxford University Press.

BOEKE EN VERHANDELINGS

BARR, J. 1967. The semantics of Biblical language. Oxford. Oxford University Press.

BEEGLE, D.M. 1960. God's Word into English. Grand Rapids Michigan. Eerdman's.

BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en taal van Suid-Afrika. Amster= dam. De Bussy.

BOUMAN, A.C. en PIENAAR, E.C. 1925^{2}. Afrikaanse Spraakkuns. Stellenbosch. Pro Ecclesia.

BROUWER, A.M. 1929. Wat is ons de Bijbel. Mij-Zeist. Ruys.

BRUCE, F.F. 1963. The books and the parchments. London. Pickering and Inglis.

BRUCE, F.F. 1970. The English Bible. London. Methuen.

BUBER, M. en ROSENZWEIG, F. 1936. Die Schrift und ihre Verdeutschung. Berlin. Schocken.

BUBER, M. en F. ROSENZWEIG. 1936. Die Schrift und ihre Verdeutschung. Berlin. Schockem.

CADOUX, C.J. 1940. "The Revised Version and after". (*In* Robinson, U.W. 1963. The Bible in its ancient and English translations. Oxford. Oxford University Press.)

COGGAN, P. 1963. The English Bible. London. Longman's Green.

DE BRUIN, C.C. 1937. De Statenbijbel en zijn voorgangers. Leiden. Sijthoff's.

DE BRUTO, H.F. en D. WISSING. 1974. Aspekte van 'n Afrikaan= se TGG - Fonologie. Johannesburg. McGraw-Hill.

DE KLERK, G.J. 1962. Meervoudsvorming in Afrikaans as 'n linguistiese kategorie. (Ongepubliseerde verhandeling - Universiteit van Pretoria.)

DE VILLIERS, M. 1965. Afrikaanse klankleer; fonetiek, fono= logie en woordbou. Kaapstad. Balkema.

DE VILLIERS, M. 1968. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad. Balkema.

DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad. HAUM.

DE VOOYS. C.G.N. 1967[7]. Nederlandse Spraakkunst. Groningen. Wolters.

DE VOOYS. C.S.N. 1952. Geschiedenis van die Nederlandse taal. Groningen. Wolters.

DIK, S.C. en J.G. KOOIJ. 1973[3]. Beginselen van de algemene taalwetenskap. Utrecht. Het Spectrum.

DU PLESSIS, S.J. 1959. Afrikaans as kanseltaal. (*In* Labuschagne, G.J. red. Feesbundel aangebied ter geleentheid van die viering van die wonder van Afrikaans. Johannesburg. Dagbreek.)

DU TOIT, C.W.M. 1926. Die Bybelvertaling in die twede Afrikaanse Taalbeweging. (*In* Gedenkboek ter ere van die Genootskap van regte Afrikaners (1875 - 1925). Potchef= stroom. Afrikaanse Studentebond.)

DU TOIT, J.D. 1917. Ds. S.J. du Toit in weg en werk. Paarl. Paarl Drukpers.

DU TOIT, J.D. 1977. (*In* Venter, H. red. Totius versamelde werke. Deel 1. Kaapstad. Tafelberg.)

ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA. 1968. Bible translation. (*In* Deel 3. Grand Rapids Michigan. Eerdman's.)

GERHARDSSON, B. 1961. Memory and manuscript; oral tradition and written transmission in rabbinic Judaism and early Chris= tianity. (Proefskrif - Uppsala).

GOODSPEED, E.G. 1940. Christianity goes to press. New York. Mac Millan.

GRANT, F.C. 1961. Translating the Bible. Greenwich Connec= ticut. Seabury Press.

GRANT, F.C. en ROWLEY, H.H. reds. 1963. Hastings dictionary of the Bible. Edinburgh. T & T Clark.

GREENSLADE, S.L. red. 1963. The Cambridge history of the Bible. Deel 1. Cambridge. University Press.

GROSHEIDE, F.W. 1916. Bijbelvertaling. Amsterdam. Van Bottenburg.

HEINSIUS, J. 1937. Die taal van die Statenbijbel. (*In* De Statenvertaling 1637 - 1937. Uitgegeven voor het Ne= derlandsch Bijbelgenootschap ter gelegenheid van het drie-honderdjarig bestaan der Statenvertaling. Haarlem. De Erven F. Bohn.)

HUET, BUSKEN. 1946[8]. Het land van Rembrandt. Haarlem. Willink.

ISSAACS, J. 1963. The Authorized Version and after. (*In* Robinson, U.W. The Bible in it's ancient and English ver= sions. Oxford. University Press.)

KEET, B.B. 1958. By 'n terugblik. (*In* Oberholster, J.A.S. 1958. Die Bybel in Afrikaans. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitge= wers.)

KEMPEN, W. 1969. Samestelling, afleiding en woordsoortlike meerfunksionaliteit in Afrikaans. Kaapstad. Nasou Beperk.

KEMPEN, W. s.j. Woordvorming en funksiewisseling in Afri= kaans. Kaapstad. Nasionale Boekhandel.

KENYON, F. 1962. Our Bible and the ancient manuscripts. London. Eyre and Spottiswoode.

KIJNE, J.J. en VISSER, F. 1952. Die nieuwe vertaling van het Nederlandsch Bijbelgenootschap. Amsterdam. Paris.

KLOEKE, G.G. 1950. Herkomst en groei van het Afrikaans. Leiden. Universitaire Pers.

KNOX, R.A. 1949. On Englishing the Bible. London. Burns and Oates.

KOOIMAN, W.J. 1961[2]. Luther en de Bijbel. Baam. Bosch en Keuning.

LAMPE, G.W.H. red. 1969. The Cambridge history of the Bible; Deel II. Cambridge. University Press.

LANGEN, A. 1966[2]. "Deutsche Sprachgeschichte vom Barock bis zur Gegenwart". (*In* Stammler, W. (Hrsg.), Deutsche Philologie im Aufriβ Band I. Berlin. Erich Schmidt.)

LE ROUX, J.J. 1923. Oor die Afrikaanse sintaksis. Amster= dam. Swets en Zeitlinger.

LE ROUX, T.H. 1962. Afrikaanse Taalstudies. Pretoria. Van Schaik.

LE ROUX, T.H. 1962. Afrikaanse Taalstudies. Pretoria. Van Schaik.

LE ROUX, T.H. en GROENEWEG, J.J. reds. 1923. Vondel, J.: Adam in Ballingschap. Pretoria. de Bussy.

LE ROUX, T.H. en GROENEWEG, J.J. reds. 1937[4]. Vondel. J. Josef in Dotan. Pretoria. de Bussy.

LE ROUX, T.H. en GROENEWEG, J.J. reds. 1932[2]. Vondel; J. Lucifer. Pretoria. de Bussy.

LE ROUX, T.H. en LE ROUX, J.J. 1951. Middelnederlandse Grammatika. Pretoria. Van Schaik.

LE ROUX, T.H. en PIENAAR DE V. P. 1927[4]. Afrikaanse Fone= tiek. Kaapstad. Juta.

LOUW, J.P. 1976. Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks. Pretoria. Beta Drukkers.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1937. Die halwe kring. Kaapstad. Nasionale Pers.

MALHERBE, D.F. 1921. Afrikaanse Taalboek. Bloemfontein. Nasionale Pers.

MALHERBE, D.F. 1928. Hans-die-Skipper. Kaapstad. Nasio= nale Boekhandel.

MATHEWS, J. 1966. On translating poetry. (*In* Brower, R.A. red. On translating. New York. Oxford University Press.)

MOREAU, J.L. 1961. Language and religious language, Phila= delphia. Westminister Press.

MOSER, H. 1965[5]. Deutsche Sprachgeschichte. Mit einer Einführung in die Fragen der Sprachbetrachtung. Tübingen. Max Niemeyer.

NIDA, E.A. 1961. Bible translating. London. United Bible Societies.

NIDA, E.A. 1952. God's Word in man's language. New York. Harper and Brothers.

NIDA, E.A. 1966. Principles of translation as exemplified by Bible translating. (*In* Brower, R.A. red. On translating. New York. Oxford University Press.)

NIENABER, P.J. 1934. Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling. Kaapstad. Nasionale Pers.

NIENABER, P.J. 1949. Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling. Deel II. Bloemfontein. Nasionale Pers.

NIENABER, P.J. 1965. Taalkundige probleme by die vertaling van die Bybel in Afrikaans. (*In* Taalkundige opstelle. A.A. Balkema. Kaapstad.)

OBERHOLSTER, J.H.S. 1958a. Die Bybel in Afrikaans. Kaap=stad. N.G. Kerk - Uitgewers.

OGDEN, C.I. en RICHARDS, I.A. 1952. The meaning of meaning. New York. Harcourt, Brace.

PIENAAR, E.C. 1943. Die triomf van Afrikaans. Kaapstad. Nasionale Pers.

POGGIOLI, R. The added articifer. (*In* Brower, R.A. red. On translating. New York. Oxford University Press.)

PONELIS, F. 1970. Grondtrekke van die Afrikaanse Sintaksis. Pretoria. Van Schaik.

PONELIS, F.A. 1967. Sintaktiese teorie en die *om te* - groep in Afrikaans. (Ongepubliseerde Verhandeling - Universiteit van Port Elizabeth.)

POSTHUMUS, M.J. 1957. Die vry preadjunk in Afrikaans. Kaapstad. H.A.U.M.

POSTHUMUS, M.J. 1971. (*In* Van der Merwe H.J.J.M. e.a. In=leiding tot die Taalkunde. Pretoria. Van Schaik.)

RAIDT, E.H. 1968. Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans. Kaapstad. Nasou Beperk.

ROUSSOUW, P.J. s.j.[12]. Die lewende taal Afrikaans as moedertaal vir die senior sekondêre kursus. Kaapstad. Juta.

SAVORY, T. 1969. The art of translation. London. J. Cope.

SCHEEPERS, G.P. 1937. Bybel- en godsdiensinvloed op die Afrikaanse woordeskat. (Ongepubliseerde Verhandeling - Uni=versiteit van Suid-Afrika.)

SCHIROKAUER, A. 1966[2]. Frühneuhocdeutsch. Fur die zweite auflage bearbeitet von Wolfgang Stammler. (*In* Stammler, W. (Hrsg.) Deutsche Philologie im Aufrib. Band I. Berlin. Erich Schmidt.)

SCHOEMAN, P.J. 1967[5]. Terug op die ver paaie. Johannesburg. Voortrekkerpers.

SCHOLTZ, H. v.d. M. s.j.[8] Taal en taalverskynsels. Kaapstad. Nasou.

SCHOLTZ, J. DU P. 1963. Taalhistoriese opstelle. Pretoria. Van Schaik.

SCHWARZ, W. 1970. Principles and problems of Biblical trans= lation. Cambridge. Cambridge University Press.

SHETTER, W.Z. 1971[3]. Introduction to Dutch a practical grammar. The Hague. Martinus Nijhoff.

STOETT, F.A. 1923[3]. Middelnederlandsche spraakkunst. Syn= taxis. 'S-Gravenhage. Martinus Nijhoff.

STOOPS, Y.H.L. 1972. Die taalgebruik in die Huisgenoot. (Ongepubliseerde Verhandeling - Universiteit van Port Eliza= beth.)

VAN BRUGGEN, J. 1971. Bijbelse Taal. Amsterdam. Ton Bolland.

VAN BRANDEN, L. 1956. Het streven naar verheerlijking, zuivering en opbouw van het Nederlands in de 16de eeuw. Reeks VI, no. 77. Secretarie der Academie. Gent. Konink= lijke Vlaamse Academie voor Taal en Letterkunde.

VAN DER WALT, C.P. e.a. 1969. Taalkunde vir die middelbare skool. Johannesburg. Voortrekkerpers.

VAN DRUTEN, H. 1895. Geschiedenis der Nederlandsche Bijbelvertaling. Deel I. Leiden. D.A. Daamen.

VAN RIJN, C.J. 1916. Praktiese Hollandse spraakkunst voor Zuidafrikaanse scholen. Amsterdam. Ellerman, Harms.

VAN ZYL, A.H. en F.A. SWANEPOEL. 1972. Waarom 'n nuwe Bybelvertaling? Pretoria. N.G. Boekhandel.

VERHAGE, J.A. 1946. Die Nederlandse slot- en in Afrikaans. (Ongepubliseerde verhandeling. Universiteit van Kaapstad.)

VERKUYL, H.J. e.a. 1974. Transformationele Taalkunde. Utrecht. Het Spectrum.

VOGELPOHL, W. 1966[10]. Deutsche dictung. Eine darstellung ihrer geschichte Bearbeitet und in die gegenwart fortgeführt von Gotthilf Hafner. Stuttgart, Ernst Klett.

WEGENER, G.S. 1961. In die begin was die Woord. Kaapstad. Human en Rousseau.

WEINGREEN, J. 1963. A practical grammar for Classical Hebrew. Oxford. Clarendon Press.

WEYMOUTH, R.F. 1902. New Testament in modern speech. In Robertson, E.A. 1959. The new translation of the Bible, London. S.C.M.

WISSING, D.P. 1971. Fonologie en morfologie van die simplekse selfstandige naamwoord in Afrikaans; 'n trans= formasioneel-generatiewe beskrywing. Amsterdam. Buijten En Schipperheijn.

ZWAARDMAKER, H. en L.P.H. EIJKMAN. 1929. Leerboek der

phonetiek inzonderheid met betrekking tot het standaard - Nederlandsch. Haarlem. De Ervan F. Boon.

TYDSKRIFTE

AALDERS, G. Ch. 1953. Some aspects of Bible translation concerning the Old Testament. *The Bible Translator, 4(3).*

BEDIKAN, A.A. 1957. Some remarks on the Bible in modern Armenian. *The Bible Translator, 8(2).*

BELLOC, H. 1959. On translation. *The Bible Translator, 10(2).*

BRATCHER, R.G. 1966. Good news for modern man. *The Bible Translator, 17(4).*

BRATCHER, R.G. 1961. Kingsley Williams, C. 1952. *A new translation in plain English.* (Resensie.) London. S.P.C.K. *The Bible Translator, 12(4).*

BRATCHER, R.G. 1958. The art of translation. *The Bible Translator, 9(2).*

CADBURY, H.J. 1954. The danger of over translation. *The Bible Translator, 5(3).*

CRAIG, C.T. 1951. The King James and the American Stan= dard Versions of the New Testament. *The Bible Translator, 2(1).*

DE BRUTO, 1978. Vryheid, gebondenheid en gesag in 'n kursus Afrikaans. *Koers, 43(1).*

GROOT DE, Maria, 1970. Naar een idiolekte vertaling. *Rondom het woord, 12(4).*

DODD, C.H. 1960. The translation of the Bible some questions of principle. *The Bible Translator, 11(1).*

DOKE, C.M. 1958. Some difficulties in Bible translation into a Bantu language. *The Bible Translator, 9(2).*

DU PLESSIS, J. 1933[a]. Die Afrikaanse Bybelvertaling getoets. *Die Soeklig, 11(7).*

DU PLESSIS, J. 1933[b]. Die Afrikaanse Bybelvertaling getoets. *Die Soeklig, 11(12).*

DU PLESSIS, J. 1934. Die Afrikaanse Bybelvertaling getoets. *Die Soeklig, 12(6).*

DE KERKBODE, 9(30) 1918. De Bijbel in Afrikaansch.

DE KERKBODE, 13(2). 1922[a]. De Afrikaanse Bybelvertaling.

DE KERKBODE, 13(7). 1922[b]. Het lezen van de Bijbel.

DIE KERKBLAD, 29(651). 1929. Die Afrikaanse Evangelies en Psalms.

DIE KERKBLAD, 29(651). 1929. 'n Nederlander oor die Afrikaanse Bybelvertaling.

DIE KERKBODE, 15(44). 1925[a]. Die Bybelvertaling.

DIE KERKBODE, 15(46). 1925[b]. Die Afrikaanse Bybelverta= ling; hoe die werk gedaan word.

DIE KERKBODE, 15(49). 1925[c]. Die Afrikaanse Bybelvertaling.

DIE KERKBODE 31(21). 1933. Die Afrikaanse Bybel.

DIE KERKBODE 94(14). 1964. Die Bybel in Afrikaans.

DIE SAAIER, 1(1). 1923. Hiervan en daarvan.

DU TOIT, J.D. 1916[a]. Bijbelvertaling. *Het Kerkblad, 18(355).*

DU TOIT, J.D. 1916[b]. Bijbelvertaling. *Het Kerkblad, 18(357).*

DU TOIT, J.D. 1916[c]. Bijbelvertaling. *Het Kerkblad, 18(358).*

DU TOIT, J.D. 1933. Die skoonheid van die Bybel. *Die Kerkblad 34(746).*

EATON, J. 1965. Problems of translation in Psalm 23.3f. *The Bible Translator, 16(4).*

EVANS, H.M. 1954. Experiences in translating the New Testament in Kui. *The Bible Translator, 5(1).*

GEMSER, B. 1945. Beginsels van Bybelvertaling. *Hervorm= de Teologiese Studies, 2(3).*

GERDENER, G.B.A. 1918. De Bijbel in het Afrikaans. In: *Het Gereformeerde Maandblad, 23(8).*

GESS, E. 1957. Conclusions of the Luther New Testament. *The Bible Translator, 8(4).*

GINSBERG, H.L. 1963. The story of the Jewish publication societies new translation of the Tora. *The Bible Trans= lator, 14(3).*

GRETHER, H.G. 1968. Questions for Bible Translators (and those who help them.) *The Bible Translator, 19(4).*

GROENEWALD, E.P. 1970. Die aktualiteit van 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. *Ned. geref. teologiese tyd= skrif, 11(4).*

GROENEWALD, E.P. 1956. Die Nuwe Testament in Afrikaans. *Die Kerkbode, 77(8).*

Langehoven, C.J. 1932. Die letterkundige skoonheid van die Bybel. *Die Huisgenoot, 16(528).*

LAW, H.W. 1966. Grammatical equivalences in Bible translating. In: *The Bible Translator, 17(3).*

Lugtenburg, J. 1928. Jonkvrou en maagd. *Die Kerkblad, 29(624).*

MARRISON, G.E. 1966. Style in Bible translation. *The Bible Translator, 17(3).*

MICHAELI, F. 1957. A new revision of the Segond New Testament. *The Bible Translator, 8(2).*

NAISH, C. en Story, G. 1963. The Lord is my goat hunter. *The Bible Translator, 14(2).*

NEWMAN, B.M. 1969. Something new for something old. *The Bible Translator, 20(2).*

NIDA, E.A. 1950. The translator's problems. *The Bible Translator, 1(2).*

NIDA, E.A. 1957. Meaning and translation. *The Bible Translator, 8(3).*

NIDA, E.A. 1959. Translation and word frequency. *The Bible Translator, 10(3).*

NIEBUHR, R.R. 1962. Schleiermacher: Theology as human reflection: *Harvard Theological review, 55(1).*

NIENABER, P.J. 1953. Afrikaanse Bybel vandeesweek 20 jaar oud. *Die Huisgenoot, 38(1640).*

OBERHOLSTER, J.A.S. 1958b. Die Afrikaanse Bybelvertaling. *Die Kerkbode. 82(7).*

OPSIPOFF, A. 1956. More about the Russian Bible. *The Bible Translator, 7(3).*

PHAIR, F.N. 1951. Why a simplified Gospel of Mark. *The Bible Translator, 2(3).*

PHILLIPS, J.B. 1965. The problems of making a contemporary translation. *The Bible Translator, 16(1).*

PHILLIPS, J.B. 1955. Translating the Gospels. *The Bible Translator 6(4).*

PIERCE, E.E. The translation of Biblical poetry. *The Bible Translator. 5(2).*

PONELIS, F.A. 1978. Sinsanaforiese 'dit' in Afrikaans. *Koers, 43(1).*

POSTHUMUS, M.J. 1978. 'Onse Vader' of 'Ons Vader' *Die Kerkbode, 130(6).*

REIBLER, E.B. 1968. Translating from basic structure. *The Bible Translator, 19(1).*

ROBINS, R.H. 1966. Nida, E.A. 1964. Toward a science of translation. Leiden. E.J. Brill (Resensie.) *The Bible Translator, 17(1).*

RONBINSON, T.H. 1951. Special features of Old Testament translation. *The Bible Translator, 2(3).*

SHARMAN, J.C. 1957. Some general observations on the translators art. *The Bible Translator, 5(4).*

SCHWARZ, W. 1954. Principles of Biblical translation. *The Bible Translator, 5(4).*

TAKAHASHI, M. 1959. The colloguial Japanese Bible of 1955. *The Bible Translator, 10(3).*

VAN DER WALT, J.G.H. 1933. *Die Kerkblad, 34(746).*

VAN ZYL, A.H. 1967. Bybelvertaling in teorie en praktyk. *Tydskrif vir geesteswetenskappe, 7(2).*

VAN ZYL, A.H. 1970. 'n Geïnspireerde Bybelvertaling. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, 11(4).*

VENTER, H. 1958. Die Afrikaans van die Bybel. *Die Kerkblad, 60(1461).*

VERHOEFF, P.A. 1970. Die nuwe Engelse Bybel. *Ned. Geref. teologiese tydskrif, 11(4).*

VERKUYL, G. The Berkely version of the New Testament. *The Bible Translator, 2(2).*

WENTZ, H.R. 1953. Luther and his methods of translating. *The Bible Translator, 4(1).*

WONDERLEY, W.L. Information - correspondence and the trans= lation of Ephesians into Zogue. *The Bible Translator, 4(1).*

KOERANTE

DEKKER, G. 1937. Literêre skoonheid - wesenstrek van Bybel. *Die Transvaler, Okt., 2.*

Die Volksblad. 1927. Ons Bybeltaal. Nov., 14.

Die Volksblad. 1927. Nogmaals ons Bybeltaal. Nov. 23.

DU PLESSIS, J.A. 1923. Die Afrikaanse Bybelvertaling. *Die Burger, Febr., 24.*

VAN REENEN, RYKIE. 1958. Prof. Bennie Keet se oë blink oor die swaar, lekker dae. *Die Burger,* Aug., 23.

BRIEWE

DU TOIT, J.D. 1949, Febr. 17. Brief gerig aan B.B. Keet. Pk. Roodekraal. Stellenbosch. (ABV 21f.) [1]

DU TOIT, S.J. 1875, Sept. 6(?). Brief gerig aan G.W. Morgan. Pretoria. Dokumentasiesentrum.

JORDAAN, J.H. 1947. Aug. 27. Brief gerig aan dr. Dekker. 330 Jacob Maréstraat, Pretoria. (ABV 21i.)

KEET, B.B. 1972, Aug. 21. Brief gerig aan W.P. Rautenbach. 68 Compensatiestraat, Pietersburg.

MANUSKRIPTE

Manuskripte wat kommentaar deur vertalers en taaladviseurs bevat: Argief van die Teologiese Fakulteit, P.U. vir C.H.O. ABV (dit wil sê Afrikaanse Bybelvertaling). Genommerde lêers.

ABV 15a: Du Toit, J.D. s.j. "Evangelies". Buitekant verskyn Lêer ABV 14. Aan die binnekant staan egter 15(a).

ABV 15b: Du Toit, J.D. s.j. 'Evangelie van Johannes'. Onvolledige drukproewe.

ABV 17(a)5 (sic): Anoniem. s.j. Lys reëls met opskrif: 'Taaladvies'.

ABV 20: "Diverse stukke". By die dokumente in hierdie lêer het ek self letters toegeken om die dokumente te kan onder=skei.

Lêer ABV 20(a): Anon. s.j. "Punte voorvloeiend uit her=sieningswerk".

---

1) Vir ABV kyk onder "Manuskripte" verder aan.

Lêer ABV 20(b): Du Toit, J.D. en H.C.M. Fourie. Lys reëls sonder opskrif.

Lêer ABV 20(c): Smith J.J. 1925 Sept., 11. Vier los velle pp. 7 - 11. Stellenbosch.

Lêer ABV 20(d): Le Roux, T.H. 1928 Jun., 8. Kommentaar op die Lukas-evangelie.

Lêer ABV 20(e): Boshoff, S.P.E. Le Roux, T.H., Malherbe D.F. en J.J. Smith. s.j. "Woordgebruik en geykte uitdruk= kings".

Lêer ABV 20(f): Smith, J.J. s.j. "Die boek van die Psalme".

Lêer ABV 20(g): Le Roux, T.H. s.j. "Evangelie van Johannes".

ABV 21: "Bybelvertaling; Kommentare en korrespondensie (1927-1947)". By hierdie dokument het ek self letters toegevoeg. Aangesien nie al die stukke in hierdie studie ter sake is nie en gevolglik word die reeks slegs van ABV 21f aangehaal.

ABV 21(g): Le Roux, T.H. 1936 Okt., 28. "Psalms".

ABV 21(h): Dekker, G. 1945, Febr. 14. Kommentaar op "Psalms'.

Lêer ABV 21(j): Dekker, G. s.j. 'Mattheüs'-manuskrip.